UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# DENEYS REITZ (1882 – 1944): KRYGSMAN, AVONTURIER EN POLITIKUS

**DEUR**

**GERHARD JOHANN CALITZ**

**VOORGELÊ TER VERVULLING
VAN 'N DEEL VAN DIE VEREISTES
VIR DIE GRAAD DPHIL
IN GESKIEDENIS
IN DIE FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE
AAN DIE
UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**STUDIELEIER: PROF. F. PRETORIUS**

**NOVEMBER 2008**

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# BEDANKINGS

Geldelike bystand van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, spesifiek die Christiaan de Wet-beurs, word hiermee erken. Menings wat uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is die van die skrywer en moet in geen geval beskou word as ‘n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns nie.

Hierdie studie is verder moontlik gemaak deur die toekenning van ‘n nagraadse studiebeurs deur die Universiteit van Pretoria. Eweneens moet menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings waartoe geraak is, as die van die skrywer beskou word en nie aan die Universiteit van Pretoria toegeskryf word nie.

Verskeie persone en instansies verdien my dank vir die hulp, ondersteuning en diens wat hulle gelewer het om hierdie studie moontlik te maak. Dit sluit in die biblioteke van die Universiteite van Kaapstad, Pretoria, Suid-Afrika, Witwatersrand en Brenthurst, asook personeel van die Nasionale Argiefbewaarplek in Pretoria, die Vrystaatse Argiefbewaarplek in Bloemfontein, die Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk in Londen, die Suid-Afrikaanse Krygshistoriese Museum in Johannesburg en die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag Argief (Dokumentasiediens) in Pretoria.

‘n Spesiale woord van dank aan my studieleier, prof. Fransjohan Pretorius, wat ‘n uitsonderlike leermeester was.

Sonder Letitia, my vrou, se ondersteuning, motivering, proeflees, raad en bowenal geduld sou ek nooit hierdie proefskrif kon voltooi het nie. Ek sal dit haar ewig dankbaar wees.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# OPSOMMING

Deneys Reitz, die derde van president F.W. Reitz se vyf oorlewende seuns, is op 2 April 1882 te midde van die politieke en ekonomiese ontwaking van die Vrystaat in Bloemfontein gebore. Hy het op die ouderdom van 17 by die Boeremagte aangesluit en doen hier die ondervindinge op wat hy later in sy eerste boek, *Commando: A Boer journal of the Boer war*, weergee. Met die sluit van vrede weier hy om die eed van getrouheid teenoor Brittanje af te lê en wend hom na Madagaskar waar hy onder meer as ‘n transportryer werk. Hy keer in 1903, op aandrang van Isie Smuts, na Suid-Afrika terug, kwalifiseer as ‘n prokureur en open ‘n prokureurspraktyk in die Noordoos-Vrystaatse dorp Heilbron.

Gedurende die 1914-rebellie skaar hy homself aan die Botha-Smuts regering se kant en voer hy die Heilbronkommando aan teen die rebelle. Tydens die Eerste Wêreldoorlog sluit hy hom aanvanklik by Botha en Smuts in Duits-Suidwes-Afrika aan en daarna by die Britse leër in Brittanje. Hy spandeer die meeste van die Eerste Wêreldoorlog in die loopgrawe aan die Wesfront in Frankryk en vorder tot die rang van kolonel in bevel van ‘n bataljon van die First Royal Scots Fusiliers.

Met sy terugkeer na Suid-Afrika in 1920 wend hy hom tot die politiek en as lid van die Suid-Afrikaanse Party verteenwoordig hy eers Bloemfontein-Suid (1920) en later Port Elizabeth. Vanaf 1929 verteenwoordig hy Barberton. Hy dien aanvanklik in die parlement as Minister van Lande, waar hy onder meer betrokke raak by wetgewing i.v.m. die totstandkoming van die Krugerwildtuin. Hy dien ook as Minister van Lande in die koalisie kabinet van J.B.M. Hertzog (1933) en daarna as Minister van Landbou en Bosbou (1935), Minister van Mynwese (1938), Minister van Naturellesake (1939) en as adjunkpremier in Smuts se Oorlogskabinet (1939-1943).

Vir die periode van 1924 tot 1933 dien hy as deel van die amptelike opposisie, terwyl hy hoofsaaklik as ‘n prokureur in Johannesburg werk. In dié periode het hy ook uitgebreide private- en sakereise na onder meer Noord- en Suid-Rhodesië, die Belgiese Kongo en die Kaokoveld in Suidwes-Afrika onderneem.

Sy bekendheid het hy grootliks verwerf uit die publikasie van sy herinneringe van die Anglo Boereoorlog, gepubliseer as *Commando* in 1929. Dit is erken as ‘n boek van uitstaande gehalte en word beskou as ‘n klassieke werk oor die Anglo-Boereoorlog. Die res van sy lewe, vanaf 1902 tot 1940, het hy in die boeke *Trekking on* en *No outspan* beskryf.

Deneys Reitz was getroud met Leila Agnes Buissine Reitz (13/12/1887 – 29/12/1959). Sy was Suid-Afrika se eerste vroulike parlementslid en het Parktown verteenwoordig. Leila was veral by maatskaplike werk betrokke en het spesifiek op kinders en kindermisdadigers gefokus. Deneys en Leila het twee seuns gehad - Jan en Michael.

Weens swak gesondheid word Reitz in 1943 as Hoë Kommissaris in Londen aangestel, waar hy in 1944 sterf.

## Sleutelterme

Deneys Reitz
Anglo-Boereoorlog
Eerste Wêreldoorlog
Jan Smuts
Tweede Wêreldoorlog
Britse imperialisme
1914-rebellie
Kruger Nasionale Park
Hoë Kommissaris
*Commando*
*No outspan*
*Trekking on*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA


# ABSTRACT

Deneys Reitz, the third of president F.W. Reitz's five living sons, was born in Bloemfontein on 2 April 1882 during the political and economical awakening of the Orange Free State. As a boy of seventeen he joined the Boer forces in the Anglo-Boer War, gaining the experience he set down in his first book, *Commando: A Boer journal of the Boer war*. After the peace he was an irreconcilable and lived as a transport rider in Madagascar, returning to South Africa in 1903 after prompting by Isie Smuts. He qualified as an attorney and practiced in the town of Heilbron in the north-east Free State.

During the 1914 rebellion he commanded the Heilbron Commando against the rebels in support of the Botha-Smuts government. During World War I he first joined Botha and Smuts in German South West Africa and then in German East Africa, where after he enlisted with the British Army. He spent most of the First World War in the trenches in France, where he rose to command a battalion of the First Royal Scots Fusiliers.

Upon his return to South Africa he entered Parliament in 1920 as a member of the South African Party, representing first Bloemfontein South (1920) and later Port Elizabeth. He represented Barberton from 1929. He initially held the portfolios of Lands (1923-24), becoming involved in developing legislation for the establishment of the Kruger National Park. He also served as Minister of Lands in the coalition government of J.B.M. Hertzog (1933), Minister of Agriculture and Forestry (1935), Minister of Mines (1938), Minister of Native Affairs (1939) and as deputy premier in Smuts' War Cabinet (1939-1943).

Reitz was a member of the formal opposition from 1924 to 1933, while also working as an attorney in Johannesburg. In this period he travelled extensively in both his private and official capacities to North and South Rhodesia, the Belgian Congo and the Kaokoveld in South West Africa.

His real claim to fame, however, arises from his memoirs of the Anglo-Boer War, which he published under the title of *Commando* in 1929. This was immediately recognised as a work of outstanding quality and has become a South African classic on the Anglo Boer War. Later he wrote *Trekking on* and *No outspan,* continuing the story of his career.

Deneys Reitz was married to Leila Agnes Buissine Reitz (13/12/1887 – 29/12/1959), the first South African women elected to parliament. She was member for Parktown. Leila, who was involved in welfare work, focused on children and delinquents. Deneys and Leila had two sons of their own - Jan en Michael.

Due to ill health Reitz was appointed Union High Commissioner in London in 1943, where he later passed away.

**Key words**
Deneys Reitz
Anglo-Boer War
First World War
Jan Smuts
Second World War
British Imperialsim
1914 Rebellion
Kruger National Park
High Commissioner
*Commando*
*No outspan*
*Trekking on*

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

# INHOUD

**BEDANKINGS** .......... **III**

**OPSOMMING** .......... **V**

**INHOUD** .......... **VII**

**HOOFSTUK 1: INLEIDING** .......... **1**

1.1 DOELFORMULERING EN TERREINAFBAKENING .......... 1
1.2 BRONNE .......... 5
1.3 ONTLEDING VAN DIE BELANGRIKSTE BRONNE WAT GEBRUIK IS .......... 14
1.4 HOOFSTUKINDELING .......... 15

**HOOFSTUK 2: VORMINGSJARE** .......... **17**

2.1 KINDER- EN JEUGJARE .......... 17
2.2 BLANCA REITZ SE DOOD .......... 28
2.3 F.W. REITZ AS STAATSPRESIDENT .......... 29
2.4 REIS NA EUROPA, 1894 .......... 34
2.5 SKOOLOPLEIDING .......... 37

**HOOFSTUK 3: DIE ANGLO-BOEREOORLOG** .......... **47**

3.1 DENEYS SLUIT BY DIE PRETORIAKOMMANDO AAN .......... 47
3.2 DIE NATALSE VELDTOG .......... 55
3.3 DIE GUERRILLA-OORLOG .......... 82
3.3.1 Die Britse opmars en verandering in Boeretaktiek .......... 82
3.3.2 Die inval in die Kaapkolonie .......... 107
3.4 DIE VREDESLUITING .......... 130
3.5 SLOTBESKOUING .......... 137

**HOOFSTUK 4: JONKMANSJARE** .......... **139**

4.1 INLEIDING .......... 139
4.2 MADAGASKAR, 1902 – 1903 .......... 140
4.3 VERBLYF BY JAN SMUTS .......... 154
4.4 VERBLYF TE HEILBRON .......... 164
4.5 DIE 1913-1914 STAKINGS .......... 168
4.6 SLOTBESKOUING .......... 174

**HOOFSTUK 5: DIE EERSTE WÊRELDOORLOG** .......... **176**

5.1 INLEIDING .......... 176
5.2 DIE 1914-REBELLIE .......... 177
5.2.1 Die rebellie in Heilbron .......... 181
5.3 DIE VELDTOG IN DUITS-SUIDWES-AFRIKA .......... 193
5.4 DIE ALGEMENE VERKIESING VAN 1915 .......... 199
5.5 DIE VELDTOG IN DUITS-OOS-AFRIKA .......... 202
5.6 DIE OORLOG AAN DIE WESFRONT .......... 214

**HOOFSTUK 6: REISIGER** .......... **244**

6.1 HUWELIK .......... 247
6.2 DIE 1920- EN 1921-VERKIESINGS .......... 252
6.3 'N REIS NA DIE BENEDE-ORANJERIVIER .......... 269
6.4 'N BESOEK AAN PORTUGEES-OOS-AFRIKA .......... 278
6.5 DIE KRUGERWILDTUIN .......... 282
6.6 DIE 1924-VERKIESING .......... 285
6.7 DIE RYKS PARLEMENTÊRE VERENIGING SE BESOEK AAN SUID-AFRIKA IN 1924 .......... 292
6.8 PROKUREURSFIRMA .......... 296
6.9 'N BESOEK AAN SUIDWES-AFRIKA .......... 297

6.10 'N BESOEK AAN SUID-RHODESIË ........ 302
6.11 NASIONALE PARKE ........ 304
6.12 SLOTBESKOUING ........ 310

**HOOFSTUK 7: OPPOSISIELID ........ 311**

7.1 KRITIEK OP DIE PAKT-REGERING ........ 317
7.2 VLAGWETSONTWERP ........ 333
7.3 AKTIWITEITE IN DIE PARLEMENT ........ 341
7.4 KRUGERWILDTUIN ........ 343
7.5 DIE ALGEMENE VERKIESING VAN 1929 ........ 345
7.6 PUBLIKASIE VAN COMMANDO ........ 350
7.7 DIE VROEË 1930'S ........ 352
7.8 DIE TAALKWESSIE ........ 357
7.9 DIE DEPRESSIE ........ 360
7.10 DIE KOALISIEREGERING ........ 364
7.11 EREKOLONEL VAN DIE IMPERIAL LIGHT HORSE ........ 375

**HOOFSTUK 8: MINISTER ........ 377**

8.1 DIE 1934-PARLEMENTSITTING ........ 382
8.2 MINISTER VAN LANDBOU ........ 384
8.3 REITZ SE BEVOEGDHEID IN TWYFEL GETREK ........ 386
8.4 HOFSAKE ........ 392
8.5 DIE EKSOTIESE VOËLS WETSONTWERP ........ 393
8.6 DIE 1935 RYKS PARLEMENTÊRE VERENIGING KONFERENSIE IN LONDEN ........ 400
8.7 DIE SCHWARTZ-SKEMA ........ 409
8.8 'N BESOEK AAN KENIA ........ 417
8.9 MINISTER VAN LANDBOU ........ 421
8.10 DIE 1938-VERKIESING ........ 423
8.11 'N BESOEK AAN SUID-AMERIKA ........ 430
8.12 MINISTER VAN MYNE ........ 434
8.13 VULKANIESE UITBARSTING IN DIE BELGIESE KONGO ........ 437
8.14 SLOTBESKOUING ........ 438

**HOOFSTUK 9: DIE LAASTE SKOF ........ 440**

9.1 DIE TWEEDE WÊRELDOORLOG ........ 440
9.2 MINISTER VAN NATURELLESAKE ........ 465
9.3 HOË KOMMISSARIS IN LONDEN ........ 476
9.4 REITZ SE DOOD ........ 481
9.5 SLOTBESKOUING ........ 489

**HOOFSTUK 10: SLOTBESKOUING ........ 490**

**BRONNE ........ 498**

**ABSTRACT ........ 524**

# Hoofstuk 1: Inleiding

## 1.1 Doelformulering en terreinafbakening

*"The Afrikaners of the Orange River (sic) call Reitz a man as well as a minister. Their tribute is deserved. He is the most adventurous figure in the Union Parliament, and one of the few South Africans with an international reputation. Recently Bob Davis, an American writer visiting Cape Town said: 'I reckon I can clean up this place in two days. General Smuts, Sarah Gertrude Millin, Deneys Reitz – that's all there is in South Africa.' Certainly Reitz is a character who has caught the imagination of the world. The sales of his books, Commando and Trekking On, prove the romantic appeal of this son of the veld who fought for the Boers thirty years ago, went into exile as an irreconcilable with his father in Madagascar after the peace, and then returned to fight in the Great War by the side of his former enemies for the Empire's sake. Reitz is a politician second, but first an adventurer. He leaps into an aeroplane to-day when Cabinet duties call as he leapt into the saddle during the guerilla war of yesterday."*[1]

Ondanks Carel Birkby se vleiende beskrywing van Deneys Reitz in 1936, die bekendheid wat hy verwerf het deur die publikasie van sy drie werke en die hoë posisies wat hy later in sy lewe beklee het, bestaan daar weinig meer as enkele oorsigtelike verwysings na hom. 'n Belangrike rede hiervoor is waarskynlik die feit dat hy die grootste gedeelte van sy lewe en veral die tydperk waar hy by die politiek betrokke was, een van genl. Jan Smuts se luitenante was en gevolglik in dié se skadu beweeg het. Marius van Blerck, 'n uitvoerende amptenaar van Anglo American wat vir jare lank al besig is om inligting oor Reitz te versamel, beweer dat daar 'n doelbewuste poging was om Reitz uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis te skryf. Hierdie bewering word gemotiveer deur te sê dat hy nooit met die oordrewe sienings van Afrikaner Nasionaliste, wat gebelgd was oor Britse betrokkenheid in die land,

---

[1] C. Birkby, *Thirstland treks*, p. 239.

saamgestem het nie en dat hulle hom nooit vergewe het vir die standpunt dat die land verenig moet word onder Britse beheer as 'n onafhanklike land nie. Met die oorname van die regering deur eers genl. J.B.M. Hertzog en later dr. D.F. Malan is amper alles wat hy gedoen het gevolglik tot niet gemaak. As voorbeeld van hierdie standpunt word daar gemeld dat Reitz uit die geskiedenis van die Kruger Nasionale Park geskryf is. Volgens Van Blerck was Reitz instrumenteel om die Park te stig toe hy van 1921 tot 1924 Minister van Lande was – na bewering het hy 90% van die werk daarvoor gedoen.[2] Hierdie standpunt word deur James Stevenson-Hamilton, eerste bewaarder van die wildtuin, bevestig. Stevenson-Hamilton beweer dat daar 'n geneigdheid was om die aanvanklike stappe wat Reitz geneem het om die wildtuin te skep, mis te kyk. Reitz het ordonnansies vir die Park laat opstel, die plase laat opmeet, alle grond in privaatbesit in die wildtuin laat onteien en het grond buite die wildtuin se grense gevind om te ruil vir dit wat binne in die wildtuin oorgebly het. Dit was hy wat die tafel gedek het vir wat later sou gebeur. Sodoende het hy nie net die taak ligter gemaak van dié wat op hom gevolg het nie, maar het hy die uiteindelike uitkoms versnel.[3] Die wildtuin is egter in 1926 deur P.G.W. Grobler, Minister van Lande en Nasionale Party lid, geopen en baie lof word hom daarvoor toegeswaai, maar niks aan Reitz nie.[4] Grobler self het daarop aanspraak gemaak dat die Kruger Nasionale Park as gevolg van sy inisiatief gestig is.[5]

Geen direkte ondersteuning kon vir Van Blerck en Stevenson-Hamilton se beweringe gevind word nie. Jane Carruthers, wat haar doktorsgraad oor wildbewaring in die Transvaal vanaf 1846 tot 1926 gedoen het, is egter van mening dat dit nie toevallig was dat die promulgasie van die Nasionale Parkewet plaasgevind het in dieselfde tyd as wat daar 'n aggressiewe beweging vir die ontstaan van Afrikaner Nasionalisme en 'n soeke na 'n eie wit Suid-Afrikaanse identiteit was nie. Dit het gepaard gegaan met besluite

---

[2] *The Cape Argus*, 04/01/2000, A. Henderson, Deneys Reitz rides again, p. 6.

[3] J. Stevenson-Hamilton, *South African Eden: From Sabi Game Reserve to Kruger National Park*, pp. 217-218.

[4] *The Cape Argus*, 04/01/2000, A. Henderson, Deneys Reitz rides again, p. 6.

[5] E.J. Carruthers, Game protection in the Transvaal 1846 to 1926, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Jaargang 58, 1995, p. 171.

om ‘n nuwe vlag te skep, die aanneming van Afrikaans as ‘n amptelike taal, die ontwaking van belangstelling in die Voortrekker tradisies, die oplewing van republikeinse gevoelens en die verslapping van bande met die Britse Ryk.[6] In die lig hiervan is dit waarskynlik dat Van Blerck en Stevenson-Hamilton nie te ver verkeerd is nie. Reitz was nooit ‘n ondersteuner van enige van die Afrikaner-inisiatiewe deur Carruthers genoem nie. Dat hy heel moontlik met die gedagte dat sy rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis onderbeklemtoon is, sou saamstem, is dus nie vergesog nie.

Roberts definieer ‘n biografie as “An account of an individual life written by another. It is the practice of writing about a person.”[7] Volgens Norman White is dit die beskrywing van ‘n persoon se bestaan tussen sy geboorte en afsterwe.[8] Die biografie fokus dus op die rekonstruksie van ‘n menslike lewe. Die biograaf beskryf die individu se loopbaan, wat hy gedoen het, waarom hy dit gedoen het en hoe hy beïnvloed is deur sy tyd. Hy is egter ook verantwoordelik om die individu self te beskryf, sy persoonlikheid, sy karakter en sy individualiteit.

Volgens Pelser beskryf biografieë egter nie net die lewe van ‘n spesifieke persoon nie. Dit bied ook ‘n blik op sy of haar tyd; dikwels die geskiedenis van ‘n volk, of aspekte daarvan en die kulturele en politieke lewe van ‘n gemeenskap.[9] Die individu kan dus nie geskei word van sy samelewing en omgewing nie. Mense het gedurig kontak met ander en hulle word beïnvloed deur die sosiale, kulturele en ekonomiese kragte in hulle samelewing. Om die storie te vertel van enige individu is dit nodig om iets te sê van die tydperk waarin sy lewe afspeel. Die taak van die biograaf is dus om te bepaal hoe die twee faktore - die persoonlikheid van die indiwidu en die probleme van die tye waarin hy lewe - saamwerk om ‘n goeie biografie te maak.

---

[6] E.J. Carruthers, Game protection in the Transvaal 1846 to 1926, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Jaargang 58, 1995, p. 151.

[7] B. Roberts, *Biographical research*, p. 176.

[8] N. White, Pieties and literary biography, in J. Batchelor (red.), *The art of literary biography*, p. 213.

[9] A.C. Pelser, Die literêre biografie – ‘n terreinverkenning (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 2001), p. 6.

Hierdie studie is gevolglik tweeledig. Ten eerste is dit daarop gerig om Deneys Reitz se lewensverhaal te beskryf en tweedens poog dit om sy rol en impak op die geskiedenis van Suid-Afrika te bepaal.

Wat maak van Reitz 'n geskikte kandidaat vir 'n biografie? Wat sal maak dat enigiemand anders meer van hom sal wil weet? Behalwe dat Reitz 'n karaktervolle figuur was, het hy in 'n uiters opwindende tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis geleef, naamlik die laat negentiende en die eerste helfte van die twintigste eeu. Sy ontwikkeling en groei het plaasgevind in 'n tyd waarbinne dieselfde met Suid-Afrika gebeur het. Sy lewe weerspieël die omstandighede in Suid-Afrika en gee 'n goeie oorsig van hoe die land self ontwikkel het. Vanweë sy politieke bedrywighede gee dit ook 'n uitstekende oorsig van die politieke toestande en gebeure in die land, veral die stryd tussen die Suid-Afrikaans georiënteerde Nasionale Party en die Brits gesinde Suid-Afrikaanse Party. 'n Beskrywing van sy lewe gee dus 'n beskrywing van die Suid-Afrikaanse geskiedenis uit 'n unieke perspektief.

Reitz se lewe was nou verbonde aan die politieke ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse samelewing en die Suid-Afrikaanse regering. Hy het nie net self 'n rol gespeel as politikus, kabinetsminister en Hoë Kommissaris nie, maar het ook baie kontak gehad met die ander belangrike persone wat gehelp het om Suid-Afrika te vorm - persone soos Louis Botha, Jan Smuts, J.B.M. Hertzog, en dies meer. Op 'n indirekte wyse sal hierdie studie gevolglik na die regering van die dag, die kompetisie tussen faksies en partye vir beheer oor die regering, beleid afgedwing deur die regering en selfs die verhouding tussen verskillende regerings, vernaamlik Suid-Afrika en Brittanje, verwys.

Daar moet egter by die lees van hierdie werk in gedagte gehou word dat geen biograaf alles van sy onderwerp kan weet nie[10] en dat geen biografie al die feite kan bevat nie.[11] 'n Mate van verwringing van feite kan ook plaasvind as

---

[10] J. Worthen, The necessary ignorance of a biographer, in J. Batchelor (red.), *The art of literary biography*, p. 227.
[11] I.B. Nadel, *Biography: Fiction, fact and form*, p. 156.

gevolg van die oormatige konsentrasie op die lewe van die sentrale persoon in die biografie, veral aangesien alle ander mense aan hom ondergeskik gestel word.[12] Die waarde van die biografie lê egter in die waardering, weergee en akkuraatheid van die feite, eerder as in hulle opeenstapeling.[13]

## 1.2 Bronne

Vir die skryf van ‘n biografie is die biograaf aangewese op enige bronne wat inligting insluit wat handel oor die persoon of die samelewing waarin hy geleef het. In die soektog na inligting oor Reitz kon geen sekondêre bronne, behalwe sy eie werke, wat uitsluitlik oor hom handel, opgespoor word nie. Dit blyk dat daar tot op datum geen uitgebreide poging aangewend is om sy lewe te dokumenteer of om sy rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis te bepaal nie.

In baie gevalle word daar vrylik uit sy gepubliseerde werke en toesprake aangehaal, maar oor hom as mens word niks geskryf nie. ‘n Voorbeeld hiervan is Taffy en David Shearing se boek *General Jan Smuts and his long ride*.[14] Soos die titel aandui, handel die werk oor Jan Smuts se inval in die Kaapkolonie tydens die Anglo-Boereoorlog (teen die einde van 1901), ‘n tog wat Reitz breedvoerig in *Commando* beskryf het. Die skrywers van die werk het mildelik uit *Commando* aangehaal, maar van Reitz se persoonlikheid en karakter is daar weinig sprake. Op ‘n soortgelyke wyse en veral in sekondêre werke wat meer nasionalistiese doelstellinge aanhang soos die reeks van G.D. Scholtz oor die *Ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner*,[15] word Reitz gebruik om die Suid-Afrikaanse Party se standpunte weer te gee. In Scholtz se reeks word dit veral gebruik om aan te dui hoe die Suid-Afrikaanse Partylede hulle eie volk, taal en agtergrond misken en verraai het. Die fokus is in al dié gevalle op Reitz se opmerkings maar hy as mens is

[12] C. Peters, Secondary lives: Biography in context, in J. Batchelor (red.), *The art of literary biography*, p. 227.
[13] I.B. Nadel, *Biography: Fiction, fact and form*, pp. 7-8.
[14] T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride,* 2000.
[15] Die reeks van agt dele strek vanaf 1652 tot 1948 en is gepubliseer vanaf 1967 tot 1984.

nêrens ter sprake nie. Skrywers soos L.E. Neame,[16] Leslie Blackwell[17] en G. Heaton Nicholls[18] het inligting oor Reitz se optrede in die parlement verskaf, maar dit lig basies net sy onverskrokkenheid as teenstander of humoristiese oomblikke toe.

Verskeie bronne is teëgekom wat kort biografiese sketse oor Reitz verskaf. Voorbeelde hiervan is die artikel van A. Lennox-Short in deel een van die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek,*[19] asook artikels in die *Standard Encyclopedia of Southern Africa*, vol. 9[20] en die *Suid-Afrikaanse heldegallery.*[21] In dieselfde kategorie val werke en artikels wat deur Reitz-familielede oor die Reitz-familie geskryf is en wat inligting oor Deneys insluit, byvoorbeeld Conrad Reitz se *Blood of my ancestors*,[22] 'n tuisgemaakte plakboek wat bestaan uit inligting, koerantknipsels en foto's van die Reitz-familie. Slegs vier kopieë is daarvan gemaak en dit is nooit formeel gepubliseer nie. As deel van sy diploma in Biblioteekkunde het Conrad Reitz ook 'n publikasie genaamd *The Reitz family. An annotated bibliography*[23] in 1964 die lig laat sien. Hierdie publikasie gee 'n oorsig van die werke wat oor en deur ses verskillende lede van die Reitz-familie gepubliseer is, onder meer Deneys. Dit is egter nie baie volledig nie. Na aanleiding van 'n familie-saamtrek in Swellendam het J.F. Reitz in September 1978 'n kort oorsig van die familie Reitz in *Africana Aantekeninge en Nuus*[24] gepubliseer. Dié artikel voer die Reitz-stamlyn na die 16de eeu terug, maar sluit slegs een verwysing oor Deneys in. Dié verwysing handel oor die drie werke wat hy gepubliseer het, naamlik *Commando*, *Trekking on* en *No outspan*. N.A. Bosch Reitz en F.G.L.O. van Kretschmar het in 1992 die Bosch-Reitz geslagregister hersien

---

[16] L.E. Neame, *Some South African politicians,* 1929.
[17] L. Blackwell, *Blackwell remembers*, 1971.
[18] G. Heaton Nicholls, *South Africa in my time*, 1961.
[19] W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, p. 700.
[20] D.J. Potgieter (hoofred.), *Standard Encyclopedia of Southern Africa IX*, p. 276.
[21] G. Aucamp (red.), *Suid-Afrikaanse heldegallery: gedenkboek van figure in ons geskiedenis wat deur hul heldedade, baanbrekerswerk en self-opoffering in dankbare herinnering behoort te bly,* 1947.
[22] C.H. Reitz, *Blood of my ancestors*, 1994.
[23] C.H. Reitz, *The Reitz family: An annotated bibliography*, Universiteit van Kaapstad, 1964.
[24] J.F. Reitz, The Reitz family in South Africa, *Africana Aantekeninge en Nuus*, September 1978, deel 23 no. 3.

en die geskiedenis van die twee families sover as 1510 teruggevoer.[25] Alhoewel dié werk baie inligting oor Reitz se voorgeslagte bevat, is daar weer eens nie veel oor hom geskryf nie. Deneys se ouer broer Hjalmar het in sy *The conversion of a South African Nationalist*[26] enkele staaltjies oor hom vertel, maar dié werk handel oor Hjalmar se politieke lewe en het inderwaarheid weinig met Deneys te doen.

Tydskrifartikels oor Reitz het in *Indaba*,[27] *The Outspan*[28] en *Insig*[29] verskyn, terwyl Anna Cunningham in 'n pamflet van die *Parktown and Westcliff Heritage Trust* aandag aan beide Deneys en Leila Reitz gewy het.[30] Koerantberigte oor Reitz se doen en late het in die meerderheid plaaslike asook verskeie oorsese koerante verskyn, onder andere die *Cape Argus*, *The Star*, *Rand Daily Mail*, *Die Burger*, *Globe and Mail*, *Hamilton Spectator* en *The Times*.

Op die terrein van die lewensbeskrywing het verskeie literêre werke in Suid-Afrika verskyn wat met groot genot gebruik is om rigting aan die skryf van die biografie oor Reitz te verleen. Die eerste hiervan was Leon Rossouw se *Die groot verlange*[31] wat oor Eugène N. Marais handel. Die werk, een van die eerste omvattende biografieë wat oor 'n literêre figuur in Afrikaans verskyn het, is in 1975 met die CNA-prys bekroon.[32] 'n Tweede biografie wat nuttig was, was J.C. Kannemeyer se *Leipoldt: 'n Lewensverhaal*[33] wat 'n boeiende beskrywing van C. Louis Leipoldt se lewe gee. Karel Schoeman se biografie

---

[25] N.A. Bosch Reitz en F.G.L.O. van Kretschmar, *The Bosch Reitz genealogy c.1510-1991*, 1992.
[26] H. Reitz, *The conversion of a South African Nationalist*, 1946.
[27] Anoniem, Deneys Reitz the soldier. Part II – The Great War, *Indaba* Vol. XXVII no. 305, Januarie 1972.
[28] V. Buchanan-Gould, Jack Reitz, *The Outspan*, 15 Desember 1950.
[29] A. van Wyk, 'n Anderste man, *Insig*, Augustus 1998.
[30] A. Cunningham, Deneys and Leila Reitz, *Parktown and Westcliff Heritage Trust*, no. 27, September 1989.
[31] L. Rousseau, *Die Groot verlange: Die verhaal van Eugène N. Marais*, Pretoria, 1974.
[32] A.C. Pelser, Die literêre biografie – 'n terreinverkenning (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 2001), p. 79.
[33] J.C. Kannemeyer, *Leipoldt: 'n Lewensverhaal*, Kaapstad, 1999.

oor Olive Schreiner, *Only an anguish to live here*,[34] wat handel oor Olive Schreiner gedurende die Anglo-Boereoorlog, fokus op haar as 'n indiwidu en plaas haar loodreg in die realiteite van haar tyd.

'n Karakter wat veel nader aan Reitz se milieu beweeg het, was genl. Ben Viljoen. Hy word suksesvol uitgebeeld deur J.W. Meijer in 'n biografie getiteld *Generaal Ben Viljoen 1868-1917*.[35] Wat dié werk van groot waarde gemaak het in die skryf van die biografie oor Reitz, was Viljoen se betrokkenheid by die Anglo-Boereoorlog en die gemeenskaplike kontakpunte wat as gevolg daarvan voorkom. Een van die mees fassinerendste en briljante biografieë wat gelees is gedurende die skryf van dié biografie oor Reitz was *The fox and the flies* van Charles van Onselen.[36] In teenstelling met die bogenoemde werke wat oor sosiaal aanvaarbare persone handel, is die hoofkarakter in Van Onselen se biografie, Joseph Silver, 'n dief, wapensmokkelaar en koppelaar - geen beroepe waarmee Reitz homself ooit sou kon vereenselwig nie. Dit is meesterlik geskryf en sal dien as groot inspirasie vir enige persoon wat ooit 'n biografie wil aanpak.

Op 'n soortgelyke wyse as met die sekondêre bronne is daar weinig primêre bronne wat oor Reitz opgespoor kon word. Verskeie versamelings in verskillende argiewe, biblioteke en museums beskik oor items oor hom, maar geen van die versamelings het 'n volledige groepering van al sy korrespondensie, amptelike dokumente, ensovoorts nie. Selfs die privaatversameling in sy familie se besit is gebrekkig wat bronne betref.

Laasgenoemde versameling bestaan uit die persoonlike notaboekies, dagboeke en korrespondensie wat Reitz gedurende sy lewe bygehou het. Hierdie bronne dek die grootste gedeelte van sy lewe, naamlik vanaf die 1890's[37] tot net voor sy dood in 1944. Die enigste gaping daarin is vanaf 1905

---

[34] K. Schoeman, *Only an anguish to live here: Olive Schreiner and the Anglo-Boer War 1899-1902*, Kaapstad, 1992.

[35] J.W. Meijer, *Generaal Ben Viljoen 1868-1917*, Menlopark, 2000.

[36] C. Van Onselen, *The fox and the flies: The criminal empire of the Whitechapel murderer*, Londen, 2007.

[37] Korrespondensie vanaf sy vader terwyl hy nog op skool was.

tot ongeveer 1915 – die periode wat hy by Jan Smuts aan huis was, sy prokureurskennis verwerf het, in Heilbron as prokureur gepraktiseer het en die rebellie. Ongelukkig kon toegang nie tot hierdie versameling verkry word nie, maar in die lig van Reitz se gepubliseerde werke is die skade waarskynlik nie heeltemal so groot as wat dit by eerste aanblik mag klink nie.

Instansies wat òf inligting oor Reitz òf sy korrespondensie met vriende, kollegas en ander politici, bevat, sluit die Nasionale Argief van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag se Dokumentasiediens, die Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk (voorheen Public Records Office) in Londen, die Suid Afrikaanse Nasionale Museum vir Krygsgeskiedenis, die Universiteit van die Witwatersrand, die Johannesburgse Openbare Biblioteek, die J.S. Gericke Biblioteek aan die Universiteit van Stellenbosch, die Vrystaatse Argiefbewaarplek en die Universiteit van Kaapstad, in. Geeneen van hierdie instansies beskik egter oor omvattende versamelings oor Reitz nie. In baie gevalle, soos byvoorbeeld by die Universiteit van Kaapstad of die Suid Afrikaanse Nasionale Museum vir Krygsgeskiedenis, bestaan die versamelings slegs uit enkele briewe of artikels uit sekondêre bronne.

Van die gemelde instansies beskik die Nasionale Argief van Suid-Afrika by verre oor die meeste inligting oor Reitz. Dié Argief het reeds in die laat 1880's ontstaan en het sedertdien as 'n versamelplek vir die rekords van beide die sentrale (nasionale) regering asook die provinsiale regering van eers die Zuid-Afrikaansche Republiek en later die Transvaal provinsie gedien. Amptelike publikasies soos die Hansard en regeringskommissies, asook groot hoeveelhede kaarte en foto's word ook deur dié Argief bewaar. In 'n stadium is ook gepoog om soveel as moontlik dokumente in privaatbesit bymekaar te maak en hierdie aanwinste sluit 'n groot hoeveelheid dokumente van besondere historiese belang in. Een van die belangrikste hiervan is waarskynlik die J.C. Smuts-versameling (A1) wat al Smuts se amptelike, halfamptelike en private korrespondensie vanaf 1886 tot met sy dood in 1950 bevat. Die versameling is gevolglik mildelik gebruik as gevolg van die briewe wat dit oor, van en aan Reitz bevat. Amptelike bronne in die Nasionale Argief wat inligting oor Reitz opgelewer het, sluit die rekords van die Goewerneur-

generaal (GG), Sekretaris van die Goewerneur van die Transvaal- en die Vrystaatkolonies (GOV), Departement van Gesondheid (GES), Meester van die Hooggeregshof (MHG), Koloniale Sekretaris Transvaal (CS) en Uitvoerende Raad (URU) in. Anders as in die voorafgemelde bronne bevat die argiefgroepe van die departemente waarvan Reitz minister was, weinig inligting oor sy doen en late. Die grootste teleurstelling in die Nasionale Argief was egter die kol. Deneys Reitz-versamelings (A112, A117 en A148) waarvan die beskrywing baie misleidend is, aangesien dit slegs fotokopieë van oorlogstelegramme, perstelegramme en getikte afskrifte wat Reitz vanuit sy vader se versamelings gemaak het, bevat. Dit sluit geen inligting oor homself in nie.

‘n Bron wat veral lig op Reitz se gevoelens teenoor spesifieke individue asook Suid-Afrikaanse kwessies werp, is die Hansard, die publikasie wat die notules, bylaes, debatte en gekose komiteeverslae van die Volksraad weergee. Dit word reeds sedert 1910 gepubliseer en sluit gevolglik al Reitz se toesprake, kommentaar en opmerkings gedurende die periodes wat hy in die parlement gedien het, in. Die Hansard is besonder waardevol, aangesien dit inligting oor Reitz verskaf in ‘n tydperk waarin daar nie veel ander bronne wat oor hom handel, is nie.

In die Dokumentasiediens van die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag is inligting verkry oor Reitz se betrokkenheid by die regeringsmagte tydens die 1914-rebellie en die veldtogte in Duits-Suidwes- en Duits-Oos-Afrika tydens die Eerste Wêreldoorlog. Soortgelyke rekords oor Reitz se deelname aan die Wesfront tydens dié oorlog is by die Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk aangetref. Die Britse Nasionale Argief besit egter ook ‘n klein hoeveelheid inligting oor Reitz se politieke loopbaan, veral oor sy besoek aan Suid-Amerika in 1939. Die Deneys Reitz-versameling van die Suid-Afrikaanse Nasionale Museum vir Krygsgeskiedenis besit enkele artikels oor Reitz, asook die korrespondensie tussen Leila Reitz en die Museum oor Deneys se medaljes. Die versamelings van die Universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad fokus op Reitz se politieke bedrywighede in die 1930’s en bestaan grootliks uit korrespondensie deur en aan hom. Die enigste instansie wat

noemenswaardige inligting oor Reitz se werksaamhede en verblyf in die periode van 1906 tot 1916 bevat, is die Vrystaatse Argiefbewaarplek. Reitz se protokolregisters uit die tydperk het heelwat lig oor sy werk as prokureur in die periode gewerp.

Die belangrikste bronne waarop dié tesis gebaseer is, is Reitz se drie outobiografiese werke, *Commando* (1929),[38] *Trekking on* (1933), en *No outspan* (1942), wat sy lewe tot 1940, vier jaar voor sy dood, dek. Die drie werke beskryf amper elke faset van sy lewe, met die enigste werklike uitsondering inligting oor sy familie. In al drie werke word sy familie bloot in die verbygaan en baie oorsigtelik bespreek. *Commando* strek vanaf Reitz se kinderdae tot en met die einde van die Anglo-Boereoorlog (1894-1902). *Trekking on* strek vanaf 31 Mei 1902 tot Junie 1919 en *No outspan* vanaf November 1918 tot 1940. Aanvullend tot *Commando* is Reitz se oorspronklike manuskrip daarvan, Herinneringen van 1899-1902, wat in die Brenthurstbiblioteek in Johannesburg gehuisves word.

In *No outspan* skryf Reitz dat hy sy boeke gepubliseer het omdat hy daarvan hou om dinge te beskryf wat hy ervaar het. Hy wou ook bewys dat, ten spyte van Suid-Afrika se rasse- en politieke rusies, die inwoners van die land goedhartig en vriendelik was en dat die hoop en vooruitsig bestaan het dat hulle in die toekoms in ‘n enkele nasie sou verander.[39] Met dié woorde skep hy die indruk dat bewering oor Suid-Afrika gemaak is waarmee hy nie saamgestem het nie en dat hy dit wou regstel. Of hy werklik in die doel geslaag het, is te betwyfel. Wat hy egter wel reggekry het, was om hom deur sy werke in die middel van die Suid-Afrikaanse en wêreldgeskiedenis te plaas.

*Commando* was met publikasie in 1929 ‘n onmiddellike sukses en het meer as ‘n dosyn herdrukke beleef. Dit is in Frans, Nederlands, Afrikaans en Duits vertaal en volgens At van Wyk het dit ‘n verkoopsyfer van byna gelyk aan die

---

[38] D. Reitz, *Commando: A Boer journal of the Boer War.*
[39] D. Reitz, *No outspan*, p. 280.

totaal van al die ander werke oor die oorlog behaal[40] - 'n stelling wat twyfelagtig is as is in ag geneem word hoeveel werke oor die Anglo-Boereoorlog gepubliseer is. In sy biografie oor Percy Fitzpatrick meld J.P.R. Wallis dat *Commando* 'n meesterstuk is en dat dit die enigste werk is wat enigsins naby aan *Jock of the Bushveld* kom[41] - 'n gevoel wat klaarblyklik nie deur almal gedeel is nie. Na aanleiding van 'n opmerking deur George Bernard Shaw oor hoe uitstekend *Commando* was, het genl. J.B.M. Hertzog glo geantwoord: "I know nothing about it. I've not read it. I have no time for people who make money out of our war."[42]

*Commando* vertel die storie van 'n seun wat as 17-jarige by die Pretoria-kommando aangesluit het en vir die volgende drie jaar aan die Anglo-Boereoorlog deelgeneem het. Dit is nie die storie van 'n offisier of beroepsoldaat nie en fokus op Reitz se siening van die oorlog. Dit sê niks van wapens nie en baie min van militêre strategie en taktiek. Die oorlog word uit sy unieke oogpunt beskryf. Dit gee redes vir die uitbreek daarvan, die manier waarop die Boere geveg het, die swakpunte van die Boere, die verskrikkings van die gevegte, hulle gebrek aan dissipline en die kwaliteit van sommige bevelvoerders. Reitz was gelukkig genoeg om aan al die verskillende fases van die oorlog deel te neem en hy kon dus 'n beskrywing gee wat begin het by die mobilisering van die Boere-kommando's in September 1899, die beleg van Ladysmith en al die vernaamste gevegte waaraan hy deelgeneem het. Dit gee 'n goeie oorsig van hoe dit was om 'n guerrilla te wees - om gedurig op vlug te wees, die tekorte aan ammunisie, voedsel, klere, perde, ensovoorts, in kort, die lewe op kommando. Dit is eenvoudig geskryf, maar uiters realisties.

Reitz se benadering tot *Trekking on* was soortgelyk aan dit wat hy in *Commando* gedoen het. Hy fokus in *Trekking on* merendeels op die Eerste Wêreldoorlog en gee 'n goeie beskrywing van sy ondersteuning van die regeringsmagte tydens die 1914-rebellie, die veldtogte in Duits-Suidwes- en

[40] A. van Wyk, 'n Anderste man, *Insig*, Augustus 1998, p. 45.
[41] J.P.R. Wallis, *Fitz: The story of sir Percy Fitzpatrick*, pp. 122 en 217.
[42] G.H. Nicholls, *South Africa in my time*, p. 138.

Duits-Oos-Afrika en die loopgraafoorlog aan die Wesfront in Europa. Sy skryfstyl is steeds om homself in die middel van gebeure te plaas en dit dan deur middel van sy uitstekende waarnemingsvermoë op 'n baie eenvoudige wyse weer te gee. Hy het nie 'n verstokte militaristiese benadering nie en fokus veel eerder op die menslike aspekte van die oorlog asook gebeure daar rondom. *Trekking on* is gevolglik, soos *Commando*, nie 'n militêre beskrywing van die oorlog nie, maar eerder 'n getemperde beskrywing van sy eie ervaringe.

In *No outspan* verander hierdie benadering egter drasties. Alhoewel hy steeds die verloop van sy eie lewe bespreek, is dit amper asof dit tweede viool begin speel. Hy gebruik sy verskillende reise en avonture om die gebiede wat hy besoek, asook die mense en diere wat hy teëkom, te beskryf. In verhouding hiermee raak sy eie lewe van sekondêre belang en baie groot gebeurtenisse, byvoorbeeld die vlagkwessie in die middel tot laat 1920's en sy eie betrokkenheid by die parlement, word oorsigtelik behandel. So ook sy bedrywighede as prokureur. Sy poste as minister word slegs aangeraak insoverre dit 'n aanknopingspunt vir sy reise en avonture is. Hy gee relatief min aandag aan die rasse- en politieke verskille wat 'n impak op Suid-Afrika het en beskryf nie werklik die politieke gevegte wat plaasvind nie. Op 'n minimalistiese wyse gee hy egter 'n goeie oorsig van die stryd om nasionale identiteit en 'n plek in die groter wêreld – die stryd tussen nasionalisme en Britse imperialisme wat die verloop van die Suid-Afrikaanse geskiedenis tot 'n groot mate in veral die twintigerjare bepaal het. Die een uitsondering tot hierdie benadering is waarskynlik die laaste hoofstuk in *No outspan* waarin hy 'n boeiende eerstehandse getuienis lewer oor die krisis wat as gevolg van die Unie se voorgenome deelname aan die Tweede Wêreldoorlog ontstaan het, asook van die "staatsgreep" wat deur die Britsgesinde lede van die parlement uitgevoer is.

Die een kenmerk van Reitz wat in al drie sy werke na vore kom, is 'n fyn waarnemingsvermoë wat duidelik in sy beskrywing van sy omgewing en die mense wat hy teëkom, weerspieël word.

### 1.3 Ontleding van die belangrikste bronne wat gebruik is

Een van die belangrikste faktore wat in ag geneem moet word in die ”verstaan” van Reitz se drie outobiografiese geskrifte, is dat hy dit in retrospek geskryf en uitgegee het, met ander woorde lank nadat die gebeure in werklikheid plaasgevind het. Dit het na alle waarskynlikheid veroorsaak dat die perspektief waaruit hy geskryf het, verander het. As voorbeeld dien ’n vergelyking tussen Herinneringen van 1899-1902 en *Commando* wat onderskeidelik in 1903 en 1929 geskryf is.

Reitz was 21 toe hy, terwyl hy as transportryer in Madagaskar gewerk het, sy Herinneringen geskryf het. In teenstelling daarmee is *Commando* ‘n geredigeerde weergawe van Herinneringen van 1899-1902 wat amper 30 jaar later eers geskryf is. In hierdie stadium het hy twee groot voordele gehad: perspektief en ondervinding. Hy het toe reeds aan die Eerste Wêreldoorlog deelgeneem, hy was ‘n kabinetslid en lid van die parlement en sy Engels was uitstekend. Die gevolg is dat *Commando* ‘n gesofistikeerde en vloeiende verslag van die Anglo-Boereoorlog is. In teenstelling hiermee is Herinneringen van 1899-1902 die eenvoudige verhaal van ‘n jong bittereinder - ‘n eerste poging wat in duidelike en kleurvolle “Hollands” geskryf is. In die manuskrip, wat so gou na die oorlog geskryf is, is Reitz se onthou van sy ervaringe baie helder en sy stories weerspieël sy emosies.

Die grootste verskil tussen die manuskrip en *Commando* is die donker prentjie wat die manuskrip gee van die Britse gedrag gedurende die oorlog – gewoonlik vergesel van bitsige of kwetsende kommentaar – en van die ontberinge wat die kommando’s en die burgerlikes, oud en jonk, vrouens en kinders, bereid was om deur te maak vir hulle onafhanklikheid.

*Commando* beskryf dieselfde avonture as die manuskrip, maar in ‘n veel meer selfbeheerste en gepoleerde manier.[43] *Commando* het ‘n beplande afsydigheid met emosies wat totaal en al onder beheer is. Die tydperk waarbinne *Commando* gepubliseer is en die manier waarin dit geskryf is, laat

[43] Brenthurstbiblioteek, CJ Barnard, Memo aan Brenthurstbiblioteek re die publisering van D Reitz se Herinneringen van den Engelschen Oorlog 1899-1902, 17/10/1997.

die vraag ontstaan of dié werk nie dalk ‘n doelbewuste poging tot rekonsiliasie tussen Boer en Brit was nie? Reitz neem ‘n uiters rekonsiliërende posisie in deur nie die Britte af te kraak as barbaars in hulle optrede nie.

Die manuskrip bevat oor die algemeen ook meer detail as *Commando*. Dit sluit heelwat materiaal in wat uit die werk gelaat is: beskrywings van baie gebeurtenisse, beide snaaks en pynlik; grafiese detail van die simpatie en ondersteuning van die koloniale Afrikaners vir genl. Smuts se kommando in die Kaapkolonie; Deneys Reitz se persoonlike indrukke van mense soos lord Kitchener, genls. De la Rey en Beyers, kmdte. Lodi Krause en Ben Bouwer, die jong Klasie Havenga, later Minister van Finansies; en uiteindelik ‘n roerende beskrywing van die reaksie van die Boere konferensiegangers oor die verlies van hulle onafhanklikheid tydens die Vrede van Vereeniging. So skryf hy byvoorbeeld dat dit vir hom gelyk het asof Kitchener ‘n kêrel was wat te veel in die bottel gekyk het – sy gesig was rooi en hy het swaar sakke onder sy oë gehad.[44]

## 1.4 Hoofstukindeling

Hoofstuk 1 van hierdie proefskrif fokus op ‘n uiteensetting van die onderwerp wat bestudeer word, die redes waarom dit bestudeer word, asook die vernaamste bronne wat gebruik is. Hoofstukke 2 tot 9 verskaf ‘n kronologiese lewensbeskrywing van Reitz, vanaf sy geboorte tot by sy dood, terwyl hoofstuk 10, as ‘n slotbeskouing, Reitz se bydrae in die Suid-Afrikaanse geskiedenis in perspektief probeer stel.

Alhoewel Reitz se lewe kronologies bespreek word, is ‘n tematiese benadering tot ‘n mate in die laaste drie hoofstukke, wat die periode van 1920 tot 1944 dek, gevolg. Dit is gedoen omdat ‘n groot gedeelte van die inligting wat verkry is oor spesifieke aspekte of gedagtes handel, byvoorbeeld Reitz se optredes in die Volksraad, sy gevoelens oor swart mense of die taalkwessie. Aangesien Reitz geweldig konsekwent gebly het in sy optrede en standpunte

---

[44] Brenthurstbiblioteek, MS196/1/2/3, vol. 9, Deneys Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 951.

tussen 1920 en 1944, sou dit sinloos wees om sy aksies op ‘n jaarlikse basis te bespreek en is dit eerder as ‘n geheel in ‘n spesifieke stadium bespreek.

# Hoofstuk 2: Vormingsjare

## *2.1 Kinder- en jeugjare*

In Augustus 1874 vestig Francis William (Frank) Reitz (1844-1934) en sy eggenote, Blanca Thesen (1854-1887), hulle in Bloemfontein, hoofstad van die Vrystaatse Republiek wat twintig jaar tevore tot stand gekom het. Frank se koms na Bloemfontein was te danke aan die feit dat president J.H. Brand hom die pos van voorsitter van die pas ingestelde Vrystaatse appèlhof aangebied het. Frank was uiters geskik vir hierdie posisie in die jong republiek, aangesien hy op 11 Junie 1867 as advokaat aan die Inner Tempel in Londen gekwalifiseer het, waarna hy op 23 Januarie 1868 tot die Kaapse balie toegelaat is.[1]

Met Frank en Blanca se aankoms in Bloemfontein was die dorp al heelwat groter en beter ontwikkel in vergelyking met hoe dit daar uitgesien het toe kapt. H.D Warden in 1846 as Britse Resident vir Bloemfontein as sy standplaas uitgekies het.[2] Tussen 1867 en 1877 het daar byvoorbeeld 178 winkels en handelsondernemings in die Bloemfonteinse koerante geadverteer. Spesialiswinkels het die ou boerewinkels van vroeër vervang, banke is gestig en ‘n toenemende aantal besoekers het hotelakkommodasie noodsaaklik gemaak. Ten spyte van al die ontwikkeling en vooruitgang was huise skaars en duur. Die nuwe intrekkers, baie besoekers en ‘n herlewing van die Anglikaanse kerk het boonop ‘n impak op die maatskaplike lewe in Bloemfontein gehad. Teen die einde van die jare sewentig was daar reeds vyf skole in Bloemfontein, waaronder Grey-Kollege.[3]

---

[1] W.J. de Kock en D.W. Krüger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, pp. 592 - 593.

[2] S.M. Botes, Sosiale lewe in Bloemfontein se derde Presidensie 1886-1900, *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 12, nr. 1, Mei 1998, p. 20.

[3] K. Schoeman, *Bloemfontein: Die ontstaan van ‘n stad 1846-1946*, pp. 59-60 en 62-63.

Die versnelde ekonomiese ontwikkeling van Bloemfontein kan aan die ontdekking van diamante in die omgewing van Hopetown en die latere Kimberley in die laat 1860's, asook goud aan die Witwatersrand in 1886, toegeskryf word. Bloemfontein was die kortste roete vanaf die kus na die goudvelde en transportryers met swaar gelaaide waens het gou besef dat hulle die driwwe van die Vaalrivier vinniger bereik het deur oor Bloemfontein vanaf Kaapstad as oor Kimberley te reis. Dit het verder tot gevolg gehad dat die handel in Bloemfontein toegeneem het. Die verbinding van Bloemfontein aan die telegraafnetwerk in 1878 asook die oopstelling van die spoorlyn vanaf die Kaap tot in Bloemfontein in 1888, het 'n verdere bydrae tot die toename in handel en verkeer gelewer.[4] Nogtans beskryf die Britse skrywer Anthony Trollope die Bloemfontein van die 1870's soos volg: "The town is so quiet and seems to be so happy and contented, removed so far away from strife and want and disorder, that the beholder ... is tempted to think that the peace of such an abode is better than the excitement of Paris, London or New York".[5]

Uit 'n politieke oogpunt gesien het die houding van inwoners van die Vrystaat, met Bloemfontein as hoofstad, in die 1870's en daaropvolgende jare stelselmatig ontwikkel vanaf byna apaties tot een waar nasionalisme en 'n sterk Afrikanergevoel die botoon gevoer het. Verskeie voorvalle het hiertoe bygedra, waaronder die belangrikstes waarskynlik die anneksasie van die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) op 12 April 1877 deur sir Theophilus Shepstone en die stigting van die Vrystaatse tak van die Afrikanerbond in 1881 was. Die anneksasie van die ZAR deur Shepstone het tot die Eerste Vryheidsoorlog van 1880 tot 1881 tussen Brittanje en die ZAR aanleiding gegee.

Alhoewel die Vrystaat nie direk by die gebeure in die ZAR tussen 1877 en 1881 betrokke was nie, het die oorlog 'n hewige reaksie in die Vrystaat tot gevolg gehad. Dit het tot 'n gevoel van nasionalisme wat politieke grense

---

[4] S.F. Malan, *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*, p. 76.
[5] http://about-south-africa.com/html/bloemfontein.html, *Bloemfontein*, 18/01/2007.

geïgnoreer het, bygedra en Afrikaners in die Transvaal, Vrystaat en Kaapkolonie het begin om mekaar die hand te reik.[6]

Verdere olie op die vuur was die totstandkoming van verskeie takke van die Afrikanerbond in die Vrystaat, waaronder dié van Bloemfontein op 12 Mei 1881.[7] Die Afrikanerbond het in 1879 in die Kaapkolonie ontstaan met die doel om alle organisasies wat met Afrikanersake bemoeid was, te verenig. Die Bond was verder daarop gemik om die verspreiding van Britse invloed op Afrikanergebruike en -tradisies teë te werk en het ook beswaar aangeteken teen die oorheersing van die ekonomie deur Engelssprekendes.[8] Tydens die stigting van die Bloemfonteinse tak van die Afrikanerbond is Frank Reitz tot voorsitter verkies.[9] Alhoewel hy vir sy deelname aan die beweging deur ondersteuners daarvan geloof is, het die Vrystaatse Engelstalige pers hom heftig gekritiseer omdat hy as regter hom met 'n vereniging wat politieke oogmerke nagestreef het, bemoei het. Sy moontlike onpartydigheid tydens regsuitsprake is in twyfel getrek.[10] Die kritiek kon Reitz egter nie van sy ingeslane koers laat afwyk nie en hy het voortgegaan om 'n groot rol in die vestiging van die Afrikanerbond en die ontwaking van die nasionale bewussyn in die Vrystaat te speel.[11] Selfs tydens Reitz se presidentskap het die Vrystaat 'n sterk Republikeins-Afrikanerrigting ingeslaan en het hy die Afrikanerkultuur aktief aangemoedig. Dit het tot gevolg gehad dat daar wegbeweeg is van J.H. Brand se pro-Britse inslag en dat 'n gevoel van patriotisme teenoor die Vrystaat as vaderland nuwe hoogtes bereik het.[12]

Op 2 April 1882 is Deneys Reitz, die derde van Frank en Blanca Reitz se vyf oorlewende seuns, te midde van dié politieke en ekonomiese ontwaking in die

[6] S.F. Malan, *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*, p. 76.
[7] *Ibid.*, p. 97.
[8] H. Giliomee, *The Afrikaners: Biography of a people*, pp. 220-221.
[9] S.F. Malan, *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*, p. 97.
[10] J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 50.
[11] W.J. de Kock en D.W. Krüger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, p. 594.
[12] S.F. Malan, *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek*, p. 206.

Vrystaat, in Bloemfontein gebore. Sy jeugjare is in 'n tydperk van groei en vooruitgang deurgebring en aangesien geen individu in isolasie van sy omgewing staan nie, sou die politieke en ekonomiese gebeure van dié tyd 'n invloed op sy jong gemoed gehad het, selfs al was dit onbewustelik. Die gebeure en atmosfeer van die laaste 30 jaar van die 19de eeu in die Vrystaat sou sy lewensuitkyk, -benadering en emosies vorm. Op 'n soortgelyke wyse sou die aktiwiteite, standpunte en selfs gevoelens van sy vader 'n belangrike invloed op hom uitoefen.

Deneys is na sy vader se moeder, Cornelia Magdalena Deneys vernoem.[13] As daar na sy voorgeslagte aan vaderskant gekyk word, was hy uit 'n besondere familie waarvan dokumentêre bewyse so ver as 1630 teruggespoor kan word, afkomstig.[14] Sy moeder was 'n nooi Thesen - oorspronklik van Stavanger in die Rogaland-streek van Noorweë. Frank en Blanca het ontmoet nadat die Thesen-familie in 1869 per skip op pad na Nieu-Seeland was om daar beter bestaansmoontlikhede te gaan soek, by die Kaap aangedoen het en toe besluit het om hulle eerder in Knysna te vestig. Hulle is op 24 Junie 1874 in die St. George's Katedraal in Kaapstad getroud.[15]

Uit Frank en Blanca se huwelik is daar 'n verdere ses seuns en een dogter gebore, naamlik Francis William (Franky) (1875), Hjalmar (1877), Alfhild (1879), Joubert (1880), Arnt Leonard (1883), George Grey (1884) en Johannes Hendrikus Brand (1887).[16] Drie van hierdie kinders is op 'n vroeë ouderdom oorlede, naamlik Franky, [17] Alfhild[18] en George Grey,[19] die twee seuns vermoedelik van witseerkeel en Alfhild van kinkhoes. Hulle sterftes,

---

[13] W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I,* p. 700.

[14] N.A. Bosch Reitz en F.G.L.O. van Kretschmar, *The Bosch Reitz Genealogy c.1510-1991*, p. ii.

[15] J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 14; C.H. Reitz, *Blood of my Ancestors*, vol. I, p. 158.

[16] F.W. Reitz, *Outobiografie* (toegelig deur J.C. Moll), p. 80.

[17] N.A. Bosch Reitz en F.G.L.O. van Kretschmar, *The Bosch Reitz Genealogy c.1510-1991*, p. 65.

[18] *Ibid.*, p. 71.

[19] *Ibid.*, p. 76.

asook dié van Blanca in 1887, kan waarskynlik toegeskryf word aan die witseerkeel-epidemies wat in die tagtigerjare in Bloemfontein uitgebreek het en waaronder verskeie inwoners deurgeloop het.[20]

Ten tye van Deneys se geboorte en nieteenstaande die ekonomiese vooruitgang wat plaasgevind het, was Bloemfontein ‘n plattelandse dorp met ‘n landelike atmosfeer. Volgens die 1880 Vrystaat-sensus het die Bloemfonteinse distrik 13 274 inwoners gehad, waarvan 7 353 wit en 5 921 swart was. Die meerderheid van die wittes was boonop boere met die gevolg dat Bloemfontein-dorp slegs sowat 1 688 wit inwoners gehad het.[21] Tien jaar later het die prentjie aansienlik anders daar uitgesien en het die dorp oor sowat 2 077 wit inwoners beskik.[22] Die hoeveelheid huise op die dorp het vanaf 1880 tot 1890 van 297 tot meer as 400 toegeneem.[23]

Die Amerikaner James Bryce meld dat “In the Orange Free State I discovered, in 1895, the kind of republic which the fond fancy of the philosophers of the last century painted, an ideal republic”. In 1899 beskryf hy Bloemfontein as “...one of the neatest and, in a modest way, best appointed capitals in the world”.[24]

Dit is in hierdie rustige milieu wat Deneys hom en sy broers plaas as hy sy kinderjare in Bloemfontein as sorgvry en gelukkig, soortgelyk aan wat Tom Sawyer[25] deurgemaak het, beskryf. Meer as vyftig jaar later mymer hy dat daar geen lopende water, geen treine, telefone of elektriese ligte was nie en dat hulle van motorkarre, vliegtuie en radio’s nog nooit gehoor het nie. Hulle

---

[20] K. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 104.
[21] H.J. van Aswegen, Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Jaargang 34, deel I, pp. 23-24.
[22] *Ibid.*, p. 26.
[23] K. Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 89 en 119.
[24] J. Bryce, *Impressions of South Africa*, pp. 313 en 314.
[25] M. Twain, *The adventures of Tom Sawyer*, 1876.

het ‘n aantal Basoetoeponies aangehou en daar was baie wild in die veld, met die gevolg dat hulle baie gejag, visgevang en rondgery het.[26]

Deneys was korrek ten opsigte van die gebrek aan motorvoertuie in Bloemfontein tydens sy kinderjare, aangesien hy in 1902 met sy aankoms in Madagaskar vir die eerste keer geleentheid gekry het om in ‘n motor te ry.[27] Hy was tegnies gesproke egter nie heeltemal korrek om te meld dat daar geen lopende water, geen treine, telefone of elektriese ligte tydens sy kinderjare was nie. Straatbeligting is reeds in 1883 deur middel van paraffienlampe verskaf.[28] Vanaf 1895 is straatligte geëlektrifiseer en privaatwonings van elektrisiteit voorsien.[29] Die treinspoor vanaf Kaapstad het Bloemfontein in 1888 bereik en in 1891 het die Spoorweë telefone in gebruik geneem. In 1896 het die Volkshospitaal en die polisiekantoor telefone gehad en in 1898 het die Raadsaal sy eie lyn gekry. In 1897 het die Volksraad boonop toestemming gegee vir die instelling van ‘n “telefonisch gemeenschap” in Bloemfontein.[30]

Die navorser oor Deneys se lewe kan maar net wonder hoeveel ooreenkomste daar wel tussen Deneys en Tom Sawyer is. Sawyer, alhoewel vindingryk en avontuurlustig, is nie as ‘n karakter wat veel dissipline gehad het, uitgebeeld nie. Hy was redelik lui, het gedoen wat hy wou wanneer hy wou en was gereeld in die moeilikheid as gevolg van een of ander streek wat hy uitgehaal het. Boonop het hy ‘n uitstekende verbeelding gehad en het hy alles in sy vermoë gedoen om sy fantasieë te laat waar word, ‘n beskrywing wat net sowel aan Deneys toegedig kan word. In sy latere lewe is Deneys verskeie male bestempel as iemand wat nie kantoorgebonde wou wees nie, maar redelik sku was vir die werk wat hy as minister moes doen en dat hy nie

---

[26] D. Reitz, *No Outspan*, pp. 21-22.
[27] D. Reitz, *Trekking On*, p. 20.
[28] K. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 99.
[29] *Ibid.*, p. 124.
[30] *Ibid.*, p. 124.

van parlementsittings gehou het nie.[31] Hy het ook gereeld die pad op soek na nog 'n avontuur in voorheen onverkende gebiede aangedurf. As daar dus na die ooreenkomste tussen Deneys en Tom Sawyer gekyk word, was daar waarskynlik meer van Tom Sawyer in Deneys as wat hy self sou toegee.

Uit Deneys, asook sy broers Hjalmar en Jack,[32] se beskrywings, kan afgelei word dat die Reitz-seuns en hulle vriende 'n wonderlike bestaan in die plattelandse Bloemfontein gevoer het. Soos die seuns van hulle tyd was hulle op hulself vir hulle vermaak aangewese. Die meeste van hulle tyd is in die natuur deurgebring - vandaar Deneys se verwysings na perdry, jag en visvang en na alle waarskynlikheid ongeskrewe, kattekwaad. Die grootte van Bloemfontein en, vir 'n seun, idilliese omstandighede waarin hulle grootgeword het, het hul ideaal hiertoe geleen.

Hjalmar, Deneys se ouer broer, vertel van die vryheid wat hulle gehad het en hoe hulle as jong kinders 'n nes voëleiers ontdek het en besluit het om die eiers uit te suig. Die avontuurlike Deneys het die voorbeeld gestel deur die eerste te wees om een van die eiers by te dam. Alhoewel hy daarin geslaag het om die inhoud van die eier in te wurg, het sy gesigsuitdrukking sy broers oortuig om nie dieselfde te doen nie. Later het hulle uitgevind dat dit 'n slangeier was wat Deneys uitgesuig het en nie 'n voëleier nie.[33]

Deneys se manier van grootword het hom waarskynlik goed voorberei vir die ervaringe wat hy in sy latere lewe sou deurmaak. Die veldkunsies wat hy aangeleer het, sou hom goed te pas kom tydens die Anglo-Boereoorlog, asook tydens die verskeie reise wat hy op sy eie in Afrika onderneem het. Die buitelewe het waarskynlik ook 'n invloed op sy karaktervorming gehad, veral sy individualistiese en onafhanklike ingesteldheid. Sy optrede in sy latere

---

[31] A. van Wyk, 'n Anderste man, *Insig*, Aug, 1998, pp.45-46.

[32] H. Reitz, *The conversion of a South African Nationalist*, 1946; V. Buchanan-Gould, Jack Reitz, *The Outspan*, 15 Desember 1950.

[33] H. Reitz, *The conversion of a South African Nationalist*, p. ii.

lewe wys dat hy sy eie vermoëns en oordeel vertrou het, dat hy die moed van oortuiging gehad het om dinge wat hy aangepak het deur te voer en dat hy nie bang was om sy eie kop te volg ongeag wat enige-iemand anders daarvan gedink het nie.

In sy boek *The Conversion of a South African Nationalist* beskryf Hjalmar Deneys as humeurig en 'n vegter en dit spruit waarskynlik net soveel uit die manier waarop hy grootgeword het as sy persoonlikheid. Om dit te staaf, verwys Hjalmar na 'n bakleiery tussen hom en Deneys toe hy sowat vyftien en Deneys nege was. Volgens hom het hy Deneys vir sowat twintig minute op die grond vasgepen en was hy te bang om hom te los aangesien hy bevrees was dat Deneys hom daarna met enigiets wat hy in die hande kon kry, sou aanval. Hy moes boonop sy gesig so ver as moontlik van Deneys af weghou, anders sou Deneys hom met die kop gestamp het. Hulle vader was op die ou end genoodsaak om tot Hjalmar se redding te kom en die geveg op te breek.[34]

Deneys se humeur het volgens Hjalmar nie met tyd verdwyn nie. Hy vertel byvoorbeeld hoe hy en Deneys in 'n bakleiery betrokke geraak het tydens hulle verblyf by die Duitse korps van kommandant Von Goldegg gedurende die Anglo-Boereoorlog. Die Duitsers het Deneys as 'n klein vuurvreter beskou en daarvan gehou om hom teen Hjalmar op te steek. Een so 'n geveg het so woes geraak dat die Duitsers tussenbeide moes tree. Volgens Hjalmar het hy in daardie stadium gedink dat dit gelukkig vir Deneys was, maar hy het later besef dat hy eintlik die gelukkige een was.[35] Selfs in sy latere jare as minister en parlementariër het Deneys se vegtersinstinkte nie verdwyn nie. L.E. Neame beskryf Deneys as die "sledge-hammer" van die opposisie in die Unie-parlement. Volgens Neame was Deneys sy hele lewe deur 'n vegter - hy het altyd aangeval en nooit toegegee dat hy die onderspit gedelf het nie.

[34] H. Reitz, *The conversion of a South African Nationalist*, p. i.
[35] *Ibid.*, pp. i-ii.

"When he fights he puts his heart into the business, and if bitter replies hurtle through the air he gives as good as he takes."[36]

Die indruk moet egter nie gewek word dat Deneys heeltemal wild en sonder kultuur groot geword het nie. Sy vader was 'n goed geleerde en belese persoon met 'n breë akademiese agtergrond. In Desember 1863 het Frank Reitz 'n Tweedeklas Sertifikaat in Wetenskap en Letterkunde ontvang, waarna hy hom in die regte aan die Inner Temple in Londen bekwaam het.[37] Op kulturele gebied het hy 'n groot rol in die ontwikkeling van die Vrystaat gespeel. Hy het onder andere 'n leidende rol in die stigting van die Bloemfonteinse biblioteek in 1875 en 'n museum asook die *Letterkundige en Wetenschappelijke Vereeniging* in 1877, gespeel.[38] Sy betrokkenheid by laasgenoemde vereniging het in 1891 daartoe gelei dat 'n aantal voorlesings vanuit William Shakespeare se *Macbeth* in die aande by die Presidensie aangebied is.[39]

Frank het ook baanbrekerswerk gedoen met die daarstelling van "Kaapsch-Hollandsch", 'n vroeë weergawe van Afrikaans. In 1870 het hy sy eerste gedig, *Klaas Gezwint en zijn paert*, in dié taal gepubliseer.[40] Hy was egter ewe vlot in Engels en Hoog-Hollands[41] en het onder andere van Robert Burns se gedigte na Afrikaans vertaal.[42] Deneys het, toe hy so sewe jaar oud was, geglo dat Burns sy vader se gedigte baie middelmatig na Engels vertaal het.[43]

[36] L.E. Neame, *Some South African politicians*, pp. 129 en 133.
[37] J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, pp. 6-8.
[38] W.J. de Kock en D.W. Krüger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, pp. 595-597.
[39] S.M. Botes, Die derde Presidensie, Bloemfontein, gedurende die verblyf van president F.W. Reitz, 1889-1895, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein*, vol. 15, deel 4, Desember 1999, p. 92.
[40] W.J. de Kock en D.W. Krüger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, pp. 595-597.
[41] J.F. Reitz, The Reitz family in South Africa, *Africana Aantekeninge en Nuus*, September 1978, deel 23, no. 3, p. 107.
[42] D. Lamb, The Republican presidents, volume 2, *Perskor Reference Series*, p. 2.
[43] D. Reitz, *No Outspan*, p. 78.

Versamelings van Frank Reitz se werke is later onder die titels *Uitgesogte Afrikaans Gedigte* en *Oorlogs en Andere Gedigten* gepubliseer. [44]

Boeke was dus vrylik in die Reitz-huishouding aanwesig en het van kindsbeen af deel van Deneys se lewe uitgemaak. Frank se liefde vir die letterkunde het by sy seuns weerklank gevind en die ouer seuns was almal baie lief vir lees. Hierdie liefde het waarskynlik Deneys se kennis uitgebrei en sy verbeelding gestimuleer. In *Commando*, Deneys se gepubliseerde werk oor sy wedervaringe tydens die Anglo-Boereoorlog, asook Herinneringen van 1899-1902, die oorspronklike manuskrip van *Commando* wat Deneys in 1903 in Madagaskar geskryf het, is daar verskeie verwysings van hoe Deneys gesit en koerant lees het,[45] of boeke by biblioteke gaan uitneem het (met[46] of sonder toestemming[47]), of hoe hulle boeke uit van die Britse kampe gebuit het.[48] Hy verwys selfs na ‘n geleentheid toe hy ‘n stuk uit Charles Dickens aan twee Britse offisiere aangehaal het.[49] Dit is duidelik dat Deneys tydens die oorlog geweldig leeshonger was en dat hy enigiets sou verslind wat voor hom neergesit is.

Ten minste drie van Frank se kinders, Deneys ingesluit, het in latere stadiums boeke, artikels, gedigte en verhale geskryf en laat publiseer. Hjalmar het in 1903 ‘n Nederlandse roman, *De dochter van den handsopper: Afrikaansch-Hollandsch roman*, gepubliseer en in 1909 het hy en Tielman Roos gesamentlik ‘n juridiese werk, *Principles of Roman Dutch law*, die lig laat sien. Saam met Harm Oost was hy ook redakteur van I.M. Goodman se *Die Nasionale Boek*. Sy eie verhaal het hy in *The conversion of a South African*

[44] J.F. Reitz, The Reitz family in South Africa, *Africana Aantekeninge en Nuus*, September 1978, deel 23, no. 3, p. 107.
[45] D. Reitz, *Commando*, pp. 67, 157, 220-221, 258-259; Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 119-120.
[46] Brenthurstbiblioteek, MS272/2, vol. 2, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 182 en 183.
[47] Brenthurstbiblioteek, MS196/1/2/3, vol. 9, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 936-939.
[48] D. Reitz, *Commando*, p. 137.
[49] *Ibid*., p. 137. Die aanhaling was uit *David Copperfield*, gepubliseer in 1850 en het gehandel oor Wilkens Micawber, ‘n karakter wat in die tronk beland het nadat hy nie sy debiteure kon betaal nie.

*Nationalist* opgeteken. Met sy dood was hy redakteur van die publikasie *Kort en Goed*.[50]

Joubert het bekend geraak vanweë sy bydrae tot vroeë literêre skeppinge in Afrikaans, alhoewel hy ook in Nederlands en Engels gedig het. Sy bekendste gedig, *The Searchlight,* is in 1910 gepubliseer en later in F.W. Reitz se bundel, *Oorlogs en ander gedichten,* opgeneem. Ander gedigte wat hy geskryf het sluit *Kamppraatjies*, *Ons taal* en die *Lam en die wolf* in. Behalwe vir gedigte het hy ook verhale en romans geskryf. Onder sy verhale tel *Die baljuw*, 'n vervolgverhaal teen die agtergrond van die Anglo-Boereoorlog, *Bang Bramie* en *Ambisie*. Sy drie romans was *Die dolosgooier*, *Beproewing* en *Wraak*.[51]

Die letterkundige liefde wat by die Reitz-seuns gekweek is en die manier hoe hulle dit uitgeleef het, is waarskynlik dié een aspek van sy lewe wat vir Deneys se grootste bekendheid besorg het. Alhoewel hy in latere jare as minister 'n verskeidenheid van portefeuljes beklee en as Hoë Kommissaris in Londen gedien het, is hy aan die meerderheid mense as gevolg van sy boek *Commando* (1929) bekend. Sy literêre loopbaan het egter nie met *Commando* geëindig nie. Hy het ook 'n verdere twee boeke, *Trekking On* (1933) en *No Outspan* (1943), die lig laat sien. *Commando* strek vanaf Reitz se kinderdae tot en met die einde van die Anglo-Boereoorlog (1894-1902). *Trekking On* dek die periode vanaf 31 Mei 1902 tot Junie 1919 en *No Outspan* vanaf November 1918 tot 1940, vyf jaar voor sy afsterwe. In *Trekking on* fokus Deneys merendeels op die Eerste Wêreldoorlog. Hy gee 'n goeie beskrywing van sy eie deelname aan die 1914 rebellie, die veldtogte in Duits-Suidwes-Afrika en Duits-Oos-Afrika en die loopgraafoorlog aan die Wesfront in Europa. In *No Outspan* gebruik hy sy verskillende reise en avonture om die gebiede wat hy besoek, asook die mense en diere wat hy

---

[50] C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, p. 521.

[51] Van die Redaksie, Joubert Reitz – 'n baanbreker-digter, Die Brandwag, 7 Desember 1951, p. 96. (*Die baljuw* - Die Brandwag, Mei–Junie 1910; *Bang Bramie* - Die Brandwag, 31 Mei 1910; *Ambisie* - Die Brandwag, 1 Desember 1912; *Die dolosgooier* – 1916; *Beproewing* – 1918; en *Wraak* – 1927.)

teëkom, te beskryf. Sy eie politieke loopbaan asook verskeie groot gebeurtenisse, byvoorbeeld die vlagkwessie in die middel tot laat 1920's en sy betrokkenheid by die parlement, word ook oorsigtelik behandel.

Deneys het ook 'n biografie oor Paul Kruger aangepak, maar het dit nooit voltooi nie. Wat, volgens Deneys se skoondogter en kleinseun, die publikasie van sy werke nog meer merkwaardig maak, is dat hy al sy dokumente en manuskripte geskryf het deur bloot op sy geheue staat te maak.[52]

## *2.2 Blanca Reitz se dood*

Blanca Reitz het op F.W. Reitz se verjaarsdag in 1887, 5 Oktober, op 'n jeugdige byna 33 jaar gesterf. Daar kan aangeneem word dat haar dood Deneys weerloos gelaat het – hy was na alles net vyf jaar oud – en daar moes 'n tydperk van onstabiliteit en onsekerheid in sy lewe gewees het. 'n Mate van bestendigheid is egter aan die Reitz-kinders gegee deurdat 'n suster van hulle moeder na hulle omgesien het.[53] Oor Deneys se verhouding met sy moeder kon geen inligting opgespoor word nie. Sy gepubliseerde werke werp geen lig daarop nie en dit is moontlik daaraan toe te skryf dat hy met haar dood so jonk was dat hy nie veel van haar kon onthou nie. Frank Reitz skryf egter dat Blanca vir hom 'n dierbare eggenote en vir hulle kinders 'n liewe en selfopofferende moeder was. Hy meld verder dat sy seuns "...God [kon] dank dat hulle so 'n moeder gehad het".[54]

Twee jaar later, op 11 Desember 1889, het Frank hom in 'n tweede huwelik begeef. Sy nuwe vrou, Cornelia Maria Theresa Mulder (1863–1935), die waarnemende direktrise van die Bloemfonteinse Damesinstituut (Eunice-

[52] Persoonlike mededeling: Michael en Helen Reitz, Klein Constantiastraat 29, Constantia, 02/05/2005.
[53] V. Buchanan-Gould, Jack Reitz, *The Outspan*, 15/12/1950, p. 38.
[54] F.W. Reitz, *Outobiografie* (toegelig deur J.C. Moll), pp. 28-29.

damesinstituut), was vanuit Delft in Nederland afkomstig en het haar slegs twee jaar vantevore in Bloemfontein gevestig. Dié huwelik sou ses halfbroers en een halfsuster aan Deneys besorg, naamlik Elizabeth (Bessie) (1890), Henry Loch (Harry) (1893), Rolf (1894), Francis William (Frank) (1896), Frederik Benedictus (Fritz) (1897), Gysbert (Gys) (1898) en Jan Govert (1899).[55]

## 2.3 F.W. Reitz as staatspresident

Met die afsterwe van president J.H. Brand is Frank Reitz op 18 Desember 1888 met 'n oorweldigende meerderheid as president van die Vrystaatse Republiek verkies. Die verandering in Frank se posisie en status het 'n wêreld vir Deneys en sy broers oopgemaak wat aan hulle geleenthede wat hulle andersins nie sou gehad het nie, verskaf het. Na Frank se inhuldiging as staatspresident in die Tweetoringkerk in Bloemfontein op 10 Januarie 1889,[56] het die Reitz-gesin in Maart 1889 vanuit hulle woning in Monumentweg, net onder die Queen's Fort,[57] na die Presidensie getrek.[58] Die Presidensie, wat in President Brandstraat geleë is, was die amptelike woonplek van die laaste drie presidente van die Oranje Vrystaat, naamlik J.H. Brand, F.W. Reitz en M.T. Steyn. As presidensiële ampswoning was die Presidensie tussen 1886 en 1900 die sosiale middelpunt van Bloemfontein[59] en verskeie belangrike politieke en ekonomiese gebeure het hier plaasgevind. Alhoewel die Reitz-kinders te jonk was om by alles wat in die Presidensie plaasgevind het betrokke te wees, kan aanvaar word dat hulle nie van die bedrywighede van hulle ouers en dié se besoekers aan die Presidensie onbewus was nie. Die stelling "kinders moet gesien en nie gehoor word nie", het waarskynlik gegeld,

---

[55] F.W. Reitz, *Outobiografie,* p. 81; J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 80.

[56] W.J. de Kock en D.W. Krüger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, p. 594.

[57] K. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 94.

[58] S.M. Botes, Sosiale lewe in Bloemfontein se derde Presidensie 1886-1900, *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 12, nr. 1, Mei 1998, p. 25.

[59] *Ibid.*, p. 19.

maar uit die aard van kinders sou hulle pogings aangewend het om so veel as moontlik te siene te kry van die gebeure wat in die Presidensie plaasgevind het, asook die persone wat daar besoek afgelê het.

F.W. Reitz het 'n baie informele lewenswyse gevolg en sy deur het altyd vir almal oopgestaan, hetsy vir 'n informele kuiertjie of om belangrike staatsake te bespreek. Die gevolg was dat enige burger, sonder 'n afspraak, 'n besoek by die Presidensie kon aflê en dit het daartoe bygedra dat hy baie van die Vrystaatse burgers en hulle gesinne goed leer ken het.[60] President en mevrou Reitz het egter ook op 'n meer formele manier onthaal, gewoonlik in die vorm van 'n dinee of 'n bal. Die Presidensie se balsaal is gevolglik deeglik deur die Reitze benut. Vanaf 1889 is daar bykans elke jaar op Onafhanklikheidsdag (23 Februarie) 'n bal in die Presidensie gehou. 'n Groot aantal genooide gaste het hierdie bal bygewoon en daar is tot in die vroeë oggendure gedans.[61]

Frank se aanstelling as president het ook tot gevolg gehad dat die Reitz-kinders van vroeg af met belangrike individue kontak gehad het. Een so 'n geleentheid is deur die aanlê van die spoorlyn vanaf Kaapstad tot in Bloemfontein geskep. Die amptelike opening van dié spoorlyn op 17 Desember 1890 was een van die grootste sosiale geleenthede tot in daardie stadium in Bloemfontein en meer as 2 000 besoekers het die dorp ingestroom.[62] Twintig gaste het by die Presidensie tuisgegaan, onder meer sir Henry Loch, die Britse Hoë Kommissaris in Suid-Afrika en goewerneur van die Kaapkolonie, sir Charles Mitchell, die goewerneur van Natal en dr. W.J. Leyds, staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek.[63] Ander belangrike besoekers aan die Presidensie tydens Reitz se verblyf was die skryfster Olive Schreiner, sir John Gordon Sprigg, premier van die

[60] S.M. Botes, Sosiale lewe in Bloemfontein se derde Presidensie 1886-1900, *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 12, nr. 1, Mei 1998, pp. 28-29.

[61] S.M. Botes, Die derde Presidensie, Bloemfontein, gedurende die verblyf van president F.W. Reitz, 1889-1895, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein*, vol. 15, deel 4, Desember 1999, p. 91.

[62] K. Schoeman, *Bloemfontein*, p. 111.

[63] S.M. Botes, Van residensie tot Presidensie: 'n Kultuurhistoriese studie van ampswonings in Bloemfontein, 1846-1900 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.P.), p. 227.

Kaapkolonie, J.H. ("Onze Jan") Hofmeyr, lid van die Kaapse Wetgewende vergadering, Cecil John Rhodes, premier van die Kaapkolonie en stigter van die eertydse Rhodesië, Paul Kruger, staatspresident van die ZAR en sir Donald Currie,[64] 'n toonaangewende Britse skeepsmagnaat en een van die oorspronklike direkteure van De Beers Consolidated Mines Ltd.[65]

Volksraadsittings het aan die Reitz-seuns geleentheid gegee om met die leiers van die Vrystaat kontak te hê. Die Volksraad was die hoogste wetgewende gesag in die Oranje-Vrystaat en sy belangrikste taak was die opstel, bespreking en aanneem van wette. Die Volksraadlede, van wie die meeste boere was wat op die platteland gewoon het, is tot hulle posisies verkies.[66] Wanneer F.W. Reitz met sy bestuur wou vergader, het hy eenvoudig sy seuns te perd gestuur om hulle te gaan roep. Die lede van die Volksraad het dan by president Reitz en sy gesin aan huis gewoon totdat die vergadering(s) verby was. Hierdie kennismakings is verder versterk deurdat Reitz gereeld besoeke op die platteland gaan aflê het en sy seuns hom dan op hulle ponies vergesel het. Reitz was normaalweg deur 'n troep berede artilleriste begelei en die seuns was baie trots om deel van hierdie ekspedisies te kon wees. Hulle het selfs die antieke Krupp voorlaaier wat gewoonlik saamgeneem is, as deel van die familie beskou.[67]

Waarskynlik het hierdie besoeke en kontak met belangrike individue 'n groot invloed op die jong Deneys se selfbeeld, lewe en benadering tot ander gehad. Maar het dit hom enigsins verwaand gemaak? Het hy dalk meerwaardig teenoor sy klasmaats en vriende begin voel en 'n neerhalende houding teenoor hulle ingeneem? Hoe het dit hom in sy latere lewe beïnvloed? Sy geskrewe werke gee geen direkte antwoorde op hierdie vrae nie. As daar egter na sy optrede teenoor sy bevelvoerders tydens die Anglo-Boereoorlog

---

[64] S.M. Botes, Sosiale lewe in Bloemfontein se derde Presidensie 1886-1900, *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 12, Nr. 1, Mei 1998, p. 31.
[65] W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, p. 200.
[66] H.J. van Aswegen, Die verhouding tussen blank en nie-blank in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Jaargang 34, deel I, p. 7.
[67] D. Reitz, *No Outspan*, p. 22.

gekyk word, is die moontlikheid baie goed dat dit hom 'n hoër as gewone dunk van homself gegee het. Hy het nie geskroom om bevele te verontagsaam of selfs in argumente met sy bevelvoerders betrokke te raak nie. Terselfdertyd kry die leser uit sy boeke die indruk dat hy hom nooit werklik veel aan status, gedragskodes en die fieterjasies wat daarmee gepaardgaan, gesteur het nie. Dit kan wees dat hy so gewoond geraak het daaraan om met vooraanstaande persone in aanraking te kom, dat hy afgestomp geraak het ten opsigte van status en protokol en dat hy hom gevolglik nie veel daaraan gesteur het nie. In sy latere lewe is daar duidelike voorbeelde hiervan. Deneys het byvoorbeeld tydens die opening van die Noord-Ierse parlement in Belfast in 1943 'n ligte blou pak gedra tussen die streng formeel geklede Iere. Gedurende die dinee daarna het hy boonop die gedragskode dat die belangrikste gas moes vertrek voordat enige iemand anders dit mag doen, geïgnoreer en eenvoudig aan die Hertog van Abercorn gesê dat hy moeg is en gaan slaap.[68]

Die Bloemfonteinse gemeenskap was tot kort voor die Anglo-Boereoorlog oorwegend Engels. Openbare byeenkomste in Bloemfontein is deur middel van Engels gevoer en die taal is ook oorheersend in die skole gepraat. Engels moet egter nie gesien word as die enigste spreektaal in die dorp nie. Nederlands is deur die Volksraad, die staatsdiens en die N.G. Kerk gehandhaaf.[69] 'n Groot deel van die bevolking het boonop Afrikaans geken en dit gebesig.[70] Die Engelstaligheid van Bloemfontein het egter op die sosiale lewe in die Presidensie inslag gevind. Frank Reitz se studies in Brittanje, waar hy aan die Engelse kultuur blootgestel is, het die Engelse karakter van die Presidensie versterk en die Presidensie is tydens die Reitz-tydperk in die Victoriaanse styl ingerig.[71] Die Reitz-gesin het beide Afrikaans en Engels met mekaar gepraat.[72]

---

[68] A. van Wyk, 'n Anderste man, *Insig*, Augustus 1998, pp. 45-46.

[69] K. Schoeman, *Bloemfontein*, pp. 89-90.

[70] H. Reitz, *The conversion of a South African Nationalist*, pp. 49–50.

[71] S.M. Botes, Sosiale lewe in Bloemfontein se derde Presidensie 1886-1900, *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 12, nr. 1, Mei 1998, p. 44.

[72] H. Reitz, *The conversion of a South African Nationalist*, pp. 49–50.

Hoe die Engelse karakter en atmosfeer van Bloemfontein in die breë en sy ouerhuis in die kleine op Deneys geïmpakteer het, is blote bespiegeling. As daar egter in ag geneem word dat hy in latere jare met 'n Engelse vrou getroud is en dat sy kinders asook hulle nageslagte in Engels grootgemaak is, blyk dit dat die impak daarvan groot was.

Frank Reitz se Kaapse agtergrond en verbintenisse het tot gevolg gehad dat die Reitz-gesin jaarliks 'n vakansie na die Kaap geneem het.[73] Op 'n foto van 'n groep kinders voor Groote Schuur, gevind in Herinneringen van 1899-1902, lees die byskrif "Kinder party te Grooteschuur 1896 waarheen Cecil Rhodes ons nooide". Die volgende van die Reitz kinders is op die foto gemerk: Joubert, Atie, Deneys, Harry, Bessie en Jack.[74] So is daar ook 'n foto wat in 1897 geneem is in Claremont naby Kaapstad. Die opskrif lui "Gelukkige dagen voor den oorlog" en Hjalmar, Atie, Deneys, Harry, Jack, Rolf, Lina Mulder, P.V. Fischer en Daisy Reitz verskyn daarop.[75] In 'n brief aan regter Melius de Villiers verwys Deneys verder na hoe Frank de Villiers, die regter se seun, vakansietye saam met hulle in Muizenberg deurgebring het.[76] Die aanname kan gemaak word dat hierdie vakansies groot opwinding onder die Reitz-kinders veroorsaak het. Die tog Kaapstad toe was waarskynlik iets om na uit te sien en dan sou hulle boonop ook die geleentheid kry om nouer bande met hulle Kaapse familie te smee, in die see te gaan swem en omstandighede in die ouer en beter gevestigde Kaapstad te beleef wat hulle nie in Bloemfontein sou kon ervaar nie.

Hulle vakansies was egter nie net tot die Kaap beperk nie. In Junie 1899, kort voor die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog, is Corrie Reitz en die kleiner kinders na Durban met vakansie. Die 17-jarige Deneys is, tot sy groot verontwaardiging, saamgestuur om sy moeder met die kinders te help. Hy wou aanvanklik niks van die vakansie hoor nie, aangesien hy geglo het dat sy

[73] Brenthurstbiblioteek, MS272/6, vol. 6, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 566-567.
[74] *Ibid.*, foto tussen pp. 591 en 592.
[75] *Ibid.*, foto tussen pp. 623 en 624.
[76] VAB, A75, Regter Melius de Villiers-versameling, D. Reitz - Regter M. de Villiers, 28/11/1929.

vader hulle uit die pad van die dreigende oorlog met Brittanje probeer kry het. Nadat hy oortuig is dat sy opvatting verkeerd was, het hy op die ou end 'n aangename maand in Berea deurgebring. Deneys was nie die enigste persoon wat van mening was dat Frank Reitz hulle na veiligheid wou stuur nie. Tydens hulle reis na Durban het 'n Britse offisier op Ladysmithstasie die opmerking gemaak dat die Reitz-gesin besig was om van die oorlog weg te hardloop: "… the Transvaal State Secretary is getting his family out of the way pretty easily". Deneys was uiters ontsteld dat die Britse offisier enigsins so kon dink.[77] Die voorval toon dat Deneys reeds op hierdie jong ouderdom op sy eer gesteld was en dit laat die navorser wonder of dit nie een van die groot redes was waarom sy humeur so vinnig was nie. Hy kon dit nie verdra dat iemand sleg van hom dink nie.

## *2.4 Reis na Europa, 1894*

In 1894, toe Deneys 12 jaar oud was, is sy ervaringsveld aansienlik verbreed deur 'n reis na Europa. Frank Reitz, wat op 22 November 1893 met 'n oorweldigende meerderheid deur die Vrystaatse kiesers tot 'n tweede ampstermyn as Vrystaatse President herkies is,[78] het by die Volksraad toestemming ontvang om Europa vir 'n verlofperiode van drie maande met volle salaris te besoek. Die reis is waarskynlik toegestaan omdat Frank sy vrou die geleentheid wou gee om haar familie in Nederland te besoek en omdat hy rus en ontspanning nodig gehad het nadat sy gesondheid begin agteruitgaan het. Corrie en die kinders, uitgesluit Hjalmar en Deneys, het reeds op 31 Maart 1894 vertrek. Frank moes egter die opening van die Volksraad bywoon en eers amptelik toestemming kry om die Vrystaat te kon verlaat. Die gevolg was dat hy, Deneys en Hjalmar, op 25 Junie 1894 uit Bloemfontein vertrek het.[79] Vir die twaalfjarige Deneys was dit 'n wonderlike

[77] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 1-3.
[78] J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, pp. 206-207.
[79] J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, pp. 209-210.

ervaring om na die kus te reis, oor die oseaan met 'n skip te vaar en die groot skares en stede van die "ou" wêreld te sien.[80] Waarskynlik het hierdie reis die eerste saadjie geplant wat hom in sy latere jare so lief vir reis gemaak het.

Die driemanskap is aanvanklik na Plymouth in Engeland en vandaar na Delft in Nederland waar hulle by die res van hulle familie aangesluit het. In Nederland het hulle die veertienjarige Nederlandse kroonprinses, Wilhelmina (1880-1962)[81], asook die oudste afstammeling van die Reitz-lyn besoek. Laasgenoemde het in 'n deftige huis op die Heerengracht in Amsterdam gewoon en Deneys beskryf hom as 'n welgestelde heer met baie bediendes en skilderye.[82] Teen 6 Augustus was die Reitz-familie in Frankryk waar hulle die nuut verkose Franse president, Jean Paul Pierre Casimir-Périer (1847-1907), ontmoet het. Casimir-Périer het hulle geneem om 'n ruiker op die graf van die pas gestorwe Sadi Carnot (1837-1894), Casimir-Périer se voorganger, te gaan lê.[83]

Die besoeke aan kroonprinses Wilhelmina en die graf van Sadi Carnot het waarskynlik 'n groot indruk op Deneys gemaak. In eersgenoemde geval het hy met 'n koninklike wat slegs twee jaar ouer as hyself was, kontak gehad en in laasgenoemde geval het hy die graf besoek van 'n president wat skaars twee maande vroeër vermoor is. In altwee gevalle het sy verbeelding waarskynlik met hom weggehardloop met allerhande fantasieë waarbinne hy 'n prominente rol gespeel het.

---

[80] D. Reitz, *Commando*, p. 11.

[81] Deneys het Wilhelmina later verkeerdelik as "...the little Queen" beskryf. Sy is op 6 September 1898 as koningin gekroon en was nie koningin tydens die Reitze se besoek aan haar nie. Wilhelmina se moeder, koningin Emma, het van die dood van haar man, koning Willem III, in 1890, vanweë Wilhelmina se minderjardigheid as regentes opgetree. D.P. Blok, *Algemene Geschiedenis der Nederlanden. 13 Nieuwste tijd. Nederland en België 1840-1914. Tweede helft*, p. 440.

[82] J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 210; D. Reitz, *Commando*, p. 12.

[83] D. Reitz, *Commando*, p. 12.

Vanaf Frankryk is hulle na Brussel waar hulle by die Vrystaatse konsul in België, M. Jeslein, in sy indrukwekkende huis aan die *Rue de la Blanchisserie* tuis gegaan het. Jeslein het hulle aan koning Leopold II (1835-1909) voorgestel. Deneys beskryf hom as 'n ou man met 'n haakneus en 'n lang wit baard wat slegs sy vinger opgelig het om hulle te groet, heel moontlik, soos Deneys later in sy gepubliseerde herinneringe opgeteken het, "... because we belonged to a republic".[84] Laasgenoemde was 'n gewigtige stelling vir 'n 12-jarige om te maak en dit was waarskynlik gebaseer op óf wat sy ouers gesê het, óf die beter ingeligtheid en meerdere kennis van die latere skrywer van *Commando*. In die lig van Deneys se liefde om ontdekkingsreise te onderneem en vreemde plekke te besoek, wonder die navorser of Deneys enigsins bewus was dat Leopold die joernalis Stanley se reise na Afrika, wat later tot die stigting van die Belgiese Kongo (vandag Zaire) gelei het, gefinansier het. Indien Deneys wel daarvan bewus was, sou hy waarskynlik veel kon gemaak het van die gemeenskaplike belangstelling van hom en Leopold, alhoewel laasgenoemde se belangstelling meer gespruit het uit 'n gevoel van finansiële gewin.

Op 13 Augustus is F.W. Reitz en sy geselskap deur die Vrystaatse konsul in Duitsland, H. Rascher, in Berlyn ontmoet. Hier is hulle ook amptelik deur die burgermeester onthaal, waarna hulle in die geselskap van senator Stahmer rondgegaan het om die besienswaardighede van die stad te besigtig.[85] Vanaf Berlyn is hulle na Hamburg en van hier oor die Noordsee na Edinburgh in Skotland om die Cathcarts van Auchindrayne te besoek. Vanaf Skotland is hulle na Londen om sir George Grey, 'n ou vriend van F.W. Reitz, te ontmoet. Ten spyte van hulle ouderdomsverskil het Grey 'n groot indruk op Deneys gemaak: "... something of inward beauty not easily described, but which I have not yet forgotten".[86] Op 9 September 1894 het die Reitz-gesin met die

[84] J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 211; D. Reitz, *Commando*, p. 12.
[85] *Ibid.*, p. 211.
[86] D. Reitz, *Commando*, p. 12.

*Grantully Castle* na Suid-Afrika terugvertrek.[87] Met hulle terugkoms in Bloemfontein is Deneys en sy broers deur hulle minder bevoorregte vriende soos pelgrims wat veilig teruggekom het vanaf 'n tog na Mekka, ontvang.[88]

Ongetwyfeld het die Reitz-seuns hulle vriende met verskeie stories en staaltjies vergas oor alles wat hulle in Europa gesien en beleef het. Die reis het waarskynlik 'n veel groter impak op Deneys gehad as bloot kennis om stories mee te vertel. Sy ervaringsveld sou verbreed gewees het ten opsigte van ander lande, kulture, kos ensovoorts. Die reis beklemtoon ook weer eens die uiters bevoorregte posisie waarin Deneys grootgeword het. Die name van die persone wat hy aanhaal, wys ook daarop dat hy aan omstandighede en persone blootgestel is wat ander kinders van sy ouderdom nie maklik beskore was nie.

## *2.5 Skoolopleiding*

In Herinneringen van 1899-1902 skryf Deneys dat hy vir 'n tydperk van nege jaar op skool was en dat hy aan Grey-Kollege in Bloemfontein gematrikuleer het,[89] maar veel meer besonderhede as dit verskaf hy nie. Verskeie aannames moet gevolglik oor sy skoolopleiding gemaak word, die eerste hiervan dat hy sy aanvanklike skoolopleiding by die Bloemfonteinse Bewaarskool deurloop het. Hierdie afleiding word gemaak na aanleiding daarvan dat twee van Deneys se broers, Hjalmar en Jack, na tye wat hulle in dié skool deurgebring het, verwys. In 'n artikel oor Jack in *The Outspan* word daar vertel hoe Jack by 'n kleuterskool in Bloemfontein skoolgegaan het, met as onderwyseres 'n juffrou Kennedy wat haar leerlinge met oorgedramatiseerde vertellinge van onder andere skepe wat brand op die oop

[87] J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 212.
[88] D. Reitz, *Commando*, p. 13.
[89] Brenthurstbiblioteek, MS272/4, vol. 4, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 403-406.

see bang gemaak het.[90] Terselfdertyd meld Hjalmar dat hy 'n kleuterskool wat deur 'n juffrou Smart bestuur is, bygewoon het.[91]

As gekyk word na die geskiedenis van die Bloemfonteinse Bewaarskool, na die verskeie onderwyseresse wat daar skoolgehou het en Jack en Hjalmar se beskrywings van hulle onderwyseresse word boonop ingereken, moes Deneys in die Bewaarskool gewees het. Die Bewaarskool is op 14 Mei 1874 gestig,[92] en het op 12 Junie 1878 'n staatskool geword toe die Akte van Oprigting daarvan deur die Volksraad goedgekeur is. Die skool is deur 'n beheerliggaam bestuur en F.W. Reitz het vir 'n kort rukkie in 1888 tot en met sy verkiesing as Staatspresident daarop gedien.[93] Die hoof van die skool was vanaf Augustus 1879 tot aan die begin van 1882 en weer vanaf 1884 tot 1895, 'n mejuffrou Smart, dieselfde persoon wat deur Hjalmar gemeld is. Sy is in 1895, met haar aftrede, deur 'n mejuffou J.M. Kennedy van Burgersdorp vervang, waarskynlik dieselfde persoon waarna Jack verwys het. Laasgenoemde dame is na skaars 'n jaar in haar pos deur die skoolkommissie vervang.[94]

Die Bewaarskool se fokus was om leerlinge oor die aanvangsmoeilikhede by die aanleer van die lees- en skryfkuns te help. Die skool se leerplan het gevolglik met die alfabet begin. Bybelonderrig het 'n belangrike rol gespeel en gewone en gewyde liedere is gesing. Engelse en Hollandse gediggies is geleer, daar is geteken en liggaamsoefeninge gedoen. Eenvoudige rekenkunde en hoofrekene, "natural history" en handewerk soos vleg-, naai-, papier- en kleiwerk is ook aangebied. In 1888 is die skool verder uitgebrei en leerlinge moes ook standerd 1 aan die Bewaarskool deurloop. In hierdie klas moes die kinders leer lees en spel (woorde met twee lettergrepe), letters en

---

[90] V. Buchanan-Gould, Jack Reitz, *The Outspan*, 15 Desember 1950, p. 38.

[91] H. Reitz, *The conversion of a South African Nationalist*, pp. 49–50.

[92] I.S.J. Venter, Die Bloemfonteinse Bewaarskool, 1874-1900: Die eerste staatsondersteunde kindertuin in die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika*, C.38, 1962, p.12.

[93] *Ibid.*, pp.13-14.

[94] *Ibid.*, pp.15-17.

syfers skryf op leie, eenvoudige optel- en aftreksomme doen, tafels kon doen tot vyf maal twaalf en getalle tot by 'n duisend neerskryf.[95]

Volgens I.S.J. Venter was mejuffrou Smart 'n uiters knap onderwyseres en het die skool tydens haar bewindstydperk met rasse skrede vooruitgegaan.[96] In ooreenstemming met die invloede waaraan Deneys tuis onderwerp is, het die Bewaarskool 'n goeie grondslag vir sy latere lewe daargestel. Of hy egter altyd 'n goeie en lojale leerder was, is te betwyfel. Jack vertel byvoorbeeld hoe hy en Deneys stokkies gedraai het deur op hulle perde in die veld te gaan rondry [97] en dit skep die indruk dat Deneys nie altyd die voorbeeldigste skolier was nie - 'n eienskap wat later deurgedra is na hoe hy sy werk as minister, parlementariër en selfs Hoë Kommissaris benader het.

Die Bewaarskool het as kindertuinafdeling en voerbron vir die Damesinstituut "Eunice" en Grey-Kollege gedien[98] en dit is dan ook nie vreemd dat Deneys en sy broers na Grey-Kollege gestuur is nie. Grey-Kollege is die oudste skool noord van die Garieprivier en die derde oudste skool in die Republiek van Suid-Afrika. Dit het ontstaan nadat die goewerneur van die Kaapkolonie, sir George Grey, die Republiek van die Oranje-Vrystaat besoek en op 13 Oktober 1855 geld vir die stigting van 'n inrigting vir hoër onderwys geskenk het. Die skool is amptelik op 17 Januarie 1859 geopen, met dr. Andrew Murray as die eerste skoolhoof.[99]

Die leerlinge aan die Grey-Kollege was in twee afdelings verdeel, naamlik 'n laer- of voorbereidende en 'n hoërafdeling. Eersgenoemde het op basiese of

---

[95] I.S.J. Venter, Die Bloemfonteinse Bewaarskool, 1874-1900: Die eerste staatsondersteunde kindertuin in die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika*, C.38, 1962, pp.17-18.
[96] *Ibid.*, pp.15-17.
[97] V. Buchanan-Gould, Jack Reitz, *The Outspan*, 15 Desember 1950, p. 38.
[98] I.S.J. Venter, Die Bloemfonteinse Bewaarskool, 1874-1900: Die eerste staatsondersteunde kindertuin in die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika*, C.38, 1962, p.30.
[99] P. Hawthorne en B. Bristow, *Historic schools of South Africa: An ethos of excellence*, pp. 218-219.

elementêre onderrig gefokus, terwyl laasgenoemde leerlinge vir loopbane in die handelswêreld en staatsdiens opgelei het, of om hulle vir toelating tot die Kaapse of ander Europese universiteite voor te berei. Die bevordering van leerlinge van een klas na die volgende en van die laer- na die hoërafdeling het van praktiese en skriftelike eksamens, asook getuigskrifte wat onderwysers uitgereik het, afgehang.[100]

Die vakke wat in Deneys se tydperk aan die hoërafdeling van Grey-Kollege aangebied is, was Latyn, Hollands, Engels, Geskiedenis, Rekenkunde, Grieks, Aardrykskunde, Algebra, Fisika, Bybelgeskiedenis, Meetkunde en Driehoeksmeting.[101] Vier van dié vakke, naamlik Hollands, die klassieke tale en geskiedenis, is in Hollands aangebied, terwyl die res in Engels gegee is.[102] As gekyk word na die vakke wat aangebied is, het Deneys 'n grondige vakkennis ontvang wat hom in alle fasette van sy lewe sou help. Hy was byvoorbeeld verskeie tale magtig en dit het hom goed te pas gekom toe hy later as vertaler in die Vrystaatse hooggeregshof aangestel is.[103]

Gedurende Deneys se tydperk aan Grey-Kollege was die skoolhoof (rektor) van die hoërskool dr. Johannes Brill, 'n Nederlandse onderwyser wat in die akademiese tradisie van die Hollandse onderwysstelsel opgelei was. Hy het geleerdheid ter wille van geleerdheid en as voorbereiding vir 'n ryker intellektuele lewe as van die opperste belang beskou.[104] Vanaf 1873 tot in die negentigerjare was Brill vir die onderrig van al die vakke in die hoër afdeling van die skool, met die uitsondering van Engels en Wiskunde, verantwoordelik.[105] Tydens sy rektorskap is Brill deur 'n verskeidenheid van assistent-onderwysers bygestaan, onder meer vanaf 1885 deur E. Camden-

---

[100] M.C.E. van Schoor, Dr. Johannes Brill as onderwysfiguur in die Oranje-Vrystaat, 1873-1907 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA), p. 86.

[101] *Grey-Kollege: 'n Suid-Afrikaanse Skool*, p. 27.

[102] M.C.E. van Schoor, Dr. Johannes Brill as onderwysfiguur in die Oranje-Vrystaat, 1873-1907 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA), p. 64.

[103] VAB, PRT, R5/2, D. Reitz. Protokol, 08/1907-12/1910.

[104] *Grey-Kollege: 'n Suid-Afrikaanse Skool*, pp. 16-17.

[105] M.C.E. van Schoor, Dr. Johannes Brill as onderwysfiguur in die Oranje-Vrystaat, 1873-1907 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA), p. 66.

Daniell. In 1891 is A. Francken as onderwyser vir Hollands, geskiedenis en aardrykskunde aangestel en in 1895 'n vierde onderwyser, D.P. Mercier, wat klassieke en wiskundige vakke aangebied het. As gevolg van die toename in leerlingtalle, is S.B. Morgenrood in 1898 as onderwyser vir wiskunde en natuurkunde aangestel.[106]

Teen 1899 het die hoërafdeling 'n totaal van 95 leerlinge gehad.[107] In die tydperk tussen 1875 en 1899 het 125 seuns Grey-Kollege se matrikulasie-eksamen afgelê. Van dié het 116 deurgekom, 34 met lof. Van die seuns wat in daardie tydperk met 'n eersteklas deurgekom het, sluit A.E.W. Ramsbottom, die eerste administrateur van die Oranje-Vrystaat, P.J. Boshoff, latere moderator van die Nederduits Gereformeerde Kerk, Jacob de Villiers, 'n Hoofregter van Suid-Afrika en Deneys in.[108]

Alhoewel Johannes Brill op die akademiese gedeelte van skoolgaan gefokus het, is sport nie geïgnoreer nie en 'n groot aantal buitemuurse sportbedrywighede is by Grey-Kollege aangebied. Dit het rugby, sokker en krieket ingesluit.[109] Daar kon egter geen teken gevind word dat Deneys ooit aan enige sport deelgeneem het nie, 'n bevinding wat deur sy skoondogter en kleinseun bevestig is. Volgens hulle was hy baie lief vir vuurwapens, stap en visvang, maar nie vir ander sportsoorte nie.[110] Die vraag oor waarom hy nie aan sport deelgeneem het nie kan met reg gevra word aangesien hy tog, geoordeel aan die reise en ekspedisies wat hy in sy latere lewe onderneem het, baie aktief was.

---

[106] M.C.E. van Schoor, Dr. Johannes Brill as onderwysfiguur in die Oranje-Vrystaat, 1873-1907 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA), pp. 80-82.
[107] *Ibid.*, p. 90.
[108] P. Hawthorne en B. Bristow, *Historic Schools of South Africa: An ethos of excellence*, p. 220.
[109] *Ibid.*, p. 220.
[110] Persoonlike mededeling: Michael en Helen Reitz, Klein Constantiastraat 29, Constantia, 02/05/2005.

Die uiters negatiewe kommentaar wat Deneys oor rugby lewer, skep die indruk dat daar in ‘n stadium iets onaangenaams met hom gebeur het wat veroorsaak het dat hy daarteen gekant was. In Herinneringen van 1899-1902 spreek Deneys hom baie sterk teenoor rugbyspelers uit. Hy skryf hoe Klasie Havenga op skool altyd aangesien is as ‘n “ou meid” omdat hy nooit rugby gespeel het nie en hoe verbaas hy was dat Havenga tydens die Anglo-Boereoorlog deur die hele Vrystaat bekend geraak het vir onverskrokkenheid. Terselfdertyd het baie van hulle eerstespan spelers, wat op die Kollege byna tot afgode verhef is, na Kaapstad gevlug om kastig hul studies te gaan voortsit, òf in Bloemfontein òf elders oorgegee het. Hy merk ook op dat hy opgelet het dat die ouens wat sport doen maar redelik lyf wegsteek as dit by die verdediging van hulle land kom, ten spyte daarvan dat sport veronderstel is om die karakter te veredel en te versterk. “Zij zijn zeer dapper als zij een bol leder kunnen rondschoppen maar als ‘t tot wezentlijke gevaar komt steken deze edele ‘sports-men’ hun kostbare lichaamen goed in veiligheid. Sedert de oorlog heb ik niets dan verachting voor deze kerels die van niets anders dan van Football kunnen denken of spreken. Voorwaar zij hebben zich een afgodje naar hun eigen gelijkenis geschapen – een zak wind! Een wind-blaas!”[111] Die vraag kom gevolglik onwillekeurig op of Deneys nie tot ‘n groot mate aan homself dink wanneer hy skryf hoe daar na Klasie Havenga verwys is nie.

Deneys was egter bereid om twee uitsonderings op sy gevoel teenoor rugbyspelers toe te laat en dit was vir genls. T.K. Nieuwoudt, “…want hy was voor de oorlog een groote Football speler en was altyd in de Jagersfontein first-team geweest” en G.A. Brand. Behalwe die twee kon Deneys egter aan geen enkele sportman dink wat sy sout werd was wanneer die bal van lood en die doodsengel die skeidsregter was nie.[112] Deneys het hom egter vergis, aangesien daar verskeie ander burgers was wat voor die oorlog by rugby betrokke was. Generaals C.F. Beyers en Ben Bouwer het albei voor die Anglo-Boereoorlog vir Transvaal rugby gespeel. Jopie Fourie en Charles

[111] Brenthurstbiblioteek, MS272/6, vol. 6, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 576-577.
[112] *Ibid.*, p. 578.

Jeppe, een van Deneys se tentmaats tydens die stellingsfase van die oorlog, het vir die Pretoria-klub gespeel en ds. H.D. van Broekhuizen, lid van kommandant Danie Theron se verkenningskorps en hulppredikant van die NG-gemeente op Kerkplein in Pretoria voor en tydens die Anglo-Boereoorlog, het in 1896 vir Suid-Afrika teen die besoekende Britse span van John Hammond rugby gespeel.[113]

Bogenoemde uitsprake laat mens ook wonder hoe Deneys daaroor gevoel het dat een van sy jonger broers, Francis William (1895-1976), as 'n goeie sportman beskou is. Hy het onder meer as rugbyspeler vir die Vrystaat en Barbarians uitgedraf en het in sy latere jare polo gespeel.[114]

Te oordeel aan sy verwysings na Grey-Kollege het Deneys waarskynlik sy skooljare daar geniet en was hy trots om daar te kon skoolgaan. Hy verwys na die hoeveelheid Grey-Kollege leerlinge wat in die oorlog geveg en gesterf het. ".... en kan ons oude 'Alma Mater' zich roemen dat hunnen kinderen niet achter gebleven toen hun land hun noodig had. Ik weet van minstins tien die nog op het kollege waren in Junie 1899, net voor de oorloch uitbrak, die hun leven op het veld van eer gelaten hebben en onder de oud scholieren zien ik nog een groote aantal die met gezigd naarde vijand voor land en volk gesneuweld zijn." [115]

Dit wil voorkom of Deneys 'n groterige vriendekring op Grey-Kollege gehad het. In Herinneringen van 1899–1902 noem hy die name van verskeie van sy skoolmaats wat hy op kommando raakgeloop het. Hy skryf van Biel Oberholzer, Gert Britz, "Cocles" du Toit, Van Schalkwyk, Klasie Havenga[116] en Marthinus Wessels (Dokter). Van laasgenoemde sê hy "…wij waren vroeger tezamen op het Grey-kollege geweest en immer groot vriende

[113] F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 124.

[114] J.J. van Heerden, In Memoriam. Francis William Reitz (M.R.C.S.) (Eng), L.R.C.P. (Londen), *Suid-Afrikaanse Mediese Tydskrif*, 1 Mei 1976, p. 756

[115] Brenthurstbiblioteek, MS272/5, vol. 5, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 535-536.

[116] Brenthurstbiblioteek, MS272/6, vol. 6, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 576-577.

gebleven".[117] Hy verwys ook na twee meisies wat hy gedurende die oorlog raakgeloop het, Bourdina Jacobz en Goldie van Reenen, wat hy by die Damesinstituut in Bloemfontein leer ken het.[118]

In Desember 1895 het F.W. Reitz as gevolg van gesondheidsprobleme as president van die Vrystaat bedank en het die Reitz-gesin na Kaapstad verhuis waar Deneys se jonger broer Jack by Wynberg Boys' High ingeskryf is.[119] In Julie 1897 het F.W. Reitz se gesondheid egter sodanig herstel dat hy as advokaat in Pretoria (ZAR) begin praktiseer het.[120] Jack is terselftertyd by die Staats Model School in Pretoria ingeskryf.[121]

Hierdie tydperk vanaf 1895 tot 1899 veroorsaak vir die navorser probleme. Geeneen van die bronne wat handel oor Deneys of enige van sy broers, Jack uitgesluit, wat geraadpleeg is, maak melding daarvan dat hulle op enige ander plek skoolgegaan het as op Grey-Kollege nie. Die byskrif – "hy was een oude school makker van my te Wynberg KK gewees" - by 'n foto van een van Deneys se skoolvriende, Desiree de Villiers, se graf in Pretoria, wat in Herinneringen van 1899-1902 verskyn, skep die indruk dat Deneys, soos Jack, in Wynberg op skool was.[122] Deneys verwys waarskynlik daarna dat De Villiers die skool bygewoon het, aangesien die getuienis te sterk is dat hy wel op Grey-Kollege gematrikuleer het. Behalwe dat hy dit self stel dat hy sy matriek daar met lof geslaag het,[123] meld die skoolhoof van die Staatsgimnasium in Pretoria, Dr. H. Reinink, op 6 September 1899, dat hy 'n aansoek vanaf Deneys ontvang het tot toelating by die Gimnasium. In sy brief skryf hy oor Deneys "...die voor enige weken het matriculasie examen aan die

---

[117] Brenthurstbiblioteek, MS196/1/2/2, vol. 8, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 986-987.

[118] Brenthurstbiblioteek, MS272/5, vol. 5, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 496.

[119] V. Buchanan-Gould, Jack Reitz, *The Outspan*, 15/12/1950, p. 38.

[120] J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 218.

[121] V. Buchanan-Gould, Jack Reitz, *The Outspan*, 15/12/1950, p. 38.

[122] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, foto tussen pp. 104-105.

[123] *Ibid.*, p. 1; *Grey-Kollege: 'n Suid-Afrikaanse Skool*, p.95.

Kaapsche universiteit heeft gedaan...".[124] Reinink se verwysing dat Deneys sy matrikulasie-eksamen aan 'n Kaapse universiteit afgelê het, kan verklaar word aan die hand daarvan dat leerlinge van die hoër klasse aan Grey-Kollege openbare eksamens geskryf het, waarvan een 'n toelatings- of matrikulasie-eksamen aan die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop was. Dit was die hoogste skolastiese prestasie wat in die Oranje-Vrystaat behaal kon word en slegs die beste leerlinge het dit geskryf.[125]

Ongeag die bespiegeling van waar Deneys sy laaste vier jaar op skool deurgebring het, het hy in September 1899 vir 'n kursus in Ingenieurswese by die Staatsgimnasium in Pretoria ingeskryf.[126] Hy was nou 17 jaar en vyf maande oud. Die Staatsgimnasium is in 1893 gestig met as fokus middelbare onderwys en die doel om seuns vir universiteitsopleiding voor te berei.[127] Die Gimnasium, wat daarvoor bekend was dat hulle kursusse loopbaangerig was,[128] was op die noordoostelike hoek van Koch- (nou Bosman) en Proesstraat geleë en het teen 1899 87 leerlinge gehad. Die personeel het uit die hoof, Dr. H.T. Reinink, wat klassieke tale aangebied het en 11 ander personeellede bestaan.[129]

Volgens Deneys het die bietjie meer as 'n maand wat hy by die Staatsgimnasium deurgebring het vir hom baie min waarde gehad en het hy bitter min van ingenieurswese geleer. Die dreigende oorlog met Brittanje het soveel opwinding onder die studente veroorsaak dat hulle nie veel aandag aan hulle studies kon gee nie.[130]

---

[124] TAB, OD, OR14610/99, 330, Staats Gimnasium. Toelating van Deneys Reitz 1899, 06/09/1899.
[125] M.C.E. van Schoor, Dr. Johannes Brill as onderwysfiguur in die Oranje-Vrystaat, 1873-1907 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA), p. 95.
[126] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 1.
[127] C.J. Beyers (hoofred.) en J.L. Basson (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*, p. 669.
[128] B. Theron, *Pretoria at War 1899 – 1900*, p. 17.
[129] *Ibid.*, p. 69.
[130] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, Deneys Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 3-4.

Vir die paar maande voor die uitbreek van die Anglo-Boeroorlog het Deneys ‘n huis aan Jubilee-plein in Sunnyside met Dirk Boshoff, ‘n Vrystater uit Winburg wat op die spoorweë in Pietersburg gewerk het, gedeel. Volgens hom is hy toegelaat om dit te doen omdat hulle ‘n groot gesin was en aangesien sy broer Joubert ook reeds ‘n slaapkamer in Arcadia gehad het.[131]

[131] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, Deneys Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 11-12. Jubilee plein was geleë tussen Kotze-en Jorissenstraat, waar Troyestraat hulle kruis.

# Hoofstuk 3: Die Anglo-Boereoorlog

## 3.1 Deneys sluit by die Pretoriakommando aan

Vir die bietjie meer as ‘n maand wat Deneys aan die Staatsgimnasium in Pretoria deurgebring het, was daar maar min sprake van leer en die naderende oorlog het dan ook veroorsaak dat die deure van die skool op 3 Oktober 1899, agt dae voor die uitbreek van die oorlog, tydelik gesluit is.[1] Die sluiting van die skool het plaasgevind as gevolg van druk van bekommerde ouers, asook op versoek van sommige leerlinge wat onder andere gemeld het dat hulle wou huistoe gaan sodat “zij zich kunnen uitrusten ten strijde”.[2] Alhoewel dit nêrens gemeld word nie, is dit heel moontlik dat Deneys een van die leerlinge was wat versoek het dat die skool moes sluit. Die kombinasie van sy vurige en rustelose geaardheid en die naderende oorlog sou dit vir hom haas onmoontlik gemaak het om enigsins aandag aan sy studies te gee en aangesien hy in elk geval van die skool af weggeglip het om hom by meer “belangrike” sake te bepaal, klink dit na die tipe ding wat hy sou gedoen het.

Die moontlikheid van oorlog het groot opgewondenheid onder die leerlinge van die Staatsgimnasium veroorsaak.[3] Izak Meyer, wat dieselfde tyd aan die Staatsgimnasium gestudeer het as Deneys, skryf dat hoe meer die oorlogswolke saamgepak het, hoe meer het hy geglo dat skoolgaan ‘n blote vermorsing van tyd was. Hy kon nie op sy werk konsentreer nie en sy gedagtes het ver en wyd gedwaal. Die boek en die pen het alle betekenis verloor en hy kon net aan een ding dink: oorlog en ‘n Mauser in sy hand. Hy skryf verder dat hy nie die enigste een was wat so gevoel het nie, sy skoolmaats het dieselfde opinie gehad. Hulle het ontwikkel in ‘n nougeslote kliek wat landsake soos wafferse kenners bespreek en ontleed het. En toe dinge begin warm raak, het hulle van die skoolbanke af verdwyn en na die

---

[1] B. Theron, *Pretoria at War 1899-1900*, p. 69.
[2] Aangehaal deur *ibid*., p. 71.
[3] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 3-4.

Raadsaal gesluip om na regeringsleiers soos president Paul Kruger, Schalk Burger, kmdt.genl. Piet Joubert en andere te gaan luister.[4] Hierdie gesprekke wat hulle gehoor het en die gevoelens wat dit in hulle los gemaak het, het hulle laat besluit dat hulle die geweer sou opneem en sou veg, ongeag of hulle toestemming daartoe kon kry of nie.[5]

Deneys het hierdie sentimente gedeel en het, volgens sy eie vertelling, ook van die skoolbanke af weggeglip om by die regeringskantore met sy vader oor die toestand van sake te gesels, of om na die amptenare te gaan luister wat oor die oorlog praat. As seun van die Staatsekretaris van die Zuid-Afrikaanse Republiek (ZAR) was hy waarskynlik in 'n beter posisie as sy klasmaats ten opsigte van die verkryging van inligting oor wat besig was om te gebeur tussen die ZAR en Brittanje. Daar kan maar net gespekuleer word dat hy sy vader gereeld gepols het oor die heersende omstandighede en dat hy waarskynlik ook as gevolg van sy vader groter toegang tot die amptenary gehad het.

Anders as Meyer, meld Deneys dat hy, as voorbereiding vir die naderende oorlog, gereeld gaan teiken skiet het.[6] Wat die storie meer uniek maak is dat Deneys saam met dr. H. Reinink, hoof van die Staatsgimnasium en F.W. Wagner, hoof van die Staats Model School, teen middel September 1899 aansoek gedoen het dat 'n skietbaan in Sunnyside opgerig moes word. Behalwe vir oefensessies is daar weekliks skietkompetisies by die skietbaan gehou en Pretoria se veldkornet, Melt Marais, het 'n trofee geskenk aan enige deelnemer wat die eerste plek losgeskiet het by meer as drie geleenthede. Die gevolg was dat die klanke van geweervuur elke aand na besigheidsure deur Pretoria weergalm het.[7]

---

[4] J.H. Meyer, *Kommando-jare: 'n Oudstryder se persoonlike relaas van die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 11-12.
[5] *Ibid.,* p. 13.
[6] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 7.
[7] B. Theron, *Pretoria at War 1899-1900*, p. 17.

Deneys het ook die voorreg gehad om saam met sy vader by president Kruger te gaan kuier waar hy, as geïnteresseerde luisteraar volgens sy eie beskrywing, na die bespreking oor die diplomatieke verhoudinge met Brittanje geluister het.[8] Aangesien Deneys met Jan Joubert, seun van Piet Joubert, bevriend was, het hy ook soms by dié aan huis gaan kuier waar hulle ook oor die oorlog gesels het. Deur Jan het Deneys Piet Joubert leer ken. Hy beskryf hom as 'n "...kindly, well-meaning old man...", maar dat hy die indruk geskep het dat hy "...bewildered [was] at the heavy responsibility now resting upon him..." Deneys was van mening dat Joubert nie die regte persoon was om die Boeremagte te lei nie en dat dit jammer was dat 'n jonger man nie reeds by die uitbreek van die oorlog in sy plek aangestel is nie.[9] Sy gevoel oor Joubert is bevestig met die stelling dat niemand Joubert baie ernstig opgeneem het nie. Na Joubert se personeel is klaarblyklik skertsend verwys as die "koninklike gesin", grootliks omdat dié, behalwe vir sy seuns wat as gewone burgers gedien het, uit sy eie familie bestaan het.[10]

Bogenoemde opinie oor Piet Joubert was waarskynlik die gedagtes van die volwasse skrywer van *Commando* in 1929 en nie die van die 17-jarige seun wat gretig was om aan 'n oorlog deel te neem nie. Alhoewel Deneys intelligent genoeg was om wel so iets te kon gedink het as jongeling, is dit onwaarskynlik, tensy hy die gevoelens van sy vader en ander volwassenes weergegee het. Daar is egter geen bewyse hiervoor nie. Die meer logiese oplossing hiervoor is dat hy deur middel van tru-projeksie of wysheid agterna opgedoen, hierdie stellings kon maak. Teen 1929 sou sy ondervinding en verwysingsraamwerk dit vir hom moontlik gemaak het om die gebeure voor, tydens en na die oorlog in 'n ander lig te sien en dit sou definitief sy skryf van *Commando* beïnvloed het.

Op soortgelyke wyse gebruik hy sy meerdere kennis en ondervinding in *Commando* om te meld dat die oorlog onafwendbaar was. Hy was van mening dat die Britse regering besluit het om 'n oorlog af te dwing en dat

---

[8] D. Reitz, *No Outspan*, p. 23.
[9] D. Reitz, *Commando: A Boer journal of the Anglo-Boer War*, p. 17.
[10] *Ibid.*, p. 36.

hulle die grootste skuld daarvoor moes kry. Die Transvalers was egter ook redelik veglustig en volgens wat hy in Pretoria waargeneem het, sou hulle in elk geval die situasie tot uitbarsting gebring het. Hyself het nie die Britte gehaat nie, maar as 'n "Suid-Afrikaner" sou hy vir sy land veg en die verdienste van die oorlog was nie iets waaraan hy hom veel gesteur het nie. "I looked on the prospect of war and adventure with the eyes of youth, seeing only the glamour, but knowing nothing of the horror and misery".[11]

In dié stadium het die 17-jarige Deneys 'n verromantiseerde beeld van oorlog gehad en dit het hom en sy 19-jarige broer Joubert vasbeslote gemaak om aan die naderende oorlog met Brittanje deel te neem. Die besware van hulle ouers dat hulle te jonk was om daarby betrokke te raak en dat hulle boonop ook nie Transvaalse burgers was nie, is geïgnoreer en hulle het op allerhande maniere gekonkel om wel hulle sin te kon kry. Artikel 7 van die Kommandowet van die ZAR (wet no. 20 van 1898) het bepaal dat elke burger moes sorg vir sy eie klere, 'n geweer in goeie toestand en ammunisie vir ten minste 30 skote. Waar burgers nie oor gewere beskik het nie, sou dit deur die regering aan hulle verskaf word.[12] Deneys en sy broer Joubert het gevolglik een oggend na die staatskantore gegaan en "koelbloedig" vir genl. Piet Joubert gevra om aan hulle elkeen 'n Mausergeweer te skenk. Alhoewel Joubert aanvanklik vir hulle gelag en verskonings gemaak het oor waarom hulle nie gewere kon kry nie, het hy wel later toegegee en aan assistent-kmdt.genl. De Souza opdrag gegee om aan hulle elkeen 'n geweer te oorhandig.[13]

Om hulle name op die kommandeerlys van die Pretoriadistrik te kry, het hulle sonder hulle ouers se medewete na die kantoor van veldkornet Melt Marais gegaan en daarop aangedring dat hy hulle as burgers moes inskryf. In sy Herinneringen van 1899-1902 meld Deneys dat hulle vir Marais "...met instruksies [gelaat het] dat wij by de eerste oproeping moesten commandeerd

[11] D. Reitz, *Commando*, p. 15.
[12] ZAR 33, De Locale Wetten en Volksraadsbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek, artikel 7, p. 230.
[13] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 5-6.

worden." Volgens Deneys het Marais hierdie versoeke van hulle as 'n grap afgemaak en slegs voorgegee dat hy hulle name neerskryf. Hulle het dit egter eers later besef toe hulle nie opgeroep word nie. Deneys was van mening dat Marais hulle as te jonk beskou het om te gaan veg en hou dit as rede voor vir waarom hulle nie opgeroep is nie.[14]

Dat Deneys op so 'n jong ouderdom reeds die waagmoed gehad het om aan 'n veldkornet 'n opdrag te gee, spreek van òf geweldige selfvertroue òf van uiterste arrogansie. As na sy agtergrond gekyk word, na sy vader se posisie asook die omstandighede waarbinne hy grootgeword het, is die eenvoudigste gevolgtrekking dat hy arrogant was. Dit is egter 'n oorvereenvoudiging van Deneys se persoonlikheid en alhoewel daar wel 'n mate van waarheid kan insteek, is dit waarskynlik nie honderd persent korrek nie. Die milieu waarbinne hy grootgeword het, het hom waarskynlik vaardighede gegee wat dit makliker gemaak het om met ander mense, ongeag van posisie, rang en ouderdom, om te gaan. Sy omgewing was 'n veilige hawe waarbinne hy sy persoonlikheid kon ontwikkel en sy optredes spreek dus eerder van selfvertroue as arrogansie. Alhoewel daar definitiewe bewyse was dat hy tydens die oorlog 'n probleem met van sy bevelvoerders se gesag gehad het, kan sy opdrag aan Marais in hierdie stadium waarskynlik eerder toegeskryf word aan opgewondenheid oor die naderende oorlog en die grootte van sy begeerte om daaraan te kan deelneem.

Die twee broers het hulle nie deur Marais se optrede laat afskrik nie en het in alle erns met hulle voorbereidings voortgegaan. Hulle het onder meer saalsakke en waterbottels gekoop wat hulle in Joubert se kamer weggesteek het. Hul grootste probleem, naamlik hoe om hulle ouers se goedkeuring te kry om aan die oorlog te kan deelneem, is deur president Kruger vir hulle opgelos. Deneys het klaarblyklik vir Kruger gesê dat hy ook op kommando wil gaan en toe dié hom spelendergewys vra of hy "…capabel was om twee Engelschen met een schoot te schieten…", het hy geantwoord "Ja als hulle oor mekaar staan". Kruger het glo lekker hieroor gelag en aan hom gevra hoe

[14] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 6-7.

oud hy is. Op Deneys se antwoord dat hy al 17 was maar dat sy vader dink dat hy nog te jonk is om op kommando te gaan, het Kruger glo vir F.W. Reitz gesê "ach nee meneer Reitz, jij moet hem laat saam gaan, ik het ook jong beginne". F.W. Reitz se stilswye hierop was vir Deneys 'n teken dat die stryd gewen is.[15] Uit 'n regsoogpunt het F.W. Reitz nie juis 'n been gehad om op te staan nie aangesien artikel 28 van die ZAR Krygswet gespesifiseer het dat "[a]lle ingezetenen tusschen 16 en 60 jaren oud" opgeroep kon word om krygsdiens te verrig.[16] Dit is duidelik dat F.W. Reitz se teenkanting waarskynlik gespruit het uit sy liefde vir sy seuns en dat hy hulle wou beskerm teen die gruwels van oorlog.

Op 26 September 1899 het gerugte die rondte gedoen dat die eerste afdeling van die Pretoriakommando opgekommandeer is en besig was om saam te trek by die Pretoriastasie om na Natal te vertrek. Ten spyte daarvan dat Deneys en Joubert nie oproepinstruksies ontvang het nie en sonder hulle vader se medewete, het hulle hulle perde opgesaal, hulle saalsakke gepak en hulle na die stasie gehaas. Dit was egter 'n vals alarm en hulle moes onverrigter sake huistoe keer.

Die voorval het F.W. Reitz egter laat besef dat sy seuns ernstig was om oorlog toe te gaan en hy het, tot hulle groot blydskap, ingestem dat hulle dit kon doen. In voorbereiding vir hulle deelname aan die naderende oorlog het Deneys se stiefma toe begin om vir hulle beskuit te bak, sakkies te maak vir koffie en suiker en om na hulle uitrustings om te sien.[17] As rydiere het Joubert Reitz 'n "eersteklas" vosperd gehad en Deneys 'n klein Basoetoe hings wat hy beskou het as 'n familielid. Volgens Deneys was sy jonger broers en susters ongelukkig daaroor dat hy die perdjie tydens die oorlog sou gebruik, maar sy vader was bang dat hy met 'n groter perd iets sou oorkom.[18] Hierdie

---

[15] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 8-9.
[16] ZAR 33, De Locale Wetten en Volksraadsbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek, artikel 7, p. 233.
[17] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 9-10.
[18] *Ibid.*, pp. 12-13.

stelling skep die indruk dat Deneys dalk nie 'n baie goeie ruiter was nie, maar geen werklike getuienis kon ter bevestiging daarvoor opgespoor word nie.

Kmdt.genl. Piet Joubert het op 27 September 1899 aan die kommandante van die ZAR opdrag gegee om die burgers vir krygsdiens op te roep en hulle na aangewese punte op die grense te neem.[19] Die Pretoriakommando het op 29 September per trein vanaf die Pretoriastasie na Natal vertrek.

Deneys beskryf dié treinrit as 'n opgeruimde affêre met 'n groot hoeveelheid gesingery en skreeuery - hy skryf dit daaraan toe dat die burgers vol moed en geesdrif was.[20] Op 2 Oktober was hulle by Sandspruit,[21] 'n paar kilometer noordwes van Volksrust aan die Natalse spoorlyn, saamgetrek. Die tydelike bymekaarkompunt het hulle met die kommando's van Standerton, Krugersdorp, Bethal, Heidelberg en Middelburg, die vrywilligerskorps Nederlanders en oud-Nederlanders, die Ierse vrywilligerskorps, die Duitsekorps en die Staatsartillerie, gedeel.[22]

Teen 11 Oktober 1899 was reeds 1 492 Pretorianers op die Natalse grens vir krygsdiens saamgetrek.[23] Volgens Deneys was elke kommando in twee of meer veldkornetskappe verdeel, wat op hulle beurt weer in korporaalskappe onder verdeel is. 'n Veldkornetskap het volgens hom uit sowat 150 tot 200 man bestaan en 'n korporaalskap gewoonlik uit sowat 25, maar dit was nie 'n vaste reël nie aangesien 'n populêre veldkornet twee keer soveel burgers onder hom kon hê as 'n onpopulêre een. Volgens Deneys kon die burgers self kies aan watter offisiere hulle wou rapporteer, of selfs aan watter kommando hulle wou behoort, alhoewel hulle gewoonlik maar behoort het aan die kommando van die distrik van waar hulle afkomstig was.[24] Hierdie

---

[19] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I. Die Boere-Offensief Okt. – Nov. 1899*, p. 132.
[20] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 10-14.
[21] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I,* p. 133.
[22] *Ibid*., pp. 157-158.
[23] *Ibid*., p. 161.
[24] D. Reitz, *Commando*, p. 21.

stelling van Deneys, ongeag die geldigheid daarvan, plaas perspektief op waarom hy later in die oorlog nie geskroom het om een kommando vir 'n volgende te verlaat nie.

Die Pretoriakommando is aangevoer deur genl. D.J.E. Erasmus en sy broer kommandant S.P. Erasmus. Hulle is spottenderwys "Maroela" en "Swart Lawaai" genoem.[25] Deneys se veldkornet was Piet Zeederberg en hy is bygestaan deur assistent veldkornette De Jager en David van der Merwe.[26] Volgens Deneys het genl. Erasmus sy bynaam verkry tydens 'n swart-opstand in die Noord-Transvaal toe hy, na bewering, die militêre aktiwiteite van agter 'n maroelaboom gerig het, terwyl Swart Lawaai sy bynaam verkry het as gevolg van sy donker gelaatstrekke en twissieke geaardheid.[27] Hierdie reeds vroeg bespeurde bedekte minagting van die Erasmusse deur Deneys het later tot uiting gekom in 'n verontagsaming van Maroela Erasmus se bevele asook argumente tussen hulle. Dit dui daarop dat Deneys nie noodwendig geglo het dat sy bevelvoerders in staat was om die regte leiding aan hom te verskaf nie, met die gevolg dat hy soms die gesag en bevele van sy bevelvoerders geïgnoreer het en sy eie wil gevolg het. Hy het self geoordeel watter offisiere se bevele gehoorsaam moes word en watter nie. Aangesien hy nie die enigste burger was wat so geredeneer het nie, het dit niks goeds vir die Boere se oorlogspoging voorspel nie.

Deneys skryf dat die korporaalskappe gevorm is deur 'n natuurlike keuringsproses. Vriende van dieselfde staatsdepartement of afkomstig vanuit dieselfde gedeeltes van die dorp het byvoorbeeld hulle kookgerei saamgevoeg en sodoende 'n klein militêre eenheid gevorm wat mekaar ondersteun en bygestaan het. Een van die lede is dan as korporaal verkies en alle bevele is deur die persoon na die res van die korporaalskap oorgedra.[28] Deneys se korporaalskap is gelei deur Isaac Malherbe, "…een dappere en bekwame man van wien wij allen zeer hielden". Die korporaalskap het verder bestaan uit die vier Malherbe broers, Joubert Reitz,

[25] D. Reitz, *Commando*, p. 25.
[26] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 74.
[27] D. Reitz, *Commando*, p. 25.
[28] *Ibid.*, pp. 21-22.

Charlie Jeppe (Pretoria), Wouter de Vos (Ceres), Paulkie de Villiers (Paarl), Jan Luttig (Ceres), Lami de Villiers (Paarl), Baby van Rensburg (Pretoria), Sampie van Zijl en 'n paar ander Pretorianers, "…een vroolijke en dappere klomp kêrels".[29] Hulle was meestal jong manne wat in die Staatsdiens, regskantore en winkels in Pretoria gewerk het. Baie min van hulle het militêre opleiding deurloop of was al in 'n oorlog betrokke, maar hulle was almal ywerig en vol vuur.[30]

Deneys het nie 'n hoë dunk van al die burgers in die Pretoriakommando gehad nie. In beide *Commando* en Herinneringen van 1899-1902 skryf hy dat die Pretoriakommando versterk is deur Blikkiesdorpers, "... reinforcements of inferior quality, mostly poor-whites from the burgher-right erven, the slum quarters of Pretoria..." Hy beskryf hulle as 'n moreel en materiële armlastige klas wat na die stede getrek het na die runderpes epidemie van 1896. Volgens hom is hulle verlaag deur die dorpslewe en het hulle so min belanggestel om te veg dat hulle teenwoordigheid eerder 'n nadeel as 'n voordeel was.[31] Hierdie stellings van Deneys was een van die min neerhalende stellings wat hy ooit oor sy eie volk gemaak het en kan heel moontlik toegeskryf word aan sy bevoorregte agtergrond asook die voortvarendheid van 'n jongman wat glo dat die wêreld aan sy voete is. Dit skep egter die indruk dat hy grootdoenerig en verwaand was.

## 3.2 Die Natalse veldtog

Die eerste tien dae na hulle aankoms te Sandspruit het die Reitz-broers deurgebring asof hulle op 'n plesiertog was eerder as op pad na 'n oorlog. Uit nuuskierigheid het hulle elke oggend hulle perde opgesaal, nabygeleë laers gaan besoek en die groot hoeveelhede nuwe aankomelinge dopgehou.[32]

---

[29] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 74.
[30] D. Reitz, *Commando*, p. 20.
[31] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 75; D. Reitz, *Commando*, p. 50.
[32] D. Reitz, *Commando*, pp. 20-21.

Hulle het ook elke oggend by 'n dam sowat drie kilometer van hulle laer af gaan swem.[33]

Die toestand het voortgeduur totdat die oorlog op 11 Oktober 1899 uitgebreek en die Transvaalse kommando's uiteindelik die volgende dag ontplooi is. Piet Joubert was van plan om Natal met drie saamgestelde kommando's vanuit die noorde in te val, met Newcastle as sy eerste doelwit. In ooreenstemming met Joubert se krygsplan het die Pretoriase en Heidelbergkommando's die Buffelsrivier by Engebrechtsdrift oorgesteek en Newcastle op die 14de bereik.[34] Die kruising van die Buffelsrivier is met groot entoesiasme en onder die aanhoudende gesingery van die Volkslied gedoen. Volgens Deneys was die kommandolede almal van mening dat hulle na die Natalse kus onderweg was en dat dit goed was dat die toekoms van hulle verberg was aangesien hulle nie geweet het dat hulle energie en entoesiasme op 'n nuttelose beleëring en beskerming van waardelose posisies vermors sou word nie. In sy terugblik het hy hier reeds vir die eerste keer vermeld dat hulle enigste redding in die oorlog sou wees om vinnig teen die vyand op te ruk.[35]

Anders as wat Deneys en die ander burgers hulleself voorgestel het, het hulle bevelvoerders egter besluit om 'n verdedigende houding teenoor die Britse leër in te neem. In plaas daarvan om aanvalle op die vyand te loods nog voordat hulle enigsins naby die twee Republieke se grense kon kom, het hulle die dorpe van Ladysmith, Kimberley en Mafeking beleër.

Op 17 Oktober is 'n krygsraad op die Natalse front gehou waartydens besluit is dat Erasmus se kommando's, gesteun deur die Staatsartillerie en die Ermelokommando, oor Dannhauserstasie na Dundee moes opruk om die Britse magte in Dundee aan te val en tot oorgawe te dwing. Terselfdertyd sou genl. Lucas Meyer dié dorp vanaf Doringberg in die ZAR nader en aanval.[36]

---

[33] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 17.
[34] C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front 1899-1900*, p. 20.
[35] D. Reitz, *Commando*, p. 26.
[36] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I,* p. 187.

Die Britse kamp was ten weste van Dundee op die Glencoe-pad geleë en was aan omtrent alle kante deur berge, heuwels en rante omring, die vernaamste waarvan die Impatiberg, Talana- en Lennoxheuwel.[37] Ten einde hulle doelwit te bereik, het die Pretoriakommando die Impatiberg die nag van 19 op 20 Oktober 1899 in koue reënweer bestyg,[38] terwyl Meyer se magte die ander twee heuwels verder oos beset het. Die oggend van die 20ste Oktober het Meyer die aanval begin met 'n bombardement op die Britse kamp. Die Britte het kort daarna met 'n teenaanval begin. Die uiteinde van hierdie geveg was dat die Boere uit hulle posisies verdryf is.[39]

Die burgers van die Pretoriakommando, wat opgewonde oor die naderende veldslag was en selfs nie eers deur die aanhoudende reën en digte mis neerslagtig gemaak is nie, was op die ou end nie by die aanval betrokke nie. Meyer se bombardemente vanaf Talanaheuwel het die verwagting dat hulle uiteindelik in 'n geveg betrokke sou wees, geskep, maar Erasmus het geen poging aangewend om sy kommando's aan die aanval te laat deelneem nie. Volgens Deneys het Erasmus slegs in die rigting van die mis gestaan en tuur en moes hulle passief bystaan terwyl die geleentheid om aan 'n geveg deel te neem by hulle verbygegaan het.[40]

Deneys se vuurdoop het later dieselfde dag in die Sondagsriviervallei, noord van Impati, plaasgevind. 'n Troep Britse kavallerie onder bevel van lt.kol. B.D. Möller, aanvoerder van die 18th Hussars,[41] was daarheen gestuur om Meyer se terugtog vanaf Talana na Doringberg te verhoed.[42] Möller se mag het hom egter in 'n afdeling van kaptein Danie Theron se "Wielryders" asook burgers van die Ermelo-kommando vasgeloop en was gedwing om by die opstal van

---

[37] *Ibid.*, p. 215.
[38] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I,* p. 191.
[39] *Ibid.*, pp. 215-231.
[40] D. Reitz, *Commando*, pp. 27-28.
[41] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I,* p. 218.
[42] C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front 1899-1900*, p. 23.

die plaas Adelaide te gaan skuiling soek.[43] Volgens Deneys het ‘n paar van hulle die Britse troepe ook gewaar en agterna gesit. Nadat die plaasopstal omsingel is, het hy vir die eerste keer die opwinding van ‘n geveg ondervind en die gefluit van koeëls rondom sy ore gehoor.[44] Deneys meld dat hy van kleins af daaroor gedroom het om in ‘n geveg betrokke te wees,[45] maar dat hierdie eerste geveg waaraan hy deelgeneem het sy vooropgestelde idees van hoe gevegte is heeltemal verander het, aangesien daar amper niks was om te sien nie. Die soldate was versteek en behalwe vir ‘n helm af en toe en die stofwolkies van die koeëls wat rondom hulle grondvat, het hulle niks van die vyand gewaar nie. Dié geveg het nie lank geduur nie, aangesien die Britte oorgegee het nadat daar met ‘n kanon op hulle geskiet is.[46]

Deneys moes nog een van sy vooropgestelde idees oor die Britte laat vaar deurdat hulle, tot sy teleurstelling, kakie uniforms gedra het en nie sierlik met “…brilliant roode uniform met gouden streepen en een groote beeren-vel helm op de hoofd…” aangetrek was soos wat hy hulle voorgestel het nie.[47] Sy opgewondenheid om uiteindelik aan ‘n geveg te kon deelneem, het ook geseëvier oor sy skok om vir die eerste keer soldate te sien wat in ‘n geveg gesneuwel het en hy het gevolglik nie lank daaroor neerslagtig gebly nie. Na afloop van die geveg het Deneys na die Britse soldate gaan kyk en geselsies aangeknoop met dié van hulle wat bereid was om terug te gesels.[48] Hierdie manier om na afloop van militêre kontak met die vyand te kommunikeer, sou ‘n eienskap word wat Deneys dwarsdeur sy lewe bygebly het en ongeag sy omstandighede, het hy altyd die tyd gevind om situasies te ondersoek en met vriend en vyand te gesels. Sodoende het hy, volgens sy eie vertelling, die begrafnis van genl. sir William Penn Symons, die bevelvoerder van die Britse magte by Dundee, as enigste Boere-verteenwoordiger bygewoon.[49]

---

[43] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I,* p. 230.
[44] D. Reitz, *Commando*, pp. 29-30.
[45] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 36.
[46] D. Reitz, *Commando*, p. 30.
[47] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 35.
[48] D. Reitz, *Commando*, p. 31.
[49] *Ibid*., p. 33; Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 46-47.

Na die besetting van Dundee op 23 Oktober het die Boeremagte winkels en huise geplunder en besteel en ernstige skade is aangerig voordat hulle offisiere uiteindelik daarin kon slaag om hulle te stop. Deneys en Joubert het ook aan die plundery deelgeneem en het genoeg kos in die hande gekry om 'n fees te hou. Die vraag kan egter gevra word waarom die seuns van 'n vooraanstaande leier van die ZAR hulle enigsins aan plundery kon skuldig maak. Dit was tog nie asof hulle nie aan beter gewoond was nie. Deneys se verduideliking was dat hulle dit nie gedoen het oor wat hulle daaruit kon kry nie, maar omdat die genot om ander mense se eiendom te deursoek en te plunder te moeilik was om te weerstaan. Hierdie standpunt stem tot 'n groot mate ooreen met Pretorius se bevinding dat die plase en dorpe basies verlate was en dat dit vir die burgers moeilik was om hier aan die begin van 'n "groot avontuur" 'n verlate huis vol onbekende aantreklikhede uit te los. 'n Verdere verduideliking was ook dat die gevoel bestaan het dat aangesien die Britte die oorlog begin het, hulle daarvoor moes betaal en dat die burgers hulle gevolglik nie daarvan sou weerhou om te neem wat hulle wou hê nie.[50] Dit is ook hier waar Deneys begin het om "aandenkinge" wat hy van die Britse soldate gebuit het, bymekaar te maak[51] - 'n aktiwiteit wat hy dwarsdeur die oorlog bygehou het.

Die oorlog in Natal illustreer ook ander eienskappe van Deneys, naamlik sy humeur en hardkoppigheid. Hy verwys byvoorbeeld daarna hoe hy hom vir 'n gevange Britse soldaat vererg het wat "…de cheek…" gehad het om vir hom te sê dat die Boere 'n les geleer sou word wanneer genl. Redvers Buller op die toneel verskyn. Deneys het nie geweet wie Buller was nie, maar het nie met die soldaat saamgestem nie. Hy het egter nie verder met hom geargumenteer nie aangesien die Britse soldaat gewond was en "…dus kon ik hom niet voldoended beantwoorden".[52] Sy humeur het ook tot uitbarsting gekom toe hy sy afgedwaalde Basoetoponie teen 'n wawiel vasgemaak gevind en hom probeer terugneem het. 'n Paar rapportryers het hom verhoed

---

[50] D. Reitz, Commando, p. 32; F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp. 236-237.
[51] D. Reitz, *Commando*, pp. 32-33.
[52] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 66-67.

om dit te doen "…en er ontstond bijna burger-oorlog want ik weende naderhand van woede en dreigde om onder hen te schieten want ik was heelemal razend en was vast besloten om die Basoet niet aftegeven." Gelukkig het die rapportryers later ingestem om die ponie aan hom terug te gee en die dreigende botsing is afgeweer.[53]

'n Verdere eienskap van Deneys, wat hy na die Slag van Talana vir die eerste keer noem en wat later gedurende die oorlog baie duidelik na vore gekom het, is 'n probleem met gesag, veral wanneer dit gekoppel word aan wat hy sien as bevele van 'n onbeholpe bevelvoerder. Die gebrek aan respek vir sy offisiere kan veral gesien word in sy verhouding met genl. Erasmus. Tydens die onderonsie met die rapportryers oor sy Basoetoeponie het hulle gedreig om die saak by Erasmus aanhangig te gaan maak, maar Deneys het hom nie daaraan gesteur nie. In 1903 verklaar hy in sy Herinneringen van 1899-1902 dat hy nie vir Maroela se geskrewe opdragte bang was nie.[54] Dit blyk egter dat hy ook nie bang was om in woordewisselings met Erasmus betrokke te raak nie. Kort na die voorval met die rapportryers het hy en Erasmus geargumenteer omdat hy op 'n Sondag met sy perd rondgery het.[55] Ironies genoeg meld Deneys in dié stadium dat hy "...still had some respect for authority".[56]

Wat was die beweegredes agter Deneys se gebrek aan respek vir sy bevelvoerders? Was dit sy afkoms wat hom moontlik arrogant en verwaand gemaak het, of het daar iets meer daaragter gesteek? Was hierdie eienskap uniek aan hom, of was dit 'n benadering wat deur die meeste van die burgers gevolg is? Sy vader was na alles voorheen president van die Vrystaat en in daardie stadium Staatsekretaris van die ZAR en Deneys was gewoond daaraan om in kontak te kom met die belangrike persone waarmee sy vader geskakel het. Die moontlikheid bestaan dus dat hy as gevolg van sy algemene omgang met die bekende en belangrike persone van die tyd begin

---

[53] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 81-82.
[54] *Ibid.*, p. 82.
[55] *Ibid.*, p. 123.
[56] D. Reitz, *Commando*, p. 31.

dink het dat ander mense nie sy gelyke is nie, selfs al beklee hulle hoër posisies in die samelewing as hy. As egter gekyk word na die avontuurlustige en onafhanklike aard van Deneys se persoonlikheid, kan daar ook gespekuleer word dat dit 'n verdere bydrae tot sy verontagsaming van bevele en weersin in reëls en regulasies gelewer het. Die aard van die Boeremagte kon egter ook 'n invloed op sy optredes gehad het. Volgens Breytenbach was daar, anders as in 'n Europese leër soos dié van Brittanje, geen skeiding tussen offisiere en hulle ondergeskiktes in die Boeremagte nie. Die Boere-offisiere en die burgers was buite die oorlogsituasie gewoonlik mekaar se gelykes, het baie male dieselfde beroepe gevolg en was baie keer selfs vriende. Die veldkornet of kommandant is normaalweg op 'n demokratiese wyse vir 'n bepaalde tydperk as offisier verkies en die burgers het hulle nie noodwendig as hulle militêre meerderes beskou nie. Hulle moes dus rekening hou met die persoonlike inisiatief van die burgers en hulle as leiers inspireer en hulle bewegings rig en koördineer eerder as om hulle bevele te gee volgens streng militêre voorskrifte. Indien dit nie gedoen is nie, kon die burgers baie maklik van hulle offisiere ontslae geraak het.[57] Die moontlikheid dat Deneys hierdie stelsel tot sy uiterste beproef het, is besonder goed en dit gee nog 'n verduideliking oor waarom hy hom nie veel aan gesag gesteur het nie.

Teen 28 Oktober het die Boeremagte in die omgewing van Ladysmith begin ontplooi met die oog op die stryd teen die Britse magte daar. Die Pretoriakommando het stelling op die hoë rante ten noorde van Pepworthheuwel wat oor die Tintinyoni tot by Nicholsonsnek gestrek het, ingeneem.[58] Deneys was aanvanklik nie by toe die Pretoriakommando hulle posisie ingeneem het nie aangesien hy deur Erasmus aangewys is as deel van 'n groep burgers wat verdere plundering in Dundee moes verhoed, iets waaroor hy (Deneys) nie gelukkig was nie en wat boonop redelik ironies was aangesien hy aanvanklik self ook aan die plundery deelgeneem het. Toe hy egter verneem dat die moontlikheid van verdere gevegte bestaan, het hy hom

[57] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I,* pp. 48-49.
[58] *Ibid.*, p. 306.

teen die bevele van sy tydelike korporaal, Paul de Villiers, weer by die Pretoriakommando gaan voeg. Oor die verontagsaming van 'n direkte bevel is hy in 'n latere stadium ook deur Erasmus geroskam.[59]

Op 29 Oktober het lt.-genl. sir George White, Britse bevelvoerder te Ladysmith, besluit om 'n aanval op die Boeremagte rondom Ladysmith te loods en hulle met een groot slag te probeer uitwis. Sy krygsplan was daarop gemik om, onder dekking van swaar bombardemente, eers Long Hill en daarna Pepworthheuwel in 'n infanteriestormloop in te neem. Dit sou tot gevolg gehad het dat beide die Vrystaatse en Transvaalse magte geïsoleer en teruggedryf word. Terselfdertyd sou 'n mag wat bestaan het uit die 1st Royal Fusiliers, die 1st Gloucestershire Regiment en die 10de battery bergartillerie, onder leiding van lt.-kol. F.R.C. Carleton, na Nicholsonsnek gestuur word met die doel om die hoof aanvalsmag se linkerflank te dek. Gedurende die nag van 29-30 Oktober het die aanvalsmag Ladysmith verlaat om hulle verskeie stellings te gaan inneem. Carleton, uit vrees dat hy nie sy doelwit voor dagbreek sou bereik nie, het besluit om 'n koppie sowat twee kilometer voor Nicholsonsnek, Cayingubo, te beset. Die Britse troepe is egter deur van genl. Erasmus se brandwagte gewaar en waarskuwingskote is op hulle gevuur. In die deurmekaarspul wat daarop gevolg het, het van die Britse pakmuile losgeruk en weggehardloop. Ten spyte van dié gebeure het Carleton se troepe voortgegaan om die heuwel te beset.[60]

Tydens die Britse bestyging van Cayingubo het Deneys en sewe ander burgers brandwag gestaan op 'n heuwel aan die heel regterkant van die Boere-linie. Vanuit hulle posisie het hulle oor die vlakte na Ladysmith uitgekyk. 'n Breë vallei was aan hulle regterkant tussen hulle stellings en Nicholsonsnek. Met ligdag het hulle die Britte op Cayingubo gewaar en op hulle losgebrand. Die lang afstand het enige akkurate skietwerk in die wiele

---

[59] D. Reitz, *Commando*, pp. 33-34.
[60] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I,* p. 329.

gery, maar dit het die effek gehad om die kommando's, wat sowat 350 meter verder terug uitgespan het, te waarsku van wat besig was om te gebeur.[61]
Die daaropvolgende gevegte het vir Deneys verskeie herinneringe ingehou. Ten eerste was hy aanvanklik so oorweldig deur die geraas wat deur die opponerende Boere- en Britse magte se kanon- en geweervuur veroorsaak is, dat dit 'n rukkie geneem het voordat hy homself kon regruk om ook ywerig aan die skietery deel te neem. Die tweede herinnering was sy besorgdheid oor sy broer Joubert, van wie hy etlike dae vantevore geskei is. Hy het gedurende dié geveg verneem dat Joubert besig was om diens te doen by een van die Creusot-kanonne op Pepworthheuwel en het, uit vrees vir sy broer se lewe, sonder om twee maal te dink op sy perd gespring en soontoe gejaag. Deneys kon egter nie vir Joubert oorreed om saam met hom na hulle kommando terug te keer nie en moes onverrigter sake na sy eie posisie teruggegaan.[62]

'n Kommando van ongeveer driehonderd Vrystaters, gesteun deur die Johannesburgse polisie, het Cayingubo intussen bestyg en 'n aanval op die Britse mag daar geloods.[63] Op 'n voorstel van Isaac Malherbe het Deneys en sowat 'n dosyn ander burgers hulle posisies verlaat en by die Vrystaters aangesluit. Die twee opponerende magte was besig om op 'n afstand van sowat 35 meter op mekaar te skiet en Deneys-hulle het gretig hierby ingeval. Volgens Deneys het die Vrystaters se akkurate skietvermoëns veroorsaak dat die Britte stelselmatig teruggedryf is en dat hulle teen 12:00 oorgegee het.[64]
Deneys gee die krediet vir dié oorwinning op Cayingubo aan die Heilbronkommando, asook wnd.kmdt. C.R. de Wet. Deneys het De Wet hier vir die eerste keer teëgekom en dié se besielende optrede, vurige oë en vasberade gelaat, het 'n definitiewe indruk op hom gemaak.[65]

---

[61] D. Reitz, *Commando*, pp. 37-38.
[62] *Ibid.*, pp. 39-41.
[63] C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front 1899-1900*, p. 31; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I,* p. 331.
[64] D. Reitz, *Commando*, pp. 41-42.
[65] *Ibid.*, p. 42.

Die beoogde Britse aanvalle op Long Hill en Pepworthheuwel is ook gefnuik en die daaropvolgende Britse terugtrekking na Ladysmith[66] het veroorsaak dat Deneys Piet Joubert ernstig gekritiseer het. 'n Aanval op die retirerende Britse magte sou die Boere die geleentheid gebied het om hulle vyand 'n ernstige nekslag toe te dien. Onderwyl De Wet, volgens Deneys, "Los jou ruiters; Los jou ruiters" in die hoop dat Piet Joubert die retirerende Britse magte sou aanval en oorrompel, geprewel het, het Joubert die vyand die geleentheid gegun om ongehinderd terug te val. Deneys haal vir Erasmus aan volgens wie Joubert glo gesê het "When God holds out a finger, don't take the whole hand". Deneys se interpretasie van die stelling was dat God hulle reeds genoeg bygestaan het op dié spesifieke dag en dat hulle nie aanmatigend moes wees om meer te wil hê nie. Dit het egter nie beteken dat hy hierdie gevoelsuiting gedeel het nie.

Deneys en dit is waarskynlik weer sy volwasse self wat dié opinie in 1929 uitspreek, skryf in *Commando* dat hulle optredes tydens die aanvanklike gedeelte van die oorlog deur 'n gebrek aan visie beperk is. Hy was selfs van mening dat dit dalk beter sou gewees het as die Britte dié veldslag gewen het, aangesien dit die Boereleiers sou dwing om 'n beter gevegstaktiek te volg as om Ladysmith te beleër. Deneys het geglo dat die uitslag van die oorlog heel moontlik anders sou gewees het as die Boere na die kus opgeruk het eerder as om dorpe wat van geen belang was nie, te beleër. Volgens hom het die Boereleiers die voordeel van hulle groter mobiliteit opgegee en toegelaat dat uitstekende guerrillavegters stagneer en demoraliseer as gevolg van die eentonigheid van die beleëringstaktiek.[67] Alhoewel Deneys se kritiek teenoor genl. Joubert geregverdig was, was hy waarskynlik nie bewus van die redes waarom die dorp beset is nie en wysheid nadat 'n gebeurtenis plaasgevind het, maak dit altyd makliker om kritiek uit te spreek. Die inname van Ladysmith was vir die Boere om twee redes belangrik. Eerstens omdat die hoofspoorlyne vanuit die Transvaal en Vrystaat daar bymekaar gekom het en die besit daarvan die optrede van die Boeremagte in Natal sou

[66] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I,* pp. 323-329.
[67] D. Reitz, *Commando*, pp. 43-44.

vergemaklik het en tweedens omdat daar 'n groot hoeveelheid krygstuig in die dorp was wat die Boere se paadjie vorentoe sou vergemaklik het as hulle dit in die hande kon kry.[68] Deneys se kritiek dat Joubert 'n gebrekkige toekomsblik gehad het, neem dus waarskynlik nie die Boerebevelvoerder se doelwitte in ag nie.

Die beleg van Ladysmith het twee dae na die gevegte by Nicholsonsnek begin en het behels dat 13 500 Britse soldate vir 119 dae vasgekeer is.[69] Die doel van die beleg was nie om die dorp deur direkte aanvalle in te neem nie, maar om die weerstand van die Britse troepe geleidelik af te breek. Die Boerekommando's is gevolglik so geplaas dat hulle die verdedigers bloot deur middel van bombardemente kon aanval.

Die Pretoriakommando was noord van Ladysmith op Thornhillskop, Vaalkop (Surprise Hill), Bellskop en die heuwels wat ten ooste daarvan uitgestrek het tot aan Pepworthheuwel, geposisioneer.[70] Deneys het op Bellskop stelling ingeneem. Aangesien dit hulle permanente posisie in die kordon wat rondom Ladysmith getrek is, sou word, het hulle begin om skuilings te bou en die laer vir hulle eie gerief in te rig. Hier is Deneys en sy broer Joubert weer herenig en tot hulle groot blydskap het hulle agterryer Charley hom ook by hulle aangesluit. Charley se aankoms het aan hulle die geleentheid gegee om onmiddellik hulle normale kamppligte soos kosmaak, water gaan haal en perde-oppas, aan hom oor te dra. Aangesien hy ook hulle koskas vol gehou het, het dit gou die ander burgers op hulle jaloers gemaak. Die broers het gevolglik 'n rustige tydperk deurgebring en 'n gemaklike lewe gelei. Al wat hulle gedoen het, was om op die Britse buiteposte te skiet, te gaan kyk hoe daar met kanonne op die dorp gevuur word, of om by naby geleë laers te gaan besoek af lê. Hulle het een keer 'n week by 'n Noorweegse oom van

---

[68] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, II. Die Eerste Britse Offensief Nov. – Des. 1899*, p. 414.

[69] A.J. McCleod, The psychological impact of guerrilla warfare on the Boer forces during the Anglo-Boer War (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), p. 22.

[70] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, II*, p. 421.

hulle, Theodor Thesen, wat by die Vrystaatse kommando was, gaan kuier[71] en nuwe jaar 1900 het Deneys saam met 'n ander oom van hom, Jan Mulder, by die Swazilandsekommando deurgebring.[72] Volgens Deneys was die dae so rustig en eentonig dat hulle begin lui raak het en hy het gewonder of hulle ooit weer "werk" sou kry om te doen.[73]

Deneys en sy broers se gedrag om te verkas wanneer hulle die bevlieging gekry het, moes vir hulle bevelvoerders 'n groot kopseer veroorsaak het. Alhoewel verbonde aan die Pretoriakommando, het hulle hulself die reg toegeëien om te kom en gaan soos wat hulle wou. Hierdie benadering het waarskynlik loodreg ingedryf teen die vereistes van hulle offisiere, nie net ten opsigte van deelname aan gevegte nie, maar ook ten opsigte van hulle normale dagtake. Van die burgers is verwag om te help met die slag van vee, kosmaak, brandwag en perdewag staan en om op patrollies vir verkenningsdoeleindes te gaan. Die afwesigheid van die Reitz-broers uit hulle kommando en korporaalskap sou dus addisionele druk op die res van die kommando plaas om hulle take af te handel en, alhoewel Deneys niks daarvan meld nie, kon dit nie altyd aanvaarbaar gewees het nie. Spruit hierdie gedrag van Deneys en sy broers uit die arrogansie van hul afkoms en hul vader se posisie, of was dit gedrag wat algemeen onder die burgers voorgekom het? Amptelik is die burgers in die stellingskrygsfase nie toegelaat om die laers na willekeur te verlaat nie, maar hulle het tog 'n mate van bewegingsvryheid geniet.[74] Dié optrede was dus nie uniek aan die Reitz-broers nie, maar Deneys se beskrywing daarvan skep die indruk dat hulle sulke geleenthede redelik gereeld vir hulleself gegun het. Daarin lê dus 'n mate van arrogansie opgesluit wat waarskynlik nie by die ander burgers voorgekom het nie.

---

[71] D. Reitz, *Commando*, pp. 45-47. (In Herinneringen van 1899-1902 verwys Deneys na sy oom as Doris Thesen.)
[72] D. Reitz, *Commando*, pp. 60-61.
[73] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 83.
[74] F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 127.

Die tydperk wat Deneys tydens die beleëring van Ladysmith deurgebring het, is verder daardeur vergemaklik dat die burgers, behalwe vir brandwagstaan, geen werklike militêre pligte gehad het om uit te voer nie. Hulle is nie onderwerp aan drilsessies of parades nie en selfs die brandwagstaan is nie besonder ernstig opgeneem nie. Gedurende die dag is geen wagte uitgeplaas nie en snags het hulle soms so naby aan die Britse buiteposte waggestaan dat hulle en die Britse wagte skertsend vir mekaar boodskappe geskreeu het. Die wagstanery het gewoonlik behels dat 'n groep van twintig of so burgers nader aan die vyand beweeg het totdat hulle neutrale grond bereik het. Twee burgers het dan op 'n slag waggestaan terwyl die res van hulle hulle skoene uitgeskop en geslaap het totdat dit hulle beurt was om wag te staan.[75] Volgens Deneys het sy Noorweegse oom die brandwagstanery op 'n ongewone manier tot 'n redelike kuns vervolmaak. Klaarblyklik het sy oom 'n verebed, komberse en kussings in sy kapkar gelaai en gery na die plek waar hulle moes wagstaan. Daar het hy sy perde uitgespan, een van die jong burgers 'n halfkroon betaal om sy wagbeurt oor te neem, sy beddegoed uitgesprei en gaan slaap. Die volgende oggend het hy alles weer opgepak en na die laer teruggery.[76]

Gedurende die nag van 10 Desember 1899 is hierdie rustige leefwyse van Deneys versteur toe lt.-kol. C.T.E. Metcalfe, bevelvoerder van die 2nd Rifle Brigade en 488 troepe 'n aanval op die Boere se houwitzer op Vaalkop geloods het. Slegs die korporaalskappe van 'n korporaal Tossel, wat aan die voet van Vaalkop was en dié van Isaac Malherbe wat êrens op die vlakte tussen Observation Hill en Vaalkop was, is as brandwagte uitgeplaas. Die gevolg was dat Metcalfe en sy troepe die koppie sonder veel weerstand kon bestyg en die houwitser verniel. Met hulle terugtog het hulle hulle egter in Isaac Malherbe se korporaalskap, waarvan Deneys deel was, vasgeloop. Die geveg het begin in 'n droë spruit waar Malherbe se korporaalskap reg in die pad van die terugvallende Britse soldate posisie ingeneem het. Die burgers het so vinnig as wat hulle kon sarsie na sarsie in die naderende Britse soldate afgevuur, maar

[75] D. Reitz, *Commando*, p. 52.
[76] *Ibid.*, p. 62.

hulle was in die minderheid en kon nie verhoed dat die Britse soldate verby hulle swenk om weg te kom nie. Deneys was in hierdie tydperk in 'n stoeigeveg met 'n Britse soldaat betrokke en was gelukkig om hom te oorrompel. Hy het egter nie kans gesien om hom dood te skiet nie en het hom opdrag gegee om net daar te bly totdat hy hom weer kom haal. Tot Deneys se groot verbasing het die soldaat die volgende oggend nog rustig vir hom gesit en wag. In 'n verdere voorval is hy byna met 'n bajonet gesteek, maar dié is gelukkig tussen sy arm en sy lyf deur sonder om aan hom te raak. Teen drie-uur die oggend was hulle ammunisie byna op en kon hulle nie anders as om te sit en toekyk hoe die laaste van die soldate verby hulle terug na Ladysmith stroom nie.

Volgens Deneys het hulle die volgende oggend meer as 60 dooie en gewonde Britse soldate binne 'n omtrek van skaars meer as 20 meter van hulle af getel. Hy sê verder ook dat hulle boonop sowat 20 Britse soldate gevange geneem het, onder andere die een wat hy opdrag gegee het om vir hom te wag. Slegs vier burgers het gesneuwel, naamlik sy tentmaat Samuel van Zyl en drie ander burgers wat hulle gedurende die nag te hulp gesnel en toe in van die Britse troepe vasgeloop het. Hierdie syfers word egter deur Breytenbach betwis. Volgens 'n opgaaf wat hy van veldkornet Zeederberg aanhaal, was daar op die hele gevegsterrein slegs 26 Britse gesneuweldes, 14 gewondes en tien gevangenes. Ongeag die korrektheid van Deneys se statistieke, het die geveg, volgens Deneys, die gevolg gehad dat die korporaalskap van Isaac Malherbe van toe af as die beste in die Pretoriakommando beskou is.[77]

In 'n poging om Ladysmith te ontset, het genl. sir Redvers Buller 'n aanval op die Boerestellings in die heuwels aan die Tugela noord van Colenso geloods. Na twee dae van volgehoue Britse bombardement, het die Britse soldate op 15 Desember in die rigting van die rivier opgeruk. Die Boerestellings was egter so geleë dat hulle op hulle vyand met geweer- en kanonvuur kon lostrek

[77] D. Reitz, *Commando*, pp. 54-59; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, II*, pp. 444-449.

en die Britse opmars is met swaar verliese aan Britse kant gestuit. Buller se eerste poging om Ladysmith te ontset, was 'n hopelose mislukking.[78]

Tydens 'n krygsraadsvergadering op 3 Januarie 1900 het die Boereleiers besluit om op 6 Januarie 'n algemene aanval op Platrand te loods.[79] Platrand, 'n lang plat rant wat oor 'n afstand van 4 kilometer van oos na wes gestrek en die hele suidelike aansig van Ladysmith gedek het, is deur die Boere gesien as die sleutel tot die ontsluiting van die dorp en sy verdedigingstellings. Dié rant was sowat 2 700 meter van die middel van die dorp geleë en vanaf die kruin daarvan sou die dorp, asook die Britse stellings daarom, met artillerievuur bestook kon word. Vanuit die suide kon daar drie koppies op die rant gesien word, naamlik Wagon Hill en Wagon Point aan die westelike kant en Ceasar's Camp aan die oostelike punt.[80]

Die Boere se aanvalsplan het behels dat die Vrystaatse kommandante Theunissen en De Villiers en die kommandante van die Transvaalse kommando's Utrecht en Vryheid en hulle burgers Platrand sou bestorm en inneem. Hulle sou bygestaan word deur burgers van die veldkornetskappe van die kommando's van Heilbron, Kroonstad, Wakkerstroom, Heidelberg en Krugersdorp. Die Vrystaters sou Wagon Hill en die Transvalers Ceasar's Camp aanval. Terselfdertyd moes Erasmus se Pretoriakommando, met die steun van die kommando's van Lydenburg en Carolina, 'n aanval op die Britse posisies aan die noordekant van Ladysmith loods. Die doel hiermee was om die vyand se aandag te verdeel en dit van die aanval op Platrand af te trek.[81]

Erasmus se magte het hulle opdrag om die Britse troepe van die Helpmekaarrant af tot by Observation Hill in hulle stellings vas te pen, heeltemal onvoldoende uitgevoer. Slegs op een punt het 'n aanval

---

[78] F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 17.

[79] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, III. Die Stryd in Natal Jan.–Febr. 1900*, pp. 12-13.

[80] *Ibid.*, p. 14.

[81] *Ibid.*, pp. 12-13 en 19.

plaasgevind, naamlik op die sogenaamde rooi fort op Observation Hill. Die aanval is deur die veldkornetskappe van Zeederberg en H.J.H. Glas uitgevoer,[82] en het die korporaalskap van Isaac Malherbe ingesluit. Volgens Deneys het slegs ongeveer die helfte van die sowat 400 man wat aanvanklik aan die aanval sou deelneem, uiteindelik die moed gehad om daarmee voort te gaan. Toe hulle aanval boonop teen dagbreek met swaar geweervuur begroet is, het dit die res van hulle ook laat twyfel of hulle daarmee moes aangaan. Een van die burgers, Johan Willemse, 'n polisieman en oud-artilleris, het egter so 'n oortuigende pleidooi gelewer dat hulle die aanval moes voortsit, dat hulle die fort sonder enige twyfel bestorm het. Die fort was op 'n lae klipkoppie direk agter die Harrismith spoorlyn geleë, met bitter min skuilplek. Deneys, sy broer Joubert, Isaac Malherbe en 'n paar ander het daarin geslaag om agter 'n klompie rotse sowat 20 meter vanaf die fort te gaan stelling inneem. Van hier af het hulle op die fort gelê en skiet terwyl hulle gewag het vir die bevel om dit te bestorm. Enige verdere gedagte aan 'n aanval is egter laat vaar nadat Willemse en ses ander burgers in 'n stormloop doodgeskiet is. Dit het Deneys-hulle geen ander keuse gelaat as om onverrigter sake terug te val tot waar die res van die aanvalsmag geskuil het nie. Om 'n terugtog na die heuwel waar die meerderheid van die Pretoriakommando hulle bevind het te onderneem, sou egter selfmoord wees aangesien hulle oor 'n oop veld sou moes beweeg terwyl hulle hulself aan Britse geweervuur blootstel. Hulle het gevolglik besluit om eerder vir die res van die dag te bly waar hulle was.[83]

Terwyl hulle gelê en wag het dat die dag moes verbygaan, het Deneys uit verveeldheid 'n koerant wat hy in sy sak gehad het, gelees. Vir afwisseling het hy ook geslaap. Die twee aktiwiteite het hom, volgens sy eie vertelling, berug gemaak. Ten eerste het die ander burgers gewonder oor hoe hy onder so 'n lawaai en in so 'n gevaarlike posisie kon slaap. Hy kon egter nie verstaan wat hulle probleem met sy geslapery was nie. Vir hom was dit heel

[82] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, III,* pp. 51-52.
[83] D. Reitz, *Commando*, pp. 63-66; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, III*, pp. 52-53.

natuurlik: "... ik was jong en in mijn groeityd zoodat, in die dagen, als die slaap mij overviel, neem het meer dan Britsche kanon vuur om mijn rust te stooren."[84] Wat hom egter die meeste ontstel het, was dat sy koerantlesery die burgers wat hulle vanuit hulle skuilings verder agtertoe dopgehou het, onder die indruk gebring het dat hy besig was om 'n witvlag voor te berei om oor te gee. Hierdie gerug het vinnig tussen die kommando's in Ladysmith versprei en dit het hom glad nie beïndruk nie.

Deneys en sy makkers is uit hulle netelige situasie verlos toe 'n storm teen vyfuur die middag opgesteek en aan hulle die dekking gegee het om vanuit hulle posisies te onttrek. Hulle het egter 'n miserabele nag deurgebring omdat die storm hulle tente en besittings weggespoel het en hulle nie kon vuur maak of hulle klere kon droogmaak nie. Hulle is verder ongelukkig gemaak deur die gedagte dat hulle uit selfsugtigheid hulle gewondes en dooies op die slagveld agterlaat het. Die volgende oggend het hulle nog meer neerslagtig geraak toe hulle verneem het dat die aanval op Platrand misluk het en dat 300 man in die aanval verloor is.[85] Deneys se statistieke ten opsigte van die hoeveelheid burgers wat in die slag gebly het, word deur Breytenbach weerspreek. Volgens hom was die totale verlies van die Boeremagte 181.[86] Tydens die aanval op die rooi fort het een van Deneys se tentmaats, Frank Roos, gesneuwel en nadat hulle sy liggaam gaan haal het, het Deneys gewonder wie van hulle volgende sou sterf.[87]

Ongeveer 'n week later het veldkornet Zeederberg aan Deneys veertien dae verlof toegestaan wat hy gebruik het om vir sy ouers in Pretoria te gaan kuier.[88] Volgens Deneys se beskrywing in Herinneringen van 1899-1902 is dié verlof aan hom toegestaan omdat vier van die Reitz-seuns op kommando was nadat sy broers Hjalmar (kort voor nuwe jaar 1900) en Arnt (12 Januarie

---

[84] D. Reitz, *Commando*, p. 67; Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 119-120.
[85] D. Reitz, *Commando*, pp. 67-68.
[86] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, III*, p. 57.
[87] Deneys Reitz, *Commando*, p. 68.
[88] *Ibid.*, p. 69.

1900) ook by hulle aangesluit het.[89] In *Commando* het Deneys egter die volgorde van die gebeure verander . Hy skryf dat sy verlof voor die slag van Spioenkop was en dat Hjalmar en Arnt eers daarna by hulle aangesluit het.[90] Vanweë die tydsverloop na die oorlog tot en met die publikasie van *Commando* in 1929, was die weergawe in Herinneringen van 1899-1902, wat in 1903 geskryf is, varser in Deneys se geheue en moet dit as die meer akkurate weergawe aanvaar word.

Of sy verlof wettig was, is ook te bevraagteken, aangesien president Kruger op 8 Januarie 1900 'n bevel uitgevaardig het waarvolgens alle verlof opgeskort is vanweë die ernstige militêre situasie.[91] Die kwessie is egter dat Deneys by Zeederberg verlof gekry het ten spyte van Kruger se opskorting daarvan en dit dui daarop dat Deneys deur sy offisiere bevoordeel is, na alle waarskynlikheid omdat hy F.W. Reitz se seun was. Wat veral betekenisvol hieraan is, was dat Deneys hom dit laat welgeval het en dat dit heel waarskynlik sy arrogansie verder gevoed het.

Volgens Deneys het hy die verlof nodig gehad omdat hy "verlofpest" (heimwee) gehad het. In Herinneringen van 1899-1902 stel hy dit baie duidelik dat hy nie aan die siekte van die sogenaamde versigtige burgers, "bom koorts", gely het nie.[92] Die indruk word geskep dat hy dit nie sou kon verdra as iemand sou dink dat hy bang was of wou weghardloop van die oorlog nie. Hierdie is 'n gevoel wat dwarsdeur sy lewe by hom gebly het, naamlik die vrees dat iemand sy optredes verkeerd kon verstaan, of sy redes oor waarom hy iets doen of sê, verkeerd kon interpreteer. Dit skep die indruk dat hy gesteld was op wat ander mense van hom gedink het. Heel moontlik was hy boonop na sy verlof spyt daaroor dat hy wel op verlof gegaan het en dit het moontlik bygedra tot die onderskeid wat hy tussen verlof pest en bom koorts getref het.

---

[89] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 113 en 123.
[90] D. Reitz, *Commando*, pp. 69 en 82.
[91] F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 220.
[92] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 123.

In Pretoria en tot Deneys se teleurstelling, het sy vader sy verlof vinnig kortgeknip. Deneys het daarna uitgesien om weer rustig by die huis te wees en goeie kos te eet, maar sy vader het gevoel dat sy plek in Natal by die kommando's was. Frank Reitz het verwag dat die Britte binnekort weer 'n groot aanval op die Boeremagte sou loods en het gevolglik daarop aangedring dat Deneys na Natal terugkeer. Ten spyte van sy teleurstelling het Deneys aan sy vader se versoek gehoor gegee en op 23 Januarie 1900 arriveer hy weer terug by die kommando,[93] net betyds om aan die slag van Spioenkop deel te neem.

In 'n tweede poging om Ladysmith, na die Britse nederlaag by Colenso op 15 Desember 1899, te ontset, het genl. Redvers Buller besluit om Ladysmith vanaf twee kante te nader. Genl.maj. N.G. Lyttelton sou die Tugelarivier by Potgietersdrif kruis om sodoende die Boere wat aan die noorde kant van die rivier was, besig te hou. Terselfdertyd moes lt.genl. sir Charles Warren die rivier by Trichardtsdrif kruis met drie infanterie brigades, 'n berede brigade en ses batterye veldartillerie (altesaam 15 000 man en 36 kanonne). Hy was veronderstel om na die weste van Spioenkop te beweeg en die Boeremagte sodoende te omseil. Vanaf die Acton Homes area moes hy dan in die rigting van Ladysmith beweeg.

Ooreenkomstig Warren se aanvalsplan het 'n troepemag van sowat 1 700 man onder bevel van genl. E.R.P. Woodgate Spioenkop die nag van 23 op 24 Januarie 1900 in digte mis en reën beset en die brandwagte wat daar gepos was, verdryf. Die mag het bestaan uit die Lancashire Fusiliers, die South Lancashires, die Royal Lancasters en die 17th Field Company Royal Engineers. Lt.kol. W.A. Thorneycroft, aanvoerder van Thorneycroft's Mounted Infantry, het die aanval gelei.[94]

Met hulle aankoms op Spioenkop het die Royal Engineers onmiddellik begin om 'n loopgraaf te grawe in wat hulle gedink het die noordelike hoogste punt

---

[93] D. Reitz, *Commando*, p. 69.
[94] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, III*, pp. 178-181.

van Spioenkop se kruin was, maar wat later geblyk het tussen 70 en 180 meter van die kruin weg was. Die grawe van die loopgraaf is bemoeilik deurdat die genietroepe nie oor die regte toerusting beskik het nie en hulle hulle boonop na 'n paar sentimeter in 'n soliede rotslaag vasgeloop het. Al wat hulle op die ou end kon doen, was om wye vore van 45 sentimeter diep uit te grawe en lae borswerings voor die slote op te stapel met die grond en hope klippe wat volop op die heuwel was.[95]

Die brandwagte wat van Spioenkop verjaag is, het genl. Schalk Burger, wat verantwoordelik was vir die verdediging van die sektor waarin Spioenkop geval het, gewaarsku van die Britse besetting van Spioenkop. Hy het aan kommandant Hendrik Prinsloo met 84 man van die Carolinakommando opdrag gegee om die kop te bestorm.[96] Genl. Botha het later versterkings teen die berg uitgestuur, insluitende 30 man van die veldkornetskap Pretoria-dorp onder veldkornet Zeederberg, 'n klompie uit die Pretoriadistrik onder kommandant "Rooi" Daniel Opperman en manskappe van die Johannesburgse kommando, die Duitse korps onder lt. Schmitz-Dumont en die kommando Krugersdorp onder veldkornet J. Kemp.[97] Deneys, sy broer Joubert, Charles Jeppe, Walter de Vos, Robert Reinecke en verskeie ander burgers van Isaac Malherbe se korporaalskap het deel van die mag uitgemaak.[98]

Toe die mis teen 08:00 die oggend van die 24ste Januarie wegtrek, het 'n geweldige geveg om besit van die plato uitgebreek. Die Britse troepe is van drie kante af bestook en genl. Woodgate is dodelik gewond. Kol. Thorneycroft, wat in die veld bevorder is tot generaal, het die bevel by hom oorgeneem. Teen ongeveer 09:00 het die Boere grofgeskut onder bevel van maj. Wolmarans van die Transvaalse Staatsartillerie die kop begin bestook. Die bombardement is dwarsdeur die dag met dodelike akkuraatheid

---

[95] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, III*, pp. 182-184.
[96] *Ibid.*, pp. 185-186.
[97] *Ibid.*, p. 189.
[98] D. Reitz, *Commando*, p. 70.

voortgesit. Teen twaalfuur het die burgers die Britse troepe tot in hulle hoofloopgrawe teruggedwing en 'n paar heldhaftige stormlope deur die burgers het tot gevolg gehad dat 176 Britse troepe op die noordoostelike flank oorgegee het. Thorneycroft het enige verdere oorgawes geweier. Die burgers kon die kop nie verower nie aangesien die Britte, ten spyte van die dood en verwoesting in hulle geledere, vasgeklou het aan hulle loopgrawe. Teen die middel van die dag het versterkings, bestaande uit die Middlesex-, die Dorset- en die Somersetregimente, genl. J. Talbot Coke se Brigade, asook die Rand Imperial Light Infantry, vir die Britte opgedaag. Ook hulle het verskeie dapper aanvalle op die Boere-aanvallers gedoen, maar is met swaar verliese teruggedryf. Verdere Britse versterkings, bestaande uit die Scottish Rifles, die King's Royal Rifles en andere wat later die middag opgedaag het, kon ook nie 'n beslissing afdwing nie en het sake vir die Britte slegs vererger daar hulle as gevolg van die beperkte terrein nie behoorlik kon ontplooi nie. Hulle is later die middag teruggetrek en teen 22:00 dieselfde dag het Thorneycroft die kop met sy hele mag ontruim.[99]

Met die uitbreek van die geveg op Spioenkop was Deneys en Zeederberg by hulle voorradewa aan die voet van Spioenkop. Alhoewel te laat om aan die aanvanklike stormloop teen die berg op mee te doen, was hulle betyds om te sien hoe dit plaasvind en Deneys gee ‘n treffende beskrywing daarvan. Hy skryf dat 800 of 900 burgers die noordelike helling van die kop onder hewige kort afstand geweervuur van die Britte wat reeds op die kruin van die heuwel was, bestyg het. Baie van die burgers het geval, maar die voorstes was reeds naby die kruin en Britse soldate het vorentoe gestorm om hulle te verhoed om dit te bereik. Vir ‘n oomblik of twee was daar wanordelike handgevegte waarna die aanvallers die kruin bereik en buite sig verdwyn het.

Die pad teen die berg uit was besaai met gesneuwelde en sterwende burgers en Deneys het gou op tekens afgekom dat die Pretoriakommando ook daar verby is. Hy het eerste op die lyk van Johan Malherbe, Isaac Malherbe se

[99] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, III*, pp. 189-226.

broer, afgekom. 'n Paar meter verder was nog twee gesneuweldes van die Pretoriakommando. Hoër op het hy sy tentmaat Robert Reinecke, wat deur die kop geskiet is en nie ver daarvandaan L. de Villiers, van hulle korporaalskap, teëgekom. Nog hoër op was Krige, nog een van Isaac se manne, met 'n koeël deur beide longe. Hy het ook op sy tentmaat Walter de Vos afgekom. Die was deur die bors geskiet, maar kon vriendelik glimlag toe hulle verby hom is. Behalwe gesneuwelde Pretorianers, het hulle ook 'n groot hoeveelheid gewonde en gesneuwelde burgers van die Carolinakommando teëgekom.[100]

Bo-op die heuwel het hulle gevind dat die Boere-aanvallers nie verder kon vorder as 'n groepering rotse wat rondom die platorand gestrek het nie. Die Britte was in 'n vlak loopgraaf agter 'n lae klipmuur sowat 20 meter weg en die grootste gedeelte van die kruin was steeds in hulle hande. Deneys kon nie by Isaac Malherbe en die res van sy korporaalskap aansluit nie en het hom vir tyd en wyl by die gevegslinie van kommandant Opperman se burgers gevoeg. Hier het hy dan ook die hele dag deurgebring terwyl daar aanhoudend oor en weer tussen hulle en die Britte geskiet is.[101] In die rigting waarin die Pretoriakommando verdwyn het, het hy die liggaam van sy tentmaat Charles Jeppe gesien lê. Deneys het Jeppe as 'n goeie vriend beskou en sy dood het hom so aangedaan gemaak dat hy skaars kon skiet. Nadat sy eerste skoot halfpad tussen hulle en die Britse stellings in die grond in is, het Opperman aan hom gesê dat hy nie kinders in sy kommando soek nie en dat Deneys eerder moes huistoe gaan. Deneys was egter op sy eer gesteld, het homself reggeruk en het daarna, tot Opperman se tevredenheid, elke skoot direk op die Britse skanse gerig.[102]

Die omstandighede waarin die burgers hulle bevind het, het soos wat die dag gevorder het, 'n algemene gevoel van mismoedigheid onder hulle veroorsaak. Hulle was moeg, honger en dors, moes vaskyk in die groot hoeveelheid dooies en gewondes rondom hulle en het begin twyfel of hulle enigsins

[100] D. Reitz, *Commando*, pp. 73-74.
[101] *Ibid.*, pp. 74-75.
[102] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 134.

versterkings sou kry. Hulle was boonop onder die indruk dat hulle geskietery nie veel indruk op die Britse soldate gemaak het nie en dit het hulle nog meer mismoedig gemaak. Van hulle wou dan ook begin om van die gevegsfront te verdwyn, maar Opperman se kragtige persoonlikheid en sterk taalgebruik het die meerderheid van hulle verhoed om dit te doen. Deneys meld dat hy dit ook oorweeg het om weg te sluip, maar dat die gedagte aan Isaac en sy ander vriende hom in sy posisie laat bly het.[103]

Selfs Opperman se persoonlikheid kon egter nie verhinder dat van die burgers hulle onttrek het nie en teen die aand was daar slegs sowat twee dosyn van hulle nog op hulle pos. Hierdie laaste groep het na 22:00 dieselfde aand van die berg onttrek en hulle by die Carolinakommando gaan voeg, sterk onder die indruk dat die Britte die volgende oggend deur die gaping wat met die geveg op Spioenkop geskep is, sou breek om Ladysmith te ontset. Die Carolinakommando was egter in chaos en hulle was besig om hulle waens in te span om te vlug. Slegs die inmenging van 'n persoon wat Deneys vermoed het Louis Botha was, het verhoed dat dit gebeur het. Botha het 'n roerende pleidooi gedoen wat veroorsaak het dat die burgers weer na hulle posisies toe teruggegaan het.[104]

Die Boere het eers die volgende dag opgemerk dat die Britte Spioenkop ontruim het en het toe ook vir die eerste keer besef hoe effektief hulle kanon- en kleingeweer vuur werklik was.[105] Breytenbach skat die Britse ongevalle tydens hierdie slag op sowat 1 800 tot 2 000, waarvan slegs 187 ongedeerd krygsgevange geneem is. Aan Boerekant was die verlies 58 man gedood en 140 gewond. Van die Carolinakommando is 55 burgers gedood of gewond en van die kommando van kommandant "Rooi" Daniel Opperman 16 gedood en 20 gewond.[106] Van Isaac Malherbe se korporaalskap het 'n hele aantal

---

[103] D. Reitz, *Commando*, pp. 75-76.
[104] *Ibid.*, pp. 77-79.
[105] *Ibid.*, p. 79.
[106] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, III*, p. 231.

gesneuwel[107] en die aand na die slag het Deneys teruggekeer na ‘n verlate tent. Vier van sy tentmaats was dood, ‘n vyfde was ernstig gewond en sy broer Joubert het opdrag gekry om die Britse gevangenes na Pretoria te vergesel. Hy was gevolglik heeltemal alleen met net Charley, sy agterryer, wat alles gedoen het wat hy kon om Deneys te probeer opbeur.[108]

Die slag van Spioenkop het ‘n drastiese uitwerking op Deneys en sy gevoel oor oorlog gehad. In volume II van Herinneringen van 1899-1902 skryf hy “… en verliet ik toen ook dien onvergetelyken plaats van onbesckrijfelijke ellende en afgrijsen waar ik finaal leerde dat ‘oorlog is hel’ en nooit weer behoeft iemand bij mij te spreken over ‘the glory of war’ waar mannen die als helden gevallen waren en uitzagen als informaat vleesch die door een vleesch machine gegaan was en waar de dappere dooden met monden en neusgaten vol misselijke brommer vliegen waren en met huiwering-wekkende grijzen op de lippen en gezwollen en afgrijslijke uitziende oogen en gezichten in allerlei onmenschelijke houdingen in de zon lagen op te zwellen en heb ik van toen af een oorlog beschouwd als de grijwelijkste misdaad die door de menschdom gepleegd kon worden en de lust en plezier die ik tot hier toe in alles genomen had herleefde voor maanden lang niet weder.”[109]

Ongeveer ‘n week na die slag van Spioenkop het Deneys weer tentmaats gekry toe Joubert vanaf Pretoria teruggekeer het, vergesel van hulle broers Hjalmar, Arnt en Jack. Die 20-jarige Hjalmar, wat besig was om hom in die regte in Nederland te bekwaam toe die oorlog uitgebreek het, het met groot moeite na die ZAR terug gekeer. Arnt en Jack, onderskeidelik 16 en 12, was tot in dié stadium op skool, maar het daarin geslaag om hulle vader te oortuig om hulle ook toe te laat om op kommando te gaan. Jack se verblyf was egter van korte duur, aangesien Erasmus hom gewaar en terug huistoe gestuur het.[110]

---

[107] D. Reitz, *Commando*, p. 73.
[108] *Ibid.*, pp. 80-81.
[109] Brenthurstbiblioteek, MS272/2, vol. 2, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 149-150.
[110] D. Reitz, *Commando*, p. 82. (Sien voetnoot 89. Volgens Deneys se beskrywing in Herinneringen van 1899-1902 het Hjalmar kort voor nuwe jaar 1900 en Arnt op 12 Januarie 1900 onderskeidelik by die kommando aangesluit.)

Teen 25 Februarie 1900 het genl. Warren voorgestel dat 'n aanval gedoen word op die Boere se linkerflank op Pietershoogte, gevolg deur aanvalle op Spoorwegkop en Hart's Hill. Dit sou die Britte in staat stel om die hele Boerelinie na die verowering van Pietershoogte vanaf die oostekant af onder 'n dwarsvuur te plaas en weswaarts op te rol. Die aanval is op die 27ste geloods en het op 'n oorwinning vir die Britte uitgeloop, maar nie sonder dat hulle 'n hoë prys daarvoor betaal het nie. Volgens Breytenbach is 503 Britse offisiere en manskappe dood of gewond en sowat 323 Boere, maar hy bespiegel dat hierdie syfers nie korrek is nie en dat daar waarskynlik aansienlik meer dood is.[111]

By Deneys het hierdie veldslag twee teenpole van emosie uitgelok. Hy en sy broer Joubert was gelukkig om dié Britse aanval te mis deurdat hulle hulle Nederlandse oom by die Swazilandse polisie raakgeloop het en die nag van die 26 op 27ste by hom gaan oornag het. Hulle was gevolglik die oggend van die 27ste te laat om aan die geveg te gaan deelneem en dit het waarskynlik hulle lewens gered. Die res van hulle korporaalskap het aanvanklik onder 'n hewige bombardement deurgeloop en is daarna deur die Britte oorval. Isaac Malherbe en Jan Luttig is gedood en Hennie Malherbe en Gertjie Coetzee gevange geneem.[112] Vir een keer het Deneys se arrogante miskenning van reëls, naamlik om eenvoudig sy kommando te verlaat, in sy guns getel. Na alle waarskynlikheid is dit die enigste rede waarom hy die Britse aanval oorleef het. Dat die sameloop van omstandighede 'n groot emosionele wroeging by hom veroorsaak het, is egter duidelik. In *Commando* skryf hy: "To approach our men through that inferno was to court destruction, while not to try seemed like desertion." In Herinneringen van 1899-1902 meld hy weer "…dat zij misschien zouden denken dat wij gevlucht waren als zij ons niet met hem zagen." Albei aanhalings wys daarop dat hy bevrees was dat die ander burgers kon gedink het dat hy 'n lafaard was en hy wou definitief nie gehad

[111] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, III*, p. 527- 553.

[112] D. Reitz, *Commando*, pp. 86-89; Brenthurstbiblioteek, MS272/2, vol. 2, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 162-167.

het dat iemand moes dink dat hy sy korporaalskap opsetlik in die steek gelaat het nie.

Die Britse deurbraak by Pietershoogte het die begin van die einde van die veldtog in Natal ingelei. Ladysmith is op 28 Februarie ontset en die Boere het begin terugval. Ter beskerming van die Transvaalse oosgrens het die Transvaalse kommando's wat in Natal was die Biggarsberg, wat vanaf Rogerspas in die Drakensberge ooswaarts oor die hele Natal uitgestrek het, beset. Genl. Lucas Meyer en die kommando's van Vryheid, Utrecht, Swaziland, Piet Retief, Johannesburg, Krugersdorp en Middelburg het die oostelike deel van die linie vanaf Glencoe tot by die grens van Vryheid bewaak. Die kommando's van Middelburg en Krugersdorp is net oos van die spoorweg te Glencoe, by die hoofkwartier van genl. Louis Botha, gestasioneer. Dié twee kommando's, saam met die kommando's van Pretoria en Bethal onder genl. D.J.E. Erasmus, wat wes van die spoorlyn by Glencoe gestasioneer was, was verantwoordelik vir die beskerming van Botha se hooflaer. Die bewaking van die westelike gedeelte van die linie was die verantwoordelikheid van genl. Schalk Burger en die kommando's onder sy beheer.[113]

Die Pretoriakommando se opdrag om na Elandslaagte terug te trek, is volgens Deneys op 'n wanordelike manier uitgevoer. Elke burger het eenvoudig sy eie voorrade geneem en koers gekry en geen poging is aangewend om op 'n georganiseerde manier te onttrek nie. Die berede burgers het die res van die konvooi geïgnoreer en groot probleme het ontstaan elke keer wanneer die waens 'n spruit of donga moes kruis. Die Reitz-broers en hulle oom het tot hierdie wanorde bygedra deur van die res van die Pretoriakommando weg te breek en hulle eie roete oor die Modderspruit spoorwegdepot na Elandslaagte te volg. Volgens Deneys het hulle dit gedoen omdat hulle nie die nut daarvan kon insien om in modder en water rond te ploeter nie. 'n Dag later het hulle veldkornet Zeederberg by

[113] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, VI. Die beleg van Mafeking tot met die slag van Bergendal*, pp. 63-64.

Glencoe raakgeloop en hier het hulle vir 'n paar dae oorgebly terwyl Zeederberg weer die Pretoriakommando bymekaar gemaak het.[114] Aangesien daar geen ander kommissariaat te Glencoe beskikbaar was nie, het hulle oorleef deur snags blikkies vleis uit 'n treintrok te buit.[115]

Hierdie terugtog moes vir Deneys uiters demoraliserend gewees het. Hy het na Natal gegaan met die gedagte dat hulle die Britte sou oorwin, maar na ongeveer vyf maande van nuttelose beleëring by Ladysmith moes hulle die aftog blaas en dit was vir hom een van die slegste ondervindinge van sy lewe. "Van kindsbeen aan was van ons grootste leesstof steeds geweest over de voortrekkers en de heldedaden van ons volk in de vroegere jaren en na wat die oorlog van 1880 gebeurd was en de Jameson inval, waren wij vast van meening dat de afrikander volk onder een soort van speciale voorzienigheid stond en dat wij onder bijzondere bescherming van de krijgsgeluk waren en wij de overwinningen tot hiertoe in deze oorlog behaald, bijna als voor natuurlijk aannamen, zoodat die ontnuchtering die ons in deze laatste dagen overkwam bitter als gal was en hebben wij, eigenlijk gezegd, tot aan de Vrede, nooit weer heelemaal over de schok van deze tijd gekomen en nooit weer volkomen ons vroegere nationale zelfvetrouwen terug gevonden."[116]

Die onttrekking van die Boeremagte vanuit hulle posisies rondom Ladysmith en die inneem van hulle nuwe stellings in die Biggarsberge was nie die enigste groot verandering wat vir Deneys plaasgevind het nie. Nou dat Isaac Malherbe se korporaalskap vernietig was en aangesien die broers nie lus was om by enige ander korporaalskap aan te sluit nie, het hulle en hulle oom, Jan Mulder, hulle eie "korporaalskap" gevorm. Dié korporaalskap is demokraties bestuur deurdat almal ewe veel sê gehad het en niemand is toegelaat om oor die ander baas te speel nie. Alhoewel hulle op hulle eie gebly het, het hulle gesorg dat hulle aan die werksaamhede van die kommando deelneem. Elke keer as 'n patrollie uitgaan het, het ten minste twee van hulle saamgegaan.[117]

---

[114] D. Reitz, *Commando*, pp. 89-91.
[115] Brenthurstbiblioteek, MS272/2, vol. 2, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 180.
[116] *Ibid.*, pp. 177-178.
[117] *Ibid.*, pp. 182-183.

Die tydperk wat Deneys-hulle in hulle nuwe verdedigingslinie teen die hange van die Biggarsberge deurgebring het, was aanvanklik rustig en plesierig.[118] Deneys beskryf die drie weke as "...een uitgestrekte picnic". Hulle het onder andere van die geleentheid gebruik gemaak om na Dundee te ry om boeke by die biblioteek daar te gaan uitneem, maar het dit, tot Deneys se skande, nooit teruggeneem nie.[119] Die broers het die laerlewe aan die hange van die Biggarsberge egter gou eentonig begin vind en toe hulle gerugte hoor dat dinge maar swaar gaan in die Vrystaat, het hulle besluit om eerder na hulle "eie" land terug te keer. Of hulle optrede korrek was of nie het hulle nie veel geskeel nie, aangesien hulle gevoel het dat hulle kon gaan waar hulle wou sedert die vernietiging van hulle korporaalskap.[120] Hierdie benadering het waarskynlik loodreg ingedryf teen die vereistes van die Boereleiers wat eerder as 'n goed georganiseerde eenheid sou wou veg. Dit spreek egter van die eiewyse en aanmatigende houding wat so gereeld en duidelik na vore kom in Deneys se beskrywing van sy wedervaringe.

## *3.3 Die guerrilla-oorlog*

### 3.3.1 Die Britse opmars en verandering in Boeretaktiek

Veldmaarskalk Frederick Sleigh Roberts het op 10 Januarie 1900 in Kaapstad geland as opperbevelvoerder van die Britse magte in Suid-Afrika. Hy en sy stafhoof, genl. lord Horatio Kitchener, het onmiddellik begin om 'n nuwe strategie vir hulle veldtog in Suid-Afrika op te trek. Hulle het aanvanklik gefokus op die westelike front en het Kimberley op 15 Februarie 1900 ontset, waarna hulle hulle aandag na Bloemfontein verskuif het.[121]

Die militêre suksesse wat Roberts in die Vrystaat behaal het tot en met sy verowering van Bloemfontein op 13 Maart 1900, het die Boerebevelvoerders

---

[118] D. Reitz, *Commando*, pp. 89-91.
[119] Brenthurstbiblioteek, MS272/2, vol. 2, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 182 en 183.
[120] D. Reitz, *Commando*, pp. 92-93.
[121] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, VI*, p. 24 en 204-231.

daarvan oortuig dat hulle hulle krygstaktiek sou moes verander indien hulle enigsins die Britse leër wou oorwin. Die gevolg was 'n krygsraadvergadering op 17 Maart te Kroonstad wat bygewoon is deur 22 krygsoffisiere, asook presidente Kruger en Steyn en kmdt.genl. Piet Joubert. Die uiteinde van die vergadering was 'n besluit om weg te beweeg van 'n defensiewe na 'n offensiewe krygstaktiek, met ander woorde die kommando's moes meer aanvallend begin optree, die inisiatief self neem en die Britse kolonnes gedurig lastig val.[122]

Hierdie verandering in krygstaktiek het 'n reorganisasie van die Boeremagte noodsaaklik gemaak. Daar is besluit (1) dat die Boerekrygsmag in kleiner, meer mobiele militêre eenhede opgedeel sou word; (2) dat hulle van die swaar walaers ontslae sou raak; (3) dat 'n korporaal oor elke 25 burgers aangestel sou word om toesig, aanvoering en kontrolering te vergemaklik; en (4) dat strenger dissiplinêre maatreëls geïmplementeer sou word.[123] Die oorgang vanaf konvensionele oorlogsvoering na 'n guerrilla tipe van oorlogsvoering het egter nie oornag plaasgevind nie en is eers teen ongeveer September 1900 voltrek.

Deneys-hulle se vertrek uit Natal was nie so maklik as wat hulle gedink het dit sou wees nie. Volgens Deneys se eie vertelling het hy genl. Louis Botha gaan vra vir 'n "trein sertifikaat" sodat hulle hulle oorlogspoging in die Vrystaat kon gaan voortsit. "Hij vroeg mijn toen waarom of wij ontevreden waren om bij zij Commandos in Natal te blijven en toen ik hem antwoord dat er hier toch niets gaande was en men in de O.V.S. menschen noodig had scheen hij niet gevleid en zei 'kerelkie, rij maar dadelijk naar jou lager terug, jij sal van avond sien dat er wel degelijk iets te doen is', waaruit ik begreep dat er dien nacht een of ander beweging aan de gang was."[124] Deneys se aanname was korrek aangesien daar op 7 April 'n aanval op die Britse magte te Elandslaagte

[122] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, V. Die Britse opmars tot in Pretoria*, p. 164.
[123] *Ibid.*, pp. 164-165.
[124] Brenthurstbiblioteek, MS272/2, vol. 2, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 185-186.

geloods is.[125] Wat egter meer betekenisvol was aan die gesprek met Botha was dat Botha Deneys as "kerelkie" aangespreek het. In daardie tyd sou 'n volwasse persoon moontlik kleinerend opgetree het deur dié woord te gebruik as hy gedink het dat 'n jongman te groot was vir sy skoene. Iets wat Deneys wel was as in ag geneem word hoe maklik hy met sy bevelvoerders omgegaan het.

Die uiteinde van die Boere aanval op Elandslaagte was 'n kanongeveg oor 'n groot afstand waarin die burgers nie betrokke was nie.[126] In Herinneringen van 1899-1902 beskryf Deneys dié aanval as "een 'reconnaisance in force', om te zien hoe sterk of de vijand was en of Buller niet mischien met zijn troepen overzee naar Kaapstad was gegaan om van daar de Vrijstaat te trekken om Lord Roberts van 'Kan Daar' te helpen."[127] In *Commando* skryf hy dat die enigste gedenkwaardige gebeurtenis van hierdie aanval was dat die wind van 'n verbygaande Britse kanonkoeël hom omgewaai het.[128] Dat Deneys in sy 1903-herinneringe die woorde "Roberts van 'Kan Daar'" aanwend, is 'n aanduiding van hoe later verworwe insigte reeds in sy herinneringe van 1903 ingesluip het. F.W. Reitz het in 1901 'n gedig, "De Lady Roberts", wat gaan oor genls. Ben Viljoen en C.H. Muller se verowering van die "Lady Roberts" 4.7-duimskeepskanon in Desember 1900 by Gun Hill, die lig laat sien. Die gedig spot onder meer dat "Roberts van 'Kandaar' (Kandahar) is nie Roberts van 'Kanhier'".[129] Die gedig het dié gebeurtenis groot aandag besorg en dit is heel moontlik dat dit daardeur ook sy inslag by Deneys se werk gekry het.

Na afloop van die Elandslaagtegeveg is 14-dae verlof aan Deneys toegestaan wat hy gebruik het om by sy ouers in Pretoria te gaan kuier. Hy het Pretoria teen ongeveer 15 April bereik en het onmiddellik werk daarvan

---

[125] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, VI*, pp. 81-82.

[126] *Ibid.*, pp. 81-82.

[127] Brenthurstbiblioteek, MS272/2, vol. 2, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 187-188.

[128] D. Reitz, *Commando*, p. 93.

[129] J.W. Meijer, *Generaal Ben Viljoen 1868-1917*, pp. 186-188; F.W. Reitz, *Oorlogs en andere gedichten*, pp. 2-4.

gemaak om sy en sy broers se begeerte om hulle militêre aktiwiteite na die Vrystaat te verskuif, te bevorder. Hy het aan sy vader geneul totdat dié 'n brief aan Louis Botha geskryf het waarin hy versoek het dat die broers toegelaat word om Vrystaat toe te gaan. Die gevolg was dat sy broers teen 28 April in Pretoria gearriveer het. Hulle oom, Jan Mulder, het egter by die Irish Brigade agtergebly.[130] Die skryf van bogenoemde brief deur F.W. Reitz bevestig die bevoorregte posisie wat die Reitz-seuns hulle veroorloof het. Deneys het definitief nie geskroom om sy vader se posisie en invloed te gebruik om sy eie doelwitte te bereik nie.

Op 30 April 1900 het die broers per trein vanuit Pretoria na die Vrystaat vertrek. By Smaldeel, sowat 50 kilometer vanaf Bloemfontein, het hulle oornag en die dag daarna het hulle hulle by die Afrikaander Cavallerie Corps (A.C.C.) onder kommandant Abraham Malan, 'n skoonseun van kmdt.genl. Piet Joubert, aangesluit.[131] Die A.C.C. het bestaan uit die Malans, Kleintjie Erasmus, Jan Joubert (seun van genl. Joubert), Ben en Piet Geldenhuys en verskeie ander ou bekende skoolmaats van die broers. Dit het hulle onmiddellik tuis laat voel.[132] Deneys beskryf die A.C.C. as 'n gemengde gemeenskap, 'n vreemde legioen, wat nie vanuit 'n spesifieke gebied afkomstig was nie[133] en by implikasie 'n groep wat nie gebiedsgebonde was nie maar kon gaan waar hulle wou.

Die A.C.C. het op 4 Mei by genl. J.H. de la Rey se kommando's aan die Vetrivier aangesluit in 'n poging om hom te help om Roberts se voortstormende mag te probeer stuit.[134] Roberts het op 3 Mei 1900 uit Bloemfontein na die noorde vertrek, vasberade om die Transvaal in te val. Hy is vergesel deur 38 000 soldate en 100 kanonne. Dit was 'n drieledige opmars

---

[130] Brenthurstbiblioteek, MS272/2, vol. 2, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 189-191.
[131] D. Reitz, *Commando*, p. 94.
[132] Brenthurstbiblioteek, MS272/2, vol. 2, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 192.
[133] D. Reitz, *Commando*, p. 152.
[134] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, V*, p. 437.

met Roberts in bevel van die hoofmag en die magte van onderskeidelik genl. J.D.P. French op die linkerflank en genl. I. Hamilton op die regterflank.[135]

De la Rey het 'n droewige prentjie aan die lede van die A.C.C oor die heersende toestande geskilder. Hy kon nie insien hoe Roberts se opmars na Pretoria gestuit sou word nie, aangesien daar volgens hom heeltemal te min verdedigbare posisies in die Vrystaat was. Die burgers se moraal was boonop baie laag na genl. Piet Cronjé en sy 4 000 man se oorgawe by Paardeberg en die inname van Bloemfontein deur die Britte.[136] Ten spyte hiervan het De la Rey sy magte aan die noordelike oewer van die Vetrivier oor 'n 20 kilometer front versprei. De la Rey en die kommando Wakkerstroom was by die spoorwegbrug, met die Ermelokommando en die Ierse korps aan sy linkerkant, die A.C.C. aan sy regterkant oor die drif by Misgunstfontein (Kotzeesdrif) en die Heidelbergers by die driwwe verder wes.[137]

Die eerste gevegte aan dié front het op 5 Mei uitgebreek toe 'n Britse mag onder genl.maj. E.T.H. Hutton 'n aanval op Kotzeesdrif geloods het. Die aanval is ingelei deur hewige kanonvuur waarna Hutton sy troepe ingestuur het. Die A.C.C. was egter goed ingegrawe en die Britte moes onder hewige geweervuur terugval. 'n Bataljon berede infanteriste onder lt.kol. E.A.H. Alderson het daarin geslaag om 'n drif ten weste van Kotzeesdrif oor te steek en die A.C.C. was genoodsaak om hulle stellings te verlaat.[138] Volgens Deneys het hierdie onttrekking wanordelik en sonder veel weerstand van die burgers plaasgevind. Hy skryf verder ook dat sowat 30 man van die A.C.C. tydens hierdie geveg gewond of gedood is, maar Breytenbach haal De la Rey aan dat slegs sowat 10 burgers van beide die Ermelokommando en Malan se kavalleriekorps gewond is.[139]

---

[135] B. Farwell, *The great Boer War*, p. 265.
[136] D. Reitz, *Commando*, pp. 95-96.
[137] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, V*, pp. 437-438.
[138] *Ibid.*, pp. 439-440.
[139] D. Reitz, *Commando*, pp. 98-100; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, V*, p. 440.

Ten spyte van die posisies wat De la Rey se kommando's by die Vetrivier aan die Britte moes afstaan, was hy vasbeslote om die Britse opmars soveel as moontlik te vertraag. Die eerste verdedigbare posisie wat hy noord van die Vetrivier kon inneem was die moot van die Doringrivier. Hy is in dié poging gefnuik deur groot getalle burgers wat sonder enige opdrag na die Sandrivier begin terugval het en moes noodgedwonge self ook daarnatoe terugval. By Sandrivier het hy verneem dat baie van die burgers hulle terugtog verby Sandrivier na Kroonstad voortgesit het. Die oorblywende burgers het stellings by die Sandrivier ingeneem en hier het die waarnemende kmdt.genl., Louis Botha, hom op 7 Mei by hulle aangesluit.[140]

In sy Herinneringen van 1899-1902 het Deneys aangeteken dat hy tydens hulle onttrekking vanaf die Vetrivier tot die gevolgtrekking gekom het dat die Boere se stryd gedoem was. Hy was van opinie dat daar geen manier was dat die 3 000 burgers wat die Boere se agterhoede gevorm het, 60 000 tot 100 000 Britse troepe sou kon stuit nie. Hy het reeds beelde begin sien van hoe die Britse magte Pretoria inneem.[141]

Op dieselfde dag is 'n berede mag onder leiding van Hutton deur Roberts gestuur om die Boerestellings aan die Sandrivier te gaan verken. Die mag het op kol. J.Y.F Blake en sy Ierse brigade afgekom waar hulle besig was om die spoorweg tussen die Sandrivier en Doringspruit op te blaas en die spoorbrug oor die Sandrivier voor te berei vir dieselfde behandeling. Toe Hutton dit gewaar, het hy sy troepe in twee verdeel en op die brug afgejaag, vasbeslote om dit te verower. Die A.A.C. het onder opdrag van Abraham Malan egter die brug oorgesteek en die troepe tegemoet getrek en onder skerp geweervuur moes Hutton se magte weer terugtrek. Volgens hulle aangehaalde syfers verskil Deneys en Breytenbach oor die hoeveelheid Britse soldate wat tydens dié skermutseling gewond is: vyf volgens Breytenbach en twee volgens Deneys, maar ongeag die korrekte syfers het Deneys, tipies van sy aard, nader gery om na die gewonde soldate te gaan kyk. Hulle was al twee

[140] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, V*, pp. 457-459.
[141] Brenthurstbiblioteek, MS272/2, vol. 2, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 197.

Kanadese en die een het aan hom gesê dat duisende Kanadese, Australiërs en ander koloniale magte as vrywilligers aan die oorlog deelneem. Deneys se opmerking hieroor was redelik droog: "...as if the odds against us were not heavy enough."[142]

'n Gesamentlike aanval is op 10 Mei deur Roberts se mag op die Boerestellings te Sandrivier geloods. Die gevegte is ingelei deur hewige bombardemente wat veroorsaak het dat die burgers uit hulle posisies onttrek het. Deneys beskryf hierdie onttrekking as vernederend. "All day we were driven relentlessly; the British herded us like sheep to the incessant shriek of shells and the whizz of bullets, and by evening we were a demoralized rabble fleeing blindly across the veld." Die volgende oggend het Deneys-hulle Kroonstad bereik en die dag daarna die Renosterrivier, halfpad tussen die Vals- en Vaalriviere, waar hulle vir sowat 'n week oorgebly het.[143]

Tydens hul verblyf by die Renosterrivier is Deneys, J.G. Walton, Walter Mears, Henry Williams, Wouter (Wolly) de Vos en C. van den Berg van die A.C.C. per heliograaf versoek om hulle as versterkings by kapt. Danie Theron se verkennerskorps te gaan aansluit. [144] Die Theron's Verkennerskorps is op 5 Maart 1900 na amptelike goedkeuring van die regerings van beide die republieke gestig, met as opdrag om spioenasie- en verkenningswerk te verrig. Kragtens die twee regerings se goedkeuringsbesluit het Theron volle beheer oor sy korps gehad en hy kon manskappe en offisiere aanstel soos wat hy wou. Hy self was van mening dat slegs die beste burgers in sy korps moes dien en het gevolglik niemand gewerf wat nie aan sy vereistes voldoen het nie.[145] Deneys was gevolglik nie bietjie trots daarop dat sy naam ook onder die uitgesoektes was nie. Volgens hom het Theron van sy optredes by Vaalkop gehoor en daarom versoek dat hy by hom moes aansluit.[146] Deneys

---

[142] D. Reitz, *Commando*, p. 100; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, V*, pp. 460-462.
[143] D. Reitz, *Commando*, pp. 101-102.
[144] Brenthurstbiblioteek, MS272/2, vol. 2, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 233.
[145] J.H. Breytenbach, *Kommandant Danie Theron: Baasverkenner van die Tweede Vryheidsoorlog*, pp. 143 en 145.
[146] Brenthurstbiblioteek, MS272/2, vol. 2, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 232.

beweer verder ook dat Theron hulle versoek het om permanent by sy mag aan te sluit, maar, alhoewel die versoeking groot was omdat Theron "...een officier naar mijn eigen hart (was) en 't idee van achter de Engelsche om te gaan was mij zeer aantrekkelijk (was)…", het hy die eer bedank aangesien hy nie sy broers in die steek wou laat nie. Hy wou boonop ook na Pretoria gaan om daar te gaan uitvind wat van sy familie geword het. De Vos, Mears en Williams het egter volgens Deneys positief op Theron se versoek gereageer.[147] Hoe waar hierdie stelling van Deneys is, is nie regtig bewysbaar nie, maar aangesien Breytenbach bevestig dat De Vos en Mears teen Junie 1900 wel by Theron se korps was, [148] steek daar heel moontlik waarheid in.

Die Britse opmars vanaf Kroonstad tot by Pretoria het sonder enige werklike weerstand plaasgevind en die hoofstad van die ZAR is op 5 Junie 1900 bereik. Die Boerekommando's het 'n gulde geleentheid verspeel om die Britse magte by die Vaalrivier te stuit en op 24 Mei het genl. French se kolonnes die Vaalrivier tot op sy noordelike oewer oorgesteek. Die volgende moontlike gunstige posisie wat verdedig kon word was Klipriviersberg, sowat 40 kilometer verder terug, met Suikerbosrand ten suidooste daarvan en Gatsrand ten suidweste daarvan.[149] Teen die 28ste was die Boere dan ook verskans in dié vesting, maar die volgende dag is hulle deur French se mag uit hulle posisies verdryf.[150] Vir Deneys was hierdie geveg vanweë twee aspekte noemenswaardig. Ten eerste was hulle so naby aan Johannesburg dat van die inwoners, selfs vrouens, uitgekom het om na die verrigtinge te kom kyk en tweedens het die Britse deurbraak by Kliprivier enige verdere weerstand laat verdwyn. Die burgers het onder die vaandel van die kreet "Huis toe, the war is over" in groot groepe begin onttrek. Die A.C.C. het aanvanklik tot by Langlaagte en vandaar tot by die Sesmylspruit (Hennopsrivier) net buitekant Pretoria teruggeval.

---

[147] Brenthurstbiblioteek, MS272/2, vol. 2, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 239.
[148] J.H. Breytenbach, *Kommandant Danie Theron*, pp. 182 en 183.
[149] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, V*, pp. 517-519.
[150] *Ibid.*, pp. 528-534.

Deneys en Hjalmar het by Sesmuilspruit van die A.C.C. weggebreek en op hulle eie na Pretoria deurgedruk, angstig om hulle familie weer te sien. Hulle het hulle huis in Sunnyside egter verlate gevind en moes by die bure hoor dat hulle vader saam met Paul Kruger weggehardloop het. Dié bewering wou hulle egter nie glo nie. Volgens Deneys het hulle die president en hulle vader te goed geken om waarde aan so 'n stelling te heg. Die feit dat dié twee saam uit Pretoria vertrek het, was eerder 'n teken van hulle vasberadenheid om die oorlog voort te sit.[151] Bevestiging van hierdie gedagte is 'n paar dae later verkry toe Jan Smuts, die staatsprokureur, aan hulle vertel het dat hulle vader en Paul Kruger na Machadodorp gegaan het om daar 'n nuwe setel vir die regering op te rig.[152]

Na hulle gesprek met Smuts het Deneys en Hjalmar besluit om, voordat hulle by 'n nuwe kommando aansluit, hulle vader te gaan opsoek. Hulle het hom in Machadodorp, in een van die treinwaens wat as regeringskantore gedien het, aangetref. Na 'n blye weersiens het F.W. Reitz die militêre situasie aan hulle geskets. Volgens Deneys het F.W. Reitz gesê dat 'n guerrilla-oorlog die Boere beter sou pas as die meer konvensionele metodes van oorlogsvoering. Hy het ook van George Washington en ander verlore sake wat uiteindelik oorwin het, gepraat. Na alles wat hulle tydens die Britse opmars na Pretoria moes deurmaak, het hulle nie noodwendig sy optimisme gedeel nie, maar sy praatjie het hulle baie opgebeur.[153]

By F.W Reitz het hulle ook verneem dat Paul Kruger te Waterval-Onder was en dit is dan ook hier waar hulle hom vir die laaste keer gesien het. Deneys beskryf Kruger as 'n moeë, eensame man. Hulle het nie met hom probeer praat nie, want hy het op sy eie sy Bybel gesit en lees en was diep in gedagte. Kruger is kort hierna na Europa, waar hy in 1904 in Switserland in ballingskap gesterf het.[154] Mens kan maar net wonder wat deur Deneys se gedagtes gegaan het toe hy so na Kruger, vir wie hy so dikwels aan huis

[151] D. Reitz, *Commando*, pp. 108-111.
[152] *Ibid*., p. 111.
[153] *Ibid*., pp. 111-112.
[154] *Ibid*., pp. 112-113.

saam met sy vader gesien het, gestaan en staar het. Heel moontlik verdriet en simpatie om die geboë ou man te sien wat in sy laaste jare so 'n geweldige stryd vir sy eie volk en vaderland moes aanpak en wat in daardie stadium waarskynlik reeds besef het dat hulle besig was om 'n verlore stryd te voer.

Die val van die Boererepublieke se hoofstede het 'n uiters demoraliserende effek op die Boeremagte gehad en toenemende hoeveelhede burgers het so ontmoedig geraak dat hulle sonder verlof begin huistoe gaan het. Baie burgers is verder deur proklamasies wat deur lord Roberts uitgevaardig is verlei. Die eerste van die proklamasies is reeds in Februarie 1900 uitgevaardig en was grootliks van toepassing op die Vrystaatse bevolking. Dit het daarop aangedring dat die bevolking enige vyandighede onmiddellik staak en dat die wat daaraan gehoor gee, geen verdere skade sou ly nie. 'n Tweede proklamasie, op 15 Maart 1900 uitgereik, het gemeld dat passe aan burgers verskaf sou word om na hulle huise terug te keer. Burgers wat volgens die proklamasie oorgegee het, sou nie krygsgevangenes word nie en hulle eiendom sou ook nie van hulle afgeneem word nie.[155] 'n Derde proklamasie, op 31 Mei 1900 uitgevaardig, was gemik op die burgers van die ZAR. Dié proklamasie het die veiligheid van nie-vegtendes gewaarborg en die burgers wat die wapen neerlê, beloof dat hulle nie krygsgevangene geneem sou word nie, maar van 'n pas huistoe voorsien sou word. 'n Vierde proklamasie van 6 Junie het bepaal dat burgers wat 'n pas gekry het, toegelaat sou word om hulle vee te behou en selfs om dit gedurende die winter in die Bosveld te laat gaan wei. Die proklamasie het verder ook bepaal dat wanneer daardie vee deur die Britse magte benodig sou word, die eienaars daarvoor vergoed sou word.[156]

---

155 A.J. McCleod, The psychological impact of guerrilla warfare on the Boer forces during the Anglo-Boer War (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), p. 76.

156 J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, VI*, pp. 162-167.

Alhoewel sowat 6 000 Vrystaters en tussen 6 300 en 8 000 Transvalers in die periode van Maart tot Julie 1900 boedel oorgegee het,[157] was die Boereleiers nie daarvoor te vinde om die stryd te staak nie. Tydens 'n krygsraadvergadering middel Junie 1900 is die besluite van die krygsraadvergadering te Kroonstad op 17 Maart herbevestig en is daar besluit om met die stryd voort te gaan.[158] Die enigste manier waarop dit gedoen sou kon word, was deur die totale herorganisasie van die Boeremagte asook 'n veranderde benadering ten opsigte van hulle krygstaktiek. Die groot hoeveelhede burgers wat gedros het, sou weer vir krygsdiens bymekaar gemaak moes word en die defensiewe taktiek wat tot in hierdie stadium gebruik is, sou laat vaar word. Die Boere sou die inisiatief neem deur aanvalle op die Britse magte se verbindingslinies te loods en hulle sodoende te ontwrig.[159] Louis Botha het onmiddellik begin om sy kommando's meer mobiel te maak deur die verskaffing van perde, genoegsame voedsel- en ander voorrade en deur verskillende kommando's na verskillende streke te stuur.

Vir Deneys was die tydperk na die val van Pretoria tot ongeveer September 1900 een waarin hy van een kommando na die ander rondgeval het en in *Commando* skryf hy dat hy aan "...quick changes of commando" begin gewoond raak het. Na hulle besoek aan hulle vader in Machadodorp is die broers na Middelburg waar hulle, aangesien hulle nie die A.C.C. kon opspoor nie, by die Duitse Korps van baron Von Goldeck aangesluit het. Saam met die groep het hulle agter Botha aangetrek totdat hulle hom uiteindelik by Balmoral (Bronkhorstspruit) opgespoor het.[160] Teen ongeveer 19 Junie het Deneys die Pretoriakommando egter raakgeloop en weer by hulle aangesluit,[161] maar met die terugtrek van die Boeremagte vanaf Bronkhorstspruit na Belfast en daarna na Dalmanutha het hy een nag van die

---

[157] A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners": Die rasionaal en verskynsel van verraad*, pp. 22-23.
[158] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, VI*, p. 240.
[159] *Ibid.*, pp. 240-241.
[160] D. Reitz, *Commando*, pp. 113-114.
[161] *Ibid.,* pp. 115-116.

Pretoriakommando afgedwaal en verder saam met die Boksburgkommando getrek.[162]

Botha se magte het na 'n verdedigende linie tussen Machadodorp en Belfast teruggeval. Hy was van plan om die Britse opmars na die Oos-Transvaal hier te vertraag, die ZAR-regering kans te gee om te verskuif en die Oosterspoorlyn na Delagoabaai te beskerm.[163] Hierdie verdedigingslinie het oor 'n afstand van sowat 80 kilometer gestrek. Volgens Deneys het die Boksburgkommando opdrag gekry om hulle op die platorand naby Machadodorp in te grawe. Terwyl hulle daarmee besig was, het die Pretoriakommando egter daar verbygekom en aangesien beide Hjalmar en Joubert Reitz by hulle was, het Deneys onmiddellik sy goed gepak en verder saam met hulle getrek. Die Pretoriakommando se posisie was nie ver van die Boksburgkommando nie en hier het hulle, volgens Deneys, die volgende drie dae onder hewige bombardement van die Britse kanonne deurgeloop voordat hulle uit hulle stellings onttrek het, aanvanklik na Helvetia en van daar na Waterval-Onder en Hectorspruit.[164]

Tydens dié rit het Deneys en die Pretoriakommando se paaie finaal geskei, aangesien hulle besluit het om na die Pretoriadistrik terug te keer en hy nie bereid was om saam met hulle te gaan nie. By Hectorspruit is die vier Reitz-broers en hulle vader vir die eerste keer in 'n paar maande verenig. Dit het egter nie baie lank geneem voordat hulle paaie weer geskei het nie.[165]

Vanaf Hectorspruit is die Reitz-broers en hulle vader saam met Louis Botha se magte eers na Ohrigstad en toe na die Lydenburg omgewing. Die Reitz-broers het na twee weke egter genoeg van die "vervelige" laerlewe gehad en besluit om die hooflaer te verlaat. Die gevolg van hierdie skuif was dat die Reitz-geselskap opgebreek en Deneys sy vader eers weer tydens die

---

[162] D. Reitz, *Commando*, pp. 117-118.

[163] J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, VI*, p. 291.

[164] D. Reitz, *Commando*, pp. 118-125.

[165] *Ibid.*, pp. 124-125.

vredesonderhandelinge in 1902 gesien het. Hjalmar is op sy eie na die Oos-Transvaal waar hy gevange geneem en na 'n krygsgevangenekamp in Indië gestuur is. Arnt was nog swak na sy siekte en moes noodgedwonge by die hooflaer bly en Joubert en Deneys is na Warmbad om hulle gewig by assistent-kmdt.genl. C.F. Beyers te gaan ingooi.[166]

Met die herorganisering van die Boeremagte in September 1900 is die Boere Republieke in verskillende streke opgedeel. Elkeen van hierdie streke is onder 'n spesifieke bevelvoerder geplaas met die verantwoordelikheid om die vyand in dié gebied aan te val en te ontwrig.[167] Beyers is aangewys as bevelvoerder van die noordelike distrik van die ZAR, die gebied wat noord van Pretoria begin het en gestrek het tot teen Betsjoeanaland. In Oktober 1900 was Beyers besig om die noordelike kommando's by Warmbad te reorganiseer na die val van Pretoria, die ineenstorting van die Transvaalse magte en die Britse opmars langs die Delagoabaaispoorlyn.

Met Deneys-hulle se aankoms te Warmbad was die kommando's van Waterberg, Soutpansberg en Krugersdorp, asook gedeeltes van die kommando's van Germiston, Pretoria, Rustenburg, 'n deel van die Johannesburg-polisie en die Staatsartillerie, hier saamgetrek.[168] Tot Deneys en Joubert se verrassing het hulle die A.C.C. ook hier aangetref en hulle het onmiddellik weer by dié korps ingeval. Die A.C.C. was in hierdie stadium ongeveer sestig man sterk en is deur Lodi Krause, 'n landdros van Pietersburg, aangevoer.[169] Deneys meld dat Krause Abraham Malan opgevolg het nadat laasgenoemde kort te vore gesneuwel het, maar die stelling word weerspreek deur Krause in sy *Memoirs*. Volgens Krause is Malan na Pietersburg gestuur om die landdros daar te gaan uithelp terwyl hy, Krause, beheer oor geneem het van al die verkennerskorpse by die Boeremagte te Warmbad. Sy totale "kommando" het uit sowat 200 man

[166] D. Reitz, *Commando*, pp. 126-127.

[167] A.J. McCleod, The psychological impact of guerrilla warfare on the Boer forces during the Anglo-Boer War (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), pp. 86-87.

[168] J.F. Naudé, *Veg en vlug van Beyers en Kemp*, p. 159.

[169] D. Reitz, *Commando*, pp. 128-129.

bestaan wat deur Krause aan ‘n stel reëls onderwerp is waaraan hulle almal hulle moes verbind. Die reëls het gegeld ten opsigte van die toelating van nuwe lede asook afdanking en onttrekking van bestaande lede van die kommando, verkenningswerk en die toepassing van straf vir oortredings. Die tydperk by Warmbad is deur Krause gebruik om sy kommandolede te dril en sy reëls ten opsigte van verkenning toe te pas.[170]

Deneys meld niks van hierdie driloefeninge nie, maar wel dat hulle vir die volgende maand ‘n aangename en rustige tyd in die Warmbad omgewing deurgebring het terwyl Beyers besig was om sy krygsmag verder uit te brei. Behalwe om op patrollie te gaan en om te jag, het hulle, volgens hom, nie veel gedoen nie. Teen November het Arnt hom ook by hulle aangesluit en tussen die drie van hulle het hulle ‘n weerbestande hut gebou, volop kos gehad en die lewe geniet. Die enigste steen-des-aanstoots volgens Deneys was dat hulle blyplek naby aan dié van genl. Beyers was. Deneys het nie van Beyers gehou nie en hy beskryf hom as ‘n buierige man wat nie ‘n geleentheid verby laat gaan het om ‘n biduur te hou nie. Saam met die dominee A.P. Kriel, ‘n predikant van die saamgesmelte Nederduitsche Hervormde of Gereformeerde Kerk, het Beyers glo gedurig kerkdienste gehou en die twee het selfs so ver gegaan as om al die jonger mans te verplig om Bybelklasse by te woon. Deneys en sy broers het die opdrag geïgnoreer, wat natuurlik ‘n woordewisseling afgegee het. Beyers het selfs gedreig om hulle uit sy kommando te sit, maar die broers wou nie toegee nie en die saak is daar gelaat.[171]

Al het Deneys nie van Beyers gehou nie, het hy groot respek vir hom gehad. “Uit de korte tijd dat ik onder hem stond kan ik getuigen dat hij een van de dapperste mannen is die ik nog gezien heb – de bommen konden dreunen en de kogels rondom hem spatten – hij zat maar altijd bedaard op zijn wit paard alsof iets niet buiten gewoons aan de gang was en hij wilde ook nooit schuiling nemen, rekende dat de Heer hem zou behoeden. Al fout dat ik met

[170] J. Taitz (red.), The war memoirs of commandant Ludwig Krause 1899-1900, *Van Riebeeck Society Second Series no. 26*, pp. 117-119.
[171] D. Reitz, *Commando*, pp. 129-130.

hem te vinden had is dat hij een verregaande fanatiek op Godsdienstig gebied was – hij liet nooit de burgers met rust, wij hadden de zadels nog niet mooi op de grond of hij riep al 'Publiek bij mekaar' en hield hij dan kerk of biduur en het kon regen of waaien – middernacht of onder brandende zon – als wij afzadelden, dan eerst bidstond en dat werd op den duur vervelend. Maar toch van zoo'n man hielden wij het maar uit eerbied voor zijn dapperheid. Ik twijfel daarom of er onder Cromwell z'n Ironsides een grooter Godsman of 'n beter soldaat of 'n rechtuiter man was als Beyers en mocht ons land velen zulken opleveren als er weer nood komt is te wenschen."[172]

Deneys se kritiek op Beyers en dié se godsdienstigheid staan loodreg teenoor die gunstige woorde wat J.F. Naudé daaroor uitgespreek het. Volgens Naudé het Beyers deur sy benadering gepoog om die gebreke en verkeerde dinge in die kommando's aan te spreek deur middel van broederlike onderhoude en bidure. Hy sê dat die Boere-offisiere hierdie benadering waardeer het en versoek het dat Beyers dit na die verskillende kommando's moes uitbou. Dit het gelei tot 'n gees van herlewing onder die burgers wat soos 'n "suurdeeg" deur die kommando's getrek het.[173]

Waarom het Deneys nie van Beyers gehou nie? Soos in die vorige paragraaf aangedui, het hy tog gemeld dat hy respek vir hom gehad het. Was dit bloot as gevolg van Beyers se godsdienstigheid, of steek daar meer daar agter? Waarskynlik 'n kombinasie van faktore. In Herinneringen van 1899-1902kom dit uit dat Deneys nooit gekatkiseer het nie,[174] en as die res van sy lewe in oënskou geneem word, kry mens nie die gedagte dat hy werklik godsdienstig was nie. Die feit dat godsdiens in sy keel afgedruk is, het hom dus waarskynlik 'n weersin in Beyers gegee. 'n Tweede faktor moet egter ook in gedagte gehou word. Deneys was heelwat jonger as Beyers en boonop ook 'n gewone burger sonder die verantwoordelikheid wat met 'n offisiersrang saamgegaan het. Hy was ook vry van gees en het gedoen wat hy wou wanneer hy wou, volgens getuienis en optrede impulsief, onnutsig en 'n

---

[172] Brenthurstbiblioteek, MS272/4, vol. 4, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 373-375.
[173] J.F. Naudé, *Veg en vlug van Beyers en Kemp*, pp. 159-160.
[174] Brenthurstbiblioteek, MS272/4, vol. 4, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 406.

redelike grapjas. Hy het 'n redelike vinnige humeur gehad en baie selfvertroue. Deneys se agtergrond en die bevoorregte posisie waarin hy grootgeword het, het boonop daartoe gelei dat hy nie noodwendig respek vir gesag gehad het nie. In teenstelling met Deneys was Beyers ernstig en bedaard en was daar 'n beslistheid in alles wat hy gedoen en gesê het. Boonop het hy in alle sake sonder aansiens des persoons gehandel. Hy het ook die verantwoordelikheid gehad wat aan sy leiersposisie gekoppel was en moes die kommando's onder sy beheer so goed as moontlik bestuur. In wese en persoonlikheid het die twee dus drasties van mekaar verskil en dit het waarskynlik bygedra daartoe dat Deneys nie van Beyers gehou het nie.

Beyers het Warmbad op 7 Desember 1900 met 'n gedeelte van sy mag verlaat en suid oor die Magaliesberge getrek met die doel om die guerrilla-oorlog op die Hoëveld te gaan voortsit. Die trek het veroorsaak dat die broers se paaie geskei het, aangesien Joubert besluit het om 'n artilleris te word op een van die min oorblywende Creusot-kanonne. Nie een van Deneys en Arnt se argumente kon hom oortuig om by hulle te bly nie. Dit was dan ook die laaste keer wat Deneys Joubert gedurende die oorlog gesien het, aangesien hy gevang en as krygsgevangene na Bermuda gestuur is.[175]

Op 13 Desember 1900 is 'n gekombineerde aanval op die 12de Brigade van genl. R.A.P. Clements te Nooitgedacht deur die kommando's van Beyers en genl. J.H. de la Rey, Boerebevelvoerder van die Wes-Transvaalse distrik geloods. Die Britse kamp was teen die voet van die Magaliesberg opgerig met verskeie stellings bo-op die berg. Beyers se mag sou 'n aanval op die Britse skanse bo-op die berg loods, terwyl De la Rey se mag die hoofkamp sou aanval. Beyers en sowat 400 van sy burgers het die berg gedurende die nag bestyg en posisie ingeneem in Breedtsnek, wes van Nooitgedacht.[176] Die A.C.C. was reg teen 'n afgrond geposisioneer, met die Waterbergers en Zoutpansbergers aan hulle linkerkant. Met sonop het hewige geweervuur tussen die burgers en die Britte in die skanse uitgebreek, maar dit het nie lank

[175] D. Reitz, *Commando*, p. 130.
[176] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, pp. 187-188.

geduur voordat die burgers die Britse posisies bestorm en in handgevegte met hulle teenstanders betrokke geraak het nie. Volgens Deneys het hy 'n "... confused recollection of fending bayonet thrusts and firing point-blank into men's faces; then of soldiers running to the rear or putting up their hands, and as we stood panting and exited within the barricades, we could scarcely realise that the fight was won."[177]

Gedurende die geveg het Deneys, tot sy afgryse, die uitwerking van 'n dum-dum patroon op 'n Britse soldaat wat hy geskiet het, gesien. Volgens hom het hy die dum-dum patrone naby Warmbad opgetel met die doel om wild daarmee te skiet en sou hy dit nooit doelbewus in 'n geveg gebruik het nie. In die opwinding van die aanval het hy dit egter in sy geweer gelaai sonder om dit agter te kom. Hy was so geskok oor die uitwerking van die dum-dum patroon dat hy die res van die patrone onmiddellik weggegooi het. Hy het egter die hele situasie probeer rasionaliseer deur te sê dat daar nie 'n groot verskil is tussen iemand met 'n dum-dum patroon te skiet of om hom te vermorsel met 'n liddietbom nie. Hy het ook 'n mate van blaam hiervoor op die Boere se krygskommissariaat geplaas deur te meld dat hulle sedert Hectorspruit nie meer voorrade aan die burgers verskaf het nie.[178]

Na afloop van die geveg by Nooitgedacht het die burgers onmiddellik begin om die Britse kamp te plunder om hulle eie voorrade aan te vul. Deneys en Arnt het addisionele perde asook tee, koffie, suiker, sout, voedsel, klere, boeke en ander luukshede wat hulle vir lank ontneem was, bymekaar gemaak.[179] Genl. Beyers was egter nie vir die burgers se plundery te vinde nie en het hulle versoek om alles wat hulle by die Britte gebuit het op 'n hoop te gooi sodat dit verbrand kon word, "….daar ons werd vermeld dat wij voor land en volk vechten en niet om te rooven." Van die burgers het hieraan voldoen, "…maar de meeste van ons waren verstandig genoeg om in te zien dat, aangenomen dat wij geen roovers waren en voor land en volk streiden,

---

[177] D. Reitz, *Commando*, pp. 133-134.
[178] D. Reitz, *Commando*, p. 136; Brenthurstbiblioteek, MS272/4, vol. 4, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 299-300.
[179] D. Reitz, *Commando*, p. 137.

het toch niet tegen de regels van een rechtvaardig oorlog is om kleeren enz van de vijand te nemen als men er zoo groote behoefte aan heeft.” Deneys beskryf Beyers en Kriel verder as “...dappere en kloeke mannen...” wat geen opoffering te groot geag het vir hulle volk nie, maar dat hulle fanaties was op die godsdienstige terrein en dat hulle poging om die burgers hul gebuite klere te laat verbrand, oormatig dweperig was, aangesien die meeste van die arme mense halfnaak en kaalvoet was.[180] Volgens Deneys moes die plundery dus nie gesien word as die morele verval van die burgers nie, maar eerder as ‘n metode waarvolgens hulle hulle voorrade kon aanvul om sodoende hulle eie swak omstandighede te verbeter. Die plundery het waarskynlik die burgers se moraal goed gedoen, aangesien hulle voor die geveg begin noustrop trek het ten opsigte van hulle eie voorrade en kos. As na Deneys se kleredrag gekyk word, was sy optrede seker heel aanvaarbaar. Hy was geklee in ‘n molvelbroek, veldskoene sonder sokkies, ‘n verskeurde baadjie en ‘n hoed waarvan die kruin grotendeels weg was en waardeur sy lang hare gesteek het.[181]

Uit ‘n persoonlike en emosionele oogpunt was die geveg by Nooitgedacht vir Deneys weens ‘n paar redes herinneringswaardig. Ten eerste vertel hy met groot smaak hoe twee gewonde Britse offisiere gepraat het oor hoe ‘n eienaardige land die ZAR was. Die een offisier het, verwysend na Deneys, aan die ander opgemerk: “Here comes a typical young Boer for you” en hom gevra of hy Engels verstaan. Toe Deneys ja sê wou hulle by hom weet waarom die burgers aanhou met veg, aangesien hulle waarskynlik die oorlog sou verloor. Deneys het geantwoord: “Oh, well, you see, we're like Mr Micawber, we are waiting for something to turn up”', waarop die offisiere uitgebars het van die lag en die een aan die ander gesê het: “Didn't I tell you this is a funny country, and now here's your typical young Boer quoting Dickens.”[182] Of Deneys egter as ‘n tipiese jong Boer gesien kan word in hierdie konteks, is te betwyfel. Vanweë sy agtergrond, sy vader se belangstelling in literatuur en sy skoolopleiding aan Grey-Kollege, was

[180] Brenthurstbiblioteek, MS272/4, vol. 4, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 319-320.
[181] *Ibid.*, p. 303.
[182] D. Reitz, *Commando*, p. 137.

Deneys ongetwyfeld meer belese as die meerderheid jong Boerseuns van sy ouderdom.

Vir Deneys was dit ook verstommend dat hulle die Britse stellings bestorm en met die Britse soldate handgemeen geraak het, veral aangesien hulle met die uitbreek van die geveg in hulle skuilplekke weggekruip het en Beyers hulle moes smeek om die aanval te loods. Die geveg het Deneys laat dink dat die Boere vir geen soldate in die wêreld hoef terug te staan as dit by stormlope kom nie. "Deze slag leverde weer op nieuw bewijs dat als een Boer wil stormen kan hij het net zoo goed en nog beter, doen als eenig soldaat in de wereld." Hy verduidelik dat die Boere selde stormlope uitgevoer het, omdat hulle besef het dat daar te min van hulle was om hulle lewens onverskillig weg te gooi. Hy glo ook dat hulle meer reggekry het deur nagtelike aanvalle te loods as aanvalle helder oor dag. Verder moes die aanvallende mag ook ten minste twee maal so sterk wees as die verdedigende mag en in hulle geval was die vyand altyd sowat vier tot tien keer sterker as hulle. Aangesien hulle vir hulle land geveg het, het hulle altyd gepoog om die vyand so veel as moontlik skade te berokken terwyl hulle self so min as moontlik verliese ly. Die kommando's kon gevolglik tien of twintig opeenvolgende nederlae ly en dan weer vol moed vir die volgende geveg opdaag, anders as 'n Europese weermag wat gou moed sou verloor het. Volgens Deneys het die burgers gereken dat as die vyand hulle uit een posisie dryf, hulle net na 'n ander een sou beweeg want een randjie of koppie was net so goed soos 'n ander en solank daar nie te veel van hulle doodgeskiet is nie, beteken die nederlae nie veel nie.[183]

Sewentien burgers het tydens die geveg by Nooitgedacht gesneuwel en 61 is gewond, onder andere Jan Joubert, seun van genl. Piet Joubert en vriend van Deneys.[184] Die gesig van hoe die burgers hulle gestorwe makkers oor perde se rûe vasgemaak na die laer terugbring, het Deneys oorlog en die dood laat verromantiseer. "Het was hard om te denken dat die afgrijslijke gezicht nog

[183] Brenthurstbiblioteek, MS272/4, vol. 4, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 315-316.
[184] J. Meintjes, *De la Rey – Lion of the West*, p. 190.

dezen morgen dappere manne geweest waren die als helden een sterke vijand bestormd en overrompeld hadden. Toch zie ik liever een dappere man als een schaap over een pakpaard gebonden met de patroon banden om de schouders en de sporen aan de voeten van het veld van eer gebracht dan dat hij in zijn bed als een ou vrouw moet sterven en in een akelige wagen met glaze zijden wegkarwijde wordt naar een enge kerkhof – het is tenminste een krijgsmans begrafenis om alzoo over een paard door zijne wapenbroeders begeleid bij zijn oude kommando voorbij gebracht te worden terwijl honderden dapperen met ontblote hoofden hem het laaste groet toeroepen."[185]

Op 16 Desember 1900 het die kommando's onder Beyers en De la Rey bymekaar gekom om Dingaansdag te vier en die gelofte wat hulle voorvaders voor die slag van Bloedrivier in 1838 gemaak het, te hernu. Dié gelofte het daarop neergekom dat indien God aan die Voortrekkers 'n oorwinning oor die Zoeloes sou gee, hulle ter ere van Hom 'n kerk sou bou en dat hulle nageslag die dag van oorwinning jaarliks sou herhaal. Onder leiding van dominee Kriel is die gelofte herhaal en 'n klipstapel is opgerig wat deur Kriel Ebenaezer gedoop is. Hierna het Beyers en De la Rey die burgers toegespreek en hulle aangemoedig om tot die laaste man vir hulle volk en vaderland te veg. Krause beskryf die geleentheid as die gewigtigste en eerlikste geleentheid wat hy ooit bygewoon het. "My soul was stirred to its innermost depths and an intense pity for my poor persecuted race filled my heart and choked my utterance."[186] Deneys het egter nie hierdie sentimente gedeel nie: "My brother and I thought the proceedings somewhat theatrical and kept away, but as far as I know the beacon is still standing in testimony of vain hopes."[187] Die stelling laat mens wonder òf dit die godsdienstige aard van die byeenkoms was wat Deneys afgesit het, òf dat hy dit bloot as 'n nuttelose aksie beskou het om so 'n gelofte te herdenk tydens 'n oorlog waarin hulle in elk geval besig was om die slegste daarvan af te kom.

---

[185] Brenthurstbiblioteek, MS272/4, vol. 4, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 317-318.
[186] J. Taitz (red.), The war memoirs of commandant Ludwig Krause 1899-1900, *Van Riebeeck Society Second Series no. 26*, pp. 130-131.
[187] D. Reitz, *Commando*, p. 140.

As in ag geneem word dat Deneys teen Kersdag 1900 redelik depressief oor die stand van die oorlog was, is dit waarskynlik sy siniese gevoel oor die oorlog wat hom die stelling laat maak het: “Ik was nu voor de oorlog rechtig vies want het scheen mij dat het maar altoos zoo zou gaan dat de vijand ons als schapen voor zich uit zou jagen totdat de laatste man gevangen was.” Hy beskryf die algemene toestand in hierdie tydperk as baie sleg, aangesien duisende van die burgers neerslagtig was en baie van hulle van die kommando’s af weggesluip het om die wapen te gaan neerlê. Groot hoeveelhede van hulle het van die standpunt uitgegaan dat daar geen kans was om hulle vryheid te behou nie. Hulle was van mening dat as die oorlog sou voortgaan hulle vrouens en kinders uitgeroei sou word, hulle vee sou verdwyn en alles bo-op die grond afgebrand sou word. Vir Deneys was dit “...niet ver van de waarheid...”.[188]

Hierdie neerslagtigheid van die burgers hou na alle waarskynlikheid verband met die Britse verandering in taktiek ten opsigte van hoe die oorlog gevoer moes word. Kitchener het op 29 November 1900 die beheer van die Britse magte in Suid-Afrika by veldmaarskalk Roberts oorgeneem,[189] en hy het met groter kragdadigheid teenoor die Boere begin optree. Die taktiek waarop hy voortgebou en selfs uitgebrei het, het ingesluit die vernietiging van die Boere se voorraadbronne deur plase af te brand en vee dood te maak; beheer oor die nie-vegtende bevolking deur ‘n pas- en konsentrasie kampstelsel; beskerming van sy eie voorraad- en kommunikasielyne en beperking van die kommando’s se bewegings deur middel van blokhuislinies; voortdurende druk op die kommando’s deur middel van mobiele kolonnes wat dryfjagte op die kommando’s uitgevoer het; en allerlei proklamasies en briewe waarin die Boereleiers en burgers beurtelings gedreig en met mooi beloftes oorreed is om die wapen neer te lê.[190] Kitchener het hierdeur gepoog om ‘n tweeledig doel te bereik, naamlik om die Boerekrygers te elimineer en om dit vir hulle onmoontlik te maak om van die land af te leef.[191]

---

[188] Brenthurstbiblioteek, MS272/4, vol. 4, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 340-341.
[189] B. Farwell, *The great Boer War,* p. 318.
[190] *Ibid.,* p. 350.
[191] S. du Preez, Die vrede van Vereeniging (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP, 1986), p. 424.

Gelukkig, volgens Deneys, was die burgers aanvanklik totaal en al onbewus wat hierdie nuwe benadering alles behels het. Hulle het egter gou genoeg uitgevind dat die Britte beoog het om die Boererepublieke plat te vee, ongeag die swaarkry van die nie-vegtende bevolking en onwetend dat hierdie metode net sou veroorsaak dat die Boere sterker weerstand bied. Die beleid het, volgens Deneys, die oorlog met 'n jaar of twee verleng eerder as om dit te verkort.[192]

Die eerste van die dryfjagte wat Deneys deurgemaak het, was in Januarie 1901 op Beyers se kommando's in die Transvaalse Hoëveld. Na afloop van die dryfjag het Botha aan Beyers opdrag gegee om na die Waterberge terug te keer, maar die A.C.C. het besluit om van hom weg te breek en eerder by genl. De la Rey te gaan aansluit. Deneys motiveer die stap deur te meld dat die A.C.C. 'n gemengde geselskap was wat nie werklik by Beyers se kommando ingepas het nie, aangesien meeste van die kommandolede Waterbergers was. Die feit dat hulle boonop nie veel van Beyers gehou het nie, het hulle verder in die besluit gesterk.[193] Dit het egter die einde van die A.C.C. beteken. In die Skurweberge, wes van Pretoria, het baie van hulle perde begin vrek as gevolg van die ongunstige omstandighede in die omgewing tydens die reënseisoen. Met die meeste ruiters perdloos is hulle voor die keuse gestel om De la Rey te probeer kontak en perde van hom te verkry, of om noordwaarts oor die berge na die Bosveld te trek. Deneys en Arnt het laasgenoemde siening ondersteun, want hulle het gereken dat hulle hulle vader sou kon opspoor sodat hy 'n perd aan Deneys kon verskaf.[194]

Tydens die soektog na hulle vader het Deneys van Arnt afgedwaal en 'n stapel koerante in 'n verlate plaashuis ontdek. Die ontdekking het die res van sy deelname aan die oorlog drasties beïnvloed. Aangesien hy meer as nege maande laas 'n koerant gelees het, het hy vir die eerste keer uitgevind dat koningin Victoria dood is, dat daar oorlog in China was en dat Kitchener vir Roberts as opperbevelhebber van die Britse magte in Suid-Afrika opgevolg

[192] D. Reitz, *Commando*, pp. 147-149.
[193] *Ibid.*, pp. 149-152.
[194] *Ibid.*, pp. 154-155.

het. Wat hom egter die meeste geïnteresseer het, was die storie van ‘n Boerekommando wat in die Kaapkolonie aktief was. Hy het net daar besluit om Kaap toe te gaan en het alle gedagtes om sy broer in te haal, opsygeskuif.[195] Dit was dan ook die laaste wat hy vir Arnt gedurende die oorlog gesien het. Dié het sy weg tot in die Lydenburg-distrik gevind waar hy ‘n perd van sy vader bekom het. Hierna is hy suidwaarts tot in die Ermelo distrik om by kommandant Walter Mears aan te sluit. Saam met Mears is hy na die Vrystaat waar hulle tot aan die einde van die oorlog onder genl. C.R. de Wet geveg het.[196]

Deneys was nie seker waarom hy “…zoo ver van mijn land te velde wou trekken ... behalwe dat het kommando leven in de Transvaal mij te zaai en eentonig voorkwam en het mij quazi-romantisch scheen om als een soort van Vrij Lans op des vijands grond gebied een inval te doen en om zoo veel honderde mijlen van de Transvaal door dik en dun te rijden en de kolonialers te wijzen dat wij nog in bestaan waren.”[197] By ‘n latere geleentheid het hy sy begeerte om na die Kaapkolonie te gaan soos volg uitgedruk: “Wat of ik eigenlijk in de kolonie wou zoeken wist ek zelf niet maar het idee scheen mij nu om zoo ver van mijn land op ‘s vijands grond gebied een inval te maken en hadden die berichten die ik in Engelse nieuwsbladen die ik op ‘t veld had vinden rondliggen overal in de Transvaal en waarin vermeld stond over de stroop tochten van Komdt’n Wynand Malan, Kritzinger en Scheepers, mijn verbeeldings vermogen gevuurd en figuurde ik mijzelven als een soort free-lance cum moss-trooper ver in de kolonie doorvechtende tot aan de zee water en spiegelde ik mij voor hoe ik op een goeden dag Knijsna of Swellendam zou inrijden en mij verbaasde familie leden en vrienden die ik daar heb - tantes enz, wijzen dat ‘n Boer hem niet laat keeren als hij wil doordrukken. Ook dacht ik plezieriger te kunnen vechten in een land die nocht niet door de oorlog zoo uitgeput was als de Vrijstaat en Transvaal en waar men tenminste altoos genoegzaam proviand en andere benoodigheden zou hebben en toch te lekker kunnen oorlog voeren en niet voortdurend met

---

[195] D. Reitz, *Commando*, pp. 156-157.
[196] Brenthurstbiblioteek, MS272/4, vol. 4, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 398-399.
[197] *Ibid.*, p. 396.

zeer-hoevige, kaalvoet paarden – leêge maag – en naakte lichaam te moeten zukkelen. Bij dit alles gevoegd dat ik alreeds in Lijdenburg aan mijn vader te kennen gegeven had dat ik nog een dag wou door gaan naar de Kolonie en ik wou hem toonen dat ik mans genoeg was om te doen wat ik gezegd had."[198]

Bogenoemde aanhalings wys 'n paar aspekte van Deneys se persoonlikheid. Ten eerste dat hy selfs na byna twee jaar se betrokkenheid by die oorlog en al die gruwels en negatiewe ondervindinge wat hy moes ervaar, steeds nie sy 'onskuldigheid' verloor het nie. Hy het 'n ryk verbeelding gehad, wat maklik aangevuur is deur dit wat hy gelees het. In beide *Commando* en Herinneringen van 1899-1902 verwys hy kort-kort na tydjies wat afgeknyp is vir lees en mens kan maar net spekuleer dat hy lief was vir avontuurverhale en verhale wat hom uit sy daaglikse omstandighede weggevoer het. Sy lus vir avontuur is gevolglik maklik aangewakker. Die indruk word verder geskep dat hy hom sentraal tot sy eie fantasieë geplaas het. Die tweede aspek wat na vore kom, is dat hy, al het hy soos 'n volwasse man aan 'n oorlog deelgeneem, steeds die behoefte gehad het om hom aan sy vader te bewys. Dit is moontlik dat F.W. Reitz Deneys se praatjies dat hy na die Kaapkolonie wou gaan as bogstories afgemaak het en in 'n poging om aan sy vader te toon dat hy ernstig was, sou hy alles in sy vermoë doen om in die Kaapkolonie uit te kom.

Om in die Kaapkolonie uit te kom, was egter nie naastenby so eenvoudig as wat hy aanvanklik gemeen het nie. Hy was perdloos, omring deur Britse kolonnes en boonop was sy klere in so 'n gehawende toestand dat hy kaalvoet teen die Magaliesberge moes af, 'n tog wat veroorsaak het dat sy voete so geswel en vol blase was dat hy vir twee weke in 'n tabakstoor gelê en wag het dat dit herstel. Gedurende die tydperk was hy by 'n vyftigtal Rustenburgers wat hulle oor hom ontferm het.[199] Saam met die groep Rustenburgers het Deneys eers by De la Rey se kommando aangesluit en toe, in 'n poging om 'n perd in die hande te kry, by die Duitsekorps van

---

[198] Brenthurstbiblioteek, MS272/6, vol. 6, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 549-550.
[199] D. Reitz, *Commando*, p. 158.

veldkornet Mayer.[200] Hier het hy vriende gemaak met 'n viertal Duitsers wat op die ou end die tog saam met hom na die Kaapkolonie aangepak het.

Volgens Deneys het die vier Duitsers goeie kwaliteite gehad, maar was hulle "buitgeest" te goed ontwikkel en was niks by hulle veilig nie. Hy het glo die grootste moeite gehad om te keer dat hulle nie alles steel uit die huise waarby hulle verbyry nie. Hulle was glo veral geoefen om hoenders en varke te steel, iets wat Deneys nie te veel gepla het nie. Sy redenasie was dat as die Duitsers dit nie gedoen het nie, sou die Britte dit gedoen het. Dit het hom egter nie aangestaan dat hulle skoene, klere, saals en alles waaraan hulle kon raak, geneem het nie. In sy beskrywing hiervan weerspreek Deneys homself. Aan die een kant meld hy dat hy die Duitsers nie te erg verkwalik het nie, want hy het gereken dat as hy onder 'n vreemde nasie oorlog moes maak hy waarskynlik ook nie te veel onderskeid sou tref nie. Aan die ander kant kon hy dit egter nie verdra dat sy eie nasie so beroof moes word nie en het hy verskeie argumente met hulle daaroor gehad.[201] As in ag geneem word dat Deneys na die besetting van Dundee op 23 Oktober 1899 vir die genot aan die plundery van winkels en huise op die dorp deelgeneem het, wys sy ongelukkigheid met die Duitsers op sy eie egosentrisiteit. As hy dink 'n ding is reg, mag dit, maar as die vreemdeling Duitsers so dink is dit onaanvaarbaar.

Deneys en die Duitsers se paaie het kort voor lank geskei,[202] maar nie voordat 'n jong Kaapse rebel, Jacobus Bosman, hom by hulle gevoeg het nie.[203] Tydens 'n kort verblyf by die kommando van genl. J.B.M. Hertzog het Deneys 'n groep van tien ou kennisse teëgekom wat ook van plan was om na die Kaapkolonie te gaan en hy en Bosman het dadelik by hulle aangesluit. Die groep, wat hulle self spottend die Rijk Sectie (Dandy Fifth) genoem het as gevolg van hulle stukkende klere en toiingrige voorkoms, was almal Transvalers en met die uitsondering van Jack Borrius, saam met wie Deneys onder Danie Theron en in die A.C.C gedien het, was hulle almal jonger as

[200] D. Reitz, *Commando*, pp. 160-168.
[201] Brenthurstbiblioteek, MS272/5, vol. 5, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 455-456.
[202] D. Reitz, *Commando*, pp. 178,184 en 150.
[203] *Ibid.*, p. 184.

twintig. Die ander lede van die Rijk Sectie was Benjamin Coetzee, wat vroeër ook ‘n lid van die Pretoriakommando was, Fritz Balogh, ‘n Oostenryker wat in Pretoria gewoon het, Nicholas Swarts van Rooikraal, Potchefstroom, die seun van ‘n welgestelde boer wat vroeër ‘n rapportryer vir kommandant Kritzinger in die Oos-Kaap was, Cornelius Vermaas van Losberg, Potchefstroom, wat by Frederikstad gewond is en vanaf ‘n trein gespring en ontsnap het naby Hexrivier toe hy na Kaapstad geneem is vir krygsgevangenskap na Ceylon. Verder was daar twee Engelssprekende burgers, Percy Wyndell, ‘n 17-jarige klerk van Middelburg en Edgar Duncker, vyftien, wat reeds drie maal gevang was maar elke keer ontsnap het. Die res van die geselskap is opgemaak deur Jan Van Zijl, volgens Deneys ongeletterd maar gevat, Piet de Ruyt, ‘n Hollander en Henry Rittenberg van Gatsrand. Van die groep is vier later tereggestel en ses is of gevang of gewond.[204]

### 3.3.2 Die inval in die Kaapkolonie

Teen die einde van Augustus 1901 en na vele omswerwinge,[205] het die Rijk Sectie die kommando van genl. Jan Smuts by die Oranjerivier naby Zastron teëgekom. Die kommando was onderweg na die Kaapkolonie en die A.C.C. het onmiddellik by hulle ingeval. Die Rijk Sectie is by hulle aansluiting by Smuts se kommando aangewys as Smuts se verkenners, ‘n eer wat hulle dadelik aanvaar het.[206] Die ontmoeting met Smuts en die geloof en vertroue wat Deneys in hom uitgespreek het, was die begin van ‘n verhouding en samewerking wat tot aan die einde van Deneys se lewe sou voortduur. Deneys was van mening dat die kommando die beste een was waarin hy ooit gedien het en dat Smuts die enigste persoon was wat hulle deur die moeilike tye sou kon neem wat op hulle gewag het. Vir Deneys het ‘n verdere verrassing by Smuts se kommando gewag, naamlik dat sy Nederlandse oom, Jan Mulder, ook daarby was.[207]

---

[204] D. Reitz, *Commando*, pp. 197-198; T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride*, pp. 27-28. (Shearing gee De Ruyt se naam aan as De Rust.)

[205] D. Reitz, *Commando*, pp. 175-200.

[206] D. Reitz, *Commando*, pp. 200-201; L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902, V*, p. 309.

[207] D. Reitz, *Commando*, p. 200.

Smuts se kommando het bestaan uit sy personeel, 75 burgers onder kommandant Jaap van Deventer, 70 onder kommandant Ben Bouwer en 69 onder kapt. Jan Kirsten van Klerksdorp. ‘n Verdere groep onder kommandant Louis Wessels van Vrede het op 26 Maart 1902 by Smuts in die Noordwes Kaap aangesluit.[208] Smuts se inval in die Kaapkolonie het ‘n tweeledige doel gehad, naamlik om te poog om plaaslike vrywilligers en “rebelle” te werf vir die kommando’s en om die Britse militêre stelsel en Kitchener se kommunikasielyne te bedreig.[209] Dit was vir die Boere noodsaaklik om die gevegsterrein na Britse gebied uit te brei, aangesien hulle geen hond haaraf kon maak teenoor die Britse magte in die twee Boererepublieke nie.

Lord Kitchener het egter besef hoe ‘n groot impak Smuts se inval in die Kaapkolonie kon hê en genl. J.D.P. French is gestuur om Smuts se kommando hok te slaan. Om die doel te bereik, is verskeie skuiwe op 6 September 1901 in die Britse magte gemaak. Kols. Pilcher en H.P. Taylor en maj. K.E. Lean is na Burgersdorp gestuur en lt.kol. G.F. Gorringe is vanaf Venterstad na Stormberg verskuif. Lt.kol. S.C.H. Munro is vanaf Dordrecht na Barkly-Oos oorgeplaas en lt.kol. B. Doran is na Molteno gestuur. Monro was veronderstel om die oostelike distrikte van die Kaapkolonie te dek en Doran, Gorringe en Pilcher die westelike distrikte.[210] Hierdie Britse magte het Smuts aanhoudend gejag en uit verskillende rigtings bedreig, met die gevolg dat die kommando kort-kort van rigting moes verander om te verhoed dat hulle gevang word. Izak Meyer het kennelik die gevoel van die Britte weerspieël toe hy in sy herinneringe aangeteken het: “Stop Smuts! Stop Smuts!”.[211]

Die Smutskommando het die grens tussen die Vrystaat en die Kaapkolonie op 4 September 1901 by die Kibadrif in die Oranjerivier naby Zastron oorgesteek[212], waarna hulle feitlik onmiddellik deur die Herschel Native

---

[208] T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride*, pp. 26-27.

[209] P. Burke, *The siege of O’Okiep: Guerilla campaign in the Anglo-Boer War*, p. 29.

[210] T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride*, p. 37; E. Nel, *Die Kaapse rebelle van die Hantam-Karoo: Anglo-Boere-oorlog 1899-1902*, pp. 215-216.

[211] J.H. Meyer, *Kommando-jare,* p. 238.

[212] GJ Kotzé, *‘n Kort bespreking van die Anglo-Boereoorlog in Namakwaland met spesiale verwysing na gebeure op sekere plekke in dié gebied*, p. 1.

Police, onder leiding van maj. D.B. Hook, by die Wittenberg Sendingstasie in 'n lokval gelei is. Die meerderheid van die kommando het gou na veiligheid ontsnap, maar Deneys en sy oom het saam met 'n vyftal ander burgers agtergeraak. Dit het Deneys in 'n situasie geplaas waar hy amper sy lewe verloor het.[213] Deneys beskryf die Herschel Native Police as 'n groep Basoetoes, sommiges gewapen met gewere en ander met strydbyle, spiese en knopkieries. Aangesien die burgers van mening was dat die kommando nie aangeval sou word nie, het hulle hulle nie veel aan die Basoetoes gesteur nie. Dit was 'n fout wat hulle terdeë berou het, aangesien die Herschel Native Police op hulle begin vuur het. Om die veiligheid van die kommando te bereik, moes Deneys-hulle met 'n paadjie tussen die Wesleyaanse Metodiste kerk en 'n ry rotse deurjaag. Tot Deneys se groot ontsteltenis het sy oom sowat 13 meter van die kerk af van sy perd gespring en onder die oorhangende rotse gaan skuiling soek. Deneys het geen ander keuse gehad as om hom by sy oom te gaan aansluit nie. Nadat enkele skote gewissel is, het Deneys-hulle egter weer op hulle perde gespring, verder gejaag en daarin geslaag om te ontsnap. Van die vyf burgers saam met hulle het drie volgens Deneys gesneuwel. Deneys sê hulle was gelukkig om te ontsnap en skryf dit daaraan toe dat die Basoetoes swak skuts was. Deneys-hulle het egter nie ongedeerd daarvan afgekom nie. Hulle pakdiere met al hulle toerusting en voorraad het tydens die voorval weggeraak en beide sy en sy oom se perde was gewond - Deneys s'n tot so 'n mate dat hy hom moes doodskiet. Hulle pakdiere kon hulle egter later weer opspoor.[214]

Naby die plaas Moordenaarspoort, ten ooste van Dordrecht, is Smuts en drie ander burgers tydens 'n verkenningstog in 'n Britse hinderlaag gelei. Die drie burgers saam met Smuts het almal gesneuwel, maar hy was gelukkig om ongedeerd te ontsnap. Die kommando het dié voorval in 'n baie ernstige lig beskou. Deneys het geglo dat hulle inval in die Kaapkolonie verby sou gewees het indien Smuts iets oorgekom het, aangesien nie een van Smuts se twee kommandante, Jacobus van Deventer en Ben Bouwer, Smuts se

---

[213] T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride*, pp. 31-32.
[214] D. Reitz, *Commando*, pp. 203-206; T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride*, pp. 33-34.

persoonlikheid of invloed gehad het nie. Hy het beide van hulle as goeie vegters beskou, maar het nie geglo dat hulle die kommando sou kon lei nie.[215] Hierdie gevoel van Deneys wys op die bewondering wat hy vir Smuts gehad het, asook die groot invloed wat Smuts op hom uitgeoefen het. Smuts se invloed het later so ver oor Deneys gestrek dat hy hom nagevolg en 'n ondersteuner van die Britse Imperialisme geraak het.

Die eerste helfte van September 1901 was vanweë swak weerstoestande nie 'n goeie tyd om in die Kaapkolonie te wees nie. Dit het sedert Mei van daardie jaar in die Oos-Kaap gesneeu en konstante mis, sneeustorms en snerpende winde was aan die orde van die dag. Alhoewel die swak sigbaarheid tot voordeel van die kommando gestrek het in hulle stryd om die Britse kolonnes te ontwyk, het hulle 'n hoë prys daarvoor betaal. Die kommando was grootliks toegerus vir die somer en het geweldig onder die wintertoestande gely.[216] Die burgers se klere was voos, hulle was moeg, nat en koud, hulle ammunisie was byna op en hulle is geen rus deur die Britse kolonnes gegun nie. Die gevolg was dat hulle moraal baie laag was. Die weerstoestande het 'n algemene laagtepunt bereik teen middel September 1901 en Deneys beskryf die nag van 15 September 1901 as die ergste nag wat hy ooit deurgemaak het. Volgens hom het hy gedurende die oorlog geen groter toets deurgemaak as gedurende dié nag van die "groot reën" nie. Hulle gids het sy weg verloor, hulle het enkeldiep in die modder en water geloop en hulle arme, verswakte perde het met elke beweging gesteier en gegly. Boonop het dit hard gereën en was dit verskriklik koud. Teen middernag het ysreën begin val en die graansak wat hy as baadjie aangehad het, het gevries. Volgens hom was hulle daardie nag nader aan moed opgee as ooit vantevore en selfs burgers wat nooit gekla het nie, het begin murmureer. Gedurende dié nag is veertien burgers en vyftig of sestig perde dood. Na die nag het die burgers wat dit deurgemaak het na hulleself begin verwys as *Die Groot Reent Kerels*,

[215] D. Reitz, *Commando*, pp. 210-211.
[216] T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride*, p. 42.

hoofsaaklik om hulle te onderskei van daardie kommandolede wat dit nie saam met hulle deurgemaak het nie.[217]

Een ligpunt vir die burgers gedurende hierdie tydperk was ‘n koerant waarop Deneys-hulle afgekom het wat na die Smutskommando verwys het as die “rif-raff of the Boer Armies”. Die koerant het ook ‘n proklamasie van Kitchener bevat waarvolgens alle burgers hulle voor die 15de September moes oorgee. Indien hulle dit nie doen nie, sou hulle verban word. Volgens Deneys is die proklamasie met die minagting behandel wat dit verdien het.[218] Izak Meyer ondersteun Deneys se standpunt deur te meld dat Smuts die koerant in sy broeksak gedruk en gesê het: “Wanneer ek môre na die bos gaan, sal ek weet wat om daarmee te maak!”[219]

Volgens Deneys se beskrywing was die kommando teen 17 September op sy laaste bene. Dit was in so ‘n swak toestand dat hulle vinnig iets sou moes doen as hulle wou bly oorleef. Die geleentheid om dit te doen, het hom voorgedoen toe Smuts, Van Deventer, Bouwer, die Rijk Sectie en sowat sestig ander kommandolede die 17th Lancers by Elandsrivierpoort (Modderfontein) aangeval het. Die Britse mag van sowat 250 man onder bevel van kapt. V.S. Sandeman was in twee verdeel, met die hoofmag op ‘n koppie aan die westekant van die rivier, sowat 50 meter vanaf die plaasopstal by Modderfontein en ‘n uitkykpos sowat 300 meter noordoos vanaf die hoofmag. Smuts het aan Van Deventer opdrag gegee om die stellings op die koppie aan te val, terwyl Bouwer die Britse kamp by die plaaswoning moes aanval. Die geveg is ingelei deur ‘n skermutseling tussen ‘n Britse patrollie en die Boeremag, waarna die afneem van die Britse Maxim masjiengewere en toe die inname van die Britte se hooflaer plaasgevind het.[220]

Deneys meld dat die Rijk Sectie in die geveg betrokke geraak het toe hulle in ‘n Britse patrollie van sowat 15 tot 20 man vasgery het. Hierdie aanvanklike

217 D. Reitz, *Commando*, pp. 222-224.
218 *Ibid.*, pp. 220-221.
219 J.H. Meyer, *Kommando-jare,* pp. 240-241.
220 E. Nel, *Die Kaapse rebelle van die Hantam-Karoo,* p. 220.

skermutseling het aan Deneys die geleentheid gegee om 'n Britse soldaat met sy laaste twee patrone te skiet, van sy perd te spring, dié soldaat se geweer en bandelier te gryp en verder aan die geveg deel te neem. Hy het homself daarop geroem dat hy van die soldate wat 'n bergkanon beman het, doodgeskiet het en dat hy betrokke was met die uiteindelike stormloop om die hooflaer in te neem. Sy laaste betrokkenheid by die aanval was toe hy en Willie Conradie met 'n groep Britse soldate in 'n kraal slaags geraak het.[221] Izak Meyer skryf egter dat Jack Borrius en 'n paar ander burgers ook by Deneys en Conradie was. Volgens hom het Deneys die kraal waaghalsig bestorm en vir die Britte geskreeu het "Hands up, you bastards! Hands up!", waarna Deneys-hulle onder hewige geweervuur gesteek is. Meyer meld verder hoe Deneys met een van die soldate handgemeen geraak het en amper doodgeskiet is.[222] Tydens die skermutseling is Deneys op 'n kort afstand met kruit gebrand en volgens hom het hy nog vir dae daarna stukkies daarvan met 'n mes uit sy wang en nek gesit en haal.[223]

Na afloop van die geveg het die burgers die Britse kamp geplunder en hulle voorrade aangevul. Deneys het die geveg begin met 'n meelsak as klere, 'n hoefseer perd en slegs twee patrone, maar het daar uit gestap met 'n mooi kavalleriebaadjie, rybroek, 'n sport Leemetford, vol bandeliere, 'n uitstekende perd en 'n sterk ry-esel. Die aanval het boonop 'n hernude vertroue in hulle leiers wakker gemaak en enige gevoel van oorgee het soos mis voor die son verdwyn.[224]

Die Rijk Sectie het dié oorwinning toegeskryf aan hulle aanvanklike aanval en Deneys was trots op die aandeel wat hy daarin gehad het. Hy het egter met gemengde gevoelens na die kanonniers en ander soldate wat hy gedood het, gekyk. Alhoewel hy vir hulle jammer was en sê dat hy nooit die Britte gehaat het nie, was 'n geveg 'n geveg en hy was trots op wat hy gedoen het.[225]

---

[221] D. Reitz, *Commando*, pp. 225-229.
[222] J.H. Meyer, *Kommando-jare,* pp. 255-256.
[223] D. Reitz, *Commando*, p. 229.
[224] *Ibid.*, p. 230.
[225] *Ibid.*, p. 231.

Krediet moet aan Deneys gegee word oor sy houding teenoor die Britse soldate. In al sy beskrywings van persoonlike verliese, voedsel tekorte, honger, gebrek aan ammunisie, perde en klere, die verskroeide aardebeleid ensomeer, het hy nooit die Britse magte of soldate afgekraak of ‘n negatiewe beeld van die soldate geskets nie. Inteendeel, in al hierdie gebeure was daar vir hom een bevrydende kenmerk, naamlik dat die Britse soldate, beide offisiere en manskappe, genadig mensliewend was. Dié eienskap van die Britte was volgens hom algemeen bekend en daar was gevolglik geen aarseling onder die burgers om ‘n gewonde kameraad aan die genade van die Britse soldate oor te laat nie, aangesien hulle geweet het dat die gewonde goed versorg sou word. Hierdie karaktertrek het volgens hom baie gedoen om die skerpheid van die oorlog te versag.[226] Tydens die reis na die Vrede van Vereeniging beskryf Deneys die Britte verder as ‘n edelmoedige nasie wat nooit ‘n woord gepreek het wat hulle gevoelens of trots kon seermaak nie, al was hulle bewus daarvan dat die Boere die oorlog verloor het.[227] Alhoewel daar waarskynlik nie uitsluitsel daaroor gekry kan word nie, ontstaan die vraag of hierdie Britse edelmoedigheid, wat Deneys sê hy het in die oorlog ervaar, hom positief teenoor die Britte later in sy lewe gemaak, of het sy latere positiewe gevoel oor die Britte sy oordeel oor die gebeure van 1901 versag?

In *Commando* verwys Deneys verskeie kere na die Britse uniforms wat hulle gedra het, asook Kitchener se proklamasie dat enige Boer wat met ‘n kakie uniform aan gevang is, onmiddellik tereggestel sou word. Volgens hom was nie een van die burgers bewus van die proklamasie nie en het hulle slegs die Britse uniforms gedra uit noodsaaklikheid en nie omdat hulle die vyand doelbewus wou mislei nie.[228] Die dra van ‘n Britse uniform het hom egter by ‘n paar geleenthede gehelp om van Britse soldate te ontsnap deurdat hulle hom as een van hulle eie aangesien het.[229] Nadat hy deur middel van ‘n koerant uitgevind het van Kitchener se proklamasie, het hy so gou moontlik ‘n jas by

---

[226] D. Reitz, *Commando*, p. 169.
[227] *Ibid.*, p. 318.
[228] *Ibid.*, pp. 236, 245, 250 en 258-259.
[229] *Ibid.*, pp. 254 en 255.

‘n boer geleen en van sy Britse baadjie ontslae geraak.[230] Ondanks die waarskuwing dat hulle nie kakie klere moes dra nie, kon Deneys by Middelpost, sowat 72 kilometer suidoos van Calvinia, nie die versoeking weerstaan om die uniform van kapt. Ross-Johnson aan te trek nie. “…deze was zoo mooi met zijn hooge kraag a’la Duke of Wellington en blinkende ketting epauletten dat ik de verzoeking niet kon weerstaan om mijn oude gelapte baatjie, die ik nog had van de Aberdeen distrikt, weg te smijten en weer als een witman gekleed te gaan en met nieuwe stokwasser leggings, rybroek, pronk uniform en prachtige sijpaarden en nieuwe zadels en mondeering gevoelde ik nu net op mijn stukken en rekende ik mijzelf onder de rijksten.”[231]

Vanaf Elandsrivierpoort het die kommando weswaarts in die rigting van Maraisburg (vandag Hofmeyr) getrek, maar vanweë groot hoeveelhede Britse soldate daar moes hulle suidwaarts terugval en het hulle op 21 September aan die voet van die Winterberge aangekom. Op 23 September het hulle oor dié bergreeks na die distrik Bedford beweeg. Hierna het hulle deur die Adelaide distrik in ‘n suidoostelike rigting na Fort Beaufort gegaan, maar moes vanweë te veel Britse spioene na die Adelaide-distrik terugkeer.[232] Deneys skryf in *Commando* dat hulle die dorp vanuit ‘n afstand beskou het maar as gevolg van ‘n sterk Britse garnisoen nie nader gegaan het nie. Izak Meyer vertel egter ‘n ander storie. Volgens hom het hy, Deneys, Edgar Duncker, Cecil Weddel en Ben Coetzee ’n vinnige besoek, op Deneys se voorstel, aan Adelaide afgelê. Die doel van die besoek was om ‘n bietjie tabak “...en dalk ietsie by die hotel” te gaan soek. In Adelaide het hulle reguit na die hotel se kroeg gegaan waar Deneys ‘n storie aan die hotelbaas vertel het waarvolgens hulle deur Smuts van hulle regiment afgesny sou wees. Dit het daartoe gelei dat hulle eers iets gekry het om te drink en daarna aandete en ‘n sigaar. Volgens Meyer het hy die “...tonggladde Reitz [selde] ‘n verhaal

---

[230] D. Reitz, *Commando*, pp. 258-259.
[231] Brenthurstbiblioteek, MS196/1/2/2, vol. 8, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 981.
[232] E. Nel, *Die Kaapse rebelle van die Hantam-Karoo,* pp. 221-223.

so oortuigend hoor vertel." Aangesien nie een van hulle oor enige geld beskik het nie, was dit uiters nodig.[233]

Die nag van die 28ste September het die kommando die Port Elizabeth-spoorlyn naby Kommadaggastasie ten suide van Sheldon, in die rigting van die Somerset-Oos-distrik, gekruis. 'n Groot Britse mag het hulle egter in 'n suidwestelike rigting na die Suurberge laat terugval.[234] Twee voorvalle is meldenswaardig tydens die kommando se verblyf in die Suurberge. Die eerste hou verband met die vergiftiging van 'n groot hoeveelheid van die kommando toe hulle "*Hottentotsbrood*", 'n soort broodboom, geëet het. Die plant is slegs gedurende sekere tye van die jaar eetbaar, maar aangesien die burgers nie daarvan bewus was nie, het verskeie van hulle hulle hongerpyne daarmee probeer stil. Die gevolg was dat al die burgers wat daarvan geëet het, insluitende Smuts, siek geraak het. Die situasie is verder vererger deur 'n Britse mag wat besig was om die berge in te trek om 'n aanval op die kommando te loods. Alhoewel Deneys nie van die broodboom geëet het nie, het hy 'n baie bekommerde en ongemaklike nag deurgebring. Dit was donker, 'n koue wind het gewaai, hulle kon dit nie waag om vuur te maak nie en dié van hulle wat nie siek was nie, was baie honger. Die vrees het verder bestaan dat hulle siek kollegas nie gou genoeg sou herstel vir hulle om voor die naderende Britse magte te vlug nie en dat hulle inval in die Kaapkolonie tot 'n vinnige einde sou kom. Teen die volgende oggend het die siek burgers egter tot so 'n mate herstel dat hulle dieper die berge kon inbeweeg en van die Britse mag kon ontvlug.[235]

Die tweede noemenswaardige voorval tydens die kommando se verblyf in die Suurberge wys weer op Deneys se bewondering vir Smuts en dat hy nie sou huiwer om sy eie lewe vir hom op te offer nie. Met hulle wegtrek dieper die berge in het Deneys opgemerk dat Smuts nog nie self begin terugval het nie en dat dit nie lank sou neem voordat die Britse verkenners op sy posisie sou

[233] J.H. Meyer, *Kommando-jare,* pp. 266-267.
[234] E. Nel, *Die Kaapse rebelle van die Hantam-Karoo,* pp. 225-226; D. Reitz, *Commando*, pp. 239-243.
[235] E. Nel, *Die Kaapse rebelle van die Hantam-Karoo,* pp. 224-225.

afkom nie. Hy het gevolglik, onder vuur van die Britse verkenners, teen die berg af beweeg na waar Smuts siek gelê het. Saam met 'n paar ander burgers kon hy daarin slaag om Smuts die berg op na die res van die kommando te neem.[236]

Na 'n skermutseling met 'n Britse mag op 4 Oktober 1901, het die kommando deur die nag getrek en die Suurberge op 5 Oktober by die plaas Driefontein, aan Somerset-Oos se kant, verlaat. Op Sondag 6 Oktober het Smuts die kommando meegedeel dat hulle nie meer Port Elizabeth gaan aanval nie, maar dat hulle hulle stryd in die Wes- en Noordwes-Kaap sou voortsit. Hy het die kommando in twee verdeel en Van Deventer in die rigting van Somerset-Oos gestuur met die opdrag om tussen Graaff-Reinet en Middelburg weswaarts, naby Richmond, oor Victoria-Wes na Calvinia te beweeg. Smuts en Bouwer sou ook weswaarts in die rigting van Graaff-Reinet, om Beaufort-Wes, in die rigting van Calvinia beweeg. Die kommando's sou dan by Calvinia herenig. Smuts se beweegredes vir hierdie besluit was soos volg: twee kommando's sou die Britte verwar; dit sou hulle meer beweeglik maak; hulle sou makliker kosvoorrade in die hande kon kry; en dit sou hulle 'n beter deurkomkans gee.[237] Deneys het die kommando van Smuts en Bouwer vergesel.

Op 8 Oktober het Smuts in 'n noordwestelike rigting beweeg, oor Kruidfontein in die Graaff-Reinet distrik getrek en toe suidwaarts geswaai. Die dag daarna het hulle die spoorlyn by Maraisstasie, tussen Graaff-Reinet en Aberdeenweg, gekruis en noordwaarts in Aberdeen se rigting beweeg. Op die 10de en 11de Oktober het die kommando noordweswaarts deur Zeekoeigat na die Kamdeboo- en die onder-Sneeuberge en op 13 Oktober suidwaarts in Prins Albert se rigting getrek.[238]

Na 'n geveg met die 9th Lancers op 14 Oktober 1901 by die Kariegarivier was Deneys en sewe van sy makkers vir drie weke van die res van Smuts se

---

[236] D. Reitz, *Commando*, p. 242.
[237] E. Nel, *Die Kaapse rebelle van die Hantam-Karoo,* p. 229.
[238] *Ibid.,* pp. 230-231.

kommando afgesny.[239] Gedurende hierdie tydperk het hulle gepoog om die kommando in te haal, maar as gevolg van hulle omstandighede was dit nie maklik nie. Hulle was vir lang periodes sonder kos en slaap, is deur die Britte gejaag en moes gedurig Britse kolonnes en patrollies ontwyk. Nadat hulle verneem het dat die kommando besig was om weswaarts te beweeg, moes hulle boonop die Swartberge oorsteek. Toe hulle egter nie daarin kon slaag om die kommando in te haal nie, het hulle besluit om noordwaarts oor die Swartberge na die Karoo terug te keer in die hoop dat die Britte hulle dan minder sou pla en hulle sodoende makliker weer by die kommando kon aansluit. Die benadering het gewerk, aangesien hulle die kommando op 4 November op die walle van die Tankwarivier (Zeekoeigat) aangetref het.[240]

Gedurende hulle drie weke lange trek om die kommando weer in te haal, was Deneys so neerslagtig dat hy gewonder het of hy hom nie aan die Britte moes gaan oorgee om voedsel in die hande te kry nie. Volgens sy eie beskrywing was sy toestand miserabel. Hy het in ‘n stadium van sy makkers afgedwaal in ‘n poging om van ‘n groep Britte weg te kom. Sy voete was opgeswel as gevolg van dorings wat daarin gesteek het, ‘n pendoring het deur sy hand gesteek en die laat opswel en hy was in ‘n vreemde wêrelddeel ver van sy eie land, sonder enige vriende of kennisse, omring deur die vyand. Boonop was hy moeg en honger. ‘n Maaltyd en bietjie versorging deur ‘n goedgesinde Kaapse familie het sy mismoedigheid gou laat verdwyn. Hy was egter van mening dat hy nie die Smutskommando op sy eie sou kon inhaal nie en was siek en sat van die Kaapkolonie met al sy “berge en grammadoelas”. Hy het gevolglik besluit om eerder weer na die Transvaal terug te keer en daar by ‘n ander kommando te gaan aansluit. Op die eerste nag nadat hy die terugtog aangepak het, het hy egter weer sy sewe afgedwaalde makkers raakgeloop. Alle gedagtes van terugkeer na die Transvaal het saam met sy vriende se weersiens gewyk.[241]

---

[239] T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride*, pp. 101 en 120.

[240] D. Reitz, *Commando*, pp. 256-276; T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride*, pp. 101-121.

[241] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 315, D. Reitz, Uittreksel uit onze tocht door de Kaap Kolonie in het jaar 1901, pp. 57-66.

Terug by die kommando het Deneys gevind dat die Rijk Sectie amper nie meer bestaan het nie. Jack Borrius is naby Bayville gewond en het boonop sy posisie as leier van die Rijk Sectie verloor na ‘n argument met Ben Coetzee. Om Borrius se selfbejammering teë te werk het Smuts hom in sy personeel aangestel. Ben Coetzee, Edgar Duncker en Nicholas Swart was gewond en sy oom, Jan Mulder en Jan van Zyl, is gevange geneem. Slegs Percy Wyndell, Fritz Balogh en Deneys, het niks makeer nie.[242] As finale doodsteek vir die Rijk Sectie het Smuts aan Deneys en Willem Conradie opdrag gegee om by sy staf aan te sluit. In *Commando* sê Deneys dat die eer hulle te beurt geval het uit erkenning vir hulle tog om weer by die kommando aan te sluit en dat dit gesien kan word as militêre bevordering.[243] In “Herinneringen van 1899–1902” meld hy egter dat Smuts gesê het dat hy wat Deneys is, besig was om te wild te raak en dat Smuts vanweë sy vriendskap met F.W. Reitz eerder ‘n ogie oor Deneys wou hou. Deneys was egter nie besonder beïndruk met die reëling nie, aangesien hy bewus was daarvan “…dat de staf kerels niet konden doen of gaan waar zij wilden en dat zij eigenlijk als rapportrijders dienden en gedurig heen en weer gezonden werden met boodschappen en dat soort werk stond my niet aan … Er was echter niets aantedoen en werd ik aldus bij de ‘kripvreters’ ingelijfd.”[244] Die term kripvreter was volgens Deneys deur die burgers gebruik om spelendergewys na Smuts se personeel te verwys. Dit was gemik op ‘n perd wat in ‘n stal gevoer is in teenstelling met een wat sy eie kos in die veld moes soek.[245] Die gevolg van die skuif was dat Deneys vir die res van die oorlog groot afstande te perd en te muil afgelê het om vir Smuts boodskappe tussen die verskillende kommando’s in Namakwaland te neem.[246] Met een so ‘n tog, op soek na kommandant Van Deventer, het hy vir tagtig ure geen rus of slaap gekry nie en hy beskryf dit as die langste ononderbroke rit wat hy gedurende die oorlog onderneem het.[247] Ten spyte van die lang afstande wat hulle moes aflê, het Deneys die lewe geniet. Die plaaslike blanke bevolking het met hulle gesimpatiseer en hulle is

---

[242] T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride*, pp. 145-146.
[243] D. Reitz, *Commando*, p. 278.
[244] Brenthurstbiblioteek, MS196/1/2/2, vol. 8, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 950-951.
[245] D. Reitz, *Commando*, p. 279.
[246] *Ibid.*, pp. 278-313.
[247] *Ibid.*, p. 299.

oral welkom geheet. Deneys skryf: "...I was not above feeling a pleasant glow when womenfolk waved from before the farmhouses, and the men shouted greetings from the roadside."[248]

Volgens Deneys het die omstandighede van hulle ekspedisie verbeter nadat hulle weer by die kommando aangesluit het. So ver wes was daar geen spoorweë nie en die omgewing het nie groot hoeveelhede troepe toegelaat nie, met die gevolg dat hulle relatiewe veiligheid bereik het. Behalwe vir Britse garnisoene wat lang afstande van mekaar af geleë was, was daar in die noorde van die Oranjerivier feitlik geen Britse soldate nie en hulle kon amper vrylik rondbeweeg.[249]

Vanaf Zeekoeigat het die kommando weswaarts deur die Calvinia-Ceres-Karoo beweeg en op 7 November op die plaas Elandsvlei, by die samevloeiing van die Tankwa- en Doringriviere in die Calvinia-Karoo, aangekom. Die kommando se perde was gedaan en maer as gevolg van hulle tog en die burgers se klere was verslete en geskeur en hulle was baie moeg.[250] Hier het hulle vir drie dae oorgebly, die eerste keer sedert hulle die Oranjerivier gekruis het dat hulle vir langer as 24 uur op een plek gestop het. Dit het vir Deneys die geleentheid gegee om 'n muil te vang en te tem om hom sodoende weer berede te maak.[251] Die kommando het Vanrhynsdorp op 21 November 1901 bereik en op 25 November het Smuts en sy personeel, saam met kommandant S.W. Pyper se kommando, na die plaas Willemsrivier by Nieuwoudtville vertrek om vir hom 'n tydelike hoofkwartier daar te gaan inrig.[252]

Smuts se doel was om van hier af die verskillende kommando's, wat meestal uit rebellegroepe bestaan het, te herorganiseer. Hy wou hulle versterk om meer aanvallend te kon optree. Die Boerekommando's in die omgewing moes

---

[248] D. Reitz, *Commando*, p. 279.
[249] *Ibid*., p. 277.
[250] E. Nel, *Die Kaapse rebelle van die Hantam-Karoo,* p. 237.
[251] T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride*, pp. 147-148.
[252] E. Nel, *Die Kaapse rebelle van die Hantam-Karoo,* p. 244.

ook beter gekoördineer word om 'n groter strategiese impak te hê.[253] Smuts het die tyd ook gebruik om groot hoeveelhede voorrade te versamel, addisionele perde bymekaar te maak en nuwe rekrute te werf.[254]

Teen die eerste week van Desember 1901 was daar ongeveer 18 Boerekommando's in die Calvinia-, Vanrhynsdorp- en Sutherland-distrikte. Die kommando's was dié van kommandante Ben Bouwer, L.J. Boshoff, E.A. Conroy, J.P. Neser, A. Louw, J. Louw, S. Pypers, H. Pypers, J.S. Rudolph, S. Schoeman. J.J. Smith, Jan Theron, G.H.P. van Reenen, M.L. Geldenhuys en A. van Niekerk en het bestaan uit sowat 2 000 burgers. Die kommando's was onder vier veggeneraals, Hendrik Lategan, Manie Maritz, Jaap van Deventer en Wynand Malan, ingedeel en na verskillende streke gestuur om daar op te tree. Lategan was na die omgewing van Upington, Kakamas, Kenhardt en Prieska gestuur. Maritz moes op die dorpies vanaf Port Nolloth, Concordia, Springbok en die kopermyne in Namakwaland (Okiep), fokus. Van Deventer was na die suidelike distrikte van Calvinia, Sutherland en Worcester en Malan is na die distrikte van Fraserburg, Victoria-Wes, Carnarvon, Hopetown en Britstown, gestuur.[255]

Vroeg in Januarie 1902 het Smuts na die Oranjerivier vertrek om die patrollies wat daar geopereer het, te gaan herorganiseer. Hy is vergesel deur sy personeel, insluitende Deneys. Hulle roete het gestrek oor Tontelboskolk, Brandvlei en Breipaal na Kakamas. Om die hitte te ontsnap, het hulle die 480 kilometer tog deur woestynlandskap hoofsaaklik in die nag gery. Volgens Deneys was Kakamas "...still in its infancy, and the inhabitants lived in rude huts and shelters made of grass and reeds...". Ten spyte hiervan het hulle vir twee weke in Kakamas gebly, vrugte geëet, elke dag in die rivier geswem en uiteindelik baie meer uitgerus na Tontelboskolk teruggekeer.[256] Vanaf Tontelboskolk is hulle ooswaarts agter Van Deventer aan, net betyds om op

[253] E. Nel, *Die Kaapse rebelle van die Hantam-Karoo,* pp. 244-245; T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride*, p. 155.
[254] L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa 1899-1902, V*, p. 545.
[255] E. Nel, *Die Kaapse rebelle van die Hantam-Karoo,* pp. 246 en 314-318.
[256] D. Reitz, *Commando*, pp. 281-282.

‘n geveg tussen Van Deventer en ‘n Britse mag bestaande uit die Cape Mounted Rifles en Imperial Yeomanry by Middelpost af te kom.[257] Hier het Deneys ‘n noue ontkoming gehad toe ‘n granaat tussen hom en Piet Hugo, ‘n onderwyser van Nieuwoudtville, gebars het. Alhoewel Deneys nie ‘n merk op hom gehad het nie, is Hugo in die bors getref. Die geveg het Deneys geleentheid gegee om van sy muil ontslae te raak. Klaarblyklik het die muil se waggelende stappie en lang tree hom ‘n uitputtende rydier gemaak en Deneys het verlang na die gemak van ‘n perd. By Middelpost het Deneys drie Britse perde, asook ‘n tas vol boeke, papiere, skoene en klere, gebuit.[258]

Op 9 Februarie 1902 het ‘n groot Britse mag ‘n aanval op Van Rhynsdorp geloods, die Magistraatskantoor geannekseer en ses burgers gevange geneem. ‘n Sterk afvaardiging van die Cape Police, onder leiding van ‘n kol. Crewe, het boonop twee dae later by Van Rhynsdorp ingetrek. Bouwer se kommando, wat hier gesetel was, is daardeur geforseer om die dorp te verlaat. Met Deneys as boodskapper het Bouwer en Smuts dadelik planne gesmee om die Britte weer uit Van Rhynsdorp te verdryf, maar dit was te laat. Teen die tyd wat Smuts en sy versterkings opgedaag het, het die Cape Police reeds uit Van Rhynsdorp onttrek en op 18 Februarie by Windhoek, op pad na Clanwilliam, kamp opgeslaan. Hier het die kommando’s van Bouwer, Van Deventer en Theron op 25 Februarie ‘n aanval op die Cape Police geloods. Deneys het nie aan die geveg deelgeneem nie. Volgens Shearing was Deneys besig om te slaap toe die kommando’s vertrek het om die aanval op die Britse kamp te gaan loods. Toe Deneys as gevolg van hulle vertrek wakker word, het Smuts klaarblyklik aan hom gesê: “You go back to sleep my boy, the burghers are only off to the Oliphants River to look for fodder”.[259] Deneys se verduideliking van waarom hy die geveg gemis het, is egter totaal en al anders. Volgens hom is hy die aand voor die aanval met ‘n boodskap na ‘n buitepos toe gestuur en het hy die volgende dag te laat by die kommando teruggekom om aan die geveg te kon deelneem.[260]

---

[257] T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride*, pp. 163-164.
[258] D. Reitz, *Commando*, pp. 282-285.
[259] T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride*, pp. 167 en 169-170.
[260] D. Reitz, *Commando*, p. 291.

Indien Shearing se bewerings waar is, kan die vraag gevra word of Smuts Deneys met opset van gevaar probeer weghou het. Indien na dié voorval gekyk word, asook na die rede wat Smuts volgens Deneys gegee het toe hy hom 'n lid van sy personeel gemaak het en ook in ag geneem word dat Smuts Deneys by Springbok verbied het om aan 'n bomgooiery op die forte rondom die dorp deel te neem, dan is die antwoord waarskynlik ja. Dit lei tot 'n tweede vraag: Was Smuts, soos wat Deneys beweer, slegs besig om 'n ogie oor 'n vriend se onverskillige seun te hou, of het Smuts toe reeds meer in Deneys gesien en wou hy hom op grond daarvan beskerm? Wat ook al die korrekte antwoord, die grondslag van Deneys en Smuts se jarelange vriendskap en samewerking is waarskynlik hier al gelê.

In die nadraai van die geveg te Windhoek het Deneys en Percy Windell, volgens Deneys, op Lambert Colyn afgekom. Colyn het 'n paar weke vroeër voorgegee dat hy 'n Kaapse rebel was, sy intrek by Bouwer se kommando geneem en daarna 'n Britse lansiersregiment na hulle skuilplek in 'n onverwagse aanval gelei. Die gevolg was dat 17 burgers of gesneuwel of gewond is en al wat 'n Boer was het wraak teen Colyn gesweer. Volgens Deneys is Colyn voor genl. Smuts gebring en het Smuts bloot seker gemaak dat Colyn wel die regte persoon was voordat hy sonder verdere emosie gesê het "Take him out and shoot him!".[261] W.K. Hancock trek Deneys se weergawe van die storie egter in twyfel. Volgens Hancock sou Smuts nie iemand ter dood veroordeel het op so 'n wyse nie, maar slegs as die voorsitter van 'n korrek saamgestelde militêre hof. Hancock verwys dan ook na 'n skooloefeningboek in die Smuts-versameling by die Nasionale Argief wat 'n rekord bevat van 'n krygshof wat op 25 Februarie 1902 op die plaas Aties, distrik Van Rhynsdorp, gehou is. Daarvolgens is Colyn formeel deur kommandant Louis Boshoff en veldkornette C, Brink en C. Van der Westhuizen verhoor en is hy formeel van spioenasie aangekla en ter dood veroordeel. Hancock se weergawe van die gebeurtenis blyk korrek te wees, want by nadere ondersoek is die dokument onder bespreking opgespoor.[262]

---

[261] D. Reitz, *Commando*, pp. 289 en 291-293.

[262] W.K. Hancock, *Smuts. The sanguine years 1870-1919*, pp. 141-142; SAB A1, Smuts-versameling, vol. 102, CI, no. 41, Militêre hof, 25/02/1902.

Na afloop van die verhoor het Deneys en Isak Meyer Andries de Wet gehelp om ‘n vuurpeloton saam te stel en die graf gegrawe te kry. Die drie was dan ook op die ou end by toe Colyn gefusilleer is.[263]

Teen 27 Februarie[264] het Smuts besluit om met die Olifantsrivier langs te beweeg na die monding van die rivier waar dit in die Atlantiese Oseaan uitmond. Hy het al die burgers wat nog nooit die see gesien het nie saam met hom geneem en sowat 70 van hulle het hom tot by Viswater vergesel. Vir die burgers was dit ‘n wonderbaarlike ondervinding en dit het nie lank geneem voordat hulle hulle klere uitgetrek het en bloots die see te perd ingery het nie. Volgens Deneys was dit nie ‘n probleem om hulle in die water te kry nie, maar eerder om te verhoed dat hulle te diep ingaan.

Gedurende hulle verblyf hier het ‘n voorval plaasgevind wat Deneys se humorsin duidelik wys. Smuts het ‘n paar van hulle na hutte in die nabyheid gestuur om te gaan verneem of daar onlangs enige Britse troepe in die omgewing was. Deneys het die geleentheid gebruik om ‘n bruin visserman se been te trek deur aan hom opdrag te gee “...to show [him] where the road went through. He said, 'What road, Baas?' Pretending to be angry, I replied, 'The road to England, you fool, and show me the way at once, for we are crossing to-night to capture London.' He looked at me for a moment, and then exclaimed, 'My God, Baas, don't do it; the water is over your head here, and you will all be drowned.'”[265]

Teen die einde van Februarie 1902 het Smuts sy planne gewysig en in plaas daarvan om die Boland in te val soos aanvanklik beplan, het hy sy kommando’s na Namakwaland verskuif. Die besluit was grootliks gegrond op advies wat hy van genl. Manie Maritz ontvang het. Maritz het Smuts gewaarsku dat dit reëntyd was en dat die moontlikheid bestaan het dat die

[263] D. Reitz, Commando, pp. 291-294; E. Nel, *Die Kaapse rebelle van die Hantam-Karoo,* pp. 415-419; J. H. Meyer, *Kommando-jare,* pp. 315-319.
[264] E. Nel, *Die Kaapse rebelle van die Hantam-Karoo,* p. 419.
[265] D. Reitz, *Commando*, pp. 296-297.

Britte hulle teen vol riviere sou kon vaskeer. Hy het daarom voorgestel dat hulle Namakwaland inval, die koperryke dorpies daar beset en hulle perde en voorrade opbou voordat hulle die tog na die Suide aanpak.[266]

Die gebied waarna hulle opgetrek het, het oor sowat 27 000 vierkante kilometer gestrek. Die belangrikste dorpe in die streek was die kopermyndorpies van Okiep, Concordia en Nababeep.[267] Okiep was die hoofkantoor van die Cape Copper Mining Company en Namqualand Field Force en was, per spoorlyn, sowat 146 kilometer vanaf Port Nolloth.[268] Die gebied is geadministreer deur lt.kol. W.D. Shelton van die 3rd West Surrey Regiment. Die enigste mobiele mag in die omgewing was 'n klein onafhanklike kolonne onder leiding van kol. W.L. White. Van Deventer het White se mag egter in die middel van Maart 1902 in Garies vasgepen en dit het aan Smuts die geleentheid gegee om aanvalle op die ander dorpe in die omgewing te loods.[269]

Die eerste van dié aanvalle is op 1 April 1902 op Springbok gedoen. Springbok is deur 'n Britse mag van ongeveer 120 troepe en drie forte (blokhuise) beskerm. Volgens Deneys was die forte soos volg geleë: Die eerste, omring van doringdraad, was op 'n mynhoop en die groot hoeveelheid skietgate daarin het die soldate daarbinne toegang vanuit alle rigtings laat beheer. Die tweede fort was 'n paar honderd meter daarvandaan op 'n lae heuwel en die derde was op 'n groot rots wat oor die dorp uitgekyk het.[270] G.J. Kotzé betwyfel egter die akkuraatheid van Deneys se beskrywing van die forte se ligging. Hy het die toegangsweë na Springbok ontleed en beweer dat fort nommer een op 'n ertshoop by die enigste mynskag op die dorp was en nommer twee wes van die koppie waarop nommer drie was.[271]

---

[266] T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride*, p. 180.
[267] P. Burke, *The siege of O'Okiep,* p. 1.
[268] *Ibid*., p. 12.
[269] L.S. Amery, *The Times history of the war in South Africa 1899-1902, V*, pp. 550-551.
[270] D. Reitz, *Commando*, p. 300.
[271] G.J. Kotzé, *'n Kort bespreking van die Anglo-Boereoorlog in Namakwaland met spesiale verwysing na gebeure op sekere plekke in dié gebied*, pp. 9-10.

Desnieteenstaande die verskille in plasing van die forte deur die twee skrywers, moes dit ingeneem word voordat die dorp sou oorgee. Die taak is aansienlik bemoeilik omdat die forte die toegangsweë na die dorp beheer het. Die probleem is egter opgelos deurdat die Boere nagaanvalle op die forte geloods het en dinamietbomme- of granate in die aanvalle gebruik het. Volgens die Boere se krygsplan sou Smuts en Bouwer die eerste fort aanval, Van Deventer die een op die koppie en Maritz die een op die rots. Van Deventer het sy fort eerste ingeneem en Maritz het nie lank daarna dieselfde met syne gedoen. Die afdeling onder Smuts was egter sonder sukses en dit was slegs nadat Smuts opdrag gegee het dat die Britte se watertenk stukkend geskiet moes word, dat hulle vanweë dors die fort verlaat het. Deneys beskryf sy aandeel in hierdie aanval in hoofsaaklik twee gebeurtenisse. Die eerste hou verband met hoe hy vanuit 'n strategiese posisie verskeie skote deur die loergate van die fort geskiet en later, tydens 'n inspeksie van die fort, op twee soldate afgekom het wat albei deur die kop geskiet was. Volgens hulle gids was dit deur 'n skerpskutter gedoen en met die posisie wat hy uitgewys het, kon dit net Deneys gewees het wat die skietwerk gedoen het. In 'n tweede voorval het Deneys gepoog om die Britte in fort nommer een te laat oorgee deur 'n bietjie van sy eie inisiatief. Tydens hulle aanval op die fort het hulle bomme opgeraak en Smuts het hom na Maritz gestuur om nog te gaan haal. By fort nommer drie het hy die Britse bevelvoerder daarvan oortuig om 'n briefie aan die bevelvoerder van fort nommer een te skryf waarin eersgenoemde aan laasgenoemde sê dat die ander forte reeds oorgegee het. Ten spyte van sy poging om die Britte sonder verdere lewensverlies te laat oorgee, het hulle hulle nie veel daaraan gesteur nie.[272]

In Herinneringen van 1899-1902 skryf Deneys dat hy nie lank toegelaat is om aan die bomgooiery deel te neem nie, aangesien genl. Smuts hom verbied het om dit te doen. Smuts se argument was dat hy wou hê dat sy personeel by hom moes bly en dat Deneys hom nie met ander sake moes besig hou

[272] L.M. Fourie, Die Militêre loopbaan van Manie Maritz tot aan die einde van die Anglo Boere-oorlog (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, PUCHO), pp. 127-128; D. Reitz, *Commando*, pp. 299-306.

nie, maar Deneys het gevoel dat dit eerder was omdat Smuts ‘n vaderlike oog oor hom wou hou.[273]

Na die oorgawe van Springbok was Smuts se volgende doelwit die verowering van Concordia, sowat 13 kilometer noordoos van Okiep. Die dorpie is beskerm deur ‘n Britse mag van drie offisiere en sowat 125 troepe.[274] Op 4 April het Smuts ‘n brief aan die bevelvoerder van Concordia, kapt. Francis Phillips, gestuur waarin Concordia se oorgawe geëis is. In die brief het Smuts geskryf dat hy die garnisoen se lewens sou spaar en dat niks beskadig sou word nie indien hulle oorgee. Indien hulle egter nie oorgee nie, sou die dorp aangeval word. Die hele garnisoen het gevolglik, sonder om ‘n enkele skoot te skiet, aan Smuts oorgegee.[275] Deneys het nie aan die “aanval” op Concordia deelgeneem nie, aangesien hy na die aanval op Springbok ‘n bed opgesoek en vir 24 uur aaneen geslaap het. Klaarblyklik het hy die drie dae en nagte voor die aanval op Springbok geen slaap of rus ingekry nie.[276]

Smuts het na die sukses by Concordia dieselfde bangmaakbrief-taktiek op Okiep probeer. Die bevelvoerder by Okiep, kol. W. Shelton, was egter van ander stoffasie as kapt. Phillips en sou nie so maklik oorgee nie. Hy was van ‘n ou Britse militêre familie, het sy opleiding by die Royal Military College te Sandhurst ontvang en het sy militêre ondervinding in Indië en Kanada opgedoen.[277] Okiep was boonop versterk deur middel van ‘n stelsel van vyftien blokhuise, asook ‘n aantal klipskanse op ‘n afstand van ongeveer agt kilometer rondom die dorp. Die dorp was ook toegerus met genoegsame voorrade en ammunisie, met ‘n garnisoen wat bestaan het uit 661 kleurlinge, 206 Europese mynwerkers, 44 van die Warwickshire Militia en 12 van die

---

[273] Brenthurstbiblioteek, MS196/1/2/3, vol. 9, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 909.
[274] P. Burke, *The siege of O’Okiep,* p. 102.
[275] L.M. Fourie, Die Militêre loopbaan van Manie Maritz tot aan die einde van die Anglo Boere-oorlog (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, PUCHO), pp. 128-130.
[276] D. Reitz, *Commando*, p. 307.
[277] P. Burke, *The siege of O’Okiep,* p. 106.

Cape Garrisson Artillery, 'n totaal van 923 offisiere en manskappe. Hulle het ook beskik oor 'n 9-ponder kanon en 'n Maxim masjiengeweer.[278]

Die bangmaakbrief is op 5 April 1902 deur Deneys en Piet Mulder onder 'n wit vlag na Shelton geneem, maar hulle ontvangs deur die Royal Warwicks was nie baie vriendelik nie. 'n Britse offisier het hulle redelik rof behandel, geblinddoek en hulle die dorp in begelei terwyl hy negatiewe kommentaar gelewer het omdat hulle dit enigsins durf waag het om te vra vir die garnisoen in Okiep se oorgawe. Toe hy boonop agterkom dat Deneys op 'n Britse perd met 'n Britse saal ry, het hy aan sy troepe opdrag gegee om die perd en saal by Deneys af te neem. Hiervoor was Deneys met sy vurige humeur egter nie te vinde nie en hy het begin terugpraat. "Ik zei hem toen dat als ik geweten had dat een Engelsche officier niet wist hoe om een witte vlag te respecteeren zou ik tevoet ingekomen hebben met den brief zoodat hij geen kans zou gehad hebben om mijn eigendom te stelen waarop hy antwoorde dat als ik hem nog verder 'cheeck' gaf hy mij als gevangene hier zou houden. Ik zei toen aan hem: 'I suppose you call yourself a British officer and gentleman'. Hy drukte toen een geweer of revolver tegen mijn voorhoofd aan en zei hij zou mijn 'bloody' brains uitblazen als ik niet zweeg." Gelukkig het 'n senior Britse offisier op die toneel verskyn en die situasie ontlont. Nadat Deneys gekla het omdat sy perd en saal by hom afgeneem is, is dit aan hom teruggegee. Die senior offisier was glo lelik boos toe Deneys aan hom vertel het hoe sleg hulle behandel is. 'n Dag later het Deneys egter 'n briefie van die offisier waarmee hy die argument gehad het, ontvang, waarin hy verskoning gevra het vir sy gedrag.[279] Volgens Deneys was hierdie Britse soldaat die enigste onaangename Brit wat hy tydens die oorlog teëgekom het.[280]

Na Shelton se antwoord ontvang is, het Smuts en Maritz hulle aanval op Okiep begin beplan. Lukrake aanvalle is vanaf die 8ste April op Okiep geloods en op die 10de is een van die blokhuise ingeneem. Die eerste werklike gestruktureerde aanval is eers op die 12de geloods, maar dit is

---

[278] L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902, V*, pp. 551-552.
[279] Brenthurstbiblioteek, MS196/1/2/3, vol. 9, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 924-926.
[280] D. Reitz, *Commando*, pp. 308-309.

maklik afgeweer.[281] Die beleg van Okiep het naderhand in 'n blokkade verander, maar selfs dit het later redelik afgewater geraak.[282] Na Smuts se vertrek op 26 April na Vereeniging om aan die samesprekings te gaan deelneem, het Manie Maritz die beleërde Britse garnisoen in Okiep tot 'n voetbalwedstryd uitgedaag. Twee moontlike motiewe is hiervoor gegee. Volgens Ben Bouwer sou so 'n wedstryd afleiding verskaf van die daaglikse gevegte. Robert de Kersauson de Pennendreff het egter 'n meer sinistere motief aangebied, naamlik dat die beoogde wedstryd deel was van die taktiek om Okiep in te neem. Volgens hom sou hulle Shelton vra vir 'n wapenstilstand een middag om die wedstryd te kan speel. Die nag nadat die wapenstilstand beëindig was, sou die Boere 'n verrassingsaanval op die dorp doen deur dit met 'n trein wat vol dinamiet gelaai is, in te val. Die wedstryd het egter nooit plaasgevind nie en watter een van die twee motiewe die meer korrekte was, is dus nie bekend nie.[283]

Vir Deneys was die beleg van Okiep 'n rustige affêre. Omdat hy op Smuts se staf was, was dit nie vir hom nodig om wag te staan of ander take te verrig nie. Hy, Edgar Duncker en Nicolas Swart het 'n kothuisie in Concordia gekommandeer waarin hulle nes geskop het.[284] Hulle het die tyd deurgebring deur op 'n verebed te lê en lees, of anders het hulle na Okiep gegaan om daar op die blokhuise en die Britse soldate teiken te skiet. Deneys meld ook dat hy na Springbok gery het om daar by 'n "Engelschen dochter" wat hom baie vriendelik behandel het te gaan kuier. Die boeke het hulle verkry uit 'n biblioteek waarvan hy die deur moes oopskop om toegang te kon verkry – 'n aksie wat 'n relletjie tussen Deneys en die opsigter veroorsaak het. Deneys het "...de opzigter byna een pakgegeven had omdat hij met mij parmantig was…".[285]

---

[281] L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa 1899-1902, V*, pp. 551-552.
[282] *Ibid.*, p. 553.
[283] F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 125.
[284] D. Reitz, *Commando*, p. 313.
[285] Brenthurstbiblioteek, MS196/1/2/3, vol. 9, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 936-939.

Die voorval toon dat Deneys nog net so arrogant was as tydens die uitbreek van die oorlog. Drie jaar se oorlog het hom geensins nederiger gemaak nie. Die vermoede bestaan egter dat dit in hierdie stadium gespruit het uit sy noue assosiasie met Jan Smuts en nie meer noodwendig omdat hy die seun van F.W. Reitz was nie. Izak Meyer skryf dat Deneys "...die guns van die gode geniet het!"[286] en as gekyk word na die geselskap waarin hy hom reeds as 'n jong seun bevind het, is dit ongetwyfeld waar.

Volgens Izak Meyer het twee "karakters" tydens die beleg van Okiep uitgestaan. Die een was Manie Maritz en die ander Deneys Reitz. Hy beskryf Deneys as "...'n sonderlinge mens, joviaal van geaardheid, innemende persoonlikheid, roekeloos, waaghalsig, dapper" en vertel 'n paar staaltjies van Deneys ter stawing hiervan. Die eerste storie, wat ook breedvoerig in Herinneringen van 1899-1902 beskryf is, vertel hoe Deneys, as 'n grap, 'n Britse vlag aan sy perd se stert vasgebind en op 'n afstand van minder as 800 meter voor die forte rondom Okiep verbygejaag het. Meyer sê dat Deneys dit gedoen het omdat hy gedink het dat die Britte heeltemal te stil was na sy sin.[287] Deneys neem die storie egter 'n bietjie verder deur te skryf dat hy tot by 'n verlate plaashuis gery het, die vlag aan 'n vlagpaal opgehys het en saam met Albertus van Rooyen, Jan van Brummelen en nog 'n paar ander kêrels van hier op die Britte geskiet het. Hy beskryf hierdie voorval in detail "…omdat toen ik dien middag de laaste patroondop uit mijn geweer rukte had ik onbewust mijn finaale schot gevuurd voor land en volk en had ik de laaste bom hooren barsten en de laaste kogel horen fluiten…" [288]

Die tweede staaltjie wat Meyer vertel, hou verband met Deneys se fisiese voorkoms. Volgens Meyer het Deneys hom net so min bekommer oor sy voorkoms as wat hy hom oor sy eie veiligheid bekommer het. Hy beskryf Deneys as een van die slordigste burgers in die kommando. Deneys se klere was klaarblyklik altyd in 'n verwaarloosde, half verflenterde toestand, maar dit kon hom min skeel. Hierdie toestand van Deneys het by Okiep vir 'n

---

[286] J.H. Meyer, *Kommando-jare,* p. 334.
[287] *Ibid.,* p. 334.
[288] Brenthurstbiblioteek, MS196/1/2/3, vol. 9, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 940–941.

vermaaklike oomblik gesorg. Genl. Smuts het Meyer gestuur om Deneys en 'n sekere Van Warmelo te gaan soek en toe hy hulle opspoor, was hulle in so 'n verslonste toestand dat hy hulle geforseer het om na 'n winkel te gaan om ordentlik aan te trek. Binne in die winkel het hulle hulle klaarblyklik poedelnakend uitgetrek en op die toonbank rond geparadeer terwyl Meyer vir hulle klere moes uitsoek. Die storie eindig egter nie daar nie. Smuts het Deneys en Van Warmelo nie herken toe hulle voor hom verskyn nie. Volgens Meyer het Smuts die volgende aan Deneys gesê: "My magtig Reitz, ..., ek het jou amper nie geken nie! Ek het jou lank laas ordentlik gesien. Waar het jy ingebreek?"[289] Hierdie staaltjie van Meyer is waarskynlik nie so vergesog nie. Reeds vroeg in April 1900 het Louis Botha met Deneys oor sy lang hare gespot en aan hom 'n perde roskam gegee om dit mee te kam. Deneys se antwoord hierop was dat hy gewoonlik 'n hark gebruik om sy hare mee te kam, aangesien 'n roskam nie sterk genoeg daarvoor was nie.[290]

## *3.4 Die vredesluiting*

In die loop van die oorlog was daar verskeie geleenthede waartydens lede van die ZAR, soos kmdt.-genl. Piet Joubert en Louis Botha, die begeerte uitgespreek het om vrede te sluit. Die eerste geval was tussen 7 en 11 Junie 1900 toe Roberts, deur die bemiddeling van verskeie persone - onder meer mev. Annie Botha - 'n vredesaanbod aan Botha gemaak het. Botha het die aanbod egter van die hand gewys.[291] Op 28 Februarie 1901 het Botha en Kitchener by Middelburg (Transvaal) samesprekings gevoer wat tot niks gelei het nie en in Junie 1901 het die Boererepublieke dit weer oorweeg om vrede te sluit, maar hulle was nie bereid om enige vredesvoorstelle te aanvaar tensy die onafhanklikheid en nasionale integriteit van die republieke gewaarborg

---

[289] J.H. Meyer, *Kommando-jare,* pp. 334-335.

[290] Brenthurstbiblioteek, MS272/2, vol. 2, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 145-146.

[291] F. Pretorius, "Deze vergadering… beschouwt, dat onder de omstandigheden het volk niet gerechtvaardigd is, met den oorlog voort te gaan…" 'n Ontleding van die redes waarom die Boere-afgevaardigdes by Vereeniging op 31 Mei 1902 die Britse vredesvoorwaardes aanvaar het. Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902: 'n Herwaardering, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 27(2), Mei 2002, pp. 76-77.

word nie.[292] Geen van die vroeëre vredesgedagtes of -pogings was suksesvol nie, grootliks omdat die Boererepublieke hulle onafhanklikheid ten alle koste wou behou terwyl Brittanje loodreg daarteen gekant was.

Op 9 April 1902 het die regerings van die twee Boererepublieke in Klerksdorp byeengekom om samesprekinge oor moontlike vrede te hou. Ten spyte van meningsverskille oor of daar met die oorlog voortgegaan moes word of nie is daar ooreengekom om sekere vredesvoorstelle aan Kitchener te doen en dit het vanaf 12 April 1902 in Pretoria plaasgevind.[293] Die basis van dié voorstelle was die behoud van onafhanklikheid, maar dit is onmiddellik deur Kitchener verwerp. Pres. M.T. Steyn van die Oranje-Vrystaat het daarop aangedui dat slegs die volk oor onafhanklikheid kon beslis en die Boereregerings het ooreengekom om die saak aan die volk voor te lê. Vir die doeleinde sou elke republiek 30 verteenwoordigers stuur om op 15 Mei by Vereeniging bymekaar te kom waar hulle sou uitklaar of die afgevaardigdes gebind is deur die opdragte wat hulle van hulle kommando's ontvang het en of hulle gevolmagtigdes was wat mekaar se standpunte kon aanhoor en dan volgens eie oortuiging stem.[294]

In lig van die bogenoemde het genl. Smuts op 18 April 1902 'n brief vanaf kol. D. Haig, die Britse offisier verantwoordelik vir operasies wes van die Visrivier in die Kaapkolonie, ontvang waarin hy van dié vergadering in kennis gestel is. Die brief het ook reëlings getref om te verseker dat Smuts die saamtrek sou bywoon.[295] Verdere korrespondensie het ook tussen Smuts en kol. Cooper, bevelvoerder van die Namakwalandse veldmagte, plaasgevind. Op 22 April het Cooper aangedui dat Smuts 'n sekretaris en twee bediendes saam met hom na Vereeniging kon neem.[296] Smuts het sy swaer Tottie Kruger as

---

[292] J.S. du Plessis, Enkele gedagtes oor die betekenis van die Vrede van Vereeniging, *Historia* Jaargang 7, Mrt. 1962, no. 1, pp. 47 en 49.
[293] S. du Preez, Die vrede van Vereeniging (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP, 1986), pp. 183-190.
[294] F. Pretorius, "Deze vergadering …", pp. 79-80.
[295] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 102, no. 28, D. Haig – J.C. Smuts, 18/04/1902.
[296] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 102, no. 31, Cooper – J.C. Smuts, 22/04/1902.

sekretaris en Alex Boshoff as adjudant saamgeneem.[297] Deneys is die pos van ordonnans aangebied omdat Smuts gevoel het dat F.W. Reitz ook by die samesprekinge sou wees en dat hy Deneys graag sou wou sien.[298] Reëlings is getref dat dié viermanskap vanaf Klipfontein per trein na Port Nolloth sou reis en van daar per skip na Kaapstad.[299] Vanaf Kaapstad sou hulle per trein na die Transvaal vertrek.[300]

Vir Deneys was hierdie reis aanvanklik nie baie aangenaam nie, aangesien hy as ordonnans weg van die ander op ‘n oop trok moes ry. Hy was nie baie gelukkig hieroor nie, maar het nie veel van ‘n keuse gehad nie en moes maar sy lot aanvaar. Die behandeling wat hy as ordonnans ontvang het, het hom dwars in die krop gesteek en hy was gou in ‘n paar negatiewe situasies betrokke. Die eerste hiervan was met ‘n groep gewapende bruinmense op die trok waarop hy moes ry. Hulle het met hom gespot en hy het hom so daarvoor vererg dat hy een van hulle aan die strot gegryp het. Gelukkig het ‘n Britse soldaat tussenbeide getree en die situasie ontlont. Die tweede voorval het ontstaan tydens ‘n ete en Deneys se beskrywing van Smuts, Kruger en Boshoff skep die indruk dat hy uiters jaloers was op die behandeling wat hulle ontvang het. “Bij een statie gekomen stapte Gen Smuts en die twee anderen af en gingen met de officieren in de waitingroom een swell maaltijd genieten terwijl ik achter om gebracht werd naar de kombuis en onthaald werd op de visch-koppen en andere ‘overschietsels’ die uit de waitingroom kwam waar mijne heeren als Lords zaten te feesten. Ik was al nukkerig over mijn reis met de Tommies in de truck en deze affaire maakte mijn humeur nocht slechter zoodat er spoedig in de kombuis rusie ontstond tusschen mij en de Tommies doordat dezen de “Death or Glory” badge van mijn hoed wilden afhalen en er kwam bijna moord en doodslag als een van die offisieren (Capt Barclay – een zoon van de groote bank-firma van Barclay in Londen) niet ingemend was en ons gescheiden had. Ik stond nu uit en ging kwaad als een buffel buiten zitten…” Nadat Barclay egter uitgevind het dat Deneys F.W. Reitz se seun is,

---

[297] T. en D. Shearing, *General Smuts and his long ride*, pp. 190.
[298] Brenthurstbiblioteek, MS196/1/2/3, vol. 9, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 942.
[299] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 102, no. 29, Cooper – J.C. Smuts, 21/04/1902.
[300] D. Reitz, *Commando*, pp. 319-320.

is hy op Port Nolloth bevorder tot "Chief of Staff". Die res van die reis het gevolglik beter verloop, aangesien hy saam met die res van sy reisgenote was en dieselfde behandeling as hulle ontvang het.[301]

By Port Nolloth het Deneys ook "…een kleine misverstand met een van de officieren die byna een baklijslag afgaf..." gehad. Deneys wou 'n brief van een van die burgers op Springbok aan dié se moeder te Port Nolloth afgee, maar is deur 'n Britse offisier verhoed om dit te doen. Die offisier wou hom nie glo oor die inhoud van die brief nie en Deneys het hom "…byna ingeklommen." Nadat die brief egter oopgemaak is, het die offisier Deneys om verskoning gevra en is die vrede herstel.[302]

Deneys se reaksie op bogenoemde voorvalle is waarskynlik daaraan toe te skryf dat hy nie die gedagte kon verdra dat hy as 'n bediende beskou is nie. Sy agtergrond as seun van eers die president van die Vrystaat en daarna die staatsekretaris van die ZAR, die feit dat hy op Smuts se personeel was vir die laaste paar maande van die oorlog, asook dat hy voor dit gedoen het wat hy wou, het waarskynlik 'n gevoel van arrogansie veroorsaak wat nie sy nuwe rol as ordonnans kon of wou verdra nie.

Alhoewel Deneys nie as 'n verteenwoordiger van sy kommando by die vredeskonferensie was nie, was hy in die bevoorregte posisie dat hy in die nabye omgewing daarvan was en dat hy die atmosfeer en gevoelens wat daar geheers het, eerstehands kon ervaar. Dit het ook aan hom die geleentheid gegee om inligting in te win wat hy as gewone burger in die veld nie sou kon doen nie. By Vereeniging het hy byvoorbeeld besef dat alhoewel dié van hulle wat in die Kaapkolonie was, nog kon uithou, die burgers in die Transvaal gedaan was en dat dit vir hulle totaal en al onmoontlik sou wees om met die stryd voort te gaan. Met die winter voor die deur was hulle in 'n hopelose situasie – "…de zaak was voorbij en er viel niet aan te doen. Wij hadden ons best gedaan en konden niet verder." Ten opsigte van sy familie

[301] Brenthurstbiblioteek, MS196/1/2/3, vol. 9, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 944-946.
[302] *Ibid.*, pp. 946-947.

was die nuus egter 'n bietjie meer gerusstellend. Volgens sy vader was Arnt nog in die veld onder kommandant Walter Mears en Hjalmar en Joubert was albei krygsgevangenes. Vir Deneys was dit verblydend, aangesien hy onder die indruk was dat Joubert dood is. "Wat onze familie betreft hadden wij dus zeer gelukkig daar van af gekomen want ik twijfel of er veel gezinnen waren waarvan er een vader en vier zoons in het veld waren en allen levend daar uit kwamen."[303]

Die Boere verteenwoordigers het op 31 Mei 1902, met 'n stem van 54 teenoor ses, daarvoor gestem dat die Britse vredesterme aanvaar word. Nie een van die afgevaardigdes het dit begeer nie,[304] maar vanweë die volgende redes het hulle nie veel van 'n keuse gehad nie:

(a) 'n Nypende tekort aan lewensmiddele. Kitchener se verskroeide aarde-beleid het die republieke verwoes en die burgers se ondersteuningsbasis verwyder. In verskeie distrikte het 'n gebrek aan vee en graan kritiese afmetings bereik. Die blokhuislinies wat deur Kitchener opgerig is, asook die wegvoer van vroue en kinders na konsentrasiekampe, het die verkryging van voorrade verder bemoeilik.

(b) Die toenemende bedreiging wat swart mense vir die kommando's ingehou het. Nie alleenlik deur middel van hulle betrokkenheid by die Britse oorlogspoging nie, maar ook as gevolg van die beperking van die kommando's se bewegingsvryheid deur die ontoeganklikmaking van sekere gebiede. Verskeie aanvalle deur swartes op kommando's, soos by Holkrans op 5 Mei 1902 toe 56 burgers van die Vryheidkommando deur 'n Qulusi-impi van Zoeloeland vermoor is, het die Boere-afgevaardigdes diep bekommerd gemaak.

(c) Die uiters onveilige posisie van Boerevroue en -kinders wat in vrouelaers of kleiner groepies in die veld rondgeswerf het. Met die vrede was daar nog sowat 12 000 tot 14 000 Boerevroue en –kinders in die veld.

[303] Brenthurstbiblioteek, MS196/1/2/3, vol. 9, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 953-954.
[304] F. Pretorius, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 35.

(d) Die lyding en sterftes van die Boerevroue en –kinders in die konsentrasiekampe.

(e) Die besef dat Brittanje nie deur die kwynende Boeremagte alleen verslaan sou kon word nie. Hiermee saam is die hoop op buitelandse intervensie om die oorlog te beëindig en die Republieke hulle onafhanklikheid te verseker, finaal by Vereeniging laat vaar.

(f) Die gebrek aan wapens en veral ammunisie by baie burgers in die guerrillafase. Sonder ammunisie kon hulle nie militêre sukses behaal nie.[305]

Die vredestraktaat is daardie aand in Pretoria onderteken en die twee Boererepublieke is amptelik as kroonkolonies by die Britse Ryk ingelyf. Die impak op die kommando's was dat al die burgers onmiddellik hulle wapens moes neerlê en die eed van getrouheid teenoor Brittanje aflê. Tekenend van Deneys, het F.W. Reitz die verdrag geteken met die opmerking dat hy dit onderteken as staatsekretaris, maar nie as F.W. Reitz nie.[306]

Deneys se beskrywing van die verteenwoordigers by Vereeniging se reaksie op die vredesluiting is hartverskeurend en laat 'n blywende indruk van hoe hard dit hulle almal moes getref het. "De mannen die hier verzamelden waren de keur van ons volk – allen dappere krijgslieden en zoo hard als ijser – de 'ultimi Romani' kan ik zeggen en zal er nooit een dergelijke vergadering Afrikaners bij elkaar komen, mannen die voor bijna drie jaren door dik en dun, door koude en honger, onder bom en kogel tegen een overweldigende overmacht gestreden hadden en nu stond zij zooals Schalk Burger zeide 'aan het graf van de Republieken' waarvoor zij alles opgeofferd hadden en toen de laatste oogenblik aanbrach, toen aangekondigd werd dat ons land en vrijheid verloren was, was het een bittere beker om uit te drinken en lagen groote mannen in de tenten als kinderen te snikken en op verweerde gelaten die onverschrokken de grootste gevaren aanschouwd hadden rolden nu heete tranen van verdriet. Deze mannen die met drooge oogen bij graf van vriend

[305] F. Pretorius, "Deze vergadering…", pp. 88-95.
[306] *Ibid.*, p. 95.

en zoon en vader gestaan hadden weenen nu bitterlijk bij het graf van hun vrijheid – voorwaar het was een bittere uur." Deneys was self diep getref deur die verloop van die gebeure en het agter 'n tent gaan lê en huil. "Wel, de zaak was afgeloopen en al ons streven was voor niet geweest, ons land lag verwoest, ons halve natie uitgeroeid en ons vlag gestreken, misschien voor eeuwig ..."[307]

Die verlies aan onafhanklikheid was vir die burgers 'n bitter pil om te sluk en om boonop 'n eed van getrouheid af te lê, haas onuitvoerbaar. Deneys het ook nie sy weg hiertoe oopgesien nie. Hy het gevolglik planne beraam om na afloop van die konferensie na Concordia terug te keer, sy perde en wapens op te neem en na die Duitse gebied te vlug. Van hier wou hy na Mossamedes in Angola gaan want hy het gehoor van 'n groep Boere wat reeds sedert 1880 daar gebly het. Sy vader wou egter nie daarvan hoor nie en hy het genl. Smuts oortuig om Deneys nie weer na sy kommando in Namakwaland terug te neem nie. F.W. Reitz wou gehad het dat Deneys by hom moes bly en dat hulle saam na Amerika of Madagaskar toe moes gaan. Deneys is gevolglik saam met sy vader per trein na Balmoral om aan die Heidelbergkommando te gaan sê dat die oorlog verby is. Die Heidelbergers was so ongelukkig met die nuus dat hulle hulle patrone weggeskiet en gewere stukkend geslaan het.[308]

Tydens die amptelike oorgawe deur die Heidelbergkommando het F.W. Reitz sy geweer ingehandig, maar geweier om die eed van getrouheid af te lê en te onderteken. Alhoewel Deneys, volgens homself en in weerspreking van sy eie stelling dat hy na Angola wou uitwyk, nie sterk gevoelens oor die saak gehad het nie, het hy gevoel dat hy by sy vader moes staan en het hy gevolglik ook geweier om die eed van getrouheid af te lê. Dat hy as gevolg daarvan uit die land gesit sou word, het hom min gepla, aangesien hy gretig was om meer van die wêreld te sien. Teen die einde van Junie 1902 het die

[307] Brenthurstbiblioteek, MS196/1/2/3, vol. 9, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 955-956.
[308] *Ibid.*, pp. 956-957.

Reitz-broers en hulle vader gevolglik met hulle selfopgelegde ballingskap begin.[309]

## 3.5 Slotbeskouing

Die Anglo-Boereoorlog het na alle waarskynlikheid en soos met enige ander burger wat daarby betrokke was, 'n groot invloed op Deneys se lewe gehad. Hy het die oorlog ingegaan as 'n 17-jarige seun met 'n verromantiseerde beeld daarvan. Sy kennis van oorlog het hy, tot in daardie stadium, waarskynlik uit boeke of uit gesprekke met ouer burgers wat al by veldslae betrokke was, opgedoen. Hy het die oorlog heel moontlik as 'n groot avontuur beskou en dit het hom waarskynlik geleentheid gegee om sy kinderfantasieë 'n werklikheid te maak. Die harde realiteite van dié oorlog het egter gou sy vooropgestelde idees omvêr gegooi en 'n meer geharde, maar tog nie bitter, persoon het na vore gekom. Ten spyte van al die ontberinge wat hy moes deurmaak, gee hy die indruk dat hy die oorlog geniet het. Behalwe dat hy avonture beleef het, het die oorlog hom die geleentheid gegee om nuwe omgewings te besoek en nuwe ervaringe te beleef. Tot 'n mindere mate sou die broederskap wat hy gedurende die oorlog beleef het, dit vir hom nog meer genotvol gemaak het.

Sekere van sy eienskappe is nie deur die oorlogsituasie getemper nie. Sy voortvarendheid, arrogansie en hardkoppigheid het nie minder geraak nie. Inteendeel, die optrede van ander teenoor hom, asook die posisie wat hy teen die einde van die oorlog onder Jan Smuts se wakende oog beklee het, het dit waarskynlik net nog meer versterk. Dieselfde het gegeld vir sy medemenslikheid en liefde vir ander. Teen die einde van die oorlog was hy nog net so bereid om met ander, selfs sy vyande, te gesels.

In die jare na die oorlog het verskeie uitdagings die Afrikaner in die gesig gestaar. Die grootste hiervan was waarskynlik die breuk wat veroorsaak is

[309] D. Reitz, *Commando*, pp. 323-324.

tussen Afrikaners as gevolg van die Botha-Smuts faksie se pogings tot samewerking met hulle eertydse bittere vyande. Deneys se ondersteuning van Botha en Smuts se ideologieë sou hom gevolglik vir die res van sy lewe sy politieke teenstanders se gramskap op die hals haal en dit het die verloop van sy lewe vir die volgende 42 jaar bepaal.

# Hoofstuk 4: Jonkmansjare

## 4.1 *Inleiding*

Die tydperk na afloop van die Anglo-Boereoorlog was een van politieke en ekonomiese herstel in die twee voormalige Boererepublieke. Op politieke gebied was die een uiteinde van die oorlog dat alle wit Suid-Afrikaners vir die eerste keer sedert die Groot Trek onder die Britse Ryk saamgevoeg was, maar ander bestaande probleme het voortgeduur. Die meerderheid van die wittes in die land was Afrikaners en baie van hulle het steeds 'n republikeinse ideaal nagestreef. Swartes het nog die grootste deel van die totale bevolking uitgemaak en hulle stamverbande was besig om te verbrokkel. Suid-Afrika, wat uit die Kaapkolonie, Natal, Transvaal en Oranjerivierkolonie bestaan het, is deur die Britse Hoë Kommissaris geadministreer.[1]

Op ekonomiese gebied was die land in 'n kritieke toestand. Spoorlyne, paaie en brûe was vernietig, die landbou het ten gronde gegaan, veestapels was uitgedun en die mynindustrie het stotterend begin funksioneer. Boonop moes daar dringend aandag gegee word aan die repatriasie en hervestiging van groot getalle Boerekrygsgevangenes, die terugkeer van vlugtelinge en konsentrasiekamp inwoners, die verandering vanaf militêre tot burgerlike regering, die herstel van wet en orde en verskeie ander vraagstukke.[2]

Die man aan wie die taak opgedra is om die ekonomie weer op te bou, asook om Britse beleid in Suid-Afrika deur te voer, was lord Alfred Milner, die hoë kommissaris vir Suid-Afrika en goewerneur van die Transvaal en die Oranjerivierkolonie (die voormalige Oranje-Vrystaat). Milner was 'n briljante administrateur en uitgesproke imperialis wat daarvan oortuig was dat hegte politieke en ekonomiese bande vir die Britse Ryk noodsaaklik was in sy stryd om oppergesag teen ander opkomende moondhede. Sy benadering was

[1] L.M. Thompson, *The unification of South Africa, 1902-1910*, p. 4.
[2] J.C. Smuts, *Jan Christian Smuts*, p. 90; N.C. Weidemann, Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907 (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), pp. 49-50.

gesetel in die geloof dat Britse oppergesag voordele vir die hele wêreld, insluitende Suid-Afrika, sou inhou.[3]

Onder die burgers wat hulle wapens moes neerlê, was daar groot neerslagtigheid omdat hulle hulle onafhanklikheid verloor het. Alhoewel die meerderheid van hulle die eed van getrouheid vrywillig afgelê en hulle lot swaarmoedig aanvaar het, was daar verskeie wat nie bereid was om onder die Britse vlag te woon nie en hulle het uitgewyk na lande wat nie onder Britse heerskappy was nie. So het genl. Ben Viljoen 'n nuwe tuiste in Mexiko en die Verenigde State van Amerika (VSA)[4] gaan soek. Manie Maritz het via Duits-Suidwes-Afrika na Duitsland gegaan. Daarna is hy na Frankryk waar hy vir 'n Franse kapitalis gaan werk het, wat hom na Madagaskar gestuur het om grond te gaan koop.[5] Groepe Afrikaners het ook na Argentinië[6] en Oos-Afrika geëmigreer.[7]

## *4.2 Madagaskar, 1902 – 1903*

Vanweë sy weiering om die eed van getrouheid af te lê, is F.W. Reitz geleentheid gegee om sy sake in orde te bring, waarna hy, Deneys en Arnt teen die einde van Junie 1902 uit Suid-Afrika gedeporteer is.[8] Hulle hartseer oor die verlating van hulle vaderland word baie duidelik deur een van F.W. Reitz se gedigte weerspieël:

South Africa

Though foreign shores my feet may tread,
My hopes for thee are not yet dead.
Thy freedom's sun may for a while be set,

---

[3] T. Cameron (red.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 194.
[4] J.W. Meijer, *Generaal Ben Viljoen 1868-1917*, p. 259.
[5] M. Maritz, *My lewe en strewe*, pp. 55-57.
[6] P.W. Grobbelaar (red.); *Die Afrikaner en sy kultuur V: Afrikaners in die vreemde*, p. 206.
[7] L.J.S. Changuion, Die verhuising van Boere na Oos-Afrika (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP).
[8] D. Reitz, *Commando: A Boer journal of the Boer War*, pp. 250-251; TAB, CS, 101, 6364/02, Application of Reitz to leave for Europe, 24/06/1902.

But not forever; God does not forget.[9]

F.W. Reitz en sy twee seuns is na die eerste Portugese dorpie buite die Oos-Transvaalse grens, Ressano Garcia, begelei. Van hier is hulle na Lourenço Marques waar hulle 'n besluit oor hulle toekoms moes neem.[10] Die eerste stap sou wees om hulle by Corrie Reitz, Deneys se stiefmoeder en sy jonger broers en susters, wat reeds sedert die Britse okkupasie van Pretoria in Scheveningen in Nederland was, te gaan aansluit.[11] Onsekerheid het egter geheers oor wat hulle daarna sou doen. Volgens Deneys was sy vader ten gunste daarvan om na die VSA te gaan en daar as 'n vryburger onder 'n republikeinse vlag te woon. Deneys het egter sy eie idees gehad en toon hier reeds 'n onafhanklikheid van gees en familiebande wat hom later in sy lewe loodreg teenoor sy vader se politieke denke sou plaas. Hy wou veel eerder na Madagaskar, 'n Franse kolonie aan die Ooskus van Afrika, gaan. Die idee is gedurende die oorlog deur 'n gewonde Fransman, Georges de Gourville, by Deneys geplant.[12] Deneys het hom heel waarskynlik, teen die tyd wat hy *Trekking on* in 1933 geskryf het, misgis met die rede wat sy vader gegee het oor waarom hy na Amerika wou gaan. In 'n brief aan Jan Smuts vanuit Scheveningen, gedateer 22 Augustus 1902, meld Frank dat hy na Amerika sou vertrek om die planne te gaan uitvoer wat hy en Smuts bespreek het. Hy meld verder dat Deneys en Arnt slegs na Madagaskar sou gaan om te "...kijken en rapporteren" en dat hy en die res van sy gesin later by hulle sou aansluit, aangesien dit na 'n goeie land lyk om in te woon.[13] Die planne wat tussen hom en Smuts bespreek is, verwys waarskynlik na die lesingtoer wat Frank vanaf Oktober 1902 tot Februarie 1903 deur Amerika onderneem het.[14]

---

[9] D. Reitz, *No Outspan*, pp. 77-78.

[10] D. Reitz, *Trekking on*, p. 9.

[11] D. Reitz, *Trekking on*, p. 12; J.C. Moll, F.W. Reitz se bestaanskrisis in Nederland as onversetlike Boereleier en sy terugkeer na Suid-Afrika, *Historia*, November 1996, 41(2), p. 31; SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 187, privaat briewe 1900-1903, nos. 1–146 (76), F.W. Reitz – J.C. Smuts, 22/08/1902.

[12] D. Reitz, *Trekking on*, p. 9.

[13] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 187, privaat briewe 1900-1903, nos. 1–146 (76), F.W. Reitz – J.C. Smuts, 22/08/1902.

[14] J.C. Moll, F.W. Reitz se bestaanskrisis in Nederland as onversetlike Boereleier en sy terugkeer na Suid-Afrika, *Historia*, November 1996, 41(2), p. 32.

Deneys se beweegrede om na Madagaskar te gaan, was waarskynlik gebaseer op 'n idilliese beeld wat deur De Gourville vir hom geskets is. Indien Deneys, voordat hy soontoe vertrek het, geweet het wat op hom wag, sou hy heel moontlik van sy planne afgesien het. Madagaskar is 'n eiland in die Indiese Oseaan, sowat 306 kilometer suidoos van die Mosambiekse kus. Die eiland beslaan sowat 595 697 vierkante kilometer, is 1 577 kilometer lank en 579 kilometer breed.[15]

Madagaskar se geskrewe geskiedenis dateer terug tot die 7de eeu toe Arabiere handelsposte langs die noordwes kus gestig het. Europese kontak het vir die eerste keer plaasgevind toe 'n eskader van Pedralvares Cabral deur 'n storm verstrooi is en een van die skepe wat afgedwaal het, daarop afgekom het. Die eiland is al in 1502 op Portugese kaarte aangedui. In die laat 17de eeu het die Franse handelsposte langs die ooskus gestig. Vanaf ongeveer 1774 tot 1824 het dit as 'n basis vir seerowers in die Indiese Oseaan gedien.[16]

Madagaskar se 19de eeuse geskiedenis moet gesien word in die lig van Britse en Franse koloniale uitbreiding en die stryd tussen die twee lande om Madagaskar as 'n kolonie te kon bekom. Frankryk het Madagaskar verkry nadat 'n ooreenkoms in 1890 tussen Brittanje en Frankryk geteken is waarvolgens Brittanje Madagaskar as 'n Franse protektoraat erken het in ruil vir die aanvaarding van Zanzibar as 'n Britse protektoraat deur Frankryk. Totale Franse heerskappy het egter eers plaasgevind toe 'n Franse militêre mag Madagaskar in 1894 ingeval, Antananarivo ingeneem en die Merinakoningshuis in Oktober 1895 tot oorgawe gedwing het. Die ironie van die inval was dat meer Franse soldate van malaria en ander siektes gesterf het as in gevegte. Die verdrag wat na die oorlog tussen Frankryk en Madagaskar gesluit is, het Madagaskar as 'n Franse protektoraat gevestig en het Frankryk toegelaat om 'n okkuperende mag daar te plaas en beheer van binnelandse sake oor te neem. Op 6 Augustus 1896 is Madagaskar deur die

[15] N. Heseltine, *Madagascar*, p. 24.
[16] *Ibid.*, pp. 61-62, 68 en 72.

Franse parlement tot 'n Franse kolonie verklaar en genl. Joseph Simon Galliéni (1849-1916) het die regering met vol militêre en burgerlike magte oorgeneem. Weerstand teen die Franse inname het bly voortduur en dit was eers in 1902 wat die okkuperende mag daarin kon slaag om dit totaal te onderdruk.[17]

Of die jeugdige Reitz enigsins bewus was van Madagaskar se geskiedenis toe hy besluit het om daarnatoe te gaan, is nie bekend nie. Of hy ook enigsins besef het dat die geskiedenisse van Madagaskar en die twee Boererepublieke sekere ooreenkomste, veral ten opsigte van die oorname van die lande deur middel van imperiale moondhede, gehad het, is ook nie bekend nie. Dit is moontlik dat hy dit glad nie besef het nie, of selfs dat dit vir hom glad nie saak gemaak het nie. Vanweë sy agtergrond en die Boere se benadering teenoor swartes, het hy die Franse inval van Madagaskar waarskynlik nie in dieselfde lig gesien as die Britse inval in die twee Boererepublieke nie. Dit is uiters ironies, aangesien Madagaskar se plaaslike bevolking, uit dié oogpunt gesien, waarskynlik meer met hom in gemeen gehad het as die okkuperende Franse.

Na vele argumente het Deneys en Arnt hulle vader oortuig dat hulle eerder na Madagaskar wou gaan, maar hy het slegs daartoe ingestem op voorwaarde dat hulle hom eers na Frankryk moet vergesel. Deneys en Arnt het geredelik hiertoe ingestem aangesien dit 'n langer reis met meer lande om te sien sou beteken. 'n Paar dae later het hulle aan boord van 'n Duitse skip, die *Kanzler*,[18] weggevaar met die gedagte dat dit die laaste sien van hulle geboorteland was. Hulle gretigheid om meer lande te sien, is beloon deurdat die skip stadig teen die kus van Afrika opgevaar en by elke hawe gestop het om ivoor en rubber te laai. Sodoende is hulle na Zanzibar, Dar-Es-Salaam, Mombassa, Aden en van daar deur die Rooi See en die Suezkanaal na Port

[17] N. Heseltine, *Madagascar*, pp. 133-137 en 143.

[18] TAB, GOV, 595, 340/01, Miscellaneous for the month of September 1902. Arrival of Mr. Reitz at Naples.

Said. Vanaf Port Said is hulle deur die Middellandse See tot by Napels,[19] waar hulle stiefmoeder, Corrie, hulle ingewag het.[20]

By Napels het Deneys se onkunde van Europese lande en hulle gebruike na vore gekom toe hy deur die Italiaanse polisie gearresteer is. Hulle was onder die indruk dat hy met tabak wou smokkel toe hy, met sy sakke vol tabak, voet aan wal gesit het. Gelukkig het ‘n Italiaanse passasier wat saam met hulle aan boord van die skip was, tot sy redding gekom en aan die magistraat verduidelik dat Deneys ‘n jong Suid-Afrikaanse Boer was. Die gevolg was dat Deneys, tabak en al, vrygelaat is en by sy vader-hulle kon gaan aansluit. Die voorval het hom egter ‘n paar benoude oomblikke besorg en hy het allerhande visioene gehad van hoe hy die res van sy lewe in ‘n Italiaanse tronk sou slyt.[21]

Dit was egter nie net Deneys wat in Napels opspraak verwek het nie. Die 19-jarige Arnt het ‘n onderhoud aan ‘n Italiaanse koerant, *Giornale d'Italia*, toegestaan, waartydens hy ‘n paar stellings gemaak het wat die aandag van die Britse regering op hom gevestig het. Arnt is aangehaal dat nie een van die Boere werklik tevrede was met die vredesluiting nie en dat hulle slegs hulle wapens uit konsiderasie vir hulle vrouens en kinders, wat deur die Britte sleg behandel is, neergelê het. Volgens hom sou die Boerevolk en die Britte altyd onversoenbaar wees, ongeag die posisie wat deur hulle leiers ingeneem is. Hy het verder ook gemeld dat die oorlog binne die volgende vier tot vyf jaar weer sou uitbreek. “No one will be resigned to the loss of independence. How could a people, who have sacrificed literally everything for the liberty of their country suddenly give in in such a manner? You see how almost all the young Boers are emigrating rather than endure the English yoke.”[22]

---

[19] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 10-12.

[20] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 187, privaat briewe 1900-1903, nos. 1–146 (76), F.W. Reitz – J.C. Smuts, 22/08/1902.

[21] D. Reitz, *Trekking on*, p. 12.

[22] TAB, GOV, 595, 340/01, Miscellaneous for the month of September 1902. Arrival of Mr. Reitz at Naples.

Het Deneys enigsins Arnt se siening gedeel? In hierdie stadium waarskynlik ja. Hy het per slot van rekening geweier om die eed van getrouheid teenoor Brittanje af te lê en was besig om na 'n ander land uit te wyk. Saam met hulle vader het hulle ook die lang bootreis vanaf Lourenco Marques na Europa onderneem en daar kan aangeneem word dat hulle vele diep gesprekke oor die oorlog en alles wat daarmee gepaardgaan, gehad het. Die Reitz-familie was aan die voorpunt van besluitneming in eers die Oranje-Vrystaat en later die ZAR en vir hulle was dit waarskynlik 'n normale leefwyse om landsake en ander vraagstukke met mekaar te bespreek.

Vanaf Napels is hulle na Rome, Florence, Genève en toe na Scheveningen in Nederland waar hulle op 9 Augustus 1902 gearriveer het. Hier het 'n hartlike herontmoeting met Deneys se broers en suster plaasgevind. Hulle stiefmoeder was reeds vanaf die Britse okkupasie van Pretoria 'n uitgewekene in Nederland en kon daarin slaag om met behulp van haar ouers en familie 'n bestaan in Scheveningen te maak.[23] Vanaf Nederland is hulle na Parys waar Deneys en Arnt die stad verken het terwyl hulle vader oor Madagaskar inligting ingesamel het. Gedurende hulle verblyf in Parys het hulle met Louis Herbette, 'n Franse minister, asook met mejuffrou Maude Gonne (1866–1953) en majoor John MacBride (1865–1916) kontak gehad. Gonne en MacBride was aktief in die Ierse onafhanklikheidstryd teen Brittanje en Deneys kon waarskynlik so kort na die Anglo-Boereoorlog met hulle identifiseer. Die feit dat Deneys MacBride tydens die Anglo-Boereoorlog by Ladysmith, waar hy tweede in bevel van die Ierse Brigade was, leer ken het, het waarskynlik as 'n verdere aanknopingspunt gedien. Anders as Deneys het Macbride egter nooit van gesindheid teenoor die Britte verander nie en is hy in 1916 in Dublin gefusilleer vir sy deelname aan die Paasopstand.[24]

In Augustus 1902 het Deneys en Arnt 'n paar tweedeklas skeepskaartjies, 'n geweer en kookgerei gekoop en met 'n Franse stoomskip, die *Djemnah*,

---

[23] D. Reitz, *Trekking on*, p. 12; J.C. Moll, F.W. Reitz se bestaanskrisis in Nederland as onversetlike Boereleier en sy terugkeer na Suid-Afrika, *Historia*, November 1996, 41(2), p. 31; SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 187, privaat briewe 1900-1903, nos. 1-146 (76), F.W. Reitz - J.C. Smuts, 22/08/1902.

[24] http://en.wikipedia.org/wiki/John_MacBride, *John MacBride*, 04/01/2007.

vanuit Marseille vertrek.[25] Hulle idee was om na die binneland van Madagaskar te trek en daar van wild te oorleef terwyl hulle allerhande avonture beleef en onbekende gebiede verken.[26]

Tydens hulle seereis na Madagaskar het 'n paar gebeure plaasgevind wat vir Deneys meldenswaardig was. Die eerste hiervan was 'n storm in die Middellandse See. Hy beskryf dit as die ergste storm wat in baie jare in die gebied voorgekom het,[27] en vir hom wat in die Vrystaat, ver van die see af, grootgeword het, moes dit angswekkend gewees het. Die tweede voorval was 'n verrassing wat by Aden op hulle gewag het. 'n Telegram is aan boord gebring waarin gemeld is dat hulle die voorhoede was van sowat 10 000 Boere wat na Madagaskar op pad was in 'n poging om die Britse juk te ontduik. Die telegram is deur Louis Herbette vanuit Parys gestuur en dit het enige poging van Deneys en Arnt om Madagaskar ongemerk in te gaan, in die wiele gery. Dit het die aandag vierkantig op hulle gevestig en tot hulle groot ongemak het hulle verneem dat uitgebreide voorbereidings gemaak word vir hulle aankoms in Madagaskar. Die eerste tekens van wat op hulle gewag het, het by hulle aankoms by Diego Suarez, 'n hawestad in die Noorde van Madagaskar,[28] duidelik geword. Hier het die bevelvoerder van die plaaslike garnisoen hulle ingewag en genooi om 'n banket saam met hom by te woon. Hy het ook 'n brief aan hulle oorhandig vanaf Gaston Doumerge, die Franse Minister van kolonies, waarin alle offisiere, amptenare en inwoners opdrag gegee is om aan hulle hulp te verleen tydens hulle reis.

By Tamatave is die twee broers deur die burgemeester van die dorp, Dubosc-Taret, ingewag. Hy het aan hulle 'n brief vanaf genl. Galliéni oorhandig waarin hulle genooi is om hom in die hoofstad van Madagaskar, Antananarivo, te besoek. Enige gedagtes wat hulle nog mag gehad het om Madagaskar as onbekendes in te gaan, het hier verdwyn. Behalwe vir die brief vanaf Galliéni

---

[25] D. Reitz, *Trekking on*, p. 13.
[26] *Ibid.*, pp. 12-13.
[27] *Ibid.*, pp. 13-14.
[28] N. Heseltine, *Madagascar*, p. 61.

was daar ook ‘n dubbele ry soldate en ‘n skare mense wat hulle ingewag het en onder krete van “Vivent les Boers” het hulle verder beweeg.[29]

Vanaf Tamatave is hulle sowat vyftien kilometer per trein na die dorpie Ivandrona en van hier af is hulle met ‘n hekwielboot verder tot by Mahatsara. Van hier af is hulle met ligte muilwaens na Antananarivo, ‘n eer wat gewoontlik net aan hoë funksionarisse toegestaan is. ‘n Gedeelte van dié reis was deur die oerwoud en alhoewel Deneys gedink het dat dit pragtig was, was dit so vreemd en anders as Suid-Afrika dat hulle heeltemal verskrik en verlore gevoel het. Hoe verder hulle die oerwoud ingedring het, hoe meer het hulle van die bekende afgesny geraak en ‘n groot deel van die tyd was hulle terneergedruk.[30]

Dit is nie vreemd dat Madagaskar die twee broers depressief gestem het nie, want dit verskil drasties van die wye en oop ruimtes waaraan hulle in die Transvaal en Vrystaat gewoond was. Die landskap is gevarieerd en daar is ten minste vyf groot ekologiese streke, elkeen met ‘n ander klimaat en spesiale tipes plantegroei wat vereis dat die inwoners hulle by hulle eie unieke streke se toestande moet aanpas.[31] Die koel, rollende heuwels van die Hauts-Plateaux gaan oor in ‘n area van humiede tropiese woude wat skerp afdaal na die ooskus. Vanaf die hooglande ooswaarts verander die klimaat binne 96 kilometer van ‘n lae reënvalgebied na een waar daar omtrent nie ‘n droë seisoen is nie. Wes van die Hauts-Plateaux is grasvlaktes met ‘n droë seisoen wat van sewe tot agt maande per jaar duur. Die Tsaratanana Massif in die noorde het vulkaniese berge. Die weskus het baie beskermende hawens en oop vlaktes, terwyl die suidweste ‘n plato en woestyn streek is. Die oostelike of windkant van die eiland is tuiste vir tropiese reënwoude, terwyl die westelike en suidelike kante van die eiland, wat in die reënskadu van die sentrale hooglande lê, bestaan uit droë tropiese woude, doringwoude en woestyne en fynbos (xeric shrublands).[32] Die weer in Madagaskar is glad

[29] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 14-17.
[30] *Ibid.*, pp. 18-19.
[31] N. Heseltine, *Madagascar*, p. 2.
[32] *Ibid.*, p. 3.

nie homogeen nie, dit word beïnvloed deur die uitleg van die verskillende streke, word oorheers deur suidoostelike passaatwinde en vanaf Januarie tot Maart kom siklone voor.[33]

Sowat 32 kilometer vanaf Antananarivo is Deneys en Arnt deur generaal en mevrou Galliéni in 'n motor ingewag. Dit was die eerste keer dat die twee broers in 'n motor gery het, 'n ervaring wat hulle terdeë geniet het.[34] Volgens 'n brief van T.P. Porter, Britse konsul in Madagaskar, aan die Britse Staatsekretaris in Londen, het Deneys en Arnt teen die einde van Oktober 1902 in Antananarivo gearriveer.[35]

In sy herinneringe het Reitz opgeteken dat hy kort na hulle aankoms in Antananarivo aan genl. Galliéni verduidelik dat hy en Arnt op hulle eie in Madagaskar was en dat hulle daar wou probeer oorleef totdat hulle in 'n posisie was om die res van hulle familie na Madagaskar te laat kom. Volgens Reitz het Galliéni sy openhartigheid waardeer. Hy het klaarblyklik aan Reitz gesê dat die Franse baie sensitief daarvoor was om gespot te word en dat as die Engelse pers sou uitvind dat twee Boere-seuns die owerheid om die bos gelei het, daar politieke gevolge in Parys sou wees. Volgens Reitz het Galliéni selfs gespot dat dit tot 'n kabinetskrisis sou kon lei. Ten opsigte van hulle oorlewing het hy Reitz glo gerus gestel en gemeld dat hy reeds gereël het dat hulle op 'n toer na die binneland kon gaan om meer van die land te wete te kom. Hy sou ry-esels aan hulle verskaf en 'n troep Senegalese soldate sou hulle vergesel as beskerming teen enige moontlike vyandighede.[36]

Die reis was die ideale geleentheid om Madagaskar aan Reitz-hulle bloot te stel en hulle die avontuur en ontdekkingsreise te laat onderneem waarna hulle gesmag het. Dit het hulle egter nie voorberei op wat op hulle in die toekoms gewag het nie. Vanaf Antananarivo is hulle na die Itassymeer en van daar na Antsirabé, Ambositea en Fianarantsoa, 'n afstand van sowat 320

[33] N. Heseltine, *Madagascar*, pp. 34-39.
[34] D. Reitz, *Trekking on*, p. 19.
[35] TAB, GOV, 33, 1175/02, Arrival of Reitz sons' in Madagascar, 29/10/1902.
[36] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 20-21.

kilometer. Van daar is hulle eers wes en toe noord, waarna hulle teruggedraai het. Na drie maande, teen Januarie 1903, was hulle terug in Antananarivo. Die reis het aan die broers 'n goeie idee van die land en sy mense gegee, maar was waarskynlik ietwat teleurstellend as gekyk word na die opdrag waarmee hulle vader hulle na Madagaskar gestuur het, naamlik om die omgewing uit te kyk en te rapporteer of dit moontlik sou wees om daar te oorleef of nie. Hulle het geen wild gesien nie en sou gevolglik nie 'n bestaan kon maak uit jag nie. Alhoewel hulle baie goeie weiveld en breë riviere gesien het, was dit in afgeleë gebiede waar hulle volgens Reitz soos die *Swiss Family Robinson* sou moes leef en dit was ook nie aanvaarbaar nie.[37] Madagaskar was na alles nie die idealistiese plek wat Reitz homself voorgestel het nie.

Die broers se vakansie was egter nou verby en hulle moes maniere vind om 'n bestaan te maak. In Antananarivo was die vooruitsigte nie baie goed nie. Die landbou en byna alle handel is deur die inheemse Hova bevolking bedryf en daar was min geleentheid vir Reitz-hulle om daarby betrokke te raak. Om te oorleef, het Arnt begin om los werkies te doen, terwyl Deneys vir 'n Algeriër gewerk het wat beeste van die plaaslike inwoners gekoop het en dit dan aan die Britse regering in Suid-Afrika verkoop het. Dit was harde werk wat vereis het dat Deneys op lang togte te voet moes gaan ongeag van weerstoestande of die terrein en dat hy met die inheemse bevolking moes praat en in hulle dorpies moes slaap. Volgens hom het hy in die geheel gesien nie 'n te groot weersin in sy werk gehad nie. Dit het die voordeel gehad dat hy die Hova taal gou aangeleer het en hy het vir die eerste keer in sy lewe geld verdien.[38] Op sosiale gebied het hulle vriende gemaak met 'n jong Hollander genaamd Nicholaas Wolf. Wolf was 'n lid van die Franse Vreemde Legioen en het hulle op hulle reis na die binneland vergesel. Op sy af-aande het hy en die broers saam met ander Vreemde Legioensoldate dambord en dominos gespeel.

---

[37] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 21-23.
[38] *Ibid.*, pp. 23-24.

Deneys en Arnt het ook vriende gemaak met twee Britse handelaars by wie hulle elke af en toe gaan kuier het.[39]

In Maart 1903 het Manie Maritz, die voormalige veggeneraal, sy opwagting in Antananarivo gemaak. Reitz het Maritz tydens die Anglo-Boereoorlog in die Kaapkolonie leer ken. In *Commando* het hy reeds die indruk geskep dat hy nie besonder ingenome met Maritz was nie,[40] en die gevoel word verder uitgebou in *Trekking on.* Hy beskryf Maritz as ongeletterd en wreed, maar dat hy geweldige invloed oor ander kon uitoefen. Maritz was glo geweldig sterk en baie moeilik om mee oor die weg te kom. Die kleinste bietjie weerstand het hom glo woedend gemaak. Volgens Reitz het hulle hom selde teëgegaan aangesien hulle praatjies gehoor het dat hy tydens die oorlog een van sy eie volgelinge met een hou doodgeslaan het.[41] Maritz se buitengewone liggaamskrag en genadelose wyse van optrede word deur ander skrywers bevestig,[42] maar dat hy enigsins een van sy volgelinge doodgeslaan het, is te betwyfel. Dit was waarskynlik 'n gerug waaraan Reitz as 'n jong, ontvanklike seun tydens die oorlog blootgestel is en in sy gedagtes vasgesteek het, maar wat nie waar was nie.

Na Maritz se aankoms in Madagaskar het Deneys en Arnt hom op 'n soortgelyke tog as wat hulle self deurgemaak het, die binneland in vergesel. Die gevolg hiervan was dat albei broers malaria by die Itassymeer opgedoen het.[43] Arnt het veel erger as Deneys onder die siekte deurgeloop. As gevolg van Arnt se swak toestand en 'n gebrek aan geld om aan albei van hulle die geleentheid te gee om Madagaskar te verlaat, het Deneys gereël dat Arnt na die kus kon gaan vanwaar hy later na Mauritius is. Dit het veroorsaak dat Deneys alleen in Madagaskar agtergebly het. Hy het egter nog sy werk by die

---

[39] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 20-21 en 24.
[40] D. Reitz, *Commando*, p. 278.
[41] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 25-27.
[42] J.J. Britz, Generaal S.G. (Manie) Maritz se aandeel aan die rebellie van 1914-1915 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 1979); W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I,* p. 538.
[43] D. Reitz, *Trekking on*, p. 26.

Algeryn gehad en in die aande het hy begin om sy joernaal oor die Anglo-Boereoorlog te skryf.[44]

Kort hierna het Reitz die idee om voorrade met ossewaens tussen die kus en die hoofstad te vervoer, gekry. Hy en Jan van Brummelen, 'n Hollander wat Maritz na Madagaskar vergesel het, het 'n kontrak met twee Kreole beding wat aan hulle 50 Franse centiem sou betaal vir elke kilogram goedere wat hulle aanry. Hulle het gewoonlik wyn en meel vanaf Mahatsara en rys vanaf Antananarivo vervoer. Reitz en Van Brummelen het 30 waens hiervoor by die Kreole gekry, maar moes hulle eie drywers en osse verskaf, 'n taak wat makliker gesê as gedaan was. Die osse wat die waens sou sleep, moes ingebreek word en die Hovas moes as drywers aangestel en opgelei word. Die werk is verder gekompliseer deurdat die pad tussen Antananarivo en Mahatsara nie vir ossewaens gebou was nie. Die 320 kilometer lange roete, wat sowat 16 dae heen-en-weer geduur het, het teen steil hellings op of skerp skuinstes af gestrek en die Hova drywers moes gedurig dopgehou word om te verseker dat hulle doen wat van hulle vereis is. Die osse moes ook goed opgepas word, aangesien hulle gedurig gepoog het om hulle jukke te breek, die waens om te gooi, of hand uit te ruk. Groot dele van die roete was deur somber woude, daar was elke dag tropiese reën en hulle kos het merendeels uit rys en brêdi, 'n tipe struik, bestaan. Hulle moes gedurende die dag reis, aangesien die Hovadrywers se bygelowigheid hulle verhoed het om dit in die nag te doen. Boonop het Reitz en Jan ten minste een maal 'n week malaria aanvalle gekry. Ten spyte van die bittere ontberinge wat Reitz moes deurmaak, was daar vir hom 'n sekere bekoring aan die lewe van 'n transportryer. Hy het amper van die lang roete, die bewoude berge en die groot riviere begin hou.[45]

Op die lange duur het al die ontberinge en teenspoed wat hy moes deurmaak, sy tol begin eis. Die twee Kreole het nie hulle deel van die ooreenkoms nagekom nie en betalings is nie gemaak soos wat ooreengekom

[44] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 27-28. Herinneringen van 1899-1902 is in 1929 as *Commando: A Boer journal of the Boer War,* gepubliseer.
[45] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 28-30.

is nie. Reitz-hulle het slegs genoeg geld ontvang om kos te koop en hulle drywers stil te hou, maar hulle volle salarisse is nooit betaal nie.[46] Die situasie is beëindig toe die twee Kreole bankrot verklaar is en Reitz-hulle se waens deur die plaaslike polisie gekonfiskeer is. Om sake te vererger, het die wadrywers hulle uitstaande salarisse begin eis en, aangesien Reitz hulle aangestel het, is hy persoonlik daarvoor verantwoordelik gehou. Hy kon egter nêrens geld in die hande kry om hulle te betaal nie. Volgens die Franse beleid wat die verhouding tussen die plaaslike bevolking en witmense gereguleer het, kon hy tronkstraf daarvoor opgelê word. Dit het hom daardie selfde nag nog laat besluit om stilletjies weg te sluip. Ten spyte van 'n hewige malaria-aanval het hy daarin geslaag om Mahatsara te bereik vanwaar hy met 'n Franse stoomboot tot in Zanzibar gereis het.[47]

Reitz het geen duidelike toekomsplanne gehad nie. Hy het dit oorweeg om by sy vader in Amerika te gaan aansluit, maar het ook 'n begeerte gehad om weer na Suid-Afrika terug te keer. 'n Brief wat hy vanaf Isie Smuts, Jan Smuts se vrou, ontvang het, waarin sy hom aangemoedig het om na Suid-Afrika terug te keer, het tot hierdie verlange van hom bygedra. Volgens hom was hy van die begin af van mening dat hulle 'n fout gemaak het om in ballingskap te gaan, maar aangesien hy nog nie heeltemal bereid was om dit te erken nie, het hy aan boord van 'n skip wat na Hamburg in Duitsland onderweg was, geklim. Hy het egter in argumente met van die bemanning betrokke geraak en dit, asook sy verlange na Suid-Afrika, het hom by Hodeida in Arabië genoodsaak om na 'n skip op pad terug na die suide oor te klim. Dié seereis het vir Reitz by Delagoabaai geëindig waar hy van plan was om aan wal te gaan. Die Portugese in beheer van die hawe het egter 'n stokkie voor sy planne gesteek. Indien hy aan wal wou gaan, moes hy 'n paspoort en £25 hê en hy het nie oor een van die twee beskik nie. 'n Goedgesinde uitgeweke Kaapse rebel, ene Theron, het aan Reitz die £25 geleen en hy is daarna toegelaat om aan wal te gaan mits hy binne tien dae 'n permit om die Transvaal binne te gaan, kon kry. Weer eens was dit makliker gesê as

[46] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 32-33.
[47] *Ibid*., pp. 36-38.

gedaan. Die Britse konsul in Delagoabaai het waarskynlik besef dat Reitz die seun van die gewese staatsekretaris van die ZAR was, 'n jongman wat soos sy vader geweier het om die eed van getrouheid aan die Britse kroon af te lê aan die einde van die Anglo-Boereoorlog. Reitz is gevolglik verhoed om die Transvaal in te gaan. Hy het egter nie moed opgegee nie en het die konsul kort-kort lastig geval en bekendes in die Transvaal getelegrafeer vir hulp.

Na vyf dae het hy wel 'n paspoort ontvang – op grond waarvan is nie duidelik nie - en kon hy per trein na die Transvaal vertrek. Sy kaartjie was net geldig tot in Belfast en hier het die verandering in hoogte bo seespieël asook die koue winter veroorsaak dat hy 'n malaria-aanval gehad het. Weer het sy geluk gehou en met die hulp van 'n goedgesinde samaritaan kon hy Pretoria 'n week later bereik. Hy was egter so siek dat hy nie op eie stoom by Smuts kon uitkom nie. Gelukkig het iemand hom herken en na Smuts geneem.[48]

Reitz se verblyf in Madagaskar mag moeilik gewees het, maar dit het sy oë oopgemaak vir 'n verskeidenheid van invloede wat later in sy lewe 'n groot impak op hom kon hê. Die eerste hiervan was kontak met ander rasgroepe wat waarskynlik veroorsaak het dat hy 'n meer gematigde benadering ten opsigte van ander rasse gehad het. Reeds by Mombassa, op pad na Napels, het 'n groep Egiptenare Reitz, sy vader en sy broer besoek en simpatie betuig met hulle "onderdrukking" deur Brittanje. Volgens die Egiptenare het hulle hulle in 'n soortgelyke situasie bevind as die Boere. Die simpatie het, volgens Reitz, egter nie groot aanklank by hulle gevind nie. Volgens Reitz was die algemene gevoel in Suid-Afrika dat ander rasse deur wittes regeer moes word en hulle was nie vreeslik geneë daarmee dat hulle as genote gesien is deur swartes nie.[49] Met Reitz en Arnt se tog na Madagaskar vanaf Europa het 'n ander "gekleurde" nasie hom verder laat dink. Hulle het op 'n Japannese vloot afgekom en die Japanners se flinkheid, asook die feit dat hulle enigsins oor 'n vloot beskik het, het hom beïndruk.[50] Reitz het, volgens homself ten spyte van sy ingebore rassevooroordeel, tydens sy verblyf in Madagaskar

[48] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 38-41.
[49] *Ibid.*, p. 11.
[50] *Ibid.*, p. 14

met ‘n jong plaaslike inboorling, Benoit Adrianomanana, bevriend geraak. Reitz beskryf Benoit as ‘n man met ‘n liberale opvoeding wat baie meer geweet het as hyself. Volgens Reitz sou Benoit nie basiese burgerskapregte in Suid-Afrika gehad het nie, maar tog het hy aan Reitz goeie Franse boeke gegee om te lees en het Reitz by hom goed geleer wat hy andersins nie sou weet nie.[51]

## *4.3 Verblyf by Jan Smuts*

Met sy terugkeer na Pretoria het Reitz sy intrek by Jan Smuts en sy gesin in hulle huis in Sunnyside geneem. Volgens Reitz se beskrywing in *Trekking on*, asook in al die verwysings wat oor hom gevind kon word, het hierdie verblyf vanaf 1905 tot 1908 gestrek.[52] Die stelling is egter foutief. Corrie Reitz skryf reeds op 12 Oktober 1903 aan W.J. Leyds, staatsekretaris van die ZAR vanaf 1892-1898 en buitengewone gesant en gevolmagtigde minister van die ZAR in Europa vanaf 1898-1902, dat Reitz by Smuts aan huis was en dat hy by Stegmann en Esselen as prokureursklerk ingeboek was.[53] Drie jaar later, op 12 Desember 1906, skryf Reitz aan Isie Smuts dat hy op Saterdag 15 Desember uit Pretoria sou vertrek en dat hy reeds sy goed per goedere trein versend het.[54] Die tydperk van drie jaar deur Reitz in *Trekking on* gemeld is dus korrek, maar die datums vanaf 1905 tot 1908 is foutief en moet eerder vanaf 1903 tot 1906 wees. Dit is heel waarskynlik dat hy, teen die tyd wat hy *Trekking on* geskryf het, sy datums verkeerd gekry het omdat hy onder die indruk was dat hy langer in Madagaskar was as wat werklik die geval was.

Waarom het Reitz by die Smuts-gesin gaan woon? Was dit omdat sy familie nog nie na die Transvaal teruggekeer het nie, of was daar ander dieperliggende redes daaragter? Sy vader en stiefmoeder, met die jonger

---

[51] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 24-25.

[52] Sien as voorbeeld W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, p. 700; W.K. Hancock en J. Van der Poel, *Selections from the Smuts Papers II, June 1902-May 1910*, p. 186; D. Reitz, *Trekking on*, p. 42.

[53] TAB, WJ Leyds Argief 1890-1934, 1, 259, C.Reitz - W.J. Leyds, 12/10/1903.

[54] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 189, privaat briewe 1906, nos. 1-126 (76A), D. Reitz – S.M. Smuts, 12/12/1906.

kinders, was steeds in die Verenigde State van Amerika en het eers in 1907 teruggekeer, sy ouer broer Hjalmar was besig om sy regstudies in Nederland te voltooi, Joubert was op ‘n plantasie in Madagaskar en Arnt, alhoewel al terug in Suid-Afrika, het as ‘n dokwerker in Kaapstad gewerk.[55] Daar was dus geen van sy direkte familie in die Transvaal nie en Isie Smuts se uitnodiging het waarskynlik aan hom ‘n uitweg gebied waarna hy gesmag het. Maar waarom juis by Smuts? Die rede hiervoor spruit kennelik uit die verhouding wat tydens die Anglo-Boereoorlog tussen Smuts en Reitz ontstaan het. Reeds toe het Reitz sy bewondering vir Smuts uitgespreek en sy lewe vir hom gewaag.[56] Terselfdertyd het Smuts hom oor Reitz begin ontferm en is hy in Smuts se personeel opgeneem.[57] Waarop hulle vriendskap gebaseer was, is ‘n ope vraag. Met die eerste opslag lyk dit asof die verskille tussen hulle te groot was vir werklike vriendskap. Smuts was 12 jaar ouer as Reitz – hy is in 1870 gebore en Reitz in 1882. Hulle lewensbenadering en werkwyses was verskillend, maar ten spyte daarvan was hulle lojaal teenoor mekaar. Smuts was ‘n verantwoordelike, gefokusde persoon wat reeds op ‘n jong ouderdom in die middel van groot gebeure gestaan het. Hy was Staatsprokureur op 28, ‘n generaal op 30 en pas 32, aan die einde van die Anglo-Boereoorlog. Hy het in hoë kringe beweeg en het respek gekry vanaf mense dubbel sy ouderdom. Hy het respek by die publiek afgedwing, die vertroue van sy troepe gehad en geharde politici en diplomate het na hom geluister.[58] Hy was boonop ‘n diep denker en filosoof. Hy het sy drome en visies gehad, maar was ‘n politieke realis, het altyd die kuns van die moontlike uitgevoer.[59] Smuts was boonop ‘n harde werker wat baie ure in sy kantoor deurgebring het.[60]

In teenstelling daarmee het Reitz die indruk geskep dat hy, ten spyte van sy agtergrond en die kringe waarbinne hy beweeg het, nie besonder verantwoordelik was nie. Hy het gedoen wat hy wou wanneer hy wou, sonder om enigiemand anders werklik in ag te neem. Hy het bitter min van

[55] D. Reitz, *Trekking on*, p. 43.
[56] D. Reitz, *Commando*, p. 242.
[57] Brenthurstbiblioteek, MS196/1/2/2, vol. 8, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, pp. 950-951.
[58] J.C. Smuts, *Jan Christian Smuts*, p. 86.
[59] W.K. Hancock, *The sanguine years 1870-1919*, p. 181.
[60] J.C. Smuts, *Jan Christian Smuts*, p. 101.

kantoorwerk gehou en het gereeld sy sak gepak om nog ‘n reis te onderneem. Hy was ook iemand wat baie direk en uit die vuis gepraat het en het bitter min voorbereiding vir sy toesprake gedoen. Hy was minder gekultiveerd en gesofistikeerd as Smuts en het ook nie noodwendig ander se respek op dieselfde wyse as Smuts afgedwing nie.

Ten spyte van hierdie verskille tussen hulle, het hulle verskeie gedeelde belange gehad wat waarskynlik tot aanknopingspunte gelei het. Beide van hulle was lief vir die grond en natuur. Hulle het daarvan gehou om emosionele en intellektuele genot daaruit te put en het graag gaan stap. Hulle het ook ‘n gemeenskaplike liefde vir lees en kennis gehad en was altwee ondersoekend van geaardheid. En ten spyte van Smuts se teruggetrokkenheid, was beide van hulle lief vir mense.

Volgens W.K. Hancock het Reitz Smuts reeds tydens die Anglo-Boereoorlog “Oom Jannie” begin noem. Hancock verwys na ‘n Britse intelligensie-verslag waarin gemeld is dat die burgers almal na Smuts as “Oom Jannie” verwys het, maar hy trek dit ernstig in twyfel. Volgens hom was dit slegs Reitz, Tottie Krige en ‘n paar ander wat binne Smuts se klein vriendekring of familieverband gestaan het, wat hom enigsins so genoem het. Vir die res van die burgers was Smuts altyd “die generaal”.[61]

Die Smuts-huishouding was die ideale plek vir Reitz om sy kragte te herwin en homself vir die toekoms voor te berei. Hy was in ‘n beskermde omgewing wat aan hom die geleentheid gebied het om volkome te herstel en onder die versorging van Isie Smuts kon hy dan ook oor sy malaria kom.[62] Smuts se groot versameling boeke, waarvan die grootste meerderheid oor die reg, reis, Africana, poësie en literatuur gehandel het, het waarskynlik ook daartoe bygedra om Reitz se verblyf en herstel makliker te maak.[63] In latere jare het Reitz sy herstel ten volle aan die vriendskap en hulp wat deur die Smutse aan hom verleen is, toegeskryf. Volgens hom was hy totaal moedeloos na sy

---

[61] W.K. Hancock, *The sanguine years 1870-1919*, p. 146.
[62] D. Reitz, *Trekking on*, p. 42; J. Meintjes, *General Louis Botha: A biography*, p. 203.
[63] J.C. Smuts, *Jan Christian Smuts*, p. 120.

ontberinge in Madagaskar, maar hulle het hom weer op koers laat kom. Jan en Isie het hom die nodige motivering gegee om verder te kon vorder en volgens hom sou net hy blameer kon word as hy nie van die geleenthede wat hulle hom gebied het, gebruik gemaak het nie.[64] Hierdie wilskrag, asook Smuts se vriendskap en ondersteuning, het gemaak dat hy later sy prokureurstudies kon voltooi, 'n eie praktyk gestig en tot adjunk premier van Suid-Afrika gestyg het.

Die Smuts-gesin het aanvanklik slegs uit Jan en Isie bestaan, maar binne die volgende drie jaar het Santa (Susannah Johanna - gebore 14 Augustus 1903), Cato (Catherina Petronella – gebore 3 Desember 1904) en Japie (Jacob Daniel – gebore 17 Julie 1906) bygekom,[65] wat waarskynlik vir Reitz, wat uit 'n groot gesin afkomstig was, 'n welkome nuwe dimensie aan sy verblyf by die Smutse gegee het. Hy het so goed by die opset ingepas dat Isie hom nie net beskryf het as 'n baie goeie vriend nie, maar as deel van hulle. Die Smuts-kinders het hom as 'n ouer broer beskou,[66] en Smuts het aan hom die troetelnaam Nysie gegee.[67]

Die Smuts-huishouding was lewendig, vol geraas en kinders wat speel. Jan en Isie het gedigte hardop gelees en onder klavierbegeleiding volksliedjies en Skotse liedjies gesing. Behalwe vir hierdie interne gegenereerde joligheid was die Smuts-huis ook die bymekaarkomplek vir 'n groot hoeveelheid van Smuts se ZAR-regering of Anglo-Boereoorlog vriende en kennisse. Persone soos Louis Botha, Koos de la Rey, Schalk Burger, regter Melius de Villiers van die Vrystaat en baie ander, het gereeld daar oorgebly of gekuier.[68] 'n Jonger groep mans het boonop in Smuts se buitegeboue gewoon. Dit het onder andere Jacob de Villiers (Jimmy) Roos, Tottie Krige en Reitz ingesluit.[69] Vir

---

[64] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 189, privaat briewe 1906, nos. 1-126 (76A), D. Reitz – S.M. Smuts, 12/12/1906.
[65] W.K. Hancock, *The sanguine years 1870-1919*, p. 167.
[66] T. MacDonald, *Ouma Smuts: The first lady of South Africa*, p. 103.
[67] Sien byvoorbeeld SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 188, privaat briewe 1904-1905, 1-122 (105), J.C. Smuts – S.M. Smuts, 21/01/1905.
[68] W.K. Hancock, *The sanguine years 1870-1919*, p. 168; J.C. Smuts, *Jan Christian Smuts*, pp. 102 en 120.
[69] *Ibid.*, p. 165.

dié jong klomp is ‘n swembad in die tuin langs die buitegebou aangebring en hulle het die ander gaste glo ernstig in die verleentheid geplaas deurdat hulle kaal daar gebaai het.[70] Volgens Jannie Smuts, Smuts se seun en biograaf, was Reitz klaarblyklik die “...chief plunger...” in hierdie bad.[71]

Volgens W.K. Hancock het Margaret Clerk, ‘n jong Kwaker afkomstig uit Somerset in Engeland, die Smuts-huishouding as ‘n “funny household” beskryf, “not the most comfortable in domestic arrangements, but the people were delightful.” Sy het “an entrancing talk about horses” met Reitz gehad, volgens haar “a gifted young man, son of the former State Secretary, whom General and Mrs. Smuts had persuaded to come back from his voluntary exile in Madagascar and who lived with them for four years almost like an eldest son.”[72]

Reitz het waarskynlik nie net in die vrygewigheid van hierdie huishouding gebaai nie, maar ook teruggegee waar hy kon. Op 15 Januarie 1905 skryf Smuts dat Reitz aan hom gemeld het dat hulle kuikens groot word, maar dat een van hulle hennetjies gevrek het. Dit laat die gedagte ontstaan dat Reitz heel moontlik die versorging van Smuts se pluimvee waargeneem het.[73] In Desember 1906 meld Reitz hoe hy takies vir Isie Smuts verrig het, onder meer om ‘n portret (foto) na ‘n fotograaf te neem met die opdrag om ‘n vergroting daarvan te maak. In dieselfde brief meld hy ook hoe hy ‘n paar rondlopers van die Smutse se eiendom verwilder het.[74]

Met Reitz se terugkeer na Suid-Afrika het hy hom in ‘n land bevind waarvan die ekonomiese heropbou nog in proses was en waar die politieke strewes en denke van die oorgrote meerderheid van die Boerebevolking amper nie meer

---

[70] J.C. Smuts, *Jan Christian Smuts*, p. 26.
[71] *Ibid.*, p. 120.
[72] W.K. Hancock, *The sanguine years 1870-1919*, p. 167.
[73] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 188, privaat briewe 1904-1905, 1-122 (101), J.C. Smuts – S.M. Smuts, 15/01/1905.
[74] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 189, privaat briewe 1906, 1-126 (76A), D. Reitz – S.M. Smuts, 12/12/1906.

bestaan het nie.[75] 'n Gebrek aan duidelike leierskap het geheers. Paul Kruger het in 1904 in ballingskap gesterf. President Steyn was siek en kon nie meer aktief aan die politiek deelneem nie. Botha, De Wet en De la Rey het na hulle plase teruggekeer en Hertzog en Smuts het weer hulle regsloopbane hervat. Almal van hulle was depressief vanweë die nederlaag wat hulle teen Brittanje gely het,[76] en Milner se beleid van verengelsing en onderwerping van die Boerebevolking het die toekoms nog onsekerder laat lyk.

Dit was egter juis weerstand teen Milner se regering en die uitvoering van sy idees wat veroorsaak het dat 'n nuwe nasionale bewuswording geleidelik ontwikkel het. 'n Samehorigheidsgevoel het gaandeweg ontstaan en die drang om selfregering te verkry, het sterk op die voorgrond getree. In die Transvaal het die bevolking 'n belangstelling in regeringsake begin toon en 'n tydperk van politieke ontwaking het 'n aanvang geneem. Genl. Louis Botha het dit op hom geneem om die Boerebevolking te mobiliseer en saam in een organisasie te bind. Dit het gelei tot 'n Boerekongres in Mei 1904 in Pretoria,[77] en die stigting van die Het Volk party in Pretoria op 28 Januarie 1905.[78] Dié party het onder leiding van 'n hoofkomitee, bestaande uit Botha, Smuts, Schalk Burger, C.F. Beyers, J.H. de la Rey, A.D.W. Wolmarans en Ewald Esselen gestaan en het as doel gehad om eenheid en onderlinge samewerking van die Transvaal te bewerkstellig en die algemene welvaart en vooruitgang van die land en volk te bevorder.[79]

Terwyl genls. Botha, De Wet en De la Rey die Boereleiers was wat kort na die oorlog in die openbare oog was, het Smuts die tydperk gebruik om agter die skerms te werk om individuele Boere te help om hulle lewens te herbou. Politieke bewustheid het eers werklik by hom begin ontstaan toe hy agterkom

---

[75] N.C. Weidemann, Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907 (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), p. 305.

[76] H. Giliomee, *The Afrikaners: Biography of a people*, p. 264.

[77] N.C. Weidemann, Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907 (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), pp. 305-306.

[78] W.K. Hancock, *The sanguine years 1870-1919*, p. 196.

[79] N.C. Weidemann, Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907 (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), p. 339; L.M. Thompson, *The unification of South Africa 1902-1910*, pp. 21-22.

dat die owerhede struikelblokke in sy pad plaas. Vraagstukke waarmee hy geworstel het, was onder meer waarom die Kaapse regering so stadig was om die koloniale rebelle vry te laat? Of waarom het die Transvaal regering predikante van die Hollandse kerke verhoed om na hulle gemeentes terug te keer?

Toe Reitz teen die tweede helfte van 1903 by Smuts aan huis gaan woon het, was Smuts egter reeds ten volle by die politiek betrokke. Botha en Smuts se politieke vennootskap wat oor ‘n tydperk van 17 jaar, tot en met Botha se dood, gestrek het en gebaseer was op wedersydse vertroue, lojaliteit en liefde, het reeds ‘n aanvang geneem. Die twee het, ten spyte van hulle teenoorgestelde persoonlikhede, mekaar uitstekend aangevul. Smuts was die skrywer en kon hulle politieke gedagtes op papier neersit, terwyl Botha dit glad nie kon doen nie. Hy het egter ‘n eersteklas politieke brein en sterk wilskrag gehad. Smuts het ook in latere jare merendeels as parlementêre spreker vir hulle opgetree. Hy was ten volle tweetalig, Botha nie - hy het nie meer Engels gepraat as wat hy moes nie.[80] Jannie Smuts, Smuts se seun, skryf dat Botha en Smuts die ideale vennootskap gehad het. Smuts het die brein en dryfkrag verskaf, terwyl Botha die persoonlikheid gehad het om met mense van alle vlakke van die samelewing te kon omgaan. Hulle het die toekoms klaarblyklik gereeld bespreek en besluit om hulle kragte daaraan te bestee om ‘n verenigde Suid-Afrika te bou. Botha was die soliede krag in die verhouding en Smuts die dinamiese beplanner en fenomenale werker. Botha het mense gekontak en met hulle gepraat, terwyl Smuts in sy kantoor gesit en werk het.[81]

Smuts en Botha het ‘n toekomsvisie en beleid daargestel wat gegrond was op die beginsel van versoening. Hulle het verkondig dat die verlede vergeet en ‘n broederskap tussen Boer en Brit gevestig moet word. Hulle moes vorentoe kyk en saamwerk anders kon hulle weer in ‘n burgeroorlog betrokke raak. ‘n

---

[80] W.K. Hancock, *The sanguine years 1870-1919*, pp. 162, 190-191 en 230-231.
[81] J.C. Smuts, *Jan Christian Smuts*, pp. 99 en 101.

Nuwe eenheid of nasie moes gevestig raak.[82] Hulle het die Boerevolk beïnvloed om die verlede te vergeet, om die onreg wat hulle aangedoen is te vergewe en die hand van vriendskap en broederliefde na hulle teenstanders uit te reik. Almal moes saamstreef na 'n beter toekoms vir Afrikaner en Brit, onder 'n eie verantwoordelike regering (selfbestuur) onder Britse soewereiniteit.[83] Die beleid het nie net uit suiwer ideologie gespruit nie, maar ook uit praktiese beweegredes as gevolg van die verspreiding van kiesers in die Transvaal. Die wit bevolking was in ongeveer helfte Afrikaans- en helfte Engelssprekendes verdeel, maar die meerderheid volwasse stemgeregtigdes was Engelssprekend. Dit sou gevolglik moeilik gaan om enige setels te wen indien Engelse stemme nie ook getrek kon word nie.[84]

Onder die invloed van Botha en Smuts het Reitz begin om "...Botha's great vision of a united South African people to whom the memories of the Boer War would mean no longer bitterness but only the richness and inspiration of a spiritual experience" te sien.[85] Reitz het gereeld geluister hoe Smuts en Botha die politieke toekoms van die land beplan het. "These two men showed me that only on a basis of burying past quarrels and creating a united people out of the Dutch and English sections of the population, was there any hope for white men in South Africa. I became their devoted follower, and my acceptance of their creed was profoundly to influence my life in years to come."[86] Deur sy aanhang van Smuts en Botha se beleid het Reitz vir hom 'n moeilike perd opgesaal. Sy ondersteuning van Botha en Smuts se ideologieë het daartoe bygedra dat hy al verder onder sy vader se republikeinse invloed uitbeweeg het. Hy was nie meer 'n wegbreek-bittereinder nie, maar 'n versoener. Die navolging van dié beleid sou hom in direkte teenstand met sy familie asook ander meer nasionalisties gesinde landsburgers plaas.

---

[82] W.K. Hancock, *The sanguine years 1870-1919*, p. 232.

[83] N.C. Weidemann, Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907 (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), p. 245.

[84] W.K. Hancock, *The sanguine years 1870-1919*, p. 233.

[85] D. Reitz, *Commando*, p. 7.

[86] D. Reitz, *Trekking on*, p. 42.

Of Reitz gedurende die periode enigsins by Smuts en Botha se aktiwiteite betrokke geraak het op enige ander manier as ideologies, is te betwyfel. Hy moes sy eie lewe herbou, herstel van die malaria wat hy in Madagaskar opgedoen het en aandag aan sy prokureurstudies gee. Hy was boonop in sy vroeë twintigs en dit is onwaarskynlik dat hy die nodige steun sou kon verkry om 'n politieke loopbaan te begin. Dit is ook onwaarskynlik dat hy in dié stadium reeds, in sy eie oë, volwasse genoeg was om so 'n loopbaan aan te pak.

Om hom as prokureur te bekwaam, is Reitz op 2 September 1903 as 'n prokureursklerk by die firma van Stegmann, Esselen en Roos, in Pretoria ingeskryf,[87] 'n maatskappy wat reeds in die laat 1890's ontstaan het.[88] Hier het hy gedien as die klerk van sy ouer vriend, Jimmy Roos, wat meld dat Reitz hom getrou bygestaan en alle terme van sy klerkskap ywerig nagekom het. Reitz het in 1904 die Transvaalse Regsertifikaat-eksamen aan die Universiteit van die Kaap de Goede Hoop afgelê en is op 4 Oktober 1906 as prokureur, notaris en aktebesorger tot die hooggeregshof van die Transvaal toegelaat.[89]

Die rede vir die verandering in beroep – hy was in September 1899 vir 'n kursus in Ingenieurswese by die Staatsgimnasium in Pretoria ingeskryf[90] - is nie duidelik nie, maar as na sy agtergrond gekyk word is dit verstaanbaar. Vanuit beide familie- en vriendskapsbande kon hy subtiel in die rigting gedruk gewees het. Sy vader was 'n gekwalifiseerde prokureur en sy broer Hjalmar was besig om hom in die regte te bekwaam. Dit is ook moontlik dat sy vriendskap met Smuts, wat ook 'n gekwalifiseerde prokureur was, hom kon beïnvloed het om die beroepskeuse te maak. As gekyk word na Reitz se eie persoonlikheid het hy ook waarskynlik besef dat hy beter aangelê was om 'n prokureur te wees as 'n ingenieur. Hy was spontaan, het maklik met ander mense gesels en het 'n rustelose geaardheid gehad, alhoewel die detail-

[87] TAB, ZTPD, 8/811, 902/1906, Ex parte application. D. Reitz, 1906.
[88] W.J. de Kock, *Jacob de Villiers Roos 1869-1940: Lewenskets van 'n veelsydige Afrikaner*, p. 36.
[89] TAB, ZTPD, 8/811, 902/1906, Ex parte application. D. Reitz, 1906.
[90] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 1.

ingestelde geaardheid van 'n prokureur definitief by hom ontbreek het. Die moontlikheid dat daar aan die begin van die 20ste eeu meer geleenthede vir prokureurs as ingenieurs was, kon egter ook 'n invloed op Reitz se besluit gehad het.

Oor waarom Reitz nie by Smuts as prokureursklerk ingeskryf het nie, is daar ook nie duidelikheid nie. Hulle was na alles vriende en Smuts het 'n suksesvolle prokureurspraktyk gehad.[91] Mens kan spekuleer dat Smuts van mening was dat hy en Reitz vanweë hulle vriendskap te nou met mekaar betrokke was en dat hy as gevolg daarvan gevoel het dat dit beter sou wees om Reitz eerder sy eie paadjie te laat loop. Aan die ander kant kon Reitz weer die opinie gehuldig het dat hy te afhanklik van Smuts was en dat dit vir hom beter sou wees om sy kennis by 'n ander prokureursmaatskappy op te doen as by dié van Smuts. Smuts en Roos was vriende,[92] en dit is heel moontlik dat Smuts sy invloed by Roos gebruik het om Reitz by hom ingeskryf te laat kry. Reitz en Roos was albei deel van genl. Koos de la Rey se kommando's wat in Mei 1900 besig was om noordwaarts voor die Britse magte oor die Vet- en Sandriviere terug te val,[93] en dit is ook moontlik dat hulle mekaar daar leer ken het. So 'n ontmoeting sou Reitz se inskrywing by Roos verder vergemaklik het.

Die ongeveer drie jaar wat Reitz as Roos se klerk gedien het, was vir hom van allergrootste belang. Deur middel van Roos sou Reitz die fynere kunsies van sy gekose beroep leer ken, maar dit het hom waarskynlik ook aan die Pretoriase sakewêreld en samelewing bekendgestel. Hy was in die bevoorregte posisie dat hy aan die een kant professionele blootstelling in Pretoria ontvang het en aan die ander kant, deur middel van Jan Smuts, 'n politieke oriëntering wat min ander individue van sy ouderdom sou gehad het. Roos se invloed op Reitz het waarskynlik nie daar gestop nie. Hy was betrokke by Gustav S. Preller se taalgenootskap, was lid van die Het Volk

---

[91] W.K. Hancock, *The sanguine years 1870-1919*, p. 167; J.C. Smuts, *Jan Christian Smuts*, p. 91.
[92] W.J. de Kock, *Jacob de Villiers Roos, 1869-1940*, pp. 36 en 37.
[93] *Ibid.*, pp. 42-43; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902, V: Die Britse opmars tot in Pretoria*, p. 437.

party en het in 1905 sy eerste buitelandse reis onderneem. Hy het hom verlustig in alles wat hy teëgekom het tydens sy reise en het gewoonlik sy reisindrukke na die tyd in kort sketse beskryf.[94] Dit was alles faktore wat ook ‘n rol in Reitz se lewe gespeel het en waarskynlik aanknopingspunte vir hulle gegee het.

### *4.4 Verblyf te Heilbron*

Op Saterdag 15 Desember 1906 het Reitz uit Pretoria vertrek om hom in die Noordoos Vrystaatse dorp Heilbron te gaan vestig,[95] ‘n dorpie wat sy voortbestaan grootliks aan boerderybedrywighede te danke het. Die rede waarom Reitz na Heilbron verhuis het en ‘n regspraktyk daar begin het, is nie duidelik nie. Was dit bloot ‘n verlange na die Vrystaat en sy kinderjare? Het hy enige spesifieke herinneringe aan die dorp en/of distrik gekoppel? Het die ryke geskiedenis van die gebied hom moontlik getrek? Of het hy geleenthede hier gesien wat hy nie elders kon kry nie? Hyself gee geen verklaring hiervoor nie en die aanname kan gemaak word dat sy grootwordjare in die Vrystaat wel ‘n rol in sy besluit geneem het. Die moontlikheid bestaan ook dat hy ‘n verromantiseerde beeld van Heilbron gehad het. Heilbron se geskiedenis kan teruggevoer word tot die slag van Vegkop wat in Oktober 1836 tussen die Voortrekkers onder Andries Hendrik Potgieter en die Matabeles onder Mzilikazi plaasgevind het. Vanaf 1865 is pogings aangewend om ‘n dorp op die plaas Rietfontein in die distrik Kroonstad te stig, maar dit het tot 1873 telkens misluk. In 1876 het Heilbron ‘n afsonderlike distrik geword. Alhoewel nie naastenby so ‘n prominente dorp soos Ladysmith, Mafeking en Kimberley tydens die Anglo-Boereoorlog nie, kan Heilbron daarop roem dat dit vanaf 13 tot 20 Mei 1900 die hoofstad van die Oranje-Vrystaat was.[96]

Die eerste getuienis van Reitz se aankoms in Heilbron is ‘n kontrak wat op 26 Maart 1907 tussen hom en ‘n sekere John King geteken is - Reitz het ‘n

---

[94] W.J. de Kock, *Jacob de Villiers Roos, 1869-1940*, pp. 45 en 46.

[95] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 189, privaat briewe 1906, 1-126 (76A), D. Reitz – S.M. Smuts, 12/12/1906.

[96] P.J. Nienaber en C.J.P. le Roux, *Vrystaat-fokus*, pp. 81-83.

kantoor in Kerkstraat by King gehuur. Die kantoor het bestaan uit twee vertrekke en is aan Reitz verhuur met die uitsluitlike doel om sy regspraktyk daar te vestig. Die kontrak was geldig vanaf 15 Maart 1907 vir 'n periode van een jaar teen 'n koste van £7.10.0, met die opsie om te hernu.[97]

Alvorens Reitz in die Vrystaat kon begin praktiseer, moes hy toegelaat word tot die hooggeregshof van die Oranjerivierkolonie en dit het 'n aanvang geneem met sy aanstelling as 'n vertaler in Engels en Hollands en 'n Notaris Publiek, op 9 Julie 1907.[98] Op 18 Junie 1909 is hy boonop as 'n Aktebesorger tot die hooggeregshof toegelaat[99] en op 6 Mei 1910 is hy as 'n Staatswaardeerder vir die Heilbrondistrik aangestel.[100] Hy het ook pogings aangewend om as 'n vrederegter in die Heilbrondistrik aangestel te word. Vir dié doel het hy 'n versoek op 18 Mei 1910 by die Vrystaatse Koloniale Sekretaris ingehandig. Hy het sy aansoek geregverdig deur te meld dat hy gereeld beëdigde verklarings by sy kliënte moes verkry en dat dit nie altyd so maklik was nie, aangesien baie van hulle oud was, oor 'n groot gebied verspreid was en dat dit nie vir hulle altyd moontlik was om by die bestaande vrederegters in Heilbron uit te kom nie. Om die verklarings af te neem, het soms maande geduur en dit het hom belemmer om sy werk af te handel. Dit was ook uiters ongerieflik vir hom en sy kliënte. Alhoewel 'n ontvangserkenning vanaf die Onder Koloniale Sekretaris rakende die aangeleentheid opgespoor kon word,[101] kon geen aanduiding gevind word dat sy versoek toegestaan is nie.

Tydens sy verblyf in Heilbron het Reitz sy hand gewaag aan alles waartoe hy regtens toegelaat is, onder meer transport-, egskeidings- en notariële aktes, delwers- en voorhuwelikse kontrakte, algemene verbande ensovoorts.[102]

---

[97] VAB, PRT, R5/2, D Reitz. Protokol, 08/1907 – 12/1910.

[98] VAB, PRT, R5/2, D Reitz. Protokol, 08/1907 – 12/1910.

[99] VAB, HG, 4/2/1/1/21, 286/1909, Civil records. Trials and applications. Petition re admission as Conveyancer: Deneys Reitz, 18/06/1909.

[100] VAB, ATG, 12, 1125/10, Government Appraisers: (1) Appointment of Deneys Reitz, Heilbron. (2) Cancellation of appointments of OMB Fischer and JG Luyt, 1910.

[101] VAB, ATG, 17, 2648/10, Justice of the Peace: Application appointment as - Deneys Reitz, 1910.

[102] VAB, PRT, R5/1, D. Reitz, Protokolregister, 07/1907 – 03/1916.

Geoordeel aan sy protokol vir die periode vanaf 1907 tot 1916 het sy praktyk gemengde welslae behaal. In 1907 verskyn vyf items in sy protokol, in 1908 13, 1909 tien, 1910 agt, 1911 sewe, 1912 13, 1913 vier, 1914 15, 1915 13 en 1916 drie, in totaal 91. Bogenoemde statistieke laat die vraag ontstaan waarom Reitz slegs vier keer as 'n Notaris Publiek gedurende 1913 opgetree het. Die eerste van die transaksies was boonop in Mei. Waar was Reitz gedurende die eerste gedeelte van 1913 en waarom het hy so min sake gedoen tydens die periode? Het sy rustelose geaardheid veroorsaak dat hy gedurende die tydperk 'n reis/avontuur onderneem het wat hom vir 'n hele aantal maande van sy praktyk af weggeneem het? Geen aanduiding daartoe kon gevind word nie, maar die moontlikheid bestaan wel. Die oorlogsjare het ook 'n invloed op sy praktyk gehad, soos blyk uit die feit dat hy slegs drie transaksies in 1916 uitgevoer het. Dit is egter vreemd dat hy gedurende 1914 en 1915, nadat die Eerste Wêreldoorlog reeds uitgebreek het en hy betrokke was by optrede teen die rebellie en die invalle in Duits-Suidwes Afrika en Duits-Oos Afrika, goeie jare kon hê. Al gevolgtrekking wat gemaak kan word, is dat iemand anders sy praktyk gedurende dié twee jare hanteer het en dat die persoon goed daarmee gevaar het.

Reitz het nie altyd die betaling vir sy dienste ontvang soos wat hy verwag het nie en soms het hierdie sake in die hof verskyn. In Oktober 1911 het hy 'n saak teen C.B. Erasmus van die plaas Hartbeesfontein gemaak vir £3.10.10 wat deur laasgenoemde aan hom geskuld is vir die oordrag van grond op sy naam. Op 16 November 1911 het die Heilbronse Magistraatshof bevind dat Erasmus die geld aan Reitz moes betaal, maar hy was nie daarvoor te vinde nie en het teen die uitslag geappelleer. Op 15 Januarie 1912 het die Vrystaatse hooggeregshof die bevinding van die Heilbronse Magistraatshof ter syde gestel en die betaling is nooit aan Reitz gedoen nie. [103]

Op 22 Desember 1911 het die hooggeregshof aan Gert de Beer, 'n boer van die plaas Amor in die distrik Bethlehem, opdrag gegee om £531.10.00 aan

[103] VAB, HG, 4/2/1/1/48, 408/1911, Civil records. Trials and applications. Christoffel Bernardus Erasmus versus Deneys Reitz, 1911.

Reitz te betaal.[104] In ‘n soortgelyke saak is daar ook aan John Montgomerie, ‘n boer van Heilbron, opdrag gegee om aan Reitz die bedrag van £70 te betaal.[105] In beide die gevalle word daar slegs aangedui dat die bedrae geskuld is vir werk gedoen en professionele dienste gelewer, maar nêrens word aangedui wat gedoen is nie. Dit laat die vraag ontstaan of Reitz se Register van Protokolle werklik op datum was. As in ag geneem word dat hy in latere jare bekend was daarvoor dat hy nie graag in ‘n kantoor gesit het nie, is dit heel moontlik dat sy administrasie selfs in dié stadium nie so goed bygehou is soos wat dit moes wees nie. Geen verwysings kon ook gevind word na sake anders as dié waarna verwys is nie. Dit is gevolglik nie moontlik om te verwys na enige kriminele of ander sake waarby Reitz betrokke kon gewees het nie.

Sy verblyf in Heilbron is nie net aan sy regspraktyk gewy nie en daar is bewyse dat hy ook ‘n klein boerdery bedryf het. ‘n Munisipale kennisgewing in die Staatskoerant van 5 November 1909 meld dat Reitz grond wou huur om lusern vir varke te kweek.[106] ‘n Besluit van die Heilbron Munisipale Raad, soos weerspieël in ‘n notule van ‘n vergadering van die Raad op 9 Desember 1909, het aan Reitz goedkeuring verleen om twee morg grond langs die terrein van die Heilbron Dairy Co. vir ‘n periode van drie jaar te huur. Hierdie goedkeuring is op 29 Desember 1909 deur die goewerneur van die Oranjerivierkolonie bekragtig.[107]

Na Uniewording in 1910 het die politieke situasie in Suid-Afrika begin verander. Duidelike politieke groeperinge het begin vorm aanneem en twee groot politieke partye, wat die politieke toneel in die komende jare sou oorheers, het tot stand gekom. Die eerste hiervan was die Suid-Afrikaanse Party met Botha en Smuts aan die spits en die tweede die Nasionale Party

---

[104] VAB, HG, 4/2/1/1/48, 426/1911, Civil records. Trials and applications. Deneys Reitz versus Gert Coenraad De Beer, 1911.

[105] VAB, HG, 4/2/1/1/144, 275/1917, Civil records. Trials and applications. Deneys Reitz versus John Montgomerie, 1917.

[106] VAB, CO, 513, 30/114, Alienation municipal Heilbron sanction to lease of 2 morgen of town commonage to Mr. D. Reitz, requested, 1909-1910.

[107] VAB, CO, 513, 30/114, Alienation municipal Heilbron sanction to lease of 2 morgen of town commonage to Mr. D. Reitz, requested, 1909-1910.

onder leiding van genl. J.B.M. Hertzog, wat in Januarie 1914 gestig is. Die skeuring is veroorsaak deur sterk ideologiese en beginselverskille: Hertzog het 'n beleid van Afrikanernasionalisme en "Suid-Afrika Eerste" aangehang, terwyl Botha ten gunste van versoening tussen Boer en Brit was. Die meerderheid Vrystaatse burgers het hulle lot by Hertzog ingewerp,[108] en dit het tot gevolg gehad dat Reitz 'n alleenstryd teen hulle in Heilbron gevoer het. Tydens vergaderings het Reitz gepoog om die Botha-Smuts standpunt van 'n verenigde nasie oor te dra, maar dit het nie goed afgegaan nie en hy is baie keer doodgeskree of selfs hardhandig gehanteer. Sodoende het hy vyande gemaak en vriende verloor. Vir Reitz was dit 'n onaangename ervaring om deur sy eie volk as 'n afvallige beskou te word, maar hy het by sy standpunte en oortuiging gehou.[109]

Die politieke situasie het egter aan Reitz 'n uitkoms gegee van wat hy gesien het as 'n vervelige dorpslewe. Behalwe vir weeklikse skietkompetisies - hy was 'n assistent veldkornet in die Burger Verdedigingsmag[110] - was daar nie veel om te doen nie. Hy het omgesien na sy regspraktyk, elke af en toe 'n springbokjag of visvangekspedisie in die distrik onderneem en deelgeneem aan gebeure soos die jaarlikse Dingaansdagfees.[111] Vir sy rustelose geaardheid sou hierdie stand van sake nie lank aanvaarbaar bly nie en die verdonkering van die horison deur die naderende 1913-1914 Staking, die Rebellie en die Eerste Wêreldoorlog, het waarskynlik reg in sy kraal gepas.

## *4.5 Die 1913-1914 Stakings*

Die jaar 1913 was die begin van 'n periode van arbeidsonrus wat vir die volgende nege jaar in Suid-Afrika sou voortduur. In die lig van die naderende wêreldoorlog was dit iets wat Suid-Afrika allermins nodig gehad het of kon bekostig.

---

[108] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, pp. 35-40.
[109] D. Reitz, *Trekking on*, p. 44-45.
[110] U.G. 42-'16: Rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika. Notulen van getuigenis, p. 26.
[111] D. Reitz, *Trekking on*, p. 43-45.

Die arbeidsonrus het 'n aanvang geneem met 'n mynwerkerstaking wat op 26 Mei 1913 by die Nuwe Kleinfonteingoudmyn naby Benoni uitgebreek het. Die staking het ontstaan nadat vyf wit ondergrondse werkers hulle verset het teen gewysigde werktye wat ingestel is en ontslaan is.[112] Op 26 Mei het die mynwerkers gestem of hulle oor die aangeleentheid moes staak of nie en na 'n uitslag van 119 teen 32 stemme ten gunste daarvan, het hulle op dieselfde dag hulle toerusting neergelê.[113] In 'n brief wat deur die sekretaris van die stakerskomitee, J.T. Bain, aan E.H. Bulman, bestuurder van die Nuwe Kleinfonteinmyn, gerig is, het die stakers aangedring op (1) die heraanstelling van die afgedankte mynwerkers, (2) geen Saterdagmiddag werk en (3) dat ondergrondse werksure gedurende die week van 07:00 tot 15:30 moes wees en op Saterdae vanaf 07:00 tot 12:30.[114] Alle onderhandelinge tussen die stakers, die Kleinfonteinmynbestuur en later die regering, het op 'n dooiepunt uitgeloop en dit het tot gevolg gehad dat werkers op ander myne ook begin staak het.[115]

Teen Julie 1913 het 19 000 wit mynwerkers reeds die staking ondersteun en die gebruik van stakingsverbrekers ("onderkruipers") het gelei tot toenemende gewelddadigheid en ingryping deur die regering. Die Unie-Verdedigingsmag was nie goed genoeg georganiseer om beskerming teen die toenemende militansie te verskaf nie en genl. Smuts het die Goewerneur-generaal versoek om troepe van die imperiale garnisoen beskikbaar te stel om orde te help handhaaf. Die versoek is toegestaan, maar geweld het nogtans toegeneem nadat Smuts 'n openbare byeenkoms in Johannesburg op 4 Julie verbied het. Straatbendes het die kantoor van die koerant *The Star* en die Johannesburgse stasie aan die brand gesteek en die Corner House en die Rand Club probeer aanval.[116] Tydens die onluste op 4 en 5 Julie het die polisie en troepe op die skare geskiet en 21 mense is gedood, waarvan 19 wit

---

[112] S.J. Pietersen, Stakings aan die Witwatersrand, 1913-1914 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP), p. 10.
[113] *Ibid.*, p. 12.
[114] *Ibid.*, pp. 12-13.
[115] *Ibid.*, pp. 28-29.
[116] T. Cameron (red), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 232.

en 2 swart. Alhoewel skote ook op die soldate gevuur is, is nie een van hulle gedood nie.[117]

Jan Smuts en Louis Botha het die middag van die 5de Julie met die Stakerskomitee in die Carlton Hotel vergader met die doel om die staking te beëindig. Na bemiddeling deur Smuts en Botha tussen die Stakerskomitee en die vernaamste mynmagnate is hulle verskille op 6 Julie bygelê.[118] Die vrede was egter van korte duur en op 2 Januarie 1914 begin steenkoolmynwerkers in Natal staak.[119] Dié nywerheidsonrus het boonop verder uitgebrei en op 31 Desember 1913 het die klerewerkersvakbond besluit om te staak en skilders in Durban en bakkers in Kaapstad het op 5 Januarie hulle voorbeeld gevolg. Op 8 Januarie 1914 breek 'n verdere staking onder spoorwegwerkers uit na aanleiding van 'n dreigement van die regering om personeel van die spoorweë en hawens af te dank.[120] Die Suid-Afrikaanse Vakbondfederasie het sy lede opgeroep om met 'n algemene staking op 13 Januarie te begin en die werkers van 53 myne het by die stakers aangesluit.[121]

Anders as met die 1913 staking toe die regering ietwat onverhoeds betrap is, was Smuts, as Minister van Verdediging en sy Unie-Verdedigingsmag, dié keer gereed om die staking die hoof te bied. Gedurende die nag van 7-8 Januarie is die vernaamste spoorwegsentra in die Transvaal onder polisiebeskerming geplaas. Op 9 Januarie is 'n verskeidenheid maatreëls per proklamasie afgekondig en sekere afdelings van die Aktiewe Burgermag is opgeroep om enige oproerigheid in die kiem te smoor. Ook is die burgerkommando's van tien Transvaalse en Vrystaatse distrikte vir diens opgeroep. Op 10 Januarie is verdere afdelings van die Aktiewe Burgermag en die kommando's van 13 Transvaalse, 22 Vrystaatse, vier Natalse en twee

[117] S.J. Pietersen, Stakings aan die Witwatersrand, 1913-1914 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP), pp. 66 en 67.
[118] *Ibid.*, pp. 70-71.
[119] *Ibid.*, p. 87.
[120] *Ibid.*, pp. 88-89.
[121] T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history*, pp. 268-269.

Kaaplandse distrikte vir aktiewe diens opgeroep.[122] Op 14 Januarie is krygswet in 11 Transvaalse, vyf Vrystaatse en vier Natalse distrikte afgekondig. Kort na die uitbreek van die spoorwegstaking het die burgermageenhede en kommando's begin on spoorlyne te patrolleer en spoorwegeiendom te bewaak.[123]

Met die uitbreek van die algemene staking in 1913 was Reitz 'n lid van die Heilbronkommando wat met Regeringsproklamasie nommer 10 van 1914 opgeroep is om in Germiston te help met die voorkoming of onderdrukking van enige oproerigheid of opstande wat as gevolg van die staking kon plaasvind.[124] Die oproep is nie sonder meer deur al die burgers aanvaar nie. Die meer nasionalisties gesinde burgers van die Heilbronkommando was gekant teen deelname aan die onderdrukking van die staking en twee honderd van hulle het by Viljoensdrif aan die Vaalrivier geweier om oor die rivier te trek. Daar was selfs van dié burgers wat gesê het dat hulle eerder teen Botha se magte moes optree as om die stakers te onderdruk. Na twee dae van argumentering is die hele kommando egter na Germiston. Johannesburg was in 'n staat van beleg, die myne het opgehou werk en die spoorweë het stilgestaan. Die Heilbronkommando het gevolglik nie veel aksie beleef nie. Volgens Reitz het die regering se groot opponerende mag die stakers lamgelê en geen gevegte het voorgekom nie.[125]

Die grootste opwinding wat Reitz gedurende die staking beleef het, was toe genl. Beyers, bevelvoerder van die Suid-Afrikaanse weermag, 'n toespraak aan hulle gelewer het waarin hy, aldus Reitz, 'n skaars bedekte aanval op die regering en genls. Botha en Smuts geloods het. Hy het sy toespraak afgesluit deur te sê dat die Engelse dorpenaars al vergeet het hoe 'n Boerekommando

---

[122] S.J. Pietersen, Stakings aan die Witwatersrand, 1913-1914 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP), pp. 91-92.

[123] *Ibid.*, p. 94-95.

[124] D. Reitz, *Trekking on*, p. 46; CD.7348, Union of South Africa. Correspondence relating to the recent strike in South Africa. Extract from Government Gazette extraordinary, Pretoria, 9th January, 1914 (no. 10, 1914). Proclamation, pp. 91-92.

[125] D. Reitz, *Trekking on*, p. 46; U.G. 46-'16: Rapport van de rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandighede met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika, p. 49.

lyk en dat dit tyd was om hulle geheues te verfris. 'n Optog is daarna onder sy leiding deur die strate van Germiston gehou.[126]

Die volgende dag het Beyers aan hulle opdrag gegee om deur die strate te ry en elke persoon wat soos 'n staker lyk te arresteer, met die gevolg dat toe hulle klaar was, hulle 'n lid van die parlement, twee Wesleyaanse predikante, verskeie dorpsraadslede en 'n groot hoeveelheid onskuldige inwoners van Germiston in hegtenis gehad het.[127] Dié optrede is deur berigte in die *Rand Daily Mail* bevestig. Volgens die koerant het 'n groep burgers onder leiding van 'n kaptein Lourens deur die strate van Germiston gery en inwoners begin arresteer sonder om in ag te neem of hulle aan die staking deelneem of nie. Tussen 400 en 500 mense is sodoende gearresteer, net om weer later vrygelaat te word. Geen melding word egter gemaak van wie toestemming vir hierdie gedrag gegee het nie.[128] Op 17 Januarie het die Departement van Verdediging en Beyers met teleurstelling na die voorval verwys. Die rede wat daarvoor gegee is, was dat dit plaasgevind het as gevolg van die verkeerde vertolking van 'n opdrag wat uitgevaardig is.[129]

Volgens Reitz het die insident groot ongelukkigheid teenoor genl. Botha veroorsaak, selfs al was hy nie daarvoor verantwoordelik nie. Politieke gevoelens het hoogty gevier onder die burgers en verskeie vreemde gerugte het die rondte gedoen. Sommige van die burgers het openlik verkondig dat Beyers die kommando's moes gebruik om 'n staatsgreep uit te voer en daar was selfs praatjies dat Beyers 'n republiek sou uitroep. Volgens Reitz het Rooi Daniel Opperman hom vertel dat Beyers vir Opperman gevra het of die burgers hom sou ondersteun indien hy Botha en Smuts sou arresteer. Nadat Reitz en Opperman dit egter bespreek het, het hulle tot die gevolgtrekking

---

[126] D. Reitz, *Trekking on*, p. 46. Hierdie weergawe van Beyers se toespraak word op 'n soortgelyke wyse aangehaal in P.G. Hendriks, *Gewapende protes*, p. 97.

[127] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 46–47.

[128] CD.7348, Union of South Africa. Correspondence relating to the recent strike in South Africa. No. 28. The Governor-General to the Secretary of State, 22 January 1914. Enclosure 1 in no. 28, Extract from the *Rand Daily Mail* of 16 January 1914: A commando's field day: Five hundred arrests at Germiston: Magistrate apologizes, pp. 119-120.

[129] CD.7348, Union of South Africa. Correspondence relating to the recent strike in South Africa. Extract from the *Rand Daily Mail* of 17 January 1914: The strike. Nearing the end? Boer commando's mistake: Beyers expresses his regret, p. 132.

gekom dat Beyers seker nie ernstig was toe hy die vraag gevra het nie. By nabetragting was Reitz egter nie seker dat dit wel die geval was nie.[130] Hy het Beyers, as hoof van die Unie-Verdedigingsmag, se optrede en uitsprake redelik vreemd gevind.[131]

Hierdie uitsprake van Reitz oor Beyers, veral dat Beyers in die geheim teen Botha geknoei het, word sterk deur G.D. Scholtz in twyfel getrek. Volgens Scholtz het Reitz nie ‘n hoë dunk van Beyers gehad nie en het hy dit duidelik in sy boeke uitgespreek. Hy twyfel ook of Reitz se geheue goed genoeg was om soveel jaar na Beyers se toespraak nog Beyers se woorde te onthou, of selfs reg te vertolk. Scholtz haal verder ander persone en bronne aan om aan te dui dat Beyers geen simpatie met die stakers gehad het nie en dat hy hom volkome met die beleid van die regering vereenselwig het.[132]

Op 15 Januarie het die polisie toegeslaan op die hoofkwartier van die Vakbondfederasie en ‘n aantal lede van die Stakerskomitee en die Vakbondfederasie is gearresteer. Dieselfde modus operandi is dwarsdeur die land toegepas en dit het veroorsaak dat die stakers leierloos gelaat en die staking in duie gestort het.[133] Die situasie het teen 18 Januarie sodanig verbeter dat die kabinet die demobilisasie van ‘n groot aantal burgerkommando’s afgekondig het.[134] Die Heilbronkommando is amptelik op 20 Januarie van diens vrygeskeld.[135] Met hulle terugkeer na die Vrystaat was Reitz in die geselskap van burgers teen wie hy voor die einde van die jaar in die veld sou wees.[136]

---

[130] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 46–47.
[131] *Ibid.*, p. 46.
[132] G.D. Scholtz, *Generaal Christian Frederik Beyers 1869-1914*, pp. 261-262.
[133] S.J. Pietersen, Stakings aan die Witwatersrand, 1913-1914 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP), pp. 99-100.
[134] *Ibid.*, p. 100.
[135] CD.7348, Union of South Africa. Correspondence relating to the recent strike in South Africa. Extract from Government Gazette extraordinary, Pretoria, 18 January, 1914 (no. 27, 1914). Proclamation, pp. 160-162.
[136] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 46-47.

In 'n verdere demonstrasie van kragdadigheid het Smuts nege van die stakingleiers gedeporteer en dit opgevolg met 'n wet vir die verbanning van ongewenstes, Wet no. 1 van 1914 (Indemnity and Undesirables Special Deportation Act). Om openbare orde te verseker, is Wet no 27 van 1914 (Riotous Assemblies and Criminal Law Amendment Act) teen oproerige byeenkomste deur die Volksraad aangeneem. Dié wet het unies verbied om lede deur middel van mag te werf en dit het ook die polisie se wetstoepassingsmagte vergroot. Die hou van gewelddadige vergaderings en stakings deur openbare organisasies wat dienste lewer, is boonop verban en magistrate is toegelaat om vergaderings wat die publiek in gevaar kon stel, te verbied.[137]

## *4.6 Slotbeskouing*

Die tydperk direk na die Anglo-Boereoorlog kon nie vir Reitz maklik gewees het nie. Ten eerste moes hy sy geliefde vaderland verlaat het. Daarna het hy gepoog om in bitter moeilike omstandighede 'n bestaan te maak, maar was nie werklik suksesvol nie en moes onverrigtersake na Suid-Afrika terugkeer. In sy geboorteland was hy gelukkig genoeg om deur Jan en Isie Smuts ingeneem en soos 'n eie kind versorg te word. Dit het hom nie net die geleentheid gegee om fisies en ook geestelik, te herstel nie, maar het die fondament geskep vanwaar hy hom vir sy toekoms kon voorberei.

Sy verblyf by Smuts het hom kans gegee om as prokureur te kwalifiseer, maar veel belangriker as dit, het dit die politieke benadering van versoening tussen die Boer en Brit by hom tuisgebring - 'n beleid wat sy doen en late vir die res van sy lewe sou bepaal, soos wat gesien kan word in onder meer sy ondersteuning van die regering tydens die 1913-1914 stakings.

---

[137] T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history*, pp. 268-269; S.J. Pietersen, Stakings aan die Witwatersrand, 1913-1914 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP), pp. 103 en 106.

Die tydperk van direk na die Anglo-Boero Boeroorlog tot en met 1914 kan dus beskou word as ‘n fase van konsolidering, een waarin Reitz sy voete gevind en homself voorberei het vir die res van sy lewe.

# Hoofstuk 5: Die Eerste Wêreldoorlog

## *5.1 Inleiding*

'n Kookpot van politieke intriges en gebeure, wat tot in die 1800's teruggevoer kan word, het in Augustus 1914 in Europa tot uitbarsting gekom na die dood van aartshertog Franz Ferdinand van Oostenryk-Hongarye in 'n sluipmoord aanval.[1] Die verraderlike daad was die vonk vir 'n wêreldkonflik wat vanaf 1914 tot November 1918 geduur het. Militêre betrokkenheid het 'n aanvang geneem met 'n Duitse aanval op Frankryk deur België en die noordwestelike gedeelte van Frankryk op 1 Augustus 1914. Brussel het op 20 Augustus geval en teen die einde van Augustus was die Duitse voorhoede binne 80 kilometer van Parys. Danksy 'n teenaanval deur 'n gekombineerde Britse en Franse mag is die Duitse aanval egter afgeweer.[2]

Teen November 1914 het 'n stelsel van teenoorstaande bemande loopgrawe en fortifikasies, wat gestrek het vanaf die Noordsee tot by die grens van Switserland, die gang van die oorlog in Europa bepaal. Vanaf 1915 is verskeie aanvalle deur albei kante geloods, maar die goedbeplande aanvalle het, ten spyte van hoë verliese, gewoonlik nie in 'n oorwinning of nederlaag geëindig nie. Vir die volgende ongeveer vier jaar het die lyn op die Westerse front nooit vir meer as 16 kilometer in enige rigting beweeg nie.[3]

Die Eerste Wêreldoorlog was egter nie net beperk tot die loopgrawe nie. Vyandighede is ook uitgevoer deur middel van meer dinamiese invalle en gevegte, deur gevegte op see en, vir die eerste keer, gevegte in en vanuit die lug. Meer as nege miljoen soldate het op die verskillende slagvelde gesterf en amper net soveel in die deelnemende partye se tuislande as gevolg van

---

[1] S.L.A. Marshall, *World War I*, pp. 7-13.
[2] G. Spenceley, *The search for security: A modern world history*, pp. 142-143.
[3] *Ibid.*, pp. 144-145.

voedseltekorte en volksmoord wat gepleeg is onder dekking van verskeie burgeroorloë en interne konflikte.[4]

Met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog was die hele Afrika suid van die Sahara, met die uitsondering van Ethiopië en Liberië, in Europese hande, òf as protektorate òf as kolonies. Vier hiervan was onder Duitse beheer, naamlik Togoland, Kameroen, Duits-Suidwes-Afrika en Duits-Oos-Afrika en van die eerste vyandighede gedurende die oorlog het in Afrika en die Stille Oseaan plaasgevind.[5] Op 8 Augustus 1914 het 'n gekombineerde Franse en Britse mag Togoland in Wes-Afrika ingeval. Kort daarna, op 10 Augustus, het Duitse- en Suid-Afrikaanse magte in Duits-Suidwes-Afrika slaags geraak. 'n Ander Britse vrygewes, Nieu-Seeland, het Duits-Samoa (later Wes Samoa) op 30 Augustus ingeval en op 11 September het die Australian Naval and Military Expeditionary Force op die eiland van Neu-Pommern, 'n gedeelte van Duits-Nieu-Guinea, geland. Binne 'n paar maande is al die Duitse magte òf tot oorgawe gedwing òf uit die Stille Oseaan gedryf. Sporadiese gevegte het egter vir die res van die oorlog in Afrika voortgeduur.[6]

## *5.2 Die 1914-Rebellie*

As gevolg van sy status as Britse vrygewes was Suid-Afrika feitlik outomaties by die oorlog betrek, maar dit kon nie op 'n meer ongeleë tydperk gekom het nie. Die Unie was slegs vier jaar oud en glad nie op oorlog voorberei nie. Die land se leiers was boonop deur 'n bevolking waarvan 'n groot deel teen Suid-Afrika se deelname aan die oorlog gekant was, gekonfronteer.[7] Uiteindelik sou veldtogte in Duits-Suidwes-Afrika en Duits-Oos-Afrika die groter wordende gaping tussen die imperialistiese en nasionalistiese aanhangers in Suid-Afrika verder op 'n spits dryf.

---

[4] http://en.wikipedia.org/wiki/World_War_I, *World War I*, 25/02/2006.
[5] B. Farwell, *The Great War in Africa 1914-1918*, p. 13.
[6] http://en.wikipedia.org/wiki/World_War_I, *World War I*, 25/02/2006.
[7] A. Samson, *Britain, South Africa and the East Africa Campaign 1914-1918: The Union comes of age*, pp. 68-69.

Suid-Afrikaanse betrokkenheid by die Eerste Wêreldoorlog het ‘n aanvang geneem toe die Unieregering op 4 Augustus 1914 aangebied het om die Britse garnisoen in Suid-Afrika vry te maak vir diens in Europa deur hulle verpligtinge oor te neem. Dié Britse soldate was reeds sedert die Anglo-Boereoorlog in Suid-Afrika, aanvanklik om die kolonies en later die Unie te beskerm, maar ook om interne vrede te bewaar indien dit nodig sou wees. Teen 1914 het Jan Smuts, Minister van Verdediging, egter gevoel dat die Unie-Verdedigingsmag, wat in 1912 gestig was, self hierdie take sou kon verrig.[8] Hierdie aanbod was opgevolg deur ‘n versoek van die Britse regering dat Suid-Afrikaanse troepe Swakopmund en Lüderitzbucht in Duits-Suidwes-Afrika moes beset om die Duitse radiostasies daar, asook verder die binneland in, te neutraliseer. Die Britse regering was bevrees dat die radiostasies gebruik sou word om inligting na Duitsland te stuur, terwyl die Swakopmund en Lüderitzbucht hawens as basisse vir Duitse aanvalle gebruik kon word. Hierdie geriewe moes gevolglik van die Duitse Ryk weerhou word.[9] Indien die Suid-Afrikaanse regering nie bereid sou wees om die aanvalle te doen nie, sou ander Imperiale magte (Nieu-Seelanders en Australiërs) gestuur word om dit te doen. Vir die Suid-Afrikaanse regering het ‘n veldtog in Duits-Suidwes-Afrika dus belangrik geword vanuit ‘n onmiddellike militêre oogpunt asook in nasionale belang oor ‘n langer termyn. Dit kon later moontlik tot die inlywing van Duits-Suidwes-Afrika by die Unie lei.[10]

Ondanks aanvanklike verdeeldheid oor ‘n inval in Duits-Suidwes-Afrika het die Suid-Afrikaanse kabinet op 10 Augustus 1914 wel daartoe ingestem. Op 10 September, tydens ‘n spesiale sitting, het die Parlement boonop ‘n mosie ten gunste van militêre optrede teen Duits-Suidwes-Afrika met ‘n meerderheid van 91 stemme teen 12 aangeneem. Hierdie oorwinning is in die Senaat met 24 stemme teen 5 voortgesit. Slegs genl. Hertzog en sy volgelinge, wat sterk teen die Regering se besluit standpunt ingeneem het, het daarteen gestem.[11]

---

[8] A. Samson, *Britain, South Africa and the East Africa Campaign 1914-1918*, pp. 80-81.

[9] Paterson, Hamish, First Allied Victory. The South African campaign in German South-West Africa, 1914-1915, *Military History Journal,* vol. 13, no. 2, p. 1.

[10] T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history*, p. 271.

[11] T. Cameron (red.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 235-236.

Volgens Deneys Reitz, ‘n Botha aanhanger, het Hertzog gesê dat dit dwaasheid sou wees om ‘n magtige land soos Duitsland te antagoniseer. Hertzog was volgens Reitz van mening dat die beste van die Suid-Afrikaanse jong mans hulle lewens in die woestyn sou verloor en dat dit beter sou wees om te wag en sien wat gebeur. As Duitsland die oorlog verloor, sou Duits-Suidwes-Afrika soos ‘n ryp appel in Suid-Afrika se skoot val en as hulle wen sou Suid-Afrikaners deurloop omdat hulle Brittanje ondersteun het.[12]

Die direkte gevolg van die Unie Parlement se besluit om Duits-Suidwes-Afrika in te val, was dat ‘n gewapende protes of rebellie, met baie van die kenmerke van ‘n burgeroorlog, onder die Afrikaners uitgebreek het.[13] Die inval van Duits-Suidwes-Afrika was egter nie die hoofrede vir dié rebellie nie. Dit was slegs die finale gebeurtenis wat 12-jaar se gevoelens en weerstand teen Britse oorheersing tot uiting laat kom het. Baie Afrikaners het steeds na hulle verlore onafhanklikheid gehunker. Beweringe was gemaak dat ‘n aantal bittereinders in 1902 by Vereeniging slegs tot vrede toegestem het omdat daar afgespreek was om die onafhanklikheidstryd weer op te neem wanneer Brittanje in ‘n ander oorlog betrokke raak.[14] In 1912 het Manie Maritz, J.C.G. Kemp en ander voormalige Boeregeneraals en –kommandante boonop die moontlikheid bespreek om hulle posisie in die Verdedigingsmag te gebruik om die republieke te herstel as die geleentheid hom sou voordoen.[15] Die uiteindelike leiers van die rebelle was dan ook vooraanstaande oud bevelvoerders van die Anglo-Boereoorlog, individue soos C.R. de Wet in die Noordoos-Vrystaat, J.C.G. Kemp in die Wes-Transvaal en S.G. Maritz in die Noordwes-Kaap.[16]

Verskeie ander gebeurtenisse het ook tot griewe gelei wat bydraende faktore vir die rebellie was. Hiervan was Louis Botha se versoeningsbeleid teenoor Engelssprekendes, wat hom die Afrikaners se gramskap op die hals gehaal

[12] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 48-49.
[13] T. Cameron (red.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 236.
[14] H.H. Ligthelm, Generaal J.C.G. Kemp se rol in die rebellie van 1914-15 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 1979), p. 7.
[15] T. Cameron (red.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 236.
[16] *Ibid.*, p. 236.

het, waarskynlik die belangrikste. Gebeure in 1907 soos Botha se lojaliteitsbetuiging teenoor Brittanje tydens die Rykskonferensie, die skenking van die Cullinandiamant aan koning Eduard VII en die instelling van die Onderwyswet wat gepoog het om Afrikaanssprekende kinders te verengels, het die Afrikaners Botha laat wantrou.[17] Veral in die Vrystaat het weerstand teen Botha se standpunte sterker geraak, terwyl al hoe meer steun aan Hertzog en sy Afrikaanse nasieskapidee verleen is. In 1912 het Botha 'n storm ontketen deur Hertzog uit sy kabinet weg te laat en dit het die voorspel geword vir die skeuring van die Suid-Afrikaanse Party (S.A.P.) en die stigting van die Nasionale Party (N.P.) in 1914.[18]

Opruiende gemoedere is verder aangewakker deur die bedanking van genl. C.F. Beyers as kmdt.genl. van die Unie-Verdedigingsmag en die dood van genl. J.H. de la Rey, albei op 15 September 1914. Beyers en De la Rey was bereid om Suid-Afrika te verdedig indien hulle aangeval sou word, maar hulle was gekant teen offensiewe optrede in Duits-Suidwes-Afrika.[19]

Ten spyte van bogenoemde teenkanting teen die inval in Duits-Suidwes-Afrika, was die regering bereid om daarmee voort te gaan, aangesien hulle van mening was dat 'n oorwinning in die gebied, teenstand teen hulle beleid sou laat verkrummel. So skryf Smuts op 22 September aan Reitz dat "Jiy zal zien als alles over is en Duitz Zuidwes Afrika vormt weer een deel van ons Afikaansche erfenis, het gevoel vinnig zal omdraaien en onze handelwijze goedgekeurd worden".[20]

---

[17] G.D. Scholtz, *Die Rebellie 1914-1915*, pp. 26-27.

[18] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, pp. 37-40.

[19] S.L. Strydom, *Die rebellie van 1914 en die Nederduitsch Hervormde Kerk*, p. 13.

[20] W.K. Hancock, *Selections from the Smuts Papers, III*, p. 198; W.K. Hancock, *Selections from the Smuts Papers*, I, p. 385. Soos aangehaal deur G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VI*, p. 220.

### 5.2.1 Die rebellie in Heilbron

Die rebellie het, volgens Reitz en in soverre dit die Oranje-Vrystaat aanbetref het, in die Heilbrondistrik ontstaan.[21] Reitz en Edward Reading, magistraat van Heilbron, meld verskeie faktore wat bygedra het tot die uitbreek van die rebellie in dié distrik. Dit sluit in die skeuring van die Suid-Afrikaanse Party as gevolg van die weglating van genl. Hertzog uit die kabinet, asook latere gebeurtenisse soos die bedanking van genl. Beyers as bevelvoerder van die Unie-Verdedigingsmag en die dood van genl. De la Rey.[22] Reading merk verder ook op dat hy die indruk gekry het dat die inwoners van die streek die uitbreek van die oorlog wou gebruik as 'n geleentheid om hulle onafhanklikheid terug te kry.[23]

Vir Reitz was die rebellie 'n direkte gevolg van die politieke "oorlog" in die land. Hy het dit gesien as 'n party politieke twispunt en het die stelling gemotiveer deur te sê dat die hele Suid-Afrikaanse Party genl. Botha ondersteun het en dat, terwyl al die Nasionaliste nie rebelle was nie, al die rebelle Nasionaliste was. Vir hom was die rebellie 'n interne dispuut tussen die Boere en vyandigheid teenoor die Britte het slegs 'n baie klein deel daarvan uitgemaak. Van die 30 000 man wat volgens hom die rebellie help onderdruk het, was 21 000 Boere en van die 900 regeringsoldate wat gesterf het, was amper 700 Boere. (Anders as wat Reitz beweer en volgens amptelike syfers is slegs sowat 132 soldate gedood.) Hy meld verder dat die rebellie deur Boerekommando's met Boereoffisiere onderdruk is en dat die negatiewe gevoel wat bestaan het nie tussen Boer en Brit was nie, maar slegs tussen die Afrikaners.[24]

Volgens Reitz was die rebellie vir die meeste van die rebelle slegs 'n meer intensiewe voortsetting van die politieke verskille in die samelewing en het hy nie 'n enkele man teëgekom wat gedink het dat hy 'n oortreding begaan het

---

[21] Die rebellie het op 24 Oktober in Reitz en Ventersburg 'n aanvang geneem en Reitz se bewering kan gevolglik bevraagteken word. G.D. Scholtz, *Die Rebellie 1914-1915*, p. 224.

[22] U.G. 46-'16, Rapport van de rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandighede met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika, p. 49.

[23] *Ibid.*, p. 196.

[24] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 66-67.

deur die wapen teen die Suid-Afrikaanse regering op te neem nie.[25] Hy was verder van mening dat omtrent die helfte van die Heilbronners slegs by die rebellie aangesluit het omdat hulle leiers hulle daartoe oorreed het. By navraag aan die wat hy gevang het, het hulle glo aan hom gesê "De Wet het ons gekommandeerd," of Beyers het gesê "Wij zullen ons land terugkrijgen". Ander het glo slegs aangesluit omdat hulle vriende aangesluit het en nog ander omdat hulle daartoe gedwing was. Hulle was glo bevrees dat hulle eiendom en perde gekonfiskeer sou word. Die meerderheid van die burgers sou glo ook nie in opstand gekom het as dit nie vir die gebeure van die voorafgaande jare was nie. Hulle het almal steeds na hulle onafhanklikheid gestreef en dit was gevolglik nie baie moeilik om hulle te oortuig om die rebelle te ondersteun nie. Stories soos dat die burgers in die Kaap ook in opstand gekom het en dat Beyers reeds Pretoria ingeneem het, het die indruk geskep dat die saak amper gewonne was en is ook gebruik om die burgers te oortuig om aan die rebellie deel te neem.[26] Die inval in Duits-Suidwes-Afrika was volgens Reitz nie voorgehou as 'n rede vir die rebellie nie,[27] maar dit is wel deur Hertzog se volgelinge gebruik om "politieke kapitaal" vir die volgende verkiesing te maak.[28] Die standpunt van Reitz word bevestig deurdat Hertzog deurentyd sy lojaliteit aan die Unie beklemtoon het en self nooit aan die rebellie deelgeneem het nie. Die feit dat hy egter nooit die optrede van die rebelle afgekeur het nie, het Botha se ondersteuners laat glo dat hy die rebelle ondersteun het.[29]

Die vernaamste opstokers van die rebellie in die Heilbrondistrik was Rocco de Villiers, 'n prokureur en kommandante D.H. van Coller en J.M. Els. De Villiers het volgens Reitz 'n baie sterk invloed op die mense in die distrik uitgeoefen. Hy is deur De Wet as assistent-kmdt.genl. in die Vrystaat aangestel en het

---

[25] D. Reitz, *Trekking on*, p. 62.

[26] U.G. 42-'16, Rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika. Notulen van getuigenis, p. 29.

[27] *Ibid.*, p. 30.

[28] SAB, A1, Smuts-versameling, vol.196, privaat briewe 1914, nos. 1–181 (103), 12/09/1914.

[29] A. Samson, *Britain, South Africa and the East Africa Campaign 1914-1918*, p. 87.

gehelp om die rebellie in die Noord-Vrystaat aan te hits en te organiseer.[30] Volgens die getuienis gelewer voor die regterlike kommissie van ondersoek na die oorsake en omstandighede van die rebellie, was De Villiers grootliks verantwoordelik vir die uitbreek van die rebellie in die Heilbrondistrik.[31] Reitz het nie 'n hoë mening van De Villiers gehad nie en het hom 'n "...onheilspellende figuur in die noordelik distrikt" genoem.[32]

Volgens Reitz was Van Coller en Els aanvanklik regeringsgesind en het Van Coller selfs so ver gegaan as om burgers te probeer werf vir die inval in Duits-Suidwes-Afrika, maar op 26 Oktober 1914 het hy skielik omgeswaai en die rebelle begin aanvoer. Reitz skryf dit daaraan toe dat hulle deur De Villiers en De Wet verlei is om na die rebelle oor te loop.[33] Of hierdie ommeswaai van Van Coller en Els werklik so vinnig was as wat Reitz beweer het, is te betwyfel. Harm Oost skryf dat beide Els en Van Coller tydens 'n vergadering by Koppies op 23 September 1914 reeds die vraag gevra het of hulle Beyers se voorbeeld moes volg en bedank. Hulle het in daardie stadium reeds verklaar dat hulle bereid was om hulle land te verdedig, maar dat hulle nie bereid was om 'n ander land in te val nie.[34]

Die ongelukkigheid in die Heilbrondistrik het vanaf Januarie 1914 stelselmatig toegeneem en daar is feitlik weekliks deur ontevredenes vergaderings gehou.[35] Reitz het in dié tydperk gereeld aan Jan Smuts verslag gedoen oor die gebeure in die distrik. Verskeie briewe waarin hy vrylik aan Smuts advies gegee het, is deur hom geskryf. Hy het gemaan dat indien die regering nie taktvol optree nie, daar ernstige onluste en muitery met verreikende gevolge

---

[30] U.G. 46-'16, Rapport van de rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika, p. 49.

[31] *Ibid.*, p. 51.

[32] U.G. 42-'16, Rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika. Notulen van getuigenis, p. 26.

[33] U.G. 46-'16, Rapport van de rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika, pp. 49-50.

[34] H. Oost, *Wie is die skuldiges?*, pp. 259-260.

[35] U.G. 42-'16, Rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika. Notulen van getuigenis, pp. 26-17.

sou wees.[36] In September, twee dae voor Beyers se bedanking as hoof van die Unie-Verdedigingsmag, skryf hy dat die hele Heilbrondistrik in "rep en roer" was en dat die burgers in groepies rondstaan en uitvaar teen die regering oor sy benadering tot die Duits-Suidwes-Afrika aangeleentheid.[37] Op 20 Oktober beveel hy verder aan dat die twee kommandante in Heilbron onmiddellik opdrag gegee moet word om burgers op te kommandeer, selfs al is dit net vyftig man elk en al is hulle nie werklik nodig nie, aangesien dit die distrik sou regruk. Hy het nie veel vertroue in die "...een onzamehangend klompje vrijwilligers..." wat in daardie stadium gebruik was, gehad nie.[38]

Gewapende weerstand het op 9 Oktober 1914 'n aanvang geneem toe Manie Maritz, in daardie stadium 'n luitenant-kolonel in die Unie-Verdedigingsmag in bevel van die deel van Noordwes-Kaapland wat aan Duits-Suidwes-Afrika grens, met tussen 500 en 600 van die burgermag en 60 van sy eie troepe as gevangenes, die grens oorgesteek en by die vyand aangesluit het.[39] Reitz se broer Joubert en Jack Borrius, wat saam met Reitz in die Rijk Sectie was tydens die Anglo-Boereoorlog, was van Maritz se gevangenes.[40]

Maritz se oorlopery na die Duitsers het die Suid-Afrikaanse Regering genoop om op 12 Oktober krygswet af te kondig en om burgers te kommandeer om dié nuwe krisis die hoof te bied.[41] Reitz, wat nooit as 'n draadsitter beskryf sou kon word nie, het onmiddellik aan hierdie oproep gehoor gegee, alhoewel dit sake nie vir hom maklik gemaak het nie. In Heilbron het die inwoners van die dorp hulle rûe op hom gedraai wanneer hulle hom sien aankom het. Hy is boonop deur genl. De Wet aangespreek omdat hy Botha en Smuts ondersteun en toe hy aan dié sê dat hy doen wat hy dink reg is, het De Wet hom vir hom vervies. Kort daarna het Reitz uitgevind dat De Wet

---

[36] SAB, A1, Smuts-versameling, vol.196, privaat briewe 1914, nos. 1–181 (103), 12/09/1914.

[37] SAB, A1, Smuts-versameling, vol.196, privaat briewe 1914, nos. 1–181 (103), 12/09/1914. Hierdie is 'n direkte weerspreking van die getuienis wat Reitz voor die kommissie wat die oorsake van die rebellie ondersoek het, uitgespreek het. (Sien voetnoot 26 se teks.)

[38] SAB, A1, Smuts-versameling, vol.196, privaat briewe 1914, nos. 1–181 (104), 20/10/1914.

[39] G.D. Scholtz, *Die Rebellie 1914-1915*, pp. 26-27.

[40] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 51 en 83.

[41] G.D. Scholtz, *Die Rebellie 1914-1915*, pp. 148-151.

vergaderings in die omgewing gehou het waar hy gewapende weerstand teen die regering verkondig het. Reitz het die uitsprake in 'n baie ernstige lig beskou, aangesien De Wet groot invloed in die Vrystaat gehad het. Sy landgenote het as gevolg van sy optrede in die Anglo-Boereoorlog 'n hoë dunk van hom gehad en duisende van sy ondersteuners sou sy houding navolg.[42]

Bekommerd oor dié toestand van sake is Reitz na Pretoria om 'n gesprek met genls. Botha en Smuts te gaan voer. Hulle het sy mening gedeel dat die toestand in die Vrystaat nie gerusstellend was nie en was verder ook bevrees dat Beyers probleme in die Wes-Transvaal sou veroorsaak. Ten spyte hiervan het hulle steeds gehoop dat die opstokery maar net die werk van politici was wat hulle eie partye wou bevorder. Reitz is egter gevra om sy oë oop te hou en hulle te laat weet as daar probleme in die suide sou opduik.[43]

Die situasie het tot Vrydag 23 Oktober 1914, toe Edward Reading berig gekry het dat Heilbron daardie nag deur 'n gewapende rebelle-kommando aangeval sou word, stabiel gebly. Hy het onmiddellik begin om wapens en ammunisie bymekaar te maak, maar het van Smuts opdrag ontvang om nie enige bloed te vergiet nie. Die dorp is die volgende oggend deur 'n rebellekommando van 200 man ingeval wat die oorgawe daarvan geëis het. Aangesien weerstand onmoontlik was, is die eis toegestaan. Die Britse vlag voor die magistraatskantoor is gestryk, telegraafdrade is geknip en die spoorlyn onbruikbaar gemaak. Die dorp was vir die volgende drie weke lank beleër en geen kommunikasie is na buite toegelaat nie.[44] Die rebelle het selfs sover gegaan as om 'n nuwe magistraat in die dorp aan te stel.[45]

Vir Reitz het die anneksasie van Heilbron 'n persoonlike bedreiging ingehou. Hy is op 23 Oktober gewaarsku dat die mag wat Heilbron sou inneem ook

---

[42] D. Reitz, *Trekking on*, p. 50.

[43] *Ibid*., p. 50.

[44] U.G. 46-'16, Rapport van de rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika, pp. 50-51.

[45] U.G. 42-'16, Rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika. Notulen van getuigenis, p. 199.

daarop uit was om hom tereg te stel. Sy reaksie was om Smuts van die aanval in kennis te stel en voor te stel dat hy (Reitz) vrywilligers bymekaar moes maak om die dorp te verdedig. Volgens Reitz wou Smuts nie aan die voorstel toegee nie, aangesien hy bevrees was dat indien Reitz en sy makkers hulle sou teësit, die regering beskuldig sou word dat hulle die probleme in Heilbron veroorsaak het. Hy het Reitz egter gemaan om na homself om te sien.[46]

In lig van die bogenoemde het Reitz besluit dat daar geen rede was waarom hy hom deur sy politieke teenstanders moes laat vang nie. Hy het nie geglo dat hy geskiet sou word nie, maar het met al sy politieke wedywering baie vyande gemaak en het gevoel dat hy wel gearresteer en verneder sou word. In 'n poging om die rebelle wat reeds om die dorp gestasioneer was om die paaie dop te hou, te vermy, het hy besluit om Heilbron nog dieselfde nag te verlaat. Twee jong regeringsondersteuners, Daniel Malherbe en Fritz Weilbach, het hulle by hom aangesluit. Albei van hulle het sterk standpunte tydens die politieke oorlog ingeneem en het dit raadsaam gevind om eerder in die dorp skuiling te soek. Nadat hulle egter van Smuts se opdrag aan Reitz gehoor het, het hulle besluit om saam met hom te probeer ontsnap.[47]

Sonder enige definitiewe plan het die driemanskap die dorp verlaat en by 'n spoorwegkruising sowat 6 kilometer buite die dorp oornag. Die oggend van die 24ste het 'n groep van ongeveer 70 gewapende mans gepoog om Reitz-hulle te vang, maar hulle het ontsnap na Wolwehoekstasie, vanwaar hulle per trein na Johannesburg is. Volgens Reitz het hy lank na die rebellie uitgevind dat die groep mans deur Van Coller daar geplaas is in 'n poging om hom te probeer arresteer.[48]

Alhoewel hulle vlug vanuit Heilbron Reitz se twee makkers depressief gemaak het omdat hulle hulle vrouens en eiendom moes agterlaat, het die gebeure vir Reitz in 'n goeie stemming geplaas. Hy was lankal verveeld met

---

[46] D. Reitz, *Trekking on*, p. 52.
[47] *Ibid.*, pp. 52–53.
[48] *Ibid.*, pp. 53–55.

sy eentonige bestaan en die rebellie het hom geleentheid gegee om ‘n wilder lewe te lei.[49] Uit Reitz se eie beskrywing en ten spyte van sy professionele beroep as prokureur en verpligtinge as ‘n gesiene burger in ‘n gevestigde Vrystaatse dorp, blyk dit dat hy op 32-jarige ouderdom nie veel verskil het van toe hy 17-jaar oud was nie. Op daardie ouderdom het hy gehunker na avontuur en die opwinding van oorlog. Vyftien jaar later het hy steeds dieselfde gevoel en het hy die twis in Afrikanergeledere as die ideale geleentheid gesien om soortgelyke gebeure as in sy jeug deur te maak. Hy het die geleentheid met beide hande aangegryp en het hom, sonder om twee maal daaroor te dink, in die stryd teen sy landgenote gewerp. Sy benadering skep die indruk dat hy dit nie gedoen het bloot uit lojaliteit teenoor Botha en Smuts nie, maar eerder om ‘n dieper dors in homself te bevredig.

Vanaf Johannesburg is Reitz na Pretoria om genl. Smuts te gaan opsoek. Nadat Smuts Reitz ‘n oorsig van gebeure in die res van die land gegee het, is Reitz in Van Coller se plek as kommandant van die Heilbronkommando aangestel.[50] Ten spyte van wat reeds gebeur het, het Reitz steeds nie geglo dat Van Coller werklik sou rebelleer nie. Smuts het hom gevolglik aangestel op voorwaarde dat as Van Coller die rebelle sou verlaat, Reitz aan hom sou moes rapporteer.[51] Die rang wat aan hom op 24 Oktober 1914 toegeken is, was dié van ‘n Junior Kommandant.[52]

Smuts se vertroue in hom moes hom ongetwyfeld belangrik laat voel het en dit het veroorsaak dat hy onmiddellik werk van sy nuwe status gemaak het. Tydens sy terugtog na die Vrystaat het Reitz ‘n groep van sowat 30 regeringsondersteuners teëgekom wat, nadat hy sy aanstellingsbrief aan hulle getoon het, hulle bereid verklaar het om ‘n kommando onder hom te vorm. By Wolwehoekstasie het die stasiemeester aan Reitz vertel dat Van Coller met ‘n kommando van sowat 400 man die vorige nag daar besoek

---

[49] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 53–55.

[50] D. Reitz, *Trekking on*, p. 56; U.G. 46-’16, Rapport van de rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika, p. 51.

[51] U.G. 42-’16, Rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika. Notulen van getuigenis, p. 28.

[52] SANW Dokumentasiediens, P1/6319/1, Record of Service of D. Reitz.

afgelê het. Die stasiemeester het beweer dat Van Coller gesê het dat as Reitz dit enigsins sou waag om na die distrik terug te keer, hy met hom sou klaarspeel. Alhoewel ongemaklik daaroor, het dit Reitz nie verhoed om met sy werksaamhede voort te gaan en 'n verkenningspatrollie na die Clydesdalesteenkoolmyn te onderneem nie.[53]

'n Dag later het Reitz 'n brief van Van Coller ontvang waarin hy wou weet wat Reitz met 'n gewapende mag in 'n gebied gedoen het wat onder sy (Van Coller) beheer was. Reitz het op tipies ligsinnige wyse geantwoord dat hy beheer van die omgewing oorgeneem het en dat dit sy doel was om met Van Coller te veg. Na die grootpraterige boodskap het Reitz egter onmiddellik vir Smuts gebel en aan hom gesê dat hy glo hulle die stasie sal kan verdedig, maar dat 'n kommando gestuur moet word om hulle te kom verlig. Smuts se opdrag was dat hy onder geen omstandighede moes veg of iets doen wat die onderhandelinge met die rebelleleiers in gevaar sou stel nie. Hy het Reitz ook beveel om na die Vaalrivier terug te val en Reitz het aan die opdrag gehoor gegee omdat "...his instructions were too explicit to be disregarded...". Die rebelle het hulle egter agtervolg en, aangesien Reitz van mening was dat Smuts nie sou verwag dat hulle passief moes weerstand bied indien hulle aangeval word nie, het hy tot aksie oorgegaan deur van sy perd te spring en op die rebelle te skiet. Volgens Reitz is een van die rebelle in die kortstondige geveg wat daarop gevolg het, gewond, maar nie een van sy eie kommando nie. 'n Regeringsgesinde Transvaalse kommando het gelukkig op die toneel verskyn en sodoende verhoed dat Reitz-hulle gevang word.[54]

In verdere korrespondensie tussen Reitz en Van Coller het Van Coller Reitz beskuldig dat die bloed wat verspil is Reitz se skuld was en dat hy die dag wat hy gebore is sou berou. Reitz het egter net kortaf geantwoord en sonder enige verdere voorval Vereeniging toe gery.[55] Tot watter mate 'n persoonlike

---

[53] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 55-57.

[54] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 57-58; U.G. 42-'16, Rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika. Notulen van getuigenis, p. 28.

[55] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 58-59.

vete tussen Reitz en Van Coller ontstaan het, blyk uit ‘n antwoord wat Reitz aan ‘n Ier kort na bogenoemde geveg gegee het. Die Ier het aan hom gevra of die rebellie ‘n oorlog tussen die Britte en die Suid-Afrikaners, tussen Botha en Hertzog, of tussen Reitz en Van Coller, was. Reitz se antwoord was dat dit ‘n mengsel van al drie was.[56] Uit Reitz se beskrywings word die indruk egter geskep dat ‘n slegte verhouding tussen hom en Van Coller later ‘n veel groter dryfveer vir hulle optredes was as enigiets anders.

By Vereeniging het Reitz en sy kommando by die regeringsmagte wat besig was om daar te versamel, aangesluit. In dié stadium was die kommando van Beyers reeds verslaan en gevegte tussen regeringsgesindes en rebelle het op verskeie plekke in die Transvaal plaasgevind. Maritz het die Kaapprovinsie aan die voorpunt van Duitse troepe ingeval en Christiaan de Wet en Rocco de Villiers was besig om ‘n sterk rebellemag in die Vrystaat saam te stel. Die doel agter die saamtrek van die regeringsmagte by Vereniging was onder meer om voor te berei vir ‘n inval in die Vrystaat. Gedurende sy verblyf in Vereeniging is Reitz se kommando uitgebrei tot sowat 250 man, almal regeringsgesindes afkomstig van Heilbron. Sy kommando is onder bevel van genl. Coen Brits geplaas.[57]

Die fokus van die regeringsmagte was aanvanklik op die kommando’s van Christiaan de Wet in die Vrystaat. Die dryfjag op hom het op 12 November 1914 ‘n hoogtepunt bereik toe sy mag deur dié van genl. Louis Botha by Mushroom Valley, suid van Winburg, verslaan is. Aan rebellekant het 22 burgers gesneuwel en tussen 500 en 600 is gevange geneem, terwyl slegs ses regeringsoldate gesneuwel het.[58] Reitz se kommando het nie direk aan die geveg by Mushroom Valley deelgeneem nie en in verskillende bronne gee hy verskillende redes hiervoor aan. In *Trekking on* meld hy dat hy aangesê is om die regeringsmag se agterhoede te dek en ‘n moontlike ontsnappingsroete van die rebelle af te sny.[59] Tydens sy getuienis voor die

---

[56] D. Reitz, *Trekking on*, p. 59.
[57] *Ibid.*, pp. 59-60.
[58] G.D. Scholtz, *Die Rebellie 1914-1915*, p. 265.
[59] D. Reitz, *Trekking on*, p. 60.

regterlike kommissie wat ondersoek na die oorsake van die rebellie ingestel het, meld hy egter dat hulle te laat was om aan die geveg deel te neem.[60] As die bron naaste aan die gebeurtenis, moet laasgenoemde waarskynlik as die meer tegnies korrekte aanvaar word.

Na afloop van die Mushroom Valley-geveg het die regeringsmagte De Wet se kommando's in 'n dryfjag oor die Vrystaatse vlaktes probeer vastrek. De Wet het eers in die rigting van Clocolan uitgewyk en daarna noordwaarts tussen Winburg en Marquard deur. In 'n geveg by Virginia is sy oorblywende magte tot oorgawe gedwing of verstrooi, waarna hy 'n laaste poging aangewend het om die Duits-Suidwes-Afrika grens te haal.[61] Reitz het aktief aan hierdie dryfjag deelgeneem. Sy kommando het 'n roete van sowat 240 kilometer verby Bloemfontein en langs die Modderrivier af tot by Paardeberg gevolg, maar nie hy of enige van Coen Brits se ander kommando's het hulle prooi gewaar nie.[62] De Wet is uiteindelik by Waterbury, naby die grens van Betsjoeanaland, in hegtenis geneem[63] nadat Coen Brits motorkarre gebruik het om hom mee in te haal. Die manier waarmee De Wet uiteindelik gevang is, het Reitz "...almost sorry..." laat voel, aangesien dit hom laat besef het dat dit die einde van die "...picturesque South African commando system" voorspel het.[64]

By Paardeberg het Reitz opdrag ontvang om na Reitz, die dorpie in die Noordoos-Vrystaat wat na sy vader vernoem is, terug te keer. Die rebellekommandos van Van Coller, Wessel Wessels, 'n besigheidsman van Reitz en Niklaas Serfontein, die LP van Frankfort, was besig om hier saam te trek. Sy terugtog is gedoen oor Kroonstad, Lindley en Heilbron en het nie sonder opwinding plaasgevind nie. In die Heilbrondistrik het 'n ou vriend van Reitz, Doris Botha en 'n groep rebelle onder sy beheer, Reitz en sy kommando toegang tot die gebied probeer verhoed, maar na 'n kort

---

[60] U.G. 42-'16, Rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika. Notulen van getuigenis, p. 30.
[61] G.D. Scholtz, *Die Rebellie 1914-1915*, pp. 274, 278-281.
[62] D. Reitz, *Trekking on*, p. 60.
[63] M.C.E. van Schoor, *Generaal J.C.G. Kemp en die epiese woestyntog*, p. 74.
[64] D. Reitz, *Trekking on*, p. 63.

skermutseling is die rebelle gevange geneem. Die oorgawe het in 'n goeie gees plaasgevind en almal het mekaar vriendelik gegroet. By dié rebelle het Reitz tot sy teleurstelling verneem dat Heilbron reeds[65] op 16 November deur die kommando van kommandant Grobler van Potchefstroom bevry is. Twaalf rebelle is in die proses gevange geneem.[66] Reitz sou self graag die takie wou verrig het, maar moes tevrede wees met 'n heldeverering en -ontvangs toe hulle die dorp binnery. Reitz se huis was geplunder, maar geen moedswillige skade is aangerig nie en hy het dit heel gelate aanvaar. Hy het dit in dieselfde lig gesien as die plundering van winkels en store en skryf dit toe daaraan dat die kommandeer van voorrade deel van die Boere se militêre stelsel was. Volgens hom het die Heilbronrebelle ten minste 'n goeie humorsin geopenbaar. Meeste van hulle kommandeerbriewe het gelees "Payable to bearer by winning side". [67]

In die periode van 1 tot 8 Desember 1914 het Louis Botha se magte die rebelle in die Reitz-omgewing oor 'n breë front aangeval en op 8 Desember het die rebelle onder Van Coller, Wessels en Serfontein onvoorwaardelik aan hom oorgegee.[68] Reitz se aandeel hierin was om 'n rebellegroep van ongeveer 300 man op die walle van die Wilgerivier te vang. Tot sy verrassing was dit 'n gedeelte van David van Coller se Heilbronkommando en elkeen van die gevangenes was 'n kennis, kliënt, of vriend.[69] Hy is beveel om hierdie rebelle na Heilbron terug te neem en daar vry te laat[70] en op 14 Desember 1914 het hy 312 gevangenes, 378 perde en ongeveer 300 saals aan die Magistraat te Heilbron oorhandig.[71] As finale fase in die rebellie was Reitz daarvoor verantwoordelik om die laaste rebelle in die Heilbronomgewing uit te snuffel - 'n taak wat hy teen die einde van Januarie 1915 afgehandel het.[72]

---

[65] D. Reitz, *Trekking on*, p. 61.
[66] SANW Dokumentasiediens, PM727, 30, Town Heilbron – retaken by loyalist forces, 16/11/1914.
[67] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 61-62.
[68] *The Union of South Africa and the great war 1914-1918: Official History*, pp. 22-23.
[69] D. Reitz, *Trekking on*, p. 62.
[70] *Ibid.*, pp. 64-65.
[71] SANW Dokumentasiediens, PM4520, 139, telegram to Provost Marshall.
[72] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 63-65.

Na raming het tussen 11 000 en 12 000 man gerebelleer en het die regering sowat 32 000 troepe opgeroep om die opstand te onderdruk. Van die 32 000 man was ongeveer 25 000 lede van kommando's. Die res het uit ongeveer 5 000 Aktiewe Burgermaglede en 2 000 Staandemagtroepe bestaan. Aan die kant van die rebelle het 190 man gesneuwel en 350 is gewond en aan regeringskant het 132 gesneuwel en 242 is gewond.[73] Na afloop van die rebellie het spesiale howe die gewone rebelle boetes en kort gevangenistermyne opgelê. Van die leiers het Kemp die swaarste vonnis gekry, naamlik sewe jaar gevangenisstraf en 'n boete van £1000. De Wet is tot ses jaar gevangenisstraf en £2000 gevonnis.[74] Van die Heilbronse rebelle is Rocco de Villiers tot vier jaar gevangenisstraf sonder harde arbeid en £500 gevonnis en Van Coller tot ses maande en £500.[75]

Tot groot ongelukkigheid van Louis Botha se Engelssprekende volgelinge het die regering in Desember 1915 meer as 100 van die rebelle, waaronder genl. De Wet, vrygelaat. Die ander rebelleleiers is binne die volgende 12 maande ook almal vrygelaat.[76] Reitz was hewig teen hierdie vrylating gekant en in 'n sterk bewoorde brief skryf hy aan Jan Smuts dat die regering se behandeling van die regeringsondersteuners "...een vervloekte schande..." was. Volgens hom het Louis Botha hulle belowe dat die rebelle nie vrygelaat sou word nie, maar het hy nie sy woord gehou nie. Die terugkeer van die rebelle na Heilbron het glo die lewe vir Reitz en sy vriende ondraaglik gemaak en hulle het klaarblyklik tydens 'n vergadering van die Heilbronse tak van die S.A.P. besluit om van die hoofparty weg te breek.[77] As na sy latere betrokkenheid by die S.A.P. gekyk word, is hierdie besluit egter nooit deurgevoer nie. Die ironie van dié brief is dat Reitz, ten spyte van sy ernstige uitsprake, aan Smuts skryf dat sy klagtes niks met hulle persoonlike vriendskap te doen het nie en dat hy vroeg in die nuwe jaar by Smuts in Pretoria sou gaan kuier.

---

[73] T. Cameron (red.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 238; C.J. Nöthlingh, *Suid-Afrika en die Eerste Wêreldoorlog 1914-1919*, pp. 22-23.

[74] T. Cameron (red.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 238; C.J. Nöthlingh, *Suid-Afrika en die Eerste Wêreldoorlog 1914-1919*, pp. 22-23.

[75] SANW Dokumentasiediens, Diverse 1, Treason Trail Orange Free State.

[76] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 46.

[77] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 197, privaat briewe 1915, nos. 1–191 (113), D. Reitz – J.C. Smuts, 12/1915.

In *Trekking On*, 19 jaar na die rebellie, blyk dit egter dat Reitz se gevoelens teenoor die rebelle heelwat afgekoel het. Hy beskryf die gebeure sonder veel emosie en kan ook die humor van die situasie insien. Sodoende vertel hy byvoorbeeld van die verwarring wat onder die inwoners van Reitz geheers het toe die regeringsmagte die dorp ingeneem het. Klaarblyklik het van die inwoners van Reitz geglo dat Botha besig was om die rebelle met oorsese troepe te beveg, terwyl die kommando wat Reitz ingeneem het uit Boere vanuit die Oos-Transvaal bestaan het. 'n Ou, vroulike ondersteuner van die rebelle het glo in 'n straat uitgestorm en die verslonste kommandolede gevra "Waar is die verdomde Engelse?", waarop een van hulle geantwoord het: "Ons is die verdomde Engelse".[78]

## *5.3 Die veldtog in Duits-Suidwes-Afrika*

Ten spyte van die uitbreek van die rebellie het die Suid-Afrikaanse regering voortgegaan met voorbereidings vir die inval in Duits-Suidwes-Afrika. Op 18 Augustus 1914 is 'n proklamasie uitgevaardig waarvolgens gedeeltes van die Unie-Verdedigingsmag vir aktiewe diens opgeroep kon word.[79] Op 21 Augustus is dié voorbereidings verder gevoer toe 'n aanvalsplan opgestel is waarvolgens die Suid-Afrikaanse magte Duits-Suidwes-Afrika uit drie verskillende windrigtings sou inval. 'n Mag onder bevel van brig.genl. H.T. Lukin sou by Port Nolloth land en moes die suidelike grens van die land patrolleer. 'n Tweede mag, onder leiding van kol. Manie Maritz, wat in Upington gestasioneer was, sou druk toepas op Duits-Suidwes-Afrika se oostelike grens. 'n Derde mag, onder bevel van kol. S.P. Beves, sou Lüderitzbucht beset, terwyl die Britse vloot terselfdertyd versoek sou word om die radiostasie en hawe by Swakopmund deur middel van kanonvuur te vernietig.[80]

---

[78] D. Reitz, *Trekking on*, p. 63.
[79] C.J. Nöthling, *Suid-Afrika in die Eerste Wêreldoorlog 1914-1918*, p. 17.
[80] H. Paterson, First Allied Victory. The South African campaign in German South-West Africa 1914-1915, *Military History Journal*, vol. 13, no. 2, pp. 2-3.

Alhoewel die regering se voorbereidings ietwat deurmekaar gekrap is deur Maritz se oorlopery na die Duitsers en Beyers se bedanking as kommandant-generaal, het Lukin se mag teen 31 Augustus 1914 by Port Nolloth geland. Op 14 September is die radiostasie te Swakopmund vernietig en op 15 September het Beves se mag Lüderitzbucht beset.[81]

Toe Louis Botha Swakopmund teen 11 Februarie 1915 bereik het om bevel van die veldtog in Duits-Suidwes-Afrika oor te neem, was die Suid-Afrikaanse mag in vier verdeel. Dit het bestaan uit 'n noordelike mag onder Botha, 'n Suidelike Mag onder bevel van brig.genl. Jaap van Deventer, 'n Oostelike Mag onder aanvoering van kol. C.A.L. Berrangé en 'n Sentrale Mag onder brig.genl. Duncan McKenzie.[82] Smuts, wat aanvanklik in beheer van die regering in Suid-Afrika gelaat is, het op 14 April in Kalkfontein aangekom om beheer van die Suidelike Mag oor te neem.[83]

Reitz moes eers sy opruimingsaktiwiteite in die Heilbrondistrik voltooi voordat hy hom by Smuts se personeel by Aus in Duits-Suidwes-Afrika kon gaan aansluit.[84] Hy het vanaf 15 April 1914 as Inligtingsoffisier op die staf van die Bevelvoerder van die Suidelike Weermag (Smuts) met die rang van tydelike majoor op die botallige lys van die Aktiewe Burgermag, gedien. Vir die periode vanaf 19 April 1915 tot 6 Junie 1915 is hy oorgeplaas na die hoofkwartier personeel.[85]

Die omstandighede wat Reitz in Duits-Suidwes-Afrika sou beleef, was totaal en al anders as waaraan hy in Suid-Afrika gewoond was. Ten eerste was die land geweldig groot. Dit het gestrek vanaf die Oranjerivier tot by die Kunene, 1 450 kilometer verder noord. Verder was dit geleë, van wes na oos, tussen die Atlantiese Oseaan en die Kalahari woestyn, 'n afstand van sowat 640

[81] H. Paterson, First Allied Victory. The South African campaign in German South-West Africa 1914-1915, *Military History Journal*, vol. 13, no. 2, pp. 2-3.
[82] C.J. Nöthling, *Suid-Afrika in die Eerste Wêreldoorlog 1914–1918*, p. 24.
[83] G. L'ange, Urgent Imperial Service: South African forces in German South West Africa 1914-1915, p. 155.
[84] D. Reitz, *Trekking on*, p. 68.
[85] SANW Dokumentasiediens, P1/6319/1, Record of Service of Deneys Reitz

kilometer. Die grootste gedeelte van die gebied was uiters droog en woestynagtig,[86] en uiterste weerstoestande het geheers. In die dag was dit geweldig warm en in die nag snerpend koud. Groot water- en voedseltekorte het voorgekom en die gebroke terrein waaroor hulle beweeg het, was gevul met stof.[87] Gerald L'ange vertel stories van uiterste koue wat deur die Suidelike Mag beleef is en hoe koffiemoer (droesems) gevries het binne minute nadat dit neergesit is. Hy haal soldate aan wat geskryf het dat hulle van honger sou omkom omdat daar te min kos beskikbaar was. Hulle het klaarblyklik van skaapvleis oorleef, aangesien daar niks anders was om te eet nie. Boonop het hulle in die veld geleef, op die kaal grond geslaap en hulle klere was aan flenters geskeur.[88] Alhoewel nie in groot detail beskryf nie, kom dit in *Trekking on* duidelik na vore dat Reitz ook aan dié omstandighede onderwerp was, maar aangesien hy slegs losweg aan die Suidelike Mag gekoppel was, was sy ontberinge nie naastenby so erg soos dié van die gewone soldate nie.

Die vyand waarteen hulle geveg het, was ook totaal en al anders as die Britte waarmee hulle in die Anglo-Boereoorlog te doen gekry het. By Aus het die Duitsers byvoorbeeld vir hulle groot hoeveelhede onaangename verrassings gelos. Landmyne is op paaie, die spoorlyn, in die veld, asook in huise en stalle, geplant en waterputte is vergiftig. Vir laasgenoemde is waarskuwings gelos, maar die landmyne was iets totaal en al nuut vir die Suid-Afrikaners.[89] Beide hierdie taktieke het teen die Unie-Verdedigingsmag, wat grootliks uit Afrikaners bestaan het, se "gevegskode" ingedryf en genl. Botha het verskeie tevergeefse besware aan die Duitse bevelvoerder daaroor gestuur.[90] Reitz het vroeg reeds met landmyne te doen gekry nadat een van hulle hom sy perd Bismarck gekos het. Dié is nie gedood nie, maar het so groot vir 'n

---

[86] D. Reitz, *Trekking on*, p. 69.
[87] G. L'ange, *Urgent Imperial Service*, p. 340.
[88] *Ibid.*, p. 225.
[89] D. Reitz, *Trekking on*, p. 69.
[90] B. Farwell, *The Great War in Africa 1914-1918*, p. 92.

landmyn geskrik dat hy die woestyn ingehardloop het en Reitz kon hom glad nie weer opspoor nie.[91]

Dit was egter nie net die terrein wat Reitz anders gevind het nie. Sy eerste kennismaking met die vyand was met gevange Duitse soldate by Gibeon en die indruk word geskep dat hy ietwat teleurgesteld was in hulle voorkoms. “They were regulars, but not as spick and span as I had expected.”[92] Dit laat egter die vraag ontstaan of Reitz, ten spyte van sy ervaringe tydens die Anglo-Boereoorlog, steeds oorlog en die beeld van soldate verromantiseer het. Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het hy die idee gehad dat die Britse soldate pragtige rooi uniforms met beervelhelms gedra het,[93] en hier voel hy ook teleurgesteld oor die Duitsers se voorkoms.

Gedurende die Duits-Suidwes-Afrika veldtog het Reitz glad nie by enige gevegte betrokke geraak nie, aangesien Smuts hom hoofsaaklik aangewend het as boodskapper tussen sy hoofkantoor en die verskillende kolonnes. Reitz en James Leisk, ‘n ou kennis van hom, is byvoorbeeld gestuur om sir Duncan McKenzie op te spoor.[94] Mckenzie is deur Botha in ‘n noordoostelike rigting gestuur om die spoorlyn by Gibeon af te sny en die Duitse magte in die suide van dié gebied vas te keer.[95] Die enigste spoor wat Reitz-hulle aanvanklik van Mckenzie kon kry, was dooie perde en muile. Na ‘n vier dae-lange reis vanaf Wasserfall en Besondermaid na die Groot Visrivier en van daar verby Bukarosspiek en deur die Berseba natuurreservaat, het hulle Mckenzie by Gibeon opgespoor. Hier het hulle vir ‘n paar dae oorgebly voordat hulle, saam met ‘n kol. Muller, na Windhoek gestuur is om kontak met genl. Botha se mag te maak.[96]

Dié reis was vir Reitz uniek, aangesien dit met twee motors gedoen was. Hulle tog het hulle aanvanklik na Mariental geneem en van daar af al langs

---

[91] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 69-70.
[92] *Ibid.*, p. 70.
[93] Brenthurstbiblioteek, MS272/1, vol. 1, D. Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 35.
[94] D. Reitz, *Trekking on*, p. 70.
[95] G. L’ange, *Urgent Imperial Service*, p. 210.
[96] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 70-71.

die treinspoor af deur die Rehoboth natuurreservaat tot by Rehobothstasie. Dit was ‘n uitputtende reis deur ‘n verlate en dorre streek, met ‘n gesukkel teen sand en versengende hitte en teen die aand van die eerste dag was hulle water op. Al die boorgate, putte en watertenks langs die spoorlyn is deur die Duitsers opgeblaas en daar was geen ander water in die nabyheid nie. ‘n Bietjie inisiatief die volgende dag het egter die probleem vir hulle opgelos. Hulle het die plaaslike inboorlinge se voorbeeld gevolg deur water uit Tsammawaatlemoene te tap en kon sodoende genoeg water vir hulle self asook die motors se verkoelers bymekaar skraap. Die teenspoed het hulle egter weer ingehaal en as gevolg van die moeilike roete en die hitte het die motors teen die middel van daardie dag weer sonder water gaan staan. Hulle het nietemin gereken dat hulle binne stapafstand van die Rehobothstasie was en het die roete verder te voet aangepak. Na ongeveer drie ure se stap was hulle gelukkig om water te kry in die ketel van ‘n lokomotief wat deur die Duitsers opgeblaas is. Daarmee kon hulle hulle eie dors les en weer die motors gaan haal. Die gevolg was dat hulle Rehobothstasie daardie nag bereik het. By Rehobothstasie het hulle geluk gehou en kon hulle genoeg water opspoor om Windhoek die volgende dag te bereik. Vir Reitz was die enigste noemenswaardige gebeurtenis van hierdie tog, uit ‘n militêre oogpunt beskou, dat hulle Duitsers op ‘n afstand gesien het - die naaste wat hy volgens sy eie beskrywing aan die vyand gedurende dié veldtog gekom het.[97]

Reitz het hom hierna by brig.genl. Coen Brits te Karibib aangesluit in afwagting van verdere opdragte van Smuts. Gedurende die paar weke wat hy by Brits deurgebring het, was sy hooftaak om instruksies na afgeleë buiteposte te neem. [98] Die Suidelike Mag is na hulle inname van Gibeon ontbind en die eerste van dié troepe het reeds in Mei begin om vanaf Lüderitzbucht na Kaapstad terug te keer.[99] Reitz is ook tydens die onttrekking van die Suidelike Weermag na Suid-Afrika teruggestuur en dit het tot gevolg gehad dat hy die laaste gedeelte van die veldtog in Duits-Suidwes-Afrika

---

[97] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 71–73.
[98] *Ibid.*, p. 76.
[99] G. L’ange, *Urgent Imperial Service*, p. 226.

misgeloop het.[100] Teen 9 Julie was die oorlog in Duits-Suidwes-Afrika verby met Theodor Seitz, die Duitse goewerneur, se amptelike oorgawe.[101] Teen Augustus 1915 was al die Suid-Afrikaanse burgers weer terug in Kaapstad.[102]

Gesien in die lig van die res van die Eerste Wêreldoorlog was die veldtog in Duits-Suidwes-Afrika een van die kleiner ondernemings. Dit is gekenmerk deur 'n groot hoeveelheid beweging met 'n minimum ongevalle. Selfs die 1914-Rebellie het meer ongevalle tot gevolg gehad as dié veldtog en uit 'n militêre oogpunt gesien, was die waarde daarvan beperk.

Wat die betekenis van die veldtog in Duits-Suidwes-Afrika vir Reitz was, is nie duidelik nie, maar hy het dit waarskynlik as net nog 'n avontuur beskou. Teen die einde van die veldtog toon hy egter duidelike tekens van simpatie met die Duitse bevolking in die gebied. Hy haal artikels uit 'n plaaslike Duitse koerant aan wat verwys na die Suid-Afrikaanse aanvallers asook die wyse waarop die Duitse inwoners hierdie aanslag op hulle vryheid sou hanteer. Dit het hom tot die besef gebring dat die Duitsers deur sulke artikels slegs gepoog het om hulle moed hoog te hou. Hy het dit vergelyk met die hoop wat die burgers tydens die Anglo-Boereoorlog bly koester het, selfs al het hulle besef dat daar nie werklik hoop was nie.[103]

Reitz was trots daarop dat Botha en Smuts, ten spyte van die rebellie en "...in the teeth of violent opposition from the powerful Nationalist Party...', daarin kon slaag om 'n oorwinning in Duits-Suidwes-Afrika te behaal met 'n minimum lewensverlies.[104] En, alhoewel nêrens gemeld, kan daar aangeneem word dat hy hierdie oorwinning onder sy politieke opponente se neuse sou vryf. Dit beteken egter nie dat hy hom verlekker het in die nederlae wat die Duitsers in Duits-Suidwes-Afrika gelei het nie. Hy het steeds medemenslikheid getoon

[100] D. Reitz, *Trekking on*, p. 76.
[101] H.E.W. Strachan, *The First World War in Africa*, p. 91.
[102] D. Reitz, *Trekking on*, p. 76.
[103] *Ibid.*, pp. 75-76.
[104] *Ibid.*, p. 76.

deur te besef dat die Suid-Afrikaanse magte aan die Duitsers gedoen het wat Brittanje 13 jaar tevore aan hulle gedoen het.

### *5.4 Die algemene verkiesing van 1915*

Met die terugkeer van die Suid-Afrikaanse magte vanaf Duits-Suidwes-Afrika het Botha en sy ondersteuners hulle onmiddellik in ‘n volgende geveg bevind, naamlik die vyfjaarlikse parlementêre verkiesing wat in Oktober 1915 plaasgevind het. In lig van die wêreldoorlog wat aan die gang was, sou Louis Botha waarskynlik nie verkwalik gewees het as hy nie met die verkiesing wou voortgaan nie. Dit was egter ‘n vereiste van die Unie Verdedigingswet van 1912 dat hy goedkeuring van Suid-Afrikaners moes verkry om burgers op te roep om buite die landsgrense te veg en daarvoor het hy ‘n parlementêre meerderheid nodig gehad. Hy het dus daarop aangedring dat die verkiesing moet voortgaan. Sukses in die verkiesing sou hom die goedkeuring gee vir die uitvoer van enige toekomstige planne.[105]

Die verkiesing is grootliks aan die hand van hoe Brittanje en die Britse Ryk deur Suid-Afrikaanse burgers ervaar is, gevoer. Drie basiese verdelings het bestaan. Die kleinste hiervan was die Engelse gemeenskap, oorwegend Unioniste, wat almal ten gunste van Brittanje was. Die tweede groep en die ander uiterste, was die Afrikaner ondersteuners van Hertzog se Nasionale Party. Hulle het steeds onafhanklikheid van Brittanje geëis, wou nie in Brittanje se stryd teen Duitsland betrokke raak nie en sou slegs teen Duitsland veg as die land Suid-Afrika direk aangeval het. Baie van hulle was pro-Duits. Die derde groep, die Suid-Afrikaanse Party van Botha, was meer gematig, het die goue middeweg gevolg en het uit beide Afrikaans- en Engelssprekendes bestaan. Hulle was die lojale ondersteuners van Botha.[106]

---

[105] A. Samson, *Britain, South Africa and the East Africa Campaign 1914-1918*, p. 89.
[106] *Ibid.*, pp. 102-104.

Reitz skryf dat die stryd wat in dié verkiesing gevoer is, vorige geskille mak laat lyk het. Die Nasionaliste was steeds ongelukkig oor die nederlaag wat hulle in die rebellie gelei het, terwyl die Sappe ontevrede was omdat die Nasionaliste nie aan die inval in Duits-Suidwes-Afrika wou deelneem nie. Vir Reitz het dit by tye gevoel of hulle weer op die randjie van 'n burgeroorlog was.[107]

In weerwil van dié gevoel het Reitz in Heilbron vir die S.A.P. teen M.L. Malan meegeding. Hy kon egter net daarin slaag om 659 van die 2 339 stemme in dié kiesafdeling te verower.[108] Volgens Reitz was deelname aan die verkiesing geen maklike taak nie. Tydens die rebellie het hy hom aan regeringskant geskaar en die mense wie se stemme hy tydens die verkiesing gesoek het, het hom teen 1915 nog nie daarvoor vergewe nie. Die gevolg was dat elke vergadering wat hy toegespreek het in 'n slagveld verander het en dat meer as een "...village hall still bears the scars and bloodstains of those days."[109]

As gekyk word na die uitsprake wat hy gemaak het, is dit heel verstaanbaar dat sy politieke vergaderings nie stil en stemmig verloop het nie. Tydens 'n vergadering in die begin van Oktober 1915 by die Kopjes Besproeiingsnedersetting het Reitz gesê dat die ontstaan van die Nasionale Party slegs probleme vir Suid-Afrika veroorsaak het. Hy was verder ook van mening dat die regering nie streng genoeg teen die rebelle tydens die rebellie opgetree het nie.[110] Reitz het ook genadelose bewerings oor van die Nasionale Party kandidate gemaak. Hy het beweer dat C.G. (Charlie) Fichardt, Minister van Mynbou en Lande, na die Britte oorgeloop het tydens die Anglo-Boereoorlog en dat hy die res van die oorlog in Engeland deurgebring het. Hy het Fichardt ook daarvan beskuldig dat hy tydens die slag van Doornberg in die rebellie onder sy motor weggekruip het. Reitz het gesê dat van Fichardt waar is wat Shakespeare sê: "And were it not for those

[107] D. Reitz, *Trekking on*, p. 77
[108] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 56.
[109] D. Reitz, *Trekking on*, p. 77
[110] *The Cape Argus*, 11/10/1915, Mr. Deneys Reitz at Kopjes. Vote of confidence, p. 6.

vile guns, he would have been a soldier." Hy het Tielman Roos daarvan beskuldig dat hy in die oorlog in Pretoria agtergebly het en dat hy tydens die rebellie die mense opgesweep het, maar self te bang was om te veg. Volgens Reitz was Roos indirek vir Jopie Fourie se dood verantwoordelik.[111] Hierdie sienswyses van hom verklaar waarom hy so min stemme kon trek tydens die verkiesing.

Die uitslag van die verkiesing het die verdeeldheid en skeuring tussen die ondersteuners van die S.A.P. en N.P. duidelik getoon. Na afloop van die verkiesing het die N.P. 27 verteenwoordigers in die Volksraad gehad en die S.A.P. 54. Slegs met behulp van die Unioniste, wat 40 verteenwoordigers gehad het, kon die S.A.P. 'n effektiewe administrasie daarstel. Die S.A.P. het 93 484 stemme getrek en die N.P. 78 184. In die Vrystaat kon die S.A.P. nie een setel wen nie, al het hulle kandidate in 15 kiesafdelings gehad. Vir Botha moes die groot hoeveelheid steun wat hy tydens die verkiesing verloor het, 'n groot ontnugtering gewees het.[112]

Wat dié verkiesing noemenswaardig gemaak het, was dat dit die eerste teken was dat Reitz se kop in 'n politieke rigting begin staan het. In ag genome sy afkoms, die konstante kontak wat hy van kleins af al met politici gehad het, asook sy vriendskapsbande met Jan Smuts, was die besluit seker te verwagte. In lig van die wyse waarop hy voel hy benader was deur die inwoners van Heilbron tydens, voor en na die rebellie, is dit egter vreemd dat hy enigsins bereid was om in Heilbron tot die verkiesing toe te tree. Dit sou waarskynlik makliker gewees het in 'n omgewing waar hy minder kontroversieel was, maar sy hardkoppigheid sou veroorsaak het dat hy vir enigiets kans gesien het en ten volle bereid was om sy politieke opponente in Heilbron die stryd aan te sê, ongeag van wat in die verlede gebeur het.

Reitz se vasbeslotenheid om aan die verkiesing deel te neem, is reeds vroeër in 1915 uitgespreek toe hy aan Smuts geskryf het dat hy hoop dat die SAP se

---

[111] *De Vriend des Volks*, 18/09/1915 (Soos aangehaal in A.H. Marais, Aspekte van die 1915-verkiesing, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 5, November 1973, p. 80.)
[112] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, pp. 46-47.

Hoofkomitee nie 'n persoon van buite sou stuur om vir die setel in Heilbron mee te ding nie. Hy was van mening dat 'n vreemdeling slegs af en toe vergaderings in Heilbron sou kon bywoon, terwyl 'n plaaslike inwoner altyd beskikbaar sou wees. Hy het ook die standpunt gehuldig dat 'n plaaslike kandidaat weens persoonlike redes stemme sou kon trek wat 'n kandidaat van buite nie sou kon doen nie. Sy eie kanse om die verkiesing te wen, het hy vanweë, volgens hom, 'n groot ondersteuningsbasis in Heilbron, nie gering geskat nie.[113] Die indruk wat in Reitz se brief geskep word, is dat hy Smuts se steun probeer werf het om as S.A.P.-kandidaat in Heilbron te staan. As in ag geneem word dat hy wel namens die S.A.P. aan die verkiesing deelgeneem het, was hierdie bewerkery van Smuts heel suksesvol.

## *5.5 Die veldtog in Duits-Oos-Afrika*

Na afloop van die Suid-Afrikaanse Party se oorwinning in die 1915-verkiesing het die regering se aandag na die Ooskus van Afrika verskuif waar vyandelikhede reeds in Augustus 1914 uitgebreek het met 'n onsuksesvolle Britse aanval op die hawestad Dar-es-Salaam. Die stryd in die gebied het uiteindelik oor 'n area van bykans 'n miljoen vierkante kilometer gestrek en het ingesluit wat vandag Tanzanië, Burundi en Rwanda is. Dit is omring deur Brits-Oos-Afrika (Kenia), Uganda, Noord Rhodesië (Zambië), Nyassaland (Malawi), Belgiese Kongo (Zaire) en die Britse Protektorate van Pemba en Zanzibar. Portugees-Oos-Afrika (Mosambiek) na die suide was die enigste aangrensende land wat neutraal was.[114]

Die saamtrek van Duitse troepe op die Brits-Oos-Afrika grens, strooptogte op die Ugandese spoorlyn, aanvalle op bote op die Tanganjika-, Victoria- en Nyassamere en die bespeuring van Duitse soldate op die grense van Nyassaland en Noord-Rhodesië, het aanleiding gegee tot 'n verdere onsuksesvolle Britse aanval op Tanga op 4 en 5 November. Die Britse magte

---

[113] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 197, privaat briewe 1915, nos. 1–191 (112), D. Reitz – J.C. Smuts, 1915.
[114] B. Farwell, *The Great War in Africa 1914-1918*, p. 112.

het hierna 'n streng defensiewe houding ingeneem terwyl planne beraam is vir verdere aanvallende optrede, onder meer om Suid-Afrikaners daarheen te stuur.[115]

Betrokkenheid in Duits-Oos-Afrika sou aan Botha en Smuts die geleentheid gee om hulle lojaliteit aan Brittanje te toon sonder om in Europa te gaan veg. Hulle het boonop gehoop dat hulle Suid-Afrika se grense verder kon uitbrei. 'n Oorwinning in Duits-Oos-Afrika sou moontlik veroorsaak het dat hulle die gebied sou kon ruil vir 'n gedeelte van Portugees-Oos-Afrika. Verder was hulle bevrees dat indien Duits-Oos-Afrika onder Duitse bestuur sou bly en indien Suid-Rhodesië by die Unie ingelyf sou word, hulle 'n vyandige moondheid op hulle grens sou hê. Onderliggend aan al hierdie redes was Botha en Smuts se begeerte om groter eenheid tussen die Afrikaans- en Engelssprekende dele van die Suid-Afrikaanse bevolking te bewerkstellig. Botha het besef dat hy nie die Nasionaliste sou kon oortuig om nouer met Brittanje saam te werk nie, maar indien hy daarin kon slaag om Delagoabaai by die Unie in te sluit deur middel van die Duits-Oos-Afrika-veldtog, sou dit vir hom groot politieke gewin beteken het.[116]

In November 1915 het die Suid-Afrikaanse regering 'n oproep vir 10 000 vrywilligers vir deelname aan die oorlog in Duits-Oos-Afrika gedoen en binne twee weke is hierdie syfer gevul.[117] Reitz het ook aan hierdie oproep gehoor gegee. Nie omdat hy teen die Duitsers gekant was nie, maar omdat hy geglo het dat 'n Duitse oorwinning 'n terugslag vir menslike vryheid sou wees. Smuts se aanstelling as bevelvoerder in die gebied, asook die gedagte dat so baie van sy landgenote op pad was na nog 'n avontuur in Afrika, het as verdere motivering vir hom gedien om betrokke te raak.[118]

Teen die einde van Desember 1915 is twee Suid-Afrikaanse brigades onder leiding van brig.genls. P.S. Beves (2de SA Infanterie Brigade) en J.L. van

[115] A. Samson, *Britain, South Africa and the East Africa Campaign 1914-1918*, p. 25.
[116] *Ibid.*, pp. 114-115.
[117] J.A. Brown, *They fought for King and Kaiser: South Africans in German East Africa 1916*, p. 38.
[118] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 77-78.

Deventer (1ste Berede Brigade), na Mombasa gestuur.[119] Op 6 Februarie 1916 het Jan Smuts in persoonlike hoedanigheid by die oorlog in Duits-Oos-Afrika betrokke geraak toe hy die pos van bevelvoerder van die geallieerde magte in die gebied oorgeneem het. Hy het op 19 Februarie 1916 in Mombasa gearriveer.[120] Teen die einde van Maart 1916 het die Suid-Afrikaanse magte in Duits-Oos-Afrika uit een berede brigade van drie regimente, een losstaande berede regiment en twee brigades infanterie (vier bataljons elk) bestaan. Hulle is ondersteun deur vyf batterye artillerie, 'n veldambulans en 'n algemene hospitaal.[121] In 'n herorganiseringsproses het Smuts in Maart drie divisies gevorm, twee onder die Suid-Afrikaners Jaap van Deventer (2de Divisie) en Coen Brits (3de Divisie) en die derde onder brig.genl. A.R. Hoskins (1ste Divisie).[122] In teenstelling hiermee het die Duitse mag teen die einde van die oorlog uit slegs sowat 3 000 Europeërs en 11 000 Askari's bestaan.[123]

In Februarie 1916 het Reitz, saam met sy bediende Ruiter, op 'n troepeskip vanaf Durban na Mombasa vertrek. Vanaf Mombasa is hulle na Voi, 'n kamp op die spoorlyn na Nairobi en vandaar na Mbuyuni, naby die Duitse grens. Hier het Reitz tydelik vergeet dat hy in 'n oorlog betrokke was. Hy het die omgewing bekoorlik gevind en het verkenningstogte na die Chalameer, wat in 'n uitgedoofde vulkaan was, asook die Jipemeer, onderneem. Elkeen van hierdie togte het hom verby groot hoeveelhede wilde diere geneem en hy het kameelperde, elande, wildebeeste en sebras gesien. Reitz het die streek bereik met die aanvang van die reënseisoen en dit het hom laat besef dat die veldtog in Duits-Oos-Afrika veel moeiliker sou wees as wat die een in Duits-Suidwes-Afrika was. Daar was hulle in oop vlaktes sonder koors, perdesiekte en tsetsevlieë. In Duits-Oos-Afrika was daar duisende kilometers van digte woude en bosse, met 'n dodelike klimaat. Meeste Suid-Afrikaners raak boonop neerslagtig wanneer daar geen sonskyn is nie en Reitz het genl.

---

119 J.A. Brown, *They fought for King and Kaiser*, p. 45.
120 J.J. Collyer, *The South Africans with general Smuts in German East Africa 1916*, p. 52.
121 C.J. Nöthling, *Suid-Afrika in die Eerste Wêreldoorlog 1914–1918*, p. 29.
122 J.H.V. Crowe, *General Smuts' campaign in East Africa*, p. 108.
123 B. Farwell, *The Great War in Africa 1914-1918*, p. 110.

Smuts nie sy taak beny nie.[124] Teen Junie 1916 beskryf Reitz die oorlog in Duits-Oos-Afrika as "...the real article..." omrede die Duitsers hard veg en dit nie "...zoon makkelijke affaire als Duits West [is] nie."[125]

Alhoewel daar bespiegel kan word dat Reitz hierdie waarneming agterna en met kennis van gebeure wat reeds plaasgevind het, kon gemaak het, was hy uiters korrek in sy opsomming. Die topografie van die gebied, die ongesonde klimaat en die hewige reën wat hier voorkom, was 'n groot nadeel vir die geallieerde magte wat van Suid-Afrika, Brittanje, België, Indië en Portugal gestuur is. Malaria, disenterie en ander tropiese siektes sou hulle tol onder die ongeakklimatiseerde troepe eis en meer soldate het aan dié siektes gesterf as aan wonde.[126] Daar was min paaie en weinig van hulle kon deur voertuie gebruik word. Voedsel, ammunisie en noodsaaklike voorrade is merendeels deur draers gekarwei, behalwe langs die spoorlyne wat vanaf die kus na die binneland gestrek het.[127]

Duits-Oos-Afrika is verdeel deur twee spoorlyne wat parallel en sowat 321 kilometer uitmekaar, van oos na wes, gestrek het. Die eerste, die Usambaraspoorlyn, het vir 434 kilometer vanaf Tanga aan die kus tot by Moshi aan die voet van Kilimandjaro gestrek. Die tweede en langste spoorlyn, was die sentrale spoorlyn wat vanaf Dar-es-Salaam tot by Ujiji en Kigoma aan die Tanganjikameer gestrek het.[128]

Vanaf Mbuyuni is Reitz na Nieu-Moschi aan die voet van Kilimandjaro en vandaar na Alt Moschi, 'n Duitse fort aan die hange van dié berg. Hier het hy hom losweg by Smuts se staf aangesluit.[129] Reitz het aanvanklik as 'n Spesiale Diensoffisier, met die rang van majoor, op Smuts se staf gedien (26

---

[124] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 78-79.
[125] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 198, privaat briewe 1916, nos. 1–227 (126), D. Reitz – S.M. Smuts, 23/06/1916.
[126] The German East Africa Campaign, 1914-1918, *Military History Journal,* vol. 6, no. 6.
[127] B. Farwell, *The Great War in Africa 1914-1918*, p. 110.
[128] *Ibid.*, pp 110; J.H.V. Crowe, *General Smuts' campaign in East Africa*, p. 47.
[129] D. Reitz, *Trekking on*, p. 79; J.A. Brown, *They fought for King and Kaiser*, p. 119.

Maart 1916). Vanaf 7 April 1916 tot 23 Oktober 1916 was hy vir salarisdoeleindes gegradeer as kaptein.[130]

Op Smuts se personeel was aanvanklik verskeie Britse offisiere wat saam met genl. sir Horace Lockwood Smith-Dorrien, Britse bevelvoerder in Duits-Oos-Afrika voor Smuts, na Duits-Oos-Afrika gekom het. Aangesien hulle die eerste persone was wat Reitz ontmoet het wat aan die loopgraafoorlog in Frankryk deelgeneem het, het hy gretig na hulle stories van die gevegte daar geluister.[131] Dit is heel moontlik dat die saadjie om later in Europa aan die loopgraafoorlog te gaan deelneem reeds hier by Reitz geplant is.

Tot Reitz se groot blydskap het sy ou vriend Tottie Krige ook deel van Smuts se personeel uitgemaak en saam het die twee die hange van Kilimandjaro geklim en die woude verken. Sy rusteloosheid het hom egter gou ingehaal en toe hy verneem dat drie offisiere en 'n groep van 80 man hulle by Jaap van Deventer sou gaan aansluit, het hy toestemming verkry om saam met hulle te gaan.[132] Van Deventer se 2^de^ Divisie het Aruscha op 3 April verlaat met as eindbestemming Kondoa Irangi en dan die sentrale spoorlyn. Die beweegrede agter Van Deventer se opmars was om 'n groot gedeelte van die gebied te beset en die vyand sodoende te forseer om hulle magte daaruit te onttrek.[133] Die omstandighede waaronder Reitz die 2^de^ Divisie aangetref het, het veel te wense oorgelaat. Swaar en aanhoudende reën het enige verdere beweging bemoeilik, honderde perde en muile het gevrek en voorrade was beperk. Van Deventer se berede soldate moes hulle karige voorrade met vrugte en neute aanvul.[134] Slegs sowat 600 van sy troepe was met sy aankoms in Kondoa Irangi nog gesond genoeg om diens te doen,[135] en teen middel Junie was daar sowat 1 200 van hulle in die hospitaal.[136] Reitz was

---

[130] SANW Dokumentasiediens, P1/6319/1, Record of Service of Deneys Reitz.
[131] D. Reitz, *Trekking on*, p. 80; J.A. Brown, *They fought for king and Kaiser*, pp. 54-56.
[132] D. Reitz, *Trekking on*, p. 81.
[133] J.J. Collyer, *The South Africans with general Smuts in German East Africa 1916*, pp. 102-103.
[134] *Ibid.*, p. 106.
[135] B. Farwell, *The Great War in Africa 1914-1918*, p. 271.
[136] J.H.V. Crowe, *General Smuts' campaign in East Africa*, p. 164. 'n Syfer wat ooreenstem met Reitz se skatting van sowat 1100 siekes. D. Reitz, *Trekking on*, p. 83.

een van die meer gelukkiges wat nie deur siekte platgetrek is nie en volgens sy eie beskrywing aan Isie Smuts op 23 Junie 1916, was hy nog so "...gesond als 'n paert." Hy het egter in hierdie stadium reeds gewens dat die oorlog kon klaarkry sodat hulle na die Unie kon terugkeer.[137]

Reitz is toegewys aan die Eerste Berede Brigade, wat die linkervleuel van Van Deventer se linie moes bewaak. Die tydperk by Kondoa Irangi was vir hom uiters frustrerend, hoofsaaklik as gevolg van die lang periode van onaktiwiteit wat hulle hier deurgemaak het. Voedsel was skaars, soms selfs heeltemal onbekombaar en koue, snerpende reën, afgewissel deur drukkende hitte, het die heeltyd voorgekom. [138] Die haglike omstandighede het egter nie veroorsaak dat Reitz sy humorsin verloor het nie. So skryf hy aan Isie Smuts dat Tottie Krige hom tydens 'n besoek vertel het dat 'n mej. Cassandra van der Walt in die teeblare gesien het dat Reitz se agterryer, Ruiter, sy lewe sou red. Volgens Reitz was dit heeltemal waar, aangesien Ruiter die vorige oggend, terwyl hulle onder hewige Duitse vuur was, 'n eersteklas ontbyt aan hom voorgesit het en dat dit sy lewe gered het, aangesien hy vreeslik honger was. In dieselfde brief meld hy ook dat 'n askari wat aan hulle oorgegee het, gesê het dat die askari's vreeslik bang was vir die "...groot vôol wat zoo op hulle xxxx!",[139] met verwysing na die Britse magte se vliegtuie.

As gevolg van die ruwe terrein waarin die Suid-Afrikaanse magte hulle bevind het, het hulle die vyand selde gesien, maar die Duitsers het hulle periodiek gebombardeer. Volgens Reitz was die Duitsers en hulle inboorling Askari's gelukkig swak skuts en het die Suid-Afrikaanse magte nie groot verliese gely nie. Dié siening het Reitz waarskynlik aangemoedig om met sy gewone waaghalsigheid vorendag te kom. Hy en twee van sy kollegas het een oggend gepoog om 'n klein ses-ponder Duitse kanon, wat kort-kort op hulle

[137] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 198, privaat briewe 1916, nos. 1–227 (126), D. Reitz – S.M. Smuts, 23/06/1916.
[138] D. Reitz, *Trekking on*, p. 84.
[139] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 198, privaat briewe 1916, nos. 1–227 (126), D. Reitz – S.M. Smuts, 23/06/1916.

geskiet het, te bekruip. Hulle was egter nie suksesvol nie en al wat hulle vir hulle moeite gekry het, was ‘n briefie wat hulle nie aangestaan het nie. Die boodskap het gelui “15 Rupees for the bluddy Englisch.”[140] Op 9 en 10 Mei het die Duitsers vir die eerste en laaste keer tydens die veldtog ‘n offensief teen ‘n groot gedeelte van Smuts se mag van stapel gestuur toe hulle vier aanvalle op die Britse magte te Kondoa Irangi geloods het.[141] Dit kon egter nie vergelyk word met wat Reitz later in die loopgrawe in Europa sou deurmaak nie.

Teen die middel van Julie 1916 het die Duitsers uit hulle posisie onttrek en Van Deventer se mag het met geringe weerstand voortbeweeg totdat hulle uiteindelik die sentrale spoorlyn tussen Morogoro en Tabora bereik het. Hier het die grootste gedeelte van sy mag by Nyangalo saamgetrek.[142] Reitz se rol tydens die opmars na die sentrale spoorlyn was beperk tot die lei van patrollies wat die roete moes verken. Dit het hom die geleentheid gebied om die omgewing en diere wat hy teëgekom het, te bewonder. Hy meld dat hulle elande, wildebeeste en kameelperde gesien het en dat hy nooit moeg geraak het om na die pragtige diere van Afrika te kyk nie. Volgens hom het hy ook in dié dae geleer om nie diere dood te maak as daar nie ‘n definitiewe behoefte daarvoor was nie.[143]

In dié tydperk het Reitz sy broer Joubert, ‘n sersant by die Derde Berede Regiment, twee keer teëgekom. Dit was die eerste keer in amper tien jaar wat hy hom gesien het.[144] Volgens Deneys was Joubert ‘n digter en dromer en het die ongeluk hom gery. Sy lewe het uit armoede en teëspoed bestaan. Tydens die Anglo-Boereoorlog is hy as krygsgevangene na Bermuda gestuur en na afloop van die oorlog is hy na Madagaskar waar hy baie swaargekry het. Terug in Suid-Afrika het dit nie veel beter met hom gegaan nie en met die uitbreek van die rebellie in 1914 was hy een van die regeringsgesindes wat

---

[140] D. Reitz, *Trekking on*, p. 84.
[141] B. Farwell, *The Great War in Africa 1914-1918*, pp. 274-275.
[142] J.J. Collyer, *The South Africans with general Smuts in German East Africa 1916*, p. 164.
[143] D. Reitz, *Trekking on*, p. 87.
[144] *Ibid.*, p. 88.

deur Manie Maritz aan die Duitsers uitgelewer is.[145] Joubert was bitter oor die verlede en het baie te sê gehad oor Manie Maritz se verraderlike optrede en sy verblyf as gevolg daarvan in 'n Duitse gevangenekamp in Duits-Suidwes-Afrika.[146] Die laaste keer wat Deneys vir Joubert lewend gesien het, was teen Oktober 1916 op die oewer van die Ruaharivier. Hy het malaria opgedoen en het kort nadat hy na Suid-Afrika teruggeneem is, gesterf.[147]

Reitz se beskrywing van Joubert in *Trekking on* is een van die weiniges wat hy oor sy familie in sy drie boeke gedoen het. Die indruk word gevolglik geskep dat hy nie veel vir hulle omgegee het nie, maar dit is waarskynlik nie waar nie. Hy het in 'n hegte gesin grootgeword en die doel van sy boeke was nie om inligting oor sy persoonlike lewe weer te gee nie, maar eerder om die tye en gebeure te bespreek waarbinne hy geleef het en aan kon meedoen. Die ondertoon wat uit sy beskrywing van Joubert na vore kom, is een van simpatie en hartseer. Hulle het verskillende paaie in die lewe geloop, maar dit het nie beteken dat hy hom nie liefgehad het nie. Die feit dat *Trekking on* 17 jaar na Joubert se dood geskryf is, het ook waarskynlik afstand tussen Reitz en sy emosies oor sy familie gebring.

Intussen het die Eerste Wêreldoorlog in Oos-Afrika Reitz se aandag geverg. Vanaf die Dodoma-fort aan die sentrale spoorlyn is die Eerste en Derde Berede Regimente onder eers Jaap van Deventer en later Coen Brits na Morogoro, waar hulle teen die middel van Oktober 1916 gearriveer het. Reitz se beskrywing van hierdie tog wys op 'n gedurige stryd teen die vyand, omgewing en siektes vir mens en dier. Die aard van die omgewing het verander en in plaas van eentonige waterlose struike en bosse, het hulle tropiese weerstoestande ondervind met palms en bamboesbosse, pragtige berge en stomende hitte. Die Duitsers het voortdurend weerstand gebied en die Suid-Afrikaners moes gedurig op die uitkyk wees vir hinderlae. Water en voedsel was skaars, tot so 'n mate dat hulle selfs seekoeie vir voedsel geskiet het. Die terrein waardeur hulle beweeg het, was moeilik, die klimaat

---

[145] D. Reitz, *Trekking on*, p. 111.
[146] *Ibid.*, p. 88.
[147] *Ibid.*, p. 111.

neerdrukkend en malaria en perdesiekte was volop. Volgens Reitz se berekeninge het meer as die helfte van hulle mag koors gehad en het meer as 30 000 perde gevrek. Reitz self was gelukkig genoeg om gesond te bly.[148]

Eie aan Reitz vertel hy verskeie staaltjies oor sy eie doen en late wat wys, net soos tydens die Anglo-Boereoorlog, op sy menslikheid en liefde vir ander. In die eerste van die staaltjies vertel Reitz dat hy ‘n moord gepleeg het en hoe dit hom ‘n slapelose nag besorg het. Terwyl hy by Sonkomero toesig gehou het oor die vergroting van watergate, het die hoofman van die dorpie aan hom kom sê dat daar ‘n Duitse Askari in die bosse daar naby weggekruip het. Reitz het die man beveel om uit die bosse waar hy weggekruip het te kom, maar hy het nie aan die opdrag gehoor gegee nie. In die opwinding van die situasie het Reitz vinnig twee skote afgevuur met sy rewolwer en die beweerde Askari gedood. By nadere ondersoek het hy uitgevind dat die persoon wat hy geskiet het ongewapen was, met net ‘n leeuvel aan. Reitz het die voorval met groot verleentheid en jammerte bejeën en kon nie wag om van die “...ill-omened spot...” weg te kom nie. Selfs nadat Coen Brits by ‘n latere geleentheid aan hom gesê het dat twee van sy soldate ‘n uniform en geweer in die bosse gevind het naby die plek waar Reitz die man geskiet het, was Reitz nie anders oortuig nie. Hy het geglo dat Brits dié storie opgemaak het om hom beter te laat voel.[149]

‘n Tweede staaltjie wat hy vertel, hou verband met ‘n gesprek wat hy met ‘n jong Duitse offisier gevoer het. Reitz is by Kissaki onder ‘n wit vlag na die Duitsers gestuur om beswaar te gaan aanteken teen die verminking van hulle dooies, asook om navraag te doen oor Suid-Afrikaners wat tydens gevegte vermis geraak het. Reitz het dit gedoen in die hoop dat hy kol. Paul von Lettow-Vorbeck,[150] die bevelvoerder van die Duitse magte in Duis-Oos-Afrika,[151] sou kon ontmoet, maar dit was hom ongelukkig nie beskore nie. Terwyl hy gewag het dat sy boodskap na die Duitse bevelvoerder geneem

---

[148] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 91-109.
[149] *Ibid.*, pp. 102-103 en 104.
[150] *Ibid.*, p. 103.
[151] H.E.W. Strachan, *The First World War in Africa*, p. 94.

word, het hy ‘n geselsie met ‘n jong offisier aangeknoop. Dié het onder meer sy Mauser-pistool aan Reitz gewys. Die gesprek is egter kortgeknip deur ‘n ander Duitse offisier wat die jonger een verbied het om met Reitz te gesels. Die opdrag het hulle albei verleë gemaak.[152]

Teen einde September 1916 is die Duitsers na posisies suid van die Uluguru-berge en die Rufijirivier verdryf,[153] en al die spoorweë en dorpe was in die Suid-Afrikaners se hande. In lig hiervan, asook die groot hoeveelheid sterftes as gevolg van koors, het Smuts besluit om die wit troepe uit die land te onttrek en met Indiërs te vervang.[154] Dit was vir hom duidelik dat troepe van Europese-afkoms nie teen die toestande in Duis-Oos-Afrika bestand was nie,[155] met die gevolg dat 12 000 Suid-Afrikaners in die laaste twee maande van 1916 na die Unie teruggestuur is en dat die oorblywende magte in Duits-Oos-Afrika gereorganiseer is.[156]

Reitz was een van die ongelukkiges wat nie in hierdie stadium reeds huis toe gestuur is nie. Op 25 Oktober 1916 is hy deur Jaap van Deventer as bevelvoerder van die 4th South African Horse,[157] een van vier regimente van ‘n saamgestelde brigade wat in Duits-Oos-Afrika sou bly, met die rang van luitenant-kolonel, aangestel. Reitz se regiment is met vars perde uitgerus en moes onmiddellik na Kilossa vertrek. Vir Reitz was dit ‘n tragedie, aangesien hy besef het dat daar ‘n doodsvonnis oor elkeen van die perde wat hulle ontvang het, uitgespreek is. Sy vrese is bewaarheid en sover as wat hulle getrek het, moes hulle dooie diere agterlaat, iets wat die pragtige omgewing waardeur hulle getrek het, heeltemal vir hom bederf het. Vanaf Kilossa is hulle na Iringa, sowat 270 kilometer verder en teen die tyd wat hulle daar aangekom het, het hulle slegs tien perde oorgehad en was die regiment te voet. Ten spyte van die swaar verliese aan perde het Iringa se ligging, 1 524 meter bo seespieël en die daarmee gepaardgaande koeler en meer

[152] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 103-104.
[153] J.J. Collyer, *The South Africans with general Smuts in German East Africa 1916*, p. 239.
[154] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 107-108.
[155] J.J. Collyer, *The South Africans with general Smuts in German East Africa 1916*, p. 240.
[156] C.J. Nöthling, *Suid-Afrika in die Eerste Wêreldoorlog 1914–1918*, p. 41.
[157] SANW Dokumentasiediens, OR3/3693, Reitz, D. Major (Personeelkaart).

gematigde klimaat, 'n welkome verligting gebring na die tropiese toestande van die vorige maande.[158]

Volgens Reitz was die doel met die inval om die Duitsers heeltemal uit die gebied te ontruim en om by brig.genl. Edward Northey se troepe aan te sluit wat besig was om vanaf Nyassaland teen die vyand op te ruk.[159] Van Deventer het beoog om die Duitsers in die Iringa-omgewing te omsingel en hiervoor is Reitz se regiment na die berg Erica in 'n digte woud sowat 48 kilometer vanaf Iringa, gestuur. Die Duitsers, onder 'n kapt. Lincke, het in dié omgewing kamp opgeslaan en Reitz se opdrag was om die gebied rondom Lincke se kamp te patrolleer en die Duitsers se bewegings dop te hou. Die 4th South African Horse het op 'n platorand, met 'n pragtige uitsig oor die hele omgewing, stelling ingeneem en die volgende twee weke rustig hier deurgebring. Reitz verwys na homself in die tydperk as 'n "...Big White Chief". Die hoofmanne in die omgewing het vir hom geskenke gebring, terwyl hy geregtigheid laat geskied het in 'n grasdakhof wat spesiaal vir die doel opgerig is. Hy het slegs een noemenswaardige geval hanteer, naamlik dié van een van sy patrollies wat per ongeluk 'n junior hoofman doodgeskiet het.[160]

Hierdie laaste betrokkenheid van Suid-Afrikaners in Duits-Oos-Afrika word deur Reitz as die "Last Safari" in *Trekking on* beskryf en as dit vergelyk word met wat werklik met hom in die tydperk plaasgevind het, is dit heel gepas. Daar was geen konvensionele gevegte met hulle vyand nie en Reitz wei amper meer uit oor die pragtige omgewing waarin hulle hulle bevind het, as oor militêre aksies en taktiek. Dit klink eerder na 'n lekker kampeerdery as na 'n oorlog.

Op 16 Desember 1916 het Van Deventer 'n konferensie met sy bevelvoerders by Iringa belê om planne te maak om Lincke òf te vang òf na die laaglande te dryf. Alhoewel Reitz met Van Deventer verskil het oor die siening van hoe

[158] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 110-111.
[159] *Ibid.*, p. 112.
[160] *Ibid.*, pp. 112-113.

maklik dit sou wees om die vyand te vang, het hy opdrag gekry om agter die Duitsers by Muhanga Sendelingstasie in te beweeg. Vir die volgende drie dae het Reitz en sy troepe op ‘n geforseerde mars deur ‘n mooi maar moeilike omgewing gegaan ten einde hulle doelwit te bereik. Teen Kersdag het hulle hulle voedseldraers heeltemal agtergelaat en aan die einde van hulle tog was hulle reeds vir drie dae lank sonder enige kos. Hierdie poging om die vyand te vang, het egter misluk, aangesien Lincke se mag na die ongesonde moerasse van die Mahenge ontsnap het.[161]

W.H. Roberts, een van die soldate wat Reitz tydens bogenoemde geforseerde mars vergesel het, skryf dat die troepe Reitz sonder kos, maar glimlaggend, tydens dié mars vergesel het en dat dit Reitz was wat, sonder skoene, sonder klere en sonder kos, die Duitsers uit die gebied verjaag het. Hy skryf dit aan Reitz se persoonlikheid toe, sy “...absoluut verstandigehede en simpatie en waardeering”. Hy meld verder dat Reitz se sterkste punt sy uitskakeling van alle rompslomp (rooilint) en sy regverdigheid, was. Hy het altyd vir almal tyd gehad en as jou saak dit verdien het, sou hy by jou staan en jou deursien.[162] Hierdie beskrywing gee ‘n goeie karakterisering van Reitz. Ten eerste bevestig dit sy ongebondenheid aan reëls en beperkende maatreëls. Tweedens wys dit dat hy, ten spyte daarvan dat hy tot ‘n relatief hoë rang bevorder is, steeds homself gebly het en dat hy nie sy troepe aan tradisionele militêre dissipline onderwerp het nie.

Na afloop van dié dryfjag het die Suid-Afrikaanse magte opdrag gekry om te onttrek na die sentrale spoorlyn by Dodoma, 320 kilometer daarvandaan. Hier is hulle aangesê om na Suid-Afrika terug te keer. Volgens Reitz was hy verheug oor die instruksie. Hy skryf dat die veldtog in Duits-Oos-Afrika in iets soortgelyks as die soek van ‘n naald in ‘n hooimied ontaard het en dat dit nie die moeite werd was nie, aangesien Duits-Oos-Afrika se lot in Frankryk bepaal sou word. Hy meld verder dat die Duitsers nie werklik die vyand in Duits-Oos-Afrika was nie, maar eerder die dodelike klimaat, die wilde streke,

---

[161] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 113-114.

[162] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 263, privaat briewe 1944 (J-S), nos. 1–216 (180), W.H. Roberts – J.C. Smuts, 29/10/1944.

die moerasse en woude en die plantegroei.[163] Vanaf Dodoma is hulle per trein na Dar-Es-Salaam en van hier is hulle in Februarie 1917 met die *Aragon* terug na Suid-Afrika.[164] Sy luitenant-kolonels rang het hy op 15 April 1917 prysgegee toe hy uit die Suid-Afrikaanse Weermag bedank het. [165]

## 5.6 *Die oorlog aan die Wesfront*

Vir Reitz was sy demobilisasie uit die weermag na die veldtog in Duits-Oos-Afrika nie die einde van sy oorlogservarings nie. Hy kon hom nie vereenselwig met die gedagte om onbetrokke te wees terwyl die "...greatest war in the history of the world..." aan die gang was nie en het aan sy drang na avontuur uiting gegee deur te besluit om verder in Europa te gaan veg. Hierdie besluit het sy vader dronkgeslaan. F.W. Reitz kon nie verstaan dat Reitz na Frankryk wou gaan om daar ter wille van Brittanje te sterf nie. Reitz se argument hierteen was: "...I was going to fight not for the British, but with the British and the other allied nations."[166] Dat hy nie heeltemal gemaklik was oor sy vader se ongelukkigheid oor sy deelname aan die oorlog nie, was baie duidelik. Hy het egter gevoel dat sy aansluiting geregverdig is toe die Verenigde State van Amerika, volgens hom die grootste republiek in die wêreld, in April 1917 by die oorlog betrokke geraak het.[167] Mens kan maar net aanneem dat F.W.Reitz se uiteindelike seën oor Deneys se deelname aan die oorlog met geweldige argumente gepaardgegaan het en nie naastenby so maklik as wat hy dit in *Trekking on* laat klink nie. Die ironie van dié situasie was dat dit die tweede keer in Deneys se lewe was dat F.W. Reitz hom probeer verhoed het om aan 'n oorlog deel te neem. Die eerste keer was toe hy as 17-jarige by die Anglo-Boereoorlog wou aansluit en sy vader sy jeugdige ouderdom as rede voorgehou het waarom hy nie kon gaan nie. In nie een van die gevalle het Reitz hom egter veel aan sy vader gesteur nie.

---

[163] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 114-115.
[164] *Ibid.*, p. 116.
[165] SANW Dokumentasiediens, P1/6319/1, Record of Service of Deneys Reitz.
[166] D. Reitz, *Trekking on*, p. 117.
[167] *Ibid.*, p. 118.

Reitz se besluit om aan die oorlog in Europa te gaan deelneem, het vir hom 'n nuwe, onbekende wêreld oopgemaak. Ten spyte van die oorlog sou hy dinge ervaar waarvan hy voorheen net gelees en gehoor het. Hy het die ewige toeris gebly en het selfs die oorlogsituasie gebruik om meer van die omgewing en omstandighede waarin hy hom bevind het, te wete te kom. Die eerste van sy nuwe ervaringe het hom reeds met sy bootreis na Brittanje voorgedoen toe hy hom verwonder het aan 'n lugskip.[168] Met sy aankoms in Londen het hy besluit om die stad te verken voordat hy by die Britse Leër aansluit. Vir tien dae het hy museums, galerye en teaters besoek, met tremme, busse en treine gery en soveel as moontlik mense leer ken. Volgens hom was dit maklik om in Londen in te pas en vriende te maak, aangesien die verhouding wat in Suid-Afrika tussen Boer en Brit bestaan het, hom deeglik daarvoor voorberei het.[169]

Of Reitz homself wel vir tien dae in Londen vermaak het soos wat hy in *Trekking on* geskryf het, is te betwyfel. In 'n brief aan die Militêre Sekretaris in 1919 meld hy dat hy op 23 April 1917 in Londen gearriveer het en dat hy twee dae later, op 25 April, by die Britse Leër aangesluit het.[170] Hierdie datum word bevestig deurdat hy reeds op 26 April 'n mediese ondersoek ondergaan en vir militêre diens geskik verklaar is.[171] Hy sou dus hoogstens drie dae aan die genoemde vermaaklikhede kon gespandeer het.

Ongeag die bogenoemde verwarring het hy, toe hy uiteindelik sy naam by 'n werwingskantoor in Chelsea ingedien het, tot sy teleurstelling uitgevind dat hakiesdraad en masjiengewere die gebruik van berede soldate tydens die oorlog geneutraliseer het. Dit het hom geen ander keuse gelaat as om as 'n infanteris by die leër aan te sluit nie. As 'n verdere skok het hy uitgevind dat dit nie net 'n geval was van wapen opneem en gaan veg nie, maar dat hy eers 'n kursus in oorlogvoering sou moes deurloop voordat hy na Frankryk

---

[168] D. Reitz, *Trekking on*, p. 119.

[169] *Ibid.*, p. 120.

[170] Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, WO374/56917 231186, D. Reitz - Militêre Sekretaris, 03/03/1919.

[171] Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, WO374/56917 231186, Mediese sertifikaat, 26/04/1917.

kon gaan. Die vooruitsig om gedril en rondgejaag te word, het hom nie aangestaan nie, maar hy het nietemin besluit om deur te druk.[172] Hierdie benadering tot oorlogvoering het Reitz dwars in die krop gesteek. Tydens die Anglo-Boereoorlog en selfs tydens die veldtogte in Duits-Suidwes-Afrika en Duits-Oos-Afrika, het hy tot ‘n groot mate gekom en gegaan soos wat hy wou. Hy was nie gewoond aan ‘n gestruktureerde manier van oorlogvoering nie en die dissipline in die Britse leër sou hom definitief nie pas nie. Sy gevoelens teenoor die infanterie asook dissipline toon dat hy ‘n tipiese Boer was – die meerderheid van hulle was daarteen gekant.[173]

Of Reitz egter, ten spyte van sy gevoelens daaroor, slegter in die infanterie as in ‘n berede eenheid sou vaar, is te betwyfel. As gekyk word na sy geskiedenis sou die infanterie hom dalk veel beter gepas het. In *Commando* het hy self daarop gesinspeel dat sy vader nie gedink het dat hy ‘n besondere goeie ruiter was nie[174] en in Oktober 1917 is die vermoede bevestig toe sy perd in ‘n modderige pad gegly en bo-op hom geval het.[175] Tensy sy perdry vermoëns sedert 1899 dus drasties verbeter het, was hy dalk beter daaraan toe in die infanterie.

Twee aspekte van Reitz se aansluiting by die Britse Leër verdien verdere ondersoek. Die eerste is waarom het hy nie by die Suid-Afrikaanse magte in Europa aangesluit nie en die tweede waarom hy as ‘n gewone soldaat aangesluit het? Hy het na alles reeds ‘n offisiersrang in die Suid-Afrikaanse weermag beklee.

Vir die tweede van dié vrae gee Reitz self ‘n antwoord. Volgens hom het hy as gewone soldaat aangesluit omdat hy tot die gevolgtrekking gekom het dat “... it was one’s duty to share the dangers of the greatest crisis in human history with the common run of men.” Dit was ‘n baie mooi oortuiging wat nie

---

[172] D. Reitz, *Trekking on*, p. 121.

[173] G. Genis, Recruitment for 1 South African Infantry Brigade for Europe during the first world war (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA), pp. 22-25.

[174] D.Reitz, *Commando*, pp. 12-13.

[175] Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, WO 374/56917 231186, Report on accidental or self-inflicted injuries, 06/11/1917.

lank gehou het nie. 'n Dag na sy aansluiting het sy oom, William Schreiner, die Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen, hom by die Wellingtonkaserne aan kol. Mellish van die Coldstream Guards voorgestel. Dié het aan hom 'n posisie as tweede luitenant aangebied en Reitz se gevoelens oor die broederskap van manne het vinnig verdwyn.[176]

Die eerste van die twee vrae is moeiliker om te antwoord. Teen Desember 1915 was daar reeds 7 355 Suid-Afrikaanse soldate in Europa, almal verbonde aan 1 SA Infanteriebrigade, 1 SA Veldambulans, 1 SA Algemene Hospitaal, 'n seineenheid, 'n artillerie-eenheid, die SA Vliegkorps en 'n vlootreserwe. Later in die oorlog is daar ook ander eenhede vir diens in Europa bymekaargemaak,[177] en het hierdie syfer aansienlik gestyg.

Teen 23 April 1916 was die voorhoede van die Suid-Afrikaanse mag by Steenwerck in Vlaandere waar die hele brigade onder bevel van die 9de Skotse Divisie van genl.maj. W.T. Furse geplaas is.[178] Op 14 Junie is die 9de Divisie na die Somme-gebied gestuur waar hulle aan die offensief aldaar deelgeneem het.[179] Dit is tydens dié offensief dat die Suid-Afrikaanse brigade sy grootste roem, tydens die gevegte by Longueval en Delvillebos op 14 Julie 1916, behaal het. Na afloop van die veldslag het slegs sowat 750 van die 3 153 offisiere en manskappe wat die bos ingegaan het, nog geleef.[180]

Nadat die brigade herbou is, het dit op 9 Oktober na die frontlinie by High Wood in die Somme-gebied teruggekeer.[181] Drie dae later het hulle in uiterste swak toestande en weer aan 'n mislukte aanval op die Duitse "Snag and Tail" loopgrawe deelgeneem. Die gevegte in die periode van 9 tot 19 Oktober het tot gevolg gehad dat die brigade 1 150 man verloor het en hulle is genadiglik

---

[176] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 121-122; D. Reitz the soldier. Part II – The Great War, *Indaba,* vol. XXVII, no. 305, Januarie 1972, p. 9.
[177] G. Genis, Recruitment for 1 South African Infantry Brigade for Europe during the First World War (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA), pp. 42-43.
[178] *The Union of South Africa and the great war 1914-1918: Official History*, p. 99.
[179] *Ibid.*, p. 100.
[180] *Ibid.*, pp. 102-111.
[181] *Ibid.*, pp. 111-114.

van die gevegsone onttrek. Op 21 Oktober 1916 is die Suid-Afrikaners na die Mametzbos gestuur en van daar na Arras waar hulle by die 3rd Army se VI Corps ingedeel is.[182] In hierdie omgewing het hulle aan verskeie gevegte deelgeneem.

Waarskynlik die mees indrukwekkendste prestasie van die Suid-Afrikaanse magte was in Maart 1918 toe die Duitsers Operasie Michael geloods het. Die brigade was op die verdediging op 21 Maart 1918 by Gauche Wood, naby Villers Guislain. Teen 24 Maart het hulle al vegtende teruggetrek tot by Marrieres Wood naby Bouchavesnes en daar het hulle op hulle eie uitgehou. Die brigade het aanhou veg totdat daar slegs sowat 100 man oor was en dit was slegs toe hulle ammunisie opgeraak het dat die oorblywendes, waarvan die meeste gewond was, oorgegee het.[183]

Met die Sentrale Magte se tweede groot offensief aan die Lys in 1918, is die Suid-Afrikaners opdrag gegee om ‘n teenaanval by Messines te loods. Hulle is egter terug geforseer en die ou brigade is doeltreffend vernietig. Die 1ste, 2de en 4de regimente is tydelik saamgesmelt met Britse eenhede en het sodoende aanhou veg. Die saamgestelde bataljon het verder by Mount Kemmel geveg, asook by Meteren. Op 11 September 1918 het die brigade van die 9de Skotse Divisie afgeskei en aangesluit by die 66ste (2nd West Lancashire) Divisie. Die bekendste geveg waarby hulle hierna geveg het, was tydens die herinname van Le Cateau op 17-18 Oktober 1918. Op wapenstilstandsdag was die brigade in die mees oostelike posisie van die Britse magte aan die Wesfront.[184]

Dat daar meer as genoeg geleentheid vir Reitz was om as deel van die Suid-Afrikaanse magte aan die oorlog in Europa deel te neem, is dus duidelik. Een moontlike rede vir sy eiesinnige aansluiting is dat hy eers in Februarie 1917 vanuit Duits-Oos-Afrika ontslaan is, terwyl die aanvanklike Suid-Afrikaanse magte reeds in 1915 na Europa is. Volgens Reitz self het hy as troep by die

[182] *The Union of South Africa and the great war 1914-1918: Official History*, pp. 114-120.
[183] *Ibid.*, pp. 143-154.
[184] C.J. Nöthling, *Suid-Afrika in die Eerste Wêreldoorlog 1914-1918*, pp. 50-52.

Britse Leër aangesluit omdat hy wou poog om op sy eie voete te staan, verwyder van familie en vriendskapsbande.[185]

Die Coldstream Guards se hoofkwartier was te Bushey Park naby Windsor, maar Reitz het nooit daar uitgekom nie, aangesien hy opdrag ontvang het om ‘n voorlopige drilkursus by Wellington Square te gaan bywoon. Die marsjeerdery het hom glad nie aangestaan nie - hy het dit gehaat. Nuuskieriges het deur omheinings na hulle geloer, hy was lomp en het boonop nie daarvan gehou om ‘n openbare spektakel van homself te maak nie. Dit het egter nie lank geduur nie. Genl. Smuts, in hierdie stadium reeds ‘n lid van die Imperiale oorlogskabinet, het vanaf Oos-Afrika gearriveer en na ‘n ontmoeting tussen die twee het Reitz ‘n telegram vanaf die Oorlogskantoor (War Office) ontvang waarin hy opdrag gegee is om by die Senior Offisierskool te Aldershot te gaan rapporteer met die rang van majoor.[186]

In *Trekking On* skryf Reitz dat hy besig was om daaraan gewoond te raak om vinnig bevorder te word. Gedurende die Anglo-Boereoorlog het hy binne twintig minute vanaf bediende tot hoof-van-staf gespring. In die rebellie is hy oornag bevorder vanaf dorpsprokureur tot kommandant van die distrik en in Duits-Oos-Afrika is hy onverwags ‘n kolonel gemaak. In Londen het hy binne een week vanaf manskap na tweede-luitenant na majoor gevorder.[187] Die opvallendste hiervan is dat dit merendeels gedoen is deur die inmenging van Jan Smuts. Sou Reitz werklik so vinnig vordering gemaak het as hy net op homself aangewese was? Waarskynlik nie. In die Britse Leër sou ‘n gewone infanteris hoegenaamd nie ‘n offisier kon word nie. Daar is egter goed van hom gepraat[188] en hy was ook vir die gewone manskappe aanvaarbaar,[189] ‘n duidelike teken dat hy nie deur die normale Britse Leër-stelsel sy rang bekom het nie.

---

[185] D. Reitz, *Trekking on*, p. 122.
[186] *Ibid.*, pp. 122-123.
[187] D. Reitz, *Trekking on*, p. 123.
[188] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 204, privaat briewe 1918 (H - W), nos. 1-276 (190), J.C. Smuts – S.M. Smuts, 01/07/1918.
[189] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 199-200.

By Aldershot is sy formele kennis van die weermag en oorlogsvoering deur middel van blitsopleiding uiteindelik op dieselfde vlak as sy verskeie range gebring. Hier is voornemende offisiere aan die werksaamhede van elke rang blootgestel met die bedoeling om hulle bekend te maak met die infanterie. Hulle het begin as seksiebevelvoerders en is daarna deur die range geneem van korporaals, sersante, peleton- en afdelingsbevelvoerders tot by die offisier in bevel van 'n bataljon. In 'n periode van drie maande is hulle geleer van Stoke-mortiere, Lewis-masjiengewere, bomme, kaartlees, lugfotografie, nagtelike verkenning, die grawe van loopgrawe, gas, rookskerms en 'n groot verskeidenheid ander militêre aktiwiteite wat tot in daardie stadium nie deel van Reitz se verwysingsraamwerk was nie. Op 'n meer informele basis het hy gesprekke met sy mede-aspirant-offisiere gehad wat vir hom van groot waarde was. Die meerderheid van hulle was afkomstig uit Frankryk. Maar daar was ook van hulle wat uit Egipte, Mesopotamië, Saloniki en selfs Rusland gekom het en hulle kon aan hom 'n goeie oorsig van die verloop van die oorlog en die toestande in die loopgrawe gee.[190]

Uit sy briefwisseling met Smuts blyk dit dat Reitz aanvanklik gesukkel het om by sy nuwe omstandighede aan te pas en dat hy "gemoeds-verwarring" gehad het. Hy skryf dit toe aan sy nuwe omgewing en die sisteem waarbinne hy hom bevind het. Teen Mei 1917 meld hy egter dat hy begin het om grond onder sy voete te vind en dat die sisteem nie meer vir hom heeltemal so onmoontlik of beknop was as wat hy aanvanklik gemeen het nie. In dieselfde brief probeer hy van sy vorige uitsprake verontskuldig deur te skryf dat hy nie probeer om die gevaar wat in die loopgrawe skuil te ontduik nie en dat hy uitsien na 'n "...good fighting job..." eerder as om 'n ornamentele vyfde wiel op 'n veilige plek te wees. Hy spreek verder kritiek teenoor die Britse taktiek om stormlope en aanvalle op versterkte stellings te loods, uit. Volgens hom moes hulle eerder die Duitsers in 'n ringmuur vasgekeer het. Die res van die wêreld kon dan met hulle eie besigheid voortgaan terwyl hulle vir die Duitsers wag om op te hou om te veg, al neem dit tien jaar. Hy wou ook gehad het dat

---

[190] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 123-124.

neutrale lande soos Skandinawië gedwing word om by die geallieerde magte aan te sluit.[191]

In Junie 1917 het Reitz toewyding aan sy nuwe saak getoon deur sy tien dae vakansie by die Chelsea-barakke deur te bring in ‘n poging om sy opleiding te versnel. Hy het elke oggend saam met die Grenadier Guards op parade gegaan, waar hulle onder meer ‘n aantal drilstappe uitgevoer het wat Reitz aan ‘n balletdanser se passies herinner het. Sy pogings om hulle dit na te doen, was nie baie suksesvol nie en dit het die drilsersant die volgende opmerking laat maak: “Sirr, ye make me weep tears of blood”. Hy het gevolglik opgehou om hulle dit te probeer nadoen.[192]

Dat dié opleiding-gedeelte van sy militêre bestaan nie vir hom aangenaam was nie, blyk duidelik uit sy briewe aan Isie Smuts. Hy skryf dat die opleiding baie stadig was en dat hy al vreeslik lui was van al die “...drill en militaire hondebegraverij te Aldershot...” Hy kon nie wag dat dit ophou nie. In dieselfde brief meld hy ook sy verlange na Suid-Afrika. Hy skryf dat alhoewel Engeland interessant is, dit te klein en beknop was met te min vars lug. Hy sou eerder dood en in Suid-Afrika begrawe wou wees, as om permanent in Engeland te woon.[193]

Uit sy briewe in hierdie tydperk kom ‘n duidelike beeld na vore oor sy verknogtheid aan Isie Smuts. Op 23 Maart 1917 skryf hy byvoorbeeld dat hy slegs kan hoop dat hy eendag waardig sal wees van al die vriendskap wat hy van haar ontvang het en van die goeie opinies wat sy van hom huldig. Hy meld verder dat dit hom aanspoor om te weet dat daar ten minste een goeie vrou is wat op sy loopbaan gesteld is.[194] Op 10 Augustus skryf hy boonop aan haar dat hy niks van sy eie familie hoor nie en hy onderteken dié brief “u lieft

---

[191] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 202, privaat briewe 1917 (P-Y), nos. 1-414 (55), D. Reitz – J.C. Smuts, 19/05/1917.
[192] D. Reitz, *Trekking on*, p. 124.
[193] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 202, privaat briewe 1917 (P-Y), nos. 1-414 (56), D. Reitz – S.M. Smuts, 10/08/1917.
[194] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 202, privaat briewe 1917 (P-Y), nos. 1-414 (54), D. Reitz – S.M. Smuts, 23/03/1917.

zoon".[195] Op 3 Oktober meld hy ook dat hy 'n "portret" van homself laat neem het en dat hy dit aan haar sal stuur.[196] Die indruk word sodoende geskep dat daar 'n mate van vervreemding tussen hom en sy eie familie ingetree het en die vraag is waarom? Geen duidelike antwoord word deur homself hiervoor gegee nie, maar dit was waarskynlik as gevolg daarvan dat hy polities 'n totaal ander rigting as die res van sy familie ingeslaan het en omdat hy nie werklik sy vader se ondersteuning gehad het om by die Britse leër aan te sluit nie.

Waaruit spruit Reitz se gehegtheid aan Isie Smuts? Reitz was in 1917 35-jaar oud en geen getuienis kon opgespoor word van enige liefdesverhouding of selfs romanse tot in hierdie stadium van sy lewe nie. Isie was slegs 12-jaar ouer as Reitz en die moontlikheid vir gevoelens anders as vriendskap kan dus nie uitgesluit word nie. Dit is egter uiters onwaarskynlik. Kennelik was hulle verhouding platonies en sy gevoelens het waarskynlik daaruit gespruit dat sy die rol van 'n moeder in sy lewe oorgeneem het, veral aangesien hy nie noue kontak met sy eie familie gehad het nie. Met sy terugkeer vanaf Madagaskar was dit Isie wat hom in haar huis en hart, ingeneem en versorg het. Vanweë haar eie ervaringe in die Anglo-Boereoorlog kon sy haar waarskynlik vereenselwig met wat hy gedink en gevoel het en dit sou 'n vriendskapsband tussen hulle skep wat veel dieper as romanse gegaan het. By vriendskap het dit egter nie gebly nie en sy en haar kinders, het hom as familie beskou.[197]

Tot sy groot verligting het hy in Augustus 1917 met die opdrag om hom by die Middlesex Regiment in Chatham te gaan aansluit, uitgepasseer.[198] Na enkele dae in Chatham is hy na Frankryk gestuur en hier het hy opdrag gekry om

---

[195] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 202, privaat briewe 1917 (P-Y), nos. 1-414 (56), D. Reitz – S.M. Smuts, 10/08/1917.
[196] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 202, privaat briewe 1917 (P-Y), nos. 1-414 (57), D. Reitz – S.M. Smuts, 03/10/1917.
[197] T. MacDonald, *Ouma Smuts: The first lady of South Africa*, pp. 102-103.
[198] D. Reitz, *Trekking on*, p. 125.

hom as tweede in bevel by die 7th Royal Irish Rifles te Ervillers aan te sluit.[199] Hy het die rang van tydelike majoor beklee.[200]

Die eerste tekens wat Reitz van die gevegsone gesien het, was die Britse waarnemingsballonne wat agter die loopgrawe opgestel is met die bedoeling om die Duitsers se bewegings dop te hou. Hy beskryf die gevegsone soos volg: "...for three years the nations of Europe had been slaughtering each other, and from now onward every town, village and farm that we passed was a shapeless ruin. On all sides were roofless walls, old trenches, and countless graves, and we saw the shattered cathedral towers of Saint-Eloi, upon a hill. The front line at this time lay beyond the town of Arras, which we were approaching, and as the place came into view, great mushrooms of smoke and dust stood up amongst the ruins, and we heard the boom of guns and the bursting of heavy shells."[201]

Reitz se eerste direkte ervaring van so 'n bombardement was veel erger as enigiets wat hy vantevore beleef het, selfs tydens die stellingskrygfase van die Anglo-Boereoorlog in Natal. Tot sy groot verbasing het sy nuwe bevelvoerder, kol. Francis, egter die bombardement afgemaak as: "Only some bloody raid or other" en dit het Reitz laat spekuleer oor wat 'n regte geveg in Frankryk sou wees as dié bombardement nie iets ernstig was nie.[202]

Die dag na Reitz se aankoms het die 7th Royal Irish Rifles opdrag ontvang om in die Hindenburglinie, sowat 60 meter vanaf die niemandsland, stelling te gaan inneem.[203] 'n Posisie wat hulle vir die volgende agt weke gehou het.[204] Die Hindenburglinie, of Siegfriedlinie soos wat dit in Duitsland bekend gestaan het, is in September 1916 deur die Duitsers agter die Somme-slagveld opgerig in 'n poging om die oorspronklike linie, wat vanaf die Noordsee tot by die grens van Switserland gestrek het, te verkort. Die doel

---

[199] D. Reitz, *Trekking on*, p. 128.
[200] SANW Dokumentasiediens, P1/6319/1, Record of Service of D. Reitz.
[201] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 128-129.
[202] *Ibid.*, p. 129.
[203] *Ibid.,* p. 131.
[204] *Ibid.,* p. 134.

hiermee was om van die Duitse divisies beskikbaar te stel vir ontplooiing elders. Die nuwe linie het gestrek vanaf die Arras-omgewing tot suid van Aisne en was teen 18 Maart 1917 reeds ten volle in gebruik.[205] Die Britse leër het, volgens Reitz, vier of vyf kilometer van dié linie besit, terwyl 'n verdere 30 tot 50 kilometer daarvan in Duitse hande was.[206] Elke loopgraaf is in 'n aaneen-patroon van dwarswalle, wat teen hoeke opgerig is om die moontlike effek van dwarsvuur of kanonskote te verminder, gegrawe.[207] 'n Sandsak-skeidslyn van sowat vyf meter het die Britte en Duitsers van mekaar geskei en hulle moes fluister en rondsluip, aangesien die kleinste geluidjie veroorsaak het dat 'n handgranaat of "pynappelbom" oor die skeiding geslinger is.[208] Om bo-oor die sandsakke te skiet, moes die soldate op brandtrappe staan.[209]

Al was Reitz se eerste verblyf in die loopgrawe sonder voorval, het die hele opset daarvan sy belangstelling geprikkel. Wanneer hulle nie aan diens was nie, het hulle in die Hindenburgtonnel gebly waar die weergalming van die kanonne soos die slae van 'n reuse suier geklink het. Die niemandsland het bestaan uit 'n 60 meter wye wildernis van bomkraters, lyke, doringdraad en verwoeste tenks. As mens oor die rant van die loopgraaf geloer het, was daar geen siel in sig nie, aangesien beide kante onder die grond gelewe het. Dit het selde gebeur dat 'n kanon nie gevuur het, of 'n kanonkoeël nie oor hulle getrek het nie. Anders as tydens die Anglo-Boereoorlog waar die Britse kanonne oor die oop velde op hulle gevuur het, het Reitz nooit die Duitse kanonne gesien nie.[210] Reitz het die Hindenburgtonnel verstommend gevind. Volgens sy beskrywing was die tonnel 15 meter onder die loopgrawe, met 'n groot hoeveelheid trappe wat daarheen gelei het. Vanuit die hooftonnel het ondergrondse kamers, kantore en slaapkamers gespruit. Die hele area het elektriese beligting gehad.[211]

---

[205] J. Keegan, *The First World War*, p. 349; A. Lloyd, *The war in the trenches*, p. 146.
[206] D. Reitz, *Trekking on*, p. 131.
[207] A. Lloyd, *The war in the trenches*, p. 29.
[208] D. Reitz, *Trekking on*, p. 131.
[209] A. Lloyd, *The war in the trenches*, p. 31.
[210] D. Reitz, *Trekking on*, p. 133.
[211] *Ibid.,* p. 132.

Wat Reitz se beskrywing van die loopgraafoorlog opvallend maak, is dat hy bitter min meld oor die ontberinge wat hy noodgedwonge in hierdie situasie moes deurgemaak het. Ellis verwys na verskeie mensgemaakte en natuurlike aspekte wat nie direk met die oorlog te doen gehad het nie, wat nie in *No Outspan* voorkom nie. Dit sluit in nimmereindigende take soos die herstel of verandering van die loopgrawe, die aandra van voorrade, die herstel of lê van drade in die niemandsland, ensovoorts.[212] Volgens Ellis het die troepe in die loopgrawe op primitiewe instinkte oorleef, naamlik vrees, honger en dors. Daarmee saam was daar fisiese uiterstes: oorverdowende geraas, skielike flitse, uiterste koue, bitterlike pyn. Enige natuurlike voorval kon die oorsaak wees van intense swaarkry.[213] Reën het vloede en modder in die loopgrawe veroorsaak[214] en dit het op sy beurt tot "trench foot" gelei, 'n toestand wat ontstaan het wanneer dieselfde nat kouse en stewels vir ure of selfs dae aanmekaar gedra is.[215] 'n Verdere probleem was koue - dit was 'n voortdurende stryd om warm te bly.[216] Boonop het die groot aantal lyke wat in die tonnels en loopgrawe voorgekom het, rotte in hulle miljoene gelok.[217] Volgens Reitz het hulle soms dryfjagte uitgevoer om van die peste ontslae te raak.[218] 'n Verdere probleem was luise, "...an inevitable and constant companion of every man in the trenches."[219] Die laaste natuurlike euwel van die loopgrawe was die reuk wat daar gehang en aan alles gekleef het. Dit is veroorsaak deur die chloorkalk wat versprei is om infeksies te probeer verminder, kreosol wat gespuit is om van vlieë ontslae te raak, die inhoude van toilette, die rook van die kolepanne en die sweet van die soldate.[220]

Die een ding wat Reitz wel meld is dat die soldate, ten spyte van die omstandighede waarin hulle gewoon het, nie hulle menslikheid verloor het

---

[212] J. Ellis, *Eye-deep in hell*, p. 39.
[213] *Ibid.,* p. 44.
[214] *Ibid.,* p. 45.
[215] *Ibid.*, p. 48.
[216] *Ibid.,* p. 51.
[217] *Ibid.,* pp. 54-55.
[218] D. Reitz, *Trekking on*, p. 133.
[219] J. Ellis, *Eye-deep in hell*, pp. 55-56.
[220] *Ibid.,* p. 58.

nie. Hy het in ‘n stadium ’n kat met kleintjies in ‘n verlate tenk ontdek en toe hy navraag daaroor doen het hy uitgevind dat die soldate die kat en haar kleintjies versorg.[221]

Die Britse loopgrawe het normaalweg uit drie linies bestaan: ‘n voorste linie wat beskerm is deur doringdraad, masjiengeweerneste en luisterposte; ‘n ondersteuningslinie en ‘n reserwelinie.[222] Volgens hierdie gebruik het die 7th Royal Irish Rifles elke tien dae met ‘n ander bataljon geruil en ‘n paar honderd meter verder terug in die ruskwartiere gaan ontspan, waarna die siklus voortgeduur het en hulle weer na die loopgrawe is. Na afloop van sy eerste agt weke in die loopgrawe het die 7th Royal Irish Rifles, in wat Reitz vermoed het ‘n poging was om die vyand te mislei oor waar ‘n moontlike aanval sou plaasvind, begin om suidwaarts te marsjeer. Hulle het, oor ‘n periode van vyf dae, gemiddeld sowat 20 kilometer per dag afgelê en dit het Reitz, die ewige toeris, die geleentheid gegee om ‘n groter gedeelte van hierdie verwoeste omgewing te sien. Hulle is verby die slagvelde by die Somme, die oorblyfsels van Sailly-Saillisel, die Butte de Warlincourt met sy groot landmynkraters en die oorblyfsels van Delvillebos waar Reitz die grafte van baie Suid-Afrikaners gesien het. Van hier is hulle deur Bapaume, Rocquiny Bus en Neuville, tot by ‘n kamp tussen Gouzeaucourt en Met-au-Cor.[223]

Met hulle aankoms hier is Reitz as waarnemende bataljon-bevelvoerder aangestel terwyl kol. Francis verlof geneem het.[224] Die 7th Royal Irish Rifles is egter, tot Reitz se spyt, kort hierna ontbind en hy is oorgeplaas na die 6/7 Royal Scots Fusiliers naby Arras. Reitz was jammer om van die Iere geskei te word, aangesien hy met verskeie van hulle bevriend geraak het. Hy het gerugte gehoor dat die eenheid ontbind is omdat daar te veel Sin Feiners in die bataljon was. Vir hom was dit nie werklik ‘n geldige rede nie. Volgens hom het die Iere baie politiek gepraat, maar aangesien hy afkomstig was uit ‘n land

---

[221] D. Reitz, *Trekking on*, p. 133.
[222] A. Lloyd, *The war in the trenches*, p. 29.
[223] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 134-135.
[224] *Ibid.*, p. 136.

waar politiek hoog op die agenda is, het hy hom nie veel daaraan gesteur nie.[225]

Die bevelvoerder van die Scots Fusiliers was 'n Suid-Afrikaner, kol. De Haviland en toe Reitz boonop 'n tweede Suid-Afrikaner, lt. Wilkinson, teëkom, het hy dadelik tuis gevoel.[226] Vir 'n tweede maal was Reitz geplaas aan 'n deel van die frontlinie wat relatief rustig was. Die normale kanonvuur het steeds plaasgevind, maar die Britse aanvalle op Duitse posisies was verder noord gefokus. So ver dit hulle aanbetref het, was hulle sektor 'n dooierige plek en dit het tot 'n gevoel van kalmte en vrede gelei.[227] Die roetine van die 6/7 Royal Scots Fusiliers in die loopgrawe was dieselfde as dié van die 7th Royal Irish Rifles. Hulle het gewissel tussen die ruskwartiere, ondersteuningsposisies en die frontlinie, maar dit was nie meer vir Reitz aardig nie, aangesien hy daaraan gewoond geraak het om saam met duisende ander mans in loopgrawe, tonnels en kwartiere te leef. Die loopgraaflewe was so deel van sy daaglikse lewe dat sy herinneringe aan Suid-Afrika en ou kennisse besig was om te vervaag en dat hy selde aan die toekoms of verlede gedink het.[228]

Dié roetine het vir Reitz verander toe hy op 31 Oktober 1917 opdrag ontvang het om as voorsitter te dien by 'n krygsraad van 'n soldaat met 'n selftoegediende wond. Op pad na die krygsraad het 'n kanon naby hulle afgegaan, sy perd het geskrik, op die modderige pad gegly en bo-op Reitz geval. Hy het beserings opgedoen net bokant sy linkerknie en aan sy linkerelmboog en is vir 'n periode van ongeveer twee en 'n half maande afgeboek.[229] Na afloop van die voorval is hy aanvanklik na die Hospice de St. Jean in Arras geneem, toe na Nommer 2 Britse Rooikruis Hospitaal in Rouen en vandaar na die Queen Alexandra hospitaal in Highgate, Londen. Hier het

---

[225] D. Reitz, *Trekking on*, p. 138.
[226] *Ibid.,* p. 139.
[227] *Ibid.,* p. 140.
[228] *Ibid.,* pp. 141-142.
[229] Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, WO 374/56917 231186, Report on accidental or self-inflicted injuries, 06/11/1917.

hy ‘n aangename tyd deurgebring. Hy het sy eie kamer gehad, vriende en familie het hom besoek en die pasiënte het by mekaar gekuier.[230]

Teen die middel van Desember 1917 is hy oorgeplaas na ‘n herstellingsoord, Melchet Court naby Salisbury, ‘n landgoed wat aan sir Alfred Mond, Britse Kommissaris van Openbare Werke, behoort het. Hier is hy soos ‘n koning behandel. ‘n Vuur het dwarsdeur die nag in sy kamer gebrand en in die oggende het ‘n hoofkneg vir hom tee gebring. Nadat hy weer kon loop, het hy behaaglike tye in die landgoed se biblioteek deurgebring en is hulle op uitstappies na Stonehenge, Salisbury, die New Forest en selfs Portsmouth geneem. Gedurende die aande het hy saam met sir Alfred en sy familie brug gespeel.[231]

Reitz het gemengde gevoelens oor sy besering gehad en hy kon nie besluit of hy bly of jammer moes wees daaroor nie. Hy is beseer net voor die Cambrai-offensief sou begin en is gevolglik die geleentheid ontneem om aan die gevegte deel te neem. Hy het egter berig ontvang dat daar nie veel van sy bataljon oorgebly het na die gevegte nie en het besef dat die moontlikheid goed was dat hy self ook kon gesterf het.[232] Dit was dus ‘n bedekte seën dat hy beseer is. Sy ontydige besering het natuurlik ook tot ‘n spottery onder sy vriende aanleiding gegee en hulle het hom geterg dat hy ‘n Suid-Afrikaner was wat nie eers ‘n eenvoudige Britse perd kon ry nie.[233]

In Januarie 1918 kon hy weer ligte diens doen en is hy na Fort Matilda, die hoofkwartier van die Royal Scots Fusiliers, by die Clyderivier, gestuur. Gedurende sy drie weke verblyf hier het hy die son nie ‘n enkele keer gesien nie. Hulle het nuwe rekrute deur hulle passe laat gaan in nat velde met ses duim sneeu en ‘n koue reën wat nooit opgehou het nie. Vir hom as Suid-Afrikaner, wat gewoond was aan sonskyn, was dit ‘n aaklige ondervinding. In

---

[230] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 142-144.
[231] *Ibid.,* pp. 144-146.
[232] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 202, privaat briewe 1917 (P-Y), nos. 1-414 (58), D. Reitz – S.M. Smuts, 09/12/1917.
[233] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 204, privaat briewe 1918 (H - W), nos. 1–276 (48), E.F.C. Lane – S.M. Smuts, 09/01/1918.

die tydperk is hy ook na Edinburg gestuur om daar ‘n gaskursus by te woon, maar dit het nie veel gehelp nie, aangesien die weer daar ook sleg was. Toe hy vroeg in Februarie 1918 opdrag ontvang het om terug te keer Frankryk toe, was hy baie verlig om die onaangename weerstoestande in Engeland agter te laat.[234] Hy het die tog terug na Frankryk op 7 Februarie 1918 begin.[235]

Met sy terugkoms in Frankryk is hy, nog steeds met die rang van majoor, aangewys as tweede in bevel van die 1st Royal Scots Fusiliers[236] wat saam met die 2nd Royal Scots en die 7th Shropshires (K.S.L.I.) die 8ste Brigade gevorm het. Die 8ste Brigade het deel uitgemaak van die IIIde Divisie van die 3de Leër. Hulle brigadier was genl. J.A. Tanner, ‘n Suid-Afrikaner van Natal. Die Divisie-bevelvoerder was genl. C.J. Deverell, die korps bevelvoerder lord R.B. Haldane en die Leër bevelvoerder genl. J.H.G. Byng.[237] Soos toeval dit wou hê, was hulle gestasioneer op presies dieselfde plek in die Hindenburglinie waar hy saam met die 7th Royal Irish Rifles diens gedoen het. Sy verblyf is verder vergemaklik deurdat die bevelvoerder van die 1st Royal Scots Fusiliers, kol. E.I.D. Gordon, volgens Reitz vir alle praktiese doeleindes ‘n Suid-Afrikaner was. Gordon was lank in die Kaap gestasioneer, het met ‘n vrou van Kaapstad getrou en het ‘n plaas in die Westelike Provinsie gehad waar hy na afloop van die oorlog wou gaan woon. Sy goeie kennis van die Suid-Afrikaanse politieke omstandighede het tot gereelde besprekings tussen hom en Reitz aanleiding gegee. [238] ‘n Verdere aspek van sy betrokkenheid by die Royal Scots Fusiliers wat Reitz tot vreugde gestem het, was die feit dat hulle nie kort rokkies gedra het nie.[239]

In Maart 1918 het Reitz tydelik as bevelvoerder van die 1st Royal Scots Fusiliers waargeneem toe Gordon met verlof gegaan het. Sy rang het die van

[234] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 146-147.
[235] Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, WO374/56917 231186, A.G. 4C, 30/01/1918.
[236] D. Reitz, *Trekking on*, p. 148.
[237] *Ibid.*, p. 153.
[238] *Ibid.,* pp. 148-149.
[239] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 204, privaat briewe 1918 (H - W), nos. 1–276 (117), D. Reitz – S.M. Smuts, 05/02/1918.

majoor gebly. In dié tydperk, in afwagting van 'n moontlike Duitse aanval, het die bataljon, anders as in die verlede toe die bataljonne mekaar afgewissel het, vir amper twee maande lank in die frontlinie diens gedoen sonder 'n aflos. In dié tyd het die hoeveelheid patrollies wat uitgestuur is om die Duitse drade te inspekteer, ook toegeneem. Dié taak is deur baie van die soldate as 'n selfmoordmissie beskou, maar volgens Reitz was dit nie so gevaarlik as mens versigtig was nie en het hy die patrollies gereeld vergesel. As 'n selfopgelegde sending het Reitz ook begin om sy vrye tyd te gebruik om, met behulp van 'n vriend van hom by die Britse artillerie, Duitse masjiengeweervestings op te spoor en uit te wis.

Volgens Reitz het sy pligte in dié tydperk behels dat hy elke nag die verskillende wagposte in die linie moes inspekteer en dat hy moes toesig hou oor die gebeure daarbinne.[240] Soos gewoonlik meld hy egter net die meer opwindende take waarvoor hy verantwoordelik was. Alhoewel offisiere selde verantwoordelik was om swaar fisiese werk te verrig, moes hulle kampdiens en wagte organiseer, troepe inspekteer, wagte in die nag besoek en patrollies lei. Hulle het ook 'n geweldige hoeveelheid papierwerk gehad waarna hulle moes omsien. Hulle moes boekhou van die voorrade en toerusting in die loopgrawe, asook van die terugkeer van geneesde gewondes en die daaglikse aktiwiteite in die linies, byvoorbeeld werkspanne, die herstel van die loopgrawe, vyandige aktiwiteite ensovoorts. Daar is ook gedurig memoranda en instruksies van bevelvoerders ontvang wat deurgewerk moes word.[241] Vir Reitz was hierdie "administratiewe" funksies waarskynlik 'n groot foltering en dit is dus nie vreemd dat hy bereid was om op patrollie uit te gaan en die Duitse masjiengeweervestings uit te wis nie. 'n Verdere "ontbering" wat hy in dié tydperk moes deurmaak, was die gebrek aan Suid-Afrikaanse tabak en in sy briewe aan vriende het hy hulle versoek om daarvan aan hom te stuur.[242]

---

[240] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 151-153.
[241] J. Ellis, *Eye-deep in hell*, pp. 41-42.
[242] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 204, privaat briewe 1918 (H - W), nos. 1–276 (49), D. Reitz – E.F.C. Lane, 11/03/1918.

In hierdie stadium het Reitz aan Isie Smuts geskryf dat hy nie van plan was om permanent by die weermag aan te sluit nie. Hy meld dat so 'n beperkte lewe hom nooit sou geval nie en dat "...proffessional soldier is niet in mijn lijn." Wat hy egter wou doen meld hy nie. In die spesifieke brief begin dit ook deurskemer dat hy stadig maar seker besig was om genoeg van oorlog en die omstandighede waarin hy hom bevind het, begin kry het. Hy het oor die aaklige weer en die modder wat die lewe in die loopgrawe uiters onaangenaam maak, gekla. Hy het verder gehoop dat hy die verwagte komende Duitse offensief sou oorleef en verklaar dat indien dit wel gebeur, hy tevrede sou wees om vir die res van sy lewe 'n vreedsame bestaan te voer.[243]

In die eerste week van Maart is die 8ste Brigade gestuur om 'n ander gedeelte van die linie te beset. Al drie die bataljonne is in die frontlinie geplaas, die 2nd Royal Scots in die voorste loopgraaf, die 1st Royal Scots Fusiliers sowat 180 meter verder terug en die 7th Shropshires 450 meter agter hulle. Die Brigade was uitgestrek oor 'n terrein van ongeveer 250 meter wyd, met die Duitse loopgrawe 20 meter weg. Op die heuwel direk agter hulle was die murasie van die Wancourt toring en nog verder agtertoe die oorblyfsels van die dorpies Henin, Heninel en Wancourt. Elke derde dag het die bataljonne van posisie verander: die voorste een het tot agter teruggeval, die middelste een het tot voor geskuif en die agterste een na die middel. Sodoende was daar geen sekerheid oor wie in die voorste posisie sou wees wanneer die Duitse offensief begin nie en 'n groot hoeveelheid weddenskappe is hierop gemaak.[244]

Die Duitse aanval, volgens Reitz die grootste en bloedigste van die oorlog, het uiteindelik op 21 Maart 'n aanvang geneem.[245] Die Duitsers se bedoeling met die aanval was om die Britte uit die Somme en die Franse van die Aisne te verjaag en om Parys te bedreig.[246] Ses en sewentig Duitse Divisies het 28

---

[243] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 204, privaat briewe 1918 (H - W), nos. 1–276 (117), D. Reitz – S.M. Smuts, 05/02/1918.
[244] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 153-154.
[245] *Ibid.*, p. 157.
[246] M. Gilbert, *First World War*, p. 406.

Britse divisies oor ‘n front van 80 kilometer aangeval.[247] Die Britse loopgrawe is vir 30 uur lank met gas bespuit en die loopgrawe was so verweer deur kanon- en mortieraanvalle dat hulle skaars herkenbaar was.[248] Meer as 6 000 Duitse kanonne en 3 000 mortiere was in aksie. Gas is gebruik om die vermoë van die Britse artillerie om die Duitse aanval teë te staan, te verminder en soveel as 2 miljoen gasbomme het in die volgende twee weke op die Britse stellings gereën.[249] Die geraas van die bombardement was oorverdowend en Reitz wou nie eers poog om dit te beskryf nie. Die verdedigers is verbyster deur duisende barstende bomme, hulle stellings was toe onder die rook en vlamme en die grond het beweeg onder hulle voete. Teen 9:00 die oggend het Duitse voetsoldate ook aanvalle begin loods, maar die verdedigers het hulle goed van hulle taak gekwyt en geen Duitser het naby hulle gekom nie. Die 8ste Brigade se ongevalle was egter hoog. Reitz het twee keer gas ingekry wat veroorsaak het dat sy oë en keel gebrand het en dat hy baie naar geraak het, maar gelukkig het dit hom nie verder geaffekteer nie.[250]

Vir die eerste keer sedert die ontstaan van die loopgraafoorlog drie en ‘n half jare vantevore, het die Britse magte ‘n werklike nederlaag gely. Die Duitsers het daarin geslaag om oor ‘n front van 30 kilometer ‘n bres te slaan tussen die 3de en 5de Leërs. ‘n Groot hoeveelheid Britse kanonne het in die slag gebly en hele eenhede het oorgegee of teruggeval. In totaal het 7 000 Britse infanteriste gesterf en 21 000 is gevange geneem.[251] Om te verhoed dat hulle omsingel word, het die IIIde Divisie opdrag gekry om na Henin te onttrek, sowat 5 kilometer terug van hulle frontlinie posisie.[252] Die ergste dae van die Duitse aanval was vanaf 24 tot 26 Maart en in dié periode het die moontlikheid van skeiding van die Franse weermag en ‘n terugval tot by die Franse hawestede, al hoe groter geword.[253] Die Britse linies is egter nie weer

---

[247] J. Keegan, *The First World War*, p. 427.
[248] D. Reitz, *Trekking on*, p. 157.
[249] M. Gilbert, *First World War*, p. 407.
[250] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 156-158.
[251] J. Keegan, *The First World War*, pp. 429-430.
[252] D. Reitz, *Trekking on*, p. 158.
[253] J. Keegan, *The First World War*, p. 431.

gebreek nie. In nabetragting beskryf Reitz die dapperheid van die Britse soldate in hierdie tydperk soos volg: "I have never held a high opinion of the British in the Great War. I think they could have fought it at a fifth of the cost and a fifth of the casualties; but of their stubborn valour, no man who has seen them in days like these can have a doubt."[254]

Tydens 'n toespraak oor Cecil John Rhodes, gelewer tydens 'n Rhodes Gedenkdiens by Groote Schuur in 1935, het Reitz hierdie dapperheid van die Britse soldate verder omskryf en hy gaan selfs sover as om dit aan hulle dissipline toe te skryf. Om sy stelling te regverdig tref hy 'n vergelyking tussen die Boere-kommando's tydens die Anglo-Boereoorlog en die Britse Leër tydens die Eerste Wêreldoorlog. Volgens hom was die burgers dapper, maar het hulle geen dissipline gehad nie. As jy nie van jou offisier gehou het nie, of die kommando waarby jy was nie, het jy bloot jou perd opgesaal en weggery om by 'n ander kommando te gaan aansluit. Solank as wat dinge goed gegaan het, was die entoesiasme van hulle suksesse genoeg om hulle bymekaar te hou. Sodra dinge egter begin sleg gaan het, het selfs die dapperste burgers oor hulle skouers begin loer om seker te maak hulle word nie in die steek gelaat nie en dit het hulle moraal ernstig ondermyn. Volgens Reitz het die Britse-magte tydens die Maart-offensief die wreedste beproewing deurgemaak wat soldate waarskynlik ooit moes deurmaak in die geskiedenis van oorlog, maar hy het nooit gesien dat 'n enkele persoon sy linie gebreek het of teruggeval het sonder 'n opdrag om dit te doen nie. Hulle dissipline het hulle bymekaar gehou.[255]

Vanaf hulle posisies by Henin het die 8ste brigade na 'n nuwe posisie by Boiry-Bequerelle geskuif. Reitz het gehoop dat hulle hier 'n bietjie rus sou kry, aangesien nie een van hulle meer as 2 uur ononderbroke slaap gehad het in die vorige drie dae nie. Dit was egter nie vir hom beskore nie, aangesien genl. Deverell hom na die IIIde Divisie se hoofkantoor te Bretincourt ontbied het. Deverell het Reitz aangesê om die omgewing naby Ficheux en Blarville

---

[254] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 153-163.
[255] UCT, Finch Collection, BC1019, *The Cape Argus,* 1935, The life and work of Cecil Rhodes. Col. Deneys Reitz's fine tribute to a "great South African".

Wood, so ver as Wailly, te gaan verken, met die opdrag om ‘n nuwe verdedigingslyn vir die IIIde Divisie op te stel. Eers nadat die taak afgehandel is, is Reitz toegelaat om sy verlore slaap in te haal.[256]

Reitz se betrokkenheid by dié veldslag is op 28 Maart 1918 beëindig toe hy deur ‘n bomskerf in sy regter bobeen getref is.[257] In *Trekking On* skryf hy dat dit gevoel het of hy deur ‘n hele bom getref is, maar dat dit later geblyk het slegs ‘n skerf van ‘n bom, die grote en vorm van ‘n halwe lemoenskil, te gewees het. Aangesien die meeste van die bataljon se noodhulppersoneel op hierdie stadium reeds dood was en geen draagbare of ambulanse beskikbaar was om hom van die slagveld te verwyder nie, het hy besluit om die terugtog vir mediese hulp self aan te pak. Die besluit het hy geneem uit vrees dat hulle linie dalk deur die Duitsers oorval kon word en hy dan met ‘n bajonet doodgesteek of ‘n krygsgevangene sou word. Met die hulp van twee manskappe het hy stadig teruggesukkel tot by die Bapaume-pad. Sy terugtog is bemoeilik deur ‘n groot hoeveelheid bloedverlies en pyn, asook toenemende bomaanvalle. By die Bapaume pad was hy gelukkig genoeg om geleenthede eers per motor en daarna per vragmotor tot by Doullens te kry. Vanaf Doullens is hy na Nommer 2 Britse Rooikruis Hospitaal in Rouen geneem waar hy onmiddellik ‘n operasie ondergaan het. Na twee dae by Nommer 2 Britse Rooikruis Hospitaal en ‘n tweede operasie, is hy na Nommer 10 Cambridge Square, ‘n klein privaathospitaal in Londen, gestuur. Hier het hy tot aan die einde van Julie gebly, waarna hy na Fort Matilda gestuur is.[258]

Aangesien sy been nie gesond wou word nie, het Reitz meer as vyf weke lank ligte diens by Fort Matilda gedoen. Die een ligpunt in dié tydperk was dat hy op ‘n masjiengeweerkursus te Grantham gestuur is. Eers op 12 September het hy opdrag ontvang om na Frankryk terug te keer om hom weer by die 1st

---

[256] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 164-167.

[257] Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, WO 374/56917 231186, Medical Board report on a disabled officer, 03/06/1918.

[258] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 171-179.

Royal Scots Fusiliers te gaan aansluit.[259] Nie Reitz se wond of sy beskouing dat Fort Matilda ‘n “...miserabele uithoek...” was, kon hom daarvan weerhou om negatiewe kommentaar op sy politieke teenstanders in Suid-Afrika se republikeinse strewes te lewer nie. By Fort Matilda het hy amper elke dag gesien hoe Amerikaanse soldate vol entoesiasme vir die oorlog in Skotland arriveer en dit het hom laat wens dat hy “...een paar van onze zoogenaamde Republiekeine uit de Unie hier kon hebben zoodat zij de ware artiekel kunnen zien, die opregte Republiekeinen uit de grootste Republiek van allen op weg om te vegten in de grootste Vrijheids oorlog van allen.”[260]

Met sy terugkeer na Frankryk, na ‘n afwesigheid van vyf maande, het hy besef dat daar ‘n groot verandering in die gevegsterrein ingetree het. Tydens sy vertrek was die Britse magte met hulle rug teen die muur en kon hulle skaars oorleef. Teen Augustus het die wiel egter begin draai en het hulle die grond wat hulle aanvanklik verloor het, terug verower - hulle was weer terug in hulle ou posisies in die Hindenburglinie.[261]

Veranderinge het ook by die 1st Royal Scots ingetree. Die bataljon het aan verskeie harde gevegte deelgeneem en min van die offisiere en manskappe wat tydens Reitz se tydperk daarin gedien het, was nog daarmee gemoeid. Kol. Gordon is na ‘n ander eenheid oorgeplaas en van die 30 offisiere wat Reitz geken het, was slegs drie oor. Die ander was almal dood of gewond. George Bisset, ‘n vriend van Reitz, was die nuwe bevelvoerder van die Royal Scots en die 8ste Brigade het nou aan ‘n genl. Fisher gerapporteer. Bisset se aanstelling as bevelvoerder van die Royal Scots het getoon dat Reitz, ten spyte van sy paar jaar formele diens in die Britse leër, nog nie van sy vrye gees ontslae geraak het nie. Hy was tegnies Bisset se senior en dit het vir Fisher ‘n probleem veroorsaak, maar Reitz het hom nie veel daaraan gesteur

---

[259] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 179-180.

[260] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 204, privaat briewe 1918 (H - W), nos. 1–276 (120), D.Reitz – S.M. Smuts, 30/07/1918.

[261] D. Reitz, *Trekking on*, p. 181.

nie. "I cared little for military precedence .... I would gladly serve under such a man as I knew Bisset to be..."[262]

Reitz se terugkeer na Frankryk het hom betyds gemaak om aan een van die grootste en belangrikste Britse aanvalle op die Hindenburglinie tydens die oorlog deel te neem. Die aanval het op 26 September 1918 begin toe 123 Britse, Franse, Belgiese en Amerikaanse divisies, met 57 in reserwe, 197 Duitse divisies aangeval het.[263] Die Britse aanval op die Hindenburglinie is ondersteun deur meer as 100 vliegtuie, 700 ton bomme is laat val en 26 000 masjiengeweerrondtes is uit die lug geskiet. 33 000 Duitsers is op die 27ste gevange geneem.[264] Die eindresultaat van die aanval was dat die Britse magte deur die Hindenburglinie gebreek en na die platteland daaragter beweeg het. Dit het die einde van die loopgraafoorlog beteken en het 'n nuwe fase van die oorlog ingelei.[265]

Volgens Reitz was die uitstaande kenmerk van dié aanval die beperkte doelwitte wat aan elkeen van die aanvallende eenhede toegeken is. Elke bataljon het opdrag ontvang om 'n spesifieke gedeelte van die loopgrawe in te neem en dan nie verder te beweeg nie. Sodra 'n spesifieke doelwit bereik is, sou ander bataljonne van agter verby hulle beweeg tot by die volgende linie van verdediging. Die 1st Royal Scots Fusiliers het opdrag gekry om die Whitehall- en Ryder-gedeeltes van die Hindenburglinie in te neem en hulle totale opmars was slegs sowat 25 meter. Die 7th Shropshires moes dan verby hulle beweeg om die volgende loopgraaf aan te val en die 2nd Royal Scots Fusiliers die daaropvolgende loopgraaf. In totaal sou die 8ste Brigade dus slegs sowat 250 meter vorentoe beweeg, waarna ander brigades sou oorneem.

Reitz was nie direk by die aanval betrokke nie, aangesien genl. Fisher opdrag gegee het dat die tweede in bevel van elke bataljon, asook een offisier van

---

[262] D. Reitz, *Trekking on*, p. 182.
[263] J. Keegan, *The First World War*, p. 441.
[264] M. Gilbert, *First world war*, p. 465.
[265] J. Keegan, *The First World War*, p. 441.

elke afdeling, in reserwe gehou moes word in geval daar swaar verliese sou wees. Reitz het egter 'n versoek aan Fisher gerig waarin hy toestemming gevra het om die aanval te kon dophou en het toe 'n baie liberale vertolking aan Fisher se goedkeuring verleen. In plaas daarvan om op 'n veilige afstand van die gevegte af weg posisie in te neem, het hy op hulle eie borswering stelling ingeneem. Hy wou nie sy opdrag ignoreer nie, maar het gevoel dat dit die beste plek sou wees waarvandaan hy die geveg kon dophou.[266]

Die aanval het teen 05:30 in die oggend begin en dit het nie vir die 1st Royal Scots Fusiliers lank geneem om hulle teiken te bereik nie. Reitz se herinneringe van die aanval was van kanonkoeëls wat vlieg en ontplof, 'n groot hoeveelheid van hulle troepe wat geskiet is en handgevegte tussen die 1st Royal Scots Fusiliers en die Duitsers. Meer as 100 offisiere en manskappe van die 1st Royal Scots Fusiliers het in die kort afstand wat hulle moes beweeg gesterf. Hulle het ook meer as 300 Duitse soldate van die 97th Hanoverian Regiment gevange geneem.[267] In totaal het die Britse magte 10 000 Duitsers gevang en meer as 200 kanonne gebuit. Ten spyte van die verlies van 80 000 man het hulle daarin geslaag om oor 'n front van 22 kilometer deur die Hindenburglinie te breek.[268] Na die eerste vier dae in Oktober was 'n 48-kilometer sektor van die Hindenburglinie in die geallieerde magte se hande.[269]

Na afloop van die geveg is Reitz op 17 Oktober 1918 tot lt.-kol. in beheer van die 7th Shropshires bevorder[270] en het hy oor 1 000 man en 36 offisiere bevel gevoer.[271] Volgens hom was hy jammer om van die Scots Fusiliers afskeid te neem, maar hy was steeds in dieselfde brigade en al wat hy moes doen om met hulle kontak te hê was om sowat 90 meter te stap tot waar hulle hulle

[266] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 190-191.
[267] *Ibid*., pp. 192-193 en 195.
[268] *Ibid*., p. 197.
[269] M. Gilbert, *First world war*, p. 470.
[270] D. Reitz, *Trekking on*, p. 198; Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, WO374/56917 231186, R.E.476, 19/05/1919.
[271] A. Lloyd, *The war in the trenches*, p. 29.

deel van die loopgraaf beset het.[272] Op die dag van sy oorplasing het hy opdrag ontvang om sy bataljon na 'n randjie noord van Marcoing te skuif en voor te berei vir 'n moontlike aanval. Vir die Britte was dit 'n totale nuwe ervaring om kamp op te slaan in die oopte sonder enige skuiling. Hulle was so gewoond daaraan om in die loopgrawe te bly en te veg, dat hulle hulpeloos rondgestaan en nie geweet het wat om te doen nie. Reitz het hulle egter gou gewys wat om te doen en het later tot sy genoegdoening gehoor hoe een van die soldate sê "Lads, I would like to go big-game hunting in Africa with our new C.O."[273]

Die volgende dag is 'n aanval op die Marcoing-Rumily-Masnières-linie geloods. Die Shropshires is aanvanklik in reserwe gehou, maar het later opdrag ontvang om die 9de Brigade by Masnières te gaan help en Reitz se bataljon het die dorpie beset.[274] Vir die volgende twee weke was die 8ste Brigade aan 'n hewige bombardement onderwerp en die dorpie van Masnières, soos ander in die omgewing, is vernietig. Bomme was egter nie al waaroor hulle hulle moes bekommer nie. Reitz was in 'n stadium vir 48 uur lank siek van gasvergiftiging en het vir dae daarna met 'n hoofpyn rondgeloop. Teen die einde van die periode was Reitz en 'n luitenant Sleep die enigste van die offisiere wat tydens die Maart-aanval by die Royal Scots Fusiliers was, wat nog lewendig was. Na die dood van George Bisset, bevelvoerder van die 1st Royal Scots Fusiliers en groot vriend van Reitz, tydens aanval op die Marcoing-Rumily-Masnières-linie, is Reitz terug na dié bataljon as bevelvoerder, terwyl 'n kol. Burne by hom oorgeneem het by die Shropshires.[275]

Na 'n kort vierdaagse pas waartydens Reitz en kols. Henderson van die 2nd Royal Scots Fusiliers en Burne van die 7th Shropshires na Calais is,[276] het die 8ste Brigade op 23 Oktober opdrag ontvang om aan 'n verdere aanval op

---

[272] D. Reitz, *Trekking on*, p. 198.
[273] *Ibid.*, pp. 199-200.
[274] *Ibid.*, pp. 200-204.
[275] *Ibid.*, pp. 204-213.
[276] *Ibid.*, p. 218.

die Duitsers deel te neem. Die aanval, wat deur die 17de, 4de en 6de Korpse onderneem sou word, se doel was om die Duitsers terug te dryf tot binne trefafstand van die Valenciennes Quesnoy spoorlyn. Die 1st Royal Scotts moes die dorpie Escarmain inneem. Volgens Reitz was hy nie bekommerd oor die uitkoms van die aanval nie. Uit koerante en Duitse weermagsopdragte het hy afgelei dat die Duitsers se moraal laag was en dat hulle teen gedemoraliseerde soldate geveg het. Escarmain is gevolglik ingeneem met minder as 50 ongevalle aan die 1st Royal Scots Fusiliers se kant.[277]

Tydens hulle opmars het Reitz op sy eie ‘n patrollie in die rigting van la Folie onderneem. Hy kon nie enigeen van sy bataljon stuur nie, aangesien die meerderheid van hulle deur gas oorval was en nie kon sien nie. Tot sy groot verligting het hy nie enige Duitsers by la Folie teëgekom nie. Die gevolg van die patrollie was ‘n handige verslag, dat Reitz in militêre rapporte genoem is en dat hy ‘n bronsspruit ontvang het – die naaste wat hy volgens homself ooit aan militêre verering gekom het.[278] Dit blyk egter dat dit nie die enigste keer wat Reitz eervol vermeld is nie. In Julie 1918 het Jan Smuts, nie-amptelik, aan sy vrou geskryf dat Reitz hom knap en dapper gedra en dat “...men heeft een hoog opinie van hem...”[279] Indien Reitz daarvan bewus was, sou hierdie goeie getuigskrif vir hom waarskynlik veel meer as enige medalje wat hy ooit kon verdien het, beteken het.

Op 29 Oktober is die bataljon afgewissel met die Staffords en het Reitz met sy oorblywende 200 man na Bévillers vertrek waar ‘n kamp opgestel is vir gaspasiënte. Toe hulle deur Solesmes marsjeer, is hulle vriendelik deur die burgerlike bevolking verwelkom. Die Royal Scots Fusiliers se doedelsakorkes het gespeel en Reitz het vooraan die kolonne gery terwyl hy voorgegee het dat hy gewoond was aan toejuiging.[280] Die oorlog was egter nog nie verby nie en op 10 November het Reitz opdrag ontvang om die Guards, wat nog aan

[277] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 222-228.
[278] *Ibid.*, pp. 234-235.
[279] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 204, privaat briewe 1918 (H - W), nos. 1–276 (190), J.C. Smuts – S.M. Smuts, 01/07/1918.
[280] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 236-237.

die veg was in die rigting van Maubeuge en die Mormal woud, te gaan versterk.

Op die 11de het hulle, met ‘n onderdrukte gevoel van opgewondenheid, uitgetrek om aan die gevegte te gaan deelneem. Almal van hulle het besef dat dit die laaste aanval sou wees en op die slagveld het hulle dan ook die blye nuus ontvang dat ‘n wapenstilstand gesluit is. Vir Reitz was dit ‘n monumentale gebeurtenis. Hy het die begin van ‘n nuwe era vir die wêreld en vir sy land gesien en wou dit aan sy troepe kommunikeer. Hy was egter so oorval deur emosie dat hy skaars ‘n woord kon sê. Vir hom was sy toespraak ‘n mislukking, maar die oorlog was ten minste verby en hy kon weer planne vir die toekoms begin maak.[281] Dit was eers die volgende dag, toe hy ‘n *London Daily Express* gelees het, wat dit werklik by hom ingedring het waaraan hy deel gehad het. Hy het besef dat hy wat afkomstig was vanuit ‘n klein dorpie in Suid-Afrika, in die middel van groot gebeure in Europa gestaan het.[282]

Na die vredesluiting het die 3de Divisie opdrag gekry om as deel van die okkuperende mag na Duitsland op te trek. Dit het hulle gedoen deur Frankryk en België tot by die dorpie Merzenich naby Keulen, op die walle van die Rynrivier. Hier was Reitz verantwoordelik vir die administrasie van die dorpie en die omliggende gebied en die burgemeester en sy raadslede het aan hom gerapporteer.[283] Die omgewing het Reitz geprikkel deurdat die van Reitz op elke tweede huis voorgekom het en hulle selfs deur ‘n dorpie met die naam Reitzheim getrek het in hulle opmars na die gebied. Dit het hom laat wonder of dié omgewing die bakermat van die Reitz-familie was.[284]

Die moontlikheid dat Deneys korrek was om die gebied naby Keulen op die walle van die Rynrivier as die bakermat van die Reitz-familie te beskou, is

---

[281] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 237-238.
[282] *Ibid.*, pp. 239-240.
[283] *Ibid.*, pp. 250-251.
[284] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 204, privaat briewe 1918 (H - W), nos. 1–276 (123), D. Reitz – S.M. Smuts, 12/1918.

goed. Die eerste duidelik gedokumenteerde voorvader van die Suid-Afrikaanse Reitz-familiegroep, die "oer-stamvader," was Adam Reitz (1630-1666) wat vanaf 1652 tot 1666 in Oberdiebach, aan die Ryn, suid van Bacharach, gewoon het.[285] Adam Reitz se direkte afstammelinge was in die omgewing woonagtig tot in die vroeë 1700's toe Johan Friedrich Reitz (1695-1778) 'n mediese dokter en professor in Geskiedenis, Welsprekendheid en Poëtika aan die Universiteit van Utrecht in Nederland, geword het.[286] Hy was die oupa van die Suid-Afrikaanse stamvader, Jan Frederik Reitz (1761-1824)[287], wat in Utrecht gebore is maar hom in 1794 vir twee jaar na die Kaap begeef het om te herstel van siekte. Die bewindsverandering in Nederland in 1795 en die feitlik onmiddellike sukses wat hom aan die Kaap te beurt geval het, het hom egter laat besluit om in die Kaap te bly en die Suid-Afrikaanse Reitz-familiegroep het sodoende ontstaan.[288]

Vir die eerste twee weke van 1919 het Reitz sy pligte uitgevoer en in die omgewing rondgery, maar hy het daarteen opgesien om vir die res van die winter in die gebied deur te bring, aangesien hy angstig was om weer na Suid-Afrika terug te keer. Hy het gevolglik aansoek gedoen om na Londen te gaan met die doel om daar ontslaan te word en dit is toegestaan. In Londen het hy egter uitgevind dat dit makliker was om by die Britse leër aan te sluit as om daaruit te bedank en hy het verskeie weke in die gange van die Oorlogskantoor rondgehang in 'n poging om sy ontslagdokumente te verkry. Toe hy egter uitvind dat dit nog maande sou duur voordat hy kon demobiliseer, het hy gereël dat hy drie maande verlof kry en dit het hy gebruik om na Amerika te gaan waar hy 'n paar weke in New York, Boston en Washington deurgebring het. Met sy terugkoms in Londen in Junie 1919 was sy ontslagdokumente gereed en kon hy na Suid-Afrika terugkeer.[289] Hy is

[285] N.A. Bosch Reitz en F.G.L.O. van Kretschmar, *The Bosch Reitz Genealogy c.1510-1991*, p. 17.
[286] F.W. Reitz, *Outobiografie* (toegelig deur J.C. Moll), p. 4.
[287] http://venus.uwindsor.ca/courses/leddy/creitz/jhr.html, *Reitz family origins*, 22/06/2005.
[288] J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 1; N.A. Bosch Reitz en F.G.L.O. van Kretschmar, *The Bosch Reitz Genealogy c.1510-1991,* p. 10.
[289] D. Reitz, *Trekking on*, pp. 253-254; D. Reitz, *No outspan*, p. 18.

amptelik op 15 Junie 1919 van sy militêre pligte onthef.[290] Sy waarnemende luitenant-kolonel's rang moes hy reeds op 4 Februarie 1919 afstaan,[291] maar hy kon sy rang as majoor behou.[292]

Tydens sy wagtydperk in Londen het Reitz geleentheid gehad om besoeke by genls. Botha en Smuts af te lê. Hy beskryf Botha as siek en afgeleef en dat die spanning van sy eie mense wat hom as 'n verraaier beskou het, sy hart gebreek het. Vir Reitz was hy egter steeds 'n wonderlike mens. Hy beskryf hom as "...the most honourable and most lovable man I ever knew" en 'n groot patriot. Een van die weiniges wat tydens die ondertekening van die verdrag van Vereniging lig in die donker periode van chaos kon sien. Reitz meld verder dat hy Botha se volgeling was sedert die nag van Spioenkop en dat hy jare later, toe hy *Trekking on* geskryf het, steeds op die pad geloop het wat Botha daargestel het.[293] Botha het hom geleer dat daar vir Suid-Afrika slegs een moontlike toekoms was, naamlik vriendskap tussen die Britte en die Afrikaners wat uiteindelik sou lei tot samesmelting in 'n gedeelde nasieskap. Al het hy dit nie op daardie tydstip besef nie, het hy later die vergadering wat hy in Londen met Botha gehad het, as 'n keerpunt in sy lewe beskryf.[294] Dit het aan hom 'n doelwit gestel om na te streef en het hom op 'n politieke weg geplaas wat die res van sy lewe sou bepaal. Een waarin die bitterheid van die Anglo-Boereoorlog nie 'n rol gespeel het nie. 'n Politieke weg waarin hy heelhartig met sy voormalige vyande kon saamwerk om Suid-Afrika weer op te bou, sonder die haatdraendheid wat so baie van sy tydgenote gekwel het.

Vir Reitz het die Eerste Wêreldoorlog verskeie herinneringe ingehou. In latere jare het hy dit gesien as verskriklik, maar nie vernederend nie en volgens hom het hy met 'n hoër en nie 'n laer opinie van die mens daaruit gekom. Sy

---

[290] Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, WO374/56917 231186, B.B. Cubitt – D. Reitz, 16/06/1919.

[291] Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, WO374/56917 231186, R.E. 637, Reitz, Major D. 1917-1919, 18/06/1919.

[292] Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, WO374/56917 231186, MS4K2, 06/12/1920.

[293] D. Reitz, *Trekking on*, p. 254; Annual S.A.P. tribute to a great South African, *South African Party Bulletin*, 10/1928, p. 8.

[294] D. Reitz, *No outspan*, p.14.

grootste herinnering was van goeie vriende en miljoene mense aan beide kante wat gedoen het wat hulle moes sonder dat hulle die monsters geword het waarvan baie skrywers hulle beskuldig het.[295]

[295] D. Reitz, *Trekking on*, p. 253.

# Hoofstuk 6: Reisiger

In ‘n terugblik op die Suid-Afrikaanse geskiedenis en as verduideliking waarom die Voortrekkers uit die Kaap weggetrek het, sê Deneys Reitz dat hy nie glo die Voortrekkers het getrek omdat hulle die Britse bewind gehaat het nie, maar eerder omdat hulle teen enige heerskappy gekant was. Hulle was vir bykans twee eeue lank pioniers in ‘n wilde land en was na hulle eie mening bokant die wet verhewe. Hulle moes op hulleself staatmaak teen barbaarse stamme en wrede diere en het ‘n ras van individue geword wat geen ander gesag as hulle gewere erken het nie. Die Voortrekkers was gebelgd deur die Hollands-Oos-Indiese Maatskappy se baasspelery en verbitterd oor die Britse oorheersing en het daarom na die vreemde getrek. Voordat die Transvaal en Oranje-Vrystaat uiteindelik gevestig is, het hulle egter nog baie swaargekry[1] - veral aangesien hulle uiters rasbewus was en hulle eie identiteit wou behou.[2]

Dit is teen hierdie agtergrond en met die gedagte dat die Suid-Afrikaanse politieke argumente in lig van die Eerste Wêreldoorlog maar redelik beuselagtig en nougeset was, dat Reitz tydens sy terugtog na Suid-Afrika vanaf Londen besluit het dat hy nooit weer by die politiek betrokke sal raak nie. Hy was egter weer tot die stryd verbind nog voordat hy in Kaapstad aan wal gestap het. Twee kabinetsministers asook ‘n dosyn ander parlementslede het die skip in Kaapstad besoek en dit het nie lank geneem voordat ou bande weer versterk was nie. Volgens hom was die Suid-Afrikaanse politiek ‘n gewoonte vormende dwelmmiddel waarvan hy nie ontslae kon raak nie.

Hy het aanvanklik na Heilbron teruggekeer, maar is deur Louis Botha na Pretoria ontbied waar hy en Jan Smuts Reitz aan hulle gesprek vroeër die jaar in Londen herinner het. Die gevolg daarvan was dat Reitz onderneem het om aan die volgende verkiesing deel te neem, ‘n besluit wat die res van sy

[1] D. Reitz, *No outspan*, p. 21.
[2] *Ibid.*, p. 25.

lewe sou verander[3] - nie net ten opsigte van die rigting wat hy sou inslaan nie, maar ook ten opsigte van sy verhouding met die res van sy familie. 'n Duidelike politieke verdeeldheid het in die Reitz-familie bestaan, met Deneys aan die een kant en sy vader en broer Hjalmar aan die ander kant. Reeds op 12 Oktober 1916 het Hjalmar op 'n kongres van die Nasionale Party (N.P.) in Bloemfontein verklaar dat hy 'n republikein was. Hy het ook die hoop uitgespreek dat Suid-Afrika eendag 'n republiek sou word.[4] Die standpunt het veroorsaak dat Hjalmar en Deneys uit 'n politieke oogpunt loodreg teenoor mekaar in die Volksraad gestaan het en dat hulle vir baie jare so te sê vervreemd was.[5] Op 'n soortgelyke wyse is die verhouding tussen Deneys en sy vader ook negatief beïnvloed. F.W. Reitz het dit in die Senaat duidelik gemaak dat hy in murg en been 'n republikein is en dit altyd sal bly. As gevolg van hierdie standpunt is hy nie weer in 1920 as president van die Senaat verkies nie, alhoewel hy 'n senator gebly het.[6] Deneys se gevoel hieroor was dat hy uit filiale gevoelens graag sou wou hê dat sy vader weer verkies moet word, maar dat F.W. Reitz se houding veroorsaak het dat hy dit nie werklik kon verwag nie.[7]

Jare later, in Mei 1926, het hierdie stelling van Reitz hom uit 'n onverwagte oord ingehaal. Tydens 'n debat in die Volksraad oor die Senaatwetsontwerp is die Suid-Afrikaanse Partyregering (S.A.P.) daarvan beskuldig dat die verkiesing van Senatore altyd langs partylyne geskied het en dat hulle nooit 'n Nasionalis vir die Senaat genomineer het nie. Om die stelling te regverdig, is beweer dat F.W. Reitz deur die S.A.P.-regering uit die Senaat "geskop" is. Daar is verder ook beweer dat Deneys dié optrede goedgekeur het. Hy het dit egter ten sterkste ontken. Volgens hom het hy te veel respek vir sy vader gehad om so 'n handeling te ondersteun.[8]

---

[3] D. Reitz, *No outspan*, p. 26.

[4] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VI, 1910-1924*, p 259.

[5] L. Egeland, *Bridges of understanding: A personal record in teaching, law, politics and diplomacy*, p. 87.

[6] W.J. de Kock en D.W. Krüger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II*, p. 599.

[7] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 207, privaat briewe 1920, no. 175, D. Reitz – J.C. Smuts, 9/11/1920.

[8] SAB, SRP 1/3/20, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Fifth Parliament, 12th April 1926 to 8th June 1926, 27 May 1926, kol. 4278.

In teenstelling met die republikeinse gedagtes van sy vader en broer het Reitz, as vurige ondersteuner van Smuts, die politieke ideale en doelstellinge van die S.A.P. nagevolg. Die S.A.P., wat in 1911 gestig is, het op die samewerking en die samesmelting van al die Europese rasse wat Suid-Afrika hulle permanente tuiste gemaak het, gefokus. Ander beginsels van die party was die gelykheid van Engelse en Afrikaans, die hantering van die swart vraagstuk buite party politieke verband, die aanmoediging van Europese immigrasie en die beperking van Asiatiese immigrasie.[9]

Jan Smuts het na afloop van die Eerste Wêreldoorlog na Suid-Afrika teruggekeer met die oortuiging dat Suid-Afrika niks meer kon bereik deur die Britse Ryk uit te daag nie, maar dat sy voordeel sou kon trek uit samewerking met die lande wat besig was om die Statebond te skep. Hy het geglo dat hoe groter die grondwetlike vryheid was wat die Unie het, hoe makliker sou dit wees om 'n sterk wit nasie in Suid-Afrika te skep. Terselfdertyd moes die bande met Brittanje en die ander dominiums egter versterk word. Vir hom was daar dus 'n gemeenskaplike band tussen die ontwikkeling van Suid-Afrika en die ontwikkeling van die Statebond.[10] Die noue koppeling tussen wat plaaslik en op die internasionale terreine gebeur, kon dus nie geïgnoreer word nie.[11] Hierdie benadering van Smuts het Reitz se mantra geword. Vir die res van sy lewe het dit alles wat hy in sy openbare lewe gesê en gedoen het, onderskryf.

Deur sy slaafse navolging van Smuts se standpunte toon Deneys dat hy sekere persoonlikheidseienskappe met sy vader deel. F.W. Reitz was 'n onverskrokke yweraar vir die belange van die groep waarmee hy hom geïdentifiseer het. Die drif van 'n hervormer was in hom te bespeur en wanneer hy oortuig was van die suiwerheid van die beginsels van enige saak, het hy alle opposisie getrotseer. Hy was egter nie sonder gebreke nie.

---

[9] T. Cameron (hoofred.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 232.

[10] J. Barber, *South Africa in the twentieth century: A political history – In search of a nation state*, p. 80.

[11] S. Pienaar, *South Africa and International relations between the two world wars: The League of Nations dimension*, p. 175.

Sy optrede was soms taktloos en nie altyd deurdag nie, met die gevolg dat hy tot aanvegbare insigte gekom of oorhaastige besluite geneem het. Wrywing tussen hom en sy Volksraad het gereeld plaasgevind.[12]

Deneys was onverskillig teenoor gevaar, het ‘n vinnige humeur gehad en was ‘n onverskrokke vegter, ongeag òf hy hom op die politieke- òf oorlogsterrein bevind het. As ‘n kind het hy homself in die Anglo-Boereoorlog ingewerp ter verdediging van sy mense. Later het hy homself in Europa bevind. Wanneer hy in ‘n geveg betrokke geraak het, hetsy polities of militêr, was dit ter verdediging van wat hy geglo het ‘n regverdige saak was. Hy het altyd geveg vir vryheid. En nadat hy by ‘n geveg betrokke geraak het, sou geen oormag, ontberinge of gevare hom daarvan laat afwyk het nie. In die Anglo-Boereoorlog het hy vir die onafhanklikheid van sy eie mense geveg, in Vlaandere vir die vryheid van ander.[13]

Reitz se uitstaande kenmerk in sy openbare lewe was sy uitgesprokenheid. Hy het die moed gehad om sy eerlike mening uit te spreek, al het dit veroorsaak dat hy populariteit daarvoor ingeboet het. Hy het homself eerstens as ‘n Suid-Afrikaner en tweedens as ‘n Afrikaner beskou. Hy het nie omgegee van watter etniese of rassegroep sy teenstander was nie, as hy gedink het hy verdien ‘n hou, het hy dit uitgedeel. En sy tong kon soos ‘n sweep slaan. Hy was egter bereid om net soveel straf te neem as wat hy uitgedeel het.[14]

### *6.1 Huwelik*

Voordat Reitz egter aktief by die politiek betrokke geraak het, het hy tot ’n stap oorgegaan waarvan daar geen vermelding in enige van sy geskrifte is nie, naamlik om vir hom ‘n lewensmaat te kies. Met sy terugkoms in Kaapstad

[12] J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 219.

[13] *Rand Daily Mail*, 20/10/1944, Death of Col. Deneys Reitz, soos verkry in GG, Vol. 1176, No. 27/702, Deaths: General. Death, in Londen, of Col. the Hon. Deneys Reitz, on 19th October, 1944.

[14] *Rand Daily Mail*, 20/10/1944, Col. Reitz’s romantic career, p. 4.

in 1919 het hy Leila Agnes Buissine Wright (13/12/1887-29/12/1959), die dogter van ‘n Kaapstadse dokter, ontmoet en getrou. Van hul warrelwind romanse kon geen inligting opgespoor word nie en die presiese datum van hul huwelik is boonop vaag, maar dit was na alle waarskynlikheid vroeg in 1920.[15] Dat Reitz egter met ‘n vrou getrou het wat sy gelyke was, is nie te betwyfel nie.

Leila het in 1905 ‘n eersteklas matriek aan die High School for Girls in Rondebosch verwerf waarna sy dit opgevolg het met ‘n B.A.-graad aan die Suid-Afrikaanse Kollege in Kaapstad. ‘n Beurs van die Universiteit van Kaapstad het haar die geleentheid gegee om vanaf 1910 tot 1913 aan die Newnham College, Cambridge, in Engeland, te gaan studeer, waar sy die tripos[16] in geskiedenis behaal het. Daarna het sy na Suid-Afrika teruggekeer waar sy tot en met haar en Reitz se troue geskiedenis aan die Universiteit van Kaapstad gedoseer het.[17]

Reeds vroeg in haar getroude lewe het sy met die Suid-Afrikaanse Party te doen gekry, aanvanklik terwyl sy Reitz in sy politieke loopbaan ondersteun het, maar daarna op haar eie.[18] Sy het ‘n skerp intellek, oortuigende welsprekendheid en opregte medelye met minderbevoorregtes gehad en dit het haar ‘n geesdriftige en geslaagde sosiale hervormer en kampvegter vir vroueregte gemaak.[19] Ten spyte van toenemende verpligtinge met die geboorte van haar twee kinders, het sy gedien as uitvoerende lid van die vroueafdeling, die Witwatersrandse Dagbestuur en die Nasionale Hoofkomitee van dié S.A.P. In 1930 het sy met onder andere Bertha Solomon, ‘n voorstander van vroueregte, parlementariër en skryfster,[20] gehelp om stemreg vir vroue te verseker. In 1933 het sy die voorreg gehad

[15] A. Cunningham, Deneys and Leila Reitz, *Parktown and Westcliff Heritage Trust*, no. 27, p. 4.

[16] http://www.cam.ac.uk/admissions/undergraduate/courses/tripos.html, 30/05/2008. Die verdeling van die Universiteit van Cambridge se verskillende B.A.-honneurs kursusse word ‘n tripos genoem. Dit bestaan normaalweg uit twee dele, met deel I ‘n algemene kursus terwyl deel II spesialisering in ‘n spesifieke vakgebied toelaat. Beide gedeeltes moet geslaag word om vir die graad te kwalifiseer.

[17] C.J. Beyers (hoofred.) en J.L. Basson (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*, p. 671.

[18] A. Cunningham, Deneys and Leila Reitz, *Parktown and Westcliff Heritage Trust*, no. 27, p. 4.

[19] C.J. Beyers (hoofred.) en J.L. Basson (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*, p. 671.

[20] C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, p. 622.

om die eerste Suid-Afrikaanse vrou te word wat tot die Volksraad toegelaat is toe sy as die Suid-Afrikaanse Party se verteenwoordiger vir Parktown verkies is. Hierdie posisie het sy in 1943 prysgegee toe sy Reitz na Londen vergesel het met sy aanstelling as Hoë Kommissaris daar.[21] Haar optredes het Reitz laat meld dat sy veel meer polities georiënteerd was as hy.[22]

Deneys en Leila het dieselfde politieke ideologieë gedeel en hulle grootliks beywer vir dieselfde uitkomste, byvoorbeeld die vereniging van die partye van genls. Hertzog en Smuts om in 1934 die Verenigde Suid-Afrikaanse Nasionale Party te vorm, die samesmelting van die Britse en Afrikaner seksies van die gemeenskap en die behoud van Britse nasionaliteit.[23] Leila se betrokkenheid by die S.A.P. het egter in skrille kontras gestaan met dié van Reitz. Hy het klaarblyklik nie veel erg daaraan gehad nie en sy naam kon net in twee van die S.A.P. se kongresnotules vanaf 1920-1944 opgespoor word, naamlik in dié van 1923[24] en 1930[25]. Hy het waarskynlik net so min daarvan gehou om kongresse by te woon en om op komitees te dien, as wat hy daarvan gehou het om in ‘n kantoor te sit en werk.

As die voorafgaande in ag geneem word, is dit uiters vreemd dat Reitz bitter min melding maak van Leila in enige van sy gepubliseerde werke. Dit hou moontlik verband daarmee dat sy eers vanaf 1920 deel van sy lewe uitgemaak het en gevolglik nie in *Commando* en *Trekking on* genoem kon word nie, maar dit gee nie ‘n verduideliking vir haar afwesigheid uit *No Outspan* nie. ‘n Moontlike verklaring is dat Deneys in *No outspan* grootliks gefokus het op sy avonture en reise en dat sy nie daarby betrokke was nie. Selfs in sy politieke loopbaan het sy, alhoewel sy hom ondersteun het, merendeels beskeie op die agtergrond gebly. Hulle belangstellings het

---

[21] C.J. Beyers (hoofred.) en J.L. Basson (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*, p. 671.

[22] A. Cunningham, Deneys and Leila Reitz, *Parktown and Westcliff Heritage Trust*, no. 27, p. 4.

[23] C.J. Beyers (hoofred.) en J.L. Basson (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*, p. 671.

[24] SAB, A202, Zuid-Afrikaanse Partij, Notule van die Sewende Provinsiale Kongres van die Suid-Afrikaanse Party, 25-26/09/1923, Afskeidswoorde deur Deneys Reitz, pp. 21-22.

[25] UNISA, S.A.P., Central Head Office Congresses, 1923-1930, Notule van die Tiende Unie Kongres van die Suid-Afrikaanse Party, 10-11/12/1930, p. 20.

hemelsbreed van mekaar verskil en hulle fokus op die politieke terrein was totaal en al anders.

Volgens die beskrywing van persone wat hulle geken het, was Leila verknog aan Reitz en was hulle die ideale paartjie. Hy was joviaal, onnutsig en 'n grapjas, 'n man tussen die manne en 'n storieverteller soos min en Leila het 'n ferm hand nodig gehad om te verhoed dat sy streke nie hand uit ruk nie. Na hulle troue het Dot Gregg aan Smuts geskryf dat hy homself nie meer sou hoef te bekommer dat Reitz met onewe pare skoene aan saam met hom by die Savoy sou gaan eet nie. Leila sou sorg dat hy dit nie doen nie.[26] 'n Verdere voorbeeld wat dui op die lewe wat Reitz Leila laat lei het, kom voor in 'n brief wat Reitz aan Joan Rowntree, 'n vriendin van hom en Smuts, geskryf het. Hy het aan haar die storie van die spioen Colyn, wat tydens die Anglo-Boereoorlog 'n Britse lansiersregiment na die skuilplek van kmdt. Ben Bouwer gelei het en toe daarvoor gefusilleer is, vertel. Hy het egter 'n stertjie aan die storie gelas. Volgens hom het sy suster, Bessie, Colyn se oorskot opgegrawe as deel van haar studies. Reitz het glo Colyn se kakebeen in die hande gekry en was van plan om dit saam met soortgelyke trofeë in sy huis te monteer, maar Leila het 'n stokkie daarvoor gesteek.[27] Die storie was waarskynlik 'n versinsel wat daarop gerig was om Rowntree se been te trek, maar dit het geensins afbreek aan haar respek vir hom gedoen nie. Sy skryf dat "... the Oom Neysies are the ones to put your money on rather than those fluffy Piets."[28]

'n Verdere gebeurtenis in 1920 wat waarskynlik vir Reitz van groot waarde was, was die geboorte van sy oudste seun op 5 Desember.[29] Uit erkenning vir die rol wat Smuts in Reitz se lewe gespeel het, is hy aangewys as die kind se

---

[26] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 207, privaat briewe 1920, no. 184, D. Gregg - J.C. Smuts, 04/12/1920.
[27] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 208, privaat briewe 1921, no. 25, J. Rowntree - J.C. Smuts, 06/06/1921, pp. 1-2.
[28] *Ibid.*, pp. 1-2.
[29] TAB, MHG 6162/52, Claude Michael Deneys Reitz.

peetouer. Die seun, Jan, is boonop ook na Smuts vernoem.[30] Weer eens was dit, soos met sy huwelik, ‘n persoonlike gebeurtenis wat geen aftrek in *No outspan* kry nie. Dit laat die vraag ontstaan of Reitz geen werklike gevoelens vir sy familie gehad het nie? Was hy so afsydig en het hulle so min waarde vir hom gehad dat hulle nie meldenswaardig was nie? Waarskynlik nie. Alhoewel *No outspan* die verloop van Reitz se lewe aanspreek, is dit op ‘n baie oorsigtelike manier gedoen. Hy gebruik sy verskillende reise en avonture om die gebiede wat hy besoek, asook die mense en diere wat hy teëkom, te beskryf. In verhouding hiermee raak sy eie lewe van sekondêre belang en baie groot gebeurtenisse, byvoorbeeld die vlagkwessie in die middel en laat 1920's en sy eie betrokkenheid by die parlement, word oorsigtelik behandel. Dieselfde geld vir enige verwysings na sy familie.

Sekere gebeurtenisse het egter plaasgevind wat daarop dui dat sy liefde vir sy familie nie in twyfel getrek kan word nie. In 1935 het Jan sy vingers en oog in ‘n ontploffing verloor - ‘n voorval wat Reitz swaar getref het. Hy was in daardie stadium betrokke by die Britse Ryk Parlementêre konferensie in Londen, maar sou veel eerder in Suid-Afrika wou wees om Jan te ondersteun. Die standbeeld van admiraal Nelson op Trafalgarplein het hom egter nuwe moed gegee. “The thought of my boy having to face life with the handicap of missing fingers appalled me for the moment. Now, after looking out there, I am reminded that to men of the right spirit physical handicaps count for nothing.” Hy het die volgende aan Jan getelegrafeer: “Terribly upset by your accident. I am looking at the Nelson column now. Nelson climbed pretty high with one hand and one eye.”[31]

Sy liefde vir sy kinders blyk ook uit die hoeveelheid tyd wat hy saam met hulle op sy plaas Sandringham asook in Valsbaai deurgebring het. By beide hierdie plekke het hy gepoog om sy liefde en kennis van die natuur aan hulle oor te dra. Hy het soveel as moontlik tyd saam met hulle probeer deurbring en geen liefdelose vader sou so iets gedoen het nie.

---

[30] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 238, privaat briewe 1935, nos. 1–244 (172), J.C. Smuts - sir H. Gillies, 16/07/1935.

[31] Aangehaal in J.S.M. Simpson, *South Africa fights*, p. 46.

## 6.2 Die 1920- en 1921-verkiesings

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog was die Suid-Afrikaanse ekonomie goed op dreef. Die ontginning van goud het soos normaal voortgegaan, die landbou het gefloreer en sekondêre industrieë het ontstaan om die gapings te vul wat deur die gebrek aan invoere tydens die oorlog veroorsaak is. Daarmee saam het belastings en in- en uitvoerregte egter skerp toegeneem, pryse het gestyg en profytmakery was alledaags. Huur was onbeheerd en die lewenskoste het die hoogte ingeskiet. Na die oorlog het die ekonomiese toestand egter geleidelik versleg en het die land in ‘n naoorlogse depressie verval. Die prys van goud het geval en daarmee saam winste en salarisse. Stygende kostes het die voortbestaan van laegraadmyne en die poste van baie mynwerkers bedreig. Myne het toegemaak en die landbou het ineengestort. Bankrotskap, werkloosheid en arbeidsonrus was aan die orde van die dag. Wit en swart het na die stede gestroom waar hulle vir dieselfde werksgeleenthede moes meeding. Witmans wat van die oorlog af teruggekeer het, veral mynwerkers, moes boonop uitvind dat swart werkers teen laer salarisse in hulle plekke aangestel is. Hulle is gekonfronteer deur die ondermyning van hulle ekonomiese voorregte, hoër lewenskoste en ‘n moontlike val in lewenstandaarde, alles faktore wat tot groot ongelukkigheid gelei het.[32]

Dit was egter nie net die ekonomiese toestande wat die S.A.P. verontrus het nie. Volgens Reitz was die S.A.P. se politieke vooruitsigte glad nie gerusstellend nie en is hulle in die gesig gestaar deur toenemende rasse-konflik. Die S.A.P. se ondersteuners het uit die meer gematigde Afrikaners en amper al die Engelssprekende burgers bestaan.[33] Hulle het Smuts se gedagte dat die Unie “de facto” onafhanklikheid en gelykheid van status binne die Britse Ryk gehad het, nagevolg en was daarop gefokus om hierdie Britse

---

[32] F. Troup, *South Africa: An historical introduction*, pp. 229-230.
[33] D. Reitz, *No outspan*, p. 26.

bande te versterk.[34] Hoe meer pro-Brits Smuts egter geraak het, hoe groter het die teenstand teen hom geword.[35]

Teenoor die S.A.P. het genl. J.B.M. Hertzog se N.P. gestaan, 'n party wat tydens die Eerste Wêreldoorlog die geleentheid gehad het om te groei en sterker te word terwyl die S.A.P. verswak het.[36] Hertzog het die regering en sy ekonomiese beleide gekritiseer terwyl hy terselfdertyd die belangrikheid van Afrikaans en die behoefte aan soewereine onafhanklikheid verkondig het. Hy was van mening dat Smuts uit voeling met die behoefte van die kiesers was en dat sy idees veroorsaak het dat al hoe meer Suid-Afrikaners na die Nasionale Party oorgeloop het.[37] Reitz meld dat die Sappe die Nasionaliste van onverdraagsaamheid en rassisme beskuldig het, maar dat die Nasionaliste geweet het wat hulle doelwitte was. Volgens hom het hulle sterk ras gebaseerde gevoelens hulle heelwat meer gebaat as die eentonige beroepe wat die S.A.P. op hulle volgelinge gedoen het.[38]

Dit is in lig van bogenoemde politieke en ekonomiese omstandighede wat die Unie se derde algemene verkiesing op 10 Maart 1920 plaasgevind het. Vanuit 'n Suid-Afrikaanse Party oogpunt het die konstitusionele band met Brittanje groot aftrek gekry, terwyl die opposisie weer gefokus het op onder meer die hoë lewenskoste en die posisie van Indiërs. Die regering is ook van wanbestuur tydens die oorlogsjare beskuldig.[39] Die kiesers se ongelukkigheid met die regering het tydens dié verkiesing duidelik na vore gekom en die Nasionale Party het 44 setels, die S.A.P. 41, die Unioniste Party (U.P.) 25 en die Arbeidersparty (A.P.) 21 setels gewen. 'n Politieke dooiepunt is bereik, aangesien nie een van die partye 'n volstrekte meerderheid kon behaal nie.[40] Die hoeveelheid setels wys duidelik hoe die regering se steun besig was om te kwyn. Die N.P. se verteenwoordiging het vermeerder van 26 setels tot 44

[34] J. Barber, *South Africa in the twentieth century*, p. 80.
[35] D. W. Krüger, *The making of a nation: A history of the Union of South Africa, 1910-1961*, p. 111.
[36] D. Reitz, *No outspan*, p. 27.
[37] J. Barber, *South Africa in the twentieth century,* p. 80.
[38] D. Reitz, *No outspan*, pp. 26-27.
[39] T. Cameron (hoofred.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 243.
[40] J. Fisher, *The Afrikaners*, p. 242.

en die van die A.P. van 4 tot 21. In teenstelling hiermee het die S.A.P. se aantal setels van 54 tot 41 en dié van die Unioniste van 40 tot 25 verminder.[41]

Hierdie vermindering in steun, asook mislukte pogings om die S.A.P. en die N.P. te laat saamsmelt, het die S.A.P. en U.P. geen ander keuse gelaat as om te verenig nie - Smuts omdat hy nie andersins die regering sou kon lei nie en die Unioniste omdat hulle besef het dat hulle die regering nooit op hulle eie sou kon oorneem nie. Die hele basis van samesmelting was ongetwyfeld Smuts se beleid van samewerking met die Britse Ryk,[42] asook die feit dat hy die Nasionaliste se aanspraak op die reg van afskeiding van die Britse Ryk en Statebond as 'n bedreiging vir die Unie se eenheid vir die Unioniste voorgehou het.[43] Die absorbering van die Unioniste in die S.A.P. het Smuts die geleentheid gegee om sy posisie te verstewig deur 'n verkiesing uit te roep. Die uiteinde van die algemene verkiesing van 8 Februarie 1921 was dat die S.A.P. dit oortuigend gewen en 'n totale nuwe politieke speelveld in Suid-Afrika ontstaan het. Hertzog, wat vantevore deel van die kabinet was, was nou amptelik die leier van die opposisie en woordvoerder vir Afrikaner nasionalisme, terwyl Thomas Smartt, die voormalige opposisieleier, in die kabinet gesit het.[44]

Vir Reitz was die verkiesing geensins maklik nie. Hy skryf dat die land in beroering was en dat die verkiesingstryd amper erger as die gevegte in die loopgrawe was. Sprekers het van elke moontlike platform af gepraat, koerante het spesifieke belange verteenwoordig en die S.A.P. het hulle evangelie van vrede en welwillendheid in net sulke heftige taal verkondig as die beleid van haat en wanorde waarvan hulle hulle teenstanders beskuldig het. Reitz self het 'n groot hoeveelheid wanordelike vergaderings toegespreek

---

[41] R. Lacour-Gayet, *A history of South Africa*, p. 263.

[42] J. Barber, *South Africa in the twentieth century,* p. 80.

[43] D.O. Rhoodie, *Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot soewereine onafhanklikheid*, p. 97; G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1910-1924 VI*, p 382.

[44] J. Barber, *South Africa in the twentieth century*, p. 81.

en moes aan drie uitputtende en duur verkiesingstryde deelneem voordat hy uiteindelik as lid van die parlement verkies is.[45]

Reitz het aanvanklik in die algemene verkiesing op 10 Maart 1920 as S.A.P. kandidaat vir Bloemfontein-Suid teen dr. C.F. (Colin) Steyn van die N.P. gestaan[46] - heel ironies aangesien beide van hulle die seuns van presidente van die voormalige Vrystaatse Republiek was. Reitz, wat hierdie stryd met 967 teen 866 stemme gewen het,[47] is op 10 Maart 1920 in die Buitengewone Staatskoerant verkose verklaar.[48] Hy kon hom egter nie lank in hierdie oorwinning verlustig nie en bedank op 15 Maart as lid van dié kiesafdeling vanweë ongerymdhede met van die stembriewe. Volgens ‘n berig in die *Cape Times* van 12 Maart is sowat 200 stemme van Shannon Valley nie deur die kiesbeampte toegelaat nie aangesien dit nie met die amptelike verkiesingstempel gestempel is nie. Indien hierdie stemme getel is, sou Steyn Reitz met 1 022 stemme teenoor 1 012 verslaan het. Aangesien Reitz nie in ‘n latere stadium vanweë ‘n tegniese punt in die hof wou beland nie, het hy besluit om eerder te bedank.[49] Tydens ‘n tussenverkiesing op 3 Augustus 1920 is die uitslag van die algemene verkiesing egter bevestig en het Reitz die oorwinning met ‘n meerderheid van 141 stemme behaal.[50]

‘n Voorval wat vir Reitz tydens die verkiesing in Bloemfontein-Suid heelwat ergernis veroorsaak het, was bewerings van die A.P.-kandidaat vir Bloemfontein-Noord, A.G. Barlow, dat die kiesers vir hom moet stem in plaas van die U.P. kandidaat H.F. Blaine. Volgens Barlow het Reitz hierdie optrede ondersteun, maar Reitz het dit ontken. Barlow het, sonder dat Reitz daarvan

---

[45] D. Reitz, *No outspan*, p. 27.

[46] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 80.

[47] *Ibid.*, p. 80.

[48] SAB, GG, 1363, 40/145, Parliament. Union. 1st session of 3rd Parliament. Opening ceremony at 3'0 clock. From clerk of the Ex.Co, Pta. 19 February 1920. Buitengewone Staatskoerant van de Unie van Zuid-Afrika, 15 Maart 1920, No. 1033. Goevernements Kennisgeving no. 464. Lede wat verkies is tot Volksraad, p. 60.

[49] *The Cape Times*, 12 March 1920, Col Reitz's decision to resign. Soos wat dit verskyn in SAB, GG, 1106, 23/456, Union Electoral Matters. General Election, March 10th 1920: Report of S of S on results of. From Mr Hofmeyr, Cape Town, 18/03/1920; SAB, GG, 1106, 23/453, Union: Electoral Matters. Notifies his resignation as member for Bloemfontein South. From Deneys Reitz, 15/03/1920.

[50] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 107.

kennis gedra het, 'n advertensie in 'n koerant geplaas wat gesê het "Vote for Reitz and Barlow". 'n Artikel wat in die *People's Weekly*, die plaaslike Arbeidersparty koerantjie, verskyn het, het S.A.P.-kiesers boonop versoek om nie vir Blaine te stem nie. Vir Reitz was Barlow se optrede buite orde en ongevraagd. In antwoord op die vraag wie die S.A.P. in Bloemfontein-Noord ondersteun, het hy gesê dat al wat hy wou hê, is dat die N.P. verslaan moet word en dat hy verder neutraal sou bly.[51] Ongeag enige van hierdie onderstrominge het die N.P. Bloemfontein-Noord met 'n meerderheid van 296 stemme gewen.[52]

Dit blyk dat die uitslag van die tussenverkiesing in Bloemfontein-Suid op 3 Augustus 1920 nie die laaste skoot om die setel in dié kiesafdeling was nie. In die algemene verkiesing van 8 Februarie 1921 het Steyn die bordjies verhang en is Reitz met 1 189 stemme teen 1 142 verslaan - 'n merkwaardige prestasie as in ag geneem word dat Steyn terselfdertyd in Bloemfontein-Suid en Vredefort verkiesbaar was en dat hy albei setels verower het. Hy het egter verkies om Bloemfontein-Suid te verteenwoordig[53] en Reitz moes ander weivelde gaan soek. Dié situasie het Smuts in 'n moeilike posisie geplaas aangesien hy Reitz as van onskatbare waarde vir homself beskou het.[54] Uitkoms is verleen toe Smuts Edgar Walton as Hoë Kommissaris na Londen gestuur het en Reitz sy Port Elizabeth Sentraal[55] setel onbestrede tydens 'n tussenverkiesing op 15 Maart 1921 kon verower.[56]

Reitz se laaste toespraak in Bloemfontein is met 'n groot gespottery en uitjouery deur die Nasionaliste begroet.[57] In Port Elizabeth Sentraal het die teenoorgestelde egter gebeur en reeds met sy eerste toespraak daar het hy

---

[51] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 207, privaat briewe 1920, no. 174A, D. Reitz - J.C. Smuts, ongedateerd.

[52] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 80.

[53] *Ibid*., p. 109.

[54] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 208, privaat briewe 1921, no. 281, J.C. Smuts – A.B. Gillet, 10/02/1921.

[55] G.H. Nicholls, *South Africa in my time*, pp. 137-138.

[56] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 126.

[57] *Rand Daily Mail*, 1/02/1921, Lively meeting for Reitz. Gallant Colonel faces his foes. Bloemfontein South fight. Soos wat dit verskyn in SAB, GG, 19/560A, Governor-General: Reports to S. of S. Parliamentary election campaign: Press cuttings to 1st February 1921.

die verbeelding van die kiesers aangegryp. Volgens die *Rand Daily Mail* sou mens baie ver in die verlede moes teruggaan om 'n vergelyking te kon trek met wat hy reggekry het. Hy is vanaf sy aankoms dwarsdeur sy toespraak toegejuig. Aan die einde daarvan, nadat 'n mosie van vertroue in hom gestel is, het sy ondersteuners opgestaan en spontaan begin om "For he's a jolly good fellow" te sing. Hy het sy toespraak gebruik om sy luisteraars aan te moedig om die Vrystaatse Nasionaliste met verdraagsaamheid en simpatie te bejeën. Volgens hom het hulle goeie kwaliteite gehad maar is hulle deur politieke avonturiers mislei. Hy het gesê dat die benoeming van 'n persoon afkomstig uit die Vrystaat, 'n vesting van rassehaat, in Port Elizabeth, bewys gelewer het dat die samesmelting van die Unioniste en die S.A.P. nie net 'n geval van politieke opportunisme was nie. Port Elizabeth se optrede het aan die Vrystaatse Nasionaliste bewys dat hulle mislei is en dat hulle wantroue en agterdogtigheid van die Britte ongegrond was. Reitz het sy standpunte versterk deur verwysings na sy eie lewe. Volgens hom het genl. Botha tydens die Vrede van Vereniging gesê dat Suid-Afrika se enigste hoop was om die verlede te vergeet en dat die twee wit rasse moes saamwerk. Hyself het in daardie dae geweier om aan hierdie toekomsgerigte en wyse doktrine gehoor te gee en het eerder die land verlaat. Eers lank daarna kon genl. Smuts hom daarvan oortuig dat daar iets beter as rassehaat was en dat daar 'n beter bestemming vir Suid-Afrika was as om dié gevoel groot te maak. As dit nie vir Smuts was nie, sou hy in die buiteland gebly het. Hy het Smuts beskryf as die grootste Suid-Afrikaner wat die land ooit opgelewer het. Behalwe dié woorde is sy aansien aansienlik verhoog deur die feit dat hy geen belonings aan Port Elizabeth belowe het indien hy sou wen nie.[58]

Bogenoemde verwysings na die Vrystaatse Nasionaliste is gedoen na aanleiding van bewerings dat hy nie die Unioniste kon vertrou nie en dat hulle hom in die steek sou laat. Sy oorwinning in Port Elizabeth het egter hierdie stelling verkeerd bewys en aan hom genoeg skietgoed gegee om vermakerig op te merk dat hy daarna uitsien om weer in die Vrystaat te gaan toer. Dit sou

[58] *Rand Daily Mail*, 14/03/1921, Why he returned from Madagascar. Reitz's tribute to Smuts. Magnificent reception at the Bay.

aan hom die geleentheid gee om hulle woorde onder hulle neuse te gaan vryf. Reitz het egter veel meer by sy oorwinning ingelees. Hy het ook beweer dat sy verkiesing in Port Elizabeth die weg gebaan het vir die S.A.P. om die verkiesing in die Marico-distrik te wen.[59]

Met sy eerste toespraak in Port Elizabeth op 14 Maart 1921 het Reitz 'n versoenende houding teenoor die Vrystaatse Nasionaliste ingeneem. Na sy verkiesing het sy houding egter dramaties verander. Hierdie verandering in standpunt kan waarskynlik gesien word as politieke retoriek en die optrede van 'n politikus wat bloot stemme wou werf. Dit sou egter 'n vereenvoudiging van 'n meer komplekse situasie wees. Reitz het 'n noue verbintenis met die Vrystaat gehad. Sy vader was in 'n stadium die president daarvan en hyself het daar grootgeword. Die gespottery en uitjouery deur die Nasionaliste, asook die feit dat hy die verkiesing in Bloemfontein-Suid verloor het, sou gevolglik vir hom 'n baie tere saak gewees het. Om terug te keer na die Vrystaat as lid van die Volksraad sou aan hom die geleentheid gee om aan hulle te bewys dat hulle hom miskien mag verwerp het, maar dat hy tog suksesvol was in wat hy gedoen het. Dit sou waarskynlik ook gedien het as 'n finale breek met sy verlede – die pad wat hy ingeslaan het, was heeltemal verwyder van die republikeinse strewe wat hy ook in 'n stadium in sy lewe ondersteun het.

Met die aankondiging van sy verkiesing as verteenwoordiger vir Port Elizabeth Sentraal is Reitz spontaan deur sy ondersteuners toegejuig. Hyself het sy verkiesing as die "… copingstone of what has been my life's work" beskou.[60] Dit kan maar net aangeneem word dat hy, sedert hy homself in 1915 vir die eerste keer verkiesbaar gestel het, 'n strewe gehad het om tot die parlement verkies te word. Sy motiewe hiervoor is nie duidelik nie, maar hy is heel waarskynlik deur sy noue verbintenis met Botha en Smuts beïnvloed. In

---

[59] *Rand Daily Mail*, 16/03/1921, Party Fusion Sincere. Port Elizabeth furnishes the proof. Colonel Reitz and his unopposed return.

[60] *Rand Daily Mail*, 16/03/1921, Party Fusion Sincere. Port Elizabeth furnishes the proof. Colonel Reitz and his unopposed return.

die lang duur sou dit die enigste manier wees om sy lojaliteit teenoor Smuts bevredigend uit te leef.

Sy teenstanders was egter heelwat minder opgewonde daaroor dat hy verkies is. In April 1931 het E.A. Conroy, die N.P. verteenwoordiger van Hoopstad, in die Volksraad beweer dat Reitz slegs die setel in Port Elizabeth gewen het omdat Jan Smuts die kiesers daar belowe het dat as hulle Reitz verkies, hy 'n minister sou word en hulle dan 'n hawe sou kry. Conroy het verder ook gesê dat Reitz so onpopulêr in Port Elizabeth was dat hy in 1929 na Barberton moes verskuif omdat hy nie weer in Port Elizabeth 'n verkiesing sou kon wen nie.[61] Alhoewel Conroy se bewerings waarskynlik blote politiekery was, skep Reitz se aksies in 1923 die indruk dat daar moontlik waarheid daarin kon steek. Hy het byvoorbeeld op 23 November 1923 'n belofte aan die Port Elizabethse Kamer van Koophandel gemaak dat hy sy bes sou doen om die Spoorwegraad te oortuig om Port Elizabeth so gou as moontlik te besoek sodat hulle die uitbreiding van die hawe kon ondersoek.[62] Of sy belofte enige impak op die lang duur gehad het, is nie duidelik nie. Dat sy optrede egter opreg bedoel was en hy die belofte gedoen het as gevolg van suiwer ekonomiese motiewe, kan nie buite rekening gelaat word nie. 'n Groter en beter toegeruste hawe in Port Elizabeth sou addisionele inkomste en handel deur middel van in- en uitvoere beteken het - nie net vir Port Elizabeth nie, maar vir die hele Suid-Afrika. In die swak ekonomiese toestande van die vroeë 1920's was dit broodnodig.

Die kabinet wat Smuts na afloop van die verkiesing saamgestel het, het soos volg daar uitgesien: Smuts, Eerste Minister en Minister van Naturellesake; sir Thomas Watt, Minister van Openbare Werke, Pos- en Telegraafwese; F.S. Malan, Minister van Mynwese en Nywerheid; adv. H. Burton, Minister van Finansies; adv. N.J. de Wet, Minister van Justisie; kol. H. Mentz, Minister van Verdediging; sir Thomas Smartt, Minister van Landbou; Patrick Duncan,

---

[61] SAB, SRP1/3/33, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Sixth Parliament, 30th January to 6th June 1931, vol. 17 (13th April to 6th June 1931), 20/04/1931, kol. 2653.

[62] *Die Burger*, 24/11/1923, Min. Reitz in Port Elizabeth. Uitbreiding van die hawe, p. 7.

Minister van Binnelandse Sake, Onderwys en Volksgesondheid; J.W. Jagger, Minister van Spoorweë en Hawens, en Reitz[63] wat op 18 Maart 1921 as minister van Lande en Besproeiing ingesweer is[64] ten spyte daarvan dat hy slegs ‘n paar maande Parlementêre ondervinding gehad het.[65]

Reitz, die enigste nuweling, was ‘n toevoeging wat nie noodwendig almal se goedkeuring weggedra het nie. Volgens G.H. Nicholls het Reitz sy aanstelling daaraan te danke gehad dat hy ‘n beskermling van Smuts asook die seun van ‘n oud president van die Oranje-Vrystaat was. Twyfel het bestaan of daar enige politieke voordeel uit sy aanstelling getrek sou kon word en sy gebrek aan parlementêre ondervinding het baie ontevredenheid in die S.A.P. veroorsaak.[66]

Reitz se benoeming as Minister het hom ‘n lid gemaak van twee van die hoogste liggame van die Nasionale Regering van Suid-Afrika, die Uitvoerende Raad – die kabinet of ministerie – en die Volksraad, ‘n liggaam wat saam met die koning en die Senaat die parlement van die Unie gevorm het. Die kabinet se lede het aan die hoof van die verskillende staatsdepartemente gestaan, het die land regeer en wette gemaak. Dit het bestaan uit die voorste lede van die party met die meeste setels in die Volksraad.[67] Die Volksraad het weer bestaan uit 150 lede wat deur die kiesers van die Unie in die verskillende kiesafdelings, soos bepaal deur die Suid-Afrika Wet, verkies is. Verteenwoordigers is vir ‘n tydperk van vyf jaar verkies – die periode wat elke Volksraad normaalweg geduur het, tensy dit deur die Goewerneur-generaal ontbind is. Volksraadslede kon egter voor die einde van so ‘n periode uit hulle setels bedank. Elke lid van die Volksraad het ‘n toelaag van £400 per jaar ontvang, terwyl die Speaker en die Ministers ‘n

[63] O. Geyser en A.H. Marais (red.), *Die Nasionale Party I: Agtergrond, stigting en konsolidasie*, pp. 426-427.
[64] SAB, GG, 963, 19/583: GG Reports to Secretary of State. Parliamentary report for the week ending 24/03/1921.
[65] *Rand Daily Mail*, 20/10/1944, Col. Reitz’s romantic career, p. 4.
[66] G.H. Nicholls, *South Africa in my time*, p. 138.
[67] M.S. Geen, *The making of South Africa*, pp. 211-212.

salaris van die kroon ontvang het.[68] Die Volksraad het ten minste een maal per jaar vergader.[69]

Reitz se portefeulje as Minister van Lande het hom perfek gepas. Smuts se toekenning van dié portefeulje aan hom wys daarop dat hy deeglik besef het wat Reitz se sterk punte was en waar hy die beste sou aard. Al was Reitz onseker oor hoe lank hy as gevolg van die opkoms van die Nasionale Party oor sy nuwe koninkryk sou heers, het hy hom met groot toewyding aan sy opgelegde taak gewy.[70] Volgens Reitz het hy oor "...palm and pine..." beheer gehad, 'n fassinerende taak wat hom beheer gegee het oor "...all the public domains of South Africa", insluitende die meer afgeleë gebiede, woestyne, woude en moerasse, redelik ongekende gebiede wat bewoon is deur wilde diere en wilde mense.[71] In sy hele loopbaan was hy die gelukkigste as Minister van Lande aangesien die portefeulje aan hom die geleentheid gegee het om weg te breek van sy normale dagtake.[72] In realiteit en volgens beskrywing van die amptelike jaarboeke van die tyd, was die Departement van Lande nie naastenby so opwindend as was Reitz dit maak klink het nie. Daarvolgens was die departement verantwoordelik vir die administrasie, beheer en vervreemding van kroongrond, met as hooftake landmeting, die registrasie van aktes, besproeiing, waterbewaring, boorgate en weerkunde.[73]

Reitz se benadering tot sy pos as minister word goed deur verskeie van sy tydgenote opgesom. In die *Rand Daily Mail* is geskryf dat hy deur sy hele lewe 'n gees van "...adventure, [an] everlasting desire to see what lies over the next hill, or round the next bend of the road" weerspieël het. Hy het Suid-Afrika beskou as 'n land van avontuur - 'n land waarin hy as jeugdige avonture beleef het en waarin hy as man, verdiep in sy pligte as minister,

---

[68] SAB, SRP8/5, *Official year book of the Union of South Africa and of Basutoland, Bechuanaland Protectorate, and Swaziland. Statistics mainly for the period 1910-1924,* no. 7, p. 92.
[69] M.S. Geen, *The making of South Africa*, pp. 211 en 215.
[70] D. Reitz, *No outspan*, p. 28.
[71] *Ibid.*, pp. 27-28.
[72] *Rand Daily Mail*, 20/10/1944, Deneys Reitz, p. 10.
[73] SAB, SRP8/5, *Official year book of the Union of South Africa and of Basutoland, Bechuanaland Protectorate, and Swaziland. Statistics mainly for the period 1910-1924,* no. 7, p. 82.

altyd die roep van berg en rivier gehoor het.[74] Leslie Blackwell beskryf hom as "...a throw-back to his Viking ancestry. He was essentially a wanderer and a man of adventure, and was never really suited to his calling of lawyer and politician. He was never so happy as when he could escape from his desk and set out on a new safari."[75]

Paton skryf dat Reitz bekend was vir sy "...diligence in visiting the remotest parts of his domain, especially where the hunting was good, and there was plenty of sun, fresh air, and open space; he hated sitting in an office, and left the work of his department to its permanent head."[76] Hy het dit verkies om op kampstoeltjies onder die ligte van die hemel in plaas van op verhoë te sit, terwyl hy luister na die geroep van die wildernis en nie toesprake nie.[77] Hy was dus nie 'n minister wat in 'n kantoor kon sit en administratiewe werk verrig nie. Hy het dit as slawerny[78] en "bondage"[79] beskou. Volgens Reitz se privaatsekretaris, Henry W.A. Cooper, wou Reitz niks met papierwerk te doen hê nie. Hy het 'n kantoor beskou as 'n vertrek met 'n dak wat die reën van dokumente waarna jy nie wou kyk nie, moes afhou. Dit was nie vir hom 'n funksionele werksplek nie en hy was veel gelukkiger as hy 'n brief op die treeplank van 'n kar kon sit en skryf as in die Uniegebou.[80] Op 'n soortgelyke wyse het hy nooit van die verpligte Parlementêre sittings gehou nie. Dit was gebeurtenisse wat hy as vervelig beskryf het.[81] Vir Jan Hofmeyr was die verstommendste van Reitz se benadering nie dat hy nie gewerk het nie, maar dat hy nooit voorgegee het dat hy daarvan hou nie.[82]

Bogenoemde kommentare deur Blackwell, Paton en Cooper dui op wat as die kern van Reitz se persoonlikheid gesien kan word. 'n Rustelose geaardheid

---

[74] *Rand Daily Mail*, 20/10/1944, Deneys Reitz, p. 10.
[75] J. Everard, I remember…by Mr Justice Leslie Blackwell, *The Outspan*, 13/10/1950, p. 75.
[76] A. Paton, *Hofmeyr*, p. 200.
[77] *Ibid.*, p. 216.
[78] *Rand Daily Mail*, 20/10/1944, Deneys Reitz, p. 10.
[79] D. Reitz, *No outspan*, p. 46.
[80] C. Birkby, An Outspan 'Outline' of a private secretary, *The Outspan*, 22/12/1950, p. 65.
[81] D. Reitz, *No outspan*, p. 28.
[82] A. Paton, *Hofmeyr*, p. 216.

met ‘n onversadigde behoefte aan avontuur en reis. Hierdie behoefte is reeds as kind ontwikkel en nie eers sy lojaliteit aan Smuts of sy verantwoordelikhede as ‘n minister kon hom daarvan genees nie. Tot aan die einde van sy lewe het die besoek van nuwe en vreemde plekke vir hom groot ‘n groot bekoring ingehou en is alle ander aspekte van sy lewe op die agtergrond geskuif wanneer hy die geleentheid gehad het om te kon reis - ongeag of dit sy werk of familie was.

Reitz het sy pos as minister tot die uiterste gebruik om te reis en Suid-Afrika en ook later die buiteland, te verken. Hy sou, sonder om twee keer te dink, in ‘n vliegtuig spring om na die oorstromende Oranjerivier te gaan kyk, of in ‘n kar klim om ‘n afgeleë woud of kloof waar hulle ‘n dam wou bou, te gaan besoek. Tydens hulle verbintenis het Reitz en Cooper letterlik elke uithoek van Suid-Afrika besoek. Sodra Reitz tevrede was dat ‘n spesifieke taak afgehandel was, het hulle na ‘n nuwe plek vertrek. Hulle het deur Suid-Amerika en die oorlogsgeteisterde Spanje getoer, hulle het oor die Andes-bergreeks en die Saharawoestyn gevlieg en Noord- en Wes-Afrika besoek. Hierdie veelvuldige reise het hulle laat lig loop vir Smuts wat gereeld wou weet: “Now, where on earth are you off to, Neysie?”.[83]

Sy eerste amptelike reis, ‘n sogenaamde “...tour of inspection by way of introduction to my work”, het hy kort na die 1921-parlementsitting onderneem. Dit was ‘n inspeksietoer na Zoeloeland, “...for I had heard much of the territory but had never visited before.”[84] Of die reis egter werklik so amptelik was kan bevraagteken word. In *No outspan* skep Reitz die indruk dat hy die besoek saam met ‘n paar van sy departement se amptenare afgelê het. G.H. Nicholls vertel egter ‘n ander storie. Volgens hom het hy Reitz genooi om die gebied te besoek en het hy al die reëlings daarvoor getref. Reitz was ook nie die enigste parlementariër wat die besoek afgelê het nie. C.A.A. Sephton van

[83] C. Birkby, An Outspan ‘Outline’ of a private secretary, *The Outspan*, 22/12/1950, pp. 65 en 67.
[84] D. Reitz, *No outspan*, p. 28.

Aliwal in die Kaap en J.S. Marwick van Natal (Illovo) was ook daarby betrokke.[85]

Hierdie reis, asook al die ander wat hy oor die volgende twintig jaar beleef het, bring ‘n eienskap van Reitz na vore wat veral duidelik in sy boeke weerspieël word. Hy het ‘n fyn waarnemingsvermoë gehad en beskryf die gebiede wat hy besoek, asook die mense en diere wat hy teëkom, duidelik en in die fynste besonderhede. Hy het intens in die inheemse bevolking van Suider Afrika belang gestel en sy liefde vir die natuur straal letterlik uit sy beskrywings uit. Sy belangstelling strek egter veel verder as bloot net mense en plekke. Die tsetse vlieg het hom gefassineer, leeus is met ontsag bespreek en selfs krokodille, ‘n dier wat hy nie kon verdra nie, kom redelik gereeld ter sprake. Hy het boonop ook oor die vermoë beskik om sy kennis met ander te deel deur die vertel van boeiende staaltjies en stories.

Hy gaan egter heelwat verder as om bloot net stories te vertel. Hy gis byvoorbeeld oor die gewoontes van sekere diere en maak sy eie teorieë vir hulle gedrag op. So spekuleer hy byvoorbeeld oor hoe aasvoëls weet wanneer ‘n dier dood is. Hulle kan nie die vleis ruik oor groot afstande nie en kan dit ook nie sien nie, maar verskyn binne ‘n paar minute om op die karkas toe te sak. Sy oplossing vir hierdie probleem het hy gevind deur die bestudering van seemeeue se gedrag. Tydens een van hulle visvangekspedisies in Valsbaai het John ‘n seemeeu raakgeskiet en binne oomblikke het ‘n groot hoeveelheid van die ander seemeeue op die dooie een toegesak. Reitz se teorie was dat slegs een ander voël die dooie een sien val het, maar toe hy nader beweeg om te gaan kyk wat gebeur het, het ander sy beweging gesien en sy voorbeeld gevolg. Sodoende het die effek uitgekring totdat ‘n groot hoeveelheid seemeeue om die dooie een saamgedrom het. Hierdie waarneming het hy gebruik om sy teorie oor hoe aasvoëls karkasse opspoor, te formuleer.[86]

---

[85] G.H. Nicholls, *South Africa in my time*, p. 142.
[86] D. Reitz, *No outspan*, pp. 164-165.

Hy het op ‘n soortgelyke wyse ‘n teorie geformuleer oor waarom walvisse op die strand uitswem. Volgens hom was die meer algemeen aanvaarde teorie dat walvisse deur haaie of ander vyande aangeval word en dat hulle hulself dan strand uit paniek. Hy het dit egter nie geglo nie. Hy het die walvisse vergelyk met miere of sprinkane wat vanweë een of ander oer instink in ‘n spesifieke rigting begin beweeg en dan glad nie daarvan afwyk nie, al verskyn ‘n rivier of veldbrand voor hulle. Volgens hom doen die walvisse dieselfde. Hulle swem op ‘n voorafbepaalde doelwit af en dan, as gevolg van navigasie probleme wat ontstaan uit wind- of seestroomveranderinge, forseer ‘n blinde instink hulle om voort te beur al is dit na hulle eie dood.[87]

Met sy teorie oor waarom walvisse strand, het Reitz hom bevind in die geselskap van ‘n groot hoeveelheid wetenskaplikes wat al ‘n oplossing vir die probleem probeer vind het. ‘n Wye verskeidenheid redes is al vir die verskynsel gegee - van weerkundige toestande tot aardmagnetisme, van vlootkrygsoefeninge tot besoedeling, siektes en parasiete en selfs moegheid om in ‘n wêreld te woon wat ondraagbaar gemaak word deur menslike dwaasheid. Die presiese rede vir die verskynsel kon egter nog nooit vasgestel word nie. Reitz se teorie verskil nie te veel van die gedagte van hedendaagse wetenskaplikes dat strandings gebeur as gevolg van navigasieprobleme wat veroorsaak word deur versteurings in die aarde se magnetiese velde.[88]

Sy reis na Zoeloeland begin met ‘n stelling wat wys dat Reitz in daardie stadium en ten spyte van wat hy reeds in sy lewe ervaar het nog nie daaraan gewoond was om in die openbare oog te wees nie. Tydens die reis vanaf Kaapstad na Durban is hy op elke platform en halte deur afvaardigings, burgemeesters, magistrate en partyleiers ingewag. Vir hom was hierdie tipe van openbare verering nog nuut en hy het maar teruggesit en voorgegee dat hy daaraan gewoond was.[89] Vergaderings met afgevaardigdes het normaalweg gefokus op probleme in ‘n spesifieke streek en hy het gou agtergekom dat ‘n nuwe stel probleme baie vinnig te voorskyn kom wanneer

[87] D. Reitz, *No outspan*, pp. 165-166.
[88] P. Fontaine, *Whales and seals: Biology and ecology*, pp. 96 en 100.
[89] D. Reitz, *No outspan*, p. 28.

'n minister in die omgewing was.[90] Dit was egter onvermydelik en hy het tydens al sy reise daarmee te doen gekry.

Reitz se vertelling van sy reis deur Zoeloeland is deurspek met die geskiedenis van dié gebied, sy inwoners en hulle kultuur. Hy vertel staaltjies van Shaka Zoeloe, Dingane, Cetshwayo en Usibepu. So tussen deur al die verhale wat hy van die Zoeloes vertel, vleg hy ook stories in oor die Europeërs se koms na die gebied en hy noem die name van die *Newark Castle*, 'n skip wat in 1906 aan die Natalse kus gestrand het, John Dunn, 'n Brit wat Zoeloeland in 1853 binnegekom het, en Charles du Pont en Robert MacNab, 'n paar wettelose karakters wat in die gebied gewoon het.[91]

Uit sy beskrywing van Shaka blyk dit dat hy groot bewondering vir hom gehad het en dat hy inligting oor hom versamel het.[92] As gekyk word na die stories wat hy vertel het, was dit egter nie net Shaka wat sy belangstelling geprikkel het nie. Alhoewel sekere van sy stories nie verifieerbaar is nie, toon sy vertellinge dat hy redelik ver gegaan het om kennis oor die gebied en sy mense op te doen. 'n Verdere aspek wat dit van hom uitlig, is dat hy 'n bobaas storieverteller was. 'n Vermoë wat waarskynlik in sy gene was as na sy familie se geskiedenis en skryfkuns gekyk word. Wat hom egter uniek maak is dat hy gefokus het op sy omgewing, die geskiedenis van verskillende streke en die kulture wat hy teëgekom het. Anders as sy vader en sy broer Joubert het hy nie poësie en prosa geskryf nie.

Reitz se vermoëns het egter nie by die skryfkuns gebly nie. Dit het ook na vore gekom in die praatjies en toesprake wat hy gelewer het. Afhangende van watter kant van die politieke spektrum ondersteun is, was hy egter òf 'n uitstekende spreker òf baie swak. *The Times* het hom beskryf as kragtig en interessant, met sterk oortuiging wat hy sonder vrees uitgespreek het.[93] *The Star* het hierop voortgeborduur en hom as 'n "...ready and witty debater,

---

[90] D. Reitz, *No outspan*, p. 31.
[91] *Ibid.*, pp. 29-45.
[92] *Ibid.*, p. 29.
[93] *The Times*, 20/10/1944, Col. Deneys Reitz. High Commissioner for South Africa, p. 7.

endowed with great force of personality...” beskryf.[94] Leif Egeland, Volksraadslid vir Zoeloeland en later Hoë Kommissaris in Engeland, was egter van mening dat alhoewel Reitz ‘n dapper stryder op die politieke verhoog was, hy vergelykenderwyse ‘n swak spreker in die Parlement was. Volgens Egeland was sy uitspraak stotterend en het hy selde moeite gedoen om sy toesprake voor te berei. Egeland was ook van mening dat die enigste effektiewe uitlating wat hy Reitz ooit hoor maak het in verdediging van die 1936-begroting was. Reitz het glo gesê dat een van die beste bewyse van goeie beleid in ‘n regering ‘n gebrek aan goeie kritiek was en dat die opposisie se inmenging in dié debat slegs daarin geslaag het om die regering se hand te versterk.[95] Die stelling dat hy nie sy toesprake voorberei het nie, is deur Reitz bevestig. Volgens hom was hy eerder van die inspirasie van die oomblik afhanklik om sy sê te kon sê as vooraf beplanning.[96]

Na Reitz se toetrede tot die parlement is daar in privaatgesprekke gesê dat hy, omdat hy nie sy vermoëns as debatteerder uitgestal het nie, die teleurstelling van die nuwe kabinet was.[97] Tydens die debatte rondom die vrywaringswetsontwerp het hy egter tot sy reg as ‘n spreker gekom. Die *Cape Times* het in ‘n berig oor die debatte na ‘n “Brilliant speech by Colonel Reitz”[98] verwys. Die *Rand Daily Mail* het hom groot lof toegeswaai en gesê het dat hy ‘n “...gift of phrase, fluent, cultured and precise, which he turns with equal effect to the various ends of the orator – exposition, analysis, proof, conviction and appeal” gehad het. Volgens dié koerant was hy glo snedig en epigrammaties. Hy het die populariteit van die Nasionalistiese politiek toegeskryf aan rebellie en sedisie en het dit gekarakteriseer as “kort paaie na politieke bevordering”. Tussenwerpsels het hy met ‘n woord onderdruk. Die “opdringerige” Tommy Boydell van Durban (Greyville) het in duie gestort

---

[94] *The Star*, 19/10/1944, Career of Colonel Deneys Reitz. South African statesman, soldier and writer, p. 5.
[95] L. Egeland, *Bridges of understanding*, p. 95.
[96] UCT, Sibbett Collection, BC50, C40.3, D. Reitz - C.J. Sibbett, 13/03/1934.
[97] *Rand Daily Mail*, 10/04/1922, Great speech by Colonel Reitz. Surprise for the Assembly. Telling contribution to indemnity debate.
[98] SAB, SRP1/3/10/4, Debates of the House of Assembly of the Union of SA as reported in the Cape Times, 20 November 1915 – 25 June 1923, *The Cape Times*, 08/04/1922, Brilliant speech by Colonel Reitz, p. 129.

onder sy "All right, Charlie Chaplin, I'm coming to you". Die "verwaande" F.C. Beyers van Edenburg is weer met die bynaam "The Hon. Mr. Sneerwell" sleggesê. Hy het oordrywing vermy en meer bereik deur wat hy teruggehou het. Deur die Nasionaliste se foute te onderbeklemtoon het hy hulle skuldgevoel verdiep. Volgens die *Rand Daily Mail* het Reitz die Nasionale Party se patriotisme geweeg en bevind dat hulle nooit hulle plek vol gestaan het nie. Groot dele van sy toespraak is gebruik om te spot met die vennootskap tussen die Nasionaliste en die Arbeiders. Sy toespraak het geëindig met 'n veroordeling van die Nasionaliste as skuldig aan die bloedlating wat die Rand geestelik besmet het.[99]

Sy toespraak het nie dieselfde lof van die opposisie verkry nie. A.J. Werth van Kroonstad het dit 'n uur van gekonsentreerde gif genoem. Volgens hom het Reitz op Smuts se rug na die Parlement gery en al wat hy tot in daardie stadium bereik het, was om die laaste vesting van die S.A.P. in die Vrystaat te verongeluk. Hy het ook gesê dat Reitz nie met 'n belangrike pos soos dié van Minister van Lande vertrou kon word nie, aangesien hy geen verbintenis met die belange van die mense gehad het nie. Hy het stellings van Reitz, soos byvoorbeeld dat die Nasionale Party vir die ontstaan van armblankes verantwoordelik was, afgemaak as uiterste nonsens, veral aangesien daar, volgens hom, reeds 96 000 armblankes in die land was in die jaar voordat die N.P. ontstaan het.[100]

Volgens Tommy Boydell kon Reitz 'n goeie storie vertel of 'n toepaslike grappie maak om 'n punt te bewys.[101] Een uitstaande kenmerk van die toesprake wat hy in die Volksraad gelewer het, was gevolglik die gebruik van vergelykings en beelde om sy redevoeringe op te helder. Tydens 'n bespreking van die Alkoholwetsontwerp op 15 Februarie 1928 het Reitz gesê dat een van die wysigings onder bespreking hom herinner het aan 'n insident wat in Texas plaasgevind het. 'n Besoeker aan 'n dorpie het gevind dat die

---

[99] *Rand Daily Mail*, 10/04/1922, Great speech by Colonel Reitz. Surprise for the Assembly. Telling contribution to indemnity debate.
[100] *Rand Daily Mail*, 18/04/1922, Indemnity bill debate.
[101] T. Boydell, *My luck was in. With spotlights on general Smuts*, p. 301.

hele gemeenskap hard besig was om die plaaslike kerk af te breek. Toe hy die burgemeester vra hoekom hulle dit doen, het dié aan hom gesê dat ‘n wet uitgevaardig is waarvolgens daar geen dranklisensies binne 250 meter van ‘n plek van aanbidding mag wees nie en dat hulle gevolglik besig was om die kerk te skuif.[102]

Op 20 April 1931 meld hy dat die Afrikaanssprekende deel van die bevolking stelselmatig besig was om agteruit te gaan en dat die Nasionale Party niks probeer doen om dit te stop nie. Om dit te beklemtoon vertel hy die storie van ‘n seekaptein wat, toe hy die hawe bereik, meld dat hy ‘n skip gesien het wat gestrand het. Die seekaptein het glo gesê: “We rendered the distressed crew all the help in our power through the speaking trumpet, and then we passed on.” Volgens Reitz was al hulp wat die armblanke Afrikaanssprekende van die Nasionale Party verkry het, deur middel van ‘n luidspreker gelewer.[103] Tydens dieselfde toespraak het hy ook gesê dat die regering soos ‘n man was wat ‘n vinnige, losbandige lewe gelei het en dan siek word. Dit is nie sy skuld dat hy siek word nie, maar sy voormalige losbandige lewe maak dat hy nie veel weerstand kan bied nie. Hy kan nie beter word nie. Die N.P. het, volgens Reitz, ‘n uitspattige, wilde lewe gelei. Siekte het hulle nie doodgemaak nie, maar dit was as gevolg van hulle oordadige gewoontes dat hulle geen weerstand kon bied nie. Dit was glo die rede waarom hulle die publiek belas en die staatsdiens se fondse weggeneem het.[104]

## *6.3 ‘n Reis na die Benede-Oranjerivier*

Na sy besoek aan Zoeloeland was Reitz se volgende reis teen die einde van 1921 na die Benede-Oranjerivier om daar met boere te onderhandel oor hulle

[102] SAB, SRP1/3/26, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fifth Session, Fifth Parliament, 14th October 1927 to 1st June 1928, vol. 10 (14th October 1927 to 3rd April 1928), 15/02/1928, kol. 1049.

[103] SAB, SRP1/3/33, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Sixth Parliament, 30th January to 6th June 1931, vol. 17 (13th April to 6th June 1931), 20/04/1931, kols. 2647-2648.

[104] *Ibid.*, kol. 2649.

besproeiingsprobleme. Nadat ‘n ooreenkoms deur die strydende partye bereik is, het hy sy tog voortgesit tot by die Augrabies-waterval. Hier het sy avontuurlike, maar ook uiters onverantwoordelike, natuur weer na vore gekom. ‘n Jong inwoner van die omgewing het hom in moeilike omstandighede tot by ‘n punt sowat 350 meter agter die waterval begelei. Reitz het, volgens sy eie vertelling, die aanname gemaak dat die water in ‘n sirkelbeweging vloei en dat dit nie naastenby so gevaarlik was as wat dit gelyk het nie. Om sy teorie te toets het hy in die kloof op geswem tot by ‘n grot agter die waterval. Hier het hy ‘n rukkie vertoef voordat hy weer na sy gids teruggekeer het. Toe hy sy jong gids se vader vra of die kloof al vantevore geswem is, het dié gesê dat niemand al ooit so gek was om dit te probeer nie. Ten spyte van dié mening was Reitz trots op wat hy gedoen het en met die skrywe van *No outspan* meld hy dat niemand hom dit al ooit nagedoen het nie.[105]

Of hierdie daad van hom wel moontlik was, word sterk in twyfel getrek deur Nico Schwartz, die eerste ekoloog van die Augrabies-waterval Nasionale Park wat in 1967 hier gestig is. Ten eerste twyfel hy of Reitz teen die kranse sou kon afklim om die waterval te bereik. Volgens hom was dit slegs begaanbaar deur veelkleurige akkedisse en swaeltjies. Hy twyfel ook of Reitz in die rivier sou kon swem. Die Augrabies-waterval is in volume die sesde grootste in die wêreld en die maalstroom daaronder is 130 meter diep. Dat Reitz onder die waterval kon deurswem nadat die Oranjerivier met al sy mag 56 meter ver daarop val, was volgens Schwartz onmoontlik.[106]

Waarom sou Reitz hierdie storie opmaak en boonop publiseer? Was hy dalk van mening dat dit *No outspan* meer kleurvol sou maak, of was dit bloot deel van sy ewige poging om te oordryf of sy eie beuel soms misplaas te blaas? Na alle waarskynlikheid ‘n kombinasie van die genoemde faktore. Reitz was geneig om kleurvolle stories op te dis, hetsy in die parlement of daarbuite. Sy besoek aan die Augrabies-waterval sou dus aan hom die ideale geleentheid

[105] D. Reitz, *No outspan*, pp. 46-48.
[106] http://www.q.co.za/directory/travelstories/001213-falls.htm, *Place of the great noise*, 12/04/2007.

gegee het om sy vermoëns as storieverteller tot uiting te laat kom. Om na 'n waterval te staan en kyk, is nie naastenby so 'n interessante verhaal soos om deur een te swem nie. Dit bring egter ook 'n ander deel van sy persoonlikheid na vore, naamlik die verromantisering van sy eie rol in die ervaringe wat hy gehad het. Die indruk word geskep dat hy, soos toe hy 'n jong seun was, hom steeds as die held in sy eie fantasieë gesien het.

Vanaf Augrabies is Reitz na Namakwaland waar hy herinneringe opgeroep het oor die tydperk wat hy tydens die Anglo-Boereoorlog daar deurgebring het. Hy het ou vriendskappe weer hernu en die grafte van kamerade wat gesneuwel het, asook die plek waar die spioen Colyn gefusilleer is, besoek. Politiek was die heersende passie in die streek en in elke dorp moes hy 'n toespraak lewer. Hy verklaar dat politiek vir dié boere 'n nasionale tydverdryf was, soos stiergevegte in Spanje, en dat dit die plek van teaters, bioskope en sport ingeneem het.[107]

Op pad terug na Pretoria het Reitz 'n besoek by genl. Christiaan de Wet op sy plaas in die Vrystaat gaan aflê. Hy het egter 'n groot skok gekry. In plaas van die held van die Anglo-Boereoorlog, 'n sterk en forse man, het hy 'n verwaarloosde en inmekaargekrimpte De Wet teëgekom. Sy baard was onversorg, sy veters het op die grond gesleep en sy klere het los aan sy uitgeteerde liggaam gehang. Sy hande was geswel van een of ander siekte en hy het gestrompel as hy loop. Hy kon ook nie onthou waarom hy wou gehad het dat Reitz hom moet besoek nie. Reitz was van mening dat De Wet graag oor die verlede wou gesels en vriendskapsbande weer wou optel, maar hy sou nooit die waarheid weet nie.[108] De Wet het kort hierna, op 3 Februarie 1922, gesterf en is na 'n staatsbegrafnis aan die voet van die Vrouemonument in Bloemfontein begrawe.[109]

Na afloop van sy besoek aan die Benede-Oranjerivier is Reitz terug na Pretoria en sy "amptelike dwangarbeid". Daar was van hom verwag om aan

---

[107] D. Reitz, *No outspan*, p. 48.
[108] *Ibid.*, pp. 48-50.
[109] W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, pp. 243-249.

meer onoplosbare probleme aandag te gee as wat hy ooit gedroom het in enige Suid-Afrikaanse portefeulje bestaan. Die hoeveelheid en variëteit vraagstukke wat voorgekom het, het Reitz en sy kollegas laat wonder of kabinetsministers in ander lande met groter bevolkings 'n ooreenstemmende toename in las gehad het en hoe hulle dit enigsins oorleef het. Dit het egter aan Reitz geleentheid gegee om die vreugde te ervaar van hoe dit voel om 'n demokrasie te bestuur.

Boere-verteenwoordigers het aangedring op hoër landboupryse, terwyl afvaardigings afkomstig uit die stede op laer lewenskoste aangedring het. Die uiteenlopende belange van mynbase en –werkers moes op een of ander manier vereenselwig word. Spoorwegbeamptes wou hoër salarisse gehad het, terwyl die algemene publiek gevra het vir die verlaging van reisgeld. Die toestaan van een eis het 'n ander 'n finansiële onmoontlikheid gemaak. In albei gevalle het dit die politieke steun van die onsuksesvolle aansoeker vervreem. Wanneer 'n staatsamptenaar met 'n Engelse van bevorder is, is die regering beskuldig dat hulle met die Britte flikflooi. Wanneer 'n staatsamptenaar met 'n Hollandse van egter bevorder is, is die regering van rasse voortrekkery beskuldig. As die goudmyne belas is, het Johannesburg en die Randse dorpe 'n ophef gemaak. As die regering hulle nie belas het nie, het die plattelandse politici verklaar dat hulle in die diens van Hoggenheimer[110] en die kapitaliste was. Die uitsteek van 'n hand van hulp na een industrie het 'n vloedgolf van eise van soortgelyke behandeling van vele ander ondernemings tot gevolg gehad.[111]

By elke vergadering in die platteland is die regering veroordeel dat hulle te veel geld op die dorpe bestee en by vergaderings in die stede is hulle weer beskuldig dat hulle te veel op die boere spandeer. Swerms sprinkane het die land ingekom en nadat 'n miljoen pond gespandeer is om hulle uit te roei, het regsgedinge vir bykans dieselfde bedrag ontstaan as vergoeding vir beeste

---

[110] Waarskynlik 'n verwysing na D.C. Boonzaaier se spotprentkarakter wat in *Die Burger* verskyn het. Hoggenheimer was die verpersoonliking van wat destyds beskou is as die drie vernaamste vyande van die Afrikaner -- die Engelse, die Jode en buitelandse kapitaal.

[111] D. Reitz, *No outspan*, p. 50.

wat dood is aan die sprinkaangif. Dan was hulle boonop ook nog met die grille van die Suid-Afrikaanse klimaat opgeskeep. As hulle begroot het vir ‘n groot mielie oes en ‘n tekort aan koring, was dit baie waarskynlik dat hulle op die ou end met ‘n tekort aan mielies en ‘n oorskot van koring gesit het. Met die uitbreek van ‘n ernstige droogte in die Middellande is ‘n wetsontwerp by die parlement ingedien om die slagoffers te help. Terwyl die wetsontwerp nog onder bespreking was, is dieselfde mense deur stortreën weggespoel en die wetsontwerp moes inderhaas in ‘n vloedverligtingswet verander word.

Ten spyte van al dié probleme het die regering, volgens Reitz, hulle bes gedoen en was dit, na alles, ‘n interessante en gebeurtenisvolle tydperk. Dit het egter gou vir hom duidelik begin raak dat die S.A.P. se tyd aan die uitloop was. Hulle politieke teenstanders se aggressie het toegeneem en hulle politieke vergaderings het al hoe luidrugtiger geraak.[112]

Behalwe vir die toenemende druk deur die opposisie het ‘n aantal interne opstande deur swartmense in die vroeë 1920’s daartoe bygedra dat die S.A.P. se steun verder agteruitgegaan het. Die eerste van dié voorvalle was ‘n botsing met ’n swart godsdienstige sekte, die Israeliete, by Ntabelanga naby Bulhoek in die omgewing van Queenstown in die Oos-Kaap. Die Israeliete het gewoonlik in die omgewing versamel om die Joodse Paasfees te vier, maar in 1920 het hulle ‘n tabernakel en ‘n aantal hutte opgerig sonder om dit te registreer of belasting te betaal. Besware van wit en swart dat die Israeliete hulle beeste op aangrensende grond laat wei, is geïgnoreer. Verskeie pogings is aangewend om die Israeliete te oorreed om pad te gee, maar almal was onsuksesvol. Die gevolg was dat ’n polisiemag van 800 man in Mei 1921 na Bulhoek gestuur is om die saak te beredder. ’n Ultimatum is aan die Israeliete uitgereik om die gebied te ontruim, maar hulle het geweier en het die polisie met kieries, assegaaie en swaarde aangeval. Die polisie het met geweervuur geantwoord en meer as 180 persone is gedood en 100 gewond.[113]

[112] D. Reitz, *No outspan*, pp. 50-51.
[113] H. Giliomee en B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 247.

Die voorval het tot groot kritiek teen die regering gelei wat daarvan beskuldig is dat hulle troepe die grense van noodsaaklikheid oorskry het - 'n siening waarmee Reitz saamgestem het. Die bloedvergieting was nie nodig nie. Volgens hom kon dieselfde eindresultaat bereik gewees het as die Israeliete uitgehonger is totdat hulle oorgegee het. Hy was boonop van mening dat die regering gelukkig was dat ander swartes nie die Israeliete vertrou het nie en dat die voorval nie tot 'n algemene opstand onder die verskillende stamme gelei het nie.[114] Jan Smuts se persoonlike beeld is groot skade deur die onderdrukking van dié opstand aangedoen. Sy vyande het later na hom as die "slagter van Bulhoek" verwys.[115]

In 'n soortgelyke voorval 'n jaar later het die regering weer oormatige geweld gebruik, hierdie keer teen die Bondelswarts in Suidwes-Afrika. Die Bondelswarts het geglo dat hulle hulle tradisionele grondgebied en leiers sou terugkry wanneer Suid-Afrika die land oorneem, maar dit het nie gebeur nie. Die Suid-Afrikaanse regering het nuwe en meer beperkende maatreëls ingestel, onder meer 'n hondebelasting. Die Bondelswarts het hierteen in opstand gekom en 'n mag van 370 lede en militêre vliegtuie is gestuur om hulle te bedwing. Die uiteinde was dat 117 mans, vrouens en kinders gedood is. Die Arbeidersparty het Smuts na dié voorval "The bloody Jeffreys of South Africa" gedoop.[116]

Beide hierdie voorvalle herinner aan 'n soortgelyke voorval tydens die Anglo-Boereoorlog toe Manie Maritz se kommando in Januarie 1902 30 Basters by Leliefontein uitgewis het. In *Commando* was Reitz se siening dat dit 'n "...ruthless and unjustifiable act" was en dat Smuts bitter ongelukkig daaroor was.[117] Negentien jaar later het Smuts egter soortgelyke dade uitgevoer. In *No outspan,* wat 21 jaar na die Bulhoek-slagting gepubliseer is, het Reitz saam met die persone wat dié voorval veroordeel het, gestem. Hy was egter

---

[114] D. Reitz, *No outspan*, p. 51.

[115] H. Giliomee en B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 247.

[116] J. Barber, *South Africa in the twentieth century*, p. 82. Waarskynlik 'n verwysing na George Jeffreys (1645-1689) wat na die Monmouth-rebellie in 1685 daartoe bygedra het dat 1 400 rebelle skuldig bevind en ter dood veroordeel is.

[117] D. Reitz, *Commando*, pp. 298-299.

in 1921 deel van die regering en die moontlikheid dat hy daarvan kennis gehad het en dat hy die optredes ondersteun het, is goed. Met die agternakennis waaroor hy beskik het, sou dit gevolglik heel maklik gewees het om homself in *No outspan* te verontskuldig. Die voorval wys egter ook hoe die wiel gedraai het. In 1902 was Reitz en Smuts nie persoonlik by die Leliefontein voorval betrokke nie en om kritiek daarop te lewer, sou maklik gewees het. Om hulle eie optrede in 1921 te veroordeel, sou egter veel moeiliker gewees het.

Die grootste krisis in die S.A.P. se bewindstydperk het egter ontstaan as gevolg van ekonomiese en industriële ontwikkelinge. In die vroeë 1920's het die wêreldwye ekonomiese krisis ook die goudmynbedryf in Suid-Afrika bereik en het ongeveer die helfte van die myne teen 'n verlies gefunksioneer. Uit 'n finansiële oogpunt was die oplossing eenvoudig: aangesien swart werkers minder as wit werkers betaal is, moes meer swartes en minder wittes aangestel word. In Desember 1921 het die goudmynmaatskappye gevolglik aangekondig dat halfgeskoolde poste nie meer net beperk sou wees tot witmense nie. Terselfdertyd het die steenkoolbedryf die salarisse van wit steenkoolmynwerkers verminder, 'n aksie wat hulle nie wou aanvaar nie. Op 1 Januarie 1922 het die steenkoolmynwerkers begin staak[118] en op 10 Januarie het die werknemers van die goudmyne, die Victoria Falls and Transvaal Power Company-kragstasies en die masjienwerkplase hulle by die stakende steenkoolmynwerkers aangesluit.[119]

Die staking het die werk op alle myne van Randfontein in die weste tot by Springs in die ooste en in die Johannesburgse masjienwerkplase byna heeltemal tot stilstand gebring. Terselfdertyd is die kragstasies van die Victoria Falls and Transvaal Power Company op een na afgeskakel. Die gevolg was dat meer as 20 000 wit en nagenoeg 180 000 swart mynwerkers nie kon werk nie.[120] Soos wat die situasie versleg het, het die stakers hulle in kommando's georganiseer, hulleself bewapen en die strate van die

---

[118] R. Lacour-Gayet, *A history of South Africa*, p. 264.
[119] A.G. Oberholster, *Die mynwerkerstaking: Witwatersrand 1922*, p. 86.
[120] *Ibid.*, p. 87.

verskillende dorpe aan die Witwatersrand gepatrolleer. Aanvanklik het hulle hulleself met redelike onskadelike aktiwiteite, soos driloefeninge, besig gehou, maar deur die loop van Februarie 1922 het hulle al hoe meer gewelddadig en oproerig begin raak. Hulle houding was aggressief en sabotasievoorvalle en aanrandings op stakingverbrekers en swartes was aan die orde van die dag. Op 10 Maart is aanvalle op polisiestasies geloods deur onder meer skerpskutters en met tuisgemaakte bomme.[121]

Op dieselfde dag het Smuts krygswet afgekondig en die Unie-Verdedigingsmag is ingeroep om die situasie onder beheer te kry. Die gevolg was dat 153 mense gedood en 534 gewond is. 4 570 persone is gearresteer, insluitende 62 vrouens en vier kinders. 650 stakers is voor die hof gedaag, 18 ter dood veroordeel en vier gehang.[122] Die staking is amptelik teen middernag op 17 Maart 1922 afgelas.[123]

Die stakings het vroeg reeds ‘n politieke kleur aangeneem met beskuldigings wat tussen die verskillende partye rondgeslinger is. Verskeie S.A.P.-lede het die Nasionaliste beskuldig dat hulle munt uit die stakings wou slaan deur die Smuts-regering in onguns te bring en die N.P. te bevoordeel. Reitz het op 7 April 1922 in die Volksraad beweer dat Tielman Roos en ander N.P.-leiers die staking wou gebruik om stemme te werf. Hulle wou uit die land se probleme munt slaan en het die gedagte laat posvat dat rebellie en rewolusie ’n kortpad kon wees om hulle politieke ideale te verwesenlik. Uitsprake dat die staking deel was van ‘n bolsjewistiese opstand was volgens hom dus nie waar nie. Hy het geskat dat 90% van die stakers Afrikaanssprekende Nasionaliste was wat die wapen opgeneem het omdat hulle geglo het plattelanders sou hulle help. Die N.P. was dus moreel skuldig aan die bloedvergieting wat voorgekom het. Reitz het ook gesê dat hy nie verbaas sou wees as van die “eerbare” moordenaars van Fordsburg eendag in die Volksraad sou sit nie.[124]

---

[121] A.G. Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, pp. 142, 157-158.
[122] R. Lacour-Gayet, *A history of South Africa*, p. 265.
[123] A.G. Oberholster, *Die mynwerkerstaking*, p. 187.
[124] SAB, SRP1/3/10/4, Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as reported in the Cape Times, 20th November 1915 to 25th June 1923. *The Cape Times*, 08/04/1922, Indemnity Bill

Vir die S.A.P. was die staking 'n rampspoed. Hulle teenstanders het hulle beskuldig dat hulle te hard teen die stakers opgetree het, terwyl hulle ondersteuners weer gesê het dat hulle nie gou genoeg opgetree het nie. Die verhoor van die voorbokke het verder olie op die vuur gegooi. Hulle is nie vir hoogverraad verhoor nie, maar vir die koelbloedige moord van burgerlikes en swartes. Die doodsvonnisse van die ergste oortreders het groot openbare reaksie tot gevolg gehad. Massa vergaderings is gehou, petisies is geteken en daar is aangedring op die begenadiging van die beskuldigdes. Die regering het egter voortgegaan met sy ingeslane rigting en die ter dood veroordeeldes is gehang.

Reitz het geglo dat die regering korrek opgetree het, maar dat hulle 'n swaar prys daarvoor betaal het. Die revolusie, soos wat hy dit genoem het, het hulle baie aansien laat verloor en die teregstelling van die stakers se leiers selfs nog meer.[125] In 1926 regverdig Reitz die S.A.P. se optrede deur te sê dat dit 'n tragiese plig en noodsaaklikheid was dat die skietery plaasgevind het. Volgens hom kon Suid-Afrika God op hulle knieë dank dat hulle 'n sterk regering gehad het in daardie kritiese tyd. Indien nie, sou Johannesburg tot op die grond afgebrand gewees het. Hy was boonop van mening dat die Nasionaliste nie die reg gehad het om oor die skietery te praat nie. Baie van hulle was glo net parlementslede omdat hulle jong Suid-Afrikaners geskiet het. Volgens hom het genl. Kemp in die parlement gesit as lid van die kabinet omdat hy baie van sy Suid-Afrikaanse genote geskiet het en nie op grond van sy vermoëns nie.[126]

Die staking het 'n ander, meer vernietigende effek vir die S.A.P. gehad, naamlik om die magte van die Arbeiders en die Nasionaliste nader aan mekaar te bring.[127] Ongeag hulle verskille is die N.P. en die A.P. deur hulle vyandigheid teenoor die regering, asook hulle vasberadenheid om witmense

---

Debate. Brilliant speech by Colonel Reitz. Slashing expose. Hertzog and Roos as "political plumbers", p. 129.

[125] D. Reitz, *No outspan*, pp. 52-53.

[126] *The Star*, 11/09/1926, Nationalists and the Union Jack. Boer War Memories. Sharp rebuke by Col. Deneys Reitz. Racialism that has ruined Union's big Chance.

[127] D.W. Krüger, *The making of a nation*, p. 126.

teen swartmense te beskerm, verenig. Dit het aan hulle die geleentheid gegee om 'n ooreenkoms (pakt) te vorm waaronder hulle aan die volgende verkiesing kon deelneem.[128]

### 6.4 'n Besoek aan Portugees-Oos-Afrika

Ten spyte van die probleme wat die S.A.P. in die gesig gestaar het, het Reitz steeds geleentheid gemaak om reise te onderneem. Of dit was as gevolg van 'n fatalistiese houding van wat moet gebeur moet gebeur, of bloot omdat hy nie in daardie stadium werklik besef het wat in Suid-Afrika aan die gebeur was nie, is nie duidelik nie. Hy het egter nie sy gunsteling tydverdryf agterweë laat bly nie.

Die eerste van sy reise na die 1922 stakings aan die Witwatersrand was 'n besoek aan Portugees-Oos-Afrika in Junie 1922 op uitnodiging van die goewerneur van die gebied, Manuel de Brito Camacho (1862-1934). Een van die aktiwiteite wat vir hom gereël was, was 'n olifantjag, iets waarna hy nie besonder uitgesien het nie. Volgens hom het hy tydens die Duits-Oos-Afrika veldtog begin om wilde diere wat onnodig gejag word, jammer te kry. Hy was van mening dat die mens slegs vir voedsel moes jag.[129] Hierdie gevoel oor die sinlose jag van diere is 'n tema wat gereeld in *No outspan* na vore kom. Met tyd het dit 'n al hoe belangriker oorweging in sy lewe geraak en saam met sy liefde vir die natuur, het dit waarskynlik aanleiding gegee tot sy latere betrokkenheid by natuurbewaring.

Aangesien hy egter graag wou sien hoe Portugees-Oos-Afrika lyk en boonop 'n geleentheid gesoek het om uit Suid-Afrika weg te kom na die onaangename gebeure aan die Rand,[130] het hy Camacho se uitnodiging aanvaar. Die beloofde jagtog het wel plaasgevind, maar dit was, tot Reitz se groot verligting, nie suksesvol nie. Na afloop van die jagtog het 'n voorval

---

[128] J. Barber, *South Africa in the twentieth century*, p. 85.
[129] D. Reitz, *No outspan*, pp. 53-54.
[130] *Ibid.*, p. 54.

egter plaasgevind wat Reitz genoegsaam geamuseer het om in *No Outspan* weer te gee. 'n Muscat donkiehings wat die vorige jaar van sy eienaar weggehardloop het, is deur een van die Askari's gevang. Die hings het wild saam met 'n trop Sebras geleef en was nie goed versorg nie. Sy pels was gekoek met modder, stof, klitsgras en grassade en hy was oortrek van littekens en kneusplekke soos hy deur die Sebras geskop is. Vir Reitz het hy soos 'n muskusbees gelyk met sy gekoekte hare. Die donkie het egter 'n onboetvaardige glinster in sy oë gehad, amper asof hy wou sê dat hy die tyd van sy lewe gehad het en dat hy dit weer sou doen indien hy die geleentheid sou kry.[131]

Alhoewel Reitz dit waarskynlik nie so bedoel het nie, kan daar sekere ooreenkomste tussen hom en die donkie gesien word. Beide van hulle was hardkoppig en sou hulle deur niks laat onderkry nie. Albei van hulle was baie erg oor die ongerepte natuur en het daarvan gehou om daarin te "verdwyn". Die werk waaraan hulle onderwerp is, is gesien as 'n juk om die nek en nie een van hulle sou skroom om daarvan weg te breek nie.

Terug in Pretoria was Reitz weer onderwerp aan sy ministeriële sleurwerk. Augustus 1922 het egter aan hom geleentheid gegee om na Sekhukhune-land te gaan om daar aan grondvraagstukke aandag te gee. Soos met sy ander reise spandeer hy verskeie bladsye in *No outspan* om die geskiedenis van die Bapedi en Sekhukhune te beskryf, maar slegs 'n enkele paragraaf oor sy eie bedrywighede. Uit dié paragraaf blyk dit dat opmetings wat in vroeë jare gedoen is, foutief was. Bakens is verkeerdelik opgerig of verwyder, waterregte het oorvleuel en 'n groot aantal probleme het hieruit gespruit. Die verwagting was dat Reitz dit sommer daar en dan sou oplos, maar hy het slegs in die skadu van 'n soetdoringboom gesit en getuienis afneem terwyl deputasies hulle eise en teeneise ingestel het. Later het hy egter 'n wetsontwerp by die parlement ingedien wat 'n mate van orde in die chaos geskep het.[132]

---

[131] D. Reitz, *No outspan*, pp. 54-55.
[132] *Ibid.*, pp. 56-59.

Op 2 Maart 1923 is Reitz se saai ministeriële lewe opgekikker met sy jongste seun, Claude Michael,[133] se geboorte in Muizenberg. 1923 was egter ook ‘n jaar waarin Smuts se aansien ‘n algehele laagtepunt bereik het en ‘n drastiese sukses was nodig om vertroue in hom en die regering te herstel.[134] Die aktiwiteit waarop hulle gefokus het om dit te doen, was egter tot mislukking gedoem. Smuts was gretig om die Unie se grense uit te brei en het gehoop om Suid-Rhodesië te oortuig om as ’n vyfde provinsie by die Unie aan te sluit. Vandat Europeërs dié gebied beset het, is dit deur die Brits Suid-Afrikaanse Maatskappy geadministreer. Die Maatskappy se oorheersing van die gebied sou egter teen die einde van 1924 tot ‘n einde kom en die inwoners moes ‘n besluit oor hulle toekoms neem. Tradisioneel was daar noue ekonomiese en kulturele bande tussen Suid-Rhodesië en Suid-Afrika en Smuts het gepoog om hulle te oortuig om hulle lot by die Unie in te gooi. Sy terme was uiters gunstig – addisionele verteenwoordiging asook ‘n spesiale finansiële subsidie.[135]

Om steun vir die nouer samewerking tussen Suid-Afrika en Rhodesië te werf, het Reitz en Smuts Natal en Zoeloeland in die winter van 1923 besoek. Hulle voorstelle het egter groot teenstand plaaslik en in Rhodesië gekry. Die Suid-Afrikaanse beesboere was van mening dat die Rhodesiërs met hulle goedkoop grond en goedkoop arbeid die markte sou oorheers.[136] Die opposisie was boonop bevrees om ’n hele land se swart bevolking by dié van die Unie te voeg. Hulle het die wit inwoners van Suid-Rhodesië as imperialiste gebrandmerk wat die Britse verbintenis en Smuts se posisie sou versterk.[137] Die grootste teenstand het egter van die Rhodesiërs self gekom. Hulle was gekant teen die nasionalistiese beweging in die Unie en was nie bereid om by die Suid-Afrikaanse ras- en taalkwessies betrek te word nie.[138] Tydens ’n referendum om te besluit oor insluiting by Suid-Afrika of selfregering binne die Britse Ryk, het die kiesers in Suid-Rhodesië met ‘n

[133] N.A. Bosch Reitz en F.G.L.O. van Kretschmar, *The Bosch Reitz Genealogy c.1510-1991*, p. 76.
[134] R. Lacour-Gayet, *A history of South Africa*, p. 265.
[135] J. Barber, *South Africa in the twentieth century*, p. 84.
[136] D. Reitz, *No outspan*, p. 60.
[137] J. Barber, *South Africa in the twentieth century*, p. 84.
[138] D. Reitz, *No outspan*, p. 60.

groot meerderheid ten gunste van laasgenoemde opsie gestem.[139] Smuts se idee van 'n groter Suid-Afrika is gevolglik verwerp en die S.A.P. se posisie in Suid-Afrika het nog verder versleg.

Na afloop van hierdie verenigingspogings is Reitz en Smuts na Zoeloeland waar Smuts die moontlikheid van 'n hawe in Sodwanabaai wou ondersoek. Hulle is vergesel deur sir George Buchanan, 'n siviele ingenieur, en 'n troep berede polisie.[140] Buchanan het Suid-Afrika op versoek van die Unieregering besoek om 'n verslag oor die vervoerprobleme, veral in verband met hawens, uit te bring. Hy het op die ou end drie verslae aan die regering voorgelê wat gehandel het oor haweadministrasie en –beheer, algemene finansiële vrae, handel en akkommodasie vir skepe en die verwagte ontwikkeling van die handel.[141] Terwyl Buchanan sy ondersoek gedoen het, het Reitz-hulle visgevang, die omgewing verken en vir die pot gejag. Volgens Reitz was dit die eerste werklike vakansie wat Smuts in baie jare beleef het en kon hulle vergeet van hulle politieke probleme. Buchanan se verslag het nie veel aftrek gekry nie en het diep weggesteek geraak in 'n vakkie van 'n lessenaar in Pretoria.[142]

Die merkwaardigste deel van hierdie reis was Reitz se bespiegeling oor tsetse vlieë. Hulle perde is volgens Reitz deur die Zoeloelandse tsetse vlieg, 'n subspesie van die Pallidipes wat nie slapende siekte by mense veroorsaak nie, gesteek. Hulle het egter met hulle tog voortgegaan aangesien 'n perd wat deur 'n tsetse vlieg gesteek is nog vir weke kon lewe voordat die gif aktief raak. Volgens Reitz was daar selfs 'n geloof dat dit nie aktief raak voordat die eerste reëns val nie. Reitz meld verder dat die vlieë, om een of ander onverklaarbare rede, nie eenvormig versprei is nie, maar dat hulle in stroke voorgekom het. Die plaaslike inwoners kon die stroke baie duidelik aandui en het daarin geslaag om met beeste te boer ten spyte van die vlieë se teistering. Hy was van mening dat die vlieë nie net van wild afhanklik was nie,

[139] R. Lacour-Gayet, *A history of South Africa*, p. 265.
[140] D. Reitz, *No outspan*, pp. 60-61.
[141] C.J. Beyers (hoofred.) en J.L. Basson (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*, p. 108.
[142] D. Reitz, *No outspan*, pp. 61-62.

maar dat een of ander soort plant, wat tot in daardie stadium nog nie ontdek was nie, noodsaaklik was vir hulle oorlewing - ‘n opinie wat volgens hom nie baie gewild in Zoeloeland was nie.[143] In latere jare, tydens sy tydperk as Minister van Landbou, het Reitz groot hoeveelhede geld in sy departementele begroting opsygesit in ‘n poging om van hierdie pes ontslae te raak.[144]

Bogenoemde stelling oor die tsetse vlieë was nie die enigste wat Reitz gemaak het wat opspraak sou kon wek nie. In ‘n beskrywing van die Zoeloe nasie, meld hy, uiters neerhalend, dat “... the Zulu, for all his fierce qualities, is an overgrown child...”[145] Dit toon ’n paternalistiese houding wat algemeen van die tydperk waarbinne Reitz geleef het, was. Witmense, veral Afrikaners, het van die standpunt uitgegaan dat swartmense hulle minderes is en so behandel moes word. Reitz het egter, waarskynlik heeltemal onbewustelik, besef dat sy optrede nie op alle plekke aanvaarbaar was nie. Tydens ‘n huldigingseremonie wat vir Reitz en Smuts tydens hulle besoek aan Natal gehou is, het Mankulumane, die eertydse hoof raadgewer van Cetswayo en Dinuzulu en, toe Reitz hom ontmoet het, Solomon, koning van die Usutu, hulle tereggewys oor die wyse waarop Dinuzulu tronk toe gestuur is na die Bambata rebellie in 1906. Mankulumane het hulle vertel dat die wittes Dinuzulu mislei het en dat hy as gevolg daarvan aan ‘n gebroke hart gesterf het. Volgens Reitz was hulle almal beïndruk met wat Mankulumane gesê het en dat party van hulle selfs ‘n bietjie skaam was daaroor.[146]

## *6.5 Die Krugerwildtuin*

In Augustus 1923 het Reitz die Sabie Wildreservaat op uitnodiging van James Stevenson-Hamilton, hoofbewaarder van die reservaat, gaan besoek. Hy is vergesel deur die Sekretaris van Lande, sy privaatsekretaris, asook verskeie lede van die Uitvoerende Komitee van die Provinsiale Raad wat onder meer

---

[143] D. Reitz, *No outspan*, pp. 61 en 62.
[144] *Ibid.*, p. 224.
[145] *Ibid.*, p. 65.
[146] *Ibid.*, pp. 65-67.

ook sy broer Hjalmar ingesluit het. Die besoek, wat 'n week lank geduur het, het afgespring by Komatipoort en het 'n toer in twee groot muilwaens en 'n bokkie aan Saliji, Benede-Sabie en Tshokwane behels.[147]

Volgens Reitz was die doel van die besoek om te gaan ondersoek instel na die vestiging van 'n wildreservaat wat sou verhoed dat al die groot wild in die gebied uitgewis word. Die Sabierivier-area is in 1898 deur Paul Kruger as 'n reservaat geproklameer en jag was daar verbode, maar dit was nie in 'n wet vervat nie. Reitz was bevrees dat die gebied onder politieke druk en as gevolg van die gebrek aan wetgewing weer oopgestel kon word. Die skaapboere van die hoëveld het juis geagiteer dat hulle toegelaat moet word om dié gebied vir winterweiding te gebruik en dit sou vereis dat die wild uitgeskiet sou moes word. Soortgelyke pogings van hulle in die verlede om dele van die reservaat oop te stel, was suksesvol. Vir Reitz was dit gevolglik belangrik vir iemand om standpunt teen hulle in te neem voordat dit te laat was.[148] Hulle dreigemente dat hy die pyn en lyding sou ervaar wat 'n kabinetsminister te beurt sou val as hy nie gehoor gee aan stemgeregtigde burgers nie, het hom geensins van koers laat verander nie. Hy was van mening dat aksie nodig was om Paul Kruger se droom vir die vestiging van 'n wildtuin te bewaarheid en sou sy bes doen om te sien dat dit realiseer.[149]

Tydens hierdie ondersoek was een van die grootste probleme wat hy ondervind het dat meer as 'n derde van die grond in privaat besit was en dat die eienaars daarvan graag die wild daarop wou skiet. Sy besoek het dit dus ook ten doel gehad om die moontlikheid te ondersoek om kroongrond buite die reservaat te gee aan die boere in ruil vir hulle plase.[150]

Dat sy onderhandelinge met die boere nie maklik was nie, is duidelik. 'n Petisie is deur boere vanuit die Barberton-distrik aan hom oorhandig waarin

---

[147] J. Stevenson-Hamilton, *South African Eden: From Sabi Game Reserve to Kruger National Park*, pp. 178-179
[148] D. Reitz, *No outspan*, p. 69.
[149] *Ibid.*, pp. 70-71.
[150] *Ibid.*, p. 71.

hulle geëis het dat 2 000 swartes en hulle vee van grond wat aan die boere se grond gegrens het, verwyder moet word. Op 'n vraag van Reitz waarheen hy hulle moet verwyder, was die antwoord dat daar noord van die Sabierivier in die Pelgrimsrus-distrik 'n gepaste stuk staatsgrond was. Dit het Reitz maak lag aangesien hy in daardie stadium reeds 'n ander afvaardiging, wat grond gehad het wat aan die genoemde staatsgrond gegrens het, te woord gestaan het. Hierdie boere het 'n gerug gehoor dat daardie spesifieke stuk grond in 'n swart reservaat verander sou word en hulle het daarop aangedring dat dit eerder gedoen moes word op die stuk grond in die Barberton-distrik soos aangedui in die voorafgenoemde petisie. Reitz se opmerking hieroor was dat om beide die afvaardigings se wense waar te maak, hy die swartes soos "...Mohammed's coffin..." tussen hemel en aarde sou moes laat hang.[151]

Terug in Pretoria het hy stappe begin neem om die Sabie-reservaat in 'n wildtuin te verander. Dit het ingesluit die opstel van 'n wetsontwerp[152] en ordonnansies vir die Park, die opmeting van plase, die onteiening van alle grond in privaat besit in die wildtuin en om grond buite die wildtuin se grense te vind om te ruil vir dit wat in privaat besit binne in die wildtuin oorgebly het.[153] Vanweë die 1924 algemene verkiesing en die oorname van die regering deur die Arbeiders- en Nasionale Party pakt was hy egter nie bevoorreg om die taak klaar te maak nie en is dit aan sy opvolger oorgelaat. In latere jare het dit aan hom plesier verskaf om te dink dat hy gehelp het om die fondamente van dié nuwe wildtuin te lê. Sy besoeke aan die Laeveld het hom ook 'n liefde vir die gebied laat ontwikkel wat sy lewe toenemend beïnvloed het.[154]

Voordat Reitz se ministeriële termyn geëindig het, het hy ook geleentheid gehad om sy gesag op ander gebiede vir natuurbewaringsdoeleindes te laat geld. In 1924 het hy die Ndumu Natuurreservaat, 'n gebied van 9 712 hektaar

[151] J. Stevenson-Hamilton, *The Low-veld: Its wild life and its people*, pp. 252-253. Hierdie is waarskynlik 'n verwysing na die bygeloof wat in Europa bestaan het dat Mohammed se kis tussen reuse magnete in die lug gehang het.
[152] D. Reitz, *No outspan*, p. 71.
[153] J. Stevenson-Hamilton, *South African Eden*, pp. 180 en 217.
[154] D. Reitz, *No outspan*, p. 71.

in die Ingwavuma-distrik van Natal op die Portugese grens, wat vol seekoeie, inyala en talryke kleinwild was, geproklameer.[155] Hy het die reservaat geopen met die woorde: "I've done my duty to God and the hippo". Kritiek oor die proklamasie van die reservaat was dat indien Reitz in daardie stadium die AmaThonga wat tot 1963 in die Ndumu gebly het, daarby ingesluit het, sou die sosiale onrus wat in latere jare voorgekom het, nie plaasgevind het nie.[156]

Op 'n soortgelyke wyse het Reitz ook stappe gedoen om die olifantbevolking in die gebied naby aan die Sondagsriviervallei in die Oos-Kaap, wat bekend staan as die Addowoud, te beskerm. Hy het die woud waarin hulle gewoon het tot 'n reservaat laat verklaar om te verhoed dat die paar oorblywende olifante daar ook geskiet word.[157]

## 6.6 Die 1924-verkiesing

Die ekonomiese droogte wat in die vroeë 1920's geheers het, het nie in 1923 afgeneem nie. Alhoewel die salarisse van geskoolde wit werkers so hoog soos in enige ander land was, was die nasionale inkomste katastrofies laag. Werkloosheid het toegeneem, die boere het teen 'n drie jaar lange droogte en vallende pryse geveg en handel was traag. Plattelandse Afrikaners het die dorpe ingestroom en al hoe meer by industrieë en georganiseerde arbeid betrokke geraak. Hulle tradisionele rasse standpunte het die arbeiders se ekonomiese senuweeagtigheid begin versterk.[158]

Die heersende omstandighede het 'n gulde geleentheid geskep vir die Nasionale- en Arbeiderspartye om bande te versterk en 'n ooreenkoms is tussen hulle aangegaan om saam aan die volgende verkiesing deel te neem. Hulle is verenig deur 'n wedersydse vyandigheid teen die S.A.P.-regering,

---

[155] SAB, S.P. 140, Offisiële jaarboek van die Unie en van Basoetoeland, Betsjoeanaland-protektoraat en Swaziland, no. 22, 1941, p. 34.
[156] P. Dutton, Ndumu is sick and needs help, *African Wildlife*, vol. 57, no. 2, herfs 2003, p. 11.
[157] D. Reitz, *No outspan*, p. 68.
[158] F. Troup, *South Africa*, pp. 240.

asook 'n vasberadenheid om wit belange teen swartes te beskerm. Hertzog en kol. F.H.P. Creswell, die Arbeiderspartyleier, het op vier hoofpunte ooreengekom. (1.) Die regering en sy kapitalistiese bondgenote was besig om die land te ruïneer. (2.) Die pakt vennote sou hulle afsonderlike identiteite behou maar 'n verkiesingsooreenkoms sluit. (3.) Die N.P. sou op sake wat nodig was vir die vooruitgang van die land fokus en nie op afskeiding van die Britse Ryk aandring nie. (4.) Wanneer in regering sou die Pakt 'n program van sosiale en ekonomiese verandering om wit belange te hervorm, implementeer.

Vir die S.A.P.-regering het sake stelselmatig versleg. Alhoewel hulle nog 'n verdere twee jaar van regeer oorgehad het, was hulle posisie in die parlement uiters onseker. Die bevolking was oor die algemeen ontevrede en die party se teenstanders het as gevolg van die vorige paar jaar se gebeure, vermenigvuldig. Hulle het die een tussenverkiesing na die ander verloor en voor die winter van daardie jaar het hulle meerderheid van 24 tot agt geval.[159] Die S.A.P. se gewildheid was op sy laagste punt ooit. Reitz het egter eers gedurende die 1923/1924 parlementsitting besef hoeveel die politieke situasie Smuts en die ander ministers verontrus het. Dit was vir hom duidelik dat die einde vir hulle in sig was.[160]

Hewige teenstand in die parlement, asook die verlies van die Wakkerstroom kiesafdeling tydens 'n tussenverkiesing in April 1924, het Smuts laat besluit om die algemene verkiesing van 1926 met twee jaar te vervroeg.[161] Hy was daarvan oortuig dat hy sy posisie sou kon versterk, aangesien hy die poging van die opposisie leiers om saam te werk as belaglik beskou het.[162] Dié stap het vir groot drama in die Volksraad gesorg. Terwyl die Sappe die besluit betreur het, is dit met 'n groot gejuig deur die Nasionaliste begroet. Hertzog en sy ondersteuners het geweet dat die stryd wat hulle vir so lank gevoer het, uiteindelik gewen was. Reitz het Smuts se optrede daaraan toegeskryf dat die

[159] J. Barber, *South Africa in the twentieth century*, p. 85.
[160] D. Reitz, *No outspan*, p. 72.
[161] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 104.
[162] D. W. Krüger, *The making of a nation*, p. 134.

S.A.P. se lede siek en sat van al die beledigings wat hulle as 'n minderheidsregering moes verduur, was. Hulle wou die keuse van wie moes regeer eerder in die volk se hande laat. Die uiteinde van Smuts se besluit was 'n verkiesingsveldtog gekenmerk deur bittere oor en weer beskuldigings tussen die twee partye.[163]

Reitz kon in latere jare nie meer onthou wat die strydpunte van die verkiesing was nie, maar in agternakennis probeer hy verklaar hoekom dit plaasgevind het.[164] Hy skryf dat buitestaanders mag dink dat die nougesetheid van die Suid-Afrikaanse politiek die gevolg was van haat tussen Afrikaans- en Engelssprekendes, maar dat dit glad nie die geval was nie. Hy erken dat daar altyd heethoofde was wat probleme veroorsaak het oor ras of taalgebruik, maar dat daar in realiteit baie min slegte gevoelens was tussen hierdie twee dele van die samelewing. Hulle het glo vrylik gemeng en ondertrou en het heel goed oor die weg gekom as predikante en politici hulle uitgelos het. Sedert 1902 het die twee rasse nie 'n enkele skoot geskiet of 'n hou na mekaar geslaan nie. Die 1914 rebellie was 'n vete tussen die Afrikaners en die 1922 Randse stakings was 'n arbeidstwis sonder enige rasse ondertone.[165]

Suid-Afrika se probleme kon volgens hom veel eerder toegeskryf word aan die moeilike sielkundige samestelling van die Afrikaanssprekende gemeenskap. Vir amper drie eeue lank het hulle as individue in die binneland rondgeswerf, verwyder van enige gesag. Elke man het sy eie wette gemaak en tot in die stadium wat hy *No outspan* geskryf het, was hulle teen dissipline en orde gekant. So gou as wat hulle 'n leier of regering aangestel het, het hulle begin om hulle eie handewerk te ondermyn. Die Afrikaner se geskiedenis was een van afstigting en onderlinge bakleiery. Selfs tydens die Groot Trek het daar kleinlike verdelings en ongure jaloesie voorgekom en onder die twee republieke was daar konstante burgerlike onrus met opponerende kommando's wat mekaar rondgejaag het. Hy vergelyk die

[163] D. Reitz, *No outspan*, p. 72.
[164] *Ibid.*, p. 73.
[165] *Ibid.*, pp. 72-73.

Afrikaner met die Iere. As hulle nie 'n gemeenskaplike vyand het nie, draai hulle teen mekaar.

Tot sy krediet verontskuldig Reitz hom nie aan bogenoemde stellings nie. Hy beskryf homself as net so sleg soos die res. Hy het genl. Hertzog en sy ondersteuners met dieselfde minagting bejeën as wat 'n Skotse stam hulle bure sou benader. Hy het die verkiesingstryd met 'n diepe lojaliteit vir genl. Smuts, sy leenvors, aangepak.[166] Op 22 Mei 1924 het hy tydens 'n twee uur lange toespraak in Somerset-Oos[167] vir die "siekes" van die Nasionale Party gepreek. Behalwe dat hy die nasionaliste "...rassehaters, rassedwepers, rewolusionêres [en] rebelle..." genoem het, het hy verklaar dat daar nie 'n enkele Nasionale Parlementslid was wat nie sy setel te danke gehad het aan die uitbuiting van rassehaat en republikanisme nie. Tot groot verontwaardiging van dele van sy gehoor het hy boonop genl. Hertzog en mnr. Attie Fourie swart gesmeer. Die verrigtinge is voor die einde van die vergadering heeltemal ontwrig toe nasionalisties gesinde lede van die gehoor uitgestap het.[168]

Tydens 'n vergadering met gekleurde kiesers op 27 April het hy met sy standpunte oor die N.P. voortgegaan. Hy het aan die gehoor gesê dat indien die Nasionale Party sou wen, genl. Hertzog sy beleid van segregasie sou uitvoer. Hy het ook klem op die nywerheids-segregasie politiek van kol. Creswell gelê. Volgens hom sou die implementering daarvan tot die uitsluiting van swartes van die myne en ander werkkringe lei. Sy toespraak is afgesluit met 'n beroep op die gekleurde kiesers om die Pakt-partye teen te staan en te oorwin.[169]

Reitz se veldtog het oor die hele Unie gestrek, vanaf Kaapstad na Johannesburg, die Noord-, Oos-, Wes- en Sentraal-Transvaal, Kimberley, Port Elizabeth en Somerset-Oos, deur die Boland, Middellande en tot in die

---

166 D. Reitz, *No outspan*, p. 73.
167 *Die Burger*, 24/05/1924, Kol. Reitz gaan help. Vertroue in mnr. Fourie, p. 5.
168 *Die Burger*, 30/05/1924,Somerset. Min. Reitz blaas vuur aan. "Medisynemeester genees...", p. 5.
169 *Die Burger*, 28/04/1924, Port Elizabeth Sentraal. Kol. Reitz spreek Naturelle toe, p. 5.

Kalahari. Dit was ‘n patroon wat ook deur die res van Reitz se kollegas in die kabinet gevolg is en wat ‘n goeie aanduiding gee van hoe ernstig die S.A.P. die verkiesing opgeneem het. [170] In ‘n poging om S.A.P.-kandidate in ander kiesafdelings met hulle verkiesingsveldtogte te help, het Reitz honderde kilometers afgelê. Dit het slegte paaie, ongemak en wilde vergaderings, lang ure van toesprake, dag na dag, weke aanmekaar en onder die kruisvuur van krete, beledigings en vrae, behels en het ‘n sterk gestel vereis.[171]

Soos in 1921 het Reitz die S.A.P. in Port Elizabeth Sentraal verteenwoordig. Anders as in 1921 is hy hierdie keer teengestaan deur R.L. Weir van die A.P.[172] Die feit dat net twee kandidate aan die verkiesing in Port Elizabeth Sentraal deelgeneem het, was vir Smuts ‘n groot verligting. Hy was bevrees dat indien daar ‘n driehoekige geveg sou wees, Reitz nie so goed sou vaar nie.[173] Reitz het egter ook aanvanklik uit eie geledere teenstand gekry. ‘n Mnr. C.F. Kayser het daarop aangedring om as die amptelike S.A.P.-kandidaat vir dié kiesafdeling erken te word,[174] maar hy is uiteindelik nie benoem nie.

Reitz se afwesigheid uit Port Elizabeth het natuurlik ‘n leemte in sy eie wyk veroorsaak, maar gelukkig kon hy op Leila staatmaak om namens hom politieke vergaderings te hou. Verskeie politieke ontleders was dan ook van mening dat Reitz se oorwinning in Port Elizabeth aan Leila se onverskrokke reklamewerk toegeskryf kon word en dat sy die eintlike oorwinnaar daar was.[175] Die gevoel is egter nie deur almal gedeel nie. *Die Burger* het geïmpliseer dat sy nie geweet het waarvan sy praat nie. Volgens die spesiale verteenwoordiger van *Die Burger* was hy in noue kontak met alle dele van die bevolking in Port Elizabeth en was nie een van hulle van plan om weer vir die S.A.P. te stem nie. Hulle was van mening dat die S.A.P. die land in die grond

[170] D. Reitz, *No outspan*, pp. 75-76.
[171] *Ibid*., p. 73.
[172] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 138.
[173] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 214, privaat briewe 1924 (R-W), no. 107, J.C. Smuts - sir E. Walton, 13/05/1924.
[174] *Die Burger*, 25/04/1924, Sappe kry rusie. Teenstand vir Min. Reitz, p. 5.
[175] A. Cunningham, Deneys en Leila Reitz, *Parktown and Westcliff Heritage Trust*, no. 27, p. 4.

in bestuur het en sou nie toelaat dat dit verder plaasvind nie.[176] Leila se toesprake is gevolglik deur 'n aanhoudende gelag en vrolikheid onderbreek.[177] Deur hulle optrede het die gehoor getoon dat hulle beskuldigings wat teen Hertzog en die N.P. en A.P. gemaak is as loutere bangmakery en goedkoop kaf beskou het. Die koerant het die opinie gehuldig dat as die inwoners van Port Elizabeth nog verdere bewys nodig gehad het van "...die magteloosheid, die stokflouheid van die S.A.P. ...", dan het hierdie vergaderings dit aan hulle getoon.[178]

*Die Burger* het hom nie net tot Leila beperk nie en verskeie aanvalle is ook op Reitz gedoen. 'n Toespraak waarin hy gesê het dat 90% van die lede van die S.A.P. hulle plig tydens die Anglo-Boereoorlog gedoen het, terwyl 90% van die lede van die N.P. hulle plig versuim het, het tot ernstige kritiek aanleiding gegee. Volgens *Die Burger* het Reitz nie die politiek ernstig opgeneem nie en het hy altyd nuwe en vreemde standpunte gehuldig. Hy kon glo bogpraatjies verkoop met 'n geleerde en oortuigde gesig en het dan waarskynlik later gelag oor hoe hy sy gehoor aan die neus rondgelei het. Hy het glo veral nie 'n hoë dunk van die kiesers in Port Elizabeth gehad nie, aangesien hy sy poetse spesiaal vir hulle gehou het. Indien hy hulle ernstig opgeneem het, sou hy beter en meer wetenskaplike argumente aan hulle voorgesit het. Die koerant sluit die berig af deur te sê dat hulle glo die kiesers in Port Elizabeth het meer verstand as om hom te glo, maar dat hy dit klaarblyklik nie besef nie. Die koerant het ook sarkasties gevra of die feit dat Port Elizabeth Reitz as hulle afgevaardigde in die Volksraad verkies het, hom daardie lae dunk van die kiesers se intellek gegee het.[179]

Die uiteinde van die verkiesing wat op 17 Junie 1924 plaasgevind het, was dat Reitz vir Weir met 1 044 stemme geklop het.[180] Die S.A.P. kon egter slegs 53 setels verower teenoor die 63 van die N.P. en die 18 van die A.P., met een

---

[176] *Die Burger*, 10/06/1924, Die stryd aan die Baai. Die kanse van die "pact". Mevr. Min. Reitz se merkwaardige ontdekking, p. 3.
[177] *Die Burger*, 11/06/1924, Port Elizabeth. Sprekers steun Min. Reitz. 'n Swak vergadering, p. 8.
[178] *Die Burger*, 13/06/1924, Briewe uit die Baai. Kol. Reitz se versterking. 'n Politieke sirkus, p. 5.
[179] *Die Burger*, 22/11/1923, Sy eie nes bevuil, p. 4.
[180] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 138.

onafhanklike. Smuts, wat nie hierdie terugslag verwag het nie, was verplig om te bedank en Hertzog het ‘n nuwe regering saamgestel. In sy kabinet het hy die losse verkiesingsooreenkoms tussen die N.P. en die A.P. eerbiedig deur drie van die poste aan die A.P. te gee. Hertzog se voorspelling van wanneer die N.P. aan bewind sou kom, is hierdeur bewaarheid.[181] Dit was in teenstelling met ‘n verklaring van Reitz op 22 November 1923 dat hy van mening was dat daar nie ‘n algemene verkiesing voor die einde van 1925 sou wees nie.[182]

Die uitslag van die verkiesing was rampspoedig vir die S.A.P. en alhoewel Reitz gelukkig genoeg was om sy setel te behou, was hy bevrees dat die land gedoem was. Sy vrese is egter gou besweer toe hy besef het dat ‘n party wat baie uitgesproke is terwyl hulle in opposisie is, meer nugter dink wanneer hulle met die verantwoordelikheid van mag te doen kry. Hy moes op die ou end aan homself erken dat die oorname deur die nasionaliste geen rewolusionêre veranderinge tot gevolg gehad het nie.[183]

Die Pakt-regering se oorwinning in die verkiesing moes egter seer gemaak het en Reitz het verskeie argumente gebruik om dit te rasionaliseer. Tydens die S.A.P. Vroueparty se jaarlikse basaar op Robertson op 13 Junie 1925 het hy gesê dat hy aanvanklik gedink het dat die S.A.P. so te sê dood was, maar dat dit nie waar was nie en dat daar nog baie steun vir die party was. Hy skryf dit daaraan toe dat die party by sy beginsels gehou het ongeag die opoffering wat vereis is. Volgens hom was die S.A.P. die enigste party wat alle dele van die bevolking, ongeag ras, geloof of nasionaliteit, ingesluit het. Hulle moed was nie gebreek omdat hulle die verkiesing verloor het nie en hulle beginsels het net so sterk as in die verlede gestaan. Reitz was verder van mening dat die sterkte van ‘n party nie van sy aantal lede in die Volksraad afgehang het nie, maar wel van die aantal en die kwaliteit van sy ondersteuners. Dit in ag geneem, was die S.A.P. wat sy ledetal aanbetref die sterkste party in die land. Hulle was ook verreweg die sterkste ten opsigte van die kwaliteit van

[181] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, pp. 104-105.
[182] *Die Burger*, 23/11/1923, Ontbinding van die Parlement. Verklaring van Min. Reitz, p. 2.
[183] D. Reitz, *No outspan*, pp. 75-76.

hulle lede. Dit was gelukkig dat dit so was want hulle het in onderstebo tye geleef en dit was alleen die S.A.P. wat opgetree het as ‘n rem teen al die sonderlinge en belaglike wetgewing wat die Regeringspartye ingedien het.[184]

## 6.7 Die Ryks Parlementêre Vereniging se besoek aan Suid-Afrika in 1924

Teen die einde van die 1924-parlementsitting het Reitz ‘n aangename verrassing gekry toe hy aangewys is as deel van ‘n Suid-Afrikaanse delegasie om lede van die Ryks Parlementêre Vereniging op hulle toer deur Suid-Afrika te vergesel.[185] Die ander lede van die Suid-Afrikaanse afvaardiging was E.G. Jansen, Speaker van die huis en president van die Suid-Afrikaanse tak van die Ryks Parlementêre Vereniging, Reitz se vader, senator F.W. Reitz, wat die N.P. verteenwoordig het en senator P. Whiteside, die A.P. verteenwoordiger. Die 31 besoekers, afkomstig uit Brittanje, Kanada, Australië en Nieu-Seeland, onder leiding van J.H. Thomas (sekretaris van die Statebond), is vergesel deur sir Howard d’Egville (sekretaris van die Britse tak van die Ryks Parlementêre Vereniging), W.A. Gale (eresekretaris van die Australiese tak van die Ryks Parlementêre Vereniging) en E.H. Marsh (privaatsekretaris van die Sekretaris van die Kolonies).[186]

Die Ryks Parlementêre Vereniging was ‘n organisasie wat elke paar jaar bymekaargekom het om ‘n ander land te besoek. Die doel hiervan was om die land wat besoek word, te leer ken en om sake wat vir die Britse Ryk van belang was, te bespreek. Die kommunikasie tussen verskillende lande se lede is normaalweg gedoen aan die hand van reise, dinees en gesprekke. Die grootste voordeel van die organisasie was dat lede voorkeur behandeling gekry het in die lande wat hulle besoek het, soos byvoorbeeld spesiale

---

[184] *Die Burger*, 16/06/1925, “Kwaliteit-mense”. Die monster op Robertson. Sappe kry troos, p. 7.
[185] D. Reitz, *No outspan*, p. 76.
[186] SAB, GES, 1975, 32/33, Booklet: Empire Parliamentary Association: visit to SA 30 August – 31 October 1924, Cape Town, 1924, p. 5.

tariewe wanneer hulle gereis het. Hulle kon boonop enige onderwerp aanraak wat hulle wou.[187]

Die Vereniging se besoek aan Suid-Afrika het plaasgevind vanaf 30 Augustus tot 31 Oktober 1924,[188] maar Reitz kon hulle slegs vanaf 6 tot 21 en 28 tot 30 September en vanaf 1 tot 19 Oktober vergesel, aangesien Leila ongesteld was en hy haar moes bystaan.[189] Die toer het die hele Suid-Afrika asook dele van Rhodesië ingesluit. Dit het in Durban begin en in Kaapstad geëindig en daar is omtrent nie ‘n dorp wat nie tussenin besoek is nie. In Natal is onder meer die Howickvalle, die steenkoolmaatskappye by Wasbank en Harrismith en die slagvelde by Wagon Hill en Spioenkop besoek. Dit was in Reitz se aard om die besoekers van die aangrypende bykans hand-tot-hand geveg te vertel waarin hy op Spioenkop betrokke was en wat ‘n paar jaar later in sy *Commando* te lese sou wees. In Bloemfontein is die Glen Landbou Kollege en die Modderrivier Waterwerke geïnspekteer, in Oos-Londen die hawe en in King Williamstown die botaniese tuine. In Alice die Lovedale Native College, terwyl plaaslike industrieë, die marine parade en ‘n slangpark in Port Elizabeth besoek is. ‘n Volstruisplaas en die Kammanassie waterwêreld het in Oudtshoorn aan die beurt gekom en die inheemse woude in George en Knysna. In Graaff-Reinet het skaap- en beesboere die besoekers onthaal. In Bulawayo en die Matopos het hulle Cecil John Rhodes se graf besoek, waarna hulle na die Zimbabwe ruïnes en die Victoria waterval is. Terug in Suid-Afrika het hulle in Mafeking, Johannesburg en Cullinan myne besoek. In Pretoria het hulle staatsinstellings soos die Uniegebou en die Munt besoek, waarna hulle via Nelspruit na Lourenço Marques (Portugees Oos Afrika) is. Hierna is hulle deur die Wes-Transvaal tot in Kimberley waar hulle onder meer ‘n besoek aan die Magersfontein slagveld afgelê het. Om die reis af te sluit, is die geselskap na die Paarl, Stellenbosch, Franschhoek, Simonstad en

---

[187] SAB, GG, 1362, 40/39, Empire Parliamentary Association (SA Branch) (Kaapstad, 1913). Membership rules of EPA (SA Branch) as at 18 July 1913, pp. 6-8.

[188] SAB, GES, 1975, 32/33, Booklet: Empire Parliamentary Association: visit to SA 30 August – 31 October 1924, Cape Town, 1924, p. 31.

[189] TAB, PM, 1/2/237, 62 (Vol. I), Empire Parliamentary Association, Rijks Parlementaire Vereniging (Unie van Zuid Afrika Tak), Dertiende Jaarlikse Rapport 1924-1925, p. 7.

Kaapstad, vanwaar die buitelandse delegasies weer na hulle eie lande teruggekeer het.[190]

Reitz, wat 'n spoorwegwa met die Verenigde Koninkryk afgevaardigdes gedeel het,[191] beskryf dit as 'n dolle gejaag van een bestemming na die volgende. Hy was jammer dat die toer per trein afgelê is, aangesien hulle daarmee die geleentheid ontneem is om tussen wilde diere te beweeg en meer afgeleë plekke te besoek. Die reis is gekenmerk deur ontmoetings met burgemeesters en raadslede en groot hoeveelhede munisipale dinees en burgerlike funksies waar hulle na lang toesprake moes sit en luister. Ten spyte hiervan was die geselskap waarin hulle hulle bevind het, interessant en kon hulle die lang tye op die trein verkort deur middel van gesprekke, debatte en lesings.[192]

Vir Reitz was een van die uitstaande kenmerke van die besoek sy vader se deelname daaraan. Na afloop van die Anglo-Boereoorlog en in die daaropvolgende twintig jaar het hy maar min van sy vader gesien en hierdie toer sou hom geleentheid gee om die ou bande weer te versterk. Volgens Deneys het F.W. Reitz gou die sentrale figuur van die reis geword en hy het met trots opgemerk hoe die buitelandse besoekers na sy vader en dié se wye kennis opsien. Hy gaan verder voort om sy vader se vele deugde te beskryf en brei uit oor sy taalvermoëns en sy digkuns.[193] Uit die manier waarmee Deneys sy vader beskryf, kan die afleiding gemaak word dat hy groot respek en bewondering vir hom gehad het. Al het hulle aan verskillende politieke partye behoort, het dit nie veroorsaak dat hulle nie meer vir mekaar omgegee het nie.

Volgens Deneys het sy vader uitgeblink tydens die debatte en lesings en kon hy homself goed handhaaf in enige gesprek wat gevoer is. Hy het 'n

---

[190] SAB, GES, 1975, 32/33, Booklet: Empire Parliamentary Association: visit to SA 30 August – 31 October 1924. Cape Town, 1924, pp. 31-85.

[191] TAB, PM, 1/2/237, 62 (Vol. I), Empire Parliamentary Association, Rijks Parlementaire Vereniging (Unie van Zuid Afrika Tak), Dertiende Jaarlikse Rapport 1924-1925, p. 7.

[192] D. Reitz, *No outspan*, p. 82.

[193] *Ibid.*, pp. 76-77.

geweldige goeie algemene kennis gehad en kon met gesag praat oor Suid-Afrika se geskiedenis en sy ekonomiese toestande. Hy het boonop ‘n goeie sin vir humor gehad en kon sy eie waarnemings afrond met gevatte stories. So kon hy byvoorbeeld ‘n duidelike beeld van Paul Kruger en sy tye skets: sy fisiese krag, rowwe persoonlikheid, maar ook sy eenvoudige lewensbenadering. Op ‘n soortgelyke wyse het hy ook oor Joseph Chamberlain, koloniale sekretaris, gepraat en dit het tot ‘n ongemaklike argument tussen die lede van die delegasie gelei. Daarop het F.W. Reitz aan die besoekers vertel dat daar in dieselfde tydperk ‘n tweede Chamberlain in Suid-Afrika was. Dié Chamberlain, wat as gevolg van ‘n hoesstroop wat hy vervaardig het bekendheid verwerf het, is gereeld met Joseph Chamberlain verwar. So het een van die ouer burgers klaarblyklik aan Paul Kruger gesê dat Chamberlain se politiek maar sleg was, maar dat sy hoesmedisyne baie goed was. Die uiteinde van die storie was dat die situasie tussen die afgevaardigdes ontlont is.[194]

Toe dit Reitz se beurt word om ‘n praatjie te lewer, het hy oor die verhouding tussen wit en swart in Suid-Afrika gepraat. Hy het glo op die onderwerp besluit omdat die meerderheid van die Britse afgevaardigdes meer wou weet van die swart bevolking en hulle kulture. Hy het die indruk gekry dat hulle na Suid-Afrika gekom het met die vooropgestelde idee dat die plaaslike administrasie te hard en onderdrukkend was. Hy was van mening dat daar van die Britte was wat geglo het dat die gemiddelde Suid-Afrikaner met ‘n sambok rondloop en enige swarte wat binne sy bereik kom, slaan. Volgens hom was buitelanders nie daarvan bewus dat die klein Europese gemeenskap in Suid-Afrika meer as 8 000 000 swartes, insluitende die Zoeloes, die mees veglustige barbare in Afrika, suksesvol bestuur nie en dat daar vir meer as ‘n generasie al ononderbroke vrede heers nie.

Hy het sy praatjie begin deur te meld dat die burgers met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog hulle vrouens en kinders, hulle vee en hulle gesaaides in die hande van hulle swart bediendes gelaat het en dat hy nie van ‘n enkele

[194] D. Reitz, *No outspan*, pp. 82-83.

voorval geweet het waar daardie vertroue geskend is nie. As ‘n boer sy plaas moes verlaat, het hulle nie ‘n oomblik getwyfel om dit in beheer van hulle swart werkers te laat nie. Op ‘n persoonlike noot het hy vertel dat hy en sy vrou, wanneer hulle die parlementsitting in Kaapstad moes bywoon, hulle twee seuns in die sorg van hulle Zoeloe bediendes gelaat het. Geen kwaad is hulle ooit aangedoen nie.

Hy het verder ook gemeld dat duisende swartes van Rhodesië en die protektorate en selfs so ver as Njassaland die Unie jaarliks ingestroom het op soek na werk, iets wat nie sou gebeur het as hulle sleg behandel is nie. Een van die Britse Arbeidersparty lede het daarop aan Reitz gesê dat dit alles goed en wel was, maar dat hulle swartes nog steeds stemreg en sosiale gelykheid weier. Hierop het Reitz geantwoord dat selfs beskaafde nasies soos die Duitsers, Italianers en Russe nie daarin kon slaag om stemreg suksesvol te implementeer nie en as dit die geval was, wat sou die nut daarvan wees om dit vir swartes te gee wat, uit die aard van sake, die waarde daarvan nog minder verstaan. Hy het ook gesê dat die Britte nog nooit, in enige van die gebiede wat hulle bestuur het, aan swartes stemreg of sosiale gelykheid gegee het nie. Of hulle enigsins met hom saamgestem het, weet hy nie, maar van hulle het na die tyd aan hom gesê dat hulle die vraagstuk nou uit ‘n ander hoek bekyk.[195]

## *6.8 Prokureursfirma*

In November of Desember 1924 het Reitz na Johannesburg verhuis om ‘n bestaan as prokureur en joernalis daar te gaan maak.[196] Dit was ‘n ideaal wat hy reeds sedert Desember 1918 gekoester het,[197] maar nie kon uitvoer nie. Hy het sy nuwe lewe afgeskop deur saam met Sydney Jacobson en Charles Effune in ‘n prokureurspraktyk in te gaan, maar was, as gevolg van sy

---

[195] D. Reitz, *No outspan*, pp. 80-81.
[196] *Ibid.*, p. 88.
[197] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 204, privaat briewe 1918 (H-W), no. 55, E.F.C. Lane - J.C. Smuts, 17 Desember 1918.

betrokkenheid by die politiek, maar min daarmee gemoeid.[198] In 1928 het A.L. Cohn gemeld dat Reitz 'n senior vennoot in 'n goeie Joodse firma was en dat hy gou self half-Joods sou wees as hy beter na sy kliënte omsien[199] en meer aandag aan sy praktyk gee. Dié prokureurspraktyk, asook die afstaan van sy pos as minister, het egter aan Reitz kans gegee om te fokus op aktiwiteite wat vir hom van belang was, soos om in Afrika rond te reis.[200] Hy het dan ook deeglik gebruik gemaak daarvan en het in die periode van 1924 tot 1929 verskeie uitgebreide privaat- en sakereise onderneem.

Die eerste hiervan was na Swaziland om daar 'n ondersoek na grondtoekennings deur Umbandine, die Swazi koning, vanaf 1878 to 1891, te doen. Soos in al die beskrywings wat hy oor sy reise gedoen het, is hierdie een gevul met die geskiedenis van die Swazi asook verskeie staaltjies van die mense en die omgewing. Die werk wat hy verrig het, word in die kleinste moontlike besonderhede beskryf en hy sluit sy oorsig daarvan af met 'n enkele sin waarin hy meld dat Umbandine se toegewings deur arbitrasie beëindig is en dat dit 'n aangename uitstappie se einde beteken het.[201]

Ander besoeke wat hy in hierdie jare onderneem het, was onder meer na Suidwes-Afrika, die Kaokoveld, Suid-Rhodesië, Elizabethville in die Belgiese Kongo en Angola.[202] Die meeste van hierdie besoeke was amptelik van aard, maar 'n paar van hulle is onderneem bloot om sy eie avontuurlus te versadig.

## 6.9 *'n Besoek aan Suidwes-Afrika*

Vroeg in 1925 is Reitz na Suidwes-Afrika, 'n gebied wat hy in 1915 tydens die Suid-Afrikaanse veldtog daar leer ken het. Hy het aanvanklik samesprekinge

---

[198] Persoonlike mededeling: Michael en Helen Reitz, Klein Constantiastraat 29, Constantia, 02/05/2005.

[199] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 288, privaat briewe – Addisionele volume 1950 (H-P), no. 118, J.C. Smuts – R. Broom (1924-1938), J.C. Smuts – A.L. Cohn (1908-1938), J.C. Smuts – T.J. Haarhoff (1932-1948), 7/11/1928.

[200] J.S.M. Simpson, *South Africa Fights*, p. 44.

[201] D. Reitz, *No outspan*, pp. 88-91.

[202] *Ibid.*, pp. 91-96, 100-117 en 118-129.

met regeringsamptenare in Windhoek gevoer waarna hy na Rehoboth is om ‘n verslag saam te stel oor die beweerde ontdekking van goud in die gebied. Vanaf Rehoboth is hy na Goodhouse waar hy die joernale en rekeningboeke van ‘n groot sitrusplaas moes oudit. Die temperature was egter gedurende die dag so hoog dat hy sy dae in die lou water van die Oranjerivier deurgebring het en slegs in die aande na donker aan sy werk aandag gegee het. Tydens sy terugreis na Windhoek het Reitz, vir slegs die tweede keer in sy lewe, Boesmans teëgekom. Hy beskryf hulle as ‘n “...yellow-skinned pygmy race standing about four-foot six, and they have tremendously developed hindquarters which serve them like the camel’s hump from which to draw on in lean periods.” Hy gee verder ook ‘n beskrywing van die miniatuur pyl en boë wat hulle, addisioneel tot hulle normale wapens, met hulle saamdra. Hierdie minuskule wapentjies was klaarblyklik deur die Duitsers verbied, aangesien hulle gebruik is om kortafstand aanvalle op polisiemanne en soldate te loods. Volgens Reitz het die Boesmans hierdie pyl en boë op dieselfde wyse gebruik as wat ‘n rampokker ‘n outomatiese pistool addisioneel tot ‘n groter wapen sou dra.[203] Alhoewel sy beskrywings van die mense en volke wat hy teëgekom het redelik akkuraat was, sal die manier waarop hy die Boesmans beskryf het nie goed in die hedendaagse samelewing afgaan nie. Sy woorde moet egter gesien word in lig van die tyd en die politieke waardes waarin dit geskryf is. Dit kan nie aan hedendaagse standaarde gemeet word nie, al was daardie standaarde hoe verkeerd.

Toeval speel ‘n redelike groot rol in Reitz se boeke. Tydens sy terugreis na Windhoek het ‘n gebeurtenis plaasgevind wat dit duidelik illustreer. Hy het ‘n gesprek gehoor tussen ‘n polisieman en ‘n vriend van hom oor die Anglo-Boereoorlog. Volgens die polisieman was hy aan die einde van die oorlog in ‘n blokhuis in Springbok waar twee van sy makkers deur die skietgate doodgeskiet is. Na afloop van sy storie het Reitz aan hom gesê dat hy die skerpskutter onder bespreking was. Die polisieman was ‘n joviale Ier wat geen kwade gevoelens teenoor Reitz gekoester het nie en hulle het later

[203] D. Reitz, *No outspan*, pp. 91-95.

saam ‘n drankie daarop gaan drink.[204] Of hierdie staaltjie van Reitz sommer net so aanvaar moet word, is te betwyfel. Die toevalligheid is darem heeltemal te groot dat dit waar kon wees.

In Walvisbaai het Reitz ‘n ou jagter raakgeloop wie se praatjies hom op ‘n baie lang tog sou stuur. Die jagter het tyd in die Kaokoveld deurgebring en sy stories van groot wild en vreemde stamme het vir Reitz vreeslik aanloklik geklink. Die gedagte dat daar ‘n deel van Afrika was wat nog deur Europeërs onaangetas was, het Reitz se verbeelding aangegryp en hy het besluit om die gebied vir homself te gaan ondersoek.[205]

In sy voorlopige navrae oor die Kaokoveld het hy geleer dat dié feitlik onbekende gebied onder die Kunenerivier en tussen die Etoshapanne en die see geleë was. Geen wit nedersetters, handelaars of sendelinge het in die gebied voorgekom nie, hoofsaaklik omdat die swart inwoners daarvan baie oorlogsugtig was. Hy is gewaarsku dat hy sy lewe in gevaar sou stel indien hy die gebied sou ingaan en dat hy dit op sy eie verantwoordelikheid sou doen. Dit het hom net nog meer vasberade gemaak om ‘n besoek daar te gaan aflê. Volgens hom het wreedaardige en krygshaftige swartes gewoonlik heel vriendelik geraak as hulle reg hanteer is en het dit hom nie afgeskrik nie. Sy voorgenome reis moes volgens hom egter wag vir ‘n lang en vervelige parlementsitting om klaar te maak. Die voortslepende toesprake en debatte het aan hom oorgenoeg geleentheid gegee om te sit en droom van afgeleë lande en olifante wat soos goederetreine oor die heuwels verdwyn.[206] Hy het ook dié tyd gebruik om verdere navorsing oor die Kaokoveld te doen en het uitgevind dat die gebied wel by tye deur witmense besoek is. Voorbeelde hiervan was die bekende reisiger en skrywer Lawrence G. Green, wat dit in die sewentigerjare van die vorige eeu besoek het en die Dr. Georg Hartmann, ‘n geoloog in diens van die Suidwes-Afrika Maatskappy wat die gebied in

[204] D. Reitz, *No outspan*, p. 95.
[205] *Ibid.*, p. 96.
[206] *Ibid.*, p. 96.

1894 en 1900 besoek het. Verskeie Duitse soldate was ook in die gebied aktief, byvoorbeeld luite. Helm en Volkmann.[207]

Die gebied het ook betekenis vir Suid-Afrikaners gehad in 'n stukkie geskiedenis wat volgens Reitz amper onopgeteken verbygegaan het.[208] 'n Groep van sowat 500 tot 600 mense het Pretoria tussen 1874 en 1880 verlaat en tot in Suidwes-Afrika en Angola getrek. Hulle is aangedryf deur die "trekgees" wat sy oorsprong reeds in die 1690's in die Kaapkolonie onder die veeboere gehad het. Hierdie "Dorslandtrekkers" was egter ook ongelukkig oor die sekulêre hervormings wat Thomas Francois Burgers, liberale president van die Z.A.R., wou maak.[209] Hulle het teen 1879 die Kaokoveld ingetrek, maar kon ook nie hier rus kry nie en is deur die Kunene na Angola en vandaar verder na die noorde.[210] Die trek self het op 'n byna volslae ramp uitgeloop. Tussen 250 en 300 van die trekkers het tydens die trek omgekom of na die Transvaal teruggekeer.[211] Reitz het die nasate van hierdie groep trekkers bewonder vir hulle onoorwinlike gees. Hulle het langer in Afrika as die Israeliete in die woestyn rondgetrek terwyl hulle hulle taal en rasse vooroordele behou het.[212]

Na afloop van die 1925 parlementsitting het Reitz sy voorbereidings afgehandel en op sy reis na die onbekende Kaokoveld vertrek. Aangesien hy nie geweet het wat om te verwag nie, het hy besluit om lig te reis. As voedsel het hy geneem die helfte van 'n vark, 'n sak aartappels en uie, 'n sak koringmeel en sout, koffie, tee en suiker. Sy toerusting het bestaan uit 'n geweer, 'n slaapsak en spaar klere. Verder het hy beoog om van die land te leef. Hy het sy tog in Windhoek met 'n motor begin en oor Otyitambi tot by die Khairos watergat en van daar tot by Otyitundua gereis. Die moeilike omstandighede het hom egter gou laat besef dat 'n motor nie die regte vervoermiddel in die ruwe omstandighede was nie. 'n Oplossing vir die

---

[207] D. Reitz, *No outspan*, pp. 96-97; A. Schoeman, *Skeleton Coast*, pp. 119 en 122.
[208] D. Reitz, *No outspan*, p. 97.
[209] H. Giliomee en B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 195.
[210] D. Reitz, *No outspan*, pp. 97-99.
[211] H. Giliomee en B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 195.
[212] D. Reitz, *No outspan*, pp. 126-127.

probleem het hom voorgedoen toe hy 'n ou man, sy vrou en seun, die Van der Merwe's, wat in die Kaokoveld met skape en beeste geboer het, raakgeloop het en dié aan hom 'n ligte kar met 'n span donkies geleen het. Van der Merwe, senior, was as 14-jarige seun, deel van die 1874-trek en hy kon aan Reitz vertel wat die trekkers op hulle tog deurgemaak het. Uit bekommernis oor die tog wat Reitz wou onderneem, het die jonger Van der Merwe, Daniel, besluit om Reitz op sy tog te vergesel. Dit was volgens Reitz die grootste geluk wat hom tydens die reis getref het, aangesien hy nie op sy eie sou kon oorleef het nie.[213]

Teen 1 Augustus 1925 was hulle by Kamanjab. Van daar is hulle na Ubombo, Gauko-Otawi en toe Owatjana. Van hier af is hulle deur die wildste omgewing wat Reitz ooit in Afrika gesien het met 'n groot hoeveelheid rowwe berge, tot by Gangisema - 'n gebied wat, volgens hom, nog nooit deur 'n witman besoek is nie. Nadat hulle tien dae hier deurgebring het, is hulle na Zwartbooisdrif, die naaste deurgaanbare punt van die Kunenerivier. Die pad na Zwartbooisdrif was volgens Reitz die slegste roete wat hy ooit bewandel het, selfs tydens die Anglo-Boereoorlog. Hulle het na agt ure hulle bestemming bereik, maar volgens Reitz het die rotsbesaaide pad amper hulle harte gebreek. Hulle het vir meer as 'n week langs die Kunenerivier gekamp voordat hulle weer die pad terug huis toe aangepak het.[214] Sy ontvangs in Johannesburg was 'n warm een. Sy seun Jan, toe vyf jaar oud, het hom met hulle weersiens 'n drukkie gegee en gesê: "Daddy, all the time you was gone I thinked of you a little bit every day". Vir Reitz was daar geen groter verwelkoming as daardie paar woorde nie.[215]

Soos met al sy ander reise het Reitz hierdie een gebruik om meer van die omgewing en die mense in die gebied te leer. Sodoende het hy te doen gekry met die Toppenaar Hottentotte en die Herero hoofmanne Langman, Herman[216] en Oorlog.[217] Hy brei uit oor hulle geskiedenis, kulture en gebruike

---

[213] D. Reitz, *No outspan*, pp. 100-102.
[214] *Ibid.*, p. 101-117.
[215] *Ibid.*, p. 117.
[216] *Ibid.*, p. 103.

en die hoofstukke wat daaroor handel, is uiters boeiend. Hy gaan egter veel verder en beskryf die omgewing asook die groot hoeveelhede wilde diere wat hulle teëgekom het. Sy beskrywing van die diere wys, met die uitsondering van een, sy bewondering van hulle. Krokodille kon hy nooit verdra nie en hy het dit sy roeping gemaak om elkeen wat hy teëkom, te skiet.[218] Hy het dit egter nooit vervelig gevind om na grootwild te kyk nie en het slegs vir voedsel gejag.[219] Van sy stories oor sy jagtogte het egter stertjies bygekry. So vertel hy byvoorbeeld hoe hy by Ubombo sewe tarentale se koppe met een patroon afgeskiet het.[220]

## *6.10 'n Besoek aan Suid-Rhodesië*

Na skaars twee weke terug in Johannesburg is Reitz na Suid-Rhodesië om sir Abe Bailey, multimiljoenêr myneienaar, se eiendomme daar te gaan inspekteer. Hy het die meerderheid van sy tyd op Bailey se plase in die Matopos in die suide en Sinoia en die Mazoë deurgebring, maar moes soms na Bulawayo of Salisbury terugkeer om sy voorrade aan te vul. In vergelyking met wat hy in die Kaokoveld deurgemaak het, was hierdie reis weelderig en die dele wat hy besoek het goed bekend. Alhoewel hy dit interessant gevind het, het dit geen uitdaging ingehou nie en word die indruk geskep dat hy dit maar bra vervelig gevind het.[221]

Met die betaling wat hy by Bailey ontvang het, het hy Elizabethville in die Belgiese Kongo op eie onkoste gaan besoek. Na twee weke daar het hy 'n Portugees, Cabral, 'n amptenaar van Robert Williams & Co., die Britse maatskappy wat besig was om 'n spoorlyn vanaf Lobitobaai na Elizabethville te bou, ontmoet. Cabral het beoog om met 'n ou Ford-motor, wat Reitz 'n museumstuk genoem het en 'n vragmotor wat nie veel beter was nie, goedere

---

[217] D. Reitz, *No outspan*, p. 110.
[218] *Ibid.*, p. 115.
[219] *Ibid.*, pp. 102-103.
[220] *Ibid.*, p. 106.
[221] *Ibid.*, p. 118.

na die weskus van Angola te vervoer. Toe hy Reitz nooi om hom te vergesel, kon Reitz nie die geleentheid laat verbygaan nie en hy het, teen alle waarskuwings in dat die reënseisoen op hande was en dat hulle stapelgek was om die reis aan te pak, onmiddellik daartoe ingestem.[222]

Die voorspellings oor die ongeleë tyd van die reis het hulle gou ingehaal. By Chilongo het Cabral koors opgedoen en is hulle geforseer om hulle tog vir verskeie dae te onderbreek. Die koors sou Cabral die hele roete bybly en later het die vragmotorbestuurder en sy helpers dit ook almal opgedoen. Tydens hul verblyf in Chilongo het die ongeluk Reitz verder gery toe al sy geld gesteel is. Gelukkig kon hy dit deur die toetrede van die bestuurder van die herberg waarin hy gebly het, weer terugkry. Gedurende die res van hulle reis het die twee voertuie waarin hulle gery het, asook die weersomstandighede, vir hulle groot probleme veroorsaak. Die Ford se verkoeler het gelek en moes elke twintig minute met broodwortelpap gelap word. Die pad wat hulle gevolg het, was ‘n voetpad deur die woud wat meeste van die tyd onder sewe sentimeter water was. Dit het aanhoudend gereën, hulle klere het verrot en hulle skoene was groen van die skimmel.[223] Die blydskap van die inwoners van hulle eindbestemming by Gamacupa vir wie die goedere op die vragmotor bestem was, het die reis egter die moeite werd gemaak. Ten spyte van sy ontberinge gedurende hierdie 1 300 kilometer lange rit het Reitz aan die einde daarvan gesê dat dit redelik moeilik was as gevolg van al die reën, maar dat dit in droë toestande nie juis merkwaardig sou wees nie.[224]

Vanaf Gamacupa is Reitz na Benguela en vandaar na Lobitobaai waar hy vir ‘n paar dae by die Britse konsul gebly het. In minder as ‘n week kon hy ‘n skip kry wat suidwaarts gevaar het en teen Januarie 1926 was hy weer tuis.[225]

---

[222] D. Reitz, *No outspan*, pp. 118-119.
[223] *Ibid.*, pp. 119-124.
[224] *Ibid.*, p. 127.
[225] *Ibid.*, pp. 128-129.

## *6.11 Nasionale Parke*

Aan die begin van 1926 het Reitz die parlementsitting in Kaapstad bygewoon waar sake soos normaal voortgegaan het. Die Natte het die Sappe beskuldig dat hulle imperialiste en verraaiers van die een ware saak was. Die Sappe het op hulle beurt weer die Natte beskuldig van rassisme en dat hulle die Afrikaanse sentiment misbruik om stemme te werf. Volgens Reitz het die tipe argumente reeds sedert 1912 voorgekom en sou dit waarskynlik vir nog 'n generasie aanhou voordat hulle die sinloosheid daarvan besef.[226]

Ten spyte van die twis tussen die Sappe en die Natte en Reitz se konstante aanvalle op hulle, was Reitz bevriend met van sy opponente. Een van hulle, die Minister van Lande, Piet Grobler, het Reitz versoek om 'n ondersoek na die bontebok, 'n skaars boksoort wat op die rant van uitwissing gestaan het, te loods. Beide van hulle was in die beskerming van wild in Suid-Afrika geïnteresseerd en dit was waarskynlik as gevolg hiervan wat die versoek gerig is. Reitz het die taak met blydskap aanvaar en onmiddellik daaraan begin aandag gee.[227]

Die bontebok is 'n groot witgesig, witpens bok met 'n sjokoladekleur rug en sye met liervormige horings. Hulle het in die verlede in hulle duisende in die kusstreek van die Kaapprovinsie voorgekom, maar vanweë onoordeelkundige jagtery asook die feit dat die bontebok uitsterf as hy sy weiveld met mak diere soos skape moet deel, het hulle begin om te verdwyn. Na 'n deeglike ondersoek het Reitz bevind dat daar slegs sowat 70 bontebokke in die Unie oor was en dat indien iets nie gou gedoen sou word nie, hulle sou uitsterf. Die gevolg was dat 'n stuk grond in die Bredasdorp-distrik beskikbaar gestel is vir die bontebok. Sestien diere is in die gebied vrygelaat en teen die tyd wat *No outspan* geskryf is, was daar volgens Reitz reeds meer as 200 van die diere in die gebied.[228]

---

[226] D. Reitz, *No outspan*, p. 130.
[227] *Ibid.*, p. 130.
[228] *Ibid.*, 130-131.

Tydens die 1926 parlementsitting het Grobler, tot Reitz se groot blydskap, die Nasionale Parkewetsontwerp vir 'n tweede voorlesing ingedien. Goedkeuring van die wetsontwerp sou die Sabie Wildreservaat uiteindelik in die Kruger Nasionale Park verander.[229] Die Krugerwildtuin se ontstaan het 'n lang aanloop gehad. Reeds in 1898 is 'n streek in die oostelike Transvaal bekend as die Sabie-wildreservaat afgesonder vir die behoud van verskillende vorms van tipiese Suid-Afrikaanse fauna en flora. Na die Anglo-Boereoorlog is die streek opnuut tot 'n wildreservaat geproklameer en 'n ander stuk grond, die Shingwedzi, is daaraan toegevoeg. Dit het gestrek vanaf Komatipoort noordwaarts, langs die grens van Mosambiek (Portugees-Oos-Afrika), tot aan die Limpoporivier, in die noordoostelike hoek van die Transvaal, 'n afstand van 320 kilometer. Die gebied is gemiddeld sowat 60 kilometer breed en die totale oppervlak daarvan nagenoeg 21 000 vierkante kilometer.[230] Die grense van die wildtuin omsluit 'n groot verskeidenheid plantegroei wat nêrens anders in die wêreld voorkom nie, asook olifante, leeus, seekoeie, kameelperde, elande, sebras, koedoes, wildebeeste, waterbokke en so meer[231] - die ideale terrein vir so 'n wildtuin.

Reitz se belangstelling in die daarstelling van 'n nasionale wildtuin het, sedert hy in 1924 sy portefeulje as Minister van Lande afgestaan het, geensins verminder nie. Dit was 'n saak na aan sy hart en hy het daarby betrokke probeer bly. So het hy byvoorbeeld vroeg in 1926 'n vergadering van die Kruger Nasionale Parkkomitee in Kaapstad toegespreek. Sy boodskap aan die komitee was dat hy kontak gehad het met 'n afvaardiging van 200 skaapboere wat redelik ontsteld was oor die idee dat die Sabie Wildreservaat in 'n nasionale park sou verander. Hy het hulle gevolglik versoek dat hulle die saak so gou as moontlik moet deurvoer.[232] Die indiening van die wetsontwerp het dus met sy eie doelwitte ooreengestem.

---

[229] D. Reitz, *No outspan*, p. 131.

[230] SAB, S.P. 140, Offisiële jaarboek van die Unie en van Basoetoeland, Betsjoeanaland-protektoraat en Swaziland, no. 22, 1941, pp. 35-36.

[231] D. Reitz, *No outspan*, p. 132.

[232] J. Stevenson-Hamilton, *South African Eden*, p. 210.

Die in werking trede van die Wet op Nasionale Parke (No 56 van 1926) op 15 September 1926[233] het verskeie veranderinge in benadering ten opsigte van nasionale parke in Suid-Afrika tot gevolg gehad. Alhoewel nasionale parke onder die algemene toesig van die Minister van Lande geplaas is, is dit nie beskou as 'n staatsdepartement nie. Dit is onder beheer van 'n Nasionale Raad van Trustees geplaas wat die belange van die staat, provinsie en privaat wildbewaringsinstansies moes verteenwoordig. Die mandaat van die Raad was om alle aspekte van die Suid-Afrikaanse nasionale parke beleid te beheer, bestuur en te bewaar.[234] Hierdie opdrag het vir Reitz beteken dat hulle 'n heenkome moes skep waar al die diere in vrede kon leef. Volgens hom wou hulle jag en wilddiefstal in die gebied stopsit en dit oopstel vir die publiek sodat hulle kon leer van die skoonheid van die natuur in Suid-Afrika.[235]

Alhoewel die Nasionale Party in beheer van die regering was, is die Raad saamgestel uit lede van beide die Nasionale en Suid-Afrikaanse Partye asook individue wat kennis oor wild en die Laeveld gehad het.[236] Die Raad het bestaan uit die voorsitter senator W.J.C. (Jack) Brebner (vertroueling van genl. Hertzog), sir Abe Bailey (Transvaalse mynmagnaat en grondeienaar), Reitz, Oswald Pirow (kabinetsminister vanaf 1929 tot 1933 en 1938 tot 1939), H.B. Papenfus (lid van die S.A.P. en vir baie jare voorsitter van die Witwatersrand tak van die Transvaal Wildbewaringsorganisasie), dr. Gustav Preller (redakteur van *Ons Vaderland* en staatshistorikus), Robert Hockley (skaapboer en S.A.P. lid van die parlement vir Fort Beaufort in die Oos-Kaap), Arthur Charter (verteenwoordiger van die Transvaalse Provinsiale Administrasie en sekretaris), dr. A.K. Haagner (verteenwoordiger van die Wild Life Protection Society of South Africa) en William Campbell ('n ryk Natalse en Oos-Transvaalse grondeienaar).[237] Op 1 Februarie van die

[233] SAB URU, 859, 3116, Proklamasie vir inwerkingstelling van Wet op Nasionale Parke (no 56 van 1926).
[234] J. Carruthers, *The Kruger National Park: A social and political history*, p. 68.
[235] D. Reitz, *No outspan*, p. 132.
[236] J. Carruthers, *The Kruger National Park*, pp. 68-69.
[237] SAB, URU, 856, 2970, Constitution of a Board of Trustees; J. Carruthers, *The Kruger National Park*, pp. 68-69; J. Stevenson-Hamilton, *South African Eden*, pp. 217-218.

daaropvolgende jaar het Paul Selby, 'n myningenieur en wildfotograaf, Alwin Haagner as lid van die Raad vervang.[238] Dit was 'n goed gebalanseerde Raad wat aanvanklik saamgestel is sonder enige politieke party verbintenisse.[239] Dit het egter met tyd verander en om lid van die Raad te wees, het later 'n politieke beloning geraak.[240]

Vir Reitz het sy betrokkenheid by die Raad van Trustees groot vreugde verskaf. Dit het aan hom die geleentheid gegee om die Laeveld gereeld te besoek en sodoende het hy al hoe meer onder die gebied se bekoring gekom.[241] Die Raad het met die sluiting van die parlement in 1926 hulle eerste vergadering gehou en aandag aan hulle werksaamhede begin gee. Daar was baie om te doen. In die park was daar geen paaie of brûe nie en die enigste manier van toegang was per voet of pakdonkie. As eerste besluit van die komitee sou hulle in groepe van twee na verskillende dele van die park gaan om voorbereiding te doen vir die uitleg van paaie, die bou van ruskampe en die voorsiening van brûe om riviere te kruis.[242]

Reitz en Paul Selby is die gebied by die Krokodilrivier langs die oostelike grens van die park toegeken. Selby, 'n Amerikaner van geboorte, was volgens Reitz 'n goeie en logiese keuse om op die Raad te dien. Hy het baie van sy vakansies in die Laeveld deurgebring deur die diere te bestudeer en foto's te neem. Met Reitz se aankoms in die park het hy gevind dat Selby reeds 'n geskikte plek gevind het waar die rivier gekruis kon word. Sketse vir 'n brug was ook al gemaak en 'n pad na Sabie uitgemerk. Aangesien daar nie veel vir hom was om te doen nie, het Reitz sy tyd benut deur na die diere te kyk en te ontspan. Hy het ook vir Selby gehelp om foto's in die wildtuin te neem en baie van hulle tyd is daaraan gewy. Volgens Reitz het Selby se

---

[238] SAB, URU, 881, 347, Paul Selby replaces Alwin Haagner as member of Board of Trustees.
[239] J. Stevenson-Hamilton, *South African Eden*, p. 218.
[240] J. Carruthers, *The Kruger National Park*, p. 69.
[241] D. Reitz, *No outspan*, p. 131.
[242] *Ibid.*, pp. 131-132.

studies groot aftrek gekry en kon hy as gevolg van sy betrokkenheid daarby in Selby se glorie deel.[243]

Reitz eien die krediet vir die ontwikkeling van hierdie gedeelte van die Krugerpark aan hom en Selby toe. In latere jare het hy daarvan gehou om te dink dat hulle werk goeie resultate opgelewer het. Hierdie was sy eerste ekspedisie na die park, maar hy het daarna nog baie onderneem. Met tyd het sy kennis van die natuur verbreed. Hy het geleer om spoor te sny en selfs ietwat van ‘n leeujagter geword. Toenemend het hy ook ‘n aanhanger van die Laeveld geword.[244]

Reitz het vir baie jare deel van die Nasionale Parkeraad gebly en was op 10 Desember 1932 betrokke toe besluit is om die noordelike deel van die Krugerwildtuin ook vir besoekers oop te stel. Dit was moontlik nadat ‘n beton-straatweg deur die Letabarivier gebou en toegang moontlik gemaak is.[245]

Reitz se verbintenis met die Krugerwildtuin het egter nie net vreugde in sy lewe veroorsaak nie. Op 3 Maart 1937 het J.S. Marwick van die Dominiumparty in die Volksraad versoek dat ‘n geregtelike kommissie van ondersoek ingestel word na aanleiding van ongerymdhede wat na bewering gepleeg is met die toekenning van tenders in die Krugerwildtuin. Marwick het ‘n brief voorgelê wat F.C. Sturrock, Minister sonder Portefeulje, in Januarie 1933 aan die bestuurder van ‘n seilmaatskappy gestuur het. In die brief meld hy dat Reitz aan hom ‘n lys gewys het met die name van maatskappye wat getender het om tente aan die Kruger Nasionale Park te verskaf. Reitz se verduideliking hiervan was dat Sturrock hom genader het met ‘n klagte dat die seil maatskappy beweer hulle is onregverdig behandel deur die Nasionale Parkeraad. Reitz het die saak ondersoek en ‘n paar dae later aan Sturrock gesê dat die betrokke maatskappy nie eens getender het nie. ‘n Feit wat klaarblyklik later verkeerd bewys is, aangesien die maatskappy wel getender

[243] D. Reitz, *No outspan*, pp. 132-133.
[244] *Ibid.*, pp. 133-134.
[245] *Die Burger*, 10/12/1932, Kruger-wildtuin brei na noorde uit. Beton-straatweg oorbrug nou die Letabarivier. Baie nuwe aantreklikhede. Nasionale Parkeraad lê ander roetes deur wildtuin aan, p. 2.

het. Hulle tender was egter nie vir die Nasionale Parkeraad aanvaarbaar nie en die hele tender is geskrap. Volgens Reitz was Marwick se klagte in elk geval nie geldig nie, aangesien hulle met kwotasies gewerk het, en nie tenders nie. Hy het ook verder gegaan en die Dominiumparty daarvan beskuldig dat hulle voorgee dat hulle voorstanders van Britse ideale en skoon spel is, maar dat hulle nie weet wat dit beteken nie. Veral kol. Stallard, wat Reitz as 'n vriend beskou het, se optrede in die saak was vir hom baie teleurstellend. Van Marwick het hy dit verwag, maar hy was verstom en teleurgesteld dat Stallard so iets sou toelaat. Hy sou verkies het as Stallard hom in 'n persoonlike hoedanigheid sou kom sien om die saak te bespreek. Hy het redelik driftig oor die bewering dat hy die seël van geheime tenders gebreek het, geraak, aangesien nie net sy reputasie nie, maar ook die van die land, daardeur onder verdenking geplaas is. Hy het die Huis sy woord gegee dat hy niks verder met die hele saak te doen gehad het nie, dat hy niks met die toekenning van die kontrak te doen gehad het nie en dat hy nie sy vriend se besigheid probeer bevoordeel het nie. Hy het sy betoog soos volg afgesluit: "And now Mr. Speaker, I want to say something which may sound unctuous, but which is not intended to be unctuous. I may be unconventional and sometimes indiscreet in my ways, but in matters of financial integrity and business morality I am the son of my father. I have never done a dishonest thing financially or commercially in my life. My conscience is clear. I have given the House my whole version with regard to this contract." Ten spyte van hierdie versekering het die Eerste Minister ingestem dat 'n kommissie van ondersoek na die saak geloods word.[246]

In April 1937 is Reitz en Sturrock deur 'n geregtelike kommissie van ondersoek op aanklagte van onreëlmatigheid met die tender vrygespreek. Die kommissie het hulle verduidelikings aanvaar en bevind dat nie een van hulle aan finansiële knoeiery skuldig was nie.[247]

---

[246] SAB, SRP1/3/55, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fifth Session – Seventh Parliament, 8th January to 17 May 1937, vol. 28, kols. 2666-2673.

[247] *The Times*, 24/04/1937, S. African Judicial Inquiry. Two Ministers exonerated p. 11.

## 6.12 Slotbeskouing

Die eerste helfte van die 1920's was vir Reitz 'n uiterste opwindende paar jaar. Hy het sy toetrede tot die Suid-Afrikaanse politiek gemaak en die grondslag is gelê vir die rigting wat hy tot kort voor sy dood sou inslaan. Hy is, grootliks deur middel van sy amp as minister, die geleentheid gegee om te reis en sake wat hom geïnteresseer het, te ondersoek. Maar dit was nie al nie. Op 'n persoonlike vlak het hy hom tot 'n huwelik begeef en met 'n gesin van sy eie begin.

# Hoofstuk 7: Opposisielid

Na die bewindsoorname van die Pakt-regering in 1924 het die nuwe opposisie neerhalend gesê dat dit 'n regering van amateurs was en dat hulle nie lank sou hou nie. Die stelling was daarop gebaseer dat slegs Hertzog van die nuwe kabinet enige vorige ondervinding van openbare sake gehad het.[1] Verdere voorspellings was dat Hertzog net 'n paar maande met die Arbeiders sou kon uithou, dat Brittanje en die res van die wêreld vertroue in die Unie sou verloor en dat oorsese beleggers hulle kapitaal uit die land sou onttrek. Daar is ook beweer dat algemene rampspoed op Suid-Afrika gewag het.[2] Deneys Reitz, wat hierdie mening ondersteun het, was bevrees dat die land gedoem was. Sy vrese is egter gou besweer toe hy besef het dat 'n uitgesproke opposisie party meer nugter dink wanneer hulle met die verantwoordelikheid van mag te doen kry. Hy moes op die ou end aan homself erken dat die oorname deur die Nasionaliste geen rewolusionêre veranderinge tot gevolg gehad het nie.[3]

Die regering van "amateurs" het egter geweet wat hulle wou doen en het onmiddellik daarop begin fokus. Hulle beleid was gemik op die beskerming van wit werkers, die stimulering van die industriële ontwikkeling van die land, die versterking van die soewereine onafhanklikheid en status van die Unie en die erkenning van die groei van die Afrikaanse taal. Terselfdertyd is die swart vraagstuk nie uit die oog verloor nie.[4]

Die Pakt-regering het die bewind in 'n veel gunstiger ekonomiese klimaat as hulle voorgangers oorgeneem.[5] Die goudmynbedryf was aan die herstel, landboupryse was in die algemeen hoër, daar was al hoe meer bewerkbare

[1] R. Lacour-Gayet, *A history of South Africa*, p. 266.
[2] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 147.
[3] D. Reitz, *No outspan*, pp. 75-76.
[4] T.R.H. Davenport, *South Africa: a modern history*, pp. 286-287.
[5] J.H. le Roux en P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party 2: Die eerste bewindsjare 1924-1934: I*, p. 19.

grond in wit besit en die nywerheidswese het goeie vordering gemaak.[6] In 1925 is die goudstandaard herstel en in die daaropvolgende jare het die ontdekking van diamante in die Wes-Transvaal en Suidwes-Afrika, die ontginning van ystererts, die aanneming van 'n beleid om tariewe te beskerm en die geboorte van metaalnywerhede die ekonomie van die land 'n groot hupstoot gegee. Op finansiële gebied het dit oor die algemeen beter begin gaan en aansienlike oorskotte kon van 1925 tot 1929 aangekondig word.[7] Hierdie ekonomiese vooruitgang en opbloei het Hertzog se eerste termyn as premier baie makliker gemaak.

Reitz het, in sy hoedanigheid as opposisielid, die parlementsittings redelik vervelig gevind. Leslie Blackwell, Volksraadslid vir Bezuidenhout, het met 'n soortgelyke probleem geworstel. Volgens hom het 'n aktiewe verstand en 'n gewillige tong die parlementsittings veel aangenamer gemaak. As 'n opposisielid moes jy jouself veel minder terughou en was die gesag van die Swepe baie makliker om te verduur. Blackwell het gevolglik, na 1924, die parlementêre lewe geniet. Hy skryf dit daaraan toe dat daar baie was om te kritiseer en dat baie geleenthede hulle voorgedoen het om snydende opmerkings te maak.[8]

Die stelling was waarskynlik daaraan te wyte dat die N.P. in die 10 jaar na hulle bewindsoorname sowat 400 wette laat goedkeur het.[9] Dit het nie net vir Blackwell nie, maar ook vir Reitz, meer as genoeg geleentheid gegee om aanvalle op die regering te loods. Geoordeel aan die Volksraadsnotules van dié tyd het Reitz beslis ook sy verstand en tong skerp gehou.

'n Sprekende voorbeeld hiervan was sy kritiek op die Pakt-regering se industriële arbeidsbeleid wat daarop ingestel was om aan die indiensneming van witmense teen hoër lone as vir swartes voorkeur te gee. Hierdie beleid het beslag gekry in die Wysigingswetsontwerp op Myne en Bedrywe of dan

[6] T. Cameron (hoofred.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 250-251.
[7] R. Lacour-Gayet, *A history of South Africa*, p. 267.
[8] L. Blackwell, *Blackwell remembers. The memoirs of the Hon. Leslie Blackwell, Q.C., M.C.*, p. 52.
[9] H. Reitz, *The conversion of a South African Nationalist*, p. 114.

die Kleurslagboomwet van 1926. Dit was daarop gemik om die posisie van geskoolde wit werkers te beveilig deur die geldigheid van die Kleurslagboomregulasies, wat vroeër deur die Hooggeregshof ongeldig verklaar is, te herstel.[10]

Reitz het hierdie wetsontwerp by verskeie geleenthede ten sterkste gekritiseer. Sy beswaar daarteen was dat die implementering daarvan swartes tot ekonomiese slawerny sou vonnis. Volgens hom het die regering nie die reg gehad om van swartes te verwag dat hulle nie vaardighede of bekwaamhede mag opdoen nie en dan, as hulle dit wel op een of ander manier kry, dat hulle dit nie mag toepas nie. “What gives [the Minister] the right, without consulting the public or Parliament or the natives, at any time arbitrarily to sentence the whole or part of the natives of this country to perpetual economic slavery, and to declare at any time that the natives shall not make any progress, that he shall be kept in a state of subjection which, to my mind, differs very little from that of actual slavery..... What right have we to say that we are going to keep him in a state of barbarism, because that is the true intent of this Bill.” Hy was verder van mening dat daar nie ‘n enkele witman in die land was wat nie tot sy laaste druppel bloed sou veg om te verhoed dat hy aan so ‘n wet onderwerp word nie. Hy het die regering beskuldig van ‘n “...lack of political frankness, or political courage or moral courage” en dat hulle wegkruip agter ‘n leuse van “equal pay for equal work”. Volgens hom het die regering gesê dit gaan oor selfbehoud, maar hy moes nog ‘n nasie sien wat homself bewaar het deur die tipe van onregverdige wetgewing. Hy was nie bewus van ‘n enkele volk wat ‘n ander se intellektuele vooruitgang met ‘n wetsontwerp soos dié onderdruk het nie. Hy was teen die wet gekant op grond van morele besware, maar was verder ook bevrees dat indien die wet uitgevaardig sou word, dit die teenoorgestelde effek sou hê as wat daarmee beoog is. Dit sou lei tot jare van onrus en probleme. Swartes sou vir hulle eie selfbehoud veg en in dié geval het hulle geregtigheid aan hulle kant gehad. “We on this side of the House strongly hold that the white man must remain paramount, and in the interest of the natives themselves

[10] T. Cameron (hoofred.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 251.

the white man must be supreme. I hold that it is the sacred duty of the white man to preserve his civilization intact, but he must do that by superior ability, superior merit and, above all, by superior justice. If the white man cannot maintain himself in South Africa by those qualities he is doomed in any case, and no amount of unjust legislation will save him."[11]

In verwysing na die vier predikante wat in die N.P. geledere was, het Reitz gesê dat hy, as hy 'n predikant was, baie jammer sou gewees het om voor sy Skepper te staan as hy vir dié wetsontwerp gestem het. Op 29 Januarie 1926 het hy geëis dat die Eerste Minister aan die land moes verklaar op grond waarvan 'n witman daarop geregtig was om aan 'n swartman te sê: "You shall remain a helot and a hewer of wood and drawer of water in the land of your birth". Hy wou weet watter reg Hertzog gehad het om aan Suid-Afrikaanse swartes te sê dat hulle nie mag vooruit boer nie, maar dat persone wat van St. Helena en Mauritius afkomstig was, daarop geregtig was om dit te doen. Reitz was van mening dat indien die wetsontwerp goedgekeur word, dit nie 'n geval sou wees van Suid-Afrika eerste nie, maar Suid-Afrika laaste en dat Suid-Afrika alleen sou staan in sy skande en oneer.[12]

'n Verdere probleem wat Reitz met dié wetsontwerp gehad het, was dat dit ook Indiërs ingesluit het. Volgens hom was die Indiër probleem totaal en al anders as die swart probleem. Die swart kwessie was of die witman die swartman gaan toelaat om op te staan en deel te neem aan die westerse beskawing. Die Indiër was egter nie wild of barbaars nie. Hy behoort aan 'n beskawing ouer en in sekere aspekte net so goed as dié van witmense. Nie beter of slegter nie, maar bloot anders as hulle eie. Die Asiatiese kwessie was 'n belangrike een waaraan aandag geskenk moes word, maar die wetsontwerp het dit nie behoorlik gedoen nie. Dit is slegs by die wetsontwerp gevoeg as nog 'n afgewaterde party slenter. Dit is bygevoeg omdat die regering die Natalse lede van die parlement in 'n verknorsing wou plaas. Die

[11] SAB, SRP1/3/16, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Second Session, Fifth Parliament, 13th February to 25th July 1925, vol. 4 (16th April to 11th June 1925), 20/04/1925, kol. 2298-2299.

[12] SAB, SRP1/3/19, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Fifth Parliament, 22th January 1926 to 1th April 1926, 29/01/1926, kol. 141-144.

regering het die wet in 'n eensydige wyse benader, in 'n poging om stemme te werf en nie in nasionale belang nie.[13]

Reitz was ook teen die wetsontwerp gekant omdat dit die ideaal van 'n verenigde Suid-Afrika wat die Britse protektorate, Basoetoland, Swaziland, Betsjoeanaland en Suidwes-Afrika, insluit, teëgewerk het. Nie een van dié lande sou met Suid-Afrika saamsmelt solank as wat sulke onderdrukkende wette uitgevaardig is nie.[14]

Reitz se aanval op dié wetsontwerp het ontwikkel in 'n aanval op die Arbeidersparty. Volgens Reitz het die A.P. in ander lande gepoog om hulle afhanklikes te probeer help, maar in Suid-Afrika wou hulle slegs 'n sindikaat skep, 'n selfsugtige aristokrasie van arbeid. In plaas daarvan om die werkers aan te sê om op te staan en hulle kettings af te gooi, wou hulle die swarte, die regte werkers van Suid-Afrika, in die modder hou. "I am not an Exeter Hall crank on the native question, but I am jealous of the honour of the white man in this country. The white races of this country are proud to think that they are descended from men who have ever been in the forefront of freedom and liberty, and we are going to descend to passing Bills of this sort? To degrade and enslave any section of the human community is the negation of liberty."[15]

Reitz se sterk standpunte teen die Kleurslagboomwet skep die indruk dat hy baie liberaal vir sy tyd was. Hy was egter nie uniek in sy benadering nie en verskeie ander S.A.P.-lede het soortgelyke standpunte ingeneem. J.H. Hofmeyr het gepleit vir die eiesoortige ontwikkeling van swartes in hulle gebiede, asook die ekonomiese vooruitgang van die wat in die stede woon. Volgens hom sou dit veiliger as onderdrukking wees, hoewel geen beleid die voortbestaan van witmense kon waarborg nie.[16] Smuts het 'n dergelike standpunt gehad. Alhoewel hy van mening was dat daar 'n mate van skeiding

---

[13] SAB, SRP1/3/16, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Second Session, Fifth Parliament, 13th February to 25th July 1925, vol. 4 (16th April to 11th June 1925), 20/04/1925, kol. 2300-2301.

[14] *Ibid.*, kol. 2303.

[15] *Ibid.*, kol. 2302-2303.

[16] W.J. de Kock en D.W. Krüger (hoofred.), *Suid-Afrikaanse biografiese woordeboek II*, p. 318.

tussen wit en swart moet wees, was daar tog ook raakpunte tussen hulle en moes swartes verteenwoordiging in die regering hê.[17] Volgens Smuts was ‘n wetlike kleurslagboom ‘n erkenning deur wittes dat hulle nie met swartes kon meeding nie en dat hulle wette moes gebruik wat menseregte en billikheid skend.[18] Reitz het Smuts slaafs nagevolg in wat hy ook al doen en sou gevolglik dieselfde opinies as hy handhaaf. Met standpunte soos dié is dit dan ook geen wonder dat die regering wat Smuts in 1939 gevorm het, moontlik die liberaalste tot in daardie stadium in die Unie was nie.[19].

Reitz se standpunte is nie sonder meer deur sy teenstanders aanvaar nie en K.C. Alexander, Volksraadslid vir Kaapstad (Hanoverstraat), het hom daarvan beskuldig dat hy nie geweet het wat geregtigheid en billike handeling was nie, aangesien hy persoonlike aanvalle op enige persoon wat nie met hom saamgestem het nie, geloods het. Alexander het Reitz ook daarvan beskuldig dat hy nie die hoflikheid het om die ware feite uit te vind voordat hy sy persoonlike aanvalle loods nie en dat hy ook nie daarvan hou om die waarheid te hoor nie. Alexander was egter dankbaar vir Reitz se aanval, want volgens hom kon geen eerlike politikus ‘n beter politieke advertensie kry as wanneer Reitz hom aanval nie.[20]

Reitz het, sonder om hom veel aan sy opponente te steur, ook, op ander wetsontwerpe beswaar gemaak. So het ‘n klousule van die Drankwetsontwerp, wat gespesifiseer het dat geen swartes op gelisensieerde persele toegelaat word nie, op 11 Februarie 1926 onder sy kritiek deurgeloop. Volgens hom sou dié klousule daartoe lei dat witmans werk moes verrig soos om biervaatjies en brandewynbottels te was en hy het gewonder of dit enigsins die witman se status en aansien in die land sou verhoog. Die tipe van witman wat jy sou kry om dit te doen, was waarskynlik die laaste persoon wat jy wou hê moes dit doen. Indien daar ‘n wit arbeidersbeleid moes wees,

[17] J.C. Smuts, *Jan Christian Smuts*, pp. 310-311.

[18] H. Giliomee en B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 252.

[19] T. Cameron (hoofred.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 267.

[20] SAB, SRP1/3/16, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Second Session, Fifth Parliament, 13th February to 25th July 1925, vol. 4 (16th April to 11th June 1925), 20/04/1925, kol. 2307-2308.

moes dit nie ingestel word op 'n manier wat die witman in die laagste moontlike pos sou laat werk nie. Dit was vir hom vreemd dat 'n swartman toegelaat word om bier te drink, maar hy mag nie 'n bierbottel of vaatjie was of in 'n brouery ingaan nie.[21]

Op 'n soortgelyke wyse het Reitz op 1 Junie 1926 sy misnoeë oor die Bederfbare Produkte Uitvoerbeheerwetsontwerp uitgespreek. Hy het nie geweet of daar al ooit vantevore so 'n wetsontwerp oor die landboubedryf in die Unie goedgekeur is nie. Volgens hom was dit 'n uiters ondemokratiese stelsel wat teen die wense van die vrugteverbouers in die land was, aangesien dit hulle beheer oor hulle besighede sou wegneem. Met die stelling het hy ook na homself verwys, aangesien hy 'n kleinhoewe in Witrivier gehad het waarop hy glo vrugtebome gehad het. W.H. Rood, Volksraadslid van Barberton, het egter beweer dat Reitz slegs voorgegee het dat hy met vrugte boer. Hy het dit ernstig betwyfel of Reitz al veel lemoene op sy hoewe geplant het.[22] Tydens die debat het Reitz onder meer ook die voorsitter beskuldig dat hy besig was om van stryk te raak - 'n stelling wat gelei het tot 'n opdrag dat Reitz sy woorde òf moes terugtrek òf beveel sou word om die huis te verlaat. Hy het wel sy woorde teruggetrek,[23] maar C.J. Krige van Caledon en L. Blackwell van Bezuidenhout, wat die instruksie geïgnoreer het, is aangesê om die huis te verlaat. Die voorsitter se optrede het Reitz laat opmerk dat die prosedures van die parlement besig was om in 'n totale klug te verander.[24]

## 7.1 *Kritiek op die Pakt-regering*

In die tydperk onder bespreking was daar konstante wrywing tussen die Natte en die Sappe. Die N.P. het die S.A.P. beskuldig dat hulle imperialiste en verraaiers van die enigste ware saak was. Op hulle beurt is die N.P. van

---

[21] SAB, SRP1/3/19, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Fifth Parliament, 22th January 1926 to 1th April 1926, 11/02/1926, kol. 505.

[22] SAB, SRP 1/3/20, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Fifth Parliament, 12th April 1926 to 8th June 1926, 01/06/1926, kol. 4461-4462.

[23] *Ibid.*, kol. 4487.

[24] *Ibid.*, kol. 4494.

rassisme en die uitbuiting van die gevoel teenoor Afrikaans om stemme te werf, beskuldig. Volgens Reitz het hierdie tipe beskuldigings reeds sedert 1912 die ronde gedoen. Hy het voorspel dat dit vir nog 'n generasie of twee sou aanhou voordat hulle uiteindelik die sinloosheid daarvan sou besef.[25]

In die hitte van die stryd was hy egter net so skuldig daaraan om die N.P. van rassisme te beskuldig soos enige van sy tydgenote. As deel van die amptelike opposisie het hy dit gedurende die periode van 1924 tot 1933 sy lewenstaak gemaak om soveel as moontlik kritiek op die Pakt-regering te lewer, veral deur middel van koerante en die parlement. Sy aanvalle op die Nasionaliste wys 'n vooroordeel wat reeds lank voor 1924 ontstaan het. Op 2 November 1922 het hy die N.P. al as 'n "...asylum for fanatics and extremists, faddists and cranks, assassins and gunmen" beskryf.[26]

Dit is te betwyfel of Reitz sy uitsprake oor die Pakt-regering in isolasie van die res van sy party gedoen het - dit was na alle waarskynlikheid binne die raamwerk wat deur die S.A.P. daargestel is. Hy sou dit egter op sy eiesoortige manier gedoen het, naamlik met groot passie en sonder om sy woorde te tel. Sy onafhanklikheid van gees sou verder ook veroorsaak het dat hy op eie inisiatief aanvalle geloods het waar en wanneer hy wou. Sy bombastiese persoonlikheid sou daartoe aanleiding gegee het dat hy 'n "voorbok" was met die lewering van sy kritiek en dit het waarskynlik aan hom 'n mate van informele status binne in die S.A.P. gegee. Dit sou hom egter nie in 'n leiersposisie – soos wat Smuts of Hofmeyr byvoorbeeld beklee het - geplaas het nie.

Al sy bewerings is gedoen met die S.A.P. se beleide en werksaamhede as maatstaf van hoe die politiek bedryf moes word - 'n redelike eng en een dimensionele benadering wat nie juis vir ander oortuiging oop was nie. Die ironie hiervan was dat hy die N.P. van presies dieselfde bekrompe houding beskuldig het. Volgens hom was die N.P., in die ekonomiese sin van die term,

---

[25] D. Reitz, *No outspan*, p. 130.

[26] *Rand Daily Mail*, 3/12/22, soos aangehaal deur G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1910-1924 VI,* p. 86.

nie 'n politieke party nie. Hulle enigste rede vir bestaan was om sekere eensydige beskouinge en slegs daardie eensydige beskouinge voor te staan.[27] Aanvanklik het die N.P. die veld ingetrek as die verteenwoordiger van al die ou deugde en tradisies van die Hollandssprekende element en ook as die voorstanders van vryheid, terwyl hulle die S.A.P. voorgehou het as on-Suid-Afrikaans en as verraaiers van die ware saak. Met tyd het dit egter verander en was dit die S.A.P. wat vir die ou gevestigde dinge begin staan het, terwyl die konserwatiewe N.P. allerhande halfgebakte sosialistiese wetgewing aangepak het. Op die ou end sou dit alles die ou ideale en karaktertrekke van die Suid-Afrikaanse volk uitroei. Die politiek van die N.P. was die ontkenning van vryheid.[28]

In teenstelling hiermee was die S.A.P., volgens Reitz, vir almal oop, Joods en nie-Joods, Afrikaans en Engels, selfs Skots.[29] Dit was die enigste politieke party in Suid-Afrika wat 'n skoon rekord gehad het en wat nie oor die verlede skaam hoef te gewees het nie.[30] Hulle het boonop ook nie nodig gehad om hulle oor die toekoms te bekommer nie, aangesien hulle steeds op koers was. Waar die N.P. herhaaldelik hulle beginsels verkoop het vir stemme, het die S.A.P. stemme laat gaan om hulle beginsels te handhaaf. Die S.A.P. het in sekere opsigte onpopulêr geword omdat hulle hulle nooit aan stemvangery skuldig gemaak het nie. Reitz het die grootste vertroue in die S.A.P. se beginsels gehad.[31]

Sy kritiek op die Arbeidersparty was veel feller as dit wat hy op die N.P. gelewer het. Hy kon hulle nie verdra nie. Volgens hom was die lede van die Suid-Afrikaanse Arbeidersparty nie werkers nie. Hulle was die aristokrate van

---

[27] SAB, SRP1/3/33, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Sixth Parliament, 30th January to 6th June 1931, vol. 17 (13th April to 6th June 1931), 20/04/1931, kol. 2651-2652.

[28] *Die Burger*, 16/06/1925, "Kwaliteit-mense". Die monster op Robertson. Sappe kry troos, p. 7.

[29] SAB, SRP1/3/33, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Sixth Parliament, 30th January to 6th June 1931, vol. 17 (13th April to 6th June 1931), 20/04/1931, kol. 2651-2652.

[30] *Ibid.*, kol. 2648-2649.

[31] SAB, A202, Zuid-Afrikaanse Partij, Notule van die Sewende Provinsiale Kongres van die Suid-Afrikaanse Party, 25-26 September 1923, Afskeidswoorde deur Deneys Reitz, pp. 21-22.

die werkers - die ergste onderdrukkers van die arbeidersklas.[32] Reitz het die A.P.-leiers daarvan beskuldig dat hulle ‘n veragtelike rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis gespeel het. Met elke groot krisis het hulle oorgegee. Hulle het bloot gepoog om vir hulle self voordeel uit gebeure te trek en het nooit na die land se belange omgesien nie. Hy was verder van mening dat daar nooit weer ‘n Arbeidersparty in Suid-Afrika sou wees nie, aangesien die werkers besef het dat hulle ‘n fatale fout gemaak het om die Arbeiders te vertrou. Hy het ook gesê dat die Arbeidersparty sou ophou bestaan sonder trane of eer.[33]

Die verbond tussen die Nasionale Party en Arbeidersparty was volgens Reitz “...die grootste gemors”. Daar was ‘n ooreenkoms tussen die twee bondgenote om nooit saam te stem nie. “Die hele ding [was] ‘n wedersydse poging om te fop en op so ‘n oneerlike grondslag [kon] hulle geen sukses daarvan maak nie.” Die Nasionale Party wou ‘n republiek hê en alhoewel Reitz nie teen hierdie gedagte gekant was nie, het hy gevoel dat dit ‘n diepgewortelde ideaal van baie Afrikaners was wat vir politieke doeleindes uitgebuit is. Die strominge in dié verbond het hom laat dink aan die waterkrane van ‘n bad – “warm”, “koud” en “af”. As die Nasionaliste sien die Sosialistiese kraan loop ‘n bietjie te vinnig na hulle sin, dan word die republikeinse kraan so ‘n bietjie oopgedraai. Skrik die Arbeiders weer, dan word die republikeinse stroom bietjie verminder.[34]

Al die sosialistiese wetgewing wat die N.P. geïmplementeer het, was ‘n teken dat hulle bloot net die A.P. se program uitgevoer het. Volgens Reitz was die Nasionaliste so te sê sosialiste. Wetgewing soos die Lonewetsontwerp was volgens hom die eerste stap om ‘n sosialistiese gemenebes in Suid-Afrika te

---

[32] SAB, SRP1/3/33, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Sixth Parliament, 30th January to 6th June 1931, vol. 17 (13th April to 6th June 1931), 07/04/1930, kol. 2853.

[33] SAB, SRP1/3/33, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Sixth Parliament, 30th January to 6th June 1931, vol. 17 (13th April to 6th June 1931), 20/04/1931, kol. 2651-2652.

[34] SAB, A202, Zuid-Afrikaanse Partij, Notule van die Sewende Provinsiale Kongres van die Suid-Afrikaanse Party, 25-26/09/1923, Afskeidswoorde deur Deneys Reitz, pp. 21-22.

stig.[35] Die Nasionaliste se leiers het graag van soewereine onafhanklikheid en ekonomiese onafhanklikheid gepraat, maar ondertussen het hulle die vryheid van werkers en die nywerheidstelsel vertrap deur ‘n reeks verdrukkende wette wat ‘n miskenning was van indiwiduele vryheid en private energie. Sodra die nuwe ministerie al hul amateuragtige wette tot uitvoer gebring het, sou daar geen binnelandse vryheid in Suid-Afrika meer bestaan nie, want die regering het hom orals met indiwidue se regte ingemeng. Nywerhede is boonop belemmer deur allerhande sosialistiese rassewette en arbeidsbeperkings. Daar is ook op onrusbarende wyse met die ekonomiese wette van die land gekarring. Toe die N.P. die ooreenkoms met die A.P. aangegaan het, het hy stellig net bedoel om gebruik te maak van die Arbeiders om aan bewind te kom, maar die uitslag bewys dat die skoen aan die ander voet was en dat die A.P. eerder die N.P. gebruik het. Die vernaamste wetsontwerpe was van die A.P. afkomstig. Hulle was almal sosialisties van aard. Die S.A.P. was bereid om alle wetsontwerpe wat die gewone werker help te steun, maar die wetsontwerpe wat deur die Volksraad gedruk is, sou glad nie die werker help nie. Dit sou eerder die lewenskoste omhoog jaag en die arm man se probleme vererger. Volgens Reitz was dit algemeen bekend dat hierdie wetsontwerpe jare lank kol. F.H.P. Creswell, die Minister van Verdediging, se persoonlike tydverdryf was. Die wetsontwerpe op myne en bedrywe, minimum lone en die Lomax-ordonnansie is deur die N.P. ondersteun en dit het Reitz laat wonder hoe ver hulle nie van hulle oorspronklike ideale en program afgedwaal het nie.[36]

In Junie 1925 het Reitz ‘n artikel in die *Cape Argus* gepubliseer waarin hy die Pakt-regering se werksaamhede tydens die vorige 12 maande evalueer. Sy gevolgtrekking was ‘n gevoel van teleurstelling omdat die nuwe regering, met so baie wat in sy guns tel, so min bereik het. Hy het gemeld dat die Pakt geboë gaan onder ‘n samestelling van twee hopeloos onversoenbare elemente wat sy pogings ernstig beperk. Maar selfs met dit in ag genome,

---

[35] SAB, SRP1/3/18, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Second Session, Fifth Parliament, 13th February 1925 to 25th July 1925, vol. 5 (12 June to 25 July 1925), 23/06/1925, kol. 4888-4890.

[36] *Die Burger*, 16/06/1925, “Kwaliteit-mense”. Die monster op Robertson. Sappe kry troos, p. 7.

was die Pakt geskiedenis een van "unfulfilled hopes and disillusion". Hy het toegegee dat die verskillende staatsdepartemente hulle oor die algemeen goed van hulle taak gekwyt het. Die Pakt het egter gefaal in sy uiters belangrike poging om 'n breë nasionale beleid te formuleer, asook in sy hantering van parlementêre sake – hulle was bloot besig met "tinkering and temporising". Dit het boonop nie gelyk of die regering in staat was om enige besluite te neem nie. Hulle was besig om hulle energie te vermors in wat algemeen bekend was as "flying kites" en om sodoende die rigting van die politieke winde te toets. Maatreël na maatreël is die lug ingestuur in die hoop dat een daarvan in die openbare smaak sou val. Die gevolg daarvan was 'n verbysterende mengelmoes wette waaruit geen duidelike leiding vir die land voorgekom het nie. Daar was 'n gebrek aan besluitneming en 'n geneigdheid om met al die land se groot probleme te knoei. Dit het die publiek deurmekaar gemaak en die werk van die parlement laat ophoop. Wette en gerugte van wette, waarin ongerymdhede en teenstellings so gou opmekaar gevolg het dat selfs die gehardste lede moed opgegee het oor die wyse waarin die regering gespartel het, het die ronde gedoen. As mens, volgens Reitz, deur die amateuragtige wetgewing gelees het, het mens gevind dat segregasie geloof en veroordeel word; een wetsontwerp het industriële ontwikkeling aangemoedig, terwyl 'n ander wat hoë salarisse vasstel, dit uitgekanselleer het. 'n Wetsontwerp wat 'n kleurgrens toegelaat het, is vergesel deur 'n minimum loonwet wat die swart werker teen die wit werker beskerm het. Afskeiding is terselfdertyd ontken en goedgepraat; sosialisme is in die platteland afgekraak en in die stede toegepas; vryheid is in die teorie toegelaat, maar in die praktyk onderdruk; en so het die malle getjommel voort gegaan. ("...and so the mad whirl goes on until the mind staggers and the senses reel.") Die Eerste Minister en sy kollegas het die parlement in chaos gedompel. Uit hierdie warboel het geen beleid vorendag gekom nie en Suid-Afrika moes toesien hoe die konserwatiefste van alle partye voortbeur op 'n pad met sosialistiese en semi-sosialistiese wette gesaai, ondermynend van die ideale en tradisies wat die N.P. in die verlede onderskryf het. In die middel van dit alles het die S.A.P. ongestoord voortgegaan. Soos van ouds het hulle op 'n gematigde roete gehou en die ekstreme rassistiese twiste aan die een

kant en grille en giere van pseudo-sosialisme aan die ander kant vermy. Dié party het al die mense van die Unie wat verstandig en redelik was, getrek.[37]

In April 1926 het Reitz hierdie gedagtegang van hom tydens ‘n toespraak in Victoria-Wes voortgesit. Hy het gesê dat die Pakt-regering besig was om die politieke mag van die ou Suid-Afrikaanse bevolking in die hande van die naoorlogse Sosialiste – die raserige element van die dorpe – oor te plaas. Volgens hom is die N.P. op die taal en ideale van die landelike distrikte gebou, maar sou die uitwerking van die ooreenkoms met die Arbeiders veroorsaak dat daar in die volgende generasie baie min van die tradisies van die ou Suid-Afrikaanse bevolking oor wees. In lig van die Sosialistiese maatreëls wat geïmplementeer is, sou die mense se hele karakter verander. In plaas daarvan om in die platteland te bly, is Afrikaners na die dorpe gelok waar hulle, met verloop van tyd ‘n klas van semi-geskoolde arbeiders gevorm het wat aan die Arbeidersparty behoort het. Die Pakt-regering het 20 man na die dorpe getrek vir elkeen wat op die platteland was. Die nuwe Loonwet en doeane voorstelle was die werk van die Arbeiders en was daarop gemik om die Arbeiders te versterk. Dié wette sou produksie en rykdom verminder in plaas daarvan om dit te vermeerder en die koste daarvan sou deur die bevolking gedra moes word, veral die boerebevolking. Sy gevolgtrekking was dat die gematigdes van die Nasionale Party met die Suid-Afrikaanse Party moes saamsmelt om die politieke en ekonomiese posisie van die land te herstel voordat dit te laat was. Hulle moes van die Pakt-regering ontslae raak om te verhoed dat die Unie bankrot speel.[38]

Later in dieselfde jaar meld hy dat die Pakt-regering die uitspattigste was wat Suid-Afrika al ooit gesien het. Die uitstaande kenmerk van Hertzog se aktiwiteite en sy assosiasie met die Arbeidersparty was dat die stabiele gedeelte van die Suid-Afrikaanse bevolking politieke beheer verloor het. Hy meld dat Tielman Roos grootgepraat het oor die vooruitgang wat hulle vir die

---

[37] *The Cape Argus*, 17/06/1925, A year of the Pact. Record of unfulfilled hopes and disillusion. Tinkering and temporising, p. 9.

[38] *The Star*, 17/04/1926, Colonel Reitz to the farmers. Pact effects. The Labour Party’s influence, p. 14.

land gebring het, maar dat Roos saam met die wind gedraai het en dat jy nie eens die teenoorgestelde kon glo van wat hy gesê het nie. Volgens Reitz het die Pakt-regering geen voorspoed na die land gebring nie. Alles het stilgestaan. Geen ontwikkeling het in die mynbou of enige ander veld plaasgevind nie en geen private kapitaal het die land ingekom nie. Beleggers is afgeskrik deur hoë belastings en lastige wetgewing. Openbare uitgawes, lenings en belasting was besig om te styg en die belastingbetalers het nie besef hoe hulle deur sogenaamde wetenskaplike tariewe benadeel is nie. Die kontras tussen die ministeriële aansprake van voorspoed en die feite het hom laat dink aan die toestande op 'n slaweskip waar die offisiere op die dek partytjie hou terwyl die vrag in die donker luik swaarkry. Hy het die regering daarvan beskuldig dat hulle die land gekul het met beloftes van die ekonomie, maar dat uitgawes orals toegeneem het. In die twee jaar wat hulle in beheer was, is lenings ten bedrae van £37,900,000 in die Volksraad goedgekeur en het hulle uitgawes daarmee tred gehou. Dit was veral die boere en die mynindustrie wat hieronder gely het. "The people of South Africa were a race of individualists. The average Nationalist, in particular, wanted to be left alone as much as possible. Yet, never in the history of the country had the rights of the public been so curtailed and interfered with as under the Nationalist leaders. Every section was being brought under the harrow and it would soon be impossible to move without the consent of a Minister. It was our internal personal freedom – a far more vital matter – that was being infringed in numberless ways by the prevailing mania for restrictive laws. It was time the Nationalists talked less of freedom and international status and took more heed of the way our personal liberty and private enterprise were being hampered."

Volgens Reitz het die N.P.-leiers 'n monopolie van eg Suid-Afrikaanse patriotisme vereis, maar ten spyte van hulle praatjies van nasionale ideale en tradisies het hulle hulle eie bekrompe rasse ambisies voor 'n wyer en suiwer Suid-Afrikaanse patriotisme geplaas. Die Arbeiders, op hulle beurt, het gesê dat hulle hulle vir die werkers beywer, maar ten spyte van al hulle praatjies van broederskap het hulle die werkers erger as die boosste kapitalis uitgebuit. Alhoewel Reitz groot respek gehad het vir die suksesse wat vakbonde behaal

het om arbeidstoestande te verbeter, het hy voorspel dat dié stelsel ten gronde sou gaan indien die vakbondleiers nie hulle lede beter behandel nie. "The tyranny of some of the trades union officials savoured of the Star Chamber and the Inquisition and were foreign to the temperament of the liberty-loving South African people."

In sy ontleding van die politieke situasie meld Reitz dat toe Louis Botha die S.A.P. gestig het, hy gepoog het om alles wat verstandig en betroubaar was, saam te smelt. Botha het besef dat die plattelandse en konserwatiewe klasse die groot stabiliseringsfaktore was. Met dié in beheer sou daar geen gevaar wees dat Suid-Afrika agter sosialisme en al die ander giere vir die onderdrukking van vryheid van die indiwidu en privaat ondernemings aanhardloop nie. Op daardie grondslag is die S.A.P. opgebou en tot en met Hertzog se oorname was die Unie na 'n vreedsame toekoms en permanente welwillendheid onder sy inwoners onderweg. Volgens Reitz kon Hertzog egter nie hierdie konsep begryp nie en in die navolging van sy rassesegregasie het hy die bevolking doelbewus in twee geskeur. Sodoende het die politieke middelpunt van waar dit vir generasies gesetel was tot in vreemde en onbevoegde hande verskuif.

Reitz was ook die mening toegedaan dat dit as gevolg van die Nasionaliste se kortsigtige beleid was dat die Suid-Afrika waarin hy grootgeword het, besig was om voor sy oë te verdwyn. Die Nasionaliste was besig om 'n politieke situasie te skep wat die Afrikaner element van die bevolking sou ruïneer. Slegs die toegewyde staatsdiens het, ten spyte van ministeriële inmenging, dinge redelik reguit gehou en verhoed dat die land in 'n veel erger toestand verval as wat dit was. Reitz het hierdie stelling gebruik om te verduidelik waarom die Pakt ministers gepoog het om die moreel van die staatsdiens te ondermyn deur aanstellings op politieke grondslag te doen.[39]

---

[39] *The Star*, 30/07/1926, Principle and pacts. The Labour Party's Sacrifice. Two Indictments. Col. Reitz and Mr. Blackwell, p. 16.

Volgens Reitz het Hertzog se beleid van "bittere rassisme" veroorsaak dat Suid-Afrika die gemeenskaplike vyand van die res van suidelike-Afrika was. Enige kanse om 'n Verenigde State van Suidelike-Afrika daar te stel, is daardeur vernietig. Reitz het beweer dat Hertzog die vriendelike state van Noord- en Suid-Rhodesië in vyandige en agterdogtige lande verander het en enige hoop wat ook al mag bestaan het dat hulle deel van die Unie sou word, is deur die vlagkwessie vernietig. Die vlagvraagstuk was 'n emosionele stryd waarin daar oor 'n periode van drie jaar geargumenteer is hoe 'n nuwe vlag vir die Unie daar moet uitsien. Die Britse vlag se insluiting of weglating het tot groot omstredenheid gelei. Reitz het die Pakt-regering ook daarvan beskuldig dat hulle die publiek in 'n staat van verwarring gelaat het oor die rigting waarin hulle beweeg. Niemand kon sê wat die regering se beleid oor enige onderwerp was nie. Al waarin hulle geslaag het, was om uitgawes te laat toeneem en die skep van 'n gevoel van onsekerheid oor die toekoms. Die regering het volgens hom ingemeng met ekonomiese wette en privaatmaatskappye en hulle sou nog alle basiese industrieë ruïneer. Oorsese beleggers is afgeskrik met die gevolg dat ontwikkeling tot stilstand gekom het. Volgens Reitz het die Pakt tussen die Arbeiders en die Nasionaliste die regering magteloos gemaak. Hy sou eerder die Nasionaliste alleen in die regering sien, aangesien dit minder van 'n ramp sou wees.[40]

Reitz het Hertzog se tweestroom politiek vir die S.A.P. en die N.P. se skeiding geblameer. Die Nasionaliste se ondersteuners is vertel dat die S.A.P. nie na die Afrikaanssprekende element se belange sou omsien nie en dat Hertzog hulle enigste uitweg was. Dit het daartoe gelei dat duisende mans wat deur dié standpunt oortuig is die S.A.P. verlaat het. Op 'n soortgelyke wyse het duisende burgers wat geglo het dat hulle vryheid en redding in afskeiding en 'n republiek lê, by die N.P. aangesluit in die geloof dat wanneer die N.P. in beheer kom Hertzog 'n republiek sou stig. Die waarheid was egter dat die S.A.P. veel meer vir die belange van die Afrikaanssprekendes gedoen het as die N.P. Indien Suid-Afrika van die Britse Ryk sou afskei, sou dit vinnig tot 'n

---

[40] *The Star*, 11/09/1926, Nationalists and the Union Jack. Boer War Memories. Sharp rebuke by Col. Deneys Reitz. Racialism that has ruined Union's big Chance.

vyfderangse republiek, wat uitmekaar geskeur is deur interne verskille, degenereer. Dit sou prooi wees vir enige Asiatiese land of ander moondheid wat verbykom. Reitz was ten gunste van hereniging, maar dit sou gedoen moes word op grond van ekonomiese en nie rasselyne nie. Totdat alle mans van konserwatief gematigde opinies nie in dieselfde politieke kamp saamgroepeer nie, het hy egter min hoop vir Suid-Afrika gehad. "...as far as he could see, the fruits of the Nationalist propaganda up to the present had been to create bad blood between Dutch and English, Dutch and Dutch, white and black, white and coloured and white and Asiatic. They had succeeded in estranging Rhodesia and the north from South Africa, and had shaken the credit of the Union to such an extent that overseas capital and overseas emigrants passed South Africa by." Die Pakt-regering se sogenaamde industriële beleid was volgens hom 'n mislukking. 'n Aantal nagemaakte industrieë, wat geen Suid-Afrikaanse rou produkte gebruik het nie, is tot die verbruiker se nadeel beskerm, terwyl mynbou en landbou, Suid-Afrika se hoofindustrieë, gewurg is deur hoë spoor- en doeanetariewe. Openbare besteding het daagliks toegeneem en 'n regering wat mag verkry het op hoofsaaklik die belofte van die ekonomie was besig om te bewys dat hulle die mees verkwistende administrasie was wat Suid-Afrika nog gesien het.[41]

Bogenoemde stellings is gemaak na aanleiding van Hertzog se uitsprake tydens die Imperiale kongres in Londen waar hy 'n doktrine van internasionale onafhanklikheid verkondig het. Tydens die S.A.P. se nasionale Provinsiale Kongres in Natal in Oktober 1927 het Reitz gesê dat Hertzog nie namens Suid-Afrika praat nie en dat hy geen mandaat van enige van die Suid-Afrikaanse partye vir sy beleid gehad het nie. Getrou aan sy mantra het Reitz gesê dat die enigste stabiele faktor in Suid-Afrika die S.A.P. was. Dit was die enigste party wat gepoog het om 'n balans te hou. Hy was verder ook van mening dat wanneer die S.A.P. weer aan bewind sou kom, dit "for keeps" sou wees.[42]

[41] *Rand Daily Mail*, 28/09/1926, Tragedy of the Political situation. Race hatred stirred up. Col. Reitz on pact methods. In favour of Hereniging.
[42] *Rand Daily Mail*, 27/10/1926. Effect of Pact faults. Ever increasing irritation. Natal S.A.P. view. Premier's speech condemned.

As Reitz se stellings objektief geëvalueer word, dan moet die gevolgtrekking gemaak word dat hy met politieke retoriek besig was en dat hy bloot die Pakt-regering in 'n slegte lig wou stel. Die Pakt-regering het die land in 'n tydperk waarin algemene ekonomiese herlewing plaasgevind het, oorgeneem en die Minister van Finansies, Klasie Havenga, se jaarlikse begrotingsoorskotte het dit weerspieël. Die impak van die Arbeidersparty op die Nasionale Party was ook nie naastenby so groot soos Reitz beweer het nie. Dit was beide die Arbeiders en die Nasionaliste se oogmerk om wit arbeiders teen die mededinging van swart arbeiders te beskerm en die wetgewing wat geïmplementeer is, is daargestel om dit te verseker. Die Pakt-regering het boonop die Afrikaanse taal- en kultuurbeweging ondersteun en Afrikaans is onder meer deur middel van 'n wet as een van die Unie se twee amptelike tale erken.[43] Die kabinet het, selfs by hulle opposisie, alle verwagtinge oortref in die wyse waarop landsvraagstukke aangepak en opgelos is. Die Smuts-opposisie het egter aanvanklik nie geweet hoe hulle die "onheilige alliansie" tussen die A.P. en N.P. moes hanteer nie[44] en Reitz se standpunte oor hulle moet in die lig gesien word.

In November 1926 maak Reitz die stelling dat die Pakt-regering se dae getel was, dat die publiek besig was om teen hulle te draai en dat indien een of ander onbeplande gebeurtenis hulle nie rehabiliteer nie, hulle gedoem was. Hy het dit aan verskeie redes toegeskryf. Die hoofoorsaak was waarskynlik dat Suid-Afrika, met meer probleme per vierkante kilometer as seker enige ander land in die wêreld, slegs bestuur kon word deur 'n regering en 'n party wat min of meer dieselfde politieke standpunte handhaaf en dieselfde mikpunte stel. Die Nasionaliste, met hulle konserwatiewe landeienaarsinstinkte, het die Arbeiders gewantrou en nie van hulle gehou nie en die Arbeiders, met hulle doktrine van sosialisme en staatseienaarskap, het met koue agterdogtigheid na hulle ongelyksoortige en meer stabiele vennote gekyk. Die ideologieë van arbeid en nasionalisme het mekaar weerspreek en dit was onmoontlik vir 'n regering soos die Pakt om suksesvol te wees in 'n

[43] C.F.J. Muller (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis*, pp. 364-365
[44] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 147.

land waar eenheid van doel en samewerking op fundamentele sake van uiterste belang was. Dié inherente ongesondheid van ‘n politieke kombinasie soos die Pakt het hulle ondergang onvermydelik gemaak. Die proses is versnel deur die buitengewone optrede van party van sy ministers. Tielman Roos, met sy onverantwoordelike gekskeerdery en gebrek aan waardigheid, was volgens Reitz die hoofoorsaak vir die verbrokkeling wat besig was om plaas te vind. Roos se arbitrêre stellings, die afkraak van sy opponente, sy diskriminasie teen die Sons of England Patriotic and Benevolent Society en sy aanvalle op die staatsdiens en die polisie is deur die publiek afgekeur. D.F. Malan met sy Vlagwetsontwerp en die daaropvolgende referendum en vlagkomitee het net struweling veroorsaak. Kol. F.H.P. Creswell se arrogansie teenoor die gewone man op straat en sy kruiperige inskiklikheid met die vlag en ander eise van die ekstremistiese Nasionaliste is verafsku deur die meerderheid van die bevolking. Dit alles is oorheers deur Hertzog se optrede in Londen waar hy gesê het dat hy namens die publiek praat, sonder dat hy hulle eers gekonsulteer het. Volgens Reitz was Hertzog ‘n man van hoë karakter en onbetwyfelbare eerlikheid, maar geen mens kon sy dade en sy uitsprake met mekaar vereenselwig nie. Hy het oor die vermoë beskik om een jaar ‘n beleid te ondersteun, net om die volgende jaar die teenoorgestelde daarvan te verkondig.[45]

Geoordeel aan bogenoemde stellings was Reitz korrek om te meld dat die Pakt-regering se dae getel was. Sy voorspelling van wanneer het egter nie so gou waar geword as wat hy voorspel het nie – die verbond het vir ‘n tydperk van amper nege jaar bestaan. Die A.P. en N.P het nie dieselfde politieke beginsels en oortuiging gedeel nie en daar was onvergenoegdheid in die N.P. oor hulle alliansie met die A.P. Die Arbeidersparty het boonop interne struwelinge gehad wat veroorsaak het dat hulle verteenwoordiging in die Volksraad van 18 tot agt verminder het. Van hierdie agt kon Hertzog net op die steun van vyf staatmaak. Dit was egter nie net die A.P. wat interne probleme ondervind het nie en Reitz se verwysings na Tielman Roos was

---

[45] *The Star*, 10/11/1926, Why S.A.P. must come back. The blunders of the Pact. Warring Wings. Col Reitz on the flag muddle.

redelik akkuraat. B.M. Schoeman beskryf Roos as ‘n politieke opportunis wie se metodes en optredes Hertzog dikwels in die verleentheid gestel het. Hulle het uiteenlopende geaardhede gehad en botsings was onvermydelik. Dit was egter ekonomiese en finansiële faktore wat uiteindelik tot die val van die Pakt-regering gelei het,[46] alhoewel die interne struwelinge die paadjie daarvoor waarskynlik veel makliker gemaak het.

Ten opsigte van hereniging het Reitz reeds in 1925 verskeie uitsprake gemaak. Hy het verklaar dat hy die versekering van genl. Hertzog aanvaar het dat afskeiding van die Britse Ryk nie langer tot die praktiese politiek behoort nie en dat dit ‘n volksramp sou wees. Nadat Hertzog egter verklaar het dat sesessie dood is, wou Reitz weet of die Nasionaliste wat die S.A.P. daarvoor verlaat het nie weer na die S.A.P. wou terugkeer nie. Dit sou logies wees, aangesien hulle onder valse voorwendsels oorgehaal is om die S.A.P. te verlaat.[47]

Hy het ook verklaar dat die S.A.P. nog altyd ten gunste van hereniging langs die regte lyne en in die ware betekenis van die woord was. Maar wanneer Tielman Roos van hereniging praat, het hy bedoel dat die Afrikaanssprekendes moes saamspan om die Engelssprekendes te oorheers. Die enigste soort hereniging wat ‘n kans van welslae gehad het, was die hereniging van die konserwatiewe magte van die land teen die verbrokkelende elemente wat daarna gestreef het om die bestaande orde te verbreek.[48] Hierdie uitsprake van hom oor hereniging is deur *The Cape Argus* toegejuig. Die redakteur van dié koerant het onder meer opgemerk dat hereniging, soos wat Reitz dit in die vooruitsig gestel het, ‘n noodsaaklikheid geword het.[49]

Tydens ‘n politieke vergadering van die S.A.P. in Port Elizabeth op 12 Oktober 1927 het Reitz gesê dat daar ‘n geweldige groot gaping tussen die

---

[46] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, pp. 175-176.
[47] *Die Burger*, 16/06/1925, “Kwaliteit-mense”. Die monster op Robertson. Sappe kry troos, p. 7.
[48] *Ibid.*, p. 7.
[49] J.H. le Roux en P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party 2: Die eerste bewindsjare 1924-1934 III*, p. 94.

beloftes en die optrede van die Pakt-regering was, iets wat nie maklik verduidelik sou kon word nie. Die Pakt het glo die verkiesing gewen met die beloftes dat hulle die ekonomie sou verbeter, besteding en belasting sou verminder, die leen van geld sou beperk en die verhoudings tussen die rasse sou verbeter. Hulle het egter klaaglik misluk in elkeen van hierdie aspekte. In plaas daarvan het hulle die uitspattigste regering wat die land ooit gehad het, daargestel. Besteding en belasting is vermeerder, geld is op ‘n skaal geleen wat nog nie vantevore gesien is nie en in plaas van welwillendheid tussen die rasse het hulle die Vlagwetsontwerp daargestel. Die ergste van alles was dat die publiek nie waarde vir hulle geld gekry het nie. Baie van die geld het gegaan vir ‘n vergrote staatsdiens en om gesubsidieerde politieke ondersteuners te onderhou. Die Pakt het ook belowe dat hulle die swart, Indiër en armblanke vraagstukke sou oplos, maar na drie en ‘n half jaar is daar steeds gewag vir die Eerste Minister om die veelbesproke segregasie wetsontwerp in te handig. “After three and a half years they found that segregation was as dead as the dodo. The Prime Minister had not segregated a single native and never would. The net result of his tinkering was that the native question was in a worse position than ever.” Al wat Hertzog vir sy moeite kon toon, was die ontstaan van die Industrial and Commercial Worker’s Union of South Africa (I.C.U.), ‘n gees van ontevredenheid, wantroue en onrus en ‘n groeiende gewaarwording onder swartes dat hulle nie na die witman kan kyk vir geregtigheid nie.[50]

Volgens Reitz was dit onwaar om te beweer dat enige staatsamptenare uit die regeringsverandering voordeel getrek het. Die teendeel was waar. Die staatsdiens se standaard is ondermyn en al die takke daarvan is gedemoraliseer. Die S.A.P. het ‘n hoë standaard van openbare en amptelike eerlikheid daargestel, maar dit het verander. Indien net die helfte van die gerugte wat die rondte gedoen het waar was, was ‘n treurige verandering besig om in Suid-Afrika plaas te vind. In die Transvaal het mense op elke straathoek van korrupsie in hoë plekke, korrupsie in die Unie, provinsiale en

[50] *The Star*, 12/10/1927, Pact’s many failures. Col. Reitz’ spirited attack. Mass of people neglected. Debit and credit of flag bill, p. 7.

munisipale sfere, gepraat. Die publiek het geglo dat politieke knoeiery aan die orde van die dag was. Die vraag wat gevra was, was waarnatoe die regering die mense lei.

Reitz het beweer dat die Eerste Minister nie net Afrikaans- en Engelssprekendes teenoor mekaar afgespeel het nie, maar dat hy ook die Afrikaanssprekendes verdeel het. In plaas van 'n verenigde nasie is die land gereduseer tot verskillende strydende faksies, met die gevolg dat die meer gematigde, stabiele gedeelte van die bevolking meer en meer geregeer is deur politieke leiers wat die stemme van die minder intelligente elemente van die bevolking gemanipuleer het. Vir Reitz was die slegste aspek van dié situasie die stelselmatige afname van die Afrikaanssprekende ras in Suid-Afrika se materiële en ander welvaart. In sy reise deur die land is hy gekonfronteer met die depressiewe gevolgtrekking dat sy eie ras deur die aanhoudende argumente gedemoraliseer is. Hy moes toesien hoe Hertzog die land met sy rasgebaseerde Vlagwetsontwerp omverwerp. Wanneer hy die afgesaagde uitdrukkings oor status en onafhanklikheid gehoor het, wanneer hy na die hoë praatjies oor Suid-Afrikaanse patriotisme en nasieskap geluister het en terselfdertyd gesien het hoe 'n groot deel van die bevolking op die skaal daal, dan het hy met besorgdheid na die toekoms gekyk. Watter hoop was daar vir 'n land soos dié waar mens slegs kon oorleef as elke man sy deel doen? 'n Groot gedeelte van die Europese bevolking sou te gronde gaan terwyl die res met mekaar baklei oor vlae en ander nie-konstruktiewe rasse en klasse sake wat op hulle afgedwing was.[51]

Dit was die N.P. se houding wat vir Reitz onheilspellend was. In elke krisis wat Suid-Afrika deurgegaan het, het die N.P. volgens hom die land keer op keer gefaal. Tydens die oorlog het die lede van die N.P. nooit bokant party politieke intriges uitgestyg nie.[52]

---

[51] *The Star*, 12/10/1927, Pact's many failures. Col. Reitz' spirited attack. Mass of people neglected. Debit and credit of flag bill, p. 7.

[52] SAB, SRP1/3/10/4, Debates of the House of Assembly of the Union of South Africa as reported in *The Cape Times*, 20th November 1915 to 25th June 1923. *The Cape Times*, 08/04/1922, Indemnity Bill Debate. Brilliant speech by Colonel Reitz. Slashing expose. Hertzog and Roos as "political plumbers, kol. 129.

## 7.2 *Vlagwetsontwerp*

Na die oorname van die regering in 1924 het Hertzog verskeie stappe geneem om Suid-Afrika se onafhanklikheid prakties te implementeer. Sodoende het hy in 1927 'n Departement van Buitelandse Sake geskep wat binne twee jaar diplomatieke bande gesluit het met Nederland, die Verenigde State van Amerika en Italië. Sy pogings om onafhanklikheid van Brittanje te verkry, is egter nie goed deur die opposisie ontvang nie. Een van sy ander stappe, naamlik om 'n eie vlag vir die Unie te skep, het op die randjie van 'n burgeroorlog gedraai en die bande in die land ernstig getoets.[53] Dit het een van die belangrikste strydpunte tussen die Afrikaanse nasionalisme en Britse imperialisme oor die koers wat Suid-Afrika moes inslaan, geword.[54]

Die Britse vlag was 'n simbool wat teen baie van die Nasionaliste se trots en indiwidualiteit ingedruis het. Dit was 'n herinnering aan hulle bittere nederlaag tydens die Anglo-Boereoorlog en het hulle gewalg omdat dit vir waardes gestaan het wat hulle afskuwelik gevind het. Liberalisme, filantropie en imperialisme was filosofieë wat onder dié vlag se skadu voortbeweeg het. Slagtersnek, Jopie Fourie en die konsentrasiekampe was die gevolge daarvan. Hulle het gevoel dat rassehaat sou ophou om te bestaan slegs wanneer 'n vlag daargestel is wat 'n simbool van vrede en hulle eie nasionale gees was.[55] Dit was veronderstel om 'n totale nuwe vlag te wees wat geen van die ongelukkige konnotasies van die verlede gehad het nie.[56] Dit het noodwendig beteken dat die Britse vlag geen deel van dié nuwe Suid-Afrikaanse vlag sou uitmaak nie.

Om gestalte aan die behoefte vir 'n eie vlag te gee, het D.F. Malan op 16 Februarie 1925 die Suid-Afrikaanse Nasionaliteit en Vlagwetsontwerp in die parlement op die tafel geplaas.[57] Malan het 'n "skoon" vlag voorgestel – 'n

---

[53] D. W. Krüger, *The making of a nation*, p. 147.
[54] J.H. le Roux en P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party 2: Die eerste bewindsjare 1924-1934 I*, p. 195.
[55] H. Saker, *The South African flag controversy, 1925-1928*, p. 5.
[56] D. W. Krüger, *The making of a nation*, p. 148.
[57] H. Saker, *The South African flag controversy, 1925-1928*, p. 11.

vlag wat nie die Britse of republikeinse vlae ingesluit het nie.[58] Dié aksie het ernstige kritiek uit S.A.P.-geledere gelok, aangesien hulle van mening was dat daar nie 'n groot behoefte onder die publiek vir 'n nuwe vlag was nie. Reitz het saam met S.A.P.-lede soos H.B. Papenfus, Volksraadslid vir Hospitaal en N.J. de Wet,[59] Transvaalse Senator van die S.A.P.,[60] hierdie opinie verkondig.

Op 23 Mei 1927 wou hy weet waarom dié wetsontwerp ingedien is, aangesien daar nooit vantevore 'n beweging in so 'n rigting was nie. Volgens hom het die vlagkwessie eers lewendig geword toe die regering uit hulle pad gegaan het om dit op die agenda te plaas en was die N.P. besig met 'n skelmstreek.[61] Beskuldigings dat Smuts ten gunste daarvan was om van die Britse vlag ontslae te raak, was ook volgens Reitz onsin. In al die jare wat hy by die S.A.P. betrokke was, het hy nooit, nie eers in die verbygaan, 'n verwysing na die vlag gehoor nie. Hy was van mening dat dit dalk by een of ander kongres vir akademiese bespreking op die agenda mag verskyn het en dat Smuts dit in 'n abstrakte, tentatiewe wyse oorweeg het, maar dat Smuts nog nooit gepoog het om die saak op die land af te dwing nie. Die saak was nooit binne of buite die kabinet genoem terwyl Reitz 'n lid daarvan was nie.[62]

Reitz was van mening dat daar sekere goed was wat jy nie met 'n wet kon afdwing nie. Dit was die items wat die lewens van mense geraak het, intieme, persoonlike gevoelens, wat geen regering deur 'n meerderheidstem kon afdwing nie. In sake soos godsdiens, taal, trots op ras of tradisies, het die regering nie die reg gehad om die bevolking te forseer nie en dieselfde het vir 'n vlag gegeld wat vir al hierdie diepgewortelde gevoelens gestaan het. Hy het homself as 'n oud republikein beskryf wat teen die Britse vlag geveg het maar dat hy nie onder daardie vlag weggekruip het totdat dit veilig was om uit

---

[58] H. Giliomee en B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 272.

[59] H. Saker, *The South African flag controversy, 1925-1928*, p. 6.

[60] J.H. le Roux en P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party 2: Die eerste bewindsjare 1924-1934 I*, p. 248.

[61] SAB, SRP1/3/25, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fourth Session, Fifth Parliament, 28 January to 29th June 1927, vol. 9 (25th April to 29th June 1927), kol. 4057-4062.

[62] *The Star*, 12/10/1927, Pact's many failures. Col. Reitz' spirited attack. Mass of people neglected. Debit and credit of flag bill, p. 7.

te kom en homself 'n republikein te noem nie. Om daardie redes het hy teen die Vlagwetsontwerp geprotesteer wat volgens hom slegs kwade gevoelens wakker sou maak. Die vlag sou ou wonde weer oopmaak. Die wetsontwerp sou tweespalt veroorsaak en die nasie skeur.

Hy het verder ook gesê dat die helfte van die mense in Suid-Afrika die Britse vlag bewonder en respekteer en dat dié wetsontwerp daarop uit was om die Britse vlag van die nuwe vlag te verwyder. Volgens hom was die regering nie ernstig oor die ontwerp van die vlag nie en het hulle eers die "...Walker jazz pattern, the Crow and Lion Beer label pattern and now the hot cross bun" goedgekeur. Hyself het teen die Britse vlag geveg en dit was vir hom 'n simbool van 'n volk wat een van die dapperste gevegte in die geskiedenis gestry het.

Hy kon onthou hoe hulle vir drie jaar lank teen oorweldigende magte geveg het. Dat toe hulle uiteindelik oorwin was, die vyand hulle by die hand geneem het, hulle van hulle knieë af op gehelp het en een van die grootste dade van begenadiging getoon het wat een nasie ooit aan 'n ander gewys het. Met die herinneringe aan die Britse vlag en die Vierkleur kon hy nie die bekrompe, stuurse weiering verstaan om die Britse vlag 'n plek op die nuwe vlag te gee nie. Die Britse vlag, met al sy foute en deugde, was deel van Suid-Afrika se geskiedenis en om dit 'n plek op die nuwe vlag te weier was om 'n deel van die geskiedenis te ontken. Dit was 'n onwaardige daad vir selfrespekterende mense soos Suid-Afrikaners. Hy het die regering versoek om nie die wetsontwerp aan te neem nie, aangesien dit 'n warboel van emosies en probleme sou wakker maak.[63]

Volgens Reitz was die S.A.P. nie teen 'n nuwe vlag gekant nie, maar was hulle van mening dat die nuwe vlag die gevoelens van die Engelssprekende burgers in ag moes neem en dat dit 'n simbool van Suid-Afrika se lidmaatskap van die Britse Statebond moes bevat.[64] Dit moes 'n embleem

---

[63] SAB, SRP1/3/25, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fourth Session, Fifth Parliament, 28 January to 29th June 1927, vol. 9 (25th April to 29th June 1927), kol. 4057-4062.

[64] D. Reitz, *No outspan*, p. 135.

wees wat die instinkte en sentimente van beide afdelings van die bevolking verteenwoordig.[65] Die N.P. was egter nie ten gunste hiervan nie.

Tydens 'n vergadering te Potchefstroom het hy voorspel dat indien die vlag-wetsontwerp nie laat staan word nie, die volgende algemene verkiesing deur 'n rassevete, wat nie minder bitter sou wees as die wat vantevore plaasgevind het nie, gekenmerk sou word.[66] Twee weke later het Reitz hierdie sentiment in Randfontein herhaal. Hy het opgemerk dat pogings aangewend is om die publiek te laat glo dat weerstand teen die Vlagwetsontwerp slegs 'n politieke beweging in belang van die S.A.P. was. Dit was egter nie waar nie. Volgens hom het 'n uitbarsting van verontwaardiging spontaan plaasgevind teen die regering se poging om 'n ongevraagde en waardelose vlag op die mense van Suid-Afrika af te dwing. Hy was ook van mening dat dit nie D.F. Malan se doel was om 'n eie vlag vir Suid-Afrika te skep nie, maar dat hy slegs van die Britse vlag wou ontslae raak, aangesien hy dit as die vlag van die onderdrukker beskou het. Hy kon nie aan enige ander daad dink wat meer rasseprobleme sou veroorsaak as dié onverantwoordelike poging om die Britse vlag te verwyder nie. Volgens Reitz was hy nie daar om die Britse vlag goed te praat nie, maar om enige reaksie van die regering te verhoed wat rassehaat in Suid-Afrika sou bevorder. Hyself het die Britse vlag beskou as 'n simbool van beskerming en nie onderdrukking nie. Indien 'n nuwe vlag daargestel word, moes dit albei gedeeltes van die bevolking, Afrikaans en Engels, verteenwoordig, anders sou dit waardeloos wees. 'n Nuwe vlag moes een wees wat hulle kon liefhê en respekteer, voor kon veg en koester. So 'n vlag kon net gemaak word met die goeie denke en goedkeuring van almal. Dit moes die beste tradisies van die verlede verteenwoordig en staan vir die ideale van die toekoms. Dit kon slegs gedoen word in 'n vlag wat beide die Britse vlag en die vierkleur bevat. Hulle vra tog net vir gelyke regte en welwillendheid. Om dié wetsontwerp deur

---

[65] *Rand Daily Mail*, 28/09/1926, Tragedy of the Political situation. Race hatred stirred up. Col. Reitz on pact methods. In favour of Hereniging.

[66] *Rand Daily Mail*, 09/08/1926, Stirring up racial bitterness. Grave danger in pushing the flag bill. Col Reitz's warning. Mr. P. Wessels gives conditions for the Union Jack.

die parlement te druk, sou 'n geweldige groot fout wees.[67] In reaksie teen Hertzog en Malan se uitsprake, het Reitz gesê dat Suid-Afrika so vry was soos enige ander land in die wêreld. Om 'n gewillige vennoot te wees in die enigste gemenebes van vry lande in die wêreld het dus niks van knegskap of vernedering vir hom as Afrikaanssprekende Suid-Afrikaner ingehou nie. Hulle sou swape wees om daardie posisie op te gee deur die optredes van Malan en Hertzog.[68]

Oor 'n voorstel van genl. Hertzog dat 'n volkstemming oor die vlagvraagstuk gehou moes word, het Reitz gesê dat die voorstel "pure bog" was. Volgens hom sou die enigste effektiewe volkstemming oor die saak 'n algemene verkiesing wees. Hy het ook sarkasties opgemerk dat dit 'n wonderlike werkswyse was om eers die Vlagwetsontwerp in die Parlement te laat aanneem en dan daarna 'n referendum te hou.[69]

Volgens Reitz het die Engelssprekende burgers van Suid-Afrika gevra of die Afrikaanssprekendes regverdig teenoor hulle opgetree het. Hy was bevrees dat die Engelssprekendes in die toekoms nie die woord van hulle Afrikaanssprekende broers sou vertrou nie en dat dit tragies sou wees. Hy het dit voorgehou dat die regering nie die reg gehad het om die land in die chaos van 'n vlagreferendum te gooi voordat hulle nie eers weer 'n nuwe mandaat van die mense verkry het nie. In verwysing na Hertzog se stelling dat al gaan die uitslag van die referendum teen hom, hy steeds daarvoor sou veg, het Reitz gevra hoe Hertzog dan kon verwag dat ander dan die uitslag moes respekteer? Hoe sou so 'n dreigement hulle by vrede uitbring? Aan die debietkant van die vlag sou hulle bitterheid en meningsverskille hê en 'n groot deel van die bevolking sou gevul wees met 'n brandende gevoel van onredelikheid en onregverdigheid. Hulle sou Rhodesië en die noordelike gebiede vervreem. Hulle sou uiteindelik daarin slaag om Swaziland,

---

[67] *The Star*, 27/08/1926, A flag meeting at Randfontein. Union Jack and Vierkleur demanded. Appeals to the Government to drop the bill, p. 15.

[68] *Rand Daily Mail*, 08/09/1926, Honesty and Patriotism impugned. Abuse of loyal citizens, Col. Reitz on the speech. "Sophistries". Peaceful solution impossible.

[69] *Die Burger*, 20/09/1926, Die referendum-verklaring van genl. Hertzog. Kol. Reitz bang daarvoor, p. 4.

Basoetoland, Betsjoeanaland en die Suidwes Protektoraat uit die Unie te verdryf. Hulle sou duisende immigrante verdryf en sou die Unie se morele en finansiële krediet onherstelbaar in die oë van die wêreld beskadig. Aan die kredietkant sou hulle 'n vlag hê wat geen respek by enigiemand afdwing nie.[70]

Teen Oktober 1927 is die kwessie rondom die vlag opgelos toe 'n ooreenkoms bereik is dat twee afsonderlike vlae ingestel sou word. Die nasionale vlag sou die oranje, wit en blou banier van die Huis van Oranje wees, met die twee republikeinse vlae en die Britse vlag wat inslaan op die wit baan. Daarmee saam sou die Britse vlag by sekere voorgeskrewe plekke hang as teken van die Britse verbinding. Dié ooreenkoms het min mense tevrede gestel. Engelssprekende Suid-Afrikaners het oor die algemeen nie veel erg aan 'n nasionale vlag gehad nie, terwyl die Nasionaliste gekla het dat hulle op die ou end twee Britse vlae in plaas van net een gehad het. Die nuwe vlae is vir die eerste keer op 31 Mei 1928 gehys[71] en Suid-Afrika was toe in die unieke situasie dat hulle twee hoofstede, twee amptelike tale, twee amptelike rasse en twee amptelike vlae gehad het en, soos Reitz verklaar het, "...somehow it works".[72]

Die gevoelens wat tydens die vlagkwessie ontstaan het, het nie maklik verdwyn nie en beide die Natte en die Sappe het dit probeer uitbuit. Die Sappe het die Natte van rassediskriminasie beskuldig, terwyl die Natte probeer munt slaan het uit die Sappe se aandrang dat die Britse vlag as 'n embleem vir die land behou word. Tydens vergaderings wat Reitz moes toespreek, is hy gewoonlik verwelkom met 'n gehekel en uitjouery aan die een kant en mosies van vertroue aan die ander kant. Baie van hierdie vergaderings het ook gepaard gegaan met 'n bakleiery en so het Reitz een dag by 'n vergadering by Brits aangekom waar sowat 200 man reeds besig was om appels te swaai. Met nadere ondersoek het hy agtergekom dat dit sy politieke vergadering was waar dié gevegte uitgebreek het. Klaarblyklik het sy

[70] *The Star*, 12/10/1927, Pact's many failures. Col. Reitz' spirited attack. Mass of people neglected. Debit and credit of flag bill, p. 7.
[71] R. Lacour-Gayet, *A history of South Africa*, pp. 268-269.
[72] D. Reitz, *No outspan*, pp. 135-136.

beoogde toespraak, asook die feit dat 'n nuwe drankwinkel daardie oggend op die dorp oopgemaak het, die plaaslike gevoelens so opgewerk dat een van die oproerigste vergaderings wat hy sedert die 1915 verkiesing beleef het, plaasgevind het.[73]

Gevegte het dwarsdeur sy toespraak voorgekom en in 'n stadium is die tafel waarop hy gestaan het onder sy voete uitgepluk en het hy in die nie te vriendelike gehoor geland.[74] Gelukkig het die skare so naby aanmekaar gestaan dat hulle gesukkel het om mekaar te slaan. Dit het egter nie een van sy teenstanders verhoed om hom met 'n petrolboks vol bakstene oor die kop te probeer moker nie. Na afloop van hierdie affêre was dit nodig om van die beseerdes per ambulans na Pretoria te laat vervoer. Dit het ook aanleiding gegee tot 'n aantal regsgedinge en groot hartseer.

Hierdie stryd het Reitz aan die dae wat hy verkiesingsvergaderings in die Vrystaat gehou het, herinner. Verskeie van die stadsale in die Vrystaat het volgens hom steeds bloedspatsels gehad wat uit die tydperk dateer. Tydens een so 'n voorval moes hy selfs 'n rekening van £82 betaal vir skade wat aangerig is.[75]

Tydens die parlementsitting aan die einde van 1927 het een of ander slimjan, aldus Reitz, uitgevind dat hy nie die eed van getrouheid teenoor Brittanje in 1902 afgelê het nie. Op grond daarvan was hy nie 'n Britse onderdaan nie en mag hy by regte nie in die parlement gesit het nie. Daarmee saam het 'n boete opgeloop vir elke dag wat hy in die parlement was. Die regering het egter 'n wetsontwerp ingedien wat hierdie reëling ongeldig verklaar het. Die tye wat die wetsontwerp in die parlement bespreek is, moes Reitz hom daarvan verskoon. Volgens Reitz is daar met 'n gelag na die wet as die "Deneys Reitz Relief Act" verwys en, indien hy die boete vir sy oortreding sou betaal, dit min of meer dieselfde bedrag sou wees as wat Duitsland na die Eerste Wêreldoorlog as kompensasie moes betaal. Die wet is egter

---

[73] D. Reitz, *No outspan*, pp. 136-137.
[74] *The Cape Times*, 13/09/1927, A lively political meeting. Audience indulge in free fights, p. 7.
[75] D. Reitz, *No outspan*, p. 137.

goedgekeur en Reitz kon met 'n geruste hart sy stoel in die parlement inneem.[76]

Op 'n soortgelyke wyse as met die Vlagwetsontwerp het Reitz op 10 Februarie 1928 te velde getrek teen 'n Dingaansdagwetsontwerp wat by die Volksraad ingedien is. Volgens hom was dit 'n wetsontwerp wat Suid-Afrikaners na die Middeleeue sou terugneem. Hy het verklaar dat hy respek en bewondering vir die pioniers en Voortrekkers van die land gehad het, maar om die hele land te forseer om Dingaansdag as 'n Sondag te vier, was vir hom te erg. As 'n persoon voel dat hy Dingaansdag as 'n Sondag wil gedenk, is dit sy reg om dit te doen, maar dieselfde geld vir die persone wat wil sport speel en die dag geniet. Volgens hom was dit 'n tipe "hot-house" patriotisme wat heeltemal verkeerd was. Elke persoon moes die reg hê om Dingaansdag te vier soos wat hy wou.[77]

As geoordeel word aan die wetsontwerpe wat Reitz teengestaan het, ontstaan die vraag tot in watter mate dit met die imperialistiese strewe om deel van die Britse Ryk te wees, of slegs as algehele teenkanting teen die Nasionaliste en hulle beleide, te doen gehad het. 'n Afleiding wat gemaak kan word, is dat Reitz teen alles wat Afrikaner georiënteerd was, gekant was. Beskuldigings dat hy 'n goeie voorbeeld was van 'n gebore Afrikaner wat vir sy eie volk geen gevoel meer gehad het nie en wat geestelik reeds heeltemal Brits geword het, word juis deur sekere Nasionalistiese geskiedskrywers aan hom toegedig.[78] As gekyk word na sy persoonlikheid asook sy lewensfilosofie is dit waarskynlik 'n kombinasie van beide. Hy sou sy standpunte tot die dood toe verdedig en probeer uitleef. Hy het egter ook 'n hardkoppige streep gehad wat veroorsaak het dat hy sekere uitsprake sou maak bloot om sy opponente te irriteer en die harnas in te jaag. Die Dingaansdag wetsontwerp sou heel

---

[76] D. Reitz, *No outspan*, pp. 137-138.

[77] SAB, SRP1/3/26, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fifth Session, Fifth Parliament, 14th October 1927 to 1st June 1928, vol. 10 (14th October 1927 to 3rd April 1928), 10/02/1928, kol. 904-905.

[78] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1924-1939 VII,* p. 166.

waarskynlik vir hom die ideale geleentheid gewees het om aan beide van hierdie uiting te gee.

## 7.3 Aktiwiteite in die Parlement

Dit blyk dat Reitz in die tydperk wat hy as opposisielid in die Volksraad gesit het die belange van die publiek op die hart gedra het. Hy het ook nie belangstelling verloor in die sake waarby hy betrokke was voordat hy sy pos as minister verloor het nie. Sy vrae en aktiwiteite in die Volksraad kan waarskynlik ook geïnterpreteer word as politieke druk wat hy op sy opponente probeer plaas het.

‘n Voorbeeld van een so ‘n aktiwiteit was die vestiging van witmense in Zoeloeland. Op 17 Junie 1925 rig Reitz ‘n vraag aan die Minister van Lande, P.W.G. Grobler, waarvolgens hy wou weet wat besig was om te gebeur met die besetting van Zoeloeland. Volgens hom het die vorige regering, na deeglike beplanning, sowat 80 930 hektaar opsygesit vir besetting en ongeveer 40 460 daarvan is die vorige Mei of Junie uitgedeel. Met die oorname van die nuwe regering is die proses egter gestaak en het die Eerste Minister ‘n stelling in Vryheid gemaak waarvolgens hy glo sou gesê het dat die besetting verder sou plaasvind met “armblankes”. Volgens Reitz sou dit ‘n groot fout wees. Hy het die regering ook beskuldig dat, as gevolg van hulle optrede, hulle reeds ‘n hele jaar se ontwikkeling in die gebied verloor het. In hierdie standpunt het hy uit ‘n onverwagse oord ondersteuning gekry. Hy haal ‘n artikel in *Die Burger* aan waarin hy aangehaal is dat die landbou-industrie in Zoeloeland mense met inisiatief, deursettingsvermoë en besigheidskennis benodig het. Mense wat sou kon aanpas by die omstandighede en wat hard kon werk. Die bewering is ook gemaak dat die armblankes sou ondergaan nog voordat hulle begin werk het. Vir ‘n wonder is Reitz ook deur *Die Burger* geprys: “Let us give honour where honour is due. Whatever faults Col. Reitz may have, he at any rate knew what he was talking about when he opposed the Government’s idea of settling poor whites in Zululand.” Hierdie lof het Reitz laat bloos. Hy was per slot van rekening, volgens homself, ‘n baie

beskeie man. Dit was boonop die eerste keer wat hy in dié koerant geprys is. Hy het nietemin heelhartig met die skrywer saamgestem. Hierdie standpunt van Reitz het reeds die vorige jaar veroorsaak dat C.W. Malan, die Minister van Spoorweë en Hawens, gesê het dat die Afrikaanssprekende gedeelte van die bevolking hulle vir Reitz geskaam het omdat hy die belange van die armblankes teengestaan het.[79]

‘n Verdere saak wat Reitz na aan die hart gelê het, was die Departement van Lande. Op 18 Junie 1925 het Reitz die Minister van Lande versoek dat die Departemente van Lande en Besproeiing weer gekombineer moes word. Volgens hom was dit sinloos dat die Departement van Besproeiing in daardie stadium onder die Minister van Justisie geval het, aangesien die twee departemente baie min in gemeen gehad het. Elke groot besproeiingskema het te doen gehad met kroongrond en die besetting van grond. Sedert Tielman Roos die Departement van Besproeiing oorgeneem het, het daar egter baie min op die gebied plaasgevind. Volgens Reitz moes al die besproeiingskemas in die land hersien word en dit kon slegs in samewerking van die Minister van Lande gedoen word. Hy het besproeiing beskou as ‘n Aspoestertjie, ‘n stiefkind en tog was dit net so belangrik soos die besetting van grond. Hy was bevrees dat ‘n tweestroombeleid ten opsigte van grond en besproeiing aangeneem sou word.[80] Op 3 Junie 1927 het hy ‘n soortgelyke pleidooi in die Volksraad gelewer. Volgens hom kon die Departemente van Lande en Besproeiing nie geskei word nie aangesien hulle ineen verweef was.[81] Op 5 Maart 1928 neem hy hierdie argument verder en noem hy Besproeiing die “...sick man of the Union”.[82]

---

[79] SAB, SRP1/3/18, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Second Session, Fifth Parliament, 13th February 1925 to 25th July 1925, vol. 5 (12 June to 25 July 1925), 17/06/1925, kol. 4597-4599.

[80] SAB, SRP1/3/18, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Second Session, Fifth Parliament, 13th February 1925 to 25th July 1925, vol. 5 (12 June to 25 July 1925), 17/06/1925, kol. 4615-4616.

[81] SAB, SRP1/3/25, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fourth Session, Fifth Parliament, 28 January to 29th June 1927, vol. 9 (25th April to 29th June 1927), 03/06/1927, kol. 4570.

[82] SAB, SRP1/3/26, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fifth Session, Fifth Parliament, 14th October 1927 to 1st June 1928, vol. 10 (14th October 1927 to 3rd April 1928), 05/03/1928, kol. 1706.

Reitz het ook by verskeie geleenthede vrae aan die Minister van Verdediging gerig, veral waar dit gelyk het of bestaande weermagslede benadeel is. Op Vrydag 17 April 1925 het hy gevra dat die name van al die kandidate wat as kommandante in die Unie-Verdedigingsmag verkiesbaar was, bekend gemaak word. Op 2 Junie het hy hierdie versoek uitgebrei en gevra waarom die aanstelling van die kommandante en offisiere van die Pretoria Suidooskommando so lank geneem het.[83] In 1928 wou hy weet waarom die meerderheid offisiere van die Potchefstroomkommando op 9 Januarie 1928 bedank het. Die antwoord het gemeld dat 13 van die 29 offisiere van die Potchefstroom-kommando bedank het uit protes teen die aanstelling van 'n A.J. Alberts as kommandant van dié kommando.[84] As afleidings gemaak word uit die vrae, kan dit maar net wees dat die sake onder Reitz se aandag gebring is deur ongelukkige offisiere en dat hulle moontlik 'n kortpad gesien het om hulle eie probleme op te los. Reitz, wat self lank in militêre rolle was, het waarskynlik 'n simpatieke oor vir hulle probleme gehad en sou dit sonder veel aansporing in die parlement opneem.

## 7.4 Krugerwildtuin

In *No outspan* meld Reitz bitter min oor sy aktiwiteite gedurende 1928 en die enigste aspek waaraan hy enigsins aandag gee, was sy werksaamhede in die Krugerwildtuin. Met sy eerste besoek aan die wildtuin in dié jaar was daar reeds goeie vordering gemaak met die oopstelling van die park en was dit besig om vorm aan te neem onder die beheer van kol. James Stevenson-Hamilton en die ander bewaarders. Paaie en toeriste kampe was in aanbou en die gebied tussen die Krokodil- en Olifantsriviere was al vir die publiek toeganklik. Die Nasionale Parkeraad was egter ook angstig om die onbekende Shingwedzi-gebied oop te stel en Reitz se besoek was daarop gerig om 'n plek te gaan soek waar 'n brug oor die Olifantsrivier gebou kon

[83] SANW Dokumentasiediens, DC55245, 2, Questions asked in the house – Session 1925.
[84] SANW Dokumentasiediens, CGS 389/28/5, Questions asked in Parliament: 1928: Potchefstroom Vaalrivier Commando, by Col. Reitz.

word. Na ‘n lang maar rustige soektog het hy ‘n geskikte kruising gevind. Paul Selby het later ‘n pont vir die kruising ontwerp en gebou.[85]

Vanweë klagtes oor vliegtuie wat oor die wildtuin vlieg en die diere op loop jaag, het die Parkeraad in 1928 ‘n eksperiment gedoen om die effek van laag vlieënde vliegtuie op diere te bepaal. Reitz het ook aan die proefneming, wat met behulp van drie Wapiti-vliegtuie van die Unie-Verdedigingsmag uitgevoer is, deelgeneem. Sy loods was sir Pierre van Ryneveld, die hoof van die Suid-Afrikaanse lugmag. Genl. Tanner, onder wie Reitz in Frankryk tydens die Eerste Wêreldoorlog gedien het, was ‘n passasier op een van die ander vliegtuie. Hulle het kruis en dwars, op ‘n lae hoogte, oor olifante, kameelperde en ander diere gevlieg om die diere se reaksie op vliegtuie te bepaal. Volgens Reitz het dit voorgekom asof die diere deur die geraas verwar is en hulle het wild rondgemaal. Sommige troppe het so waansinnig op loop gegaan dat hy nie gedink het hulle sou stop voordat hulle Portugese gebied bereik het nie. Selfs krokodille op sandbanke het bollemakiesies gemaak in hulle haas om die veiligheid van die water te bereik. Die uiteinde van dié eksperiment was egter dat Reitz-hulle waardevolle inligting kon insamel en dat dit die Raad genoegsame skietgoed gegee het om regulasies oor vlieg oor die wildtuin op te stel.[86]

In ‘n poging om die welwillendheid van genl. Hertzog te kry, het die Raad hom in dieselfde jaar genooi om die Krugerwildtuin te besoek. Reitz sou een van sy gashere wees, iets wat aanvanklik vir hom moeilik was, aangesien hy en Hertzog reeds sedert 1912 nie met mekaar gepraat nie. Reitz skryf dit daaraan toe dat Hertzog vanselfsprekend aangeneem het dat Reitz hom sou ondersteun. Hy was na alles die seun van ‘n voormalige republikeinse president wat tydens die Anglo-Boereoorlog aangehou veg en later geweier het om die eed van getrouheid teenoor Brittanje af te lê. Teen 1912 het hy, Reitz, egter reeds tot ander insigte gekom en die “...evils of overdone race worship...” begin verstaan en het hy die beleide van Botha en Smuts

[85] D. Reitz, *No outspan*, pp. 141-142.
[86] *Ibid.*, pp. 143-144.

ondersteun. Hertzog het hom glo nooit hiervoor vergewe nie en Reitz het hom deur al die jare teengestaan.[87]

In die neutrale omstandighede van die Krugerwildtuin moes die twee egter saamwerk en alhoewel Reitz hom vreemd gevind het, moes hy toegee dat Hertzog 'n sjarmante en beleefde gas was. Hy het Hertzog in 'n ander lig begin beskou en het erken dat hy hom as gevolg van hulle politieke verskille dalk te sterk veroordeel het. Reitz regverdig sy gedrag deur te meld dat hy nog altyd geglo het in vriendskap met Brittanje en dat hy gehoop het dat dit moontlik sou wees om binne die beperkinge van die Britse Ryk 'n nasie op te bou uit die Engels- en Afrikaanssprekende mense van die land. Hy was van mening dat Hertzog 'n eng rassehater met 'n diep weersin in Engelse burgers was. Hulle gesprekke het hom egter laat besef dat alhoewel Hertzog 'n oordrewe Afrikanerkompleks gehad het, hy 'n opregte strewe na samewerking en rassevrede in Suid-Afrika gehad het. Reitz het Hertzog as onlogies en ietwat deurmekaar beskou, maar hy het tydens die reis 'n sy van Hertzog se karakter gesien wat hom minder vyandig gemaak het. Die uiteinde van die besoek was dat die Parkeraad in hulle doel geslaag het. Hertzog was beïndruk met wat hy gesien het en die Raad het daarna nooit enige probleme gehad het om genoegsame fondse vir die Krugerwildtuin by die regering te kry nie.[88]

## *7.5 Die algemene verkiesing van 1929*

Die Pakt-regering se parlementêre termyn van vyf jaar sou in Maart 1929 verstryk en dit het 'n algemene verkiesing vereis - 'n verkiesing wat Hertzog met groot vertroue en 'n lys van prestasies van wat in die voorafgaande vyf jaar behaal is, kon tegemoetgaan. Nie alleen is stappe gedoen om groter ekonomiese welvaart en finansiële sekuriteit te verseker nie, maar maatreëls om wit werkers in die nywerheidswese te beskerm, die Kleurslagboomwet,

---

[87] D. Reitz, *No outspan*, p. 145.
[88] *Ibid.*, pp. 145-146.

die Naturelle Administrasiewet en ander wette is ingestel. Yskor het tot stand gekom. Die Nasionaliteits- en Vlagwet is aangeneem, Afrikaans is as amptelike taal erken en die Unie se status is verander na die Rykskonferensie van 1926[89] - alles prestasies wat op ‘n goeie voorafgaande vyf jaar gedui het.

Om dubbel van hulle oorwinning seker te maak, het die regering egter nie net hulle verkiesingsprogram op hulle uitstekende rekord gebaseer nie, maar ook op hulle beleid om die rassekwessie op te los. Hulle het beweer dat Smuts en die S.A.P. die wit beskawing bedreig, aangesien hulle voorstanders van gelykheid tussen wit en swart was - ‘n stelling wat nie waar was nie. Die S.A.P. het ook in wit oppergesag geglo, maar hulle boodskap was heelwat minder eenvoudig en emosioneel as dié van die N.P. Om hulle standpunt oor die S.A.P. te regverdig, het die N.P. op ‘n toespraak waarin Smuts oor ‘n Britse federasie van state gepraat het, ‘n dominium wat dwarsdeur Afrika sou strek, gefokus. Hulle het beweer dat Smuts ‘n staat daar wou stel waar ‘n klein minderheid wittes deur ‘n oormag swartes verswelg sou word. Die kiesers is voor ‘n keuse gestel: die voortbestaan van wit Suid-Afrika teenoor ‘n swart staat waarin hulle kinders geen kans sou staan nie.[90]

Reitz, wat sedert 1922 Port Elizabeth Sentraal in die parlement verteenwoordig het, het in 1929 ‘n aanbod ontvang wat hy nie kon weerstaan nie: hy is versoek om homself in Barberton, ‘n Nasionalistiese vesting, vir verkiesing beskikbaar te stel. Reitz se kennis van die omgewing en sy mense het hom oortuig dat dit tyd was om die Nasionaliste in dié kiesafdeling die stryd aan te sê. Dat die Krugerwildtuin deel van die gebied gevorm het, het sy besluit makliker gemaak en hy het, volgens homself ietwat ondankbaar, vir Port Elizabeth totsiens gesê en homself voorberei vir die inval in die nuwe gebied.[91]

Alhoewel die S.A.P. se vooruitsigte nie goed was nie, het Reitz aktief aan dié verkiesing deelgeneem. Hy het Suid-Afrika deurkruis om sy kollegas te help,

[89] B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 152.
[90] J. Barber, *South Africa in the Twentieth Century*, p. 104.
[91] D. Reitz, *No outspan*, p. 147.

net om met tussenposes na sy eie distrik terug te keer om stemme daar te werf. Hy beskryf die Laeveld se berge, woude en riviere as ‘n pragtige omgewing, maar ‘n uiters moeilike plek om ‘n verkiesingstryd te voer. Die natuur het die Laeveld in ‘n groot hoeveelheid waterdigte kompartemente verdeel en hy moes meermale te voet of te perd reis om by afgesonderde valleie, geïsoleerde mynkampe en afgeleë bosbounedersettings uit te kom. Hy het geswerf van die Kamshlobaan hoogtes wat op Swaziland uitkyk tot by Komatipoort aan die Portugese grens en van die hellings van die Drakensberg tot by Tzaneen in die noorde. Hy het plakkers en boere op hulle plase en klein gemeenskappies wat tussen die riviere weggesteek was, besoek. Hy het te doen gehad met eietydse en moderne vrugteplase aan die een kant en verspreide groepe in die berge wat steeds dieselfde lewenstyl as 30 jaar vantevore gehandhaaf het. Dit was ‘n uitputtende roetine wat sy tol geëis het.[92]

Tydens dié verkiesing het hy uitgevind dat sy lidmaatskap van die Parkeraad hom eerder tot nadeel as voordeel gestrek het. In een stadium, toe hy ‘n toespraak onder ‘n boom op die oewer van die Krokodilrivier gelewer het, het ‘n ou boer aan hom gesê dat seekoeie vanuit die Krugerwildtuin die vorige aand sy plaas ingeval het en £200 se tamaties verorber het. Hy het aan Reitz gesê dat as hy nie beter gaan omsien na die diere in sy sorg nie, hy en sy bure teen Reitz sou stem. Tydens ‘n ander geleentheid is een van sy toesprake onderbreek deur ‘n veewagter wat die nuus gebring het dat een van sy eienaar se bulle deur ‘n krokodil gevang is. Die skuld hiervoor is ook op Reitz se skouers geplaas.[93]

Die unieke omstandighede van die gebied waarin hy stemme probeer werf het, het aan Reitz genoegsame materiaal verskaf om sy toesprake op te kikker. So het hy byvoorbeeld op Barberton ‘n storie vertel van hoe hy vroeër daardie dag in ‘n leeu vasgery het. Hy het aan die gehoor vertel dat dit sy eerste terugslag was, maar dat aangesien die leeu nie op die kieserslyste

[92] D. Reitz, *No outspan*, pp. 147-148.
[93] *Ibid.*, p. 148.

was nie, hy nie gestop het om met hom te argumenteer nie. Vir die Boere wat in die berge gebly het en steeds in die verlede gelewe het, moes hy terugval na sy betrokkenheid by die Anglo-Boereoorlog. In beide gevalle het sy benadering die knoop vir hom deurgehaak.[94]

Die normale politieke retoriek tussen die N.P. en S.A.P. het egter nie agterweë gebly nie. Op 22 Maart 1929 het Reitz in 'n Volksraadsdebat gesê dat die S.A.P. steeds die beginsels volg wat Louis Botha in 1911 neergelê het en dat hulle poog om mense by mekaar te hou ongeag ras, taal of oorsprong. Hy was trots op die samestelling van die S.A.P.: Joods en nie-Joods, ryk en arm, Afrikaans en Engels. Volgens hom het hy die gematigdes en nie noodwendig Afrikaanssprekendes verteenwoordig nie. Tydens sy toespraak het hy verwys na 'n beskuldiging van dr. H.D. Van Broekhuizen, Volksraadslid van Pretoria-Suid, dat hy (Reitz) vir Afrikaners stink omdat hy hulle verraai het. Sy teenargument was dat hy by die Afrikaner gestaan het in donker dae terwyl Van Broekhuizen oorsee was. Volgens hom was dit nie die man met 'n beperkte visie wat vir die Afrikaner voordeel inhou nie. Hy het ook nie omgegee om name genoem te word omdat hy 'n breër visie van Suid-Afrikaanse patriotisme gehad het as die lede van die N.P. nie. Hy was bereid om daarby te staan omdat dit die regte beskouing van Suid-Afrikaanse patriotisme was. Die N.P. het 'n Unionis as 'n vyand beskou bloot omdat hy 'n Engelssprekende Suid-Afrikaner was. Reitz se visie van die toekoms was een waarin niemand sou vra of 'n persoon Engels of Afrikaans was nie, maar eenvoudig of hy 'n Suid-Afrikaner was. Volgens Reitz was dit 'n geloof eerder as 'n politieke beleid en het hy die voorafgaande 17 jaar daarvoor gestry en gewerk.[95]

Teen die einde van die verkiesing was Reitz fisies uitgeput, maar hy het sukses behaal en is verkies as lid van die parlement vir die Laeveld. Met die res van die S.A.P. het dit nie so goed gegaan nie en die Nasionale Party is met 'n groot meerderheid tot die regering herkies. Volgens Reitz was sy

[94] D. Reitz, *No outspan*, pp. 148-149.

[95] SAB, SRP1/3/28, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Sixth Session, Fifth Parliament, 25th January to 27th March 1929, vol 12., 22/03/1929, kol. 1649-1651.

oorwinning die enigste ligpunt, aangesien dit die enigste setel was wat hulle in die hele Unie by die N.P. kon wen.[96] Reitz se beskrywing van die verkiesing word met 'n humoristiese staaltjie afgesluit. Die dag na die verkiesing het hy in 'n trein in Pretoriastasie gesit toe hy hoor hoe twee kruiers die verkiesing bespreek. Hulle het in Afrikaans gepraat en was duidelik Nasionaliste. Die een het glo vir die ander een gesê: "Yes, we have won the election, but the only pity is that 'daardie bogger' Colonel Reitz is back in Parliament again."[97]

Met die dat Reitz as lid vir die parlement vir die Laeveld verkies is, het hy 'n stap geneem waaroor hy nooit spyt was nie, naamlik om 'n stuk grond met die naam Sandringham in die Pelgrimsrus-omgewing te koop. 'n Groot hoeveelheid wild het op die plaas voorgekom, onder meer elande, swartwitpense, sebras, koedoes, wildebeeste, waterbokke en leeus. Vir Reitz was die toppunt van dit alles dat daar selfs 'n gedeelte van die Shangaanstam, met hulle eie hoofman en 'n toordokter, op die plaas gebly het. Hy beskryf hulle as nog baie barbaars en gewapen met assegaaie. Hulle was egter aan hom trou verskuldig omdat hy die grond besit het en hy het homself as 'n tipe leenheer beskou met 'n troep soldate tot sy beskikking.[98] Volgens Reitz het hy dié aankoop nie net vir homself gedoen nie, maar ook vir sy twee seuns. Jan was agt en Michael vyf en hy wou gehad het hulle moes die prag van die Laeveld leer ken, leer jag en leer om op hulle self aangewese te wees en hoe om vuurwapens te hanteer. Die gevolg was dat hulle dit van daardie jaar af aan elke jaar besoek het.[99] Vir Reitz het Sandringham 'n toevlugsoord weg van al sy politieke probleme geword.[100]

---

[96] Hierdie stelling van Reitz is verkeerd aangesien die S.A.P. ook die Pretoria-Sentraal setel by die N.P. in die Transvaal afgeneem het. B.M. Schoeman, *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976*, p. 154.
[97] D. Reitz, *No outspan*, p. 149.
[98] D. Reitz, *No outspan*, p. 149; TAB 5697/44. Boedel van Deneys Reitz.
[99] D. Reitz, *No outspan*, p. 150.
[100] *Ibid.*, p. 157.

## 7.6 Publikasie van *Commando*

Op die persoonlike front het 1929 'n ander mylpaal vir Reitz opgelewer, naamlik die publikasie van sy eerste boek, *Commando: A Boer journal of the Boer war*. Die werk was 'n geredigeerde weergawe van 'n manuskrip, Herinneringen van 1899-1902, wat Reitz in 1903 as 21-jarige, terwyl hy as transportryer in Madagaskar gewerk het, geskryf het. Met die skryf van *Commando* amper 30 jaar na Herinneringen van 1899-1902 het hy twee groot voordele gehad: perspektief en ondervinding. Hy het toe reeds aan die Eerste Wêreldoorlog deelgeneem, hy was 'n kabinetslid en lid van die parlement en sy Engels was uitstekend. Die gevolg is dat *Commando* 'n gesofistikeerde en vloeiende verslag van die Anglo-Boereoorlog is. In teenstelling hiermee is Herinneringen van 1899-1902 'n eenvoudige verhaal van 'n jong bittereinder - 'n eerste poging wat in duidelike en kleurvolle "Hollands" geskryf is. In die manuskrip, wat so gou na die oorlog geskryf is, is Reitz se onthou van sy ervaringe baie helder en sy stories weerspieël sy emosies.

Die grootste verskil tussen die manuskrip en *Commando* is die donker prentjie wat die manuskrip gee van die Britse gedrag gedurende die oorlog – gewoonlik vergesel van bitsige of kwetsende kommentaar – en van die ontberinge wat die kommando's en die burgerlikes, oud en jonk, vrouens en kinders, bereid was om deur te maak vir hulle onafhanklikheid. So skryf hy byvoorbeeld dat dit vir hom gelyk het asof Kitchener 'n kêrel was wat te veel in die bottel gekyk het – sy gesig was rooi en hy het swaar sakke onder sy oë gehad.[101]

*Commando* beskryf dieselfde avonture as die manuskrip, maar in 'n veel meer selfbeheerste en gepoleerde manier.[102] *Commando* het 'n beplande afsydigheid met emosies wat totaal en al onder beheer is. Die tydperk waarbinne *Commando* gepubliseer is en die manier waarin dit geskryf is, laat die vraag ontstaan of dié werk nie dalk 'n doelbewuste poging tot rekonsiliasie

---

[101] Brenthurstbiblioteek, MS196/1/2/3, vol. 9, Deneys Reitz, Herinneringen van 1899-1902, p. 951.
[102] C.J. Barnard, Memo aan Brenthurstbiblioteek re die publisering van D Reitz se Herinneringen van den Engelschen Oorlog 1899-1902, 17/10/1997.

tussen Boer en Brit was nie, aangesien Reitz 'n uiters rekonsiliërende posisie inneem deur nie die Britte af te kraak as barbaars in hulle optrede nie. Sy politieke standpunte in ag geneem, is dit waarskynlik 'n korrekte aanname.

Die publikasie van *Commando* toon weer eens Reitz se voortvarendheid. Jan Smuts het die voorwoord daarvan geskryf en alhoewel Reitz hom hartlik daarvoor bedank het, was hy parmantig genoeg om dele daarvan te verander. Dit is nie duidelik presies wat nie, maar volgens hom was dit slegs 'n paar onbelangrike kleinighede.[103] Die boek is egter goed ontvang en Smuts het aan sy vrou geskryf dat dit oral waar hy kom, geloof word.[104] Reitz se veranderinge is dus gelukkig nie in 'n slegte gees opgeneem nie.

Alhoewel *Commando* die eerste volwaardige boek was Reitz gepubliseer het, was dit nie die eerste keer wat hy ink op papier geplaas het nie. In Oktober 1925 het die *Encyclopedia Britannica* Smuts versoek om twee artikels vir hulle te skryf: een oor die geskiedenis van Suid-Afrika sedert 1911 en die tweede 'n kort biografie oor Louis Botha. Smuts het hierdie versoek na Reitz verwys en hy het dit, onder Smuts se toesig, aanvaar.[105] Wat die gebeurtenis interessant maak, is dat die redakteur van die *Encyclopedia Britannica* Smuts versoek het dat sy voorletters saam met dié van Reitz as outeur by die artikels moet verskyn. Sy argument was dat die artikels van veel groter waarde beskou sou word as die lesers gedink het dat Smuts dit geskryf het.[106] Smuts het egter verkies dat sy naam uit beide artikels gehou word, aangesien hy bang was dat sy noue betrokkenheid by die gebeure in Suid-Afrika deur die voorafgaande 15 jaar tot groot kritiek sou lei. Hy was egter bereid om aan sy "...close personal friend..." Reitz al die ondersteuning te gee wat hy nodig gehad het.[107]

---

[103] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 226, privaat briewe 1929 (H-R), nos. 1–187 (172), D. Reitz – J.C. Smuts, 29/08/1929.

[104] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 227, privaat briewe 1929 (S-Y), nos. 1–186 (86), J.C. Smuts – S.M. Smuts, 04/12/1929.

[105] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 216, privaat briewe 1925 (F-W), nos. 1–255 (131), D. Reitz – J.C. Smuts, 02/10/1925.

[106] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 216, privaat briewe 1925 (F-W), nos. 1–255 (132), Hoofredakteur van Encyclopedia Britannica – J.C. Smuts, 09/10/1925.

[107] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 218, privaat briewe 1925 (JCS-Z), nos. 1–382 (218), J.C. Smuts - Encyclopedia Britannica, 10/1925.

Reitz se vermoëns as skrywer is deur ander raakgesien en in Junie 1944 rig L.S. Amery, skrywer van die *Times History of the War*, 'n versoek aan Jan Smuts om te help om *Grey Steel*, 'n biografie van Smuts deur H.G. Armstrong, op te dateer. In sy skrywe versoek hy onder meer dat 'n opsomming van die laaste klompie jare in Suid-Afrika gedoen moet word en dat Reitz dit moes doen. Amery was van mening dat Reitz dit beter sou kon doen as enige iemand anders.[108] Reitz was egter nie hierin geïnteresseerd nie en Smuts het sy standpunt ondersteun. Sy advies aan Amery was om die saak eerder daar te laat, aangesien die boek te veel regstellings sou vereis.[109]

## *7.7 Die vroeë 1930's*

Indien Reitz se beskrywing van 1930 in *No outspan* geglo kan word, was dit maar 'n dooierige jaar. Hy vertel hoe die Sappe die Natte in die parlement aangevat het, maar kan nie onthou wat die besprekingspunte was nie. Slegs dat hy gretig daaraan deelgeneem het.[110] As daar egter na die Volksraadsdebatte van dié jaar gekyk word, is daar twee debatte wat uitstaan. Die eerste hiervan was 'n aanval van Reitz op die regering oor hulle beleid ten opsigte van swartmense.

Reitz beskryf homself as iemand wat nie 'n besondere voorliefde vir of 'n stroperige sentimentaliteit oor swartmense gehad het nie. Hy het groot geword in die republikeinse dae en het die ou swarte as 'n ordentlike en eerlike tipe van kêrel beskou. Hy was egter van mening dat swartmense nie regverdig behandel word nie. Die regering het deur middel van sy wetgewing en toesprake 'n atmosfeer geskep waarin die swarte in 'n vyand en vreemdeling verander is. Hierdie klimaat wat geskep is, was volgens Reitz verkeerd. Hy het die indruk gehad dat die N.P. dink dat swartes diere was.

[108] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 262, privaat briewe 1944 (A-H), nos. 1- 215 (19) L.S. Amery – J.C. Smuts, 05/06/1944.
[109] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 264, privaat briewe 1944 (JCS-Z), nos. 1–328 (77), J.C. Smuts - L.S. Amery, 19/06/1944.
[110] D. Reitz, *No outspan*, p. 158.

Alles wat hulle gedoen het, het vyandigheid veroorsaak, in plaas daarvan dat hulle besef het dat swartes, ongeag van wat hulle belemmer het, burgers van Suid-Afrika was. Volgens Reitz sou swartmense nooit op sosiale, intellektuele of politieke gebied witmense se gelyke wees nie. Maar hoe meer hy hulle mindere is, soveel te meer was dit witmense se plig om hulle ‘n gelyke kans te gee. Al die wette wat deur die regering uitgevaardig is, was onderdrukkend en mens kon nie ‘n gedeelte van die bevolking onderdruk vir enige tyd sonder om teenstand te verwag nie.[111] Swartmense was besig om te leer dat witmense nie hulle vriende was nie, maar hulle tronkbewaarders en onderdrukkers. Volgens hom was hulle besig om op ‘n dag van wraak af te stuur.[112]

‘n Tweede onderwerp waaroor Reitz hom redelik heftig uitgespreek het, was moontlike afskeiding van die Statebond. Op 20 Mei 1930 het hy verklaar dat enige sprake van afskeiding van die Statebond hom nie aanstaan nie. Hy was van mening dat, alhoewel daar geen bedoeling was om dit te doen nie, wanneer die ongelukkige tyd sou kom dat die meerderheid van die mense in die land wel sou wou afskei, daar geen wette, geen Volkebond of konferensies, sou wees wat dit sou verhoed nie. Hy was ook van mening dat daar geen spesifieke waarde aan die woord “republiek” was nie. Hy het geglo dat solank as wat die mense van Suid-Afrika vry was, dit nie saak gemaak het of die land ‘n Unie, ‘n ryk of ‘n sowjet genoem is nie. Vryheid is ‘n toestand, nie ‘n naam nie. Daar was egter nie iets soos totale vryheid nie, aangesien dit sy eie verantwoordelikhede gebring het.[113]

Gebeurtenisse wat wel genoeg indruk op hom gemaak het om in *No outspan* neergepen te word, was ‘n middagete saam met die prins van Wallis

[111] SAB, SRP1/3/33, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Sixth Parliament, 30th January to 6th June 1931, vol. 17 (13th April to 6th June 1931), 07/04/1930, kol. 2851-2852.
[112] SAB, SRP1/3/33, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Sixth Parliament, 30th January to 6th June 1931, vol. 17 (13th April to 6th June 1931), 01/05/1930, kol. 3583.
[113] SAB, SRP1/3/33, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Sixth Parliament, 30th January to 6th June 1931, vol. 17 (13th April to 6th June 1931), 20/05/1930, kol. 4472-4473.

waartydens hulle *Commando* bespreek het. Veel belangriker egter was ‘n middagete afspraak saam met die skrywer George Bernard Shaw waarvan hy vergeet het omdat hy gaan swem het. Shaw het nie ‘n tweede uitnodiging aan hom gerig nie. Verder is sy tyd aan sy privaatsake gewy, hy het toesprake by verskeie politieke vergaderings in die platteland gelewer, so af en toe sy kiesafdeling gaan besoek en, uit liefde vir die werk wat hulle daar gedoen het, so veel as moontlik besoek aan die Krugerwildtuin gaan aflê.[114]

Een so ‘n besoek het hy in die teenwoordigheid van Oswald Pirow, die Nasionaliste se Minister van Justisie, afgelê. Alhoewel hulle geswore politieke vyande was, het hulle albei op die Parkeraad gedien en was hulle as gevolg van hulle gemeenskaplike belangstelling in die Laeveld op ‘n persoonlike vlak vriende. Met dié besoek het ‘n groep bobbejane hulle in ‘n stadium genader en aangesien die Krugerwildtuin in Reitz se kiesafdeling geval het, het Pirow opgemerk dat dit van Reitz se kiesers was wat gekom het om hulle lid van die parlement te groet. Reitz se antwoord hierop was dat indien die bobbejane vir hom gestem het, hulle heelwat meer intelligensie getoon het as die mense wat vir Pirow gestem het[115] - ‘n goedige geskerts wat heel gelate deur hulle albei aanvaar is.

‘n Staaltjie wat Pirow na aanleiding van ‘n besoek aan Rusland aan Reitz vertel het, is egter nie so gemoedelik deur hom aanvaar nie. Volgens Pirow het hy aan sy Russiese gids gesê dat dit goed was om ‘n parlementêre opposisie te hê. In antwoord daarop het die gids aan hom 500 vars grafte gewys en gesê dat dit die Russiese opposisie was. Pirow het gedink dat dit ‘n goeie manier was om die opposisie te hanteer, maar Reitz, ‘n lid van die Suid-Afrikaanse opposisie, het dit nie amusant gevind nie.[116]

In November 1930 het Reitz ‘n praatjie oor wêreldvrede by ‘n Goodwill Club Middagete in Johannesburg gelewer. Hy het dit gedoen uit die oogpunt van die “gewone burger” wat, in die geval van oorlog, sy seun en dié se seuns na

[114] D. Reitz, *No outspan*, p. 158.
[115] *Ibid.*, pp. 158-159.
[116] *Ibid.*, p. 159.

die slagveld sou stuur. Hy het geglo dat daar nie 'n beskaafde man of vrou was wat nie die Wêreldhof vir Arbitrasie sou ondersteun nie, maar dat daar 'n groot verskil tussen die teorie en praktyk was. Die idee van 'n broederskap van nasies was utopies. In daardie stadium was elke nasie behep met 'n nasionaliteitskompleks, 'n verhewe beeld van nasionalisme. Dié obsessie was 'n erger tragedie as die godsdienstige dwepery van die Middeleeue. So lank as wat mense hulleself aanbid het in hulle eie nasie en dit beskou het as 'n deug om hulleself op te hemel ten koste van ander nasies, was almal in gevaar. Niemand was beter af as gevolg van die jingoïsme wat een nasie bo 'n ander verhef nie. Genl. Smuts was optimisties oor die Statebond. Reitz het homself egter as 'n optimistiese pessimis beskryf. Hy het nie geglo dat al die nasies van die wêreld soos 'n lam en 'n leeu langs mekaar sou kon lê nie. Hy het nie gedink dat universele broederskap ooit bereik sou word nie, maar hy was van mening dat daar 'n verbond kon wees wat wêreldvrede, met die uitsondering van enkele gelokaliseerde oorloë, sou kon instel. Dit sou die naaste benadering tot idealisme in hulle tyd wees. 'n Verbond tussen die Statebond en die Verenigde State sou die mees stabiele element in 'n veranderende wêreld wees en as hulle ondergaan, sou die Westerse beskawing te gronde gaan. As 'n wêreld volkebond onmoontlik sou wees, sou 'n kleiner volkebond praktiese politiek wees en wanneer dit ontstaan het, sou ander lande daarby aansluit en dit sou sterk genoeg wees om oorlog te beperk. Die doktrine van arbitrasie was besig om te groei en selfs in hulle tyd was daar baie bloedlose rewolusies. Noorweë en Swede is uitmekaar sonder 'n geveg en veranderinge het plaasgevind in Italië, Duitsland, Spanje, Oostenryk en Argentinië sonder die groot slagting wat in vroeëre jare sou plaasgevind het.[117]

Tussen dit alles deur het Reitz ook nog met sy werksaamhede as prokureur voortgegaan. Sedert Oktober 1926 was hy 'n kurator bonis van 'n sielsieke, William Edward Horter. In 1930 is hy egter van die taak onthef op voorwaarde

[117] *The Cape Times*, 11/11/1930, "This frenzied jingoism." Col. Reitz on "idolatry of nationality." Menace to world peace. "Arbitration doctrine growing", p. 9.

dat Horter 'n besigheid in sy naam registreer en dat Reitz, as prokureur van dié maatskappy, een aandeel daarin kry.[118]

Reitz se beskrywing van sy doen en late in 1931 is nog skrapser as dié van 1930. Hy was aktief in die politieke weë van die land en het die Krugerwildtuin redelik gereeld besoek, 'n paar keer as gids vir buitelandse besoekers. Oor die parlementsitting in Kaapstad meld hy ook nie veel nie, maar in sy dagboek was daar klaarblyklik heelwat inskrywings wat verband gehou het met visvang in Valsbaai.[119] Volgens Reitz het hy, teen die tyd wat *No outspan* gepubliseer is, reeds vir sowat 20 jaar in Valsbaai visgevang, altyd tydens parlementsittings.[120] Valsbaai het, soos Sandringham, vir hom 'n skuilplek geword van sy politieke omstandighede.[121]

In sy politieke werksaamhede het hy nie veel vriende onder sy teenstanders gemaak nie. Op sy normale "taktvolle" manier het hy 'n politieke vergadering in die Noord-Vrystaat met 'n swak beplande grappie tot 'n einde gebring. Die meerderheid van sy gehoor was Nasionaliste en hy het aan hulle gesê dat die N.P. 'n onredelike houding gehad het. Ongeag wat gedoen is, was hulle altyd ontevrede. Om sy punt te illustreer het hy die storie vertel van 'n man wat 'n Ierse terriër gekoop het. Die eerste nag het hy die hond in die kombuis toegesluit waar dit die hele nag aan die deur gekrap en gesit en huil het om te kan uitgaan. Die volgende nag het hy die hond buite laat slaap, maar dit het die hele nag aan die deur gekrap en gesit en huil om te kan inkom. Die derde nag het hy die deur oopgelos en aan die hond gesê hy kon doen wat hy wou, of binne bly of uitgaan. Dit het egter die hele nag op die drumpel gesit en tjank. Toe Reitz aan sy gehoor sê dat die N.P. hom aan dié hond herinner het, het hulle sy platform bestorm en 'n ope geveg en algemene oproer het uitgebreek.[122]

---

[118] TAB, WLD, 520/1930, Petition by James David Low and Deneys Reitz in their capacity as curators bonis of the mental patient William Edward Hortor.
[119] D. Reitz, *No outspan*, pp. 160-162.
[120] *Ibid.*, p. 162.
[121] *Ibid.*, p. 166.
[122] *Ibid.*, pp. 160-161.

Op 18 September van dieselfde jaar is Reitz vir 'n verder periode van vyf jaar as lid van die Nasionale Parkeraad aangestel.[123]

## 7.8 Die taalkwessie

Reeds sedert die Nasionale Party se bewindsoorname in 1924 het dié party daarna gestreef om die Afrikaner se kultuur te bevorder. Een van die sake waaraan baie aandag gegee is, was om Afrikaans tot 'n ampstaal te verhef - 'n doel wat op 8 Mei 1925 behaal is toe artikel 137 van die Unie grondwet op 'n gesamentlike sitting van die Senaat en die Volksraad gewysig is om Afrikaans 'n amptelike landstaal te maak.[124] Die stryd oor die taal het egter nooit werklik gaan lê nie en die redes hiervoor kan waarskynlik gevind word in die stryd tussen Nasionalisme en Imperialisme.

In 1931 het Reitz gesê dat indien hy sy mening oor die taalkwessie sou uitspreek die opposisie hom waarskynlik 'n verraaier sou noem. Hy het verklaar dat hy geen gevoel oor enige taal gehad het nie en dat taal vir hom bloot 'n manier was om sy gedagtes oor te dra in watter medium hom ook al pas. Hy het gevolglik gewens dat daar slegs een taal in die wêreld was, aangesien die wêreld 'n beter, gelukkiger en vreedsamer plek sou gewees het as die vloek van Babel, met sy baie tale, nie op hom was nie. Hy het ook beweer dat die N.P. nie taktvol en verstandig met die taalkwessie te werk gegaan het nie.[125]

Volgens hom het die Nasionale Party die hele taalkwessie verkeerd benader en gehanteer. Onder die S.A.P. het die Unie in 'n tweetalige land begin ontwikkel, maar onder die N.P. was dit 'n lopende seer. Hy verwys na homself

---

[123] SAB, URU, 1250, 3365-3449, minuut nr. 3397, Heraanstelling van Deneys Reitz as lid van die Nasionale Parke Raad van Trustees, 24/11/1931.

[124] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1924-1939 VII*, pp. 148-149.

[125] SAB, SRP1/3/33, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Sixth Parliament, 30th January to 6th June 1931, vol. 17 (13th April to 6th June 1931), 20/04/1931, kol. 2652.

as ‘n “Dutch-speaking Afrikaner” wat seergemaak was daardeur dat baie Engelssprekende burgers, wat aanvanklik trots was om Afrikaans te praat, die taal begin haat het. Die Uniegrondwet het bepaal dat daar twee amptelike tale was en dat burgers die een kon praat wat hulle wou. Die N.P. het egter Afrikaans probeer versprei deur dit in mense se kele af te druk. Die gevolg was dat mense in Natal die taal gehaat het as gevolg van die onregverdige en onedelmoedige wyse waarop dit op hulle afgedwing is. Volgens Reitz het die taktlose hantering van taal in Suid-Afrika geweldige skade aangerig. Hy het beklemtoon dat Afrikaans sy taal was en dat hy die eerste persoon sou wees wat protesteer indien daar pogings was om met die regte van Afrikaans in te meng. Hy wou egter ook nie sien dat daar pogings aangewend word om die burgers van die land se gedagtes te vergiftig nie. Alhoewel Afrikaans en Engels die twee amptelike tale van die land was, was daar geen taal in die land wat so bruikbaar en aanpasbaar was as Afrikaans nie. Wanneer hy met sy kinders in die veld op sy plaas gestap het, het hy met hulle Afrikaans gepraat. Wanneer hulle egter medies of ingenieurswese moes studeer, sou hy toesien dat hulle dit doen in die taal van die land waarnatoe hy hulle stuur. Die twee tale moes as aanvullend tot mekaar gebruik word. In sy eie sfeer is Afrikaans ongeëwenaar, maar dit het nie ‘n wetenskaplike woordeskat gehad nie en was nie buigbaar genoeg in die sakewêreld nie. Daar was ook geen groter leuen as “die taal maak die volk” nie. Die teenoorgestelde was waar. ‘n Groot nasie maak ‘n groot taal. Nie andersom nie.

Groot kritiek is op hierdie toespraak van Reitz gelewer en sy voorspelling dat die regering “...may think I am a heretic”, het waar geword. Die Minister van Lande, Piet Grobler, het gereageer dat hulle al daaraan gewoond geraak het dat Reitz met bitterheid teenoor hulle praat. “There is not a single English speaking hon. member opposite who insults us as much as is done by the hatefullness and insults thrown at his fellow Afrikaners by the member from Barberton.” Grobler het verder van Reitz gesê dat “...he is capable, I do not want to deny it, but he has a very bitter way with him which does more harm than good. I repeat that he has insulted his fellow Afrikaans-speaking people

more than English-speaking people." Grobler het Reitz ook gemaan om meer broederlik teenoor sy eie mense op te tree.[126]

Reitz herhaal hierdie standpunte van hom in 'n brief aan die Handhawersbond op 27 September 1932. Hy skryf aan die Bond dat taaldwepery die Afrikaanse taal veel meer skade aandoen as goed. Daar was 'n tyd wat Engelssprekende Suid-Afrikaners trots en bereid was om Afrikaans te praat. Danksy die optrede van oordrewe taalpropaganda het hulle egter begin om Afrikaans te haat en dit het alle pogings om die land deur middel van natuurlike evolusie 'n tweetalige land te maak, 20 jaar teruggesit. 'n Taal word nie opgebou deur propaganda nie maar deur innerlike krag en ook deur die waarde van sy literatuur. 'n Taal maak nie 'n volk nie, 'n volk maak 'n taal. Volgens Reitz het hy gesien hoe hulle ras verarm en veragter. Hoe meer hulle agteruitgegaan het, hoe meer het hulle oor hulle ras en volk gepraat en in plaas daarvan om te woel en te werskaf en vorentoe te gaan, is hulle vinnig tot armblankeskap gedryf. Hy was siek en sat van die goedkoop sentiment oor ware en opregte Afrikaners terwyl hulle die afgrond toegesnel het. Sy idee van 'n opregte Afrikaner was 'n man wat minder praat oor ware Afrikaners en meer doen om die land tot materiële welvaart te verhef. Hy was van mening dat die Handhawersbond Artikel 137 van die grondwet verkeerd vertolk het. Dit het aan elke persoon die reg gegee om enige van die twee amptelike tale te praat waar en wanneer hulle wou, maar dit het nie 'n man die reg gegee om te eis dat 'n ander man een of die ander moet praat nie. Niemand het die reg om 'n taal aan 'n ander op te dwing nie. Hofliksheidsonthalwe moet ander se gevoelens ten opsigte daarvan in ag geneem word. As 'n persoon wat met Afrikaans gebore en grootgeword het en wat gehoop het dat hy ook die reg gehad het op die titel van mede-Afrikaner, het hy treurig gevoel wanneer hy gesien het hoe Afrikaans vermink en vermors is.

Op 7 Oktober 1932 het hy aan die Handhawersbond geskryf dat hy verneem het dat hulle hom daarvan beskuldig het dat hy sy eie taal minag. Hy het dit

---

[126] SAB, SRP1/3/35, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fourth Session – Sixth Parliament, 18 November 1931 to 27 May 1932, vol. 19 (5th April to 27 May 1932), kol. 3098-3102.

as verregaande ontken en gesê dat hy niks te doen wou hê met 'n organisasie wat 'n mede-Afrikaner van so iets beskuldig nie. Hy het geëis dat hulle aan hom sê wanneer en waar hy dit gedoen het. Afrikaans was van kindsbeen af sy taal. Wat hy wel gedoen het was om hom sterk uit te druk oor mense wat die taal gebruik het om onmin en kwaad te stook en dit vir partypolitieke doeleindes te misbruik. Hy kon nie verstaan waarom elkeen nie die taal kon praat wat hy wou sonder dat 'n ophef daaroor gemaak is nie. "Ik praat Afrikaans wanneer ik lus het en Engels soos ik wil en ik laat my mede-mens dieselfde doen sonder om hem lastig te val met dreigemente of andersins."[127]

Volgens die *Cape Times* was Reitz 'n minister wat nooit geskroom het om sy mening uit te spreek wanneer hy gesien het die Engelssprekende gedeelte van die gemeenskap word onregverdig behandel nie. Die Engelssprekende gedeelte van die bevolking was nog altyd dankbaar vir die moed waarmee hy sulke sake aangepak het[128]

## *7.9 Die depressie*

In 1929 het 'n swaar slag die Suid-Afrikaanse ekonomie getref. 'n Depressie, wat met die ineenstorting van die New Yorkse Aandelebeurs begin het, het vinnig deur die wêreld versprei. Suid-Afrika se uitvoermark het in duie gestort en om sake te vererger, het die ergste droogte wat die land ooit ervaar het, uitgebreek. Drie produkte wat 'n lewensbelangrike rol in die Suid-Afrikaanse ekonomie gespeel het – goud, diamante en wol – is besonder swaar deur die val in pryse geaffekteer. Teen 1933 het die land se vervaardigingsuitset met 'n vyfde gedaal en was 22% van alle bruin- en witmans werkloos. Landbou-inkomste het met die helfte verminder. Wolboere moes vier keer soveel wol

[127] *Die Burger*, 25/10/1932, Kol. Deneys Reitz en die Handhawersbond. Weier om vergadering van die bond by te woon. Volledige teks van sy briewe. "Oordrewe taalpropaganda" en "teatrale gedoe", p. 2.
[128] *The Cape Times*, 21/03/1934, Col. Reitz on the status bill, p. 8.

uitvoer as vyf jaar vroeër bloot om dieselfde hoeveelheid buitelandse valuta te verdien.[129]

Die regering het verskeie teenmaatreëls ingestel om die ekonomiese probleme te bekamp. Belastingtoegewings van die vorige jare is gekanselleer en 'n streng ekonomiese beleid is in Staatsdepartemente ingestel om uitgawes laag te hou - slegs gedeeltelike sukses is behaal.[130]

Dié situasie is in September 1931 vererger toe die Britse regering aangekondig het dat hy van die goudstandaard gaan afstap en die Hertzog-regering geweier het om hulle voorbeeld te volg. Die hoofrede hiervoor was 'n begeerte om te bewys dat die Unie ekonomies onafhanklik van Brittanje was. Die gevolg was dat landbou-uitvoere ineengestort het, goudprodusente het dit oorweeg om die minder winsgewende myne te sluit en daar was 'n groot uitvloei van kapitaal uit die land uit.[131]

'n Hewige debat of Suid-Afrika ook van die goudstandaard moes afstap, is gevoer. Hierdie stryd om die goudstandaard het vir meer as twee jaar geduur en was volgens Reitz so fel dat die Hertzog-regering aan die einde van 1932 begin wankel het. Hyself het die onderwerp by verskeie vergaderings aangeraak.[132] Sy toesprake wys egter dat hy nie net op die goudstandaard gefokus het nie, maar ook in die algemeen en oor ander kwessies klappe uitgedeel het.

Tydens die begrotingsdebat in die Volksraad op 13 April 1932 het Reitz 'n toespraak gehou wat in die *Cape Argus* die "blight of nationalism" gedoop is.[133] Hy het die regering daarvan beskuldig dat hulle versuim om van die goudstandaard af te stap mismoedigheid, armoede en hongersnood in Suid-Afrika veroorsaak het. Volgens hom was alles, behalwe die

---

[129] H. Giliomee en B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 283; R. Lacour-Gayet, *A history of South Africa*, p. 271.
[130] S.L. Barnard en A.H. Marais, *Die Verenigde Party: Die groot eksperiment*, p. 11.
[131] H. Giliomee en B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 284.
[132] D. Reitz, *No outspan*, p. 167.
[133] *The Cape Argus*, 14/04/1932, The "blight" of nationalism. Col. Reitz and plight of Free State, p. 12.

goudmynindustrie, besig om ten gronde te gaan. Handel het stilgestaan en werkloosheid was op ‘n skaal wat nog nie vantevore bereik is nie. Geld was besig om die land te verlaat en nie weer in te vloei nie. Die bodem was besig om uit grondwaardes te val. Bankrotskap en algemene verwarring het geheers. Volgens hom sou dit nie gebeur het as die regering die regte ding gedoen het nie. As hulle die regte ding gedoen het sou daar nie werkloosheid gewees het nie, werkers sou tevrede wees en boere sou hulle produkte teen ‘n wins kon verkoop. Die materiële verwoesting is volgens hom deur die regering veroorsaak. Hy het egter veel verder gegaan en die Nasionaliste vir die morele verval in die land geblameer. Om sy punt te illustreer, het hy die Vrystaat as voorbeeld gebruik. Volgens hom was dit ‘n model staat, die bes geadministreerde en die voorspoedigste staat in Suid-Afrika. Sy inwoners was voorspoedig en daar was ook geen rasse- of taalprobleme nie. Almal was lid van een groot familie. Selfs die Anglo-Boereoorlog, daardie rampspoedige gebeurtenis, was nie daartoe in staat om die goeie verhoudinge en vriendskap wat in die Vrystaat geheers het, te skud nie. Toe kom die vernietigende nasionalisme. Die Nasionale Party het ‘n wurggreep op die Vrystaat gekry en sedertdien het al die voorspoed, doeltreffendheid en vriendelikheid verdwyn. Die Vrystaat was die enigste provinsie wat van die begin af deur die Nasionale Party geadministreer is en dit was die enigste bankrot provinsie in die land. Die Vrystaat is die huis van ekonomiese onafhanklikheid gemaak en deur geen fout van die inwoners nie, maar as gevolg van die Nasionaliste, moes hulle gesubsidieer word deur die ander provinsies. Reitz het geglo dat dit gebeur het omdat die nasionalistiese politici nie die materiële behoeftes van die bevolking in ag geneem het nie, maar aangedring het op sentimentele aspekte wat nie verband gehou het met die vooruitgang van die land nie. Hy het die Nasionale Party daarvan beskuldig dat hulle die Vrystaat geruïneer het[134] en ‘n gevoel van mismoedigheid in Natal geskep het. Natal is slegs gered omdat hulle hoop en veiligheid binne

[134] SAB, SRP1/3/35, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fourth Session – Sixth Parliament, 18 November 1931 to 27 May 1932, vol. 19 (5th April to 27 May 1932), kol. 3091-3093.

die S.A.P. gelê het. Die morele skade wat die N.P. aangerig het, was selfs groter as die fisiese en ekonomiese skade.[135]

Hy het die Nasionaliste ook daarvan beskuldig dat hulle kortsigtigheid veroorsaak het dat Rhodesië niks met Suid-Afrika te doen wou hê nie. Volgens hom was Rhodesië afgeskrik deur die Nasionalistiese propaganda in die Unie. Op een stadium was Rhodesië gewillig om hulle lot by die Unie in te gooi, maar teen 1932 was die noorde vir Suid-Afrikaners se kinders gesluit. So was die Nasionaliste ook die rede waarom Suid-Afrika Swaziland, Basoetoland en Betsjoeanaland verloor het - nie net die minerale regte nie, maar ook die goedgesindheid van die mense in daardie lande.[136]

Reitz het ook beweer dat baie ongelukkigheid in Suid-Afrika ontstaan het omdat van die burgers geglo het dat die regering van plan was om Suid-Afrika uit die Statebond te verwyder. Volgens hom was Suid-Afrika geleë aan die onderpunt van 'n donker kontinent, met nie meer as een en 'n half miljoen westerlinge nie. Vir biologiese-, fisiese- en klimaatsredes sou dit waarskynlik nog nodig gewees het om vir die volgende eeu aan 'n groot buitelandse moondheid gekoppel te wees. Hy het geglo dat hulle nie die westerse beskawing in Suid-Afrika aan die gang sou kon hou as hulle nie intellektueel, geestelik en materieel by 'n groter nasie aanklank vind nie. Hy was van mening dat, as jy kyk na al die lande in die wêreld, die Britse Statebond die beste nasie sou wees om by in te skakel. Hulle het hulle geken, was bevriend met hulle en is nog altyd deur hulle regverdig en vrymoedig behandel. Suid-Afrika moes 'n vrywillige lid van die Statebond bly.

Volgens Reitz was 'n man nie 'n slegter Suid-Afrikaner omdat hy 'n sentimentele verbintenis met die land van sy voorvaders behou het nie. Hy was eerder beter daaraan toe. Volgens hom het hulle hulself groot skade berokken deur hulle te isoleer. Hy wou weet waarom 'n man 'n slegte Suid-

---

[135] *The Cape Argus*, 14/04/1932, The "blight" of nationalism. Col. Reitz and plight of Free State, p. 12.
[136] SAB, SRP1/3/35, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fourth Session – Sixth Parliament, 18 November 1931 to 27 May 1932, vol. 19 (5th April to 27 May 1932), kol. 3094-3095.

Afrikaner was omdat hy met liefde en trots kyk na die land waarvandaan sy voorouers afkomstig was. Die verskil tussen 'n "volksiel" en 'n "rassiel" (national soul and the soul of race) beskryf die grondliggende verskille tussen die voorstelling van die S.A.P. en die N.P. Toe Reitz daarvan beskuldig word dat hy "Rule Brittania" sing, was sy antwoord dat dit slegs die beperkende, kleinlike siening van die N.P. was. Volgens hom moes hulle, hoe trots hulle ook al op hulle ras was, eers Suid-Afrikaners wees en dan Afrikaners. Volgens hom was dit die kanker wat besig was om Suid-Afrikaanse eenheid en gelukkigheid weg te vreet.[137]

## *7.10 Die koalisieregering*

Vanweë toenemende druk deur die S.A.P., die besigheidsektor, die hertoetrede van Tielman Roos tot die politiek en die moontlikheid van finansiële ondergang moes Hertzog sy siening oor die goudstandaard verander. Op 27 Desember 1932 het Klasie Havenga, Minister van Finansies, gevolglik aangekondig dat Suid-Afrika van die goudstandaard gaan afstap. Die ekonomiese posisie het feitlik onmiddellik begin verbeter, maar die krisis was so groot dat dit die regering verbysterd en kwesbaar gelaat het.[138]

Roos se hertoetrede tot die politiek het as katalisator gedien vir groot veranderinge in nie net die Suid-Afrikaanse politieke sfeer nie, maar ook in Reitz se lewe. Tydens 'n Dingaansdagrede op 16 Desember 1932 by Haakboslaagte in die Lydenburgdistrik het Roos 'n beroep op Afrikaans- en Engelssprekendes gedoen om met mekaar te begin saamwerk. Hy het ook geëis dat 'n koalisieregering op 'n nie-partypolitieke grondslag saamgestel moes word om die land te red van die moeilike situasie waarin hy homself bevind het.[139]

---

[137] SAB, SRP1/3/35, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fourth Session – Sixth Parliament, 18 November 1931 to 27 May 1932, vol. 19 (5th April to 27 May 1932), kol. 3096-3098.

[138] R. Lacour-Gayet, *A history of South Africa*, p. 272; J. Barber, *South Africa in the Twentieth Century*, p. 105.

[139] J.P. Brits, *Tielman Roos – political prophet or opportunist?*, pp. 186-187.

Na aanleiding hiervan het verskeie gerugte oor Roos se toekomsplanne die rondte begin doen, onder meer dat hy 'n kabinet sou saamstel wat Nasionaliste sou insluit, maar dat nie een van die toenmalige kabinet daarin opgeneem sou word nie. S.A.P.-lede wat hy sou opneem sou Patrick Duncan, Graham Mackeurtan, J.H. Hofmeyr en Reitz insluit, terwyl Smuts na Londen gestuur sou word as Hoë Kommissaris.[140] Die gedagte dat Smuts vir Roos opgeoffer moes word, is egter ten sterkste deur Reitz en J.H. Hofmeyr verwerp. Hulle het dit ook duidelik gemaak dat die meerderheid Sappe nie onder Roos sou dien nie.[141] Smuts, wat groot respek by sy ondersteuners afgedwing het, was die leier wat hulle almal bymekaar gehou het en hulle sou nie maklik van hom afstand doen nie. Hulle gevoelens oor hom is duidelik uitgespreek: Leslie Blackwell het Smuts vereer en Sturrock en Reitz het gesê hulle sou vir hom sterf.[142]

Die onderhandelinge met Roos is deur die lede van die S.A.P. se binnekring,[143] Reitz, Jan Hofmeyr, Patrick Duncan, S.A.P. Volksraadslid vir Yeoville en Louis Esselen, algemene sekretaris van die S.A.P., gedoen.[144] Smuts het Duncan, Hofmeyr en Reitz as sy "principal S.A.P. colleagues" beskou[145] en dit was dus geen wonder dat hulle hierdie belangrike taak vir hom sou behartig nie. Die eerste amptelike samesprekings tussen die S.A.P. en Roos het op 10 Januarie 1933 plaasgevind.[146]

Die S.A.P. was egter nie net van plan om 'n koalisieregering te stig ter wille van verhewe ideale nie. Hulle was vasberade om die groterwordende N.P. in sy spore te stuit, selfs om dit in twee te skeur. Om hierdie doel te bereik, het Reitz op 12 Januarie tydens 'n toespraak in Johannesburg gesê dat: "...while we appeal to all moderate-minded Nationalists to join us in helping to

---

[140] J.P. Brits, *Tielman Roos. Sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek*, 1907-1935, p. 383.
[141] *Die Burger*, 23/12/1932, Wat is mnr. Tielman Roos se eintlike planne? Geen N.P.-leier genader nie. Terug as nasionalis maar bepleit devaluasie, p. 2.
[142] A. Paton, *Hofmeyr*, p. 312.
[143] *Ibid.*, p. 190.
[144] J.H. le Roux en P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party 3: Die eerste bewindsjare 1924-1934 II*, p. 215.
[145] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 235, privaat briewe 1933, nos. 1–218 (177), J. Smuts, 29/03/1933.
[146] J.H. le Roux en P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party 3: Die eerste bewindsjare 1924-1934 II*, p. 215.

maintain true co-operation and economic prosperity once more, there will be no room for such fanatical racialists as General Hertzog and Dr. Malan in the coalition government."[147]

Die volgende dag het hy verder gegaan en gesê dat Hertzog die grootste hindernis was vir die vorming van 'n Nasionale Regering. Volgens hom kon dit as vanselfsprekend aanvaar word dat die meerderheid van die bevolking wou hê dat die S.A.P. en die N.P. hulle ou rusies moes laat staan en saamsmelt. Hertzog moes 'n leidende rol hierin speel, maar dit het nie gebeur nie. Reitz was jammer oor Hertzog se bekrompe beskouing en het gehoop dat dit nie die houding van die hele N.P. was nie. Indien Suid-Afrika die weg sou volg wat Hertzog daargestel het, sou daar geen hoop vir hulle wees nie. Hy het Tielman Roos se terugkeer tot die politiek en die redes waarom hy dit gedoen het, verwelkom. Dit was 'n welkome teken van die tye dat mense soos Roos, Colin Steyn en sy broer Hjalmar besef het dat die bekrompe uitkyk van die N.P. nie in die lang duur sou betaal nie. Dit was volle regverdiging van die houding van Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners wat die ideale wat genl. Botha nagestreef het en gesê het dat hulle 'n verenigde volk in die land wou hê. Volgens Reitz het Hertzog hom herinner aan godsdienstige fanatici wat geglo het dat net hulle eie volgelinge hemel toe sou gaan. Indien Hertzog reg was, was die grootste deel van die Afrikaners in sy oë verraaiers. Volgens Reitz was hulle net sulke goeie Afrikaners soos Hertzog. Hulle het ook in die Anglo-Boereoorlog geveg, maar bloot omdat hulle nie saam met Hertzog gestem het nie, was hulle verraaiers. Hy was egter van mening dat dié standpunt nonsens was. Indien onderhandelinge met Roos sou misluk, moes die S.A.P. 'n Nasionale Regering saamstel met die duisende gematigde Nasionaliste wat daar in die land was. As Hertzog en D.F. Malan in hulle pad sou staan, moes hulle van hulle ontslae raak. Daar moes nooit weer 'n regering in Suid-Afrika wees wat aan die lewe gehou word op grond van bekrompe rasse-idees nie. Hy het nie Hertzog se eerlikheid of doel bevraagteken nie. Hy het geweet dat hy eerlik was, maar hy kon nooit sê

[147] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1924-1939 VII*, pp. 398-399.

dat hy reg was nie. Hy was ‘n morele ramp vir Suid-Afrika met sy fanatiese uitkyk. Hulle moes egter nie mekaar se goeie trou aanval nie. Daar was groot probleme in die land en dit sou net opgelos kon word as hulle saamgestaan het. Hulle moes saamleef in ‘n land waar almal deel was van een groot familie.[148]

Hy het verder ook verklaar dat indien die onderhandelinge met Roos sou misluk, dit nie die skuld van die S.A.P. sou wees nie - veral nie omdat genl. Smuts sy persoonlike belange eerste sou stel en daarop sou aandring om Eerste Minister te wees nie. Hy het vir Smuts in die bres getree deur te sê dat wat ook al sou gebeur die besluit van die party en nie van Smuts sou wees nie. Hy het egter bygevoeg dat die Eerste Minister se pos en kabinetsposte nie oop was vir ‘n openbare veiling nie. Hulle het nie die reg om kabinetsposte te verkoop nie. Hy was ook van mening dat die voorwaardes wat aan Roos voorgelê is, baie redelik was en dat hulle hulle bes gedoen het om ‘n Nasionale Regering daar te stel.[149]

Die onderhandelinge met Roos het egter niks bereik nie en op 13 Januarie het Hofmeyr aangekondig dat dit misluk het.[150] Reitz beskryf Roos as ‘n knap prokureur en ‘n opgeruimde sinikus, maar dat hy onverstandig was. Volgens hom was Roos tydens hulle onderhandelinge siek en afgeleef en nie sy normale vrolike self nie. Roos het klaarblyklik gesê dat hy weet dat hy nie meer lank gaan leef nie en dat hy, voordat hy sterf, die ekonomiese en sosiale samestelling van die Unie wou verander en hulle wou verenig in ‘n enkele nasie. Reitz het gevoel dat Roos se siekte hom ongebalanseerd gemaak het en dat hy nie die uitwerking van sy twyfelagtige plan besef het nie.[151]

---

[148] *Rand Daily Mail*, 13/01/1933, Vote of confidence in S.A.P. On outskirts of Vrededorp. Nationalist stronghold, p. 10.

[149] *Rand Daily Mail*, 13/01/1933, S.A.P. and negotiations. Statement by Mr. Hofmeyr and Col. Reitz, p. 9.

[150] J.H. le Roux en P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party 3: Die eerste bewindsjare 1924-1934 II*, p. 217.

[151] D. Reitz, *No outspan*, pp. 167-168.

Alhoewel dié onderhandelinge op niks uitgeloop het nie, is die idee van ‘n koalisie by Smuts geplant. Hy het gevolglik op 24 Januarie ‘n voorstel by die Volksraad ingedien waarvolgens die regering moes bedank sodat ‘n koalisieregering saamgestel kon word.[152] Hertzog het egter Smuts se voorstel van die hand gewys.[153] Agter die skerms het sake totaal en al anders verloop. Beide Smuts en Hertzog se posisies was wankelend, grootliks as gevolg van weerstand wat hulle binne in hulle eie partye ondervind het. Hertzog was boonop van mening dat die N.P. die volgende algemene verkiesing sou verloor en ekonomiese oorweginge het ook ‘n rol gespeel. ‘n Ooreenstemmende siening van beide die twee leiers dat daar nie meer veel beleidsverskille tussen die twee partye was nie en dat dit tyd was dat hulle moes begin saamwerk, het die deur vir koalisie verder oopgemaak. Toe Smuts dus op 1 Februarie sy aanbod van ‘n nasionale regering herhaal, het Hertzog onmiddellik sy luitenante opdrag gegee om met Smuts saam te werk.[154] Volgens Reitz het hulle aanvanklik gemeen dat dit net ‘n streek van Hertzog was om sy naderende nederlaag uit te stel, aangesien hulle van mening was dat hulle die N.P. met die volgende verkiesing uit die vere sou lig. Weens Roos se benadering[155] het samesprekinge tussen die twee partye op 15 Februarie ‘n aanvang geneem[156] en op 22 Februarie het die koukusse van beide partye die besluit om ‘n koalisieregering te vorm, goedgekeur.[157]

Wat die skaal, volgens Reitz, uiteindelik in hulle guns geswaai het tydens die S.A.P. se samesprekinge, was die manier waarop Smuts bokant sy eie ambisie uitgestyg het. Vir almal se beswil was hy bereid om onder Hertzog in die kabinet te dien. Hy het ook die res van sy party versoek om van hulle eie persoonlike gevoelens op te offer. Reitz beklemtoon egter dat die onderhandelinge, besprekinge en argumente om tot op dié punt te kom, geensins eenvoudig was nie. Die atmosfeer in die land was gespanne, die pers het op groot skaal kritiek gelewer en daar was onenigheid en tweedrag

---

[152] S.L. Barnard en A.H. Marais, *Die Verenigde Party,* p. 11.
[153] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1924-1939 VII*, p. 400.
[154] S.L. Barnard en A.H. Marais, *Die Verenigde Party*, pp. 11-14.
[155] D. Reitz, *No outspan*, p. 168.
[156] S.L. Barnard en A.H. Marais, *Die Verenigde Party*, pp. 11-14.
[157] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1924-1939 VII*, p. 406.

in die S.A.P. Soortgelyke gevoelens het in die N.P. voorgekom en dr. D.F. Malan en van sy fanatiese Afrikaners het van hulle af weggebreek. Kol. Stallard en 'n gedeelte van sy ekstremisties Britsgesinde volgelinge in die S.A.P. het dieselfde paadjie geloop. Die S.A.P. is beskuldig van opportunisme, maar volgens Reitz is hulle kwytgeskeld daarvan. Deur 'n ooreenkoms met die Nasionaliste te sluit het hulle doelbewus 'n sekere oorwinning prysgegee vir vrede en samewerking tussen die twee wit rasse in Suid-Afrika.[158] Die samesmelting het ook getoon dat Engels- en Afrikaanssprekendes in broederskap kon saamwerk.[159]

Die ooreenkoms tussen die S.A.P. en die N.P. het behels dat Hertzog die Eerste Minister en Smuts die adjunk-Eerste Minister sou wees. Elke party kon die helfte van die kabinet van twaalf aanwys en 'n verkiesing sou so gou as moontlik gehou word. Die ooreenkoms het berus op 'n samewerkingsooreenkoms van sewe punte. Die land sou regeer word in ooreenstemming met sy onafhanklike status; die Uniale grondslag van die land sou onveranderd bly; Engels en Afrikaans sou gelyke regte geniet; 'n welvarende boeregemeenskap sou nagestreef word; die beleid van beskaafde wit arbeid sou voortgesit word; 'n gesonde ekonomiese beleid sou gevolg word; en 'n poging sou aangewend word om 'n oplossing vir die swart vraagstuk te verkry.[160]

Die volgende saak van belang was om die nuwe regering saam te stel. Vir Smuts het die aanwys van sy ses kabinetslede ietwat van 'n tameletjie veroorsaak, aangesien hy 'n klomp getroue ondersteuners gehad het, maar slegs vyf vakatures waaraan hy hulle kon toewys. Volgens Reitz het hy aan Smuts gesê dat Smuts nie nodig gehad het om hom een van die poste aan te bied nie. Hy, Reitz, het Smuts vir die vorige 30 jaar deur vrede en oorlog gevolg en was tevrede om onder hom te dien as 'n voetsoldaat. Sy lojaliteit aan Smuts het nie afgehang van die rang wat hy beklee nie en Smuts kon staatmaak op sy onwrikbare ondersteuning. Smuts het egter nie die

[158] D. Reitz, *No outspan*, pp. 168-169.
[159] *Ibid.*, p. 170.
[160] S.L. Barnard en A.H. Marais, *Die Verenigde Party*, p. 14.

vrymoedigheid gehad om Reitz uit die nuwe kabinet te laat nie en Reitz moes homself in Pretoria aanmeld om as lid van die regering ingesweer te word.[161] Die kwaliteite wat Smuts waarskynlik oortuig het om Reitz in die kabinet te laat opneem, was sy ryk persoonlikheid, sy lojaliteit en eerbaarheid. Volgens Paton was daar 'n band tussen die twee wat veel dieper gestrek het as hulle krygsmanskap: hulle was Afrikaners op 'n natuurlike wyse en het nie nodig gehad om daaroor vurig te wees nie. Hulle het nie minderwaardig gevoel teenoor enige nasie of persoon nie en kon gevolglik groothartig wees op 'n manier wat Hertzog afkeurenswaardig en Malan as verraderlik beskou het.[162] Volgens G.H. Nicholls was Smuts en Reitz saam met Havenga, Hofmeyr en heel moontlik ook Oswald Pirow, deel van 'n nuwe Suid-Afrikaanse ras wat die beste elemente van die Afrikaans- en Engelssprekende rasse in gesluit het. Hulle was nie bevooroordeeld vir die rasse wat hulle verteenwoordig het nie, maar het almal ingesluit.[163]

Soos nege jaar tevore is Reitz as Minister van Lande aangewys. Hierby is ook gevoeg die portefeulje van Besproeiing en Bosbou - twee poste wat Reitz as fassinerend beskryf het, veral aangesien hulle die maksimum hoeveelheid reis ingesluit het. Hy was egter nie gretig om dit te aanvaar nie, aangesien hy al vantevore die eindelose bekommernisse en onsekerhede van 'n Suid-Afrikaanse portefeulje ervaar het. Smuts se woord was egter vir hom wet en hy het dit aanvaar.[164]

Die kabinet het bestaan uit J.B.M. Hertzog, N.C. Havenga, P.G.W. Grobler, O. Pirow, J.C.G. Kemp en A.P.J. Fourie aan die een kant en Smuts, Duncan, Hofmeyr, R. Stuttaford, C.F. Clarkson en Reitz aan die ander kant.[165] Soos na sy opname in die S.A.P.-kabinet van 1921 het Reitz se insluiting in die koalisiekabinet groot ongelukkigheid veroorsaak. Volgens Le Roux en Coetzer het adv. E.G. Jansen gesê dat dit 'n bitter pil was om te sluk en dat

---

[161] D. Reitz, *No outspan*, pp. 169-170.
[162] A. Paton, *Hofmeyr*, p. 200.
[163] G.H. Nicholls, *South Africa in my time*, p. 252.
[164] D. Reitz, *No outspan*, p. 170.
[165] A. Paton, *Hofmeyr*, pp. 199-200.

dit die bevolking nog meer teen die koalisie gekant sou maak.[166] Reitz was egter nie die enigste persoon teen wie die anti-koalisioniste gekant was nie. Ook Hofmeyr en Duncan se aanstelling het groot ongelukkigheid veroorsaak.[167]

Volgens G.D. Scholtz was die koalisiekabinet nie 'n sterk eenheid nie, grootliks as gevolg van hulle verskille oor sekere basiese beginsels en oogmerke. Hy skryf dit daaraan toe dat alhoewel drie van die S.A.P.-lede, Smuts, Hofmeyr en Reitz, gebore Afrikaners was, hulle geestelik volkome verengels was en daar geen verskil tussen hulle en die drie Engelssprekende lede van die kabinet was nie. Volgens hom was die enigste van die drie wat 'n bietjie simpatie vir Afrikaans gehad het, Hofmeyr. Reitz het, daarenteen, met minagting op die Afrikaanse taal en kultuur neergesien. Vir Smuts was die Afrikaner slegs van betekenis in soverre hy ingespan kon word om die holistiese ideaal op die politieke terrein te help verwesenlik. Van die drie Engelssprekende lede het slegs Duncan kennis van Afrikaans gehad en Stuttaford en Clarkson was eentalig. Volgens Scholtz was dit onmoontlik om van eentalige mense te verwag om belangstelling of liefde vir die Afrikaanse taal en kultuur te hê.[168]

Kort nadat die kabinet saamgestel is, is 'n algemene verkiesing uitgeroep om die openbare mening te toets. 'n Kenmerk van die verkiesing was dat dit sonder bitterheid verloop het en dat die Hertzog-Smutsmanne mekaar hartlik ondersteun het met die toespreek van openbare vergaderings.[169] Vir die eerste keer in sy lewe het Reitz 'n verhoog met Hertzog gedeel en het hy selfs saam met genl. Kemp deur die Wes-Transvaal getoer.[170] D.F. Malan, wat verkies het om nie deel van die koalisieregering te word nie, is egter nie naastenby so vriendelik deur Reitz behandel nie. Tydens een van Malan se politieke vergaderings het Reitz met 'n vliegtuig daaroor gevlieg en

[166] J.H. le Roux en P.W. Coetzer, *Die Nasionale Party 3: Die eerste bewindsjare 1924-1934: II*, p. 325.
[167] G.D. Scholtz, *Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888-1940*, p. 240.
[168] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1924-1939 VII*, p. 410.
[169] S.L. Barnard en A.H. Marais, *Die Verenigde Party*, p. 14.
[170] D. Reitz, *No outspan*, p. 170.

traktaatjies, wat Malan in 'n negatiewe lig geplaas het, daaroor gestrooi. Hy het groot genot geput uit die walging waarmee Malan se ondersteuners die biljette weggegooi het. Reitz het Malan beskou as bekrompe en sonder 'n sin van humor. Hy het nie van hom gehou nie.[171]

Die kiesers het uiters positief gereageer en die koalisieregering het 136 uit 'n moontlike 150 setels gewen.[172] Reitz het sy Laeveldse setel onbestrede behou en Leila, sy vrou, is as lid van Parktown-Noord verkies, die eerste vroulike parlementslid in Suid-Afrika. Hieroor skryf Reitz met groot trots. Hy meld terselfdertyd ook dat sy heelwat meer "politically-minded" was as hy.[173]

'n Nuwe politieke era het nou aangebreek en vir die volgende ses jaar het die Natte en Sappe saamgewerk. Die strydbyle van die verlede is begrawe en die koalisieregering kon hulle volle aandag aan ekonomiese heropbou gee.[174]

Soos na sy aanstelling as minister in 1921 het Reitz nie op hom laat wag voordat hy 'n deel van sy koninkryk besoek het wat hy nog nie vantevore besoek het nie. Na 'n kort parlementsitting is hy na die Kalahari, 'n woestyngebied wat strek van Suidwes-Afrika aan die een kant en die Transvaal en Suid-Rhodesië aan die ander kant, 'n breedte van 640 kilometer. In lengte het dit gestrek van die Oranjerivier in die suide tot by die Okavango-moerasse 950 kilometer verder noordwaarts. 'n Gedeelte van die gebied is vroeër deur die Nasionale Parkeraad as reservaat vir die gemsbok en hartebees opsygesit en die besoek het aan Reitz die geleentheid gegee om dit te gaan besoek.[175] Hierdie reis van Reitz word met sy gewone welsprekendheid tot in die fynste besonderhede vertel. Die enigste werklike noemenswaardige gebeurtenis het by Vioolsdrif plaasgevind waar Reitz hom oor die mense ontferm het en onmiddellik opdrag gegee het dat 'n dam daar gebou moet word. Volgens hom was die £90 000 wat die dam gekos het

---

[171] D. Reitz, *No outspan*, pp. 185-186.
[172] S.L. Barnard en A.H. Marais, *Die Verenigde Party*, p. 14.
[173] D. Reitz, *No outspan*, pp. 170-171.
[174] S.L. Barnard en A.H. Marais, *Die Verenigde Party*, pp. 14-15.
[175] D. Reitz, *No outspan*, p. 171.

ernstig tydens die volgende parlementsitting gekritiseer, maar was dit die moeite werd, aangesien hy iets tasbaar daardeur bereik het.[176]

Vir die res van dié jaar het Reitz op sy verskillende werksaamhede gefokus. Op 6 Junie 1933 is hy aangestel as waarnemende Minister van Justisie terwyl Jan Smuts oorsee was.[177] In dié hoedanigheid het hy op 15 Junie 'n wysigingswetsontwerp op dobbelary vir 'n tweede lesing in die Volksraad ingedien.[178] Dit was 'n totale afwyking van die wette en poste waarmee hy normaalweg te doen gekry het, maar dit blyk dat hy nie te sleg daarmee gevaar het nie, aangesien dit aan die einde van die bespreking aangeneem is.[179] Twee aspekte van die debat was noemenswaardig. Die eerste hiervan was dat Reitz in sy afsluiting van die debat weer met 'n juweel te voorskyn gekom het. Dit was dat "jy kan nie 'n man sedelik maak deur middel van 'n wet van die Parlement nie, maar jy kan deur middel van 'n wet van Parlement verhoed dat 'n man of vrou onsedelik word".[180] Die tweede noemenswaardige voorval was dat Leila Reitz die wetsontwerp ondersteun het. Na alle waarskynlikheid die eerste keer wat sy Reitz in die Volksraad ondersteun het. Sy was egter onder die indruk dat sy die enigste lid van die parlement was wat enige ervaring van nagklubs gehad het en was teleurgesteld toe Reitz haar inlig dat van die ander parlementslede ook ervaring daarvan gehad het.[181]

Reitz het gedurende die jaar ook verskeie ander reise onderneem, onder meer na Zoeloeland en die ongetemde omgewing langs die Limpoporivier. Hy het boonop 'n projek aangepak wat hy reeds in 1922 begin het, maar nooit kon voltooi nie, naamlik om 'n dam in die Vaalrivier voor Warrenton te bou. Sy

---

176 D. Reitz, *No outspan*, pp. 171-175.

177 SAB, URU, 1360, 1214-1283, minuut nr. 1258, Aanstelling van Deneys Reitz as waarnemende Minister van Justisie, 06/06/1933.

178 SAB, SRP1/3/38, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Eerste Sitting – Sewende Parlement, 26 Mei tot 22 Junie 1933, deel 21, kol. 1091.

179 SAB, SRP1/3/38, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Eerste Sitting – Sewende Parlement, 26 Mei tot 22 Junie 1933, deel 21, kol. 1110.

180 SAB, SRP1/3/38, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Eerste Sitting – Sewende Parlement, 26 Mei tot 22 Junie 1933, deel 21, kol. 1110.

181 *Ibid.*, kol. 1095-1096.

idee was om 'n keerwal 600 kilometer voor Warrenton te bou en dan die water na Warrenton en die Hartsrivier te laat gelei. Sodoende sou hulle 48 456 hektaar grond wat nutteloos in die Kalahariwoestyn gelê het, kon besproei. Die finale doel van die skema was om landbou en veeboerdery in die gebied te vestig – ekonomiese rehabilitasie. Die daarstelling van die dam het onderhandelinge met die Batlapinstam, aan wie 'n groot deel van die grond behoort het, asook die opstel van 'n wet, ingesluit. Hy moes ook van sy kollegas in die kabinet oortuig dat dit nie 'n vermorsing van geld was om die dam te bou nie. Dié skema is amptelik op 2 November 1933 aangekondig en die eerste sooie is in November op die plaas Andalusia naby die Grensspoorwegstasie gespit. Reitz se idee om 'n dam hier aan te lê, was nie uniek nie, aangesien Cecil John Rhodes ook die moontlikheid daarvan raakgesien het. Die eerste opmetings van die gebied deur die regering is reeds in 1881 gemaak. Op die vraag of die skema ooit sy onkoste sou dek, was Reitz se antwoord soos volg: "No irrigation scheme can ever pay for itself anymore than can the dykes of Holland. The Government has practically adopted the principle of subsidizing major irrigation schemes by 75 percent, which will be written off at the start, not the end, of the schemes."[182]

Die uiteinde was 'n dam van 140 kilometer lank met 'n omtrek van 640 kilometer en duisende nedersetters waar daar vantevore net woestyn was. Die projek het £6 miljoen gekos en was die grootste besproeiingsprojek in die Suidelike halfrond, maar vir Reitz was dit alles die moeite werd, aangesien besproeiing plaasgevind het waar dit nog nooit vantevore was nie.[183]

S.P. le Roux, Volksraadslid vir Oudtshoorn, het nie sy standpunt gedeel nie. Tydens die Volksraadsdebat oor die Vaalrivier Ontwikkelingskema Wysigingswetsontwerp op 28 Januarie 1937 is hy daarvan beskuldig dat hy die aanvanklike wetgewing in verband met dié skema baie vinnig deur die Volksraad gedruk het. Dit was klaarblyklik gedoen sonder genoegsame data, of enige behoorlike ondersoek, na die skema en onder valse voorwendsels.

---

[182] *The Times*, 04/11/1938, The desert defeated. A new Eden in South Africa. Salvation by canal, p. 15; D. Reitz, *No outspan*, pp. 182-183.

[183] D. Reitz, *No outspan*, pp. 182-183.

Die rede wat glo voorgehou is vir die spoed waarmee dit deur die Volksraad was, was om besproeiing aan boere te verskaf, maar dat dit later geblyk het dat die dam eerder gebou is om water aan die Johannesburg Waterraad te verskaf. Daar is verder ook gesê dat die skema een van die onpopulêrste was wat ooit aangepak was. [184]

## 7.11 *Erekolonel van die Imperial Light Horse*

In sy privaat hoedanigheid is Reitz in Maart 1933 deur die bevelvoerder van die Imperial Light Horse, kol. B.W. Thwaites, genader met die versoek dat hy 'n erekolonel van die eenheid moet word.[185] Die versoek is deur die Goewerneur-generaal en die Britse koning, die opperkolonel van die regiment, goedgekeur.[186] Die toekenning van dié eretitel is op 14 Julie 1933 in die Staatskoerant aangekondig en dit het terugwerkend met ingang van 10 Maart 1933 gegeld.[187] Reitz het die aanstelling sonder om te twyfel aanvaar. Dit was vir hom 'n eer om met 'n regiment met so 'n trotse diensrekord geassosieer te word en hy het onderneem om die beste tradisies van die regiment te onderhou[188] - 'n belofte wat hy gehou het, aangesien hy die Sekretaris van Verdediging in Maart 1940 versoek het om die Imperial Light Horse weer in 'n berede eenheid te verander. Volgens hom sou dit beter wees as hulle kon terug verander na hulle tradisionele rol as 'n berede eenheid, eerder as gemeganiseerde infanterie.[189] Sy versoek is nie

---

[184] SAB, SRP1/3/55, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fifth Session – Seventh Parliament, 8th January to 17 May 1937, vol. 28, kol. 852.

[185] SANW Dokumentasiediens, A455/2, Third Infantry Brigade: Visits: Commander-in-Chief and Honorary Colonels. Bevelvoerder van Imperial Light Horse – D. Reitz, 17/03/1933.

[186] SANW Dokumentasiediens, A455/2, Third Infantry Brigade: Visits: Commander-in-Chief and Honorary Colonels. Brief vanaf die Staf-offisier Nr. 4 Militêre distrik - Bevelvoerder van die Imperial Light Horse, 06/07/1933; SAB, GG, 40, 1/1619, Buckingham Palace - Goewerneur-generaal, 25/05/1933.

[187] SAB, GG, 40, 1/1619, Defence. Honorary Rank. Officers of the Imperial Light Horse. The appointment as honorary colonel of the Regiment of Lt.-Col. D. Reitz, retired, 1933.

[188] SANW Dokumentasiediens, A455/2, Third Infantry Brigade: Visits: Commander-in-Chief and Honorary Colonels. D. Reitz - Bevelvoerder van die Imperial Light Horse, 20/03/1933.

[189] SANW Dokumentasiediens, G153/5, A.C.F Units. R.H. and Transvaal Command (old no. 8 military district). Imperial Light Horse. D. Reitz - Sekretaris van Verdediging, 29/03/1940.

toegestaan nie, aangesien daar reeds twee ander berede eenhede in die mobiele veldmagte was.[190]

Reitz se gebruik van die rang van kolonel laat die vraag ontstaan of hy werklik geregtig daarop was om die titel voor Maart 1933 amptelik te gebruik. Reitz het twee keer in sy lewe geleentheid gehad om waar te neem as ‘n luitenant-kolonel. Die eerste keer was toe hy op 25 Oktober 1916 aangestel is as bevelvoerder van die 4th SA Horse in Duits-Oos-Afrika. Hy moes die rang egter opgee toe hy op 15 April 1917 uit die Suid-Afrikaanse Weermag bedank het.[191] Die tweede geleentheid was toe hy van 17 Oktober 1918 as waarnemende luitenant-kolonel van eers die 7th Shropshires en daarna die 1st Royal Scots Fusiliers aan die Wesfront in Europa diens gedoen het. Met sy finale ontslag uit die Britse Leër op 18 Desember 1920 het hy opdrag ontvang om die rang van majoor prys te gee.[192] As daar egter na al die verwysings na Reitz in die pers, gepubliseerde boeke en die Volksraadsnotules gekyk word, het hy nooit opgehou om die rang te gebruik nadat hy uit die Britse Leër ontslaan is nie. Dit was dus ‘n direkte oortreding van sy ontslagvereistes en plaas sy integriteit onder verdenking. Die vermoede bestaan egter dat hy voortgegaan het om die rang te gebruik op ‘n soortgelyke wyse as wat die meerderheid van die Boere-bevelvoerders dit na afloop van die Anglo-Boereoorlog gedoen het, ten spyte daarvan dat hulle glad nie meer in militêre rolle was nie. Die gebruik van die titel sou dus waarskynlik eerder dien as ‘n informele verering of herinnering van dit wat op ‘n bepaalde tydstip bereik was. Dit sou nie ‘n doelbewuste poging wees om mense te mislei nie, maar eerder ‘n aanvaarbare gebruik onder die Suid-Afrikaanse bevolking.

[190] SANW Dokumentasiediens, G153/5, A.C.F Units. R.H. and Transvaal Command (old no. 8 military district). Imperial Light Horse. Sekretaris van Verdediging – D. Reitz, 05/04/1940.
[191] SANW Dokumentasiediens, P1/6319/1, Record of Service of D. Reitz.
[192] *Ibid.*

# Hoofstuk 8: Minister

Die daarstelling van die Koalisieregering en die groot oorwinning wat die koalisie in die 1933-verkiesing behaal het, het die gedagte van die hereniging of samesmelting van die Nasionale Party (N.P.) en die Suid-Afrikaanse Party (S.A.P.) weer sterk na vore laat kom. Ten spyte van 'n mate van teenkanting uit die geledere van beide partye, was beide Hertzog en Smuts ten gunste van so 'n samesmelting.[1] Op 5 Junie 1934 het Hertzog gevolglik 'n program van beginsels vir samesmelting bekend gestel en teen die einde van dieselfde jaar is die Verenigde Party (V.P.) gestig. Die amalgamasie is deur D.F. Malan en sy volgelinge in die N.P., asook kol. C.F. Stallard en ses ander Engelssprekende Volksraadslede van die S.A.P., verwerp. In reaksie teen dié vereniging het Malan en sy ondersteuners die Gesuiwerde Nasionale Party gestig, terwyl Stallard en sy volgelinge die Dominiumparty (D.P.) die lig laat sien het.[2]

Die V.P. se program van beginsels was gemik op die ontwikkeling van 'n oorwegende gevoel van Suid-Afrikaanse nasionale eenheid. Alhoewel dit op die gelykheid van die Afrikaans- en Engelssprekende gemeenskappe gebaseer was, sou die eiesoortige kulturele agtergrond van elkeen van hierdie gemeenskappe deur die ander erken en waardeer word. Dit het gevolglik gepoog om enige persone wat bereid was om hulle doelwitte en beginsels te ondersteun, in 'n politieke eenheid saam te bind. As uitgangspunt is die S.A.P. en die N.P. se sewe punte van samewerking gebruik. Die punte was:

- Beginsels en gees van die regering: Die land sou op grond van Suid-Afrikaanse nasionale beginsels regeer word, in 'n gees van nasionale selfstandigheid wat in harmonie met hulle soewereine onafhanklike status was, soos bevestig deur die Statuut van Westminster en die Status van die Unie-wet van 1934. Die uitgangspunt sou "Suid-Afrika

[1] S.L. Barnard en A.H. Marais, *Die Verenigde Party: Die groot eksperiment*, p. 15.
[2] T. Cameron (hoofred.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, pp. 255-256.

eerste" wees. Dit sou gebaseer word op onderlinge samewerking en vertroue asook die bevordering van 'n gevoel van nasionale trots.

- Grondwetlike posisie: Die eenheidsbasis van 'n verenigde Suid-Afrika sou behou word, terwyl die handhawing van bestaande verhoudinge met die Britse Statebond en samewerking met sy lede bekragtig is, solank dit nie op die status van die Unie inbreuk maak nie.
- Gelyke taalregte: Gelyke taalregte sou ten opsigte van Afrikaans en Engels geld.
- Landbou beleid: Die party sou 'n welvarende en gesonde landelike bevolking nastreef, onder meer deur die daarstelling van 'n vooruitstrewende nedersettingsbeleid.
- Maatskaplike beleid: 'n Behoorlike lewenstandaard sou vir werkers verseker word. Die welvaart van werkers sou verbeter word deur gesonde verhoudinge tussen werknemers en werkgewers na te streef; deur vertroue in die regering se onpartydigheid te bevorder; en deur, waar moontlik, salarisse en werksomstandighede aan te pas.
- Swart beleid: 'n Ernstige poging sou aangewend word om die swart vraagstuk op te los. Die oplossing hiervoor is gesien in afsonderlike verteenwoordiging. Daar is ook erken dat swartes 'n permanente deel van die landsbevolking onder die Christelike Voogdyskap van die wit bevolking uitmaak. Pogings tot rassevermenging sou teengestaan word, maar die bevordering van 'n gees van welwillendheid en vertroue tussen die twee rasse sou in Suid-Afrika se beste belange wees.
- Ekonomiese beleid: Vertroue in die land se ekonomie sou verseker word deur die beskerming van die Unie se geldeenheid asook kapitale bates en hulpbronne. Die landbou en mynbedryf is erken as die fondamente van die land se permanente welvaart. Gesonde en regverdige finansiële beleid sou toegepas word, belasting sou verdeel word en daar sou gepoog word om alle gedeeltes en klasse van die bevolking op ekonomiese gronde saam te snoer. Die ekonomiese toestande moes 'n gepaste bestaan vir alle mense moontlik maak. [3]

[3] D.W. Krüger, *South African parties and policies 1910-1960: A select source book*, pp. 85-87.

Alhoewel bogenoemde program van beginsels 'n goeie grondslag vir samewerking oor die volgende vyf jaar gelê het, was daar steeds sekere sake wat probleme veroorsaak het. Die V.P. het uit mense met uiteenlopende lewensbeskouings en verskillende kulturele agtergronde bestaan. Hulle het boonop nie almal dieselfde politieke standpunte gehuldig nie.[4] Spanning is in die kabinet veroorsaak deur botsende persoonlikhede en wedywering tussen Noord en Suid, dorp en platteland, liberaliste en konserwatiewe. Dit is vererger deur twee leiers wat nie noodwendig oor belangrike sake saamgestem het nie. Een vleuel van die party het met die Dominiumparty gesimpatiseer, terwyl die ander, veel groter flank, nie te veel van Malan se Gesuiwerde Nasionaliste verskil het nie.[5]

Nog voor samestelling bewerkstellig kon word, is die grondwetlike status van die Unie in 1934 in 'n mate uitgeklaar toe die Status van die Unie-wet deur die parlement goedgekeur is. Hierdie wet het die soewereiniteit van die Unie gewaarborg, vrye assosiasie met die Statebond erken en die Unie Parlement en -regering as die enigste wetgewende en uitvoerende gesag van die Unie bevestig. Alhoewel Smuts en Hertzog albei hulle onvoorwaardelike steun aan dié wet gegee het, was daar sekere beginselverskille wat nie uit die weggeruim kon word nie. Die groot gaping tussen Smuts en Hertzog word duidelik weerspieël in die redes waarom hulle die wet gesteun het. Volgens Smuts het dit die Unie in nouer verbinding met die Britse Ryk geplaas, terwyl Hertzog dit gesien het as 'n stap om die Unie se onafhanklikheid te versterk deur die verwydering van sekere ou grondwetlike kwessies.[6]

Deneys Reitz was van mening dat Suid-Afrika deel van die Statebond sou bly omdat sy bevolking dit wou hê en nie as gevolg van tegniese punte nie. Sy persoonlike ideaal was dat Suid-Afrika altyd 'n gewillige lid van die Statebond moet wees, maar indien die Suid-Afrikaanse gemeenskaplik besluit het dat hulle nie meer daarvan lid wou wees nie, sou niks hulle kon verhoed om dit te verlaat nie. Hy het die Statebond beskou as 'n familie wat bestaan het uit 'n

---

[4] S.L. Barnard en A.H. Marais, *Die Verenigde Party: Die groot eksperiment*, p. 25.
[5] E. Walker, *A history of South Africa*, p. 627.
[6] J. Barber, *South Africa in the Twentieth Century*, p. 106.

ouer met verskeie meerderjarige seuns. Om die beeld uit te brei, kon ook minderjarige kinders en neefs en arm familielede daarby betrek word. Die gesinshoof het geen wetlike regte oor die seuns gehad nie, maar almal is saamgebind deur bande van gesinsbelang en gevoel wat sterker was as bloot wetlike formaliteite. Hy het die skynbare teenstrydigheid verkondig dat hoe swakker die wetlike bande was wat die verskillende dele saamvoeg, hoe langer sou die Statebond bestaan. Vir meer as 20 jaar het Reitz die doktrine dat Suid-Afrika as deel van die Statebond so vry was soos enige ander land in die wêreld, versprei. Of jy dit, in die woorde van die Statuut van Westminster "selfregerende gemeenskappe binne die Britse Ryk, gelyk aan status, op generlei ondergeskik aan mekaar in binnelandse of buitelandse aangeleenthede" en of jy dit "soewereine onafhanklikheid" noem, was vir hom irrelevant en slegs persone wat tegnies ingestel was, sou hulle daaroor bekommer. Vir meer as 20 jaar het hy aan sy Afrikaanssprekende landgenote gesê dat daar geen reg was wat 'n vry man het wat hulle nie in Suid-Afrika onder die Statebond het nie. Dit was daarom dat hulle gelukkig was om deel te wees van hierdie konfederasie van vrye nasies. Saam met ander het hy 'n duwweltjie besaaide paadjie geloop, maar hy het steeds geglo dat slegs op die basis van die algehele vryheid van elke Dominium die Statebond sou oorleef. Vir hom was die Statebond 'n groot ideaal. As dit sou val, sou die beskawing val. Maar hulle moes waak teen die jingo, die man met rasse-obsessie en helaas selfs teen iemand soos kol. Stallard wat, al bedoel hy dit goed, baie skade kon aanrig.[7]

Ander stappe is ook gedoen om Suid-Afrika se konstitusionele posisie te versterk. In 1937 is Patrick Duncan as Goewerneur-generaal aangestel, die eerste Suid-Afrikaner om die pos te beklee. Teen die einde van die vorige jaar het die Unie Parlement ook sy eie wet aangeneem oor die abdikasie van koning Edward VIII, terwyl die status van die Dominiums in die kroningseed van koning George VI gereflekteer is.[8]

---

[7] *Rand Daily Mail*, 3/04/1934, Well meaning but misguided. Col. Reitz on Col. Stallard. Plunging us back into old racial squabbles, p. 10; *Die Burger*, 03/04/1934, Statuswette. Britse Ryk soos 'n gesin, p. 2.

[8] M.S. Green, *The making of South Africa*, pp. 236-237.

Samesmelting was egter nie naastenby so idillies soos wat enige persoon graag sou wou voorgee nie en die toenemende ekonomiese voorspoed het bloot die illusie geskep dat die Unie se politieke probleme opgelos is.[9] Volgens Reitz was daar in die ses jaar na samesmelting gereeld probleme tussen die voormalige N.P.- en S.A.P.-lede wat gelei het tot krisisse en die bedanking van lede uit die parlement. Baie van die blaam hiervoor is op Hertzog se skouers geplaas. Reitz het Hertzog beskou as 'n heer en 'n persoon met kultuur, maar dat hy 'n onrustige geaardheid gehad het [10] en heeltemal te dogmaties en outokraties was. Hy het 'n "inelastic and intractable mind" gehad.[11] Volgens Reitz het hy klaarblyklik ook nie besef nie dat hy en sy ondersteuners in die minderheid in die Verenigde Party was en dat hy slegs deur genl. Smuts in mag gehou is. Hy het Reitz-hulle selde gekonsulteer en by verskeie geleenthede is onaangename gebeure en onsmaaklike maatstawwe op hulle afgedwing.[12] Dit is egter vir die welsyn van die land gesluk, aangesien hulle gevoel het dat dit 'n fout sou wees om die vriendskap wat ontstaan het oor klein probleempies te verbreek.[13]

Anders as Hertzog het Smuts, volgens Reitz, regte staatsmanskap getoon. Alhoewel van sy volgelinge geglo het dat hy soos 'n swakkeling vir sekere beledigings toegegee het, het Smuts aan hulle gesê dat hulle geduldig moet wees. Volgens Smuts was hulle in 'n belangrike poging om Afrikaans- en Engelssprekendes te oortuig om saam te werk, betrokke en indien daar 'n tyd kom waarin hulle moes skeur, sou dit oor 'n vraag van nasionale belang wees en nie oor onbenullige argumente nie.[14]

---

[9] R. Lacour-Gayet, *A history of South Africa*, p. 275.
[10] D. Reitz, *No outspan*, p. 236.
[11] *The Times*, 15/09/1939, S. African decision. Inner History, p. 7.
[12] D. Reitz, *No outspan*, p. 236.
[13] *The Times*, 15/09/1939, S. African decision. Inner History, p. 7.
[14] D. Reitz, *No outspan*, p. 236.

## *8.1 Die 1934-parlementsitting*

Die regering se werksaamhede het normaal voortgegaan, met die gevolg dat Reitz die 1934-parlementsitting uiters vervelig gevind het. Al wat hy in sy herinneringe daaroor kon onthou, was lang debatte oor 'n duistere grondwetlike saak of die Britse kroon verdeelbaar of onverdeelbaar was. Vir hom was dit so ver verwyder van die realiteit as die Middeleeuse argumente oor hoeveel engele op die punt van 'n naald kon staan. Sy oplossing: hy het in Valsbaai vis gevang.[15]

*Hansard* reflekteer egter dat hy tydens die 1934-Parlementsitting veel aktiewer was as wat hy in *No outspan* te kenne gee. Op 29 Januarie het hy versoek dat 'n gekose komitee aangestel moet word om 'n verslag met aanbevelings in verband met die vervreemding van Kroongrond of serwitute daaroor, of voorwaardes in verband daarmee, of die vermindering van die aankoop- of toekenningsprys daarvan, uit te bring - 'n versoek wat toegestaan is.[16] Hy het ook 'n voorstel vir die kwytskelding van die hoofsom en rentebedrae ten opsigte van 14 verskillende besproeiingskemas ingedien. Volgens hom kon dit die indruk skep dat die regering erken dat besproeiing 'n mislukking was, maar dat dit geensins die geval was nie. Ervaring het glo geleer dat besproeiingskemas net so min 'n gunstige wins- en verliesrekening kon toon as die oprig van 'n pad, brug of openbare gebou. Hy was ook van mening dat alle besproeiingskemas in die toekoms ruim subsidies van die staat af sou moet ontvang en dat die afskrywing op bestaande skemas gesien moet word as 'n eerste stap van 'n beleid van staatsubsidies vir besproeiingswerke.[17] Die opposisie se reaksie was dat die land vir Reitz se voorstelle oor besproeiing en die afskrywing van groot bedrae geld bang was. Wat wel hulle goedkeuring weggedra het, was dat hy besproeiingskemas wou gebruik om die werkloosheidsvraagstuk op te los.[18] Die bespreking van die onderwerp is ten einde laaste na die Gekose Komitee vir Besproeiing vir

[15] D. Reitz, *No outspan*, p. 180.

[16] SAB, SRP1/3/41, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Tweede Sitting – Sewende Parlement, 26 Januarie tot 4 Junie 1934, deel 22 (26 Januarie tot 20 April 1934), kol. 19.

[17] *Ibid.*, kol. 20-22.

[18] *Ibid.*, kol. 27-28.

bespreking verwys[19] waar 'n warm debat daaroor gevoer is. Reitz het die komitee geopen met die stelling dat 'n deel van die publiek van mening was dat hy vir die afskrywings verantwoordelik was en dat hy sy begrip van wat redelik was in verband met besproeiings-aangeleenthede, verloor het. Volgens hom het mense gedink dat hy in die plattelandse distrikte rondgejaag het om geskenke uit te deel en dat hy hom onder die besproeiers bemind gemaak het deur allerhande beloftes aan hulle te maak. Hy het homself egter verdedig deur te sê dat slegs een van die items onder bespreking van hom afkomstig was. Die res van die voorstelle het van die Besproeiingskommissie af gekom.[20] Sy verduideliking is nie sonder meer aanvaar nie. R.H. Henderson, Volksraadslid van Hospitaal, het gesê dat hulle nog nooit 'n somberder verslag van enige minister oor enige onderwerp ontvang het as die een van Reitz nie. Hy het gemeld dat Reitz se verklaring die land soos 'n bliksemstraal uit 'n helder hemel sou tref, aangesien niemand besef het dat al die miljoene wat Reitz genoem het, heeltemal verdwyn het nie.[21] Ten spyte van hierdie teenkanting is Reitz se voorstelle op die ou end aangeneem.[22]

Sy werksaamhede het nie by bogenoemde sake geëindig nie. Hy het ook 'n wetsontwerp ingedien waarvolgens die regering beheer oor strande kon uitoefen,[23] asook 'n wysigingswetsontwerp op Landbouplae.[24] Op 10 Oktober 1934 is hy boonop vir 'n beperkte tydperk as waarnemende Minister van Justisie in Jan Smuts se afwesigheid aangewys.[25]

Alhoewel Reitz uit 'n politieke oogpunt 'n vervelige jaar mag gehad het, was 1934 'n jaar waarin hy in sy persoonlike hoedanigheid verskeie terugslae beleef het. Die eerste hiervan het op 27 Maart plaasgevind toe sy vader op 89-jarige ouderdom oorlede is. Uit erkenning vir sy rol in die Suid-Afrikaanse

---

[19] SAB, SRP1/3/41, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Tweede Sitting – Sewende Parlement, 26 Januarie tot 4 Junie 1934, deel 22 (26 Januarie tot 20 April 1934), kol. 142-143.

[20] *Ibid.*, kol. 1763-1764.

[21] *Ibid.*, kol. 1787.

[22] *Ibid.*, kol. 1803.

[23] *Ibid.*, kol. 789-792.

[24] *Ibid.*, kol. 1739.

[25] SAB, URU, 2272-2345, Minuut nr. 2299, Aanstelling van Deneys Reitz as waarnemende Minister van Justisie, 10/10/1934.

geskiedenis het F.W. Reitz 'n staatsbegrafnis ontvang en eer is aan hom betoon deur Smuts en Hertzog wat van sy kisdraers was.[26] Soos reeds in 'n vorige hoofstuk aangetoon, het Deneys en F.W. Reitz min kontak in die laaste jare voor sy dood gehad, maar dit moes nietemin vir hom 'n gevoelige slag gewees het. Ten spyte van hulle verskillende politieke benaderings het Deneys groot respek vir sy vader gehad en sou F.W. Reitz se toekomstige afwesigheid 'n groot leemte in sy lewe laat.

Die tweede terugslag het in Augustus 1934 plaasgevind terwyl Reitz en sy vrou Suid-Rhodesië as gaste van dié land se regering besoek het. Tydens die besoek is hulle gul onthaal en moes hulle verskeie bankette en danse wat vir hulle gehou is, bywoon. Reitz moes ook 'n landbouskou open en toesprake by al die verskillende funksies lewer. Hulle besoek is egter kortgeknip met die nuus dat Michael, hulle jongste seun, in 'n ongeluk was en in 'n kritieke toestand in die hospitaal gelê het. Die oorsaak van dié ongeluk is nie bekend nie, maar sy skedel was gekraak en sy gesig papgeslaan - 'n groot bekommernis vir enige ouer. Na 'n maand was hy, tot Deneys se groot verligting, buite gevaar. Ten spyte van die somberheid van dié situasie het 'n gesprek tussen Hjalmar en Deneys gewys hoeveel hy regtig vir sy seun omgegee het. Terwyl Hjalmar na Michael se verminkte gesig gestaan en kyk het, het hy aan Deneys gesê: "As Michael resembled you before the accident, any alteration must be an improvement." Deneys was so bly dat Michael besig was om te herstel dat hy hierdie skreiende poging tot humor gelate aanvaar het.[27]

## 8.2 Minister van Landbou

Teen die einde van 1934 het Reitz van portefeulje verander. Genl. Kemp se gesondheid het begin verswak en Reitz het by hom as Minister van Landbou en Bosbou oorgeneem.[28] Sy aanstelling is amptelik in die Buitengewone

---

[26] D. Reitz, *No outspan*, p. 180.
[27] *Ibid.*, pp. 184-185.
[28] *Ibid.*, p. 186.

Staatskoerant van 8 Januarie 1935 aangekondig.[29] Volgens hom was sy taak as Minister van Lande moeilik, maar hy het eers besef wat probleme was toe hy die pos van Minister van Landbou en Bosbou oorgeneem het. Mieliepryse was laag, koringpryse het tot onder die produksiekoste gedaal, die vrugte- en sitrus-industrieë het stilgestaan, ko-operatiewe organisasies het hulp gesoek en tabakkwekers, beestelers en melkboere het op die onmoontlike aangedring. Vir Reitz was dit soos 'n hofsaak in die hel waar die arme Minister van Landbou wonderwerke moes verrig. Hy het uiteindelik verstaan waarom Kemp se gesondheid daaronder gely het.[30]

Soos met sy aanstelling as Minister van Lande het die portefeulje van Landbou en Bosbou ook reg in sy kraal gepas. Reitz het 'n lewendige belangstelling in landbou- en bosbou-aangeleenthede gehad en van 1938 tot 1944 het hy as President van die Suid-Afrikaanse Bosbouvereniging gedien. In *No Outspan* en ook tot 'n mindere mate in *Commando* en *Trekking on*, het Reitz verskeie kere oor die fauna en flora van Suid-Afrika geskryf. Onderwerpe wat oor die bosbedryf gehandel het soos die impak wat die beskerming van natuurlike woude op die bewaring van grond- en water hulpbronne gehad het, het hom geïnteresseer. In die eerste uitgawe van *Die Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Bosbouvereniging* het hy die vernietiging van die inheemse woude in Noord-Zoeloeland, wat hy oor 'n tydperk van 15 jaar waargeneem het, betreur. Die oorlewing van bruikbare en sier plantsoorte was 'n verdere belangstelling van hom, met veral die dreigende uitdelging van die reuse palm (Raphia vinifera) in Zoeloeland 'n groot bekommernis. Sy belangstelling het egter nie by plante en diere gestop nie en hy het ook aan die menslike element aandag gegee. Hy het die welsyn van bosbouers ernstig opgeneem en enigiets in bosbou arbeidsooreenkomste wat na onnodige beperkings gelyk het, het die latente sielkundige in hom laat rebelleer. Tydens 'n besoek aan die Forests Products Institute in Pretoria-Wes in 1938 het hy 'n hele oggend aan die inspektering van alle sae, masjinerie en navorsingsaktiwiteite van die Instituut gewy. Hy was boonop 'n

---

[29] SAB, GG, 1125, 23/775, Appointment of Deneys Reitz as Minister of Agriculture and Forestry.
[30] D. Reitz, *No outspan*, p. 186.

ywerige leser van die Bosbouvereniging se joernaal en het by tye addisionele kopieë daarvan gekoop om artikels wat van spesiale belang vir hom was, onder sy vriende te versprei.[31]

Belangstelling en entoesiasme in bosbousake het egter nie verhoed dat Reitz onder kritiek deurgeloop het nie. I.B. Pole-Evans, 'n mikoloog, plantkundige, grasdeskundige en pioniernatuurbewaarder,[32] het Reitz se Bosbou-kennis ernstig in twyfel getrek. In 1935 skryf hy aan Jan Smuts dat die regering in baie gevalle gefouteer het deur eksotiese bome aan te plant. Sy rede hiervoor was dat eksotiese bome groter grondgebied as inheemse plantegroei vereis en gevolglik groter aanspraak op ondergrondse water maak. Die gevolge daarvan was besig om reg deur die land te verskyn. Hy meld nie wat dié gevolge was nie, maar wel dat die posisie volgens hom baie ernstiger was as wat dit voorgekom het. Hy was verder van mening dat Reitz werk van die saak moes maak voordat iemand buite sy departement daarvan bewus word en die regering daarmee begin striem. Hy skryf ook, in 'n ietwat neerhalende toon, dat hy sy standpunt so eenvoudig as moontlik gestel het sodat Reitz sy posisie kon verstaan. Volgens hom het die Departement van Bosbou die aandag en beheer van iemand nodig gehad wat dit werklik verstaan het en alle aspekte daarvan kon waardeer.[33] Geen antwoord van Smuts kon op hierdie uitsprake gevind word nie.

## *8.3 Reitz se bevoegdheid in twyfel getrek*

Pole-Evans was nie die enigste persoon wat Reitz se bevoegdheid in twyfel getrek het nie. Hy is gereeld deur sy teenstanders daarvan beskuldig dat hy 'n onbevoegde minister was. Volgens mnr. E.A. Conroy, Volksraadslid vir Hoopstad, was die grootste sukses wat Reitz ooit behaal het om 'n komedie van die Volksraad te maak. Conroy het Reitz beskryf as 'n nar wat goed

---

[31] Van die Redaksie, Our late president, *Die Tydskryf van die Suid-Afrikaanse Bosbouvereniging,* no. 12, Desember 1944, pp. 1-2.

[32] C.J. Beyers (hoofred.) en J.L. Basson (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*, p. 636.

[33] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 238, privaat briewe 1935, nos. 1–244 (131), I.B. Pole-Evans – J.C. Smuts, 08/03/1935.

verstaan het hoe om die Volksraad met nonsens te vermaak. Om sy standpunt te motiveer, het Conroy gesê dat alhoewel Reitz ‘n prokureur van beroep was en hy ‘n besigheid in Heilbron begin het, hy nie ‘n lewe daaruit kon maak nie.[34]

Op 24 Mei 1932 het Reitz, in dié stadium nog deel van die opposisie, in die Volksraad gesê dat dit vir hom lyk asof die regering nie in staat was om politieke spoorweë te bou nie, maar op politieke besproeiingskemas fokus. E.G. Jansen, die Minister van Naturellesake, het hierop geantwoord dat Reitz op sy “...customary wild and irresponsible manner...” goed sê wat glad nie waar is nie. Hy het Reitz daarvan beskuldig dat hy ernstige sake in die Volksraad onverantwoordelik benader. Tydens dieselfde debat het Z. Wolfaard, Volksraadslid vir Worcester, die stelling gemaak dat alhoewel Reitz ‘n voorbanker was, hy somtyds goed gesê het wat nie net onverantwoordelik was nie, maar selfs beledigend. Volgens Wolfaard het mens ook nie nodig gehad om veel ag op Reitz se toesprake te slaan nie, aangesien hy na goed verwys het waarvan hy niks geweet het nie.[35]

Volgens S.P. le Roux, Volksraadslid vir Oudtshoorn, het Reitz sy gebrek aan kennis oor besproeiing gewys met sy stelling dat “...if you give water away you need not irrigate less”. Le Roux het ook gesê dat Reitz nie sy onkunde moes wys nie oor hoe afleidingsdamme langs die Vaalrivier die hoeveelheid grond wat besproei sou word, sou laat toeneem.[36] Op 20 Februarie 1935 het D.C. Burnside, Volksraadslid vir Durban-Umbilo, Reitz daarvan beskuldig dat hy “onsamehangend” dink.[37] Tydens die debat oor die Bemarkingswetsontwerp het Burnside sy opmerkings verder geneem en Reitz as Suid-Afrika se mees niksseggende en ontwykende minister beskryf.

[34] SAB, SRP1/3/33, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Sixth Parliament, 30th January to 6th June 1931, vol. 17 (13th April to 6th June 1931), 20/04/1931, kol. 2652-2653.

[35] SAB, SRP1/3/35, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fourth Session – Sixth Parliament, 18 November 1931 to 27 May 1932, vol. 19 (5th April to 27 May 1932), kol. 5222, 5224-5225 en 5230.

[36] SAB, SRP1/3/55, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fifth Session – Seventh Parliament, 8th January to 17 May 1937, vol. 28, kol. 853 en 855.

[37] SAB, SRP1/3/46, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Derde Sitting – Sewende Parlement, 11 Januarie tot 4 Mei 1935, deel 24 (11 Januarie tot 15 Maart 1935), kol. 1940.

Volgens hom het Reitz stellings gemaak soos dat as die wet nie hierdie jaar help nie, dit die volgende jaar sou help. As die sprinkane nie hierdie jaar wegvlieg nie, sou hulle dit die jaar daarna doen. As dit nie hierdie jaar reën nie, sou dit miskien die volgende jaar reën. Die Bemarkingswet het volgens Burnside geen bevredigende oplossing vir die landbouprobleem verskaf nie en Reitz kon ook nie antwoorde daarvoor verskaf nie.[38]

W.B. Madeley, Volksraadslid vir Benoni, het op 2 Februarie 1937, tydens 'n bespreking oor koringpryse, gesê dat Reitz 'n verwronge beeld van die uitvoering van sy eie magte gehad het. Hy het nie beheer oor monopolieë verkry nie, maar hy het dit baie strenger toegepas as wat dit ooit vantevore toegepas is.[39] Tydens dieselfde sessie is Reitz daarvan beskuldig dat hy nie dié saak ernstig opgeneem het nie. Dominee C.W.M. du Toit, Volksraadslid vir Colesberg, het gesê dat "...the Minister is not acting in a nice way, and he must not act like that", na aanleiding daarvan dat hy die vertrek verlaat het om 'n telefoonoproep te gaan beantwoord.[40] Op 16 Februarie 1938 het J.G. Derbyshire, Volksraadslid vir Durban-Greyville, Reitz 'n amateur-minister genoem[41] en op 2 Augustus 1938 het J.S. Marwick, Volksraadslid vir Illovo, aan Reitz gesê dat die feite wat hy aanhaal partykeer verkeerd is.[42]

Op 16 Augustus 1938 is hy daarvan beskuldig dat hy 'n vreemdeling vir sy eie departement was en dat hy niks daarvan af weet nie. Reitz se verweer hierteen was dat die agbare lid van Krugersdorp, M.J. Van den Berg, wat dit aan hom gesê het, nie geweet het waarvan hy praat nie en dat hy nie net sy eie voet daarin gesteek het nie, maar al vier sy pote.[43] Marwick het op 9 Mei 1939 gesê dat Reitz se "sierlike taal" goed bekend is, maar dat hy, Marwick, hom nie deur plat beledigings laat weerhou of afgelei word nie. Tydens

---

[38] SAB, SRP1/3/55, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fifth Session – Seventh Parliament, 8th January to 17 May 1937, vol. 28, kol. 1006.
[39] *Ibid.*, kol. 1031.
[40] *Ibid.*, kol. 1062.
[41] SAB, SRP1/3/58, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Sesde Sitting – Sewende Parlement, 11 Februarie tot 16 Maart 1938, deel 31, kol. 146.
[42] SAB, SRP1/3/60, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Eerste Sitting – Agste Parlement, 22 Julie tot 24 September 1938, deel 32, kol. 461.
[43] *Ibid.*, 1071-1072.

dieselfde debat het hy ook aan Reitz gesê dat Reitz sonder twyfel trots daarop was dat hy berug was as die vernaamste grapmaker in die Volksraad.[44] Selfs genl. Hertzog het hom nie daarvan weerhou om Reitz – wat hy genoem het - se gebrek aan kennis uit te wys nie. Tydens 'n debat oor die Oorlogsmaatreëlswetsontwerp op 1 April 1940 het Reitz met 'n tussenwerpsel tydens 'n Hertzog-toespraak ontken dat die S.A.P. vir 'n Kabinetsbesluit ten gunste van neutraliteit gestem het. Hertzog het sarkasties hierop geantwoord dat hy "...dit goed verstaan as die agb. Minister van Naturellesake dit ontken. As hy aan my sê dat hy van iets nie weet nie, dan wil ek dit aanneem".[45] In sy aantekeninge oor verrigtinge in die Parlement het Hertzog op 1 Mei 1930 tydens die derde lesing van die Ontwerp op Oproerige Byeenkomste, die opmerking gemaak dat "Deneys Reitz soos gewoonlik 'n lakei van Smuts"[46] is - 'n verdere teken dat hy nie veel van Reitz se vermoëns of kennis gedink het nie.

In 1942 is beweer dat Reitz nie vir sy departement verantwoordelikheid aanvaar nie en dat hy baie agterlosig was. Volgens C.H. Geldenhuys, Volksraadslid vir Prieska, het hy vrae in die parlement daaroor op 'n ligsinnige en beledigende wyse gehanteer. Volgens Geldenhuys het hy geweet dat jy soms 'n pampoen oopbreek en dan is dit sponserig aan die binnekant, maar hy wou nie so beledigend soos Reitz wees en dit op hom van toepassing maak nie. Hy het gehoop Reitz sou in die toekoms minder beledigend wees. Volgens Geldenhuys het hulle Reitz geken. Hy was baie onverantwoordelik en dan sê hy goed wat hy moet onttrek.[47]

Reitz is ook daarvan beskuldig dat hy en die Departement van Landbou daarvoor verantwoordelik was om staatsamptenare wat nie lede van die S.A.P. was nie, af te dank of na afgeleë gebiede te verplaas. Dit het

---

[44] SAB, SRP1/3/60, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Tweede Sitting – Agste Parlement, 3 Februarie tot 16 Junie 1939, deel 34 (12 April tot 19 Mei 1939), kol. 4445, 4450 en 4454.

[45] SAB, SRP1/3/70, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Vierde Sitting – Agste Parlement, 4 Maart tot 12 April 1940, deel 38, kol. 4070.

[46] C.M. van den Heever, *Generaal J.B.M. Hertzog*, p. 565.

[47] SAB, SRP1/3/81, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Sixth Session – Eight Parliament, 12th January to 18th April 1942, vol. 44, p. 4070.

klaarblyklik met sprinkaanamptenare en voorraadinspekteurs gebeur. Reitz het egter hierdie bewering ontken. Volgens hom het dit nie plaasgevind vir politieke redes nie, maar was hy in ‘n baie moeilike posisie geplaas omdat hy as minister verantwoordelik was vir die aanstelling van personeel. As hy ‘n lid van sy eie party aangestel het, het die opposisie gesê dat hy een van sy eie ondersteuners aanstel. Indien hy ‘n persoon van ‘n opposisieparty aanstel, het sy eie party hom oor die vingers getik. Volgens hom het politiek geen rol in sy departement gespeel nie.[48]

Die blyk ook dat Reitz se gedurige reisery onder die opposisie deurgeloop het. Sy verweer hierteen was om hulle daarvan te beskuldig dat hulle besluiteloos was. As hy rondry, val hulle hom aan, maar as hy dit nie doen nie, vra hulle dat hy moet.[49]

Dat hy egter net so goed gegee het as wat hy ontvang het, is nie te betwyfel nie. Op 24 Februarie 1927 het Reitz aan die Minister van Openbare Werke, Walter Madeley, gesê dat hy moes bedank en op 29 Maart 1927 het hy voorgestel dat Tommy Boydell, die Minister van Arbeid, se pos afgeskaf word.[50] Op 20 April 1931 verwys Reitz na een van die opposisie as "...my good stout substantial friend, somewhat under-engined for his hull!"[51] Tydens die debat oor die koning Edward VIII abdikasiewetsontwerp op 16 Februarie 1937 is Reitz verskeie kere deur die Voorsitter aangesê om nie spesifieke terme te gebruik nie of om sy woorde terug te trek. Hy het gesê dat Marwick "...sneers and snarls as usual..." en dat sy handelsmerk skelwoorde was. Hy het Marwick ook toegesnou "You have a rooted hatred of farmers. The

---

[48] SAB, SRP1/3/55, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fifth Session – Seventh Parliament, 8th January to 17 May 1937, vol. 30 (19th April to 17th May 1937), kol. 6523-6525 en 6529.

[49] SAB, SRP1/3/60, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Eerste Sitting – Agste Parlement, 22 Julie tot 24 September 1938, deel 32, kol. 1074.

[50] SRP1/3/24, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Vierde Sitting - Vyfde Parlement, 28 Januarie tot 29 Junie 1927, vol. 8 (28 Januarie tot 14 April 1927), 23/02/1927, kol. 741 en 1974.

[51] SAB, SRP1/3/33, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Third Session, Sixth Parliament, 30th January to 6th June 1931, vol. 17 (13th April to 6th June 1931), 20/04/1931, kol. 2646.

constitutional [j]unk shop over there."[52] By 'n latere geleentheid het hy ook gevra of Marwick enigsins 'n gewete gehad het.[53] Op 25 Februarie 1937 het hy tong in die kies gemeld dat S.P. le Roux besig was om homself voor te berei vir die pos van Minister van Landbou, maar dat dit slegs in die hiernamaals sou gebeur.[54] Op 10 Mei 1937 het hy C.R. Swart, Volksraadslid vir Ladybrand, daarop gewys dat ondervinding hom geleer het dat jy eers die ander kant van 'n saak moes hoor voordat jy gevolgtrekkings maak.[55] Reitz se skerp tong het nie met verloop van tyd verbeter nie en op 17 Maart 1942 het hy C.H. Geldenhuys 'n opgeblaasde padda genoem.[56]

Dat Reitz nie onder sy teenstanders populêr was nie, blyk baie duidelik uit die bogenoemde voorbeelde. Die vraag is egter waarom nie? Hy was nie die enigste S.A.P.-lid wat toesprake gehou het of kommentaar op sy teenstanders se toesprake gelewer het nie. Die indruk bestaan egter dat beledigings en negatiewe persoonlike opmerkings 'n veel groter rol in sy lewe as in dié van sy kollegas gespeel het.[57] Die antwoord kan heel moontlik gevind word in sy eie persoonlikheid en optrede. Hy was van nature uitgesproke en het nie geskroom om sy teenstanders aan te vat nie. Sy ongekunsteldheid het boonop veroorsaak dat hy selde 'n wag voor sy mond geplaas het. Hy het gesê wat hy dink ongeag van die geselskap waarin hy was. Sy ongedissiplineerde arrogansie wat reeds voor die Anglo-Boereoorlog bestaan het, het nie die wyk geneem nie. Hierdie benadering het waarskynlik veroorsaak dat sy teenstanders gevoel het dat as hy so wil optree, hulle die reg gehad het om dieselfde te doen.

---

[52] SAB, SRP1/3/55, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fifth Session – Seventh Parliament, 8th January to 17 May 1937, vol. 28, kol. 1794, 1797 en 1798.

[53] SAB, SRP1/3/60, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Tweede Sitting – Agste Parlement, 3 Februarie tot 16 Junie 1939, deel 34 (12 April tot 19 Mei 1939), kol. 4454.

[54] SAB, SRP1/3/55, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fifth Session – Seventh Parliament, 8th January to 17 May 1937, vol. 28, kol. 2373.

[55] SAB, SRP1/3/55, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fifth Session – Seventh Parliament, 8th January to 17 May 1937, vol. 30, 19th April to 17th May 1937, kol. 6530.

[56] SAB, SRP1/3/81, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Sixth Session – Eight Parliament, 12th January to 18th April 1942, vol. 44, kol. 3933.

[57] 'n Ongetoetste indruk aangesien die toesprake en parlementêre optredes van sy kollegas nie bestudeer is nie.

## *8.4 Hofsake*

Reitz is, in sy kapasiteit as minister van verskillende departemente, verskeie kere voor die hof gedaag om die besluite of optrede van die regering te regverdig of te verdedig. So het hy byvoorbeeld op 21 Junie 1934 in die hof verskyn na aanleiding van ‘n versoek van hom dat die hof die Registrateur van Aktes verplig om enige verwysings na ‘n plot nommer 637 wat op akte 9805 van 1917 verskyn, te verwyder. Enige verwysings in die Aktekantoor dat die stuk grond aan Charles Lacy Stratton Cherry behoort, moes ook tot niet gemaak word. Die versoek is gemaak nadat ‘n kroongrondbrief oor die plot wat die regering aan die Gesondheidskomitee van die Maquassi dorp toegeken het, deur die Registrateur van Aktes vir registrasie geweier is. Volgens Reitz het die grond aan die staat behoort, maar het die Maquassi Estates Limited dit wederregtelik en sonder die minister se toestemming in 1917 aan Cherry gegee. Die hof het op die ou end in Reitz se guns beslis.[58]

In 1937 moes Reitz as Minister van Landbou in die hof verskyn in ‘n saak wat deur die Oslo Land Company Limited teen die staat gemaak is. Die maatskappy het die staat gedagvaar vir £50,000 na aanleiding van skade wat hulle gely het toe die staat in 1934 plase wat aan die maatskappy behoort het, met arseen besproei het. Al die plase was in die distrikte van Waterberg en Rustenburg geleë.[59] Op ‘n soortgelyke wyse is Reitz voor die hof gedaag oor 76 beeste, met ‘n waarde van £630.0.0, wat op 30 Januarie 1935 op die plaas Ganskuil in die distrik Rustenburg deur die polisie, in opdrag van Reitz, doodgeskiet is. Dié saak is egter later deur die klaer onttrek.[60]

In sy kapasiteit as Minister van Naturellesake is Reitz in 1941 hof toe geneem omdat hy lede van die Bakwena Ba Mogopa stam, wat te Bethanie in die Rustenburg-distrik woonagtig was, opdrag gegee het om na die Middelburg-omgewing te trek en nie sonder geskrewe toestemming van die Sekretaris

---

[58] TAB, TPD, 8/763, 430/1934, Ex Parte applikasie van Deneys Reitz in sy kapasiteit as minister van Lande, 21/06/1934.

[59] TAB, TPD, 8/879, 73/1938, Opposed Application. Oslo Land Co. Ltd. versus Deneys Reitz, 1938.

[60] TAB, TPD, 8/879, 79/1938, Opposed Application. Daniel Johannes Jacobus Terblanche versus Deneys Reitz, 23/08/1938.

van Naturellesake na Bethanie terug te keer nie. Reitz kon nie self die saak bywoon nie, aangesien hy in daardie stadium in Suidwes-Afrika was, maar is verteenwoordig deur die Ondersekretaris van Naturellesake. Dit het egter nie veel verskil gemaak nie en die hof het opdrag gegee dat Reitz redes moes verskaf waarom die hof nie die Departement van Naturellesake moes verhoed om die klaers te verskuif nie. Hy moes ook redes verskaf waarom hulle nie die kostes vir die hofsaak moes dra indien hulle die beslissing teenstaan nie. Die uiteinde van die saak was dat die klaers aangesê is om te trek soos wat hulle beveel is.[61]

## *8.5 Die eksotiese voëls wetsontwerp*

In *No outspan* skryf Reitz dat hy 'n wetsontwerp om handel in eksotiese voëls te bekamp, tydens die 1935 Parlementêre sessie ingedien het,[62] maar sy tydsplasing was waarskynlik nie heeltemal korrek nie. Die wetsontwerp op die beskerming van wilde voëls is reeds vir 'n tweede keer op 1 Februarie 1934 by die parlement ingedien,[63] 'n hele jaar voordat hy dit die eerste keer meld. Nietemin, sy rede vir die wetsontwerp was dat hy oor verskeie jare gesien het hoe kleiner voëlsoorte in die Laeveld gevang en dan na Japan en die Ooste uitgevoer word. Volgens hom het 80% van dié voëls van hartseer of vrees gesterf nog voordat hulle die skepe bereik het en het hy die wetsontwerp ingedien om hierdie wrede handel te stop.[64] Tydens die voorlees van die wetsontwerp het hy egter nog 'n rede behalwe vir die mishandeling van die voëls gegee, naamlik dat party soorte voëls bedreig was en volslae uitwissing in die gesig gestaar het.[65] Die wetsontwerp het dus uit genade en medelye

---

[61] TAB, TPD, 8/1014, 549/1941, Opposed Application. Moshe Kau and Philip Machele versus Deneys Reitz, 16/10/1941.
[62] D. Reitz, *No outspan*, p. 186.
[63] SAB, SRP1/3/41, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Tweede Sitting – Sewende Parlement, 26 Januarie tot 4 Junie 1934, deel 22 (26 Januarie tot 20 April 1934), kol. 148-149.
[64] D. Reitz, *No outspan*, p. 186.
[65] SAB, SRP1/3/41, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Tweede Sitting – Sewende Parlement, 26 Januarie tot 4 Junie 1934, deel 22 (26 Januarie tot 20 April 1934), kol. 148-149.

gespruit.[66] Die wetsontwerp is deur boere, wat bevrees was dat die instelling van dié wet tot ‘n toename in voëls en bedreiging van hulle oeste sou lei, teëgestaan. Die ironie van die wetsontwerp was egter dat dit niemand belet het om voëls dood te maak nie, maar slegs dat hulle nie in koutjies aangehou mag word nie.[67] Die bedoeling van die wet was gevolglik nie om boere te belet om voëls wat skade aan rig, uit te wis nie, maar om wreedheid te voorkom en te verhoed dat voëls wat geen probleme veroorsaak nie en wat seldsaam is, uitgeroei word.[68] Deur te volhard is die wet op die ou end goedgekeur - ‘n aksie wat Reitz later beskou het as ‘n daad van regverdigheid.[69]

Reitz se implementering van die wet is deur James Stevenson-Hamilton geloof. Hy het dit as “...wise and timely...” beskryf. Alhoewel dit nie seuns met windbukse en boere verhoed het om op die voëls wat hulle as ‘n pes beskou het, jag te maak nie, het dit die uitwissing en vang van voëls vir geldelike gewin bekamp.[70]

Na afloop van die 1935 Parlementsessie het Reitz met sy normale werksaamhede voortgegaan. In *No outspan* skep dit die indruk van ‘n dolle gejaag van een dorp na die volgende en die vraag ontstaan of hy ooit enige “regte” werk verrig het. Sy persoonlike notaboekie, soos weergegee in *No outspan*, lees oor ‘n tydperk van twee maande soos volg:

> “Flew to Capetown and thence by car to inspect irrigation scheme in the North-West. Back by air through heavy storms and thunderclouds.
> To Warrenton, Kimberley and Douglas on official business.
> To Upington, Griquatown and other centers in the Kalaharis addressing political meetings.
> By air to Uitenhage, near the south coast, to take part in a by-election. Our candidate successful.

---

[66] SAB, SRP1/3/41, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Tweede Sitting – Sewende Parlement, 26 Januarie tot 4 Junie 1934, deel 22 (26 Januarie tot 20 April 1934), kol. 599-600.
[67] *Ibid.*, kol. 152.
[68] *Ibid.*, kol. 594.
[69] D. Reitz, *No outspan*, p. 186.
[70] J. Stevenson-Hamilton, *Wild life in South Africa*, p. 302.

> Flew over the Addo Forest to see the elephant. Back to Pretoria in 4 hours and 45 minutes. Met deputations plus job hunters and people with insoluble conundrums and grievances.
>
> To the N.W. Transvaal. Travelled up along the Matlabas River to its junction with the Limpopo.
>
> Along the Magol River into the Waterbergen. For nearly a hundred miles we passed swarms of locusts whose ravages will be blamed on me. As locust extermination is part of my job.
>
> To Durban; to the Western Transvaal; to Bloemfontein to attend a Party Congress.
>
> And so it went on, with the opening of a few agricultural meetings and other functions thrown in for good measure."[71]

Indien die bogenoemde skedule in ag geneem word en daar word aangeneem dat dit die grootste gedeelte van die jaar so gegaan het, is dit ‘n wonder dat hy enigsins iets gedoen gekry het. Maar tussen hierdie rondjagery deur maak hy geleentheid vir verskeie ander aktiwiteite, onder meer om vir hom eiendom in die Drakensbergse platorand aan te skaf. Volgens hom was hierdie stuk grond mooier as enige ander in die land. ‘n Kristalhelder rivier het daardeur gevloei en blombedekte woude het daarop voorgekom. Van die kranse kon jy op ‘n groot vallei afkyk. Amper die hele laeveld het daarvandaan uitgestrek. Hy het die stuk grond Forest Glade genoem en beplan om daar na sy aftrede te gaan bly[72] - ‘n ideaal wat nooit sou realiseer nie.

‘n Tweede en veel meer persoonlike aktiwiteit wat hy in dié tydperk bedryf het, was die versameling van handtekeninge van die Republikeinse Presidente - ‘n stokperdjie wat hom ‘n heer met tipiese hoë middelklas waardes maak. Dit is ver verwyder van sy verpligtinge as minister en die probleme waarmee hy daar te doen gehad het. In beide 1934 en 1935 bedank hy C.J. Sibbett, stigter van die Nasionale Spaarbeweging en ‘n

[71] D. Reitz, *No outspan*, pp. 187-188.
[72] *Ibid*., p. 187.

ywerige versamelaar van dokumente, skilderye en foto's van C.J. Rhodes,[73] vir items wat aan hom gestuur is vir opname in sy versameling. Wat die item in 1934 was, is nie duidelik nie, maar dit blyk 'n dokument van een of ander aard te gewees het.[74] Oor die 1935-skenking is daar egter meer duidelikheid. Dit was die handtekeninge van pres. Thomas Burgers en genl. Piet Joubert. Volgens Reitz was dit 'n groot geskenk aangesien die handtekening van Burgers die enigste een was wat uit sy versameling ontbreek het.[75]

In 'n meer amptelike hoedanigheid is Reitz op 24 Januarie 1935 saam met N.C. Havenga en A.P.J. Fourie aangewys om die Suid-Afrikaanse regering te verteenwoordig in onderhandelinge met die regering van Suid-Rhodesië wat op 28 Januarie 1935 in Kaapstad sou plaasvind. Die doel van hierdie onderhandelinge was om die Unie-Suid-Rhodesië Aksynsooreenkoms van 1930 te hersien. Volmag is aan hulle toegestaan vir die ondertekening van enige ooreenkoms wat uit die onderhandelinge mag gespruit het.[76]

Sy besige lewe het ook nie verhoed dat hy politieke kommentaar op verskeie sake lewer nie. 'n Jaar na die totstandkoming van die Smelters-regering het hy introspeksie gedoen om te bepaal of dié regering 'n sukses was of nie. Sy eerste gevolgtrekking was dat dit hulle plig was om so 'n eksperiment uit te voer, aangesien daar vir die eerste keer sedert die Anglo-Boereoorlog 12 maande lank vrede in die land was. Volgens hom sou die publiek nooit weer die politieke leiers toelaat om in die onvrugbare, onproduktiewe argumente van die verlede te verval nie. Daar was egter steeds ernstige probleme wat oorkom sou moes word voordat daar algehele vrede kon wees. Sy reise die vorige 12 maande het hom die gevolgtrekking laat maak dat republikanisme dood was. Hy het ook gevoel dat sesessie onmoontlik sou wees. As mens aanneem, redeneer hy, dat 60% van die bevolking Afrikaans- en 40% Engelssprekend was, sou afskeiding nooit kon plaasvind indien die

---

[73] C.J. Beyers (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV*, pp. 599-600.

[74] UCT, Sibbett Collection, C30-43, BC50, C40.1, D. Reitz - C.J. Sibbett, 13/03/1934.

[75] UCT, Sibbett Collection, C30-43, BC50, C40.2, D. Reitz - C.J. Sibbett, 22/02/1935.

[76] SAB, URU, 1486, 251, Appointment of N.C. Havenga and D. Reitz as representatives of the Union Government at discussions with the Government of Southern Rhodesia regarding proposed revision of the Union - Southern Rhodesia customs agreement 1930, 1935.

minderheid nie daarvoor sou stem nie. Diep gesetelde sentimentele sake kon nie deur 'n parlementswet opgelos word nie. Daar was geen beweging in 'n republikeinse rigting nie en hy kon nie sien dat dit enigsins in die toekoms sou plaasvind nie. Uit 'n ekonomiese oogpunt sou dit ook 'n fout wees om van die Statebond af te skei, aangesien dit al die markte in die Noorde vir hulle sou toemaak.[77]

Reitz het die kwessie van 'n eie republiek vir Suid-Afrika ook in 1935 voor die besoekende Imperiale Perskonferensie aangespreek. Aan hulle het hy gesê dat die Suid-Afrikaanse bevolking 'n republiek sou kon stig as hulle wou, maar die vraag was of hulle dit wou doen en wat die gevolge daarvan sou wees? Volgens hom sou die eerste gevolg wees dat 'n burgeroorlog die land sou bedreig as gevolg van die wit rasse se samestelling - 60% van die bevolking was Afrikaanssprekend en die res Engelssprekend. Tweedens sou Suid-Afrika al sy markte verloor en derdens sou Suid-Afrika se veiligheid bedreig word. "As ons in Suid-Afrika 'n republiek wil stig, dan sal Engeland ons nie verbied nie. Ons hier in Suid-Afrika verlang almal vrede en so iets soos 'n republiek sal nie tot stand kom in Suid-Afrika nie, want die bevolking van Suid-Afrika wil dit nie hê nie." Volgens hom het hy hierdie standpunt gereeld in sy hoedanigheid as minister gebesig, maar het niemand hom al ooit daaroor aangevat nie.[78]

Hierdie standpunte toon duidelik dat Reitz òf met oogklappe deur die lewe gegaan het en die realiteite van die dag geïgnoreer òf verkeerd verstaan het, of deur die gunstige ekonomiese toestande van die middel dertigerjare mislei is. Alhoewel die tydperk wat op koalisie gevolg het 'n moeilike een vir D.F. Malan en sy volgelinge was, het die ekonomiese opbloei met 'n hernuwing van Afrikaner kulturele aktiwiteite gepaardgegaan. Op die ou end het beide hierdie bewegings saamgewerk om Malan se organisasie weer lewe te gee.[79]

---

[77] *The Cape Times*, 21/03/1934, No need for alarm. Colonel Reitz on the status bill. Issue fogged by Jingoes. Menace of quibbling by lawyers, p. 9.

[78] *Die Volksblad*, 05/03/1935, Boodskap van kol. Reitz aan Empire. Beweer dat Suid-Afrika geen Republiek wil hê nie. Sal Engeland in oorlog help. Voorspel goeie verstandhouding as meerderheid vir minderheid swig, p. 1.

[79] D. W. Krüger, *The making of a nation*, pp. 186-188.

Die N.P. se partymasjinerie en –organisasie is opgeknap. In 1939 is 'n nuwe partyvaandel daargestel en 'n Inligtingsburo het inligting oor politieke gebeure aan die kiesers verskaf.[80]

Die Republikeinse ideaal het geensins van die toneel verdwyn nie en die Afrikaners wat hulle nie kon vereenselwig met die stigting van die Verenigde Party nie, het nooit hierdie gedagte laat vaar nie. Die N.P. het die groot kampvegter vir dié ideaal geword. Op 5 Julie 1935 het dié Party se Federale Raad die volgende formulering van die republikeinse ideaal goedgekeur: "Die party is daarvan oortuig dat die republikeinse staatsvorm, afgeskei van die Britse kroon, hom die beste aanpas by die tradisies, omstandighede en aspirasies van die Suid-Afrikaanse volk en hy sal die republikeinse ideaal daarom beskerm en nastreef"[81] - duidelik ideale en standpunte wat loodreg teen Reitz se stellings indruis.

Hoe groot die skeiding tussen Reitz en sy politieke teenstanders was, kan duidelik gesien word in 'n toespraak wat hy in 1935 oor Cecil John Rhodes tydens die Rhodes Gedenkdiens by Groote Schuur gelewer het. Die N.P. sou hulle nie maklik met sy woorde kon vereenselwig nie. Hy het sy toespraak begin met die woorde dat hy vir die grootste gedeelte van sy lewe 'n toegewyde teenstander van Rhodes was. Hy het grootgeword met die gedagte dat Rhodes 'n Korsikaanse bullebak en openbare vyand nommer een was. Toe die burgers op kommando teen die einde van die Anglo-Boereoorlog verneem het dat Rhodes met sy afsterwe Groote Schuur nagelaat het as toekomstige woning van die Eerste Minister van 'n verenigde Suid-Afrika, het hulle dié nuus met veragtende ironie verneem. Hulle het drie jaar lank teen Brittanje geveg en dit was vir hulle 'n bittere gespot dat Rhodes van 'n verenigde Suid-Afrika en 'n Eerste Minister in Groote Schuur gepraat het, veral in 'n tyd waarin dit gelyk het of daar nooit weer vrede en eenheid sou wees nie. Maar tog, minder as tien jaar later, het 'n wonderwerk gebeur

---

[80] P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), *Die Nasionale Party IV: Die "Gesuiwerde" Nasionale Party, 1934-1940*, pp. 30-31.
[81] G.D. Scholtz, *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner 1924-1939 VII*, pp. 454-458.

en Rhodes se visie het gerealiseer. Reitz het sy mening oor Rhodes verander en hy beskryf hom as ‘n “...great Englishman and a great South African”. Die feit dat hy dit in daardie stadium kon sê, dien as ‘n herinnering van hoe maklik ‘n voormalige vyand ‘n huidige vriend kon word en hoe, onder die helende invloed van Suid-Afrikaanse sonskyn, geen vete, geen grief ooit tot op die been deurdring nie. Dit moes egter ook as ‘n waarskuwing dien. Dit het gereeld in die verlede gebeur dat die inwoners van dié land begin stry oor aangeleenthede en dat hulle dan net ‘n aantal jare later uitvind dat daar tog nie so ’n groot verskil tussen hulle was nie en dat hulle langs verskillende roetes en hoeke dieselfde ideale nagestreef het. Hoe gereeld het dit nie in die verlede gebeur dat hulle geargumenteer het, net om later uit te vind dat hulle argumente hulle uitgewoed het en dat hulle baie keer vergeet het hoe dit enigsins ontstaan het. Hy het gedink dat indien hulle ooit weer by soortgelyke voorvalle betrokke sou raak, hulle moes onthou dat die geskiedenis homself herhaal en dat hulle weer eens argumenteer oor leë wagwoorde en akademiese formules vanuit verskillende paaie en hoeke, terwyl hulle dieselfde doelwitte nastreef.[82]

Reitz se standpunte oor die Britse Statebond het ook nie ooreengestem met dié van die N.P. nie. In Maart 1935 het hy tydens ‘n noenmaal van die Imperiale Perskonferensie, wat in Suid-Afrika getoer het, sy bewondering vir die karakter, moed en sin vir eerlike handeling van die Britse volk uitgespreek. Hy het ook ‘n diep gesetelde vertroue en geloof in die Britse Statebond as die een enkele stabiele faktor in die wêreld, betoon. Hy was van mening dat enige krisis deur gemeenskaplike belange en welwillendheid eerder as prokureurs opgelos sou word. “We should be fools indeed, he said, to sacrifice our interests, our peace, and our security by breaking away from a confederation of free peoples helping one another to live and each cherising its own liberty.”[83] Hy was verder ook van mening dat indien Brittanje

---

[82] UCT, Finch Collection, BC1019, The life and work of Cecil Rhodes. Col. Deneys Reitz’s fine tribute to a “great South African”, artikel in *The Cape Argus*, 1935.
[83] *The Times*, 06/03/1935, An Empire of free peoples, p. 15.

weer in 'n oorlog betrokke sou raak Suid-Afrika hulle sou ondersteun soos gedurende die Eerste Wêreldoorlog.[84]

Ten tye van dié toespraak het hy ook gereageer op 'n gevoel in oorsese lande dat swartmense in Suid-Afrika mishandel word. Hy het aan die Imperiale Perskonferensie-lede die versekering gegee dat dit nie die geval was nie. Om sy standpunt te regverdig, meld hy dat daar in geen enkele geval tekens was dat swartmense wat in boere se diens was, deur hulle mishandel word nie. Hy het ook daarop gewys dat indien swartmense mishandel is, hulle nie bereid sou wees om vanuit die protektorate oor die Unie se grense te stroom om in Suid-Afrika te werk nie. Hy was van mening dat die buiteland oortuig moet word dat die Protektorate van Suid-Afrika afhanklik was en dat hulle so gou moontlik by die Unie moet inskakel.[85]

## 8.6 Die 1935 Ryks Parlementêre Vereniging Konferensie in Londen

Geleentheid is aan Reitz gebied om hierdie standpunte van hom in Brittanje te gaan verkondig toe hy verkies is om as leier van die Suid-Afrikaanse delegasie die 1935 Ryks Parlementêre Vereniging byeenkoms te gaan bywoon[86] - 'n konferensie wat met die silwer jubileum vieringe in Brittanje saamgeval het. Die res van die Suid-Afrikaanse delegasie het bestaan uit kapt. Maurice Green, Klerk van die Senaat (R.N.V.R.), senator Gustav Hartog, genl. Johannes Jacobus Pienaar (L.V.), lt.kol. Karel Rood (L.V.), mnr. Lourens Jacobus Steytler (L.V.) en kapt. Colin Bain-Marais (L.V.).[87]

---

[84] *Die Volksblad*, 05/03/1935, Boodskap van kol. Reitz aan Empire. Beweer dat Suid-Afrika geen Republiek wil hê nie. Sal Engeland in oorlog help. Voorspel goeie verstandhouding as meerderheid vir minderheid swig, p. 1.

[85] *Ibid.*, p. 1.

[86] D. Reitz, *No outspan*, p. 188.

[87] *The Times*, 04/07/1935, Legislators in London. Gathering from the Empire. Visit of a month, p. 14.

Reitz se vorige besoek aan Brittanje was tydens die Eerste Wêreldoorlog en hy het daarna uitgesien om weer in Europa te wees.[88] Met Jan Smuts wat op 18 Junie 1935 aangestel is om na die Departement van Landbou en Bosbou tydens sy afwesigheid om te sien,[89] het hy dus geen probleme gehad om so gou as moontlik te vertrek nie.

Die konferensie sou amptelik op 3 Julie 1935 begin,[90] maar Reitz het reeds ‘n maand vroeër uit Suid-Afrika vertrek.[91] Te oordeel aan al die plekke wat hy en sy privaatsekretaris, Henry W.A. Cooper, besoek het, was dit ‘n goed georganiseerde vakansie, waarskynlik op staatsonkoste, aan plekke wat Reitz nie vantevore gesien het nie. Hulle het per vliegtuig van Suid-Afrika deur Noord-Rhodesië, verby Kilimandjaro tot in Nairobi, gereis. Van Nairobi is hulle na die groot mere en in die lug langs die Nyl af. Hulle het by Khartoem, Luxor en Kaïro geland en grafkelders, tempels, museums, kerke en die piramides besoek. In Egipte het Reitz ook die 1st Royal Scots Fusiliers, die bataljon wat hy tydens die Eerste Wêreldoorlog aangevoer het en wat aan die Suezkanaal in garnisoen gelê het, by Ismaila gaan inspekteer. Vanaf Kaïro is hulle na Alexandria en vandaar na Griekeland, Italië, Switserland, Frankryk en uiteindelik oor die Engelse kanaal na Londen.[92]

Die res van die Suid-Afrikaanse afvaardiging het ‘n week na Reitz in Londen gearriveer en ‘n besigtigingsreis met toesprake en onthale waartydens hulle almal amper dood is van die gasvryheid, het ‘n aanvang geneem. Hulle het die Britse Laerhuis en baie ander plekke van belang gaan besoek.[93] Konferensies is gehou oor landbou, finansies en geldhandel. Praatjies is gelewer oor buitelandse sake, die Britse vloot en die ontwikkeling van lugvaart. Die afgevaardigdes is deur die koning in Buckinghampaleis onthaal,

---

[88] D. Reitz, *No outspan*, p. 188.

[89] SAB, URU, 1524, 1834, Appointment of general the right honourable J.C. Smuts to act as Minister of Agriculture and Forrestry during the absence of Col. D. Reitz, 1935.

[90] *The Times*, 06/06/1935, Legislators of the Empire. Gathering in London, p. 7.

[91] SAB, URU, 1524, 1834, Appointment of general the right honourable J.C. Smuts to act as Minister of Agriculture and Forrestry during the absence of Col. D. Reitz, 1935.

[92] D. Reitz, *No outspan*, pp. 188-190.

[93] *Ibid.*, p. 190.

hulle het partytjies van die Prins van Wallis en die Hertog van Kent bygewoon en het die Hertog en hertogin van York en die hertog van Gloucester ontmoet. Onthale is vir hulle gehou by die Ryksinstituut en Guildhall, die London County Council en hulle was ook teenwoordig gewees by drie hersieningsessies van die verdedigingstelsel deur die koning. Teen die einde van hulle verblyf in Londen het hulle besoek by verskeie provinsiale sentrums as gaste van die burgerlike owerhede afgelê. Die doel hiervan was om iets te leer van die hoofbelange en industriële aktiwiteite van die Verenigde Koninkryk.[94]

Die industriële toer wat vir die afgevaardigdes deur Brittanje gereël is, het op 18 Julie begin. Hulle het van Eustonstasie, Londen, na Birmingham vertrek en van daar na Cardiff gereis. Op 21 Julie is hulle na Manchester en twee dae later na Liverpool, net om op 24 Julie na Londen terug te keer. Op 25 Julie het hulle na Edinburg gereis, Glasgow, Leeds, Sheffield en Bradford besoek en die toer is op 31 Julie via St. Pancrasstasie in Londen afgesluit.[95]

Die saamtrek van die Ryks Parlementêre Vereniging in Londen is deur delegasies van Kanada, Australië, Nieu-Seeland, Suid-Afrika, die Ierse Vry Staat, Indië, Suid-Rhodesië, Ceylon, Noord-Ierland en die wetgewende liggame van Bermuda, Barbados en die Bahamas bygewoon.[96] Dit het aan die Suid-Afrikaanse afgevaardigdes geleentheid gegee om skouers te skuur met vooruitstrewende persone soos Langstaff Bowman (Speaker van die Kanadese Volksraad), R.G. Menzies (Australiese Prokureur-generaal en Minister vir Nywerheid), sir Abdur Rahim (President van die Sentrale Wetgewende Vergadering van Indië) en sir Baron Jayatilika (President van die Staatsraad van Ceylon). In 'n betekenisvolle aanduiding van sy statuur buite Suid-Afrika, is Reitz ook deur *The Times* onder hierdie uitgelese groep persone getel.[97]

---

[94] *The Times*, 04/07/1935, Legislators in London. Gathering from the Empire. Visit of a month, p. 14.
[95] *The Times*, 18/07/1935, Empire Parliamentary Conference. Methods of contact, p. 10.
[96] *The Times*, 04/07/1935, Legislators in London. Gathering from the Empire. Visit of a month, p. 14.
[97] *The Times*, 04/07/1935, M.P.'s of the Empire, p. 15.

Verrigtinge het op 4 Julie afgeskop toe die Suid-Afrikaanse delegasie deur die President van die Raad van Goewerneurs en die Direkteur van die Ryks Instituut by laasgenoemde instansie onthaal is - 'n onthaal waartydens die hertog en hertogin van York ook teenwoordig was.[98] Die dag daarna is 'n verwelkomingsete vir al die afgevaardigdes in die Victoria Hotel, Northumberlandlaan, gehou. Tydens dié onthaal het Reitz 'n toespraak gelewer waarin hy gesê het dat hy waarskynlik die vreemdste, maar tog interessantste, delegasie lei. Ongeveer die helfte van die Suid-Afrikaanse gesante het die wapen teen Brittanje opgeneem, van hulle was in die tronk vir rebellie en hyself is oor die landsgrense deur Britse soldate gemarsjeer na ballingskap. Maar nou was hulle almal vriende en gelukkig om lede van die Statebond te wees. Volgens hom het die Suid-Afrikaanse delegasie as 'n voorbeeld gedien van die samestelling van die Statebond, wat nie gebaseer was op enige mag of wapens nie, maar op vriendskap, gemeenskaplike belange, minsaamheid en goedgesindheid. Hy was van mening dat dit slegs op dié terme was wat die Statebond sou kon oorleef. In Suid-Afrika het hulle besef dat demokrasie 'n duur en omslagtige masjien was, maar dat dit beter was as die chaos van burgeroorlog. In die Unie het hulle dus 'n staat van tevredenheid bereik, aangesien hulle geweet het dat die Statebond aan hulle vrede en sekuriteit verskaf en dat, op daardie basis alleen, die Ryk kon oorleef.[99]

Na aanleiding van 'n kennisgewing in die Vereniging se brosjure waarin gesê is dat een van die funksies van die Statebond die versorging, bewaking en voogdyskap van swartes in Afrika en ander lande was, het Reitz die volgende gesê: Die Britse regering het 'n uitsonderlike tradisie van goeie behandeling van plaaslike bevolkings agter hulle, maar in Suid-Afrika het hulle ook 'n taak. Hulle het voogdyskap oor 79 miljoen (sic) swartes. Hy kon egter nie die feit ignoreer dat 'n groot deel van die Britse publiek agterdogtig na Suid-Afrika gekyk het met die idee dat hulle die swart bevolking nie so regverdig en edelmoedig behandel as wat hulle in die Britse Protektorate

---

[98] *The Times*, 05/07/1935, Receptions. Imperial Institute, p. 17.

[99] The Empire Parliamentary Delegates. Colonel the Hon. Deneys Reitz on the Native problem, *United Empire. The Journal of the Royal Empire Association*, vol. XXVI, August 1935, no. 8, p. 442.

behandel word nie. Hy wou daardie idee uit die weg ruim en het verskeie voorbeelde gebruik om dit te motiveer. Die eerste hiervan was dat toe die burgers in die Anglo-Boereoorlog op kommando gegaan het, hulle hulle plase, oeste, vee, vrouens en kinders, alles wat hulle besit het, in hulle swart arbeiders se sorg gelaat het. En wat toe gebeur het, gebeur steeds. As hulle moet weggaan, los hulle alles in beheer van hulle swart werkers. Hulle sou dit tog nie kon doen as hulle die swartes sleg behandel het nie. Hy beskryf die verhouding tussen wit en swart Suid-Afrikaners as ‘n moeilike een om te definieer, maar as soortgelyk aan die van ‘n leenheer en sy huishouding. Dit is nie ‘n onwelwillende verhouding nie, dit is definitief goedhartig. Daar is nie sosiale of intellektuele gelykheid nie, maar dit is ‘n vriendelike verhouding. Hulle behandel nie die swartes sleg nie en die verhouding tussen hulle was goedig en vriendelik. Hy wou boonop weet hoe die behandeling van swartes in Suid-Afrika verskil het van dié in die Britse Protektorate. Daar is glo aan hom gesê dat swartes nie stemreg het nie, maar sy teenvraag was waar in Afrika het die Britse Ryk ooit aan swartes stemreg gegee? Hy het verder gesê dat hy daarteen gekant was dat swartes stemreg moet hê. Hy was van mening dat hulle behandeling van swartes geensins verskil het van dié van Brittanje nie en dat hulle geen reg van swartes weerhou het wat die Britte nie self weerhou het nie.[100]

Ten opsigte van stemreg het hy die volgende gesê: Om te stem is ‘n burgerlike reg wat net deur ‘n beperkte hoeveelheid nasies in die wêreld waardeer word. Niemand kon aan hom vertel dat die reg om te stem in Duitsland, Frankryk, Italië, Pole, Rusland, die hele Europa, korrek funksioneer nie. Dit blyk of demokrasie slegs in die Britse Statebond funksioneer, maar as dit nie in daardie beskaafde lande in Europa werk nie, hoe sal dit werk onder miljoene barbare wat, met al hulle fyn karakter, nie die waarde van die stemreg sal insien nie. Het die Imperiale regering en die Britse mense stemreg aan swartes gegee in enige deel van Afrika wat hulle

[100] The Empire Parliamentary Delegates. Colonel the Hon. Deneys Reitz on the Native problem, *United Empire. The Journal of the Royal Empire Association*, vol. XXVI, August 1935, no. 8, pp. 442-443; *The Times*, 06/07/1935, Treatment of South African Natives. Colonel Reitz on British suspicion, p. 9.

administreer, byvoorbeeld Swaziland, Suid-Rhodesië, Tanganyika, Kenia, Nyassaland, Nigerië en die Soedan? Hy het gehoop dat hy nie verkeerd was om te sê dat daar geen reg of voorreg in die Britse Protektorate aan swartes toegestaan was wat nie in Suid-Afrika toegestaan is nie. Die agterdog wat teen Suid-Afrika heers, is dus verkeerd.[101]

'n Tweede en meer persoonlike voorbeeld was dat hy en sy vrou elke jaar vir 'n paar maande Kaap toe gaan. Dan los hulle hulle twee jong seuns in die sorg van hulle Zoeloe huisbediendes. Hulle weet alles is veilig en dat niks sal verdwyn nie. Dit is tipies wat in Suid-Afrika gebeur. Suid-Afrika se swartes was die beste in die wêreld: eerlik, dapper, moreel volgens hulle eie kode, uitmuntende kêrels. Maar hulle besef dat hulle sekere agterstande het. Reitz het nie geglo dat hulle ooit op dieselfde vlak as wittes sou wees nie. Hy was van mening dat swartes 'n minderwaardige posisie teenoor wittes moet beklee, maar dat dit 'n groter verantwoordelikheid op die wittes plaas. Dit was nie waar dat witmense swartmense mishandel het nie. Af en toe sien jy 'n saak in die koerante van 'n man wat sy swartes mishandel en dit was waar dat die jurie soms ongelukkige uitsprake gelewer het, maar dit was 'n fout van die juriestelsel en Suid-Afrikaners kon net so min op grond daarvan veroordeel word as wat die Britse publiek veroordeel kon word oor 'n koerantberig van 'n man wat sy vrou sleg behandel. Alhoewel hy nie met al Suid-Afrika se wette saamgestem het nie, was Suid-Afrika se behandeling van swartes ruimhartig.[102]

Een of ander tyd sou die protektorate aan die Unieregering oorhandig moes word. Dit was so in die Unie-wet voorgeskryf en hulle wou nie die saak druk nie, maar teen die volgende algemene verkiesing sou daar 'n gedeelte van die bevolking wees wat sê dat dit verraad sou wees om nie die Protektorate te oorhandig nie. Elkeen van die Protektorate was ekonomies afhanklik van die Unie en die swartes afkomstig vandaar het meeste van hulle tyd in die Unie gewerk. In die Unie was daar meer as 40 000 onwettige immigrante -

---

[101] The Empire Parliamentary Delegates. Colonel the Hon. Deneys Reitz on the Native problem, *United Empire. The Journal of the Royal Empire Association*, vol. XXVI, August 1935, no. 8, p. 443.
[102] *Ibid.*, p. 443.

swartes wat van Nyassaland en Suid-Rhodesië en elders na Suid-Afrika gaan om daar te werk. Sou hulle dit gedoen het as wit Suid-Afrikaners swart Suid-Afrikaners sleg behandel het? Hulle doen dit vanweë goeie salarisse, goeie kos en oor die algemeen goeie behandeling.[103]

Op 17 Julie was Reitz die voorsitter van die finale sessie van die konferensie in Westminster Hall. Die doel van dié sessie was om besprekinge wat reeds plaasgevind het, te hersien en om hulle praktiese gevolge te oorweeg. Die onderwerp onder bespreking was "Empire economics and finance with special reference to the machinery of consultation and research". Tydens die debat het Reitz nadere samewerking tussen die lidlande van die Ryk, langs die lyne van die Empire Marketing Board, bepleit.[104]

Vyf dae later het Reitz 'n middagete van die South African Cooperative Citrus Exchange Ltd. in Glasgow bygewoon. Die doel van die vergadering was om die veldtog om die direkte verskeping van Ryksoeste na die Clyderivier aan te moedig en om die eerste direkte vrag lemoene en pomelo's na die hawestad te gedenk. Hy het dit egter as 'n forum gebruik om te sê dat die Britse Statebond die mees stabiele element in die wêreld was. Sentiment sou ver gaan om die Statebond bymekaar te hou, maar hulle wou iets meer hê – dit was nodig om 'n ekonomiese eenheid te word. Hy het besef dat Brittanje nie sy uitvoere tot die dominiums kon beperk nie, maar het gedink dat daar ruimte vir verbetering in inter-Rykse handel was.[105]

Tydens 'n afskeidsdinee vir die afgevaardigdes by Grosvenor House op 30 September het Reitz gesê dat die uitstaande indruk van die konferensie die onbedwingbare dapperheid was waarmee die mense van die Verenigde Koninkryk die sosiale en ekonomies probleme wat op die Eerste Wêreldoorlog gevolg het, gehanteer het. Ander nasies het ongesonde

---

[103] The Empire Parliamentary Delegates. Colonel the Hon. Deneys Reitz on the Native problem, *United Empire. The Journal of the Royal Empire Association*, vol. XXVI, August 1935, no. 8, pp. 443-444; *The Times*, 06/07/1935, Treatment of South African Natives. Colonel Reitz on British suspicion, p. 9.

[104] *The Times*, 18/07/1935, Empire Parliamentary Conference. Methods of contact, p. 10.

[105] *The Times*, 23/07/1935, South African fruit for Glascow. Colonel Reitz and Empire trade, p. 11.

finansiële beperkinge geïmplementeer en hulle is in allerhande metodes en diktatorskappe in geboender. Die Britse mense het egter moed gehou en was stadig maar seker besig om weg te beweeg van die moeras. Hulle is deur die wêreld bewonder. Hulle het hulle gordels stywer getrek, hulle self tot die hef belas en al hulle moeilikhede in 'n logiese manier gehanteer. Reitz het die Britse Statebond beskryf as die beste voorbeeld van 'n Volkebond in die wêreld. Dit was besig om te bewys dat mense wat oor baie goed verskil het, saam kon staan in 'n bond van hoër idealisme. Suid-Afrikaners het groter veiligheid in die Statebond en meer vryheid as wat hulle ooit in die Republieke gehad het en hulle was trots daarop om deel te neem aan die grootste eksperiment in staatsmanskap wat die wêreld ooit gesien het. As die Statebond sou verdwyn, sou die wêreld na die donker eeue terugbeweeg.[106]

Reitz het twee keer in die tydperk by koning George V in Buckinghampaleis gaan besoek aflê. Tydens een van die geleenthede wou die koning 'n medalje vir uitstekende diens (DSO) aan Reitz gee, maar hy kon dit nie aanvaar nie. Die Nasionale Party Regering het in 1926 'n wet uitgevaardig wat Unie-burgers verhoed het om enige eretekens te aanvaar.

Reitz het sy humorsin by verskeie geleenthede tydens die konferensie na vore laat kom. Tydens een van sy toesprake het hy byvoorbeeld aan die afgevaardigdes gesê dat hy daardie oggend 'n koerantplakkaat gesien het wat gesê het: "Britain faces disaster". In teenstelling met die afgevaardigdes se vrese oor die gestremde verhouding met Mussolini oor sy inval in Abessinië, het dit gegaan oor 'n kriekettoets tussen Suid-Afrika en Engeland. Volgens Reitz het hy egter nie net rondgereis en grappe gemaak nie. Hy het 'n kantoor by Suid-Afrika Huis op Trafalgarplein gehad waar hy na belangrike handel- en landbou-aangeleenthede omgesien het. Hy het groot hoeveelhede deputasies toegespreek, kabinetsministers besoek, reëlings getref vir passasie op skepe, onthale bygewoon en toesprake en radio-

---

[106] *The Times*, 01/08/1935, Admiration of the world. South African Tribute to Britain. Farewell dinner to oversea M.P.'s, p. 16.

uitsendings gemaak.[107] Een van die radio-uitsendings wat hy gemaak het, "A few South African reminiscinces", was op 11 Julie 1935.[108]

Alhoewel hy elke sekonde van sy besoek aan Brittanje geniet het, het 'n voorval plaasgevind wat gemaak het dat hy eerder in Suid-Afrika wou wees. Sy 14-jarige seun, Jan, het sy regteroog en regterhand verloor toe chemikalieë waarmee hy besig was om te eksperimenteer, ontplof het. Reitz het egter gou troos gevind. Hy het lord Nelson se standbeeld op Trafalgarplein gesien staan en kon 'n telegram aan Jan stuur waarin hy meld dat Nelson groot hoogtes bereik het met net een hand en een oog. Om die res van sy toer te voltooi, was egter moeilik en hy kon nie wag om huiswaarts te keer nie.[109] Nadat hy op 2 Augustus by Waterloostasie deur sir Harry Batterbee, Assistent Ondersekretaris van die Staat, Dominiuns-kantoor, afgesien is,[110] kon hy die pad terug huis toe weer aandurf en teen 23 Augustus was hy terug in Suid-Afrika.[111]

Jan se ongeluk het weer die noue band tussen Jan Smuts en Reitz geïllustreer. Smuts het namens Reitz aan sir Harold Gillies in Londen geskryf en versoek dat hy Jan moes ondersoek. In sy brief het hy gemeld dat Reitz 'n boesemvriend van hom was, asook dat Jan sy peetseun is. Hy het verder geskryf dat Reitz nie 'n ryk man was nie, maar dat hy Gillies in meer as geld sou betaal vir watter diens hy ook al kon lewer. Smuts self sou ook ewig dank verskuldig wees vir enige advies wat aan Reitz oor sy seun verleen sou word.[112] Of Gillies wel vir Jan ondersoek het, is nie bekend nie, maar dit is onwaarskynlik. Jan was na alles in Suid-Afrika en Gillies in Londen.

Teen 27 Augustus het Reitz se lewe weer voortgegaan asof hy nie in Brittanje was nie. Op dié dag het hy 'n politieke vergadering in sy kiesafdeling gehou

---

[107] D. Reitz, *No outspan*, pp. 190-192.
[108] *The Times*, 11/07/1935, Broadcasting. Schubert and Mahler, p. 12.
[109] D. Reitz, *No outspan*, pp. 192-193.
[110] *The Times*, 03/08/1935, Court Circular, p. 13.
[111] D. Reitz, *No outspan*, p. 195.
[112] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 53, privaat briewe 1935, nos. 1–244 (172), J.C. Smuts - sir H. Gillies, 16/07/1935.

en teen die 30ste was hy en Henry Cooper in Lourenço Marques op amptelike besigheid. Vandaar is hulle per motor deur Swaziland, Zoeloeland en Noord-Natal na Durban waar Reitz die British Empire Forest Congress geopen het. In *No outspan* skryf Reitz dat hulle Stegi op 1 Oktober verlaat het om na Durban te gaan,[113] maar soos soms elders in sy werke is sy datum waarskynlik verkeerd.

Die Vierde British Empire Forestry Conference, bestaande uit 63 afgevaardigdes van Groot Brittanje, Kanada, Indië, Australië, Suid-Afrika en Suid-Rhodesië, het op 2 September 1935 in Durban bymekaargekom vir 'n vyf wekelange toer van Suid-Afrika, insluitende 'n 11 daelange konferensie. Reitz is verkies as president en in sy openingstoespraak het hy kommer uitgespreek oor die probleem van erosie.[114] Tydens die konferensie is onder meer 'n verslag voorgelê van 'n spesiale komitee wat op Reitz se versoek aangestel is om die effek van woude op die klimaat, waterbewaring en erosie te ondersoek.[115]

## 8.7 Die Schwartz-skema

Volgens Reitz was droogtes, naas politiek, die belangrikste saak wat Suid-Afrikaners se aandag in beslag geneem het[116] en dit is hierdie gedagte wat hom in 1935 een van sy interessantste ondersoeke laat doen het. 'n Suid-Afrikaanse wetenskaplike, E.H.L. Schwartz, het in 1920 'n boek, *The Kalahari: or thirstland redemption*, wat wye belangstelling gewek het, gepubliseer. Schwartz het 'n teorie verkondig wat enorme voordele vir 'n droogtedistrik ingehou het indien die Kunene en ander riviere na Ngamiland afgekeer kon word om die atmosferiese vogtigheid sodoende te herskep.[117]

---

[113] D. Reitz, *No outspan*, p. 195.

[114] W. Olivier, The Commonwealth Plantation, *Commonwealth Forestry News*, no. 14, September 2001.

[115] SAB, FOR, 332, A1054/7/4, Report of the committee on forests in relation to climate, water conservation, and erosion.

[116] D. Reitz, *No outspan*, p. 197.

[117] W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, p. 733.

Die Kunene- en Okavangoriviere ontstaan naby aan mekaar in Suidelike-Angola. Die Kunene vloei in 'n suidwestelike rigting na die Atlantiese oseaan terwyl die Okavango min of meer suidoos vloei na die Zambezi. Schwartz se voorstel was om 'n keerwal in die Kunene te plaas om die water deur natuurlike uitlope van koers te laat verander na die Etoshapan en vandaar na die Okavango watersisteem. 'n Tweede keerwal moes in die Chobe, wat 'n voortsetting van die Okavango is, geplaas word. Sodoende sou die gekombineerde waters van die twee riviere na die Ngami- en Makarikarimere geforseer word. Dit sou tot 'n toename in verdamping en gevolglik verhoogde reënval in suidelike Afrika lei.[118]

In 1925 het 'n geselskap onder leiding van A.L. du Toit 'n ekspedisie onderneem om Schwartz se teorie te gaan ondersoek. Die verslag wat hulle in 1926 uitgereik het, het sommige van Schwartz se stellings weerlê en sy plan is as prakties onuitvoerbaar beskryf. Alhoewel Schwartz in 1928 gesterf het,[119] is sy ideale deur die Thirstland Redemption Association (TRA) voortgesit. Die organisasie het voortdurend druk op die regering geplaas om die moerasse in die Kalahariwoestyn te dreineer,[120] met die gevolg dat die saak op 16 Junie 1933 in die Volksraad bespreek is. Reitz het tydens die debat te kenne gegee dat hy nie die minste vertroue in Schwartz se skema gehad het nie. Volgens hom was dit die eerste keer dat hy gehoor het dat die mensdom die klimaat kan verander. Hy was ook van mening dat Suid-Afrika se klimaat nie deur die Kalahari nie, maar deur die warm en koue seestrome en toestande in die Suidelike Yssee van die Suidpool beïnvloed word. Hy was gevolglik van mening dat hulle nie moes lol met fantastiese skemas in die Kalahari nie en 'n ondersoek in die Kalahari het hom nie aangestaan nie.[121]

As gevolg van die druk wat op die regering toegepas is, is Reitz, as Minister vir Besproeiing, geforseer om die saak te ondersoek. Saam met die Direkteur

---

[118] F. Brownlee, Kalahari Irrigation, *Journal of the Royal African Society*, vol. 38, no. 150, Jan. 1939, p. 109; D. Reitz, *No outspan*, pp. 196-197.

[119] W.J. de Kock (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I*, p. 734.

[120] D. Reitz, *No outspan*, p. 197.

[121] SAB, SRP1/3/38, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Eerste Sitting – Sewende Parlement, 26 Mei tot 22 Junie 1933, deel 21, kol. 1267-1269.

van Besproeiing, ‘n mnr. Lewis, het hy gevolglik met weermagvliegtuie na die noorde gevlieg om die gebied en die klimaatsomstandighede daar te gaan bestudeer. Die uiteinde van hierdie tog was ‘n verslag waarin Schwartz se teorie weerspreek is. Dit het, volgens Reitz, die einde van die Thirstland Redemption Association en Schwartz se teorie beteken.[122]

Soos met soveel ander sake waarby hy betrokke geraak het, het Reitz ‘n hele paar stellings oor Schwartz se teorie gemaak wat die wind van voor gekry het. Die eerste hiervan was: “One thing is certain, Professor Schwartz’s idea of draining the Okavango Swamps into the Makarikari Depression is wholly untenable.” Volgens Frank Brownlee was dit ‘n oordrewe bewering wat nie net onregverdig was nie, maar wat ook ‘n gebrek aan verbeelding aangedui het waarsonder geen groot skema ooit suksesvol geïmplementeer sou kon word nie. Hy was verder van mening dat die regering se ondersoeke in 1925 en 1935 uitgevoer is sonder die visie wat so ‘n ondersoek moes vergesel en dat dit sonder die nodige entoesiasme gedoen is. Volgens Brownlee het Reitz ook verklaar dat die Okavango- en Linyantimoerasse nie meer as 160 kilometer van die Makarikari depressie weg was nie. In uitgestrektheid was hulle groter as die Makarikari depressie en dat dieselfde hoeveelheid verdamping waarskynlik plaas sou vind as wat sou gebeur het indien die Makarikari vol water was. Tog was daar geen toename in reënval op enige plek nie en was die land vir honderde kilometers suidwes en suidoos van die groot moerasse dor en reënloos, veral suidwaarts na die Kalahari. Volgens Brownlee was dit een van die swakste argumente teen Schwartz se skema. Dit het eerder vir hom gelyk of dit ten gunste van die skema was. Brownlee meld ook dat al die koerantberigte wat hy gesien het, dit duidelik gemaak het dat Reitz teen enige besproeiingskema wat binne die “Schwartz-skema” mag lê, gekant was. Hy het gesê dat dit mag wees dat Reitz gelei was deur die gebrek aan resultate in ‘n soortgelyke skema wat aan die bo-Nyl gepoog was, maar dat dit nie logies was dat wat daar onsuksesvol was ook hier

[122] D. Reitz, *No outspan*, pp. 197-201.

onsuksesvol sou wees nie. Hy was gevolglik nie honderd persent seker dat reg geskied het met die moontlikhede wat hulle hier voorgedoen het nie.[123]

Of Reitz egter heeltemal blind was vir die moontlikhede van die skema kan bevraagteken word. Alhoewel hy nie ten gunste was van Schwartz se voorstel nie, het hy self voorgestel dat daar ‘n moontlikheid was om die Okavangorivier 100 kilometer verder die Kalahari te laat invloei en dat dit die inwoners van die Betsjoeanaland Protektoraat water sou gee vir hulle vee en selfs besproeiing. Volgens hom sou dit ook moontlik wees om die Okavango moerasse te ontwikkel indien die gevaar van malaria en tsetse vlieë oorkom kon word.[124]

Wat die hele kwessie vreemd maak, is nie die gedagte dat Reitz, as Minister van Besproeiing, daarby betrokke geraak het nie. Wat wel vreemd was en wat met reg bevraagteken kan word, is of dit werklik vir hom nodig was om self die ondersoek te loods en aan die ekspedisie deel te neem? As die hoof van ‘n staatsdepartement het hy waarskynlik verskeie spesialiste gehad aan wie hy die ondersoek kon toevertrou. Hy het dit egter op homself geneem om die ondersoek te doen, waarskynlik gedryf deur sy avontuurlus en soeke na nuwe onontdekte omgewings. Maar dit plaas ‘n vraagteken oor Reitz se geskiktheid as minister en of hy werklik die belange van sy departement en sy kiesers op die hart gedra het. Indien wel sou hy tog veel meer aandag aan die bestuur van die departement as aan reise wat deur sy ondergeskiktes onderneem kon word, gegee het.

Na die opwinding van die Schwartz-ondersoek moes Reitz na die 1936 parlementsitting terugkeer, ‘n gebeurtenis wat tot in Junie geduur het. Behalwe vir een of twee besoeke aan die platteland om politieke vergaderings te hou of landbouskoue te open, het hy die meerderheid van sy tyd op die parlementsbanke deurgebring, ‘n ervaring wat hy nie in besonder geniet het nie. Daar was baie klagtes oor hom en sy departement en hy

---

[123] F. Brownlee, Kalahari Irrigation, *Journal of the Royal African Society*, vol. 38, no. 150, Jan. 1939, pp. 110-113.

[124] *The Times*, 9/10/1935, Air survey of the Kalahari. Irrigation prospects, p. 14.

beskryf homself as openbare vyand nommer een. Hy was onder konstante aanvalle deur die opposisie. Die boere het hom aangeval omdat die voedselpryse te laag was, terwyl stedelike lede gekla het dat die lewenskoste te hoog was. Hy het egter afsydig tot die parlement en politiek gestaan en dit, tesame met die gedagte dat enige Minister van Landbou in Suid-Afrika altyd die sondebok was, het veroorsaak dat hy hom nie te veel daaraan gesteur het nie.[125]

Wat opvallend van Reitz se beskrywing in *No outspan* van die 1936 Parlementsitting is, is dat hy geen melding maak van die Naturelleverteenwoordigingswetsontwerp en die Naturelletrust- en -grondwetsontwerp wat in Februarie 1936 by die Parlement ingedien is nie. Hierdie twee wetsontwerpe, wat deur Hertzog ingedien is in 'n poging om die swart vraagstuk waarmee hy reeds sedert sy bewindsoorname geworstel het, finaal af te handel, het tot groot verdeeldheid in die V.P. gelei. Enersyds was daar persone wat gekant was teen die wegneem van swartmans se stemreg, terwyl ander weer ten gunste daarvan was.[126] Ter wille van die behoud van die party het Smuts en Hertzog egter toegewings gemaak en op die ou end is beide hierdie wetsontwerpe goedgekeur.[127]

Waarom Reitz se stilte? Dui dit daarop dat hy nie veel erg aan die swart vraagstuk gehad het nie? Of het hy bloot nie die belangrikheid van die aanvaarding van hierdie wette in die Suid-Afrikaanse opset besef nie? By vorige geleenthede het hy reeds bewys dat hy met swartmense gesimpatiseer het, alhoewel hy hom steeds as verhewe bo hulle beskou het. Tydens die derde sitting van die sewende parlement, wat van 11 Januarie tot 4 Mei 1935 geduur het, het Reitz in die debat oor die Verdere Vrystelling en Verkryging van Naturellegrondwetsontwerp, baie simpatie met swartmense

[125] D. Reitz, *No outspan*, pp. 201-202.
[126] P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), *Die Nasionale Party IV: Die "Gesuiwerde" Nasionale Party, 1934-1940*, pp. 45-47.
[127] S.L. Barnard en A.H. Marais, *Die Verenigde Party: Die groot eksperiment*, pp. 31-32.

betoon. Hy het onder meer vir dr. N.J. van der Merwe daarvan beskuldig dat hy swartes niks gegun het nie.[128]

Reitz se stilswye oor die voorafgenoemde wetsontwerpe kan dus moontlik daaraan toegeskryf word dat hy nie die belangrikheid van dié wetgewing besef het nie, maar dit vertel waarskynlik nie die hele storie nie. Reitz was vlug van begrip en uiters uitgesproke en hy sou nie 'n saak agterweë laat indien dit vir hom van groot belang was nie. Sy uitsprake moet egter gesien word teen sy eie agtergrond en verhouding met swartmense. Hy het in 'n republikeinse tydperk grootgeword waarin die wit en swart rasse van mekaar geskei is en die wit minderheid boonop die swart meerderheid oorheers het. Na Unie-wording het hierdie benadering geensins verander nie en alhoewel hy dus simpatiek teenoor swartes was, het hy steeds die paternalistiese gevoelens gehad waarmee hy grootgeword het. Die moontlikheid bestaan dus dat hy verward was oor die standpunt wat hy moet inneem en stilswye was die beste metode om daaraan uiting te gee.

Na afloop van dié parlementsitting het hy sy aandag op die ultra-Brits gesinde inwoners langs die Natalse kus toegespits. Hy het gepoog om die Natallers daarvan te oortuig dat Suid-Afrika se enigste heil in samewerking tussen die verskillende rasse gelê het, maar was nie baie suksesvol nie.[129] Dit is opgevolg deur 'n kort vakansie saam met sy seuns by Sandringham, waarna hy sy werksaamhede hervat het. Hy het amptelike werk by sy kantoor in Pretoria gedoen, kabinetsvergaderings bygewoon en by tussenverkiesings uitgehelp, toesprake by landboukongresse gelewer en ontstoke afvaardigings in die platteland ontmoet. Hy het meestal gevlieg om te kom waar hy wou wees en kon een dag in Port Elizabeth aan die suidkus wees en die volgende week in Natal of die Noord-Transvaal. Die hoeveelheid toesprake wat hy gelewer het, het hom herinner aan die prentjie van 'n gestorwe politikus wat hy eenmaal gesien het. Die ou was aan 'n stoel vasgebind en moes as straf herhaaldelik na al die toesprake luister wat hy in sy lewe gemaak het. Daar

[128] SAB, SRP1/3/49, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Derde Sitting – Sewende Parlement, 11 Januarie tot 4 Mei 1935, deel 25 (18 Maart tot 4 Mei 1935), kol. 5098-5099.
[129] D. Reitz, *No outspan*, p. 202.

was 'n uitdrukking van die allervreeslike pyn op sy gesig. Met 'n tikkie humor kon Reitz maar net hoop dat hy nie eendag aan dieselfde lot onderwerp sou word nie.[130]

Later dieselfde jaar was Reitz by drie vlieg insidente betrokke waarvan twee byna tragies geëindig het. Die gevolg was dat hy aan sy departement opdrag gegee het om topografiese kaarte van die hele Unie te maak. Die hulp van amper elke landmeter in die Unie is hiervoor gebruik en £85 000 later was daar kaarte van die hele land. Die gedagte dat hy moontlik gehelp het om verskeie ongelukke te verhoed en baie lewens so gered het, het aan hom groot genoegdoening verskaf.[131]

Hierdie insident is 'n goeie voorbeeld van Reitz se liefde vir oordrywing. Soos wat telkens in sy werke gebeur, oordoen hy sy stories, moontlik omdat hy gevoel het dat dit sy verhale beter sou laat klink of meer trefkrag sou gee. 'n Meer waarskynlike rede is waarskynlik dat dit as gevolg van sy aanmatigende persoonlikheid gedoen is. Erkenning was vir hom belangrik en deur te skryf dat hy "amper elke landmeter in die Unie" tot sy beskikking gehad het, verhef hy sy eie status en belangrikheid tot 'n vlak waar dit nie andersins sou gewees het nie.

In die loop van 1937 het Reitz gepoog om verskeie wetsontwerpe in die Volksraad te laat goedkeur, onder meer die Onkruidwetsontwerp[132], die Veesiektewetsontwerp[133] en die Mieliebeheerwetsontwerp.[134] Verskeie van hierdie wetsontwerpe is relatief goed ontvang, maar ander het hewige debatte afgegee. Die belangrikste van hierdie wette was waarskynlik die Bemarkingswet en dit was dan ook die wet waarop hy die meeste kritiek gekry het. Dié wetsontwerp was daarop gemik om marktoestande te verbeter

---

[130] D. Reitz, *No outspan*, p. 202.
[131] *Ibid.*, pp. 202-205.
[132] SAB, SRP1/3/55, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fifth Session – Seventh Parliament, 8th January to 17 May 1937, vol. 29 (8th March to 16th April 1937), kol. 3158.
[133] SAB, SRP1/3/55, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fifth Session – Seventh Parliament, 8th January to 17 May 1937, vol. 30 (19th April to 17th May 1937), kol. 6035.
[134] *Ibid.*, kol. 6321.

en groter stabiliteit in die landboubedryf te weeg te bring. Dit wou soveel as moontlik dele van die landboubedryf van 'n hoofkantoor, 'n algemene bestuurder, 'n raad van direkteure of beheerraad, ouditeure en rekenmeesters, voorsien. Volgens Reitz het hy met die wet gepoog om die landbousektor uit 'n moeras van terneergedruktheid te red.[135]

Om goedkeuring daarvoor te verkry het egter, volgens Reitz, meer geduld as wat Job ooit aan die dag moes lê, vereis.[136] Soos met die ter tafellegging van ander wette wat hy gedoen het, het hy gepoog om die landboutoestande in konteks te plaas deur 'n droewige prentjie daaroor te skets. Volgens hom het die landbousektor teen ander bedrywe in Suid-Afrika agtergebly en het hulle nie gedeel in die vooruitgang wat in die res van die land beleef is nie. Om sy standpunte te versterk, verwys hy na verskeie organisasies wat hulle ondersteuning aan die wetsontwerp gegee het, onder meer die Verenigde Munisipale Raad van Suid-Afrika en die Vereniging van die Kamer van Nywerheid.[137] In die debat wat op die ter tafellegging gevolg het, het Reitz staatgemaak op skerpsinnige, selfs sarkastiese, opmerkings om sy punt oor te dra. Hy het die Arbeidersparty daarvan beskuldig dat hulle nog nooit na die belange van plaasarbeiders omgesien het nie en dat hulle die plaasarbeiders behandel het asof hulle nie bestaan nie. Hulle het glo net na die aristokrate in die Suid-Afrikaanse arbeiderswêreld omgesien.[138] Hy het ook sarkasties opgemerk dat "...the joys of running a democracy are coming home to me more daily..."[139]

In Mei van dieselfde jaar het hy en genl. Kemp vir drie weke lank deur die Vrystaat getoer. Albei van hulle het vier toesprake per dag gemaak. Saam met dit moes hulle boonop basaars, bankette en ontvangste bywoon en van dorp na dorp reis. Of dit, volgens Reitz, suksesvol was, was moeilik om te sê,

---

[135] SAB, SRP1/3/55, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fifth Session – Seventh Parliament, 8th January to 17 May 1937, vol. 28, kol. 945-949.

[136] D. Reitz, *No outspan*, p. 206.

[137] SAB, SRP1/3/55, Union of South Africa, Debates of the House of Assembly, Fifth Session – Seventh Parliament, 8th January to 17 May 1937, vol. 28, kol. 945-949.

[138] *Ibid.*, kol. 950-951.

[139] *Ibid.*, kol. 954.

maar dat dit 'n uitputtende program was om vol te hou, is nie te betwyfel nie. Dit het geweldige fisiese inspanning op albei geplaas. Na afloop van dié reis is hulle terug na die parlement en daarna het Reitz 'n kroningseremonie vir koning George VI, wat na Edward VIII se abdikasie die troon bestyg het, op Kerkplein gaan bywoon. Tydens 'n besoek aan Port Elizabeth het hy die Addowoud besoek en 'n groot hoeveelheid afvaardigings en privaat persone gespreek oor 'n wye verskeidenheid onderwerpe. Van Port Elizabeth is hy na Kaapstad per posboot en van daar is hy noordwaarts na die samevloeiing tussen die Oranje- en Vaalrivier.[140]

Terug in Pretoria het hy weer aandag aan sy amptelike pligte en Kabinetsvergaderings gegee. Om sy politieke vergaderings, konferensies en kongresse by te woon, het hy van lug- en padvervoer gebruik gemaak. Hy het later so verstok geraak dat dit nie vir hom saak gemaak het hoe laat of hoe gereeld hy moes reis nie. Ongeag daarvan of hy drie-uur in die oggend in slegte weerstoestande geroep is om met 'n lang tog te begin en of hy om middernag 'n goedere trein moes vang om na 'n afgeleë dorpie te vertrek. Hy het gehou van die veranderinge en besige lewe.[141]

## *8.8 'n Besoek aan Kenia*

Die enigste werklike afleiding wat Reitz in 1937 van sy normale take gehad het, was 'n besoek aan Kenia op uitnodiging van die goewerneur van die land, sir Robert Brooke-Popham. Dit was 'n geleentheid wat hy met albei hande aangegryp het. Die tog na Kenia in 'n vliegtuig van die Suid-Afrikaanse lugmag het aan hom kans gegee om oor gebiede soos Dodoma en Kondoa Irangi in Tanganyika te vlieg wat hy reeds vroeër in sy lewe en onder totaal en al ander omstandighede besoek het.[142] By Moshi het hy op tekens afgekom van "...how things are deteriorating in Darkest Africa!" Hy wou 'n

[140] D. Reitz, *No outspan*, p. 206.
[141] *Ibid.*, p. 208.
[142] Voorheen Duits-Oos-Afrika, 'n gebied wat Reitz as deel van die Suid-Afrikaanse magte tydens die Eerste Wêreldoorlog besoek het.

besoek by die Distrikskommissaris in die dorp gaan aflê, maar is ingelig dat dié persoon daardie oggend om 07:00 in sy Ford motorkar op 'n safari vertrek het en dat hy eers later dieselfde middag sou terug wees. Reitz was redelik deur hierdie stelling oorbluf. In sy jonger dae het 'n safari beteken 'n klomp kruiers en weke in die bos.[143] As in ag geneem word dat Reitz se hoofmetode van vervoer in hierdie dae met 'n vliegtuig of motorkar was, is dit heel ironies dat hy iemand anders verkwalik vir die manier waarop hulle gereis het.

In Nairobi is Reitz deur sy gasheer op die hande gedra en moes hy verskeie bankette en aandetes bywoon.[144] Tydens 'n banket saam met die plaaslike Suid-Afrikaanse Vereniging het hy gepoog om sekere wanopvattings oor die Unie se posisie in die Britse Statebond aan te spreek. Hy het sy gehoor verseker dat Suid-Afrika nie van die Statebond sou afskei nie. Sy redes hiervoor het ingesluit die onmoontlikheid om die Britse minderheid in die Unie te forseer om dit te doen, die erkenning van die Afrikaanssprekendes dat Groot-Brittanje aan hulle meer vryheid gegee het as wat hulle in die ou Republieke gehad het en die besef dat vryheid veiligheid vereis het. Volgens hom het Suid-Afrikaners besef wat sou gebeur as 'n klein wit bevolking met groot minerale rykdom aan die genade van enige plundersieke militêre mag wat verbykom, sou oorgelaat word. Hy het ook gesê dat Suid-Afrikaners nooit daaraan sou dink om enige titel aan te neem wat hulle burgerskap van die Britse Ryk van hulle sou wegneem nie. Hy het verder die Unie se swart beleid verdedig en beloof om die Kabinet se hulp te verkry om die Unie se markte vir Keniaanse koffie en hout te verbeter.[145]

Hy het egter ook die kans gebruik om die res van Kenia te gaan besoek en beskryf Kenia as, vir sy grootte, waarskynlik die merkwaardigste land in die wêreld. Binne in sy grense lê hoë bergreekse, uitgedoofde vulkane, groot riviere, moerasse en woude, vreemde stamme, grootwild en vrugbare hooglande. Ongelooflike hoeveelhede flaminke kom by die mere voor. Die land het boonop 'n lewenskragtige Europese gemeenskap, merendeels Brits,

[143] D. Reitz, *No outspan*, pp. 208-209.
[144] *Ibid.*, p. 209.
[145] *The Times*, 15/06/1937, South African's Empire Citizenship. Freedom and security, p. 15.

met 'n sterk verwatering Suid-Afrikaners, wat besig was om wat 'n stewige toekomstige nasie sou wees, te bou. Hulle het oor die Naivasha- en Nakurumere gevlieg. Hulle het die krater van Menegai gesien en die Uasin Gishu plato na Eldoret gekruis waar verskeie mense wat na die Anglo-Boereoorlog daarheen verhuis het, gewoon het. Hy het op plase gekuier waar hy op die stoep kon sit met die berg Kenia aan die een kant terwyl olifante aan die ander kant wei.[146]

Die moontlikheid bestaan dat Reitz by hierdie uitgewekenes aanklank kon vind, aangesien hy self, op 'n soortgelyke wyse, Suid-Afrika na die Anglo-Boereoorlog verlaat het en vir 'n tydperk in Madagaskar gaan woon het. Sy liefde vir die natuur, asook sy innemende persoonlikheid, sou boonop veroorsaak het dat hy verdere raakpunte met hierdie persone gehad het en met hierdie kuiery sou hy geleentheid gekry het om hierdie twee aspekte van sy lewe te kombineer. Terwyl hy die pragtige natuurskoon geniet het, kon hy terselfdertyd vriendskapsbande opbou of versterk.

By Kitale het hy die geleentheid gebruik om die berg Elgon wat 5 000 meter hoog is, te bestyg, 'n gebeurtenis wat hy later gebruik het om genl. Smuts se been te trek. Reitz self was nie lief vir bergklim nie, terwyl Smuts 'n ywerige bergklimmer was en baie van sy spaartyd gebruik om die berge in die Unie te bestyg. By geleentheid, nadat hy homself tydens een van sy staptogte op Tafelberg ooreis het, het Reitz hom getroos met 'n Japannese spreekwoord: "He who hasn't climbed Fusi Yama once is a fool and he who climbs it twice is a damned fool." Hierop het Smuts aan hom gesê dat hy 'n verwronge sin vir humor het.[147]

In die berg Elgon het Reitz egter, volgens sy eie beskrywing, 'n berg teëgekom wat sy staal werd was. 'n Toeskouer het aan hom gesê dat dit so 10 tot 12 dae sou neem om kruiers bymekaar te maak en dan 'n verdere 10 dae vir die safari om die berg te bestyg. In teenstelling hiermee het sy loods

[146] D. Reitz, *No outspan*, p. 209.
[147] *Ibid*., p. 209.

aan hom gesê dat dit slegs sowat 'n uur sou neem om met die vliegtuig tot bo-op die berg te vlieg, 'n antwoord wat heelwat beter in sy kraal gepas het. In minder as 'n uur was hulle bokant die berg en, terwyl hulle om dit gesirkel het, het hulle vasgevang gesit en staar na die magtige kookpot. Vir Reitz het dit gevoel asof hulle die maan bereik het.[148]

Tydens 'n parlementsete lank daarna het Reitz dié voorval gebruik om Smuts te terg. Hy het aan Smuts gesê dat hy (Smuts) nog nooit 'n berg geklim het wat hoër as 1 800 meter is nie, terwyl hy wat Reitz is al op die bopunt van berg Elgon wat 5 000 meter hoog is, was. Tot Smuts se verbasing het Reitz met groot smaak vertel hoe moeilik dit was om kruiers te kry, hoe dig die woude was, van die ewigdurende mis en reën wat die hange onsigbaar gemaak het en van al die probleme wat hy met sy toerusting en voorrade ondervind het. Volgens Reitz het Smuts en die ander persone om die tafel aan sy lippe gehang terwyl hy sy storie al hoe meer opwindend laat raak het. Toe hy uiteindelik die antiklimaks van sy poets op hulle getrek het, het die geselskap geskaterlag. Smuts het hom glo op die skouer geklop en 'n booswig en niksnuts genoem.[149]

Kort voor sy terugkeer na Suid-Afrika het hy in Oeganda aan 'n olifantjag gaan deelneem wat deur die Oegandese administrasie vir hom gereël is. Hy het nie 'n begeerte gehad om 'n olifant te skiet nie maar het nietemin daartoe ingestem, aangesien hy gedink het dit sou onmanierlik wees om nie te gaan nie. Gelukkig vir hom is die enigste kans om 'n olifant te skiet deur 'n plaaslike inwoner op 'n fiets geruïneer. Reitz het egter geleentheid gekry om binne tien tree van die grootste olifant wat hy ooit gesien het, te kom en dit het meer as opgemaak vir sy verspeelde kanse.[150]

Tien dae na sy terugkeer het Reitz weer sy vlerke gesprei na aanleiding van 'n gesprek tussen hom en Smuts oor die Okavangomoerasse en Schwartz se teorie. Reitz was van mening dat, alhoewel dit geen impak op die Suid-

---

[148] D. Reitz, *No outspan*, pp. 209-210.
[149] *Ibid.*, p. 210.
[150] *Ibid.*, pp. 210-213.

Afrikaanse reënval kon hê nie, dit dalk moontlik sou wees om 'n kanaal deur die moerasse te kap om so water na die Kalahari te lei. Dit sou 'n groot gedeelte van die Kalahari wat onbenut gelê het, bruikbaar maak. Smuts was nuuskierig om te sien of die teorie prakties uitgevoer kon word en hy het Reitz aangesê om dit te ondersoek. Reitz, steeds nie lief vir die kantoorlewe nie, het geen verdere aanmoediging nodig gehad nie. Hy het onmiddellik voorbereidings begin tref en het ook besluit om sy twee seuns saam te neem. Die tog self was vir Reitz en sy jong metgeselle 'n heerlike vakansie wat bestaan het uit rowwe kampe en jag vir voedsel. Vir die twee seuns was dit 'n groot avontuur en hulle het opgewonde geraak oor alles wat hulle gesien het. Ten opsigte van die eintlike doel waarmee Reitz die gebied besoek het, maak Reitz net een opmerking. Hy was vas van mening dat die moerasse gedreineer kon word om die Kalahari benutbaar te maak, maar dat die gebied so afgesonder was van spoorweë en markte dat dit waarskynlik baie jare sou neem voordat dit ernstig benader sou word.[151]

## *8.9 Minister van Landbou*

Vir die res van 1937 en die begin van 1938 het Reitz sy aandag aan sy werk en allerlei landbou-probleme gewy. Sprinkane het 'n pad van verwoesting deur die Unie gesaai en hy is geblameer omdat hulle nie uitgewis is nie. Melk-, koring- en mieliepryse het geval en daar was 'n droogte wat 'n stoet landelike afvaardigings tot gevolg gehad het wat almal op finansiële bystand aangedring het. Om alles te kroon het bek-en-klouseer onder die vee in sy eie kiesafdeling, Barberton, uitgebreek. Hy moes die besluit neem om amper 10 000 beeste te laat doodskiet en moes die hele gebied onder kwarantyn plaas, wat die gevolg gehad het dat groot hoeveelhede vrugte en groente nie verkoop kon word nie en gelê en vrot het. Hierdie optredes het hom nie besonder populêr onder sy kiesers gemaak nie en sy politieke teenstanders het die gebeure uitgebuit. Reitz se antwoorde was boonop nie altyd versoenend nie. Volgens hom was die mense van die Laeveld egter redelik

[151] D. Reitz, *No outspan*, pp. 214-218.

en het hulle later toegegee dat hy reg opgetree het. In die lang duur het hulle hom vergewe, het hy gevoel.[152]

Die probleme wat Reitz en sy departement ondervind het, was van so ‘n aard dat hy nie veel tyd vir enigiets anders gehad het nie. Alhoewel probleme rondom koring uitgesorteer is, het die vrugtevraagstuk voortgeduur. Vervoerkoste was besig om die industrie dood te maak[153] en Reitz moes baie kritiek daaroor in die kabinet verduur. Die sitrus- en sagtevrugte industrieë was in groot ekonomiese moeilikheid. Produsente het gekla dat hulle teen ‘n verlies uitvoer en dat indien die toestand sou voortduur, die vrugte-industrie grootliks geruïneer sou wees. Hulle het aangedring op subsidies en laer vervoerkoste en advertensies in buitelandse markte. Die verbruikers het weer gekla dat die regering die uitvoer van voedsel laat plaasvind terwyl die land gebuk gaan onder wanvoeding. Reitz se reaksie hierop was om sy kritici te vra vir ‘n oplossing waardeur die land sy pryse hoog kon hou terwyl alle uitvoere gestop en interne gebruik in berekening gebring word. Hy het vir praktiese voorstelle gevra om hierdie probleme te oorkom.[154]

In Julie 1938 het Reitz ‘n sterk bewoorde brief aan die Minister van Naturellesake geskryf om beswaar aan te teken oor die manier waarop die inwoners van Noord-Zoeloeland bome afbrand om tuin te maak en mielies te plant. Hy het verwys na sy reise in die gebied 15 jaar vantevore en foto’s aangeheg van hoe dit toe gelyk het en hoe dit in 1938 lyk. Volgens hom was daar ‘n pragtige woud groot bome, insluitende geelhout, by die Mongosi, maar dat dit tot ‘n “...blackened waste...” gereduseer is. Soortgelyke toestande het in die res van die gebied voorgekom. In sy brief verwys hy na die plaaslike bevolking se tuine as “...miserable gardens...” en beskuldig hy die Departement van Naturellesake daarvan dat hulle net teruggesit en hierdie roekelose vernietiging toegelaat het. Hy het versoek dat die saak

[152] D. Reitz, *No outspan*, p. 219.
[153] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 243, privaat briewe 1938 (N-W), nos. 1–280 (104), J.C Smuts - dr. I.B. Pole-Evans, 11/03/1938.
[154] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 243, privaat briewe 1938 (N-W), nos. 1–280 (78), J.C. Smuts - dr. I.B. Pole-Evans, 22/02/1938.

onmiddellik ondersoek word en het homself bereid verklaar om 'n bosboubeampte van sy eie departement te sekondeer om daarmee te help.[155]

## 8.10 Die 1938-verkiesing

Ten spyte van toenemende weerstand van die Nasionale Party het die Verenigde Party vooruitgeboer en kon hulle die 1938-verkiesing met groot vertroue nader. In die tydperk sedert 1934 het hulle verskeie belangrike prestasies behaal wat hulle posisie versterk het. Die middel tot laat 1930's was 'n periode van ekonomiese opbloei. Die goudprys het stelselmatig gestyg, landboupryse het gestabiliseer en sekondêre industrieë was besig om te ontwikkel. Die regering het aan die land se infrastruktuur aandag gegee, paaie is geteer en lughawens en hawens is verbeter. Nuwe dienste soos die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie is gestig en die lot van armblankes is verbeter. Verstedeliking het toegeneem en dit het gelei tot meer kontak en toenemende negatiewe gesindhede tussen die verskillende rasse.[156]

Die regering se ekonomiese suksesse in die voorafgaande jare, asook die versoening van Afrikaans- en Engelssprekendes in die Verenigde Party, is tydens die algemene verkiesing van Mei 1938 beloon. Die verkiesing het op 'n klinkende sukses vir die V.P. uitgeloop. Dié Party het 111 setels teenoor die 27 van sy naaste teenstanders, die N.P., gewen.[157]

Reitz beskryf die opmars na die verkiesing as dieselfde ou storie soos altyd - 'n gejaagde en koorsagtige veldtog oor kwessies wat al vergete is. Opponente het mekaar aangevat, beskuldigings is oor en weer geslinger, maar soos in die verlede was dit tussen Afrikaanssprekendes. Die Engelssprekendes het afsydig gestaan en die minder onverdraagsame kant

---

[155] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 243, privaat briewe 1938 (N-W), nos. 1–280 (24), D. Reitz - H.A. Fagan, 27/07/1938.
[156] J. Barber, *South Africa in the Twentieth Century*, p. 109.
[157] S.L. Barnard en A.H. Marais, *Die Verenigde Party*, p. 41.

ondersteun.[158] Alhoewel Reitz miskien nie kon onthou wat die kwessies van die dag was nie, was die verkiesingstryd vel en bittere en persoonlike aanvalle aan die orde van die dag. Oproerige vergaderings en skerp verdeeldheid in Afrikaner-geledere het algemeen voorgekom.[159] Reitz self het verklaar dat hy al in baie lande gereis het maar dat dit die eerste keer was wat hy so baie bitterheid gesien het. Hy wou weet hoe hulle enigiets kon bereik met so baie bitterheid? Hy het die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners geblameer vir die verdeeldheid in die nasie as gevolg van hulle ooraktiewe politieke benadering. Sy oplossing: almal moes vir die V.P. stem, ‘n party wat vir samewerking en eenheid gestaan het.[160]

Die voorafgaande standpunte, asook Reitz se gedrag en woorde deur die jare, toon egter dat hy net so onverdraagsaam was soos die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners. Hy kon nie die opposisie duld nie en het hulle van dieselfde negatiewe gedrag beskuldig as waaraan hy homself skuldig gemaak het. Sy onverdraagsaamheid het hom gevolglik sy teenstanders se gramskap op die hals gehaal en sy eie lewe drasties bemoeilik.

Die kwessies wat die bitterheid veroorsaak het, het Suid-Afrika se buitelandse beleid teenoor die gespanne internasionale toestande in Europa en die daarmee gepaardgaande verhouding met die Britse Ryk, ingesluit. Die N.P. ideaal was ‘n republiek wat onafhanklik van die Statebond staan en neutraal bly in geval van oorlog - beide gedagtes wat nie vir Jan Smuts haalbaar was nie. Ander kwessies het gehandel oor die immigrasie van Jode na die Unie en die kleurvraagstuk. Naas die neutraliteitsvraagstuk was laasgenoemde ongetwyfeld die belangrikste strydvraag van die 1938-verkiesing. Ekonomiese hervorming en die armblankevraagstuk was ook sake wat gereeld aangespreek is.[161]

---

[158] D. Reitz, *No outspan*, p. 220.

[159] P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), *Die Nasionale Party IV: Die “Gesuiwerde” Nasionale Party, 1934-1940*, pp. 133-134.

[160] *Rand Daily Mail*, 22/04/1938, Real split is between Afrikaners – Col. Reitz, p. 15.

[161] P.W. Coetzer en J.H. le Roux (red.), *Die Nasionale Party IV: Die “Gesuiwerde” Nasionale Party, 1934-1940*, pp. 140-167.

Tydens die verkiesing het Reitz vir langer as twee maande vergaderings in bykans elke kiesafdeling in die land toegespreek. Hy het meer as 70 toesprake om V.P. kandidate te ondersteun, gelewer. Daarna het hy vir 'n week of twee na sy eie distrik teruggekeer en 'n verdere 30 toesprake gelewer.[162] In 1938 was daar 150 kiesafdelings in die Unie en vir Reitz om 70 toesprake in twee maande te lewer, sou dus beteken het dat hy twee en 'n half vergaderings per dag toegespreek het. Dat hy dit suksesvol sou kon doen, is hoogs onwaarskynlik. Die statistieke wat hy weergee, verhef sy eie rol en maak homself heelwat belangriker daar uitsien as wat hy waarskynlik was. Daar kan maar net aangeneem word dat hy dié oordrywing gedoen het om aan te toon hoe ernstig hy die verkiesing benader het en met hoeveel ywer hy sy taak aangepak het. Dit maak die lees van sy boeke ook veel interessanter as wat dit andersins sou wees.

Hy het sy veldtog deur die Suidwes-Kaap op 8 April 1938 in Mosselbaai geopen met 'n goed bygewoonde en entoesiastiese vergadering. Volgens Reitz is hy deur die opposisie daarvan beskuldig dat hy 'n vrot Minister van Landbou was. Sy antwoord hierop was dat hy in die vorige vyf jaar dikwels gewonder het waaroor al die rusies, waaraan hy ook deelgeneem het, gegaan het, maar dat hy nooit werklik 'n antwoord kon kry nie. Juis daarom staan hy as 'n vredemaker.

Dit het Reitz glo opgeval dat 90% van die arm mense in besproeiing- en bosbounedersettings Afrikaanssprekend was. Wat was die les hieruit te leer? As mens kyk na die geskiedenis van die Afrikaanssprekendes vind mens dat dit een van rusies en verskille was. Dit blyk 'n eienskap van die Afrikaner te wees dat as daar nie iemand van buite is om teen te baklei nie, dan baklei hulle met mekaar. As 'n man suksesvol was, was hulle geneig om hom af te trek. As 'n party aan bewind was, moes hulle dit weer en weer skop ongeag of hulle werklik in die basiese dinge verskil het of nie. Wie was dit wat die groot Afrikaner leiers soos genls. Smuts, Hertzog en Kemp beledig het? Nie die Engelssprekende Suid-Afrikaners nie, maar die Afrikaners soos Malan en

[162] D. Reitz, *No outspan*, p. 220.

sy onverantwoordelike jong volgelinge. Hierdie onophoudelike verdeling en tweedrag was een van die hoofredes vir die agteruitgang van die Afrikaner en die rede hoekom bykans al die armer setlaars Afrikaans was. Die Engelssprekendes het nie hierdie bittere twiste onderling gevoer nie. Dit was ook nie hulle wat met die Afrikaners gestry het nie. Dit was die Afrikaners self. Was dit nie tyd dat hulle hierdie onderlinge twiste staak om te verhoed dat hulle mense verder agteruitgaan nie? Volgens Reitz was daar geen ander party as die Verenigde Party as die land wou vooruitgaan nie. Wat sou 'n regering van Malan kan doen met sy jong luitenante? Dit was ondenkbaar dat hulle die land sou kon regeer. Dr. Malan se beleid was anti-Engels. Geen self-respekterende Engelsman sou aan die N.P. behoort nie. Malan se stellings het dit onmoontlik gemaak. Daar was ook geen Afrikaners in die Dominium Party nie. Die gematigde elemente van beide partye was in die Verenigde Party.[163]

Bogenoemde standpunte wys weer eens Reitz se eie onverdraagsaamheid. Hy is lojaal teenoor sy eie party en dié se standpunte en geen ander opinies of benaderings word geduld nie. Ander partye en opposisielede word veroordeel en net sy eie sienings is korrek. Hierdie opvallende persoonlikheidskenmerk was een wat hy reeds as kind gehad het en dit het nie juis deur die jare verander nie. Reitz se onverdraagsaamheid, gekombineer met sy hardkoppigheid, verduidelik na alle waarskynlikheid waarom sy teenstanders hom so graag uitgesonder het vir woordelike aanvalle in die parlement en elders. Hy het uitsprake gemaak wat hulle nie aangestaan het nie en die manier waarin hy dit gedoen het, het die ideale platform vir twiste geskep. Gelukkig vir hom het hy die tipe persoonlikheid gehad wat bereid was om net soveel straf te neem as wat hy uitgedeel het.

Tydens sy toespraak in Mosselbaai het hy hewig kritiek gelewer op die republikeinse verkiesingsoproep van mense wat volgens hom nog nooit verbind was of enigiets gedoen het vir die twee voormalige republieke nie. As

[163] *The Star*, 8/04/1938, Col. Reitz warns against republicanism. Doubt if "we would last three years on our own". An appeal to Afrikaans speaking people, p. 24.

iemand wat vir die republieke geveg het, het hy beswaar aangeteken teen sulke mense se uitbuiting van die republieke om stemme te werf. Hy is in 'n republiek gebore en sy vader was staatspresident van die ou Vrystaatse Republiek. Hy het drie jaar lank vir die republieke geveg en is daarvoor verban. Hy was gevolglik van mening dat hy meer gesag gehad het om oor die onderwerp te praat as Malan. Dit was vir hom noemenswaardig dat al die ou republikeine tevrede was met die vryheid van die land en dat hulle in daardie stadium meer vryheid gehad het as in die ou republieke. Hy wou weet hoe lank hulle sou kon bestaan as hulle wegbreek van die bestaande omstandighede om op hulle eie te staan. Hy het nie gedink hulle sou vir drie jaar op hulle eie kon oorleef nie. Een van die groot moondhede sou met hulle moeilikheid soek en dan sou daar aan hulle gedoen word wat deur Japan aan Sjina gedoen is.[164]

Een van die uitsonderlikste eienskappe van Reitz is hoe verrassend konsekwent hy deur die jare gebly het. Die standpunte wat hy in 1938 en later gehuldig het, is presies dieselfde as die wat hy as 'n jong man gehad het. Hy het nie van sy ingeslane roete afgewyk nie en het bly voortveg vir wat vir hom belangrik was. Nadat hy by 'n geveg, hetsy polities of militêr, betrokke geraak het, sou geen oormag, ontberinge of gevare hom daarvan laat afwyk het nie. Hierdie eienskap van hom gee 'n mate van insig in waarom hy vir amper 40 jaar 'n lojale ondersteuner van Jan Smuts was en ook waarskynlik waarom Smuts deur al die jare by hom gestaan het, ongeag van die ondeurdagte en onaanvaarbare uitsprake wat hy mag gemaak het.

In 'n toespraak ten gunste van kapt. Colin Bain-Marais, V.P.-kandidaat vir Orange Grove, op 13 April 1938, sê Reitz dat hy nie glo dat enige ander beskaafde land in die wêreld al soveel vooruitgang as Suid-Afrika in die vorige vyf jaar beleef het nie. Sy fokus het egter gou geskuif na die N.P. en die Dominium Party. Volgens hom sou geen selfrespekterende Engelsman by die N.P. aansluit nie en geen selfrespekterende Afrikaanssprekende by die

---

[164] *The Star*, 8/04/1938, Col. Reitz warns against republicanism. Doubt if "we would last three years on our own". An appeal to Afrikaans speaking people, p. 24.

D.P. nie. As voorbeeld het hy homself en Colin Bain-Marais gebruik. Volgens hom het Bain-Marais 'n tweetalige van gehad, wat bewys dat hy 'n egte Suid-Afrikaner was. Maar hy sou nooit by die D.P. kon aansluit nie. Hy, Reitz, was weer 'n trotse Afrikaner, maar was 'n oortuigde ondersteuner van die Britse Statebond en sou nooit by die N.P. kon aansluit sonder om sy selfrespek te verloor nie. Die enigste party waar beide Afrikaans- en Engelssprekende Suid-Afrikaners op gelyke voet bymekaar kon kom, was die V.P. Die res van sy toespraak het hy grootliks gebruik om 'n aanval op die D.P. te doen. Volgens hom het die D.P. se literatuur oorgeloop met oordoende jingoïsme, net soos die N.P. se literatuur met Afrikaanse jingoïsme oorgeloop het. Hy het ook gesê dat hy weet wat Britse goedhartigheid is, maar dat hy dit nog nooit van die D.P. ontvang het nie. Op D.P. propaganda oor hoekom daar meer Afrikaanse as Engelse name in die Suid-Afrikaanse kabinet is, het hy gesê dat dit eerstens was omdat die Afrikaanssprekendes die meerderheid in die land was en tweedens omdat die Afrikaanssprekendes mal oor politiek was – iets wat hyself gehaat het. Die Engelssprekendes was nie so polities georiënteerd soos die Afrikaners nie.[165]

Dat Reitz homself 'n Afrikaner genoem het, was waarskynlik 'n mening wat nie deur sy teenstanders gedeel is nie. Sy hele politieke loopbaan deur het hy hom beywer vir nouer samewerking met Brittanje en die Britse Statebond. Die republikeinse gedagte het hom nooit aangestaan nie. Hy het dit boonop verkies om Engels te praat en het sy kinders Engels grootgemaak. Om homself as 'n Afrikaner te beskryf, sou dus gesien gewees het as 'n uiters verwaande wanvoorstelling. As die doelwitte wat hy nagestreef het in ag geneem word, sou hy eerstens as 'n Suid-Afrikaner en tweedens as 'n Afrikaner beskryf kon word. Sy land en die vooruitgang en beskerming daarvan was vir hom veel belangriker as die eng benadering om 'n enkele volk se belange te beskerm. Reitz het die Afrikaners se gedurige verafgoding van hulle volk, taal en tradisies verafsku. "...I broke away from the juju and voodooism of race worship a long time ago. I believe in [the] American

[165] *The Star*, 14/04/1938, Col. Reitz replies to Dominium Party. Lively meeting in support of Captain Bain-Marais, p. 9.

system, which has taken all races into its fold and has moulded them into a single nationhood."[166]

Dié republikeinse tema het hom herhaal toe Deneys sy veldtog in die Vrystaat op 22 April 1938 in die dorp Reitz afgeskop het. Nog voordat hy met sy toespraak kon begin, was daar reeds eise van die gehoor dat hulle wou vrae vra voordat hy met sy toespraak begin. Reitz het daarop opgestaan en gesê dat hulle al vir meer as 20 jaar in Suid-Afrika gestry het, maar baie min gewen het. Samewerking is egter verkry. Hy het verder gegaan deur te sê dat hy al in baie lande gereis het, maar dat dit die eerste keer was wat hy so baie bitterheid ervaar het soos wat hy tydens dié verkiesing teëgekom het. Hy wou weet hoe hulle enigiets kon bereik met so baie bitterheid? Hy het die blaam vir die verdeeldheid in die nasie as gevolg van hulle ooraktiewe politieke benaderings op die skouers van die Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners geplaas. Hy was van mening dat republikanisme nie praktiese politiek was nie – Dr. Malan het dit volgens Reitz geweet – en het versoek dat almal vir die V.P. moet stem, 'n party wat vir samewerking en eenheid staan. Die vergadering het op die ou end goed afgeloop sonder enige onderbrekings van Reitz se toespraak.[167]

Die parlementsitting na afloop van die verkiesing het met 'n gevoel van oorwinning begin, maar min het hulle geweet wat vir hulle in die toekoms gewag het. Die Volksraad het nog gesit toe hulle die nuus ontvang dat Adolf Hitler, die leier van Nazi-Duitsland, se troepe Oostenryk ingeval het. Hulle was egter van mening dat die meerderheid Oostenrykers die oorname wou gehad het en was gevolglik nie vreeslik bekommerd daaroor nie. Met die groot hoeveelheid landbou-probleme waarmee hy opgeskeep was, het Reitz in elk geval nie veel tyd gehad om aan die gebeurtenis aandag te gee nie.[168]

---

[166] Soos aangehaal in A. van Wyk, 'n Anderste man, *Insig*, Augustus 1998, p. 45.
[167] *Rand Daily Mail*, 22/04/1938, Real split is between Afrikaners – Col. Reitz, p. 15.
[168] D. Reitz, *No outspan*, p. 220.

### 8.11 'n Besoek aan Suid-Amerika

In 1938 het twee voorvalle plaasgevind waardeur gesien kan word dat Reitz se besige lewe en die spanning van sy amptelike take hom begin inhaal het. Eerstens het hy longontsteking opgedoen tydens 'n besoek aan Sandringham, juis nadat hy soontoe gegaan het omdat hy gevoel het dat hy rus nodig gehad het. Dit het hom langer as 10 dae geneem om oor dié siekte te kom.[169] Die tweede het plaasgevind tydens die parlementsitting toe hy een middag opstaan om vrae te antwoord en flou geval het. Volgens die dokters wat hom ondersoek het, het hy 'n senuwee-ineenstorting gehad as gevolg van sy besige program. Jan Smuts het dit daaraan toegeskryf dat Reitz te min oefening gedoen het. Reitz het die opmerking afgemaak deur te sê dat Chauncey Depew, die Amerikaanse senator, glo op 'n soortgelyke aantyging gesê het dat die enigste oefening wat hy gekry het, was om 'n kisdraer te wees vir sy vriende wat wel geoefen het. Smuts se antwoord was dat Reitz 'n grieselrige humorsin gehad het. Aangesien Reitz opdrag gegee is om te rus, het hy besluit om dit te doen met 'n seereis en gevolglik het hy en sy privaatsekretaris, H.A.W. Cooper, op 'n Japannese vragskip na Rio de Janeiro gevaar.[170] Of 'n besoek aan Suid-Amerika enigsins die regte opsie was vir sy gesondheid, kan bevraagteken word.

Reitz was van plan om net vinnig deur Brasilië te toer, maar is deur die Unieregering versoek om ook in Uruguay en Argentinië besoek te gaan aflê. Met sy aankoms in Rio het Brasiliaanse amptenare en verteenwoordigers van die Britse Ambassade, asook die Unie se konsul-generaal vir Suid-Amerika, hom ingewag. Hy het vry passe gekry vir al die spoorweë in die land en het met 'n reeks besigtigingstoere en feestelikhede begin wat amper beter was as wat hy in Brittanje ervaar het. Behalwe vir rondom Rio, is hulle ook na São Paulo, die industriële middelpunt van Brasilië. Hier was die bevolking ongelukkig met president Vargas wat, met behulp van 'n sterk weermag, die land bestuur het as 'n welwillende alleenheerser. Alhoewel Reitz hom nie

---

[169] D. Reitz, *No outspan*, pp. 220-221.
[170] *Ibid.*, pp. 224-225.

ontmoet het nie, het hy 'n stille bewondering gehad vir sy metodes en het hy daarvan kennis geneem vir toekomstige verwysing.[171]

Reitz het Argentinië vanaf 11 tot 31 Desember 1938 besoek. Tydens dié besoek is hy deur die Argentynse President asook die Minister van Buitelandse Sake te woord gestaan. Vir die duur van sy besoek is hy deur Sr. Guillermo Hileman, hoof van die Argentynse Mynwese, vergesel. Tydens sy drie weke lange besoek het hy 8 000 kilometer afgelê en het hy selfs tyd gekry om oor die Andes na Chili en terug te vlieg. Aangesien hy vir 'n aansienlike tydperk die Minister van Landbou in Suid-Afrika was, het hy veral in die Argentynse boerderymetodes belanggestel en het hy verskeie van die meer bekende "estancias" besoek. Voor sy vertrek terug na Suid-Afrika het hy opgemerk dat sy besoek baie insiggewend was en dat hy beïndruk was met die groot hoeveelheid hulpbronne wat vir landbou en veeboerdery bestaan het.[172]

Soos gewoonlik het Reitz nie 'n wag voor sy mond geplaas nie en het hy 'n paar stellings gemaak wat vriend en vyand se hare sou laat rys het. Die eerste hiervan was: "...an overwhelming majority of South Africans were inflexibly determined that German West Africa and Tanganyika should not be returned to Germany". Volgens Reitz was die algemene gevoel dat Suidwes-Afrika net so 'n integrale deel van Suid-Afrika was as wat die provinsie van Buenos Aires deel van die Argentynse Republiek was. Hy was ook van mening dat die tyd verby was waar die groot moondhede by vredeskonferensies en kongresse gedeeltes van Afrika kon rondgooi om eise te skik. Onder die [toe] moderne omstandighede het die inwoners van Afrika die reg gehad om oor hulle eie lot te besluit en moes hulle nie as pionne in die internasionale spel gebruik word nie.[173]

---

[171] D. Reitz, *No outspan*, p. 225-227.

[172] Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, FO371/22711, 231186, Visit of Colonel the hounourable Deneys Reitz to Argentina, 04/01/1939.

[173] Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, FO371/22711, 231186, Visit of Colonel the hounourable Deneys Reitz to Argentina, 04/01/1939. Uittreksel uit Buenos Aires Herald: Return of former colonies out of the question. Slabs of continent no longer at mercy of peace conference. Blunt statement by South African Minister, pp. 146-147.

Ten opsigte van 'n stelling van genl. Hertzog dat Suid-Afrika Brittanje in 'n oorlog sou ondersteun slegs as dit in Suid-Afrika se belang sou wees en slegs nadat die burgers daartoe ingestem het, het Reitz die volgende gesê: Suid-Afrika se posisie as onafhanklike nasie in die Britse Statebond gee aan hom die reg om vir homself te besluit of hulle aan die oorlog sou deelneem. Hy was egter van mening dat dit wel sou gebeur, aangesien hulle besef het dat indien die Unie geïsoleer word, met sy groot minerale rykdom en strategiese posisie, hy waarskynlik die slagoffer sou word van die eerste plundersieke moondheid wat verbykom. Hulle enigste sekuriteit was gesetel in die Statebond. Alhoewel sowat 55% van die bevolking van Nederlandse afkoms was en dit nie van hulle verwag kon word om dieselfde sentimentele getrouheid teenoor die Britse Ryk te hê as die burgers van Britse afkoms nie, was hy van opinie dat hy die stem van die grootste meerderheid van die Afrikaanssprekende burgers verteenwoordig as hy sê dat hulle vryer en veiliger was binne die Statebond as wat hulle in die dae van hulle eie Republieke was. Alhoewel hulle nie uit 'n sentimentele hoek daarna kyk nie, is hulle seker dat hulle enigste veiligheid binne daardie groot gemeenskap van nasies lê.[174]

Hy het ook gemeld dat hy na die Anglo-Boereoorlog na Suid-Afrika teruggekeer het omdat die Britte hulle so grootmoedig behandel het. Nadat die Britte hulle oorwin het, het hulle die land aan hulle teruggegee en het hulle groter vryheid as ooit vantevore gehad. Brittanje was volgens hom wys om Suid-Afrika terug te gee, want dit het die Unie in 'n vrywillige vennoot verander. Suid-Afrika kon die volgende dag uit die Statebond bedank, maar hulle wou nie.[175]

Op die ekonomiese front het Reitz nouer bande en meer gereelde kontak tussen Argentinië en Suid-Afrika bepleit. Ten opsigte van mynbou het Reitz gesê dat Suid-Afrika waarskynlik een van die gelukkigste lande in die wêreld

[174] Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, FO371/22711, 231186, Visit of Colonel the hounourable Deneys Reitz to Argentina, 04/01/1939. Uittreksel uit Buenos Aires Herald: Return of former colonies out of the question. Slabs of continent no longer at mercy of peace conference. Blunt statement by South African Minister, pp. 146-147.
[175] *Ibid.*, p. 148.

was omrede hulle ryklik met goud, diamante en steenkool geseën is. Suid-Afrika het ook oor baie yster, koper, mangaan en tin beskik. Sedert Brittanje van die goudstandaard afgestap het, het die prys van goud van 84 sjielings per fyn ons tot ongeveer 150 sjielings per fyn ons vermeerder. Die gevolg daarvan was dat die nasionale finansies in 'n uitstekende toestand was en dat Suid-Afrika, vergelykenderwys en sover as wat dit nasionale inkomste aangaan, die rykste land op aarde was.[176]

Tydens 'n latere onderhoud het hy egter gemeld dat Suid-Afrikaners bereid sou wees om al hulle minerale rykdom vir die waterweë en landelike rykdom van Argentinië te verruil. Volgens hom was minerale rykdom 'n kwynende bate. Jy het nooit geweet hoe lank dit sou hou nie. Landbourykdom en natuurlike vrugbaarheid was egter 'n permanente bron van vooruitgang. Hy het nie geweet hoe hy vir sy landgenote gaan vertel dat Argentinië riviere het wat meer as 50 kilometer wyd was nie. Hulle sou hom waarskynlik nie glo nie. Hy het verder ook gemeld dat hy baie kritiek gekry het oor die groot hoeveelheid geld wat hy op besproeiing en damme gespandeer het, maar dat wat hy in Argentinië gesien het hom sekerder as ooit vantevore gemaak het dat hy op die regte pad was. "We know our mines won't last forever, and so are spending our money now on something that we know will be lasting."[177]

Ten spyte van Suid-Afrika se water tekorte, was daar sekere items waarmee hy gedink het hulle Argentinië kon troef. Volgens hom was die Suid-Afrikaanse vrugte beter as enigiets wat in Argentinië verbou is en was Suid-Afrikaanse skape en wol ook van 'n hoër kwaliteit. Niks in Suid-Afrika kon egter by die Argentynse beeste kers vashou nie.[178]

---

[176] Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, FO371/22711, 231186, Visit of Colonel the hounourable Deneys Reitz to Argentina, 04/01/1939. Uittreksel uit Buenos Aires Herald: Return of former colonies out of the question. Slabs of continent no longer at mercy of peace conference. Blunt statement by South African Minister, p. 147.

[177] Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, FO371/22711 231186, Visit of Colonel the hounourable Deneys Reitz to Argentina, 04/01/1939. Uittreksel uit Buenos Aires Herald: Cannot compete with Argentina. Hopeless task for South Africa. Tribute by Col. Reitz, p. 149.

[178] *Ibid.*, p. 149.

Ten opsigte van demokrasie het Reitz die volgende gesê: In Suid-Afrika is ons ‘n klein demokrasie aan die verste ent van ‘n groot kontinent en ons het al gewonder hoe ver die konsep van totalitêre state in die res van die wêreld gevorder het. Ons hou nie van die stelsel nie, want ons is ‘n ras van indiwidue en as elke ander land in die wêreld ‘n diktatorskap word, sou Suid-Afrika steeds ‘n demokrasie wees, aangesien elke man in Suid-Afrika sy eie Hitler was.[179]

In van sy onderhoude met die pers het Reitz ongunstige uitsprake oor Hitler en die Nazi's gemaak wat nie goed deur Duitsers in Suid-Amerika ontvang is nie. Hy moes met ‘n Duitse passasierskip van Buenos Aires na Rio vaar en hier het sy uitsprake hom ingehaal. Hofmeesters het geweier om hom te bedien, baddens was nooit beskikbaar nie, hulle moes in die donkerste hoekies in die eetsaal sit en die afskuwelikste voedsel eet. Reitz se ervaring met die slegte maniere op die skip, asook sy gesprekke met Duitse passasiers en bemanning het hom ‘n mate van insig in hulle mentaliteit gegee en dit het sy afkeer in die Nazi metodes versterk. Hy het homself voorgeneem om, sover as wat dit in sy mag was, Suid-Afrika van hulle leerstellinge vry te hou. By Santos het Reitz geweier om verder saam met die Duitsers te vaar en het hy die reis op ‘n Britse skip voortgesit. Sy tog terug na Suid-Afrika was aan boord ‘n Japannese vragskip en met hulle het hy beter oor die weg gekom as met die Duitsers. Hy beskryf hulle as vriendelik, slim en beleefd.[180]

## *8.12 Minister van Myne*

Met Reitz se terugkeer na Suid-Afrika het Hertzog, met die argument dat die portefeulje van Landbou enige man sou doodmaak, hom as Minister van Myne aangestel.[181] Of Reitz se verduideliking van hoekom hy as Minister van Mynwese aangestel was die enigste rede daarvoor was, is te betwyfel. Reeds

---

[179] Nasionale Argief van die Verenigde Koninkryk, FO371/22711 231186, Visit of Colonel the hounourable Deneys Reitz to Argentina, 04/01/1939. Uittreksel uit Buenos Aires Herald: Cannot compete with Argentina. Hopeless task for South Africa. Tribute by Col. Reitz, p. 149.

[180] D. Reitz, *No outspan*, p. 227.

[181] *Ibid*., p. 228.

in Oktober 1938 is die voorstel aan Smuts gemaak dat Reitz as Minister van Mynwese aangestel moet word. Alhoewel Reitz se gesondheid as 'n rede daarvoor voorgehou is, was daar ook ander bymotiewe. Die grootste hiervan was om te verseker dat Jan Hofmeyr weer tot die aktiewe politiek toetree. Indien Hofmeyr as Minister van Landbou aangestel is, sou dit die S.A.P. polities konsolideer en die stadige disintegrasie daarvan teëwerk.[182]

Reitz beskryf die portefeulje van Myne as 'n stil toevlugsoord en dat hy, vir 'n tydperk nadat hy dit oorgeneem het, 'n rustige tyd ondervind het. Volgens hom was die goudmynindustrie aan die Witwatersrand so effektief bestuur dat sy pos amper 'n lui baantjie was. Besproeiing en bosbou was egter nog onder hom, sodat hy nie heeltemal niks gedoen het nie.[183]

Uit korrespondensie aan Smuts blyk dit egter dat sy tydperk as Minister van Myne nie heeltemal so rustig was as wat hy voorgegee het nie. Een van sy groot probleme was klagtes oor die haglike toestand van die Roodepoort Nedersetting in die O.V.S. 'n Besproeiingskommissie het die nedersetting ondersoek en in Maart 1938 'n verslag daaroor uitgebring. Dit het twee aanbevelings gemaak, naamlik dat die plaaslike dam herstel moet word en dat die Departement van Volkswelsyn 'n ondersoek na die toestand van die nedersetting moet loods. Reitz het voorlopig £6 000 vir die herstel van die dam opsy gesit, maar nie daarmee voortgegaan nie omdat hy vir die Departement van Volkswelsyn se verslag gewag het. Die verslag, wat in Julie 1938 verskyn het, het Reitz die gevolgtrekking laat maak dat die herstel van die dam in die omstandighede in die verslag genoem, nie 'n besproeiingskema was nie, maar eerder deur die Tesourie of Departement van Volkswelsyn gehanteer moet word. Hy het gevolglik die £6 000 van sy begroting verwyder. Genl. Conroy was egter nie hiervoor te vinde nie en het, volgens Reitz, hom op 'n taamlike hovaardige wyse toegespreek en probeer "bully". Op 21 Maart 1939 het Conroy klaarblyklik woedend teen Reitz uitgevaar en gesê dat hy hom in sy kiesafdeling sou ontmasker en dat hy sou

---

[182] SAB, A1, Smuts-versameling, vol.243, privaat briewe 1938 (N-W), nos. 1–280 (46), R. Stuttaford – J.C. Smuts, 01/10/1938.

[183] D. Reitz, *No outspan*, p. 228.

sorg dat die £6 000 weer op die departement se begroting geplaas word wanneer Reitz nie meer minister is nie - iets wat hy gehoop het spoedig sou gebeur. Hy het verder ook gedreig om Reitz by Jan Smuts te gaan verkla. Reitz het hom geregverdig gevoel om sy kant van die saak aan Smuts te verduidelik. Hy was van mening dat Conroy nie die reg gehad het om onhoflik teenoor hom op te tree nie en was nie bereid om dit stilswyend toe te laat nie. Volgens hom was die enigste klagte wat teen hom geopper kon word dat hy nie vir Conroy op hoogte van sake gehou het nie, maar hy skryf dit daaraan toe dat hy in Suid-Amerika was toe die voorval plaasgevind het. As 'n laaste skoot sluit hy af dat dit mag wees dat die damwal in 'n swak toestand verkeer, maar dat dit ondanks die abnormaal baie reën van die vorige paar maande steeds staan.[184]

Adolf Hitler se Duitse-magte het Tsjeggo-Slowakye in Maart 1939 ingeval en die besef dat 'n oorlog in Europa onafwendbaar was, het stadig maar seker in Suid-Afrika begin posvat. Teen September 1939 was helfte van die kabinet reeds ten gunste van deelname daaraan.[185] Volgens Reitz het hy en Smuts albei gevoel dat die oorlog 'n lewensbelangrike impak op Suid-Afrika sou hê. Hulle was van mening dat daar slegs binne die Britse Ryk sekuriteit was en dat as hulle daarvan sou wegbeweeg, hulle gou hulle vryheid sou verloor, aangesien een van die ander groot moondhede hulle sou inval vanweë die strategiese plasing van die Kaap, die land se minerale rykdom en hulle interne politieke swakhede. In die kabinet en parlement is hierdie siening ondersteun deur die volgelinge van die ou Suid-Afrikaanse Party. Hulle kon egter nie die mening van genl. Hertzog en sy ondersteuners inwin oor of die Unie by Brittanje moet staan of neutraal moet bly indien oorlog tussen Brittanje en Duitsland uitbreek nie. Elke keer wat Smuts Hertzog hieroor genader het, is daar aan hom gesê dat daar geen nodigheid was om dit te bespreek nie aangesien Hitler nie oorlog beplan het nie - sy reputasie was opgebou op bloedlose oorwinnings. Die ander oud-Nasionale Party ministers en lede van die parlement wou ook nie opinies hieroor uitspreek nie, met die

---

[184] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 245, privaat briewe 1939 (H-R), nos. 1–220 (206), D. Reitz – J.C. Smuts, 22/03/1939.
[185] H. Giliomee en B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 294.

gevolg dat die regering nie 'n beleid kon formuleer voor die naderende krisis nie.[186]

### *8.13 Vulkaniese uitbarsting in die Belgiese Kongo*

Ten spyte van die dreigende oorlog in Europa en die daarmee gepaardgaande politieke onrus in Suid-Afrika, het Reitz en Smuts dit goedgedink om 'n vakansie na die Belgiese Kongo te onderneem. Dit het plaasgevind nadat hulle teen die middel van 1939 deur sir Ernest Oppenheimer en sy seun, Harry, genooi is om na 'n vulkaniese uitbarsting in die land te gaan kyk. Die hoogtepunt van hulle besoek was die uitbarsting van die 3 000 meter hoë Nyamlagira-vulkaan. Hulle het 300 meter hoër as die berg daaromheen gesirkel en in verwondering daarna gestaar. Volgens Reitz het hy baie vreemde en interessante dinge in sy tyd beleef, maar niks kon kers vashou by hierdie demoniese skouspel nie. Lawa het teen die kante van die berg afgestroom en eenvoudig alles in die pad daarvan vernietig. Op sekere plekke het borrels lawa, 10 of 12 meter in breedte, uit die grond soos pruttende pap geborrel. Wanneer hulle breek, het vlammende strale in alle rigtings geskiet. Die lawa het nie van die krater in die berg gekom nie, maar vanuit groot luggate in die kante van die berg. Rondom die luggate was lang kegels geel swael wat uit die dieptes van die aarde gespuit het. Die twee en 'n half kilometer breë krater was 'n kwaai kookpot van vuur en swawel, 'n pragtige gesig.[187] Volgens Reitz was daar binne die krater van die vulkaan 'n kleiner krater wat amper net soos die groot gat by Kimberley gelyk het.[188]

Die volgende dag het hulle die vulkaan met 'n boot op die Kivumeer genader. Dit was 'n imponerende gesig. Oor 'n paar kilometer wye front was die lawa besig om in die meer in te vloei teen ongeveer 'n meter 'n minuut. Soos wat dit die water bereik het, het groot wolke stoom honderde meters hoog die lug in opgeskiet. Hoe nader hulle aan die vulkaan beweeg het, hoe warmer het

---

[186] D. Reitz, *No outspan*, pp. 228-229.
[187] *Ibid.*, pp. 229-231.
[188] *The Times*, 29/07/1939, General Smuts flies over volcano. Watching an eruption, p. 11.

die water geword. Sowat drie meter weg was dit amper by kookpunt. Volgens Reitz was dit ongelooflik om so naby aan die witgloeiende lawa te wees. Dit het hom laat spekuleer dat sy voorvaders hulle idees oor die hel verkry het van vulkaniese uitbarstings.[189]

Die verhouding tussen Smuts, Reitz en Oppenheimer het onder ernstige kritiek van hulle politieke teenstanders deurgeloop. Oppenheimer is as 'n kapitalis van die ergste graad beskou. Volgens dr. N.J. van der Merwe was die belange wat Oppenheimer in Suid-Afrika gehad het, oorweldigend en het dit hom toegelaat om vir die regering te dikteer. As die staat meer diamante op die mark wou bring, dan het hy 'n pistool teen die regering se bors gehou en gesê dat Kimberley, Koffiefontein en Jagersfontein daaronder sou ly en dat die mense werkloos sou word. Hy was verder van mening dat 'n end daaraan gemaak moet word dat die staat op dié manier gekniehalter word. Die staat moes nie toelaat dat Oppenheimer vir hulle dikteer nie. Reitz, wat 'n hoë dunk van Oppenheimer gehad het, het egter nie Van der Merwe se opinie gedeel nie. Volgens hom was Oppenheimer nie 'n filantroop nie, maar as hy nie tussenbeide getree het nie, sou die diamantindustrie ineengestort het. Reitz was van mening dat Suid-Afrika Oppenheimer moes bedank vir wat hy gedoen het.[190]

## *8.14 Slotbeskouing*

Die tydperk van 1933 tot 1939 word gekenmerk deur vier nou verwante sake in Reitz se lewe. Die eerste hiervan was sy werksaamhede as minister van drie verskillende staatsdepartemente, naamlik Lande, Landbou en Bosbou, en Myne. Eersgenoemde twee het reg in sy kraal gepas, terwyl laasgenoemde buite sy normale belangstellingsveld geval het. Die tweede aspek wat uitstaan, is die gevoel wat die opposisie oor hom as minister gehad het – hulle het hom grootliks as onbevoeg beskou. Jan Smuts het nie die

---

[189] D. Reitz, *No outspan*, p. 231.

[190] SAB, SRP1/3/60, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Tweede Sitting – Agste Parlement, 3 Februarie tot 16 Junie 1939, deel 34 (12 April tot 19 Mei 1939), kol. 4459 en 4465.

gevoel met hulle gedeel nie. Die derde aspek van belang was die verandering wat geleidelik in sy benadering tot die Suid-Afrikaanse politieke situasie begin insluip het. Hy het dit al hoe meer as onbenullighede begin beskou en belangstelling daarin verloor. Die uitdagings van sy verskillende portefeuljes asook die konstante kritiek wat daarmee gepaardgaan, het boonop sy tol begin eis en sy gesondheid het stelselmatig begin agteruitgaan.

# Hoofstuk 9: Die laaste skof

## *9.1 Die Tweede Wêreldoorlog*

Teen die laat 1930's het die dreigende oorlog in Europa die politieke situasie in Suid-Afrika tot so 'n mate beïnvloed dat die skeuring van die regerende party onafwendbaar was. Die internasionale situasie het reeds vanaf 1932 begin agteruitgaan toe 'n militaristiese groep in Japan hulle daarop toegespits het om van Japan 'n wêreldmag te maak. 'n Japannese inval in Sjina om addisionele natuurlike hulpbronne te bekom, het hom Amerika se gramskap op die hals gehaal en die land het gereageer deur lenings aan Sjina te gee, militêre hulp in die geheim te verleen en deur meer aktiewe boikotte vir die verskaffing van rou materiale aan Japan in te stel. Die boikotte van olie en ander rou materiale deur die VSA sou op die lang duur Japan se ekonomie vernietig het en Japan moes kies om òf uit Sjina te onttrek òf om te poog om die oliereserwes van Hollands-Oos-Indië te bekom. Hulle het verkies om voort te gaan met planne vir die Groter Oos Asiese Oorlog in die Stille Oseaan.

'n Veel groter bedreiging vir wêreldvrede was egter die toenemende nasionalisme en militarisme en die teenwoordigheid van onopgeloste grenskwessies in Europa. In Duitsland het weersin in die harde voorwaardes van die verdrag van Versailles, die geloof in die Dolchstosslegende[1] en die aanvang van die groot depressie die geloof in Adolf Hitler se Nasionaal Sosialistiese Duitse Werkersparty laat toeneem. Boonop was die verdrag se voorskrifte nie goed toegepas nie, grootliks uit vrees vir nog 'n oorlog. Nou hieraan verwant was die mislukking van die Britse en Franse beleid van versoening wat aan Hitler die geleentheid gegee het om Duitsland te herbewapen.

---

[1] http://en.wikipedia.org/wiki/Dolchsto%C3%9Flegende, *Dolchstosslegende,* 30/05/2008. Die Dolchstosslegende verwys na 'n sosiale mite wat tussen die twee wêreldoorloë in Duitsland populêr was. Dit skryf Duitsland se nederlaag in die Eerste Wêreldoorlog aan 'n aantal interne faktore toe, veral dat die publiek nie gehoor gegee het aan patriotiese oproepe op kritieke tye nie en dat sommiges selfs die oorlogspoging gesaboteer het. Hitler se opkoms word grootliks aan die teorie toegeskryf.

Die uiteinde hiervan was die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog op 1 September 1939 toe Duitsland Pole ingeval het en Brittanje en Frankryk twee dae later tot die stryd toegetree het. Die Sowjetunie het, na aanleiding van die Molotov-Ribbentrop nie-aanvalsverdrag, op 17 September 1939 by Duitsland aangesluit. In Mei 1940 het Duitsland Wes-Europa ingeval en Frankryk en Brittanje die stryd aangesê en ses weke later het Frankryk aan Duitsland oorgegee. Drie maande later het Duitsland, Italië en Japan 'n gemeenskaplike verdedigingspakt geteken en was hulle van toe af as die Spilmoondhede bekend. Nege maande later, in Junie 1941, het Duitsland sy rug op die Sowjetunie gedraai en dié moondheid ingeval, met die gevolg dat die Sowjetunie by die geallieerde kamp aangesluit het. In Desember 1941 het Japan die Verenigde State van Amerika aangeval en by die oorlog betrek en Sjina het ook by die geallieerde magte aangesluit. Tot en met die einde van die oorlog het gevegte in Europa, die Noord Atlantiese Oseaan, Noord Afrika, Suidoos Asië, Sjina, die Stille Oseaan en Japan voorgekom. Italië het in September 1943 oorgegee en Duitsland in Mei 1945. Die oorgawe van Japan op 2 September 1945 het die einde van die oorlog beteken.[2]

Of Suid-Afrika die reg gehad het om neutraal te bly van enige oorloë waarby Brittanje betrokke raak, was een van die grootste brandpunte wat reeds dekades lank groot twiste in die Unie veroorsaak het. In September 1938 het Hertzog die kabinet tot 'n posisie van neutraliteit verbind in geval van oorlog. Smuts het aanvanklik hiermee akkoord gegaan, maar het later van opinie verander.[3] Hy was van mening dat Suid-Afrika as Dominium 'n plig teenoor Brittanje gehad het en dat hy onmoontlik in geval van oorlog neutraal sou kon bly. Die Unie sou verplig wees om teen Brittanje se vyande oorlog te verklaar.[4]

[2] http://en.wikipedia.org/wiki/World_War_II, *World War II*, 22/04/2006.

[3] H. Giliomee en B. Mbenga (reds.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*, p. 293.

[4] L.J. van der Westhuizen, Die neutraliteitsvraagstuk as verdelingsfaktor in die Suid-Afrikaanse politiek (1933-1940), met besondere verwysing na die rol van genl. J.B.M. Hertzog (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1984), p. 100.

Alhoewel Hertzog herhaaldelik gesê het dat hy die parlement bymekaar sou roep om 'n besluit oor die oorlog te neem, het hy dit nooit gedoen nie. Volgens Deneys Reitz het hy ook nooit onderneem om die parlement te raadpleeg indien hy nie oorlog toe wou gaan nie. Reitz skryf dat hy alle rede gehad het om te glo dat Hertzog en sy ondersteuners in die kabinet ooreengekom het om neutraal te bly en dat hulle dit wou doen sonder om die parlement saam te roep. Dit sou Smuts en sy ondersteuners in 'n groot penarie plaas aangesien daar geen grondwetlike metode sou wees om so 'n neutraliteitsbesluit omver te werp nie.[5]

Dié dilemma is opgelos toe 'n buitengewone parlementsitting as gevolg van die ontbinding van die senaat moes plaasvind. Sonder die sitting sou Hertzog die land in 'n neutrale hoek kon indwing en daar sou geen manier wees om hom grondwetlik teen te staan nie. Hertzog sou egter nie die parlement kon verhoed om oor die kwessie te stem indien die parlementsitting plaasvind nie. Op die eerste dag van dié byeenkoms, 2 September, het verskeie lede van die parlement dan ook onmiddellik geëis dat die neutraliteitskwessie bespreek word. Hertzog het hierdie eise ontwyk deur te sê dat hy die komende Maandag oor die oorlogskwessie sou standpunt inneem.[6]

'n Kabinetsvergadering is vir dieselfde middag by Groote Schuur, die historiese huis wat deur Cecil John Rhodes aan die nasie geskenk is as blyplek vir toekomstige Eerste Ministers, belê. Die S.A.P.-lede van die kabinet was vasbeslote dat Suid-Afrika 'n rol moet speel teen Duitse aggressie, maar Hertzog het hulle nie veel kans gegun om enigiets te sê nie. Volgens Reitz was dit vir hom duidelik dat Hertzog hulle ontbied het om aan hulle opdragte te gee en nie om samesprekinge te hou nie. Hertzog het glo vir drie ure gepraat oor die bitterheid van die Anglo-Boereoorlog, die vernedering wat Suid-Afrikaners onder Brittanje beleef het en die goeie heropbouwerk waarmee Hitler besig was. Die kern van Hertzog se tema was dat Suid-Afrika neutraal moes bly. Indien Hitler die oorlog wen, sou hy Suid-Afrika uitlos en

---

[5] D. Reitz, *No outspan*, p. 237.
[6] *Ibid.*, pp. 237-238.

indien Brittanje wen, sou hulle in elk geval veilig wees. Die vergadering is egter onverrigter sake tot die volgende dag verdaag.[7]

Die vergadering van die volgende dag was 'n herhaling van die vorige, met dié verskil dat Smuts na 'n tyd toegelaat is om sy mening te lug. Smuts het aangedui dat Suid-Afrika Brittanje moes ondersteun deur teen Duitsland oorlog te verklaar. Hy was verder ook vas van plan om die kwessie in die parlement te toets, 'n stelling wat al die aanwesiges laat besef het dat dit tot die opbreek van die regering sou lei. Volgens Reitz was dit hy (Reitz) wat uiteindelik die vergadering beëindig het. Hy het klaarblyklik sy mening oor die oorlog uitgespreek en toe die volgende aan Hertzog gesê: "Sir, it is quite evident that we have reached the parting of ways. Those of us who are opposed to neutrality cannot remain in office with you; therefore this meeting is our last as fellow colleagues. I wish to thank you for the courtesy you have invariably shown us during the time we served under you and I hope the personal friendships we made will not be affected by what has happened." Die vergadering het daarna verdaag. Dieselfde aand het die sewe S.A.P.-lede van die kabinet by die Staatsdiensklub in Kaapstad bymekaargekom en 'n resolusie opgestel wat die volgende dag deur Smuts by die parlement ingedien sou word.[8]

Die aanspraak van Reitz dat hy die vergadering met Hertzog beëindig het, is tekenend van sy persoonlikheid en optrede. Hy het oor genoeg selfvertroue, asook arrogansie, beskik om 'n verhouding wat volgens hom aan die einde van sy lewensduur gekom het, op te breek. Dit was ook in sy aard om 'n mate van eer vir homself op te eis en hierdie situasie het hom ideaal daartoe geleen. Die vraag is egter of hy werklik so iets op sy eie sou gedoen het sonder dat dit Smuts se goedkeuring weggedra het. Die waarskynlikste antwoord is dat daar reeds die vorige aand tydens die vergadering van die S.A.P.-kabinetslede op dié stap besluit is. Reitz sou egter die ideale persoon gewees het om die uitspraak te maak, aangesien wie dit ook al gedoen het,

---

[7] D. Reitz, *No outspan*, pp. 238-239.
[8] *Ibid.*, pp. 239-241.

heel moontlik die blaam vir die opbreek van die koalisieregering sou gekry het. Reitz het minder as Smuts gehad om te verloor deur so 'n uitspraak te maak en om enige moontlike blaam op sy (Reitz) skouers te neem, sou Smuts toelaat om ongehinderd voort te gaan om sy leiersposisie te versterk.

Op 4 September is die kwessie in die parlement bespreek en eers het Hertzog en toe Smuts hulle onderskeie standpunte gestel. Hertzog is soos volg in die Londense *The Times* aangehaal: "Existing relations between the Union of South Africa and the various belligerent countries will, in so far as the Union is concerned, persist unchanged and continue as if no war was being waged; upon the understanding, however, that existing relations and obligations between the Union and Great Britain or any other members of the British Commonwealth of Nations, in so far as such relations or obligations result from contractual undertakings relating to the naval base at Simonstown, or from its membership in the League of Nations, or in so far as such relations and obligations result implicitly from the free association of the Union with other members of the British Commonwealth of Nations, shall continue unimpaired and shall be maintained by the Union, and no one shall be permitted to use union territory for the purpose of doing anything which may in any way impair the said relations or obligations." Hertzog wou dus poog om uit die oorlog te bly maar steeds goeie verhoudinge met Brittanje te behou, maar hy was nie bereid om verder as dit te gaan nie.[9]

Jan Smuts het die volgende wysiging aan Hertzog se verklaring voorgestel:
"This House declares that the policy of the Union in this crisis is to be based on the following principles:

1. In the interest of the Union, its relations with Germany should be severed, and it should refuse to adopt an attitude of neutrality in this matter.
2. The Union should carry out the obligations to which it had agreed and continue its cooperation with its friends and associates within the British Commonwealth of Nations.

---

[9] *The Times*, 05/09/1939, Split in Union Cabinet. Neutrality or war? General Smuts's plea for cooperation, p. 7.

3. The Union should take all necessary measures for the defence of its territory and of South African interests and the Government shall not send forces overseas as in the last war.
4. This House is profoundly convinced that the freedom and independence of the Union are at stake in this conflict and therefore opposes the use of force as an instrument of international policy."[10]

Die debat wat daarop gevolg het, het tot 21:00 daardie aand geduur en die uitslag van die stemming was dat diegene wat ten gunste van oorlog was, gewen het. Die stemming teen Hertzog se mosie was 80 teen 67. Hertzog het Patrick Duncan, die Goewerneur-generaal, daarop versoek om die parlement te ontbind sodat die kwessie by die stembus getoets kon word,[11] maar Duncan het geweier en Hertzog het sy bedanking ingedien. Smuts is toe deur Duncan versoek om 'n nuwe kabinet saam te stel. Reitz is aangewys as Adjunk Eerste Minister en Minister van Naturellesake.[12] Die ironie van die aanwysing was dat alhoewel Reitz tegnies gesproke Jan Smuts se tweede in bevel was, Hofmeyr die persoon was wat aangewys is om die sake van die Volksraad te organiseer.[13] Volgens Paton het niemand Reitz ernstig as 'n administrateur opgeneem nie.[14] Die res van die kabinet het soos volg daaruitgesien:

Genl. J.C. Smuts – Eerste Minister, Buitelandse Sake en Verdediging
Mnr. J.H. Hofmeyr – Finansies en Opvoeding
Mnr. R. Stuttaford – Handel en Nywerheid
Kolonel W.R. Collins – Landbou en Bosbou
Mnr. H. Lawrence – Binnelandse Sake en Openbare Gesondheid
Mnr. C.F. Sturrock – Spoorweë en Hawens
Senator C.F. Clarkson – Pos- en Telegraafwese en Openbare Werke
Mnr. W.B. Madeley – Arbeid- en Maatskaplike Welsyn

---

[10] *The Times*, 05/09/1939, Split in Union Cabinet. Neutrality or war? General Smuts's plea for cooperation, p. 7.

[11] *Globe and Mail*, 06/09/1939, Smuts rallies South Africa to aid Empire. Hertzog forced out on neutrality policy, and general called to act. House upholds him.

[12] D. Reitz, *No outspan*, pp. 241-243.

[13] A. Paton, *Hofmeyr*, p. 328.

[14] *Ibid.*, p. 342.

Senator A.M. Conroy – Lande
Dr. Colin Steyn – Justisie
Kolonel F.C. Stallard – Myne
Maj. P.V.G. van der Byl – Minister sonder Portefeulje.
Madeley was leier van die Arbeidersparty en Stallard van die Dominiumparty. Hertzog en sy volgelinge het die amptelike opposisie geword.[15]

Reitz beweer dat hy aan die opstand teen Hertzog deelgeneem het omdat 'n besluit om neutraal te bly Suid-Afrika voor die res van die wêreld tot oneer sou strek. Indien Hertzog se neutraliteitsmosie goedgekeur is, sou dit gedoen gewees het deur die Afrikanerstem en Afrikaanssprekende burgers sou nooit weer hulle hoofde omhoog kon hou nie.[16] Brittanje het hulle uiters goed behandel na afloop van die Anglo-Boereoorlog – hulle is met groter edelmoedigheid behandel as enige ander volk wat ooit in 'n oorlog verslaan is. Dit kon hy nooit vergeet nie.[17] Hierdie opmerking is kenmerkend van Reitz se standpunt van versoening en nouer samewerking met Brittanje wat hy reeds vir 30 jaar verkondig het. Dit het sy totale politieke benadering weerspieël – 'n benadering wat sou aanklank vind by Engelssprekende Suid-Afrikaners en lede van die Britse Volkebond, maar wat sou lei tot 'n groot mate van vervreemding van Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners.

Verskeie persone, onder meer ook Reitz, was van mening dat Hertzog op 4 September kon gewen het indien hy hom tot neutraliteit beperk het – veral as hy sou gepleit het dat die Smeltersregering moes voortgaan. Hy het egter die Vrede van Versailles vir Hitler se optrede geblameer en het daarop gefokus om Hitler se invalle te verdedig.[18]

Smuts het die besluit om Brittanje te ondersteun, sterk verdedig. Hy het verklaar dat die Unie-parlement 'n keuse gemaak het vir die verdediging van

---

[15] *The Times*, 07/09/1939, South Africa at War. General Smuts's team. Representatives of three parties, p. 6.
[16] *The Times*, 15/09/1939, S. African decision. Inner History, p. 7.
[17] *Globe and Mail*, 29/11/1939, J. Robinson, 'How to beat Britain' by Dr. Goebbels.
[18] A. Paton, *Hofmeyr*, pp. 322-323.

vryheid en die vernietiging van Hitlerisme en alles wat daarmee gepaardgaan. Hy het beklemtoon dat deelname beperk sou word deur sake soos geografiese ligging en die spesiale toestande van Suid-Afrika en dat die gemeenskaplike doel die beste gedien sou word deur die Unie te beveilig teen enige aanvalle van die vyand. Die regering sou by die Simonstad-ooreenkoms hou deur die hawestad te verdedig en Britse oorlogskepe vrye toegang daartoe te verleen. Hulle sou ook hulle vriende en bondgenote ondersteun in alle sake wat met handel, skeepvaart en finansies verband hou. Die Unie het, volgens hom, geen rusie met die Duitse bevolking gehad nie. Dit was egter sy doel om 'n stelsel te vernietig wat in die vorige twee jaar bewys het dat dit nie goeie trou tussen nasies respekteer nie, dat dit nie omgee om op sy woord terug te gaan nie en dat dit 'n bedreiging vir elke land in die wêreld inhou.[19]

Smuts moes egter versigtig wees om nie die gevoelens van die Afrikaners in die anti-oorlogkamp te antagoniseer en wakker te maak nie. 'n Groot deel van die Afrikaners was teen alles wat Brits was, gekant. Hulle het boonop 'n identiteit gehad wat nie daarteen geskroom het om homself gewelddadig uit te druk nie. Smuts moes gevolglik 'n moeilike balanseringstoertjie doen. Hy moes terselfdertyd Suid-Afrika se oorlogspoging buite die land bedryf terwyl hy toesien dat sy posisie binne die land nie deur ongelukkige groepe ondermyn word nie.[20]

Anders as tydens die Anglo-Boereoorlog, die Rebellie en die Eerste Wêreldoorlog, het Reitz 'n nie-vegtende rol tydens die Tweede Wêreldoorlog gespeel. Met die uitbreek van dié oorlog was hy reeds 57 jaar oud en het sy bydrae meer in 'n ondersteunings- en politieke rol gelê.

'n Paar weke na dié geskiedkundige parlementsitting is 'n telegram vanaf die Britse regering ontvang waarin versoek is dat genl. Smuts of sy tweede in

[19] *The Times*, 09/09/1939, South Africa's part, p. 9.

[20] A. Grundlingh, The King's Afrikaners? Enlistment and Ethnic Identity in the Union of South Africa's Defence Force during the Second World War, 1939-1945, *The Journal of African History*, vol. 40, no. 3, 1999, p. 354.

bevel 'n konferensie in Londen moet bywoon om die vrygewes se deelname aan die oorlog te bespreek. Reitz is afgevaardig om dit te doen.[21] Volgens Smuts het hy Reitz na die konferensie gestuur om te verseker dat hy volkome van sy ineenstorting die vorige jaar herstel, maar dat hy by nadenke nie kon sien hoe die groot hoeveelheid afsprake wat hy sou moes bywoon enigsins tot sy herstel sou bydra nie. Hy kon ook nie begryp hoe Reitz al die afsprake sou kon verduur nie. Volgens Smuts was dit een van die dinge wat hom verhoed het om weer al sy ou Engelse kuierplekke te besoek. Die Britte se sosiale lewens en aktiwiteite was volgens Smuts moordend en verstandelik uitputtend.[22]

Die Oorlogskomitee se doel was om die lede van die Britse Statebond geleentheid te gee om te beraadslaag en die bydraes wat elkeen tot die oorlog kon maak, te koördineer.[23] Hulle sou ook krygsraadfabrieke, weermagkampe, skeepsdepots, burgerlike verdedigingsorganisasies en dies meer besoek en sou na Frankryk gaan om die invalsmagte daar te inspekteer. Alles was daarop gefokus om hulle meer van die oorlog te leer.[24] Die koördinasie van die oorlogspoging sou egter nie die uitvoerende verantwoordelikheid van die verskillende regerings wegneem nie.[25]

Die afgevaardigdes na die konferensie was Reitz, T.A. Crerar (Kanada se Minister van Myne en Hulpbronne), Peter Fraser (Nieu-Seeland se Minister van Opvoeding, Gesondheid en Seevaart), R.G. Casey (Tesourier en Voorsieningsminister van Australië) en sir Muhammad Zafrullah Khan (Indië se Minister van Handel en Arbeid). Hulle het vergader met lede van die Britse Kabinet, insluitend burggraaf Halifax (Buitelandse Sekretaris), W.S. Morrison (Minister van Voedsel), Oliver Stanley (President van die Raad van Handel) en die Oorlogs- en Lugsekretarisse, Leslie Hore-Belisha en sir Kingsley Wood

---

[21] D. Reitz, *No outspan*, p. 244.

[22] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 246, privaat briewe 1939 (S-W), nos. 1–290 (232), 24/11/1939, J.C. Smuts - M.C. en A.B. Gillett, p. 1064.

[23] *Globe and Mail*, 05/10/1939, H. Dingman, Crerar named to war parley set in London. British and Dominium delegates to consult on co-ordination effort.

[24] *Hamilton Spectator*, 26/10/1939, Outstanding figures meet to co-ordinate huge task. One-time rebel, political insurgent to attend conference.

[25] *The Times*, 05/10/1939, Dominium Ministers for London. The coordination of resources, p. 8.

en Winston Churchill (Britse Eerste Minister vanaf 1940 tot 1945). Die afgevaardigdes was ‘n redelik uiteenlopende groep. Reitz en Crerar is egter deur *The Times* as die twee meer kleurvolle karakters voorgehou - Reitz vanweë sy deelname aan die Anglo-Boereoorlog en Crerar vanweë sy bedanking uit die regering van sir Robert Borden in 1919 nadat hy met die regering verskil het oor tariewe. Hy is as ‘n politieke rebel beskou.[26]

Reitz het die konferensie ook met ‘n ander doel bygewoon, naamlik om reëlings te tref vir die verkoop van Suid-Afrikaanse landbouprodukte en vir die vroeë verkryging van oorlogsmateriaal, insluitende vuurwapens, vliegtuie en algemene krygsvoorraad, wat deur die Departement van Verdediging benodig is.[27] Suid-Afrika sou nie soos die res van die lande aan ‘n skema deelneem om loodse en lugkannoniers op te lei nie, maar sou sy lugmag slegs vir selfverdediging gebruik. Hulle was ook van plan om hulle eie loodse in Suid-Afrika op te lei.[28]

Reitz se aankoms in Londen op 20 Oktober 1939 het, soos met enige ander aspek van sy lewe, nie sonder insident plaasgevind nie. Vanweë die verdonkering van Londen het hy in die treinstasie ongesiens verby Anthony Eden (Sekretaris van Dominium Sake), die Hertog van Devonshire (Britse Ondersekretaris), mnr. Sidney Waterson (die Unie se Hoë Kommissaris in Londen) en mnr. F.J. du Toit (Sekretaris van Suid-Afrika Huis), geloop. Gelukkig het ‘n spoorwegbeampte die twee partye bymekaar uitgebring.[29]

Die eerste vergadering van die gesamentlike Oorlogskomitee was vir Reitz ‘n buitengewone geleentheid. Neville Chamberlain (Britse Eerste Minister vanaf 1937 tot 1940) was die voorsitter en Reitz het dit vreemd gevind om saam met hom in hierdie uiters belangrike vergadering te wees, aangesien hy en sy broers Chamberlain se vader, Joseph, as ‘n Korsikaanse bullebak beskou

[26] *Hamilton Spectator*, 26/10/1939, Outstanding figures meet to co-ordinate huge task. One-time rebel, political insurgent to attend conference.
[27] *The Times*, 05/10/1939, Dominium Ministers for London. The coordination of resources, p. 8.
[28] *Globe and Mail*, 26/10/1939, Empire statesmen meet to plan victory efforts.
[29] *The Star*, 21/10/1939, Col. Reitz in London. Talks on Dominium co-operation, p. 14.

het. Van die ander persone wat die vergadering bygewoon het, was Winston Churchill, sir John Simon (Britse Minister van Finansies), genl. Ironside, Anthony Eden, die hertog van Devonshire, lord Halifax en lord Chatfield.

Vir Reitz het dit gevoel asof hy ‘n vergadering van ‘n voorstedelike raad wat besig was om belasting te bespreek, bygewoon het. Besluite is geneem om groot lug- en seevlote te skep, massiewe militêre magte in die lewe te roep en duisende miljoene te spandeer sonder dat enigeen hulle stem verhef of opgewonde geraak het.[30] Hy kon nie glo dat daar al ooit vantevore vergaderings oor sulke onderwerpe gehou is met die uiterste kalmte en goeie gees van die vergaderings in 1939 nie.[31] Reitz kon nie help om die teenwoordiges se stil, onverstoorde benadering te vergelyk met die stories wat genl. Smuts van die Italiaanse Oorlogskonferensie wat hy in 1918 bygewoon het, vertel het nie. Tydens dié konferensie het almal glo gepraat, geskree en beduie soos ‘n klomp dwase.[32]

Die meerderheid van die Oorlogskomitee se vergaderings het plaasgevind by nommer 10 Downingstraat, maar soms ook by die Oorlogskantoor, die Admiraliteit en in ander plekke. Alhoewel Reitz se aandag grootliks opgeneem is deur die vergaderings, het hy ook sy aandag aan sy ander take gegee, onder andere onderhandelinge vir die aankoop van wapens en ammunisie in beide Amerika en Brittanje. Hy het verder ook radiopraatjies gevoer, onderhoude met joernaliste toegestaan, bankette bygewoon, afsprake gehad met persone wat hom oor verskeie sake wou spreek en het skeepswerwe, wapenfabrieke, arsenale en opleidingskampe besoek. Hy moes ook groot hoeveelhede pos beantwoord. Gedurende die naweke kon hy darem blaaskans kry en sodoende het hy tyd by die hertog van Devonshire en sy familie by hulle Chatsworth landgoed en by adml. Tottenham en sy vrou op die Wight-eiland gespandeer. Hy het ook na Cambridge, Windsorkasteel en Marlborough gegaan. Hy en ou vriende het mekaar oor en weer besoek.

---

[30] D. Reitz, *No outspan*, p. 248.
[31] *Globe and Mail*, 18/11/1939, Holds Maginot Line can stop army of 10,000,000 Germans.
[32] D. Reitz, *No outspan*, pp. 248-250.

Vir hom was sy besoek aan Londen, ten spyte van die harde werk, 'n boeiende ervaring.[33]

Met een van sy radiopraatjies het Reitz Suid-Afrika se rol in die oorlog openhartig bespreek. Volgens hom het Suid-Afrika ten volle besef dat as die Duitsers sou slaag, die Unie die eerste sou wees wat ondergaan. Hulle vryheid en status as 'n vrye volk sou niks werd wees as Hitler die oorlog wen nie. Hy het verder gegaan deur Suid-Afrika se verlede met dié van Brittanje, Australië en Nieu-Seeland te vergelyk. Hierdie drie lande het homogene gemeenskappe gehad terwyl Suid-Afrika ten opsigte van witmense ongeveer 60% Afrikaanssprekendes gehad het waarvan baie teen Brittanje in die twee vryheidsoorloë geveg het. "Maar nadat Engeland ons in die oorlog verslaan het, het hy ons behandel met 'n edelmoedigheid wat in die geskiedenis nie bekend was nie, en hy het ons selfs groter vryheid gegee as wat ons in ons eie voormalige republieke gehad het." Teen die uitbreek van die oorlog was hulle 'n vrywillige vennoot van die Britse Statebond. Aan die begin van die oorlog was daar meningsverskille oor deelname aan die oorlog, maar die posisie was besig om te verbeter en baie Afrikaners was nie meer ten gunste van neutraliteit nie. Hy kon nie sê wat Suid-Afrika se bydrae in die oorlog sou wees nie, maar wel dat hulle onderneem het om die Britse vlootbasis in Simonstad met al die bronne tot hulle beskikking te beskerm. Hulle sou Suid-Afrika, asook ander gebiede in Afrika wat aan die Britse Statebond behoort, teen alle aanvallers verdedig. Volgens hom was alle Nazi-agitators in die Unie geïnterneer. Ter afsluiting het hy die versekering gegee dat Suid-Afrikaners vir vryheid sou veg saam met almal wat wou vry wees.[34]

Op 4 November het die afgevaardigdes die geleentheid gekry om Brittanje se lugverdedigingstelsel te ondersoek toe hulle die beheerkamer van die Britse lugstelsel gewys is. Die stelsel is gebruik om aan vegvliegtuie opdrag te gee om op te styg wanneer tyding van lugaanvalle verkry is. Die stelsel het ook kontak met loodse toegelaat wat deur middel van radio's van die hoeveelheid

[33] D. Reitz, *No outspan*, pp. 248-250.

[34] *Die Burger*, 26/10/1939, Unie se rol in oorlog. Kol. Reitz oor ons rol. Verdediging van Afrika. Britse publiek ingelig, p. 1.

en spoed van die aanvallers ingelig kon word.[35] Dit was inderdaad verstommende tegnologie in vergeleke met wat in Suid-Afrika beskikbaar was.

Op 9 November het Anthony Eden, Casey, Crerar, Frazer, Kahn, Reitz en verskeie militêre attachés ‘n besoek in Frankryk gaan aflê. Hulle het vanaf Newhaven na Dieppe vertrek en is daarvandaan na Parys. By Vincennes, die hoofkwartier van die Franse magte, is hulle deur genl. Gamelin, die Franse bevelvoerder, onthaal. Van daar is hulle deur die Franse landskap tot by Monte de Welshe om die Maginotlinie te besoek. By Mont de Welshe is Reitz en Anthony Eden erelede van die garnisoen daar gemaak.[36]

Hulle besoek aan die front het in enkeldiep modderpoele en aanhoudende reën plaasgevind. Dit het hulle egter nie verhoed om in blokhuise en ‘n geskutkuil te klim en langs die loop van ‘n houwitser af te loer nie. Hulle kon waarneem hoe infanteriste loopgrawe grawe en hoe kilometers van die landskap in ‘n moderne veldverdedigingslinie deur die Britse leër omskep word.[37]

Die selfvertroue wat Reitz aan die front in Frankryk gesien het, het hom beïndruk en hy het die opinie uitgespreek, soos berig in die *Globe and Mail*, dat nie eers 10 000 000 Duitsers deur die Maginotlinie of die Britse front sou kon breek nie. Al uitweg wat dit aan Hitler gelaat het, was om ‘n guerrillaoorlog te voer en hy het geen twyfel oor die uitkoms daarvan gehad nie. Dit het hom ook gemotiveer om na Suid-Afrika terug te keer met die doel om aan Suid-Afrika se pogings deel te neem om hulle militêre mag op te bou.[38]

---

[35] *Hamilton Spectator*, 04/11/1939, Canadian views defence system. Hon T.A. Crerar given chance to see secrets.
[36] D. Reitz, *No outspan*, pp. 250-255.
[37] *Hamilton Spectator*, 13/11/1939, E. Johnson, Make tour of forward area where troops face Germans. Gum boots are feature of dress in trip through mud. See field defences.
[38] *Globe and Mail*, 18/11/1939, Holds Maginot Line can stop army of 10,000,000 Germans.

Hierdie uitspraak van Reitz strook egter nie met wat hy in *No outspan* geskryf het nie. Daarvolgens het hy en Casey met hulle terugkoms in Londen onmiddellik versoek om die Eerste Minister te spreek, aangesien hulle ongelukkig was met wat hulle in Frankryk gesien het. Dit was egter makliker gesê as gedaan, aangesien die militêre gedeelte van die Britse kabinet gepoog het om te verhoed dat hulle by Chamberlain uitkom. Daar was glo sprake van "interfering colonials", maar Reitz-hulle het deurgedruk en is op die ou end na 10 Downingstraat ontbied. Tydens die vergadering het Reitz en Casey aan Chamberlain gesê dat die Gortlinie onvoldoende was en dat die Duitsers maklik daardeur sou kon breek. Ten spyte van hulle argumente het Chamberlain hulle advies geïgnoreer en, volgens Reitz, het hulle voorspellings later waar geword.[39]

In September 1942 het Reitz die teenstrydigheid van sy woorde opgeklaar nadat die opposisie hom begin spot het dat hy gesê het dat die Maginotlinie ondeurdringbaar is. Hy het by sy standpunt gehou dat die Maginotlinie ondeurdringbaar was, maar het bygevoeg dat die res van die Franse en Britse Linie anderkant die Maginotvesting anders daar uitgesien het. Dit het die Duitsers toegelaat om 'n omsingelingsbeweging in die weste, aan die einde van die linie, uit te voer. Die Maginotlinie self is daagliks deur middel van betonsterkpunte versterk, maar aan die verdediging van die res van die linie is nie veel gedoen nie. Volgens Reitz het hy aan die begin van die onderhoud met Chamberlain gesê dat die Duitsers soos 'n dosis kasterolie deur die Franse en Britse linies sou trek. Alhoewel Chamberlain hulle geen definitiewe antwoord gegee het nie, is hulle reg bewys.[40]

Die teenstrydigheid kan waarskynlik ook daardeur verklaar word dat Reitz nie na die Maginotlinie verwys het nie, maar wel na die Gortlinie. Laasgenoemde was op die grens tussen België en Frankryk geleë en het in 'n noordwestelike rigting vanaf Maude in die suide to by Menin in die noorde en daarvandaan

[39] D. Reitz, *No outspan*, pp. 255-256.

[40] *Die Suiderstem*, 09/09/1942, Nog geen besluit oor algemene verkiesing aanstaande jaar. Kol. Reitz oor sy voorspelling insake Maginot-linie, p. 3.

suidwaarts na Armentieres gestrek.[41] Die Maginotlinie was 'n linie van sementversterkings, tenkhindernisse, masjiengeweerputte en ander verdedigingsmeganismes wat Frankryk op sy grens met Duitsland en Italië opgerig het. Die linie het vanaf Switserland tot by Luxemburg gestrek.[42]

Na afloop van 'n besoek aan Ierland,[43] 'n verdere reeks oorlogsvergaderings, onderhoude met Winston Churchill, genl. Carr, Leslie Hore-Belisha (die Britse Minister van Oorlog) en andere, uitsendings vanaf die Britse Uitsaaikorporasie (BBC) en 'n ete saam met die koning en koningin in Buckinghampaleis,[44] het Reitz teen ongeveer Desember 1939 via Portugal na Suid-Afrika teruggekeer.[45]

Volgens Sidney Waterson, Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris in Londen, was Reitz se deelname aan die Dominiumkongres 'n groot sukses. Hy het die kollig by die ander dominium ministers gesteel en het die moeilike Suid-Afrikaanse saak baie effektief gestel.[46] Smuts was dit met hierdie stelling eens. Hy het dit aan Reitz se agtergrond en persoonlike gawes toegeskryf. Hy het Reitz as van onskatbare waarde beskou, maar was bekommerd oor sy gesondheid en het gewens dat dit beter was. Volgens Smuts sou Reitz, indien hy gesond was en as gevolg van sy populariteit in Suid-Afrika, 'n moontlike opvolger vir hom kon wees.[47]

Intussen het die oorlog interne verdeeldheid in Suid-Afrika veroorsaak. In Desember 1939 het Reitz die stelling gemaak dat Suid-Afrika honderd persent anti-Duits en sowat sewentig persent pro-Brits is. Volgens hom was hulle verbondenheid aan Brittanje eerder prakties as sentimenteel. Hulle het besef dat hulle nie die stryd teen ander moondhede sou kon volhou as hulle

---

[41] http://www.armchairgeneral.com/forums/showthread.php?t=60596, *Gortline*, 30/05/2008.
[42] http://www.spartacus.schoolnet.co.uk/2WWmaginot.htm, *Maginotline*, 30/05/2008.
[43] D. Reitz, *No outspan*, pp. 256-260.
[44] *Ibid.*, p. 260.
[45] *Ibid.*, pp. 260-274.
[46] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 246, privaat briewe 1939 (S-W), nos. 1–290 (277), 23/11/1939, S. Waterson – J.C. Smuts, pp. 3-4.
[47] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 246, privaat briewe 1939 (S-W), nos. 1–290 (235), 16/12/1939, J.C. Smuts - M.C. en A.B. Gillett, p. 1067.

op hulle eie was nie. Sy rede waarom Suid-Afrika nie 'n mag na Europa gestuur het nie, was dat hulle verwag het dat hulle in Afrika sou moes veg. Alhoewel hulle nie seker was of dit wel sou gebeur nie, was hulle besig om verskeie divisies troepe en lugeskaders op die been te bring. Volgens hom was dit 'n goeie poging vir so 'n klein land.[48] By 'n latere geleentheid het hy ook gemeld dat mannekrag nie aanvanklik van Suid-Afrika verlang is nie. Die duisende Suid-Afrikaners wat bereid was om te veg, sou daarom eerder in Suid-Afrika aangewend word om daar waardevolle werk te verrig. Hulle moes hulpbronne vir Brittanje se gebruik bewaak, die belangrike Britse seeroete om die Kaap beskerm en 'n oog oor Brittanje se ander belange in Afrika hou. Suid-Afrika sou sy militêre magte inspan om enige noodgeval wat in Afrika kon opduik, te verhoed. Hulle het spesiale lugskole vir loodse geskep en het onderneem om enige bedreigde Britse kolonies in Afrika by te staan.[49]

Ten spyte daarvan dat die regering voortgegaan het met sy voorbereidings vir die oorlog, kon die neutraliteitskwessie nie in die Volksraad tot ruste gelê word nie. Op 1 April 1940 is 'n debat oor die Oorlogsmaatreëlswetsontwerp in die Volksraad gevoer en dinge het redelik warm geraak. Beskuldigings is oor en weer geslinger. Nodeloos om te sê was Reitz, sonder om opgesmukte of akademiese taal te gebruik, in die middel van hierdie argumente. Hy het die opposisie daarvan beskuldig dat hulle verdeelde lojaliteite het en met een voet in Suid-Afrika en die ander in Duitsland staan. Hy kon egter nie sy opmerkings motiveer nie en het kommentaar daarop ontwykend geantwoord. Hy het aan Oswald Pirow gesê dat dit nie alleen is wat Pirow gesê het nie, maar wat hy gedoen het. Toe Pirow vra wat hy gedoen het, het Reitz gesê dit is nie wat hy gedoen het nie, maar wat hy nie gedoen het nie. Hy het verder ook gesê dat Suid-Afrika oorlog verklaar het omdat, indien Hitler die oorlog sou wen, Suid-Afrika in sy "grootjie" sou wees. Indien Hitler wêrelddominansie sou verkry sou hy na Suid-Afrika kom en eenvoudig die land oorneem. Hitler sou sê: "Julle was te vrot om te veg vir julle eie land; julle is dus te vrot om 'n

---

[48] *Hamilton Spectator*, 19/12/1939, South Afriva 100 percent against Nazis. Colonel Deneys Reitz, of Boer War Days, speaks with authority. Anti-British Bloc.

[49] *Hamilton Spectator*, 23/12/1939, Britain looks to coming year with optimism. Tremendous resources of empire assured her in struggle. Supplies pour in.

nasie te wees en ek gaan julle eenvoudig oorneem as 'n Duitse kolonie." Reitz het die N.P. daarvan beskuldig dat hulle stoepsitters was en dat hulle die land in die steek gelaat het. Hy het ook gesê dat die S.A.P. nie sulke lafaards soos die N.P. was nie en dat hulle sou veg. Die houding van die Nasionaliste het Reitz laat dink aan 'n Nasionalis wat op 'n openbare vergadering in Suidwes-Afrika gesê het: "Ons Nasionaliste gaan ons nie laat slaan soos meide nie, ons sal weghardloop soos manne". Op 'n beskuldiging dat die S.A.P. vir 'n "Empire-blok" staan, het Reitz dit ontken. Volgens hom het hulle vir Suid-Afrika gestaan. Hy het verder ook gesê dat die lede van die Verenigde Party almal deur die Malaniete ingesluk is en dat die hele lot Vrystaters by die volgende verkiesing hulle setels sou verloor. Hy het gewonder hoeveel van die Hertzogiete weer na die parlement sou terugkeer.

Hierop is hy aangesê om hom nie soos 'n harlekyn te gedra nie. Ds. C.W.M. du Toit het hom soos volg oor Reitz uitgelaat: "Die agb. minister wat nou net gaan sit het, meen ek, is die Adjunk-Eerste Minister van Suid-Afrika. Wel, wat Suid-Afrika moet dink van 'n kabinet soos hy op die oomblik is, as daar so 'n ernstige kwessie soos hierdie oorlogsmaatreëls bespreek word en ons moet luister na hierdie paar grappe wat gemaak word deur die Adjunk-Eerste Minister van Suid-Afrika, kan ons ons byna nie voorstel nie. Die volk kan maar net tot een gevolgtrekking kom. Oor hierdie ernstige onderwerp het die agb. minister totaal niks gesê nie. Hy het 'n paar grappe probeer maak in verband met 'n baie ernstige saak, naamlik die kwessie van oorlog en vrede en verder het hy nie gekom nie."[50]

Die res van die opposisie het ook nie die saak daar gelaat nie. S.C. Quinlan, Volksraadslid van Germiston-Noord, het na Reitz verwys as die Rip van Winkel van die kabinet en dat hy daardie middag, 1 April 1940, wakker geskrik het van 'n politieke slaap wat baie lank geduur het. Quinlan het verder gesê dat Reitz na Engeland gegaan het om Suid-Afrika daar te gaan verteenwoordig en dat hy 'n hele klomp dinge gedoen het. Die enigste

---

[50] SAB, SRP1/3/70, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Vierde Sitting – Agste Parlement, 4 Maart tot 12 April 1940, deel 38, kol. 4088-.4093.

voordeel wat Suid-Afrika egter uit Reitz se besoek aan die Westerse front getrek het, was dat hy 'n wilde takkie op die grond tussen die linies opgetel het wat hy in sy agterplaas wou gaan plant. Volgens Quinlan was die enigste vermaak wat die Britse troepe daar gehad het 'n man wat in 'n droom rondgestap het.[51]

Op 29 Augustus 1940 het genl. Hertzog voorgestel dat 'n mosie aangeneem moet word waarvolgens die Volksraad die feit betreur dat die regering bly volhard in sy oorlogsbeleid en sy diepe afkeuring uitspreek oor die wyse waarop die beleid uitgevoer word. 'n Besluit moes ook geneem word om stappe te neem om vrede met Duitsland en Italië te herstel.[52] Dit was die derde keer wat Hertzog hierdie tipe van vredesvoorstel op die tafel geplaas het, maar dit is weer eens nie aanvaar nie. Reitz se deelname aan die debat was om aanvalle op homself te probeer afweer. Hy is daarvan beskuldig dat Frankryk se ondergang hom oor die oorlog laat twyfel het en dat hy as gevolg daarvan 'n pasifis geword het wat nie meer die regering ondersteun het nie. Sy verweer was egter dat die gebeure in Europa nie sy vasberadenheid verminder het nie, maar dit eerder versterk het. Hy was daarvan oortuig dat om die wêreld 'n plek te maak vir ordentlike volke om in te woon, Hitler en alles waarvoor hy gestaan het, tot 'n val gebring moes word. Die pad wat Suid-Afrika bewandel het, was volgens hom die regte pad. Indien daar ooit 'n oorlog was waarin Suid-Afrika vir sy vryheid geveg het, was dit die Tweede Wêreldoorlog. Die Nasionaliste se indiening van 'n vredesvoorstel was volgens hom gegrond op 'n oordeelsfout, aangesien hulle gedink het dat die Britte besig was om in duie te stort.[53] Saam met hulle vredespropaganda was daar volgens Reitz 'n oormaat sadistiese rasse-aanhitsing. "Hierdie jong manne wat ek netnou genoem het, het soos toordokters en dansende dervishers om die vure rondgespring in die aande en gepraat van 'ons volk', 'die Afrikanerdom' en so meer en volgens hulle fratse sou ons gedink het dat

---

[51] SAB, SRP1/3/70, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Vierde Sitting – Agste Parlement, 4 Maart tot 12 April 1940, deel 38, kol. 4146-4148.

[52] SAB, SRP1/3/74, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Vyfde Sitting – Agste Parlement, 24 Augustus tot 14 September 1940, deel 40, kol. 77.

[53] *Ibid.*, kol. 110-111.

hulle die enigste mense in Suid-Afrika is, die enigste Afrikaners in Suid-Afrika. Ek wil hulle vra, wanneer hulle praat van die tradisies van ons voorvaders en van die Voortrekkers, hoe hulle dan daardie uittreksels kan versoen met hulle bang en lafhartige gedrag in verband met hierdie oorlog. Laat my aan daardie agb. lede sê dat die weldenkende Afrikaner vandag siek, moeg en mislik word van die manier waarop ons ras en ons taal geprostitueer word met die doel om stemme te vang en die tyd breek aan wanneer die Hollandssprekende Suid-Afrikaner 'n einde sal maak aan dit alles. Ek is self 'n Suid-Afrikaner. ....Daardie here dink dat die definisie van 'n Afrikaner is 'n kêrel wie se stem hulle kan kry. Dit kom daar nie op aan of 'n persoon van Hollandssprekende afkoms sy hele leeftyd aan die diens van die Unie gewy het, of hy meer opbouende werk as hulle almal tesame verrig het nie – in hulle oë beteken dit alles niks nie, hy is geen Afrikaner solank as hulle nie sy stem kan kry nie. Ek is 'n Afrikaner. Ek het geen druppel Britse bloed in my nie. Daar is geen druppel Britse bloed in my are nie en ek het nog nooit die leerstelling gehuldig dat ras en taal voor die belange van die land kom nie. Ek stel die belange van my land eerste." Oor die Britte sê Reitz dat hy teen hulle geveg het, maar dat hy daarna met niks anders as bewondering oor hulle kon praat nie. Die Britte het hulle regverdig behandel en hy admireer en respekteer hulle vir hulle moed en hulle liefde vir vryheid. Maar ondanks dit alles is hy nie 'n Engelsman nie. Volgens Reitz ly die indieners van die vredesvoorstel aan 'n minderwaardigheidskompleks. Hulle haat almal. Hulle haat hulle Hollandssprekende medeburgers in Suid-Afrika, hulle haat die Britte, die Jode, die Indiërs, die naturelle en al die kleurlinge.[54]

Genl. Kemp se antwoord hierop was dat hulle geluister het na die beloftes van 'n kaalgeskeerde Vader Krismis en dat as hulle al ooit na iets rooi geluister het, was dit toe Reitz sy toespraak gelewer het. Hy het verwag dat Reitz aan hulle sou vertel wat hulle kanse was om die oorlog te wen en watter voordele deelname daaraan vir hulle sou bring. Dit het egter nie gebeur nie. Reitz het geskrik vir die republikeinse beweging – hy het daarvoor

[54] SAB, SRP1/3/74, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Vyfde Sitting – Agste Parlement, 24 Augustus tot 14 September 1940, deel 40, pp. 113-114.

weggehardloop. Volgens Kemp het Reitz so ver van die republiek weggehardloop waarvoor hy eenmaal self geveg het, dat hy nie eens meer sy eie taal praat nie. Hy praat nou die taal van die veroweraar. Hy het verder ook gesê dat Reitz en Smuts uit die land sou vlug na Kanada of elders indien die geallieerde magte die oorlog sou verloor.[55]

Om oorlog te verklaar was een ding, om dit egter te veg, was iets totaal en al anders. Hertzog het reeds voor 1939 aangedui dat indien Brittanje weer by oorlog betrokke sou raak, Suid-Afrika neutraal sou staan. Die houding het veroorsaak dat Suid-Afrika met die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog totaal en al daarvoor onvoorbereid was. Die permanente mag, insluitende die Spesiale Diens Bataljon, het 2 032 lede gehad teenoor 'n diensstaat van 5 385. Van die 313 offisiere was slegs 'n handjievol opgeleide stafoffisiere. Die Burgermag was 14 631, 1 015 minder as wat hulle diensstaat verlang het. Die tekort aan opgeleide infanteriesoldate is deur genl. George E. Brink, adjunk hoof van staf, op meer as 39 000 geplaas. Teen die einde van September het genl. Len Beyers geskat dat slegs sowat 18 000 van die 122 000 kommandolede genoegsaam bewapen was om tot die stryd toe te tree. Slegs 84 opgeleide veldartillerie offisiere was beskikbaar en net 65 van die 71 veldkanonne en houwitsers wat nog in gebruik was, was by veldeenhede. Die res is gebruik vir kusbeskerming. Die ammunisie beskikbaar was ook skaars genoeg vir 'n normale dag se oefening.[56]

Dit was egter nie die enigste probleme nie. Die Pantserdivisie het bestaan uit twee verouderde middelslag tenks en twee Crossley gepantserde voertuie wat in 1925 vanaf Brittanje ingevoer is. Vier Hurricane vegvliegtuie, een Blenheim vegvliegtuig, ses verouderde Fury vegvliegtuie, een enkelmasjien Fairey bomwerper, 18 dubbelmasjien Junker 86's en 63 verouderde Hartbees tweedekker ligte bomwerpers was al vliegtuie wat beskikbaar was. Die SA Geniekorps het bestaan uit 426 offisiere en manskappe en die Seinkorps was in drie Seinafdelings en nege Seinbrigades georganiseer, maar slegs 24 uit

---

[55] SAB, SRP1/3/74, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Vyfde Sitting – Agste Parlement, 24 Augustus tot 14 September 1940, deel 40, pp. 115-116.
[56] J. Mervis, *South Africa in World War II*, pp. 8–9.

50 draadlose radio's was beskikbaar.[57] Die Unie het ook oor geen noemenswaardige vlootvaartuie beskik nie. Die sterkte van die Suid-Afrikaanse vloot, wat hulle opleiding op die skepe van die Britse vloot gekry het, was sowat 800 man, insluitende 57 offisiere.[58] In die agt Aktiewe Burgermag veldambulanseenhede van die Mediese korps was daar 89 offisiere en 1 141 ander range, maar die hoeveelheid ambulanse en toerusting was totaal en al onvoldoende vir wat hulle sou moes doen.[59]

Die toestand was ook nie veel beter ten opsigte van voorrade en die betaling van salarisse nie. Teen November 1939 is die ou Diens-, Krygsbehoefte- en Administratiewe- en Klerikalekorpse ontbind en 'n nuwe Tegniesekorps en "Q" Dienskorps saamgestel. Met hulle oorname het laasgenoemde twee organisasies gevind dat die prosesse rondom die verskaffing van voorrade, hantering van insidente en die uitreiking van salarisse, in 'n toestand van wanorde was. Daar was tekorte aan toerusting en die mobiele veldmag het 100 000 stelle klere benodig.[60]

Die taak om die Suid-Afrikaanse Weermag van nuuts af op te bou, is met groot ywer deur Smuts aangepak. Sy regterhande tydens die proses was genl. Pierre van Ryneveld, die hoof van die Generale Staf en dr. H.J. van der Bijl, wat aangestel is as Direkteur van Oorlogsvoorrade. Van Ryneveld was losweg verantwoordelik vir die opbou van die strydmag, terwyl Van der Bijl daaraan aandag gegee het om die land se ekonomie van 'n burgerlike na 'n militêre industrie te verander.[61] Binne 'n week na Smuts se oorname as Minister van Verdediging het Van Ryneveld voorstelle vir die organisasie van die landmagte, die verdediging van die kus en die opbou van die lugmag, in sy hande geplaas.[62]

---

[57] J. Mervis, *South Africa in World War II*, p. 9.

[58] H.J. Martin, en N.D. Orpen, South Africa at war: Military and industrial organisation and operations in connection with the conduct of the war 1939-1945, *South African forces World War II, vol. VII,* pp. 29-30.

[59] J. Mervis, *South Africa in World War II*, p. 9.

[60] *Ibid.*, p. 9.

[61] M.H. van Meurs, *J.C. Smuts: Staatsman, holist, generaal*, p. 343.

[62] H.J. Martin, en N.D. Orpen, *South Africa at war*, p. 34.

Anders as tydens die Eerste Wêreldoorlog sou Suid-Afrika tydens die Tweede Wêreldoorlog nie net soldate kon voorsien terwyl sy bondgenote die toerusting verskaf nie. Van der Bijl moes gevolglik gesentraliseerde beheer neem oor die metodes om oorlogsvoorrade te vervaardig en te verkry. Wat nie plaaslik vervaardig kon word nie, moes ingevoer word.[63]

Ter ondersteuning en in lig van die geweldige uitbreiding van die Departement van Verdediging,[64] het Smuts op 31 Julie 1940 aan Reitz, F.C. Sturrock en brig.-genl. J.J. Collyer opdrag gegee om 'n permanente komitee, die Verdedigingsadviserendekomitee, te stig. Smuts het besef dat die groei van dié departement ongebalanseerd was en dat 'n sekere mate van herorganisering nodig was om dit meer effektief te laat funksioneer. Hy het voorsien dat sekere funksies en verantwoordelikhede hersien moes word, dat duplisering en oorvleueling uitgesny moes word en dat 'n proses daargestel moes word wat die verskillende onderafdelings makliker sou laat saamwerk. Hy het verder opdrag gegee dat dit nie nodig was om te veel besonderhede aan die afdelingshoofde te gee nie en dat die besigheids- en administratiewe funksies nie moes inmeng met die sentrale funksie van die oorlogsdepartement, naamlik die beplanning en voorbereiding vir oorlog, nie. Alhoewel hulle nie moes poog om 'n ideale skema daar te stel nie, het Smuts voorsien dat sekere veranderinge gemaak kon word en die komitee moes hom ten opsigte hiervan adviseer.[65]

In lyn met hulle opdrag het die Verdedigingsadviserendekomitee nie net direk by die Weermag en sy opbou betrokke geraak nie,[66] maar hulle het ook vergaderings gehou met verskeie privaatinstansies soos die Federated Chamber of Industries of South Africa en die Transvaal Chamber of Industries en General Motors Limited. In eersgenoemde geval het die Federated Chamber of Industries of South Africa en die Transvaal Chamber of Industries

---

[63] S.L. Barnard en A.H. Marais, *Die Verenigde Party: Die groot eksperiment*, p. 52.
[64] H.J. Martin, en N.D. Orpen, *South Africa at war*, p. 68.
[65] WITS, A1297, SA Union Ministry of Defence, Letter re reorganization of Department of Defence, 21/07/1940.
[66] WITS, A1297, SA Union Ministry of Defence, Paper submitted to Minister on progress of the South African army before the last session of Parliament, 30/09/1940.

gekla dat die Direktoraat van Oorlogsvoorrade hulle nie amptelik erken het nie en het hulle versoek dat die Verdedigingsadviserendekomitee die posisie moet regstel.[67] In die geval van General Motors Limited wou die organisasie hulle posisie in die verskaffing van gemeganiseerde voertuie aan die Weermag bespreek.[68]

Op aanbeveling van Reitz en dr. Van der Bijl is 'n Oorlogskomitee gestig met as doel nouer samewerking tussen die Departement van Verdediging en die departement verantwoordelik vir oorlogsvoorrade. Die komitee moes ook die misverstande en vertragings in die werksaamhede van die "oorlogsmasjien" probeer uitskakel.[69] Hierdie komitee het die Oorlogsvoorradekomitee vervang. Smuts was die voorsitter daarvan en Reitz, J.H. Hofmeyr (die Minister van Finansies), F.C. Sturrock (die voorsitter van die Verdedigingsadviserende-komitee), die Direkteur-Generaal van Oorlogsvoorrade en sy adjunk, die hoof van die Generale Staf, die Sekretaris van Verdediging en enige ander persone wat as lede van die komitee benoem kon word. Die komitee moes 'n ondersoek loods na alle verdedigings- en oorlogsvoorrade probleme en funksioneer as hoogste gesag vir beleidsbesluite en oorlogsuitgawes. Die daarstelling van die komitee het die langtermyn voorbereiding vir intensiewe produksie baie makliker gemaak.[70]

Reitz het homself, as gevolg van sy betrokkenheid by bogenoemde komitees, as 'n "...sort of junior War Lord..." beskou.[71] In dié hoedanigheid het hy 'n paar keer vertroulike sendings na die Portugese Goewerneur-generaal in Mosambiek, asook op inspeksies van die Unie se verdedigingswerke in Ovamboland, die Okavango, Suidwes-Afrika en selfs besoeke van militêre

[67] WITS, A1297, SA Union Ministry of Defence, Notes of meeting which the Defence Advisory Committee had with representatives of the Federated Chamber of Industries of South Africa and the Transvaal Chamber of Industries in the Railway Board room, Union Building, Pretoria, 13/08/1940.

[68] WITS, A1297, SA Union Ministry of Defence, Notes of meeting which the Defence Advisory Committee had with representatives of General Motors Limited, Port Elizabeth, in the Railway Board room, Union Building, Pretoria, 14/08/1940.

[69] WITS, A1297, SA Union Ministry of Defence, Minutes of committee meeting no. 1 held in the Railway Board Room, Union Buildings, 26/11/1940.

[70] WITS, A1297, SA Union Ministry of Defence, D.G.W.S. Circular no. 9, 03/12/1940.

[71] D. Reitz, *No outspan*, p. 277.

kampe in Rhodesië, onderneem. Hy het ook waargeneem as Eerste Minister in die tye wat genl. Smuts sy troepe in Egipte en Libië gaan besoek het,[72] soos op 28 Februarie[73] en 10 Augustus 1941.[74] Op 7 Mei 1941 het hy, terwyl hy as Adjunk Eerste Minister waargeneem het, Lenz in verband met veiligheidsmaatreëls geïnspekteer.[75] Op 'n soortgelyke wyse het hy op 8 Junie 1942 'n informele besoek aan Eshowe gebring waar hy die troepe geïnspekteer het.[76]

Die gevolge van bogenoemde maatreëls was merkwaardig. Suid-Afrika, wat oor geen gediversifiseerde industrieë beskik het nie, het daarin geslaag om in die materiële behoeftes van sy oorlogspoging te voorsien. Dit het begin met slegs twee waardevolle bates, naamlik die hoogs ontwikkelde ingenieursindustrie, wat ontstaan het uit 'n behoefte van die diamant- en goudmyne en die Pretoria Yster en Staal Werke, wat in 1935 gestig is. Van der Bijl het die samewerking van nyweraars en die hulp van bevoegde tegniese deskundiges ingeroep. Die Suid-Afrikaanse industrie is met soveel doeltreffendheid gemobiliseer dat die Unie teen 1940 'n punt bereik het waar hulle nie net in krygsraad vir hulle eie behoeftes kon voorsien nie, maar dat hulle oorskotte beskikbaar gehad het vir die Imperiale magte in Afrika. Suid-Afrikaanse fabrieke het kanonne, mortiere, patroondoppe, plofstof, bomme, geweerammunisie, granate, militêre voertuie, insluitende pantservoertuie, asook uniforms, stewels, komberse en ander toerusting, vervaardig. Die Unie het ook 'n verskeidenheid voedselsoorte aan die Britse magte in Afrika verskaf. Die verstommendste van dit alles was dat die industriële gedeelte van die oorlog deur kapitaliste en arbeid ondersteun is. Die vakbonde het selfs ingestem dat daar geen stakings en migrasie van arbeiders gedurende

---

[72] D. Reitz, *No outspan*, pp. 277-279.

[73] SAB, URU, 1936, 496-559, Minuut nr. 497, Aanstelling van Deneys Reitz as waarnemende Eerste Minister en Minister van Buitelandse Sake en van Verdediging, 01/03/1941.

[74] SAB, URU, 1975, 2357, Appointment of colonel the hon. Deneys Reitz, Minister of Native Affairs to act as Prime Minister and Minister of External Affairs and of Defence, during the absence of general the right honourable J.C.Smuts, 1941.

[75] SANW Dokumentasiediens, AG(3), 154/127, W/SM/15, Lenz Magazine. Report by A.I.D.S.N. of inspection at Lenz 7 May 1941, 08/05/1941.

[76] SANW Dokumentasiediens, AG(3), 154/210/8, Ceremonial. Visit of Senior Officers to Training Centres. Informal visit to Eshowe by colonel Deneys Reitz, 04/06/1942.

die oorlog sou wees nie. Die uitsette van die goudbedryf aan die Rand was boonop ‘n belangrike faktor om die Statebond se oorlogspoging te ondersteun.[77]

Die produksie wat bereik is, was merkwaardig. Ongeveer 6 000 pantserwaens, 11 000 3-duim mortierbomme, vyf miljoen handgranate, 12 miljoen rondes ammunisie, meer as 500 000 landmyne, asook staalhelms, brûe, staaldraad, elektriese motors en opwektoestelle, pompe, vliegtuig- en voertuigbande, rubberpype, elektriese kabels, elektrodes, chemikalieë, ensovoorts, is vervaardig.[78] In die klerebedryf was die produksie net so hoog. Meer as ‘n 100 fabrieke het militêre klere vervaardig; die tekstiel bedryf het 300 verskillende oorlogsartikels verskaf, insluitende vyf miljoen weermagskomberse, 5.75 miljoen hemde; 3.4 miljoen kortbroeke; drie miljoen langbroeke; 12.5 miljoen stewels, ensomeer.[79]

Die spoed en effektiwiteit van werwing, opleiding en organisering kan aan die volgende geoordeel word. Die Eerste Suid-Afrikaanse Infanterie Brigade het op 16 Julie 1940 na Oos-Afrika vertrek. Hoofkwartier Een Suid-Afrikaanse Divisie onder genl.-maj. George E. Brink het in November 1940 vertrek. Hoofkwartier Twee Suid-Afrikaanse Divisie, onder genl.-maj. I.P. de Villiers, is in Oktober 1940 gestig. Hoofkwartier Drie Suid-Afrikaanse Divisie, onder genl.-maj. Manie Maritz, het die oorblywende magte in Suid-Afrika beheer. Suid-Afrika se werwing is gedoen deur vir vrywilligers te vra en teen die einde van die oorlog het nie minder as 400 000 Suid-Afrikaners vrywillig aangesluit.[80]

Strydig met sy vroeëre uitsprake het Reitz in Februarie 1943 geskat dat ongeveer die helfte van die Unie se Afrikaners nog steeds afsydig teenoor Suid-Afrika se oorlogspoging gestaan het. Hy het egter bygevoeg dat ongeveer 40% van die weermag uit Afrikaners bestaan het en dat al die Unie

[77] *Globe and Mail*, 30/11/1940, J.A. Stevenson, Smuts gives good lead to South Africa.
[78] J. Keene, *South Africa in World War II: A pictorial history*, p. 40.
[79] J. Mervis, *South Africa in World War II*, p. 14.
[80] *Ibid.*, p. 14.

se vegtendes vrywilligers was. Daar was steeds ekstremiste wat alle bande met die Statebond sou wou verbreek, maar die strategiese beeld het dit aan almal duidelik gemaak wat die voordeel daaraan was om met die Britse familie van nasies geassosieer te wees. Vyf en twintig jaar vantevore sou lugaanvalle op Kaapstad, Johannesburg en Pretoria ondenkbaar gewees het, maar Suid-Afrikaners het besef wat moontlik kon gebeur indien Japan Madagaskar oorneem. Die vraagstuk van die seeroete rondom die Kaap het ook van belang geword vir die Imperiale oorlogspoging. Duitse duikbote het die westelike kant van die Suidwes-Afrikaanse kus met groot sukses bevaar en aangesien die Unie met die uitbreek van die oorlog geen vloot van sy eie gehad het nie, sou hulle hulpeloos gewees het as dit nie vir die hulp van die Britse vloot was nie. Suid-Afrika het die verdediging op land van Simonstad, die Britse vlootstasie naby Kaapstad, asook sekere ander kusverdedigingsaksies onderneem. Suid-Afrika het ‘n vloot van mynveër patrolliebote daargestel, hulle eie bemanning betrek en opgelei. Flottieljes van 75 tonners, wat almal in Suid-Afrika gebou is, sou beskikbaar gestel word om te help soek na duikbote.[81]

Reitz se direkte betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse oorlogspoging het tot ‘n einde gekom toe hy in 1943 as Suid-Afrikaanse Hoë Kommissaris na Londen gestuur is. Hy het egter ‘n positiewe aandeel tot Suid-Afrika se oorlogspoging gelewer en het gehelp om ‘n goed geoliede militêre masjien daar te stel.

## *9.2 Minister van Naturellesake*

Benewens sy betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse oorlogspoging, moes Reitz boonop ook nog sy werksaamhede as Minister van Naturellesake uitvoer. Hy het in 1939 die Departement van Naturellesake oorgeneem, ‘n departement wat ten doel gehad het algemene toesig oor alle sake betreffende die welsyn en belange van die swart mense van die Unie. Dit was verantwoordelik vir die administrasie van die swart gebiede in die Transkei,

[81] *Globe and Mail*, 03/03/1943, M. Bracker, Authorize troop use overseas.

Zoeloeland en elders, met inbegrip van die sogenaamde Naturellereserwes en die bestuur van en beheer oor plaaslike en algemene sogenaamde Naturellerade. Die departement het ook as funksie gehad die opleiding van swart landboustudente en beheer en toesig oor landbouwerk. Die departement moes ook omsien na die bestuur van en toesig oor die werwing van swart arbeid, veral vir die myne. Ander pligte het ingesluit beheer oor swartes in stedelike gebiede, swart belasting, die passtelsel, administrasie van die Naturelletrust en -grondwet van 1936 en van die Naturelle-Verteenwoordigingswet van 1936.[82]

Reitz se werksaamhede in die Departement van Naturellesake asook sy uitsprake oor swartes vanaf 1939 tot 1943 moet gesien word teen die agtergrond van Suid-Afrika se rassebeleid van segregasie wat reeds sedert 1910 stelselmatig in plek gestel is. Segregasie het nie net die skeiding van rasse beteken nie maar ook die oorheersing van 'n swart meerderheid deur 'n wit minderheid. Dit was 'n beginsel wat reeds met Uniewording in die Suid-Afrikaanse grondwet ingeskryf is.[83]

Dié stelsel van rassesegregasie is deur die jare met 'n verskeidenheid van wette op die meerderheid van die Suid-Afrikaanse bevolking afgedwing, onder meer die Naturelle Grondwet van 1913, die Naturelle Stadsgebiedewet van 1923, die Naturelleadministrasiewet van 1927 en die Wysigingswet op Oproerige Byeenkomste van 1930.[84] Na die stigting van die Verenigde Party in 1934 is 'n verdere twee wetsontwerpe in die parlement voorgelê, naamlik die Naturelleverteenwoordigingswetsontwerp en die Naturelletrust en Grond-wetsontwerp. Hierdie twee wette het, saam met die Naturellewet (Stadsgebiede), die hoekstene van segregasie en die V.P. se rassebeleid gevorm.[85]

---

[82] SAB, S.P. 140, Offisiële jaarboek van die Unie en van Basoetoeland, Betsjoeanaland-protektoraat en Swaziland, no. 22, 1941, p. 64.

[83] F.A. Mouton, Die politieke loopbaan van Margaret Ballinger (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP, 1990), p. 25.

[84] *Ibid.*, pp. 27, 28 en 29.

[85] *Ibid.*, pp. 31-33.

Reitz se optrede en uitsprake in die tyd wat hy Minister van Naturellesake was, dui daarop dat hy heelwat gemengde gevoelens oor swartes en hulle rol in die Suid-Afrikaanse samelewing gehad het. Aan die een kant was hy simpatiek met die behandeling wat hulle ontvang het, terwyl hy aan die ander kant steeds 'n uiters paternalistiese houding teenoor hulle ingeneem het. 'n Mate van besef dat die wit gedeelte veel kleiner as die swart gedeelte van die bevolking was en waarskynlik nie veel sou kon doen as die swartes in opstand kom nie, het hierdie gemengde gevoelens van hom nog verder gekompliseer.

Reeds tydens die derde sitting van die sewende parlement wat van 11 Januarie tot 4 Mei 1935 geduur het, het Reitz in 'n debat oor die Verdere Vrystelling en Verkryging van Naturellegrondwetsontwerp, baie simpatie met swartmense betoon. Tydens die debat het hy dr. N.J. van der Merwe daarvan beskuldig dat hy swartes niks gegun het nie. As voorbeeld het hy onderhandelinge met swartmense oor verkryging van grond vir die Vaal-Hartsskema waarby hy betrokke was, gebruik. Tydens die onderhandelinge het hulle, volgens Reitz, die swartes baie goed behandel - daar is vir die swartes ander grond asook besproeiing gegee. Sy vraag was of dit verkeerd was om swartes billik te behandel. Hy het verder gegaan deur te sê dat dit selde in die geskiedenis gebeur het dat swartes regverdig behandel is en as dit tydens dié onderhandelinge gebeur het, dan strek dit die witman tot eer. Van der Merwe het egter nie met Reitz se standpunt saamgestem nie. Hy was nie daarteen gekant dat swartes by besproeiingskemas ingesluit word nie, maar wel teen die manier hoe dit gedoen is, asook die kostes daarvan.[86]

Volgens Reitz het die Departement van Naturellesake alles in hulle vermoë gedoen om die stamtradisies van swartes te bewaar. Hulle het die hoofmanne in hulle werk ondersteun en gepoog om hulle invloed te versterk, maar hulle moes realisties wees, die swartes was besig om al hoe meer van hulle stamverband los te raak, veral in die dorpe en stede. Daar was duisende

[86] SAB, SRP1/3/49, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Derde Sitting – Sewende Parlement, 11 Januarie tot 4 Mei 1935, deel 25 (18 Maart tot 4 Mei 1935), kol. 5098-5102.

swartes in die dorpe wat geen stamverband gehad het nie. Volgens hom het hy dit betreur en alles in sy vermoë gedoen om dit te stop, maar die feit was dat dit besig was om te verswak en te verdwyn.[87]

In 'n artikel wat 'n opsomming gee van gebeure in die parlement in hierdie tyd, skryf Margaret Ballinger dat Reitz in antwoord van 'n vraag deur G.K. Hemming oor die hoeveelheid arrestasies en skuldigbevindings vir oortredings van paswette, die opinie uitgespreek het dat die antwoorde op bogenoemde vrae 'n ontstellende aanklag teen die wit beskawing was.[88] Tussen 1939 en 1941 is daar na raming een miljoen mense gearresteer en 373 790 is skuldig bevinding vir paswet verwante oortredings.[89] Reitz wou egter die situasie verander. Hy het aangekondig dat hy die Minister van Justisie sou versoek om opdragte aan die polisie uit te vaardig waarvolgens geen swartes gearresteer mag word as daar nie aanvaarbare gronde was om te vermoed dat hulle 'n misdaad gepleeg het nie. Hy was ook van plan om die saak met die Eerste Minister op te neem om te sien of die paswette nie in geheel geskrap kon word nie, aangesien hy van niks anders geweet het wat slegte rasseverhoudinge so aanmoedig as die paswette nie. Ballinger het gehoop dat Reitz suksesvol sou wees, aangesien die afskaffing van die paswette 'n uiters positiewe bydrae tot die saak van swart vryheid sou wees.[90]

Tydens dieselfde debat op 22 April 1940 waarna Ballinger verwys het, het Reitz die paswetstelsel as 'n vernederende stelsel beskryf. Een van die skemas wat sy departement volgens hom besig was om te ondersoek, was om aan swartes identiteitsdokumente wat hulle by hulle kon hou in plaas van die passe, te gee. Hy was van mening dat dit 'n goeie ding sou wees wat hulle ernstig moes oorweeg, ongeag wat die Transvaalse wit bevolking

---

[87] SAB, SRP1/3/81, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Sixth Session – Eight Parliament, 12th January to 18th April 1942, vol. 44, kol. 3977.

[88] WITS, A410, B1, Ballinger M., Lectures, reports, articles and notes.

[89] P. Lewsen (red.), *Voices of protest: From segregation to apartheid 1938-1948*, p. 41.

[90] WITS, A410, B1, Ballinger M., Lectures, reports, articles and notes.

daarvan sou sê.[91] Die gevolg van sy optrede was dat die toepassing van die paswette in 'n mate verslap is,[92] maar dit het nie lank gehou nie. Teen die einde van 1943, na Reitz se vertrek as Hoë Kommissaris na Londen, is die paswette weer streng toegepas.[93]

Ten spyte van, vir sy tyd, liberale stellings soos hierbo, was Reitz tydgebonde en het hy ook stellings gemaak wat gewys het dat hy wel 'n produk van sy samelewing en omstandighede was. In 'n toespraak in 1944 in die Guildhall in Londen het hy die volgende gesê: "I am not an anthropologist and therefore not qualified to say whether our native tribes will ever be able to evolve up to European standards. Indeed the balance of scientific evidence appears to lean to the contrary opinion." Hierdie stelling is in groot mate 'n teenstelling van wat hy gedoen het terwyl hy Minister van Naturellesake was, naamlik om te help om geleenthede te skep vir opleiding en opvoeding vir swartes.[94]

Sy onsensitiwiteit het voortgeduur. Tydens 'n Volksraadsdebat op 3 April 1941 is die stigting van 'n Boesmanreserwe in Gordonia bespreek. Volgens J.H. Conradie, in wie se kiesafdeling Gordonia geval het, was die wit inwoners van die streek glad nie daarmee genoeë dat die reserwe daar gestig word nie. Vrese het bestaan dat die Boesmans op die aangewese plaas sou leeglê en dat dit veediefstal tot gevolg sou hê. Conradie was van mening dat die Boesmans op grond van Wet 56 van 1926 (Nasionale parke) in gemsbokreserwes geplaas moet word. Reitz se teenargument was dat daar so min van die Boesmans was dat Conradie nie nodig gehad het om hom oor veediefstal te bekommer nie. Hy was onversetlik dat die Boesmans beskerm moet word. Volgens hom was hulle uit 'n antropologiese oogpunt van baie groot belang. Hy het gemeld dat dit 'n biologiese misdaad sou wees om so 'n eienaardige ras te laat uitsterf, want dit was 'n ras wat meer na 'n bobbejaan lyk as wat 'n bobbejaan self na 'n bobbejaan lyk. Reitz het die Boesmans as

---

91 SAB, SRP1/3/72, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Vierde Sitting – Agste Parlement, 15 April tot 14 Mei 1940, deel 39, kol. 5455.

92 Undelivered statement at the time of his trial for burning his pass, 1960, soos aangehaal in A Luthuli, *Let my people go: an autobiography,* bylaag C.

93 P. Lewsen (red.), *Voices of protest*, p. 41.

94 E. Brookes, African mental ability, *African Affairs*, vol. 43, no. 173, Oct. 1944, pp. 171-172.

deel van die fauna van die land beskou. Volgens hom sou die hele wêreld Suid-Afrika blameer as hulle sou toelaat dat die Boesmans uitsterf. [95]

Dit is moeilik om te bepaal of Reitz werklik besef het wat hy by tye gesê het. Alhoewel hy simpatiek teenoor die behandeling van swartes gestaan het, het sy uitsprake dit nie noodwendig weerspieël nie. Om te probeer keer dat die Boesmans uitsterf is ‘n edele daad. Maar om hulle terselfdertyd so te beledig soos wat nie eers sy mees konserwatiefste teenstander sou kon doen nie, is moeilik om te aanvaar. Die verstommendste van bogenoemde stelling oor die Boesmans is dat hy dit uit ‘n wetenskaplike oogpunt probeer regverdig. Vir hom was dit waarskynlik al wat sy stelling was – ‘n refleksie op ‘n natuurlike verskynsel. Dat hy Boesmans se gevoelens daardeur kon seer maak, het waarskynlik glad nie by hom opgekom nie. Dit bevestig egter dat hy nie naastenby so liberaal in denke was as wat hy graag sou wou wees of voorgegee het om te wees nie. Gelykheid tussen wit Afrikaans- en Engelssprekendes mag ‘n groot rol in sy lewe gespeel het, maar definitief nie gelykheid met ander volke nie.

Veel inligting oor Reitz se werksaamhede tydens sy tydperk as Minister van Naturellesake kon nie opgespoor word nie. Een taak wat hy wel uitgevoer het, was om die verskillende Naturelleverteenwoordigers te woord te staan. Sodoende het hy senator J.D. Rheinallt Jones by verskillende geleenthede ontmoet. Tydens die oorlog het die meeste van hulle gesprekke wat opgespoor kon word oor swartes se betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse oorlogspoging gegaan. Een van Rheinallt Jones se grootste klagtes was dat daar sprake was dat die Native Military Guard se salarisse vanaf 2/3 ‘n dag na 1/- ‘n dag verminder sou word en hy was hewig daarteen gekant. Volgens hom was die swart inwoners gretig om hulle land te dien. Die swartes het egter sarkastiese opmerkings gemaak oor bestaande werwingsvoorwaardes, soos byvoorbeeld dat daar geen voorsiening gemaak is vir familietoelaes vir swartes soos by die ander bevolkingsgroepe nie. Daar is glo bitter verwys

[95] SAB, SRP1/3/78, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Vyfde Sitting – Agste Parlement, 24 Augustus tot 14 September 1940 en 27 Januarie tot 6 Mei 1941, deel 42, kol. 5824-5828.

daarna dat daar na die Eerste Wêreldoorlog vergeet is van die swartes wat in die Native Labour Battalion gedien het en dat hulle geen medaljes en ongeskiktheidspensioene ontvang het nie. Die vermindering van swartes se salarisse sou dus dit tot verdere ernstige negatiewe gevoelens aanleiding gee. Rheinallt Jones was van mening dat enige verdere werwing van swartes gestaak moet word eerder as om hulle salarisse te verminder. [96] Reitz se antwoord hierop was dat dit nie beplan word om die swartes se salarisse te verminder nie. Hy was ook van mening dat die sarkastiese opmerkings onredelik was. Volgens hom kon die rekrute 'n aftrekorder ten gunste van hulle afhanklikes teken.[97]

Vroeër in 1940 het Rheinallt Jones ook geagiteer dat swartes toegelaat moet word om Suid-Afrika se oorlogspoging as vegtendes te steun. Alhoewel hy geskryf het dat hy, in lig van die openbare mening, die probleme verstaan het wat die Regering sou moes trotseer indien dit toegelaat sou word, was dit volgens hom belangrik dat swartes toegelaat word om hulle land te dien. Volgens hom was dit nie vreemd om te hoor dat die regering swartes nie wou toelaat om te veg nie omdat hulle bang was vir die swartes en ook omdat hulle nie wou hê dat hulle moet eise instel vir beter behandeling nie.[98]

Op 10 Oktober 1940 het Reitz 'n vergadering met die Naturelle Verteenwoordigers, senatore W.T. Welsh, J.D. Rheinallt Jones, E.H. Brookes en C.H. Malcomess, Margaret Ballinger (L.P.), D.B. Molteno (L.P.), mnr. D.L. Smit (die sekretaris van Naturellesake) en verskeie Naturelle Kommissarisse gehad om swartes in die verdedigingsmag se salarisskale te bespreek. Die uiteinde hiervan was dat die verteenwoordigers toegegee het dat die gewysigde salarisskale en ander voordele onder die omstandighede regverdig was, onderworpe daaraan dat voorsiening gemaak moes word vir die families van rekrute wat in stedelike gebiede woon waar die lewenskoste

---

[96] WITS, AD843/RJ/D7, 1, World War II: Native Military Corps, 13/08/1940.

[97] WITS, AD843/RJ/D7, 1, World War II: Native Military Corps, 1940, D.L. Smit - J.D. Rheinallt-Jones, 20/08/1940.

[98] WITS, AD843/RJ/D7, 1, World War II: Native Military Corps, 1940, J.D. Rheinallt-Jones – D. Reitz, 12/06/1940.

addisionele bystand vereis. Salarisse vir die bestaande swart militêre polisie eenheid sou behou word op 2/3 ‘n dag vir die eerste jaar, waarna dit sou toeneem tot 2/6 in die tweede jaar. Die voorgestelde swart arbeiderskorps sou egter slegs 1/6 per dag in die eerste jaar en 1/9 in die tweede jaar ontvang.[99]

In 1941 en 1942 het Reitz kongresse van die Naturelleverteenwoordigersraad geopen. In November 1941, tydens die vyfde kongres van die Naturelleverteenwoordigersraad, het hy gesê dat hy alles binne sy vermoë sou doen om toe te sien dat die swartes ook ekonomiese sekuriteit kon hê. Daarvoor sou in die naoorlogse heropbou skemas voorsiening gemaak moes word. Hy het in daardie stadium reeds, in sy hoedanigheid as Minister van Naturellesake, ‘n komitee aangestel om vas te stel hoe die ekonomiese toestande van swartes in stedelike gebiede verbeter kon word. Vroeër in dieselfde jaar het hy ook ‘n aankondiging gedoen dat ‘n sekere hoeveelheid poste vir swartes in die Staatsdiens geskep sou word. Indien dit suksesvol was, sou daar geen beperking geplaas kon word op kwaliteit mense wat hulleself vir die administrasie beskikbaar stel nie. Die res van sy toespraak het hy gewy aan die dood van raadslid George Makapan, Makapan se opvolger en die verwagte uitgawes van die Naturelle Trustfonds. Hy het sy toespraak met die volgende woorde aan die raadslede afgesluit: “You are not only leaders of your own people, but yours is also the even more difficult task of interpreting to the Europeans the needs and aspirations of your people in such a way as is best calculated to smooth the road of progress. Many of us wish the pace may be faster, but we must carry the whole country with us if we do not wish to be confronted with uncompromising forces of reaction. Here, if anywhere, we must bear in mind the old proverb: ‘The more haste the less speed’. You of this first council have set a fine example of good will and co-operation.”[100]

---

[99] WITS, AD843/RJ/D7, 1, World War II: Native Military Corps, 1940, Recruitment of Natives for the defence Forces: Scales of Pay, 10/10/1940.
[100] *The Bantu World*, 29/11/1941, Col. Deneys Reitz opens Council, p. 4.

In Desember 1942, met sy openingsrede tydens die Sesde kongres van die Naturelleverteenwoordigersraad, het hy gesê dat die Atlantiese Verdrag vir alle mense op aarde vryheid gun, ook swartmense. Die verdrag is deur die president van die VSA, Franklin D. Roosevelt, en die Eerste Minister van Groot Brittanje, Winston Churchill, tydens hulle historiese vergadering op 14 Augustus 1941, onderteken. Daarna is dit ook onderskryf deur die res van die geallieerde magte.[101]

In 1942 het 'n deputasie onder leiding van Dr. A.B. Xuma, president-generaal van die African National Congress (ANC), Reitz in Kaapstad besoek en 'n groot hoeveelheid probleme wat verband hou met swartes in Suid-Afrika, bespreek. Van die items wat bespreek was en waarmee Reitz saamgestem het, was die noodsaaklikheid vir die verslapping van die paswette en die erkenning van die Afrikane se vakbonde.[102]

In weerwil van die vreemde uitsprake wat Reitz oor swartes gemaak het, het hy uit verskeie oorde vir sy werksaamhede as Minister van Naturellesake lof ontvang. Senator Edgar Brookes, verteenwoordiger van die swartmense van Natal en Zoeloeland tussen 1937 en 1952,[103] het hom as die goedhartigste en mees liberale Minister van Naturellesake wat die Unie ooit gehad het, beskryf.[104] Marius van Blerk, 'n uitvoerende amptenaar van Anglo American wat vir jare lank al besig is om inligting oor Reitz te versamel, beaam hierdie siening. Volgens hom was dit Reitz wat Smuts daarvan oortuig het om groot dele van die paswette te verslap en swart vakbonde te erken.[105] Die *Rand Daily Mail* skryf dat Reitz homself as Minister van Naturellesake bewys het as 'n ware vriend vir die miljoene swart en gekleurde inwoners van die Unie. Hy het konstante kontak gehad met die hoofmanne van die verskillende stamme en het 'n simpatieke oor verleen vir hulle probleme en standpunte. Oor die

---

[101] African's claims in South Africa, *Congress Series no. II*, published by the ANC.

[102] http://www.anc.org.za/ancdocs/speeches/1960s/sp640500.html: The road from nonviolence to violence. Speech by Z.K. Matthews at a conference sponsored by the World Council of Churches, Kitwe, Northern Rhodesia, May 1964.

[103] C.J. Beyers (hoofred.) en J.L. Basson (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V*, p 99.

[104] E. Brookes, African Mental Ability, *African Affairs*, vol. 43, no. 173 (Oct. 1944), p. 172.

[105] *The Cape Argus*, 04/01/2000, A. Henderson, Deneys Reitz rides again, p. 6.

onderwerp van swart deelname aan die oorlog het hy, as 'n persoonlike opinie, in Augustus 1941 in Durban gesê dat swartes bewapen moet word vir diens in die Noorde, maar nie in die Unie nie. Hierdie stelling het groot kontroversie veroorsaak en die opposisie het baie munt daaruit geslaan.[106]

Reitz was beslis nie die Minister van Naturellesake wat die Nasionaliste wou gehad het nie. In Maart 1942 het hy verskeie stellings gemaak wat loodreg teen hulle standpunte ingedruis het. Ten eerste was hy van mening dat die Naturellekwessie slegs opgelos kon word indien dit uit die politieke arena gehou word. Verder was hy ook van mening dat daar teen swartes gediskrimineer word. Hulle was onderbetaal en het nie voldoende skoolopleiding of hospitaalbehandeling gekry nie. Onderwys vir swart kinders het ver tekort geskiet en kon nie in finansiële terme vergelyk word met dit wat op wit kinders gespandeer is nie. 'n Groot hoeveelheid swart kinders het nooit die binnekant van 'n klaskamer gesien nie. Die hospitalisasie van swartes was ook 'n probleem, veral in Johannesburg waar dit haglik was. Reitz was van mening dat onderwys en medies onder die Unie-regering se beheer geplaas moet word. Volgens hom het hy nie sosiale gelykheid verkondig nie, maar wel dat daar 'n groot hoeveelheid verbeteringe gedoen moes word. Ander probleme waarmee hulle te doen gehad het, was die paswette in die Transvaal, terwyl daar glad nie paswette in die Kaap of Natal was nie.[107] Reitz se stelling dat swartes bewapen moes word vir deelname aan die oorlog, het ook onder groot kritiek deurgeloop.[108]

Die reaksie van die opposisie was om hom te beskuldig dat hy nie na die werk in sy departement omsien nie en dat hy baie agterlosig was. Hy was glo baie onverantwoordelik en het goed gesê wat hy moes terugtrek.[109] Hierdie standpunt oor Reitz is in September 1942 grootliks korrek bewys. In dié maand het Reitz die opinie uitgespreek dat dit onwenslik sou wees om in

---

[106] *Rand Daily Mail*, 20/10/1944, Col. Reitz's romantic career, p. 4.

[107] SAB, SRP1/3/81, Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad, Sixth Session – Eight Parliament, 12th January to 18th April 1942, vol. 44, kol. 3973-3974.

[108] *Ibid.*, kol. 4088-4089.

[109] *Ibid.*, kol. 4070.

daardie stadium ‘n algemene verkiesing te hou. Om die stelling te vererger, sê hy dat dit nie saak maak wat die uitslag van die verkiesing is nie, die regering sou nie die land oorgee aan mense wat met Duitsland vrede wou maak nie. Die regering sou die land gedurende die oorlog behou. Hy was bevrees dat indien ‘n algemene verkiesing gehou word, daar ‘n mini-burgeroorlog kon wees en dat baie kwade gevoelens wakker gemaak sou word.[110] Volgens Reitz moes die troepe in die noorde ook in aanmerking geneem word. Hy was nie bang vir die uitslag van die verkiesing nie, maar hy het besef die opposisie vertrou op ‘n Duitse oorwinning en indien hulle daarin slaag om met ‘n klein meerderheid aan bewind te kom, wat sou van die manne in die Noorde word?[111]

Hierdie woorde van hom was problematies, aangesien die lewe van die Volksraad in Augustus 1943 sou verstryk. ‘n Verkiesing sou dus uitgeroep moes word voor daardie tyd, behalwe indien die Parlement wetgewing aangeneem het om die lewe van die Volksraad te verleng. Alhoewel die indruk gewek kon gewees het dat dit ‘n amptelike sienswyse was, was dit egter sy eie persoonlike mening.[112] Hy het dit terdeë besef en het self gesê dat sy woorde waarskynlik as ‘n politieke indiskresie beskou sou word.[113] In ‘n latere stadium het hy sy stelling verdedig deur te sê dat dit tyd was dat die Nasionaliste die waarheid vertel word. Volgens hom het hulle gedurig daarmee te koop geloop dat wanneer hulle aan bewind sou kom, die opposisie se burgerlike regte ontneem en hulle geïnterneer gaan word en dat beslag op hulle eiendom gelê sou word. Om ‘n bietjie prontuit te praat, sou volgens Reitz dus nie skade gedoen het nie.[114] Maj. P.V.G. van der Byl, Minister sonder Portefeulje, het egter ‘n paar dae later Reitz se stelling afgemaak deur te sê dat dit konstitusioneel verkeerd sou wees om in daardie

---

[110] *Sunday Times*, 06/09/1942, State will not hand S.A. to Nats during war says Reitz. Opposes general election, p. 11.

[111] *Die Suiderstem*, 07/09/1942, Min. D. Reitz meen verkiesing is ongewens op die oomblik, p. 3.

[112] *Die Suiderstem*, 08/09/1942, Nie ons standpunt nie, p. 5.

[113] *Sunday Times*, 06/09/1942, State will not hand S.A. to Nats during war says Reitz. Opposes general election, p. 11.

[114] *Die Suiderstem*, 09/09/1942, Nog geen besluit oor algemene verkiesing aanstaande jaar. Kol. Reitz oor sy voorspelling insake Maginot-linie, p. 3.

stadium al 'n besluit te neem of die verkiesing uitgestel moes word of nie. Die saak was egter nog nie amptelik bespreek nie en was 'n ope kwessie.[115]

Ten spyte van standpunte soos in die voorafgaande paragraaf, het Smuts steeds voortgegaan om groot vertroue in Reitz te stel. Met ingang van 8 Mei 1942 is hy vir 'n onbekende tydperk in Smuts se afwesigheid as waarnemende Eerste Minister en Minister van Naturellesake en Verdediging aangestel.[116] In 1940 is hy ook heraangestel as lid van die Raad van Kuratore vir Nasionale Parke vir die tydperk wat gestrek het tot 17 September 1945.[117]

## *9.3 Hoë Kommissaris in Londen*

Dit blyk dat Reitz, ten spyte van al sy werksaamhede as Minister van Naturellesake en betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse oorlogspoging, nooit werklik volkome gesond geword het nie, iets wat Smuts bekommer het. In Oktober 1942 skryf hy aan Reitz dat hy uit Pretoria se hoë lugdruk na St. James in Kaapstad moet padgee, aangesien dit hom die beste kans op herstel sou gee. Hy het hom aangesê om te gaan visvang en op ander maniere te ontspan en sy aandag heeltemal van sy werk en bekommernisse weg te neem. "Please look upon this not merely as advice but as in the nature of an instruction from me."[118] Of Reitz aan hierdie opdrag gehoor gegee het, is te betwyfel. Sy persoonlikheid was van so 'n aard dat hy nooit kon stil sit nie.

In dieselfde jaar en deels as gevolg van Reitz se verslegtende gesondheid het Smuts hom oortuig om die pos van Suid-Afrika se Hoë Kommissaris in

---

[115] *Die Burger*, 12/09/1942, Kollega se antwoord aan Reitz. Uitstel van die verkiesing. Alleen in baie hoë nood, p. 1.

[116] SAB, URU, vol. 2018, verw. 1173, Appointment of colonel the hon. Deneys Reitz, Minister of Native Affairs to act as Prime Minister and Minister of External Affairs and of Defence, during the absence of general the right honourable J.C.Smuts, 1942.

[117] SAB URU vol. 1907, verw. 3187, Appointment of Col. the hon. D. Reitz and the re-appointment of mr. W.A. Campbell, as members of the Board of Curators in respect of National Parks, 5/10/1940.

[118] WITS, A1523, Reitz, J.C. Smuts – D. Reitz, 6/10/1942.

Londen te aanvaar.[119] Met sy aankoms in Londen was hy nie besonder gesond nie[120] en of hy die harde werk in oorlogstyd sou kon verduur, kan bevraagteken word. Smuts het ‘n groot kans gewaag om hom na Londen te stuur, maar dit het aanvanklik gelyk asof dit ‘n goeie besluit was, aangesien Smuts in Oktober 1943 aan Hofmeyr geskryf het dat Reitz baie gesonder lyk as wat hy verwag het en dat hy gelukkig was in sy werk.[121]

Verskeie ander redes kan egter ook voorgehou word vir waarom Reitz as Hoë Kommissaris aangestel is. Die eerste hiervan hou verband met die bedanking van R. Stuttaford as Minister van Handel en Nywerheid. Dit het Smuts genoodsaak om Sidney Waterson, die Hoë Kommissaris in Londen, te vra om Stuttaford se plek in die kabinet in te neem. Maj. Piet van der Byl, in daardie stadium Minister sonder Portefeulje, sou Reitz se pos as Minister van Naturellesake oorneem.[122] Volgens Smuts het hy Reitz Londen toe gestuur omdat hy gedink het dat die verandering hom goed sou doen. “He was getting stale here and out of tune with our tiresome public life. Politics is an unpleasant business, with all its racial taint and bitterness and extreme partisanship.”[123] Aan M.C. en A.B. Gillett skryf Smuts dat Reitz mismoedig en ongelukkig met die plaaslike politiek was. Smuts het toegegee dat dit genoeg was om engele te maak huil, maar vra dan watter reg hulle gehad het om engele te wees.[124] At van Wyk skryf egter Reitz se oorplasing na Londen daaraan toe dat Reitz bra onbeholpe was in die hantering van swart sake en dat die vermoede bestaan het dat Smuts hom uit sy kabinet wou weg hê.[125]

Smuts se rede vir waarom Reitz na Londen gestuur is, is meer realisties as Van Wyk s’n. As na van Reitz se uitsprake gedurende die vorige paar jaar

---

[119] J.C. Smuts, *Jan Christiaan Smuts*, p. 385.

[120] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 259, privaat briewe 1943 (H-P), nos. 1–213 (28), 12/07/1943.

[121] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 261, privaat briewe 1943 (R-Z), nos. 155–318 (161), 12/10/1943, J.C. Smuts – Sekretaris vir Buitelandse Sake, Pretoria, p. 1.

[122] *Die Suiderstem*, 24/12/1942, Kol. Reitz Hoë Kommissaris in Londen. Maj. Piet van der Byl in sy plek.

[123] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 257, privaat briewe 1942 (N-Z), nos. 167–334 (262), 31/12/1942, J.C. Smuts - M.C. en A.B. Gillett, p. 1228a.

[124] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 261, privaat briewe 1943 (R-Z), nos. 155–318 (200), 25/01/1943, J.C. Smuts - M.C. en A.B. Gillett, p. 1231b.

[125] A. van Wyk, ‘n Anderste man, *Insig*, Augustus 1998, p.45.

gekyk word, het hy al hoe meer begin sê dat die gedurige argumentering tussen die verskillende wit rasse sinloos was. As voorbeeld dien 'n artikel wat hy op 22 Augustus 1943 in *The New York Time*s gepubliseer het. Daarvolgens het hy geskryf dat: "In South Africa the Afrikaner people, to whom I belong, tend to make a fetish – a religion of their race, their language and their traditions. For myself, I broke away from the juju and voodooism of race worship a long time ago. I believe in your American system, which has taken all races into its fold and has moulded them into a single nationhood."[126]

'n Verdere, meer strategiese rede, kon ook bestaan het vir Reitz se verskuiwing na Londen. Die Hoë Kommissaris pos in Londen sou tydens die Tweede Wêreldoorlog van groot strategiese waarde vir die Smuts-regering gewees het en die plasing van een van Smuts se vertrouelinge hier, sou van uiterste belang gewees het. Reitz was in die buiteland bekend. Hy was boonop, as gevolg van sy publikasies, veral *Commando*, gewild in Brittanje. Alhoewel Reitz uit die Suid-Afrikaanse politiek mag gewees het, het hy 'n uitsonderlike rekord gehad - hy het geen politieke foute gemaak of bitterheid op homself gefokus nie.[127] Reitz sou gevolglik vir die Britte as Hoë Kommissaris aanvaarbaar wees, terwyl hy terselfdertyd aan Smuts se eise as verteenwoordiger voldoen het. Dit verduidelik waarom Reitz, weens sy intieme kennis van en vriendskap met Smuts, nooit ongelukkig geraak het wanneer sake soms regstreeks vanaf Suid-Afrika met Brittanje gereël is sonder dat hy vooraf daarvan geweet het nie. Hy het geredeneer dat sake in oorlogstyd nie altyd streng volgens 'n teksboek verloop nie.[128] 'n Ander Hoë Kommissaris sou waarskynlik nie dieselfde gevoel het nie.

Reitz is in terme van afdeling 1 van Wet no. 3 van 1911 vir 'n periode van vyf jaar, vanaf 11 Januarie 1943, as Hoë Kommissaris in Londen aangestel. Sy salaris sou £3 000 per jaar beloop, met 'n toelaag van nie meer as £1 000

[126] Soos aangehaal in A. van Wyk, 'n Anderste man, *Insig*, Augustus 1998, p. 45.
[127] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 261, privaat briewe 1943 (R-Z), nos. 155–318 (169), J.C. Smuts - Minister van Buitelandse Sake, p. 1.
[128] B. Fourie, *Brandpunte: Agter die skerms met Suid-Afrika se bekendste diplomaat*, p. 25.

per jaar nie. Bo en behalwe sy normale pligte en sonder vooroordeel van die bestaande stelsel van direkte kommunikasie, is die handhawing van diplomatieke en politieke verhoudinge tussen die Britse en Noord-Ierse en Suid-Afrikaanse regerings, tot so 'n mate asof hy 'n buitengewone gesant en gevolmagtigde minister was, ook aan hom opgedra.[129] Hy is ook as buitengewone gesant en gevolmagtigde minister aangestel vir die Nederland, België en Griekeland.[130] Vir die tydperk vanaf Maart tot September 1944 was Reitz gevolglik in konstante kontak met koning George II van Griekeland. Alhoewel die indruk bestaan dat hy bloot 'n tussenganger tussen die koning en Jan Smuts was, het hy hom effektief van sy taak gekwyt[131] en is baie deur hom gedoen om die bande tussen die twee lande te versterk.[132]

Met sy aankoms in Londen in Januarie 1943 is Reitz met ope arms ontvang. Hy was geen vreemdeling in die stad nie en sy agtergrond het verder daartoe bygedra. *Commando*, sy boek oor die Anglo-Boereoorlog, is deur baie mense in Brittanje gelees en sy versoenende verhouding teenoor Brittanje het baie van hulle aangegryp. Hy het baie vriende in politieke en sosiale kringe in Londen gehad. Amptelik was alle deure vir hom oop.[133] Die gevolg was dat hy 'n populêre figuur in Londen was. Hy was by verskeie geleenthede 'n gas van die koning in Buckinghampaleis en het groot dele van die Verenigde Koninkryk en Noord-Ierland besoek. Tydens 'n besoek aan Italië om te sien hoe die 6de Divisie vaar, het die Pous selfs 'n oudiënsie aan hom toegestaan.[134]

---

[129] SAB, GG, 807, 13/3505(1), High Commissioner for the Union in London. Appointment of Col. the Honourable Deneys Reitz High Commissioner for the Union of South Africa in London as from 11th January, 1943, vice Mr. S.F. Waterson; SAB, URU, 2072, 58, Appointment of colonel the hon. Deneys Reitz, as High Commisioner for the Union of SA, with effect from the 11th January 1943.

[130] SAB, GG, 807, 13/3505(1), High Commissioner for the Union in London. Appointment of Col. the Honourable Deneys Reitz High Commissioner for the Union of South Africa in London as from 11th January, 1943, vice Mr. S.F. Waterson.

[131] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 263, privaat briewe 1944 (J-S), nos. 1-216 (166-173), 27/03/1944 – 29/09/1944, Hoë Kommissaris, Londen – Minister van Buitelandse Sake.

[132] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 262, privaat briewe 1944 (A-H), nos. 1–2158 (106), Koning George II van Griekeland - J.C. Smuts, p. 1.

[133] B. Fourie, *Brandpunte*, pp. 24-25.

[134] *Rand Daily Mail*, 20/10/1944, Col. Reitz's romantic career, p. 4.

Vanweë sy kleurryke en onortodokse persoonlikheid kon hy in formele kringe dinge doen en sê waarmee die gewone diplomaat aanstoot sou gee. Volgens sy privaat sekretaris, Brand Fourie, was daar 'n paar dinge waarvoor hy allergies was. Hy wou nie in 'n kantoor vasgevang sit nie, het min gehou van 'n streepbroek en swart baadjie of aandpak en dinees wat lank aangehou het, was vir hom 'n nagmerrie. Een keer is hy uitgenooi om Noord-Ierland as 'n gas van die goewerneurspaar, die Hertog en Hertogin van Abercorn, te besoek. Hy moes onder meer ook die opening van die parlement bywoon. Voor die besoek het sy huishoudster sy streepbroek en swart baadjie ingepak, maar toe Reitz dit besef, het hy dit summier uitgegooi. Hy het die parlementsitting in 'n ligblou, amper informele, pak klere bygewoon. Die plaaslike koerant se enigste kommentaar hierop was: "Colonel Reitz sets new fashion".[135]

Na 'n dag lange toer deur die skeepswerwe en fabrieke van Belfast moes Reitz dieselfde aand 'n dinee ter ere van hom saam met die meeste van Noord-Ierlandse ministers by die goewerneur se woning bywoon. Hy was egter moeg en nie daarvoor lus nie en Brand Fourie moes mooipraat om hom te oorreed om te gaan. Kort na die nagereg het hy sy gasheer op die skouer getik en gesê: "Dukie, I am tired and must go to bed." Aangesien dit Deneys Reitz was, is dit in 'n goeie gees aanvaar.[136]

Tydens dieselfde besoek wou hy graag Dublin besoek, onder meer om die teater by te woon. Hy het die aankondiging ewe luiters gedoen. Die hertogin se reaksie was: "Reitz, when you come back, I'll have you fumigated." Na 24 uur was hy, volgens Brand Fourie, terug sonder dat enige skade aan persoonlike verhoudings aangerig is.[137]

Reitz het gereeld gepoog om sy kantoorwerk te vermy. In 'n stadium het hy Fourie ingeroep en aan hom gesê dat hulle hom mal maak met al die kantoorsittery. Fourie moes navraag doen of Reitz die Suid-Afrikaanse troepe

---

[135] B. Fourie, *Brandpunte*, pp. 25-26.
[136] *Ibid.*, pp. 25-26.
[137] *Ibid.*, pp. 25-26.

in Noord-Afrika en Italië kon gaan besoek. Dit is gereël en Fourie en kol. J. Kreft, die militêre attaché, is saam met hom. Reitz se standaard kleredrag vir sulke uitstappies was 'n "boshemp", 'n kort kakiebroek en seilkamaste, met 'n slaprandhoedtjie op sy kop en 'n knapsak oor sy skouer. In die knapsak was 'n kantien (billycan) wat volgens Reitz gebruik kon word om tee en koffie te maak en sop of selfs 'n bredie te kook. Tydens dié reis het hierdie uitrusting van hom vir groot konsternasie gesorg. In Rome is Reitz by sy hotel, op grond van sy kleredrag en tot groot ontsteltenis van Fourie, in 'n kamertjie bedoel vir 'n motorbestuurder, geplaas. Die Italianer by die ontvangstoonbank het sy eie gevolgtrekking oor Reitz gemaak.[138]

Met Smuts se eerste besoek aan Londen na Reitz se aankoms daar het Fourie Reitz dit sterk op die hart gedruk dat hy as Hoë Kommissaris te alle tye vir die Eerste Minister sou moes beskikbaar wees. Vir so drie tot vier weke het Reitz hieraan gehoor gegee, maar toe hy 'n geleentheid met 'n Amerikaanse vliegtuig na Ysland kon kry, was al sy goeie bedoelings op 'n einde. Smuts het ook sonder om twee maal daaroor te dink goedkeuring vir die reis verleen. Teen die tyd wat Reitz weer terug in Londen moes wees, het Fourie in 'n oggendkoerant gelees dat Reitz in Washington aangekom het. Toe hy dit onder Smuts se aandag bring, het Smuts glimlaggend gesê: "Wag maar, as julle weer hoor, is Neyssie in China."[139] Die drie weke lange toer van hom het op die ou end besoeke aan Ysland, Montreal, Washington en Newfoundland ingesluit.[140]

## *9.4 Reitz se dood*

Smuts se poging om Reitz se gesondheid te verbeter deur hom na Londen te stuur, het op die lange duur nie veel vrugte afgewerp nie, aangesien Reitz se gesondheid stelselmatig verswak het en hy al hoe moeër begin word het as

---

[138] B. Fourie, *Brandpunte*, pp. 26-27.
[139] *Ibid.*, p. 27.
[140] *The Times*, 20/10/1944, Col. Deneys Reitz. High Commissioner for South Africa, p. 7.

hy lang besoeke moes aflê of rondstaan. Hy het egter nie opgegee nie.[141] Erica Southwall skryf dat Reitz se dokter hom jare vantevore reeds voor 'n keuse gestel het: onttrek van die aktiewe lewe en leef langer, of gaan aan met werk en waag 'n vroeë dood. Hy het egter gekies om aan te hou werk en het tot aan die einde planne en take, wat nie voltooi sou word nie, aangepak. Southwall spekuleer dat dit waarskynlik die rede was waarom hy sy laaste boek *No outspan* genoem het.[142] Reitz se persoonlikheid in ag geneem, is Southwall kennelik nie verkeerd in haar afleiding waarom Reitz sy laaste boek *No outspan* genoem het nie. Hy was nie die tipe van mens wat na 'n rustige aftrede sou uitgesien het nie.

Reitz se einde het een middagetensuur op 'n bank in sy kantoor aangebreek. Brand Fourie het hom in 'n ongewone posisie op die bank aangetref – Reitz kon glad nie meer praat nie en kon Fourie slegs nader wink. Vanaf Suid-Afrika Huis is hy per ambulans na die Charing Cross hospitaal geneem[143] waar hy om 9:00 op 19 Oktober 1944,[144] op die ouderdom van 62 jaar en 6 maande, gesterf het. Die oorsake vir sy dood is aangegee as: (a) koma, (b) serebrale bloedvatverstopping (cerebral embolism) en (c) kroniese hartsiekte met hoë bloeddruk.[145] Indien hy sy beroerte oorleef het, sou dit waarskynlik 'n uitgerekte en permanente ongesteldheid beteken het - iets wat vir hom ondraaglik sou wees.[146]

Tydens sy dood was Leila en Jan, in daardie stadium 'n kaptein in die Suid-Afrikaanse Seinkorps, aan Reitz se sy. Michael, wat die vorige jaar oor Joegoslawië afgeskiet is, was 'n krygsgevangene in Duitsland en kon nie aanwesig wees nie.[147]

---

[141] B. Fourie, *Brandpunte*, p. 27.
[142] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 263, privaat briewe 1944 (J-S), nos. 1–216 (200), 20/10/1944, Erica (Mrs Bailey Southwall) – J.C. Smuts, p. 1.
[143] B. Fourie, *Brandpunte*, p. 27.
[144] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 263, privaat briewe 1944 (J-S), nos. 1–216 (68), 19/10/1944.
[145] TAB 5697/44, Boedel van Deneys Reitz. Sterfkennis, 26/11/1944.
[146] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 263, privaat briewe 1944 (J-S), nos. 1–216 (68), 19/10/1944.
[147] *The Times*, 20/10/1944, Death of Colonel Deneys Reitz. High Commissioner for South Africa, p. 4.

Reitz is op 21 Oktober in Londen veras.[148] Vanweë sy dood in Londen is daar nie vir hom ‘n staatsbegrafnis gehou nie, maar alle vlae in die Unie is op die dag van sy verassing halfmas laat hang.[149] ‘n Gedenkdiens is vir hom op 25 Oktober 1944 in die kerk van St. Martin in the Fields, langs Suid-Afrika Huis op Trafalgarplein, in Londen gehou.[150] Sy gedenkdiens is deur verteenwoordigers van die Britse koning, die koningin van Nederland, die Griekse koning, die hertog van Gloucester, die hertogin van Kent en prinses Alice en die graaf van Athlone, verskeie lede van die diplomatieke korpse van al die verskillende geallieerde regerings in Londen, die Hoë Kommissarisse van die Dominiums en lede van die geallieerde regerings, bygewoon. Die Britse Eerste Minister en die Britse Staatsekretaris vir Buitelandse Sake was ook aanwesig. Die Suid-Afrikaanse regering en Jan Smuts is deur mnr. R.K. Scallan, Amptelike Sekretaris in Suid-Afrika Huis en waarnemende Hoë Kommissaris, verteenwoordig. Privaatinstansies soos die Standard Bank van Suid-Afrika, die Suid-Afrikaanse Handelsvereniging, die Suid-Afrikaanse Klub, die Myn- en Investeringskorporasie, Anglo-American Korporasie van Suid-Afrika, die Londense Sakekamer en die Volkebond het ook afgevaardigdes na die gedenkdiens gestuur.

Die diens is deur ds. J. van Dorp, predikant van die Nederduits Gereformeerde Kerk in Londen en generaal-kapelaan van die Nederlandse Magte, waargeneem. Hy is deur di. H.F. Yule en R.I. Thompson, albei van die Suid-Afrikaanse Magte, en E.S. Loveday, predikant van St. Martin in the Fields, bygestaan.[151] Lt.kol. ds. C.H.S. Runge, voormalige hofkapelaan van die Suid-Afrikaanse Magte in die Midde-Ooste, het ‘n roerende huldeblyk gelewer. Hy het gesê dat die kwaliteite wat in Reitz se openbare lewe weerspieël is – dapperheid, opregtheid, skerpsinnigheid en onwankelbaarheid van doel – met sy joviale humorsin, eerlikheid en totale afwesigheid van

[148] *Pretoria News*, 20/10/1944, King’s tribute to Col. Reitz. Flags at Half-mast tomorrow.

[149] SAB, GG, 1176, 27/702, Deaths: General. Death, in Londen, of Col. The Hon. Deneys Reitz, on the 19th October 1944, 21/10/1944.

[150] SA Krygshistoriese Museum, 920 Reitz, Reitz, Memorial Service, 25/10/1944.

[151] *The Times*, 26/10/1944, Colonel Deneys Reitz. The King represented at memorial service, p. 7; In memory of colonel Deneys Reitz, *The African World*, 28/10/1944, p. 61.

verwaandheid, ook in sy private en persoonlike verhoudinge gevind is en dat sy nagedagtenis deur almal wat hom geken het, gekoester sou word.[152]

Reitz se as is na Suid-Afrika teruggestuur om naby 'n groot bosbouplantasie op Mariepskop teen die hange van die Drakensberge in die Oos-Transvaal, begrawe te word. Dit is met sement toegemaak en sonder grafskrif daar gelaat[153] - 'n uiters gepaste laaste rusplek as sy liefde vir dié omgewing in ag geneem word. Wie hierdie besluit geneem het is nie bekend nie, maar dit was waarskynlik Leila.

Die verstommendste van Reitz se dood was nie die wyse waarop hy dood is of selfs die plek waar hy gesterf het nie, maar die huldeblyke wat daarna aan hom betuig is. In verskeie koerante, plaaslik en oorsee, het berigte verskyn waarin aan hom hulde gebring is. In 'n artikel in die Londense *The Times* word hy as een van die voortreflikste Suid-Afrikaners van sy dag beskryf - 'n waaghalsige en vindingryke soldaat en 'n gebore leier. In die Anglo-Boereoorlog het Brittanje nie 'n meer gedetermineerde vyand gehad nie en in die 1914-1918 oorlog nie 'n meer toegewyde vriend nie. Hy het 'n eerlikheid en bekoring van manier gehad wat selfs sy teenstanders versoen het. Op die jonger generasie Suid-Afrikaners het die glans van sy avonture, sy galante houding en sy lojaliteit aan sy eie siening van wat reg is, 'n groot invloed gehad.[154]

Die *Globe and Mail* het in sy artikel klem gelê op Reitz se gevoel teenoor die Britse Statebond. Volgens die koerant was hy net so trots daarop om 'n burger van die Britse Statebond te wees as wat hy trots was op sy Afrikanerbloed. Geen Suid-Afrikaner, behalwe Jan Smuts, het so hard soos hy gewerk om 'n ferm harmonie tussen die Britse en Afrikaner elemente in die Unie te behou nie. Dit sê nogal iets van die Statebond dat dit sulke

---

[152] In memory of Colonel Deneys Reitz, *The African World*, 28/10/1944, p. 61.

[153] D. Blignault: Twee grafte bo-op berge, *Die Huisgenoot*, 29/07/1957, p. 13; Verwaarloosde graf van presidentseun, *Die Huisgenoot*, 10/04/1959, p. 20.

[154] *The Times*, 20/10/1944, Col. Deneys Reitz. High Commissioner for South Africa, p. 7.

toegewyde lojaliteit kon verkry van voormalige vyande en die dood van Reitz sou ‘n groot verlies vir sowel Suid-Afrika as die Statebond wees.[155]

Huldeblyke oor Reitz is ook in Suid-Afrikaanse koerante gepubliseer. Die Johannesburgse *Rand Daily Mail* het verskeie Britse parlementslede aangehaal. Sir William Jowitt, Britse Minister van Maatskaplike Versekering, is soos volg aangehaal: “He was a grand-hearted fellow and a splendid representative of his country. He was the most delightful man to meet – a man of the world that everybody loved and a man who embodied all the best principles and the best outlook of his race.” Herbert Morrison, Britse Minister van Binnelandse Sake, het gesê Reitz se dood was ‘n groot verlies vir Suid-Afrika en die Verenigde Koninkryk. Ernest Bevin, Britse Minister van Arbeid, het hierdie woorde beaam. L.S. Amery, Britse Minister van Buitelandse Sake vir Indië, het Reitz beskryf as “...a great citizen and a noble character – a man who showed not only conspicuous gallantry and chivalry in the field of war, but real statemanship in peace ... a gallant spirit.”[156] Amery het ook in ‘n private brief aan Smuts die mening uitgespreek dat Reitz se visie en benadering gemis sou word. “He was such a fine fellow, so gallant, generous and broad minded. We shall need his outlook very much after the present war.”[157] Die Voorsitter van die Britse Hoërhuis, lord Simon, het Reitz die bewonderenswaardigste verteenwoordiger van Suid-Afrika genoem.[158] C.R. Attlee, Adjunk Eerste Minister van Brittanje, sê opsomming van Reitz was kragtig en eenvoudig: “Colonel Reitz, that most distinguished South African, has rendered service of the highest value in cementing the friendship between the peoples of South Africa, Great Britain and the Commonwealth.”[159]

Dit was egter nie net die Britse Parlementslede wat ‘n hoë dunk van Reitz gehad het nie. Koning George II van Griekeland het gemeld dat Reitz goeie

---

[155] *Globe and Mail*, 20/10/1944, British fairness won Reitz.
[156] *Rand Daily Mail*, 20/10/1944, Tributes to Col. Reitz in London, p. 4.
[157] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 262, privaat briewe 1944 (A-H), nos. 1–215 (22), 25/10/1944, L.S. Amery – J.C. Smuts, p. 1 .
[158] *Rand Daily Mail*, 20/10/1944, Tributes to Col. Reitz in London, p. 4.
[159] *Rand Daily Mail*, 20/10/1944, Death of Col. Deneys Reitz.

werk gedoen het om bande tussen Griekeland en Suid-Afrika te versterk.[160] "I feel his passing as a great personal loss. During the last three years, and particulary in recent weeks, I had occasion to see him many times, and I cherish most pleasant recollections of my conversations with him. As the Union's Minister to Greece he rendered invaluable services in bringing closer still the many bonds between South Africa and Greece. His absence will be keenly felt by all those who had the interests of our two countries at heart, and I in particular have lost a good and dear friend."[161] Op 'n soortgelyke wyse het koning George VI van Engeland aan Jan Smuts simpatie betuig.[162] "I heard with great regret of the death of Colonel Reitz, and send you my sincere sympathy in your loss of a valuable colleague who rendered such distinguished services to South Africa."[163]

Verskeie ongeïdentifiseerde, minder hooggeplaaste persone het hulle stemme by dié van die bogenoemde elite gevoeg. J.S. Acton het aan Henry Cooper geskryf dat studente van die geskiedenis Reitz sal beoordeel as een van die mees uitstaande Suid-Afrikaners van sy tyd. Eerlik, dapper, beskeie, 'n voorbeeld vir almal. Hy gaan verder deur te meld dat die Britse weermag nie maklik 'n buitestander as bataljon bevelvoerder aanstel as hy hom nie as 'n man van groot waarde bewys het nie en die feit dat hulle dit vir Reitz gedoen het, is 'n verering van sy karakter.[164]

Dot Gregg was van mening dat Suid-Afrika baie slegter daaraan toe sou wees sonder Reitz. "Our country will be so much poorer for his passing. His broad vision and his complete honesty of purpose served us all so well, and will be so much missed."[165] W.H. Roberts het die tydperk wat hulle tydens die

---

[160] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 262, privaat briewe 1944 (A-H), nos. 1–215 (106), 22/10/1944, Koning George II van Griekeland – J.C. Smuts, p. 1.
[161] Tributes to late High Commissioner, *The African World*, 28/10/1944, p. 61.
[162] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 262, privaat briewe 1944 (A-H), nos. 1–215 (113), 22/10/1944, Koning George I van Engeland – J.C. Smuts, p. 1.
[163] Tributes to late High Commissioner, *The African World*, 28/10/1944, p. 61.
[164] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 284, privaat briewe 1950 (A-G), nos. 1–246 (4), 16/06/1950, J.S. Acton – H.W.A. Cooper, p. 1.
[165] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 263, privaat briewe 1944 (J-S) nos. 1–216 (97), 19/10/1944, D. Gregg – J.C. Smuts, p. 1.

Eerste Wêreldoorlog saam in Duits-Oos-Afrika teen die Duitsers geveg het, in herinnering geroep. "'n Handige kêrel. Vir my altyd so mooi gewees, hy het tyd vir almal gehad en as jou saak dit wel verdien, staan hy by jou en sien jou deur. [.....] Dit was sy persoonlikheid, sy absoluut verstandighede en simpatie en waardering. Deneys Reitz se sterkste punt was sy eliminasie van alle rooilind en sy regverdigheid, ..."[166] Kol. A.E. Stewart het hom vir sy staatsmanskap bewonder: "A great soldier statesman has gone."[167] May Eden sou hom weer onthou vir sy menslikheid: "Deneys Reitz endeared himself to every one, and his kind smile, wise council and merry twinkle will here be sadly missed but his memory treasured."[168] Die historikus W.M. MacMillian plaas die seël op Reitz se lewe: "Reitz's life was a triumph of character."[169]

George Darrel se huldeblyk aan Reitz was soos volg: "I had the privilege in the old days of travelling with him on many electioneering tours throughout Bechuanaland, Griqualand West and the river diggings, and in subsequent years we met with myself as one of a deputation to him as Minister or otherwise. So that I got to know him, and admire his forthright and uncompromising character, and his attitude to the bigger issues of life, particularly in respect of the aim of the unity of the people. It always seemed to me that he had early in his life dedicated himself to securing and keeping the good opinion of one man whose equanimity of mind and purpose were such as he knew would ensure – with such goodwill – the respect of the great majority of impartially minded people and for the rest he was ever unconcerned. His loyalties were as immovable as our mountains; his sense of right and fair dealing as immutable as our solar system. He was one of that great band of men – now alas so few – of whom it may truly be said that our

---

[166] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 263, privaat briewe 1944 (J-S) nos. 1–216 (180), 29/10/1944, W.H. Roberts – J.C. Smuts, pp. 1-2.

[167] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 263, privaat briewe 1944 (J-S) nos. 1–216 (205), 21/10/1944, kol. A.E. Stewart – J.C. Smuts, pp. 1-2.

[168] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 262, privaat briewe 1944 (A-H), nos. 1–215 (88), 23/10/1944, M. Eden – J.C. Smuts, p. 1 .

[169] Aangehaal deur A. van Wyk, 'n Anderste man, *Insig*, Augustus 1998, p. 45.

own Union despite the vicissitudes of time and change, will also retain something of their outstanding character and achievements."[170]

In 1946 is 'n bed in die Charing Cross hospitaal in Londen in Reitz se naam geskenk. Die gedenkplaat oor die bed in die Alexandra-saal is ingehuldig deur sy opvolger as Hoë Kommissaris in Londen, mnr. G.H. Nicholls. In sy toespraak het Nicholls gesê dat Reitz meer aksie in sy romantiese lewe beleef het as die meeste mans van sy generasie, selfs in 'n ras van krygsmanne.[171]

Die huldeblyk wat waarskynlik die meeste vir Reitz sou beteken, was van Jan Smuts vir wie Reitz se dood 'n gevoelige slag was, afkomstig. "The news of the passing of Colonel Reitz comes as a shattering blow to me. His loss is a national one, and will be mourned all over South Africa, which he knew and loved as no other." Smuts het gepraat van sy geliefde vriend en kameraad, 'n getroue maat deur die onaangenaamheid van die lewe waardeur baie min mense gegaan het. "He was true, straight and upright – every inch of him – and he leaves a personal memory which I shall cherish all my days.'"[172] Aan skoutadmiraal R.L. Burnett het Smuts geskryf dat Reitz vir hom soos 'n geliefde seun was en dat sy gevoel van openbare verlies gemeng is met 'n dieper gevoel van persoonlike verlies. Hy beskryf Reitz as 'n galante en uiters onselfsugtige persoon en dat "A great gentleman has gone".[173] Aan adm. sir E. Evans skryf hy: "The old guard of the Transvaal Republic is thinning out and few now remain. They were a wonderful set of fellows and Reitz was one of the youngest and best of them all. We shall not see his like again – and cherish his memory as a personal treasure apart from his national services."[174]

---

[170] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 262, privaat briewe 1944 (A-H), nos. 1–215 (41), 21/10/1944, G. Darrel – J.C. Smuts, p. 1 .

[171] *The Times*, 14/03/1946, Colonel Deneys Reitz. London memorial to a great South African, p. 7.

[172] *The Star*, 19/10/1944, Death of Colonel Reitz. Tribute by Prime Minister, p. 1.

[173] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 264, privaat briewe 1944 (JCS-Z), nos. 1–328 (150), 23/10/1944, J.C. Smuts – R.L. Burnett, p. 1.

[174] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 264, privaat briewe 1944 (JCS-Z), nos. 1–328 (159), 3/11/1944, J.C. Smuts - sir E. Evans, p. 1.

In *The Times* van 21 Oktober 1944 is die koerant se huldeblyk aan Reitz afgesluit met die woorde: “Deneys Reitz is dead – he has crossed that silent trackless desert from which no traveller returns. He has made his last safari, and we shall never look again into those grand blue-sky eyes of his, those eyes that could tell no lies. ....... Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.”[175]

## 9.5 Slotbeskouing

Die laaste paar jaar van Reitz se lewe is gekenmerk deur ‘n volgehoue poging om sy land te dien, ten spyte daarvan dat sy gesondheid stelselmatig versleg het. Sy vroeë dood het hom erkenning gebring uit verskeie oorde, maar veral vanaf buitelanders. Wat opvallend van die huldeblyke aan hom is, is dat sy politieke opponente nie hulle stemme daarby gevoeg het nie. Die feit dat geen huldeblyke van hulle opgespoor kon word nie sou waarskynlik vir Deneys ‘n goeie teken gewees het. Vir hom sou dit beteken het dat hy daarin geslaag het om sy hele lewe lank by sy standpunte te hou en dat sy opponente hulle nooit daarmee sou kon vereenselwig of hom vergewe nie.

[175] SAB, A1, Smuts-versameling, vol. 262, privaat briewe 1944 (A-H), nos. 1–215 (92), 21/10/1944, sir E. Evans – J.C. Smuts, p. 1; *The Times*, 21/10/1944, Colonel Deneys Reitz. An Appreciation, p. 7.

# Hoofstuk 10: Slotbeskouing

In die inleidende hoofstuk van hierdie proefskrif is geïmpliseer dat Deneys Reitz se politieke opponente gepoog het om sy rol in die Suid-Afrikaanse geskiedenis te minimaliseer. As geoordeel word aan die klein hoeveelheid inligting wat oor hom in sekondêre werke opgespoor kon word, kan die gevolgtrekking gemaak word dat dié standpunt korrek is. Die situasie is egter veel meer kompleks as bloot die maak van ‘n gevolgtrekking gebaseer op enkele bronne.

Daar is twee faktore wat saamwerk om elke persoonlikheid te vorm. Die eerste is die kwaliteite wat ons by geboorte ontvang. Die tweede is daardie eksterne omstandighede, gebeurtenisse en kragte wat van die buitewêreld af kom en met ons ingebore kwaliteite vermeng om ons lewens te vorm.[1] Om ‘n ingeligte afleiding te maak oor wie Reitz was, sal daar na Reitz as mens, sowel as na sy werksaamhede as minister en politikus, gekyk moet word. Wat of wie het hom beïnvloed en sy lewensverloop bepaal? Was dit gesetel in die ouerhuis waarin hy grootgeword het, of dalk moontlike vriendskappe, soos dié met Jan Smuts? Die antwoorde op hierdie vrae is nie eenvoudig nie, al mag die indruk bestaan dat hy ‘n relatief ongekompliseerde lewe gelei het.

Van bogenoemde faktore is die eerste waarskynlik die maklikste om te antwoord, veral aangesien sy lewensverloop reeds in die voorafgaande hoofstukke beskryf is. Reitz was ‘n merkwaardige persoon wat slegs een van twee uitwerkings op sy tydgenote gehad het: hulle was of heeltemal deur hom bekoor, of heeltemal afgestoot. Daar was geen tussengrond nie.

As mens het hy ‘n innemende persoonlikheid gehad. Hy was joviaal, onnutsig en ‘n grapjas, ‘n man tussen die manne en ‘n storieverteller soos min. Tereg beskou J. Everard hom as ‘n swerwer en avonturier wat die hart van ‘n leeu met ‘n lukrake en

---

[1] P. Beukes, *The holistic Smuts: A study in personality*, p. 31

ongeneesbare luiheid gekombineer het.[2] Hy was vry van gees en het gedoen wat hy wou wanneer hy wou, volgens getuienis en optrede impulsief, roekeloos, waaghalsig en dapper. Izak Meyer se beskrywing van Reitz as "onbedwingbaar" kan maar net beaam word.[3] Die rolle van prokureur, minister en politikus het hom nie regtig gepas nie. Die dissipline van 'n vaste werk het hom nie aangestaan nie. Hy was nooit gelukkiger as wanneer hy sy kantoorwerk kon los om op nog 'n reis te vertrek nie.

Hy was onverskillig teenoor gevaar, het 'n vinnige humeur gehad en was 'n onverskrokke vegter, ongeag of hy hom op die politieke of oorlogsterrein bevind het. As 'n kind het hy homself in die Anglo-Boereoorlog ingewerp ter verdediging van sy mense. Later het hy homself in Europa bevind. Hy was 'n vegter, maar nie 'n twissoeker nie. Hy het nie sy swaard geswaai en vrees in die harte van die hulpelose ingeboesem nie. Wanneer hy in 'n geveg betrokke geraak het, hetsy polities of militêr, was dit ter verdediging van wat hy geglo het 'n regverdige saak was. Hy het altyd geveg vir vryheid. En nadat hy by 'n geveg betrokke geraak het, sou geen oormag, ontberinge of gevare hom daarvan laat afwyk het nie. In die Anglo-Boereoorlog het hy vir die onafhanklikheid van sy eie mense geveg, in Vlaandere vir die vryheid van ander.[4]

Reitz se uitstaande kenmerk in sy openbare lewe was sy uitgesprokenheid. Hy het die moed gehad om sy eerlike mening uit te spreek, al het dit veroorsaak dat hy populariteit daarvoor ingeboet het. Hy het homself eerstens as 'n Suid-Afrikaner en tweedens as 'n Afrikaner beskou. Hy het nie omgegee van watter etniese of rassegroep sy teenstander was nie, as hy gedink het hy verdien 'n hou, het hy dit uitgedeel. En sy tong kon soos 'n sweep slaan. Hy was egter bereid om net soveel straf te neem as wat hy uitgedeel het.[5]

---

[2] J. Everard, I remember…by Mr. Justice Leslie Blackwell, *The Outspan*, 13/10/1950, p. 75.
[3] J.H. Meyer, *Kommando-jare: 'n Oudstryder se persoonlike relaas van die Tweede Vryheidsoorlog*, p. 334.
[4] *Rand Daily Mail*, 20/10/1944, Death of Col. Deneys Reitz, p. 3.
[5] *Rand Daily Mail*, 20/10/1944, Col. Reitz's romantic career, p. 4.

Wat of wie het Reitz beïnvloed en sy lewensverloop bepaal? Dit is duidelik dat sy vader, die bekende F.W. Reitz, en Jan Smuts die twee persone was wat die grootste invloed op sy lewe gehad het.

Die eerste twintig van Reitz se bestaansjare is grootliks deur sy vader en dié se posisie in die Suid-Afrikaanse samelewing beïnvloed. Deneys was in 'n bevoorregte posisie - Izak Meyer gaan selfs sover as om te sê dat hy "...die guns van die gode geniet het!"[6] Sy vader was aanvanklik die President van die Vrystaat en tydens die Anglo-Boereoorlog die Staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek, beide poste wat Deneys in omstandighede geplaas het waarin weinig ander seuns hulle ooit sou bevind. Hy het gereeld met die bekende en belangrike persone waarmee sy vader geskakel het in kontak gekom. Dit het 'n groot invloed op sy selfbeeld, lewe en benadering tot ander gehad. Hy was vol selfvertroue en het daarom nie geskroom om sy opinie uit te spreek nie. In stryd hiermee het hy hom egter nooit veel aan status, gedragskodes en die fieterjasies wat daarmee gepaardgaan, gesteur nie.

Sy vader was nie alleenlik geseën met baie talente nie, hy was ook deeglik opgelei as 'n skolier en student. Sy talente het hy uitgeleef deur sy skryfwerk en sy skolastiese vermoëns deur homself as prokureur te kwalifiseer - aspekte van sy lewe wat later ook in Deneys s'n sou reflekteer. Deneys het ook die regsberoep as loopbaan gekies en hy het self boeke geskryf en gepubliseer. Met laasgenoemde aktiwiteit het hy baie meer sukses behaal as met eersgenoemde. Veral die publikasie van *Commando* het ongetwyfeld meer tot sy bekendheid bygedra as wat sy prokureursloopbaan ooit gedoen het.

Dit is ook as gevolg van sy huislike omstandighede en sy vader se invloed dat Deneys aan die Britse kultuur blootgestel is waarvoor hy later in sy lewe soveel kritiek sou moes verduur. F.W. Reitz het aan die Inner Temple in Londen gestudeer en die invloede wat hy daar opgedoen het, is saam met hom na Suid-Afrika teruggebring. Die Reitz-gesin het beide Afrikaans en Engels met mekaar gepraat en die Presidensie waarin Reitz groot geword het, het 'n sterk Engelse karakter gehad

6. J.H. Meyer, *Kommando-jare*, p. 334.

– dit was in die Victoriaanse styl ingerig. Hoe die Engelse karakter en atmosfeer van sy ouerhuis op Reitz geïmpakteer het, is blote bespiegeling. As daar egter in ag geneem word dat hy in latere jare met ‘n Engelse vrou getroud is, dat Engels sy vernaamste voertaal geword het en dat sy kinders asook hulle nageslagte in Engels grootgemaak is, was die impak daarvan groot.

Die grootste invloed wat sy vader waarskynlik op hom gehad het, was met die oordra van sekere persoonlikheidstrekke. F.W. Reitz was ‘n onverskrokke yweraar vir die belange van die groep waarmee hy hom geïdentifiseer het. Die drif van ‘n hervormer was in hom te bespeur en wanneer hy oortuig was van die suiwerheid van die beginsels van enige saak, het hy alle opposisie getrotseer. Hy was egter nie sonder gebreke nie. Sy optrede was soms taktloos en nie altyd deurdag nie, met die gevolg dat hy tot aanvegbare insigte gekom of oorhaastige besluite geneem het. Wrywing tussen hom en sy Volksraad het gereeld plaasgevind.[7] Hierdie kenmerke van F.W. Reitz was ook almal by Deneys te bespeur.

F.W. Reitz het ‘n idealistiese voorwaartsstrewende republikeinse beleid gevolg. Hy het onvermoeid gepoog om die verdeeldheid en onderlinge wantroue in die Suid-Afrikaanse state en kolonie te beëindig.[8] Deneys het hierdie visie aanvanklik tot so ‘n mate ondersteun dat hy na afloop van die Anglo-Boereoorlog saam met sy vader geweier het om die eed van getrouheid teenoor Brittanje af te lê. Na ‘n periode van bietjie meer as ‘n jaar in Madagaskar het hy egter na Suid-Afrika teruggekeer en by Jan Smuts en sy familie ingetrek. In dié jare het hy, grootliks vanweë sy vriendskap met Smuts, ‘n handomkeer gemaak ten opsigte van die politieke ideaal wat hy nagevolg het.

Reitz het in 1903 by Jan Smuts aan huis gaan woon en ‘n unieke vriendskap, wat tot en met Reitz se dood 41 jaar later sou strek, het begin - ‘n vriendskap wat met tyd eerder in ‘n tipe van vader-seun verhouding verander het. Smuts en Reitz se persoonlikhede, lewensbenadering en werkwyses was verskillend, maar ten spyte

---

[7] J.C. Moll, Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, 1973, p. 219.
[8] *Ibid*., p. 219.

daarvan was daar wedersydse respek en groot lojaliteit teenoor mekaar. Hulle het egter ook gedeelde belange gehad wat as aanknopingspunte gedien het. Beide van hulle was lief vir die grond en natuur. Hulle het emosionele en intellektuele genot daaruit geput en het graag gaan stap. Hulle het ook 'n gemeenskaplike liefde vir lees en kennis gehad en was altwee ondersoekend van geaardheid.

Smuts het saam met genl. Louis Botha 'n toekomsvisie en beleid daargestel wat gegrond was op die beginsel van versoening. Hulle het gepoog om die Afrikanervolk te beïnvloed om die verlede te vergeet, om die onreg wat hulle aangedoen is te vergewe en die hand van vriendskap en broederliefde na hulle voormalige teenstanders uit te reik. Almal moes saamstreef na 'n beter toekoms vir Afrikaans- en Engelssprekendes, onder 'n eie verantwoordelike regering (selfbestuur) onder Britse soewereiniteit.[9]

Reitz het 'n vurige ondersteuner van Botha en Smuts se visie geraak. Self het hy verklaar: "These two men showed me that only on a basis of burying past quarrels and creating a united people out of the Dutch and English sections of the population, was there any hope for white men in South Africa. I became their devoted follower, and my acceptance of their creed was profoundly to influence my life in years to come."[10]

Deur sy aanhang van Smuts en Botha se beleid het Reitz vir hom 'n moeilike perd opgesaal. Sy ondersteuning van hulle ideologieë het veroorsaak dat hy al hoe verder van sy vader se republikeinse ideaal wegbeweeg het. Hy was nie meer 'n wegbreek-bittereinder nie, maar 'n versoener. Die navolging van dié beleid sou hom in direkte teenstand met sy familie asook ander meer nasionalisties gesinde landsburgers plaas. Dit sou sy lewe en sy politieke loopbaan tot en met sy dood beïnvloed.

---

[9] N.C. Weidemann, Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907 (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP), p. 245.
[10] D. Reitz, *Trekking on*, p. 42.

Was Reitz in hart en siel 'n minister en politikus? Waarskynlik nie. Alhoewel hy op 'n spesifieke pad geloop het en al sy energie daaraan gewy het, bestaan genoegsame aanduidings dat dit nie werklik 'n keuse was wat hy uit vrye wil gemaak het nie. Sy ondersteuning van Botha en Smuts se ideologieë en sy vriendskap met Smuts het hom genoodsaak om Smuts te volg en te doen wat van hom verwag is. Hy het 'n saak gekry waarin hy geglo het en hy sou daarvoor veg, ongeag van die wapentuig waarmee hy moes veg. Aanvanklik het hy met groot ywer geveg, maar soos wat die jare verloop het, het hy al hoe meer afsydig teenoor die Suid-Afrikaanse politieke situasie begin staan. Hy kon nie meer werklik die nut daarvan insien nie en het die bitterheid en kwessies tussen die verskillende wit rasse as onbenulligheede beskou. Die Suid-Afrikaanse politieke situasie het hom wreed ontnugter.

Was hy effektief as minister en politikus? Oor Reitz se bekwaamheid en toewyding as minister en politikus bestaan daar groot meningsverskille. Sy direkte teenstanders het hom gereeld daarvan beskuldig dat hy 'n onbevoegde minister was. Hulle het hom as onverantwoordelik en beledigend beskou en sy kennis oor sake is in twyfel getrek. Volgens hulle het hy nie 'n meevoerende begrip van sake van die dag gehad nie. Die feit dat hy gedurig gereis het, het ook onder kritiek deurgeloop. Selfs van sy eie kollegas het die mening uitgespreek dat hy nie 'n minister moes gewees het nie. Hulle het egter nie direk gesê dat hy onbekwaam is nie. Daar is eerder daarop gesinspeel dat hy die buitelewe en reise bo 'n kantoor verkies het.

In teenstelling met die bogenoemde menings van beide teenstanders en kollegas, was daar 'n groep indiwidue wat gevoel het dat Deneys sy werk goed verrig het. Die ironie van dié siening was dat dit merendeels van buitelanders afkomstig was en verband met die verhouding tussen Suid-Afrika, Brittanje en die Britse Statebond gehou het. Dit moet egter ook in ag geneem word dat Smuts nie vir Reitz, ongeag sy lojaliteit teenoor hom, deur al die jare as minister sou gehou het as hy onbevoeg was nie. Inteendeel, Smuts het hom as uiters waardevol beskou. Reitz se ryk persoonlikheid, sy lojaliteit aan Smuts en sy eerbaarheid was karaktereienskappe wat 'n sterk band tussen hulle tot gevolg gehad het. Reitz het Smuts vir bykans

veertig jaar blindelings gevolg en so 'n tipe van persoonlike lojaliteit het veel meer waarde as goeie administratiewe vermoëns.

Was die aantygings wat teen hom gemaak is, gegrond? As daar objektief na Reitz se loopbaan gekyk word, kom mens tot die gevolgtrekking dat hy niks aardskuddends gedoen het nie, maar dan, behalwe vir die Departement van Naturellesake, was hy nooit minister van 'n departement wat so iets van hom vereis het nie. Dat hy nie iets drasties by die Departement van Naturellesake gedoen het nie, spruit waarskynlik uit die feit dat hy deur die wit inwoners van Suid-Afrika se sienings ten opsigte van swartes beïnvloed is en bloot 'n paternalistiese houding teenoor hulle ingeneem het. Aan die keersy gesien, het hy darem ook nie heeltemal in die niet verdwyn of sy departemente die grond in bestuur nie. Reitz se waarde vir Suid-Afrika het eerder nader aan die einde van sy loopbaan en lewe tot sy reg gekom toe hy Suid-Afrika se saak in die buiteland moes stel en verdedig. Hy was, vanweë sy avontuurlike lewe en deelname aan verskeie oorloë, as 'n "romantiese figuur" gesien – die tipe karakter wat normaalweg net in avontuurverhale voorkom - 'n seldsame wese wat as gevolg van sy verlede en onkonvensionele maniere en metodes sonder weerstand deur die internasionale samelewing aanvaar is.

Vir Smuts was hy 'n standvastige en lojale ondersteuner wat vir meer as twintig jaar lank nooit van sy standpunte afgewyk het nie. Behalwe vir Smuts, het geen ander Suid-Afrikaner so hard gewerk om 'n ferm harmonie tussen die Engelse en Afrikaner elemente in die Unie te behou nie. Vir sy teenstanders was hy 'n ergernis – hy het hulle versondig, getrotseer en geïrriteer. Hy was 'n doring in hulle vlees, 'n wapen wat deeglik deur Smuts benut is om hulle te ontstig.

Is Marius van Blerk se bewering dat daar 'n doelbewuste poging was om Reitz uit die Suid-Afrikaanse geskiedenis te skryf, korrek? Is amper alles wat Reitz gedoen het met die oorname van die regering deur eers genl. J.B.M. Hertzog en later dr. D.F. Malan tot niet gemaak? Geen bewyse kon hiervoor opgespoor word nie. Wanneer Reitz se lewe bestudeer word, ontstaan die gevoel dat hy dit veel verder gebring het as wat hy ooit moes of op eie stoom sou kon. Slegs as gevolg van sy verbintenis met Smuts kon hy enigsins die sporte in die lewe bereik wat hy wel

bereik het. Persoonlikheidsgewys was hy ‘n aangename mens en sy reise en ervaringe het aan hom geloofwaardigheid verskaf, maar hy was nooit ‘n sentrale figuur in die Suid-Afrikaanse geskiedenis nie. ‘n Belangrike rede hiervoor is waarskynlik dat hy die grootste gedeelte van sy lewe en veral die tydperk waar hy by die politiek betrokke was, een van Smuts se luitenante was en gevolglik in dié se skadu beweeg het. Sy eie optrede het hom tot ‘n randfiguur gereduseer. Sy standpunte was in baie gevalle blote navolging van Smuts se idees en Hertzog se woorde dat Reitz net ‘n lakei van Smuts was,[11] is grootliks waar. Hertzog en Malan het nie nodig gehad om hom uit die geskiedenis te skryf nie – sy optredes was nie van genoegsame belang om dit te regverdig nie. Reitz se grootste nalatenskap is die werke wat hy geskryf het en hy sal in die Suid-Afrikaanse geheue eerder as ‘n skrywer as ‘n politikus onthou word.

[11] C.M. van den Heever, *Generaal J.B.M. Hertzog*, p. 565.

# BRONNE

## 1. <u>ARGIVALE BRONNE</u>

### 1.1 ONGEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

### A. *BRENTHURSTBIBLIOTEEK*

| | |
|---|---|
| MS272/1 | Deneys Reitz, Herinneringen van 1899-1902, Volume 1 |
| MS272/2 | Deneys Reitz, Herinneringen van 1899-1902, Volume 2 |
| MS272/4 | Deneys Reitz, Herinneringen van 1899-1902, Volume 4 |
| MS272/5 | Deneys Reitz, Herinneringen van 1899-1902, Volume 5 |
| MS272/6 | Deneys Reitz, Herinneringen van 1899-1902, Volume 6 |
| MS196/1/2/2 | Deneys Reitz, Herinneringen van 1899-1902, Volume 8 |
| MS196/1/2/3 | Deneys Reitz, Herinneringen van 1899-1902, Volume 9 |

### *B. NASIONALE ARGIEF EN REKORDBEHEERDIENS VAN SUID-AFRIKA*

### B.1 *TRANSVAALSE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA (TAB)*

***Regeringsdokumente van die Transvaalkolonie***

*Argief van die Eerste Minister Transvaal, 1907-1910 (PM)*

| | | |
|---|---|---|
| 1/2/237 | 62 (Vol. I), | Empire Parliamentary Association. Propositional Representation Society, 1921-1923. |

*Argief van die Griffier van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Transvaalse Provinsiale Afdeling, 1910-1993 (TPD)*

| | | |
|---|---|---|
| 8/763 | 430/1934 | Ex Parte Application. Deneys Reitz, in his capacity as Minister of Lands, 1934. |
| 8/879 | 73/1938 | Opposed Application. Oslo Land Co. Ltd. versus Deneys Reitz, 1938. |
| 8/879 | 79/1938 | Opposed Application. Daniel Johannes |

| | | |
|---|---|---|
| | | Jacobus Terblanche versus Deneys Reitz, 1938. |
| 8/1014 | 549/1941 | Opposed Application. Moshe Kau and Philip Machele versus Deneys Reitz, 1941. |

*Argief van die Griffier van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Witwatersrand Plaaslike Afdeling, 1902-1986 (WLD)*

| | |
|---|---|
| 520/1930 | Ex Parte Application. James David Low and Deneys Reitz, 1930. |

*Argief van die Hooggeregshof van die ZAR en van die Transvaalkolonie, 1877-1910 (ZTPD)*

| | | |
|---|---|---|
| 8/811 | 902/1906 | Ex Parte application. D. Reitz, 1906. |

*Koloniale Sekretaris Transvaal, 1901-1910 (CS)*

| | | |
|---|---|---|
| 101 | 6364/02 | Application of Reitz to leave for Europe, 1902. |

*Meester van die Hooggeregshof, Pretoria – Boedels, 1873-1976 (MHG)*

| | |
|---|---|
| 5697/44 | Deneys Reitz |
| 6162/52 | Claude Michael Deneys Reitz |

*Argief van die Sekretaris van die Goewerneur van die Transvaal- en die Vrystaatkolonies, 1901-1910 (GOV)*

| | | |
|---|---|---|
| 33 | 1175/02 | Arrival of Reitz sons' in Madagascar, 1902. |
| 595 | 340/01 | Miscellaneous for the month of September 1902. Arrival of Mr. Reitz at Naples. |

*Argief van die Superintendent van Onderwys, 1866-1900 (OD)*

| | | |
|---|---|---|
| 330 | OR14610/99 | Staats Gimnasium. Toelating van Deneys Reitz 1899. |

*WJ Leyds-argief, 1890-1934*

| | |
|---|---|
| 259 | Korrespondensie, ensovoorts. F.W. Reitz en familie, 1890- |

1934.

## B.2 SENTRALE ARGIEFBEWAARPLEK, PRETORIA (SAB)

### i. Regeringsdokumente van die Unie van Suid-Afrika

*Argief van die Direkteur van Bosbou, 1903-1964 (FOR)*

| | | |
|---|---|---|
| 332 | A1054/7/4 | Empire Forestry Conference preparation of papers by officers of Forest Management Division and printing of papers and reports, 1936. |

*Argief van Gesondheid, 1900-1973 (GES)*

| | | |
|---|---|---|
| 1975 | 32/33 | Empire Parliamentary Association Tour, 1924. |

*Argief van die Goewerneur-Generaal, 1905-1974 (GG)*

| | | |
|---|---|---|
| 40 | 1/1619 | Defence. Honorary Rank. Officers of the Imperial Light Horse. The appointment as honorary colonel of the Regiment of Lt.-Col. D. Reitz, retired, 1933. |
| 807 | 13/3505(1) | High Commissioner for the Union in London. Appointment of Col. the Honourable Deneys Reitz High Commissioner for the Union of South Africa in London as from 11th January, 1943, vice Mr. S.F. Waterson. |
| 963 | 19/560A | Governor-General. Reports to Secretary of State. Parliamentary Election Campaign. Press cuttings to 1st February 1921. |
| 963 | 19/583 | Governor-General. Reports to Secretary of State. Parliamentary report for the week ending 24 March 1921. |
| 1106 | 23/453 | Union. Electoral Matters. Notifies his resignation as member for Bloemfontein |

| | | |
|---|---|---|
| | | South, 1920. |
| 1125 | 23/775 | Union of SA Cabinet. Appointments of General J.C.G. Kemp, Col. D. Reitz, 1935. |
| 1176 | 27/702 | Deaths. General. Death in London, of Colonel the Honourable Deneys Reitz on 19th October 1944. |
| 1362 | 40/39 | Membership and rules of Empire Parliamentary Association (South Africa Branch) as at 18th July 1913. |
| 1363 | 40/145 | Parliament: Union. 1st session of 3rd Parliament. Opening ceremony at 3'0 clock. From clerk of the Ex.Co., Pta., 19 February 1920. Buitengewone Staatskoerant van de Unie van Zuid-Afrika, 15 Maart 1920, No. 1033. Goevernements Kennisgeving no. 464. Lede wat verkies is tot Volksraad. |

*Argief van die Uitvoerende Raad, 1910-1984 (URU)*

| | | |
|---|---|---|
| 856 | 2970 | Constitution of Board of Trustees for control and management of Kruger National Park and appointment of members thereof (Senator W.J.C. Brebner and others), 1926. |
| 859 | 3116 | Issue of proclamation bringing National Parks Act, No 56 of 1926, into operation from the 15th September 1926. |
| 881 | 347 | Appointment P. Selby as member National Parks Board of Trustees, 1927. |
| 1250 | 3397 | Reappointment for period of 5 years of Deneys Reitz, MP and W.H. Rood, MP as members of the National Parks Board of Trustees, 1931. |
| 1360 | 1258 | Minuut nr. 1258. Aanstelling van Deneys Reitz as waarnemende Minister van Justisie, |

| | | |
|---|---|---|
| | | 1933. |
| 1465 | 2299 | Appointment of colonel the honourable Deneys Reitz, Minister of Lands as acting Minister of Justice during the absence overseas of the right Honourable, J.C. Smuts, 1934. |
| 1486 | 251 | Appointment of N.C. Havenga and D. Reitz as representatives of the Union Government at discussions with the Government of Southern Rhodesia regarding proposed revision of the Union - Southern Rhodesia customs agreement 1930, 1935. |
| 1524 | 1834 | Appointment of general the right honourable J.C. Smuts to act as Minister of Agriculture and Forrestry during the absence of col. D. Reitz, 1935. |
| 1907 | 3187 | Appointment of col. the hon. D. Reitz and the re-appointment of mr. W.A. Campbell, as members of the Board of Curators in respect of National Parks, 1940 |
| 1936 | 496-559 | Appointment of colonel the hon. Deneys Reitz, Minister of Native Affairs to act as Prime Minister and Minister of External Affairs and of Defence, during the absence of general the right honourable J.C. Smuts, 1941. |
| 1975 | 2357 | Appointment of colonel the hon. Deneys Reitz, Minister of Native Affairs to act as Prime Minister and Minister of External Affairs and of Defence, during the absence of general the right honourable J.C.Smuts, 1941. |
| 2018 | 1173 | Appointment of colonel the hon. Deneys |

| | | |
|---|---|---|
| | | Reitz, Minister of Native Affairs to act as Prime Minister and Minister of External Affairs and of Defence, during the absence of general the right honourable J.C.Smuts, 1942. |
| 2072 | 58 | Appointment of colonel the hon. Deneys Reitz, as High Commisioner for the Union of SA, with effect from the 11th January 1943. |
| 2272-2345, | 2299 | Aanstelling van Deneys Reitz as waarnemende Minister van Justisie, 10/10/1934. |

***ii. Aanwinste***

<u>Korresponsensie</u>

*A1 Genl. J.C. Smuts-versameling*

| | | |
|---|---|---|
| 53 | 1–244 (172) | Korrepondensie, 1935. |
| 102 | CI, no. 28-29, 31, 41, | Korrespondensie, 1902. |
| 187 | 1-146 (76) | Korrespondensie, 1900-1903. |
| 188 | 1-122 (101, 105) | Korrespondensie, 1904-1905. |
| 189 | 1-126 (76A) | Korrespondensie, 1906. |
| 196 | 1-181 (103-104) | Korrespondensie, 1914. |
| 197 | 1-191 (112) | Korrespondensie, 1915. |
| 198 | 1-227 (126) | Korrespondensie, 1916. |
| 202 | 1-414 (54-58) | Korrespondensie, 1917 (P-Y). |
| 204 | 55 | Korrespondensie, 1918 (H-W). |
| 207 | 174A-175, 184 | Korrespondensie, 1920. |
| 208 | 25, 281 | Korrespondensie, 1921. |
| 214 | 107 | Korrespondensie, 1924 (R-W). |
| 216 | 1-255 (131-132) | Korrespondensie, 1925 (F-W). |
| 218 | 1-382 (218) | Korrespondensie, 1925 (JCS-Z). |
| 226 | 1-187 (172) | Korrespondensie, 1929 (H-R). |
| 227 | 1-186 (86) | Korrespondensie, 1929 (S-Y). |
| 235 | 1-218 (177) | Korrespondensie, 1933. |

| | | |
|---|---|---|
| 238 | 1-244 (131,172) | Korrespondensie, 1935. |
| 243 | 1-280 (24, 46, 78, 104) | Korrespondensie, 1938 (N-W). |
| 245 | 1-220 (206) | Korrespondensie, 1939 (H-R). |
| 246 | 1-290 (232, 235, 277) | Korrespondensie, 1939 (S-W). |
| 257 | 167-334 (262) | Korrespondensie, 1942 (N-Z). |
| 259 | 1-213 (28) | Korrespondensie, 1943 (H-P). |
| 261 | 155-318 (161, 169, 200) | Korrespondensie, 1943 (R-Z). |
| 262 | 1-215 (19, 22, 32, 41, 88, 92, 106, 113, 211) | Korrespondensie, 1944 (A-H). |
| 263 | 1-216 (68, 97, 166-173, 180, 200, 205) | Korrespondensie, 1944 (J-S). |
| 264 | 1-328 (77, 150, 159) | Korrespondensie, 1944 (JCS-Z). |
| 280 | 1-216 (79) | Korrespondensie, 1949 (A-G). |
| 284 | 1-246 (4) | Korrespondensie, 1950 (A-G). |
| 288 | 118 | Korrespondensie, addisionele volume, 1950. |
| 315 | | D. Reitz, Uittreksel uit onze tocht door de Kaap Kolonie in het jaar 1901, 1906. |

*A202 Zuid-Afrikaanse Partij*

Notule van die Sewende Provinsiale Kongres van die Suid-Afrikaanse Party, 25-26 September 1923.

## *C. NASIONALE ARGIEF VAN DIE VERENIGDE KONINKRYK (VOORHEEN DIE PUBLIC RECORDS OFFICE)*

*Foreign Office (FO)*

| | | |
|---|---|---|
| 1022 | FO371/22711 | Visit to the Argentine. Col. the Hon. Deneys Reitz, 1939. |

*War Office (WO)*

| | | |
|---|---|---|
| 637 | 374/56917<br>231186 | Reitz, Major D., 1917-1919. |

**D.** ***SUID-AFRIKAANSE KRYGSHISTORIESE MUSEUM***

| | |
|---|---|
| 920 | Reitz, Deneys |

**E.** ***SUID-AFRIKAANSE NASIONALE WEERMAG DOKUMENTASIEDIENS***

*Adjudant General, 1914-1921 (AG)*

| | | |
|---|---|---|
| 511 | A455/2 | Third Infantry Brigade. Visits. Commander-in-Chief and Honorary Colonels. Imperial Light Horse, 1933. |

*Adjudant General Group 3, 1914-1921 (AG)*

| | | |
|---|---|---|
| 249 | 154/127 | Lenz Magazine, 1941. |
| 375 | 154/210/8 | Ceremonial. Visit of Senior Officers to Training Centres. Informal visit to Eshowe by colonel Deneys Reitz, 1942. |

*Chief of General Staff Group 2 (CGS)*

| | | |
|---|---|---|
| 90 | G153/5 | A.C.F Units. R.H. and Transvaal Command (old no. 8 military district). Imperial Light Horse, 1940. |
| 241 | 389/28/5 | Questions asked in Parliament. Potchefstroom - Vaalrivier Commandos by Col. Reitz, 1928. |

*Diverse Groep 1*

| | | |
|---|---|---|
| | OR3/3693 | Reitz, D. Major |
| | P1/6319/1 | Reitz, D.<br>Treason trail Orange Free State. |

*Secretary for Defence Group 2 (DC)*

| | | |
|---|---|---|
| 553 | 55245, vol. 2 | Questions asked in the house – Session 1925. |

*Provost Marshall (KKPMK)*

| | | |
|---|---|---|
| 30 | PM727 | Magistrate Heilbron, 1914. |
| 139 | PM4520 | Surrendered rebels at Heilbron. Magistrate return, 1915. |

## E. *UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD*

*Ballinger Papers*

| | | |
|---|---|---|
| BC347 | D71/95 | Correspondence of Deneys Reitz, 1930. |

*Finch Collection*

| | | |
|---|---|---|
| BC1019 | D1.2 | Rhodes described by Col. Deneys Reitz, 1935. |

*The Cecil J. Sibbett Papers*

| | | |
|---|---|---|
| BC50 | C40.1-3 | Correspondence of Deneys Reitz, 1934-1935. |

## F. *UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA*

*Suid-Afrikaanse Party-versameling*

S.A.P., Central Head Office Congresses, 1923-1930.

## G. *UNIVERSITEIT VAN DIE WITWATERSRAND*

| | |
|---|---|
| A410, B1 | Ballinger, M. Lectures, reports, articles and notes. |
| A1297 | SA Union Ministry of Defence Records, 1940-1941. |
| A1523 | Reitz, Deneys, 1882-1944 (Writer and statesman), Correspondence, 1942. |
| AD843/RJ/D7 | World War II: Native Military Corps, 1940. |

## H. *VRYSTAATSE ARGIEFBEWAARPLEK (VAB)*

### *i. Regeringsdokumente van die Vrystaatkolonie*

*Argief van die Prokureur Generaal, 1902 - 1912 (ATG)*

| | | |
|---|---|---|
| 12 | 1125/10 | Government Appraisers. (1) Appointment of Deneys Reitz, Heilbron. (2) Cancellation of appointments of O.M.B. Fischer and J.G. Luyt, 1910. |
| 17 | 2648/10 | Justice of the Peace. Application appointment as - Deneys Reitz, 1910. |

*Argief van die Koloniale Sekretaris van die Oranje Rivier Kolonie, 1901 - 1911 (CO)*

| | | |
|---|---|---|
| 513 | 30/114 | Alienation municipal Heilbron sanction to lease of 2 morgen of town commonage to Mr. D. Reitz, requested, 1909-1910. |

*Argief van die Griffier van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling, 1849 - (HG)*

| | | |
|---|---|---|
| 4/2/1/1/21 | 286/1909 | Civil records. Trials and applications. Petition re admission as Conveyancer. Deneys Reitz, 1909. |
| 4/2/1/1/144 | 275/1917 | Civil records. Trials and applications. Deneys Reitz versus John Montgomerie, 1917. |
| 4/2/1/1/48 | 408/1911 | Civil records. Trials and applications. Christoffel Bernardus Erasmus versus Deneys Reitz, 1911. |
| 4/2/1/1/48 | 426/1911 | Civil records. Trials and applications. Deneys Reitz versus Gert Coenraad de Beer, 1911. |

*Argief van die Griffier van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling, Protokolle, 1855 - (PRT)*

R5/1 D. Reitz. Protokolregister, 1907–1916.

R5/2 D Reitz. Protokol, 1907–1910.

***ii. Aanwinste***

*A75, Regter Melius de Villiers-versameling*

D. Reitz - Regter M. de Villiers, 28 November 1929.

## 1.2. GEPUBLISEERDE ARGIVALE BRONNE

### 1.2.1 *Regeringspublikasies*

| | |
|---|---|
| CD.7348 | Union of South Africa. Correspondence relating to the recent strike in South Africa. |
| S.P.140 | Offisiële jaarboek van die Unie en van Basoetoeland, Betsjoeanaland-protektoraat en Swaziland, no. 22, 1941. |
| SRP8/5 | *Official year book of the Union of South Africa and of Basutoland, Bechuanaland Protectorate, and Swaziland. Statistics mainly for the period 1910-1924,* no. 7. |
| U.G. 42-'16 | Rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandigheden met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika. Notulen van getuigenis. |
| U.G. 46-'16 | Rapport van de rechterlike kommissie van onderzoek naar de oorzaken van en omstandighede met betrekking tot de recente rebellie in Zuid-Afrika. |
| ZAR 33 | *De Locale Wetten en Volksraadsbesluiten der Zuid-Afrikaansche Republiek. Benevens de belangrijke Gouvernements-kennisgevingen en Proclamaties van ZHed. den Staatspresident gedurende het jaar 1898.* Wet no. 20, 1898, voor den Krijgsdienst in de Zuid-Afrikaansche Republiek, Pretoria, 1898. |

### *1.2.2 Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Volksraad*

| | |
|---|---|
| SRP1/3/10/4 | Debates of the House of Assembly of the Union of SA as reported in the Cape Times, 20 November 1915 to 25 June 1923, *Cape Times*, 8 April 1922. |
| SRP1/3/16 | Second Session, Fifth Parliament, 13th February to 25th July 1925, vol. 4 (16th April to 11th June 1925). |
| SRP1/3/18 | Second Session, Fifth Parliament, 13th February 1925 to 25th July 1925, vol. 5 (12 June to 25 July 1925). |
| SRP1/3/19 | Third Session, Fifth Parliament, 22th January 1926 to 1th April 1926, 29 January 1926. |
| SRP 1/3/20 | Third Session, Fifth Parliament, 12th April 1926 to 8th June 1926, 1 June 1926. |
| SRP1/3/24 | Vierde Sitting - Vyfde Parlement, 28 Januarie tot 29 Junie 1927, vol. 8 (28 Januarie tot 14 April 1927). |
| SRP1/3/25 | Fourth Session, Fifth Parliament, 28 January to 29th June 1927, vol. 9 (25th April to 29th June 1927). |
| SRP1/3/26 | Fifth Session, Fifth Parliament, 14th October 1927 to 1st June 1928, vol. 10 (14th October 1927 to 3rd April 1928). |
| SRP1/3/28 | Sixth Session, Fifth Parliament, 25th January to 27th March 1929, vol. 12. |
| SRP1/3/33 | Third Session, Sixth Parliament, 30th January to 6th June 1931, vol. 17 (13th April to 6th June 1931). |
| SRP1/3/35 | Fourth Session – Sixth Parliament, 18 November 1931 to 27 May 1932, vol. 19 (5th April to 27 May 1932). |
| SRP1/3/38 | Eerste Sitting – Sewende Parlement, 26 Mei tot 22 Junie 1933, deel 21. |
| SRP1/3/41 | Tweede Sitting – Sewende Parlement, 26 Januarie tot 4 Junie 1934, deel 22 (26 Januarie tot 20 April 1934). |
| SRP1/3/46 | Derde Sitting – Sewende Parlement, 11 Januarie tot 4 Mei 1935, deel 24 (11 Januarie tot 15 Maart 1935). |
| SRP1/3/49 | Derde Sitting – Sewende Parlement, 11 Januarie tot 4 Mei 1935, deel 25 (18 Maart tot 4 Mei 1935). |
| SRP1/3/55 | Fifth Session – Seventh Parliament, 8th January to 17 |

| | |
|---|---|
| | May 1937, vol. 28. |
| SRP1/3/58 | Sesde Sitting – Sewende Parlement, 11 Februarie tot 16 Maart 1938, deel 31. |
| SRP1/3/60 | Eerste Sitting – Agste Parlement, 22 Julie tot 24 September 1938, deel 32. |
| SRP1/3/70 | Vierde Sitting – Agste Parlement, 4 Maart tot 12 April 1940, deel 38. |
| SRP1/3/72 | Vierde Sitting – Agste Parlement, 15 April tot 14 Mei 1940, deel 39. |
| SRP1/3/74 | Vyfde Sitting – Agste Parlement, 24 Augustus tot 14 September 1940, deel 40. |
| SRP1/3/78 | Vyfde Sitting – Agste Parlement, 24 Augustus tot 14 September 1940 en 27 Januarie tot 6 Mei 1941, deel 42. |
| SRP1/3/81 | Sixth Session – Eight Parliament, 12th January to 18th April 1942, vol. 44. |

## 2. LITERATUUR

ANONIEM, General staff, Defence Headquarters, Pretoria, *The Union of South Africa and the great war 1914-1918. Official History* (Pretoria, 1924).

ANONIEM, *Grey-Kollege: 'n Suid-Afrikaanse Skool* (Kaapstad, 1950).

AMERY, L.S. (red.), *The Times History of the War in South Africa 1899 – 1902*, *V* (Londen, 1909).

AUCAMP, G. (red.), Suid-Afrikaanse heldegallery: Gedenkboek van figure in ons geskiedenis wat deur hul heldedade, baanbrekerswerk en self-opoffering in dankbare herinnering behoort te bly (Kaapstad, 1947).

BARBER, J., *South Africa in the Twentieth Century: A political history – In search of a nation state* (Oxford, 1999).

BARNARD, C.J., *Generaal Louis Botha op die Natalse front 1899-1900* (Kaapstad, 1970).

BARNARD, S.L. en Marais, A.H., *Die Verenigde Party: Die groot eksperiment* (Durban, 1982).

BATCHELOR, J. (red.), *The art of literary biography* (Oxford, 1995).

BEUKES, P., *The holistic Smuts: A study in personality* (Kaapstad, 1989).

BEYERS, C.J. (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek IV* (Pretoria, 1981).

BEYERS, C.J. (hoofred.) en BASSON, J.L. (red.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek V* (Pretoria, 1987).

BIRKBY, C., *Thirstland Treks* (Londen, 1936).

BLACKWELL, L., *Blackwell remembers: The memoirs of the Hon. Leslie Blackwell, Q.C., M.C.* (Kaapstad, 1971).

BLOK, D.P., *Algemene Geschiedenis der Nederlanden. 13 Nieuwste tijd. Nederland en België 1840-1914. Tweede helft* (Haarlem, 1978).

BOSCH REITZ, N.A. en VAN KRETSCHMAR, F.G.L.O., *The Bosch Reitz Genealogy c.1510-1991* (Melbourne, 1992).

BOTES, S.M., Van residensie tot Presidensie: ‘n Kultuurhistoriese studie van ampswonings in Bloemfontein 1846-1900 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 1993).

BOYDELL, T., *My luck was in: With spotlights on general Smuts* (Kaapstad, 1947).

BREYTENBACH, J.H., *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, I: Die Boere-Offensief Okt. – Nov. 1899* (Pretoria, 1969).

BREYTENBACH, J.H., *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, II: Die Eerste Britse Offensief Nov. – Des. 1899* (Pretoria, 1971).

BREYTENBACH, J.H., *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, III: Die Stryd in Natal Jan. – Febr. 1900* (Pretoria, 1973).

BREYTENBACH, J.H., *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, V: Die Britse opmars tot in Pretoria* (Pretoria, 1983).

BREYTENBACH, J.H., *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika 1899-1902, VI: Die beleg van Mafeking tot met die slag van Bergendal* (Pretoria, 1996).

BREYTENBACH, J.H., *Kommandant Danie Theron: Baasverkenner van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, 1950).

BRITS, J.P., *Tielman Roos – political prophet or opportunist?* (Pretoria, 1987).

BRITS, J.P., *Tielman Roos: Sy rol in die Suid-Afrikaanse politiek* 1907-1935 (Pretoria, 1979).

BRITZ, J.J., Generaal S.G. (Manie) Maritz se aandeel aan die rebellie van 1914-1915 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 1979).

BROWN, J., *The thirsty land* (Londen, 1954).

BROWN, J.A., *They fought for king and Kaiser: South Africans in German East Africa 1916* (Johannesburg, 1991).

BRYCE, J., *Impressions of South Africa* (Londen, 1899).

BURKE, P., *The siege of O'Okiep: Guerrilla campaign in the Anglo-Boer War* (Bloemfontein, 1995).

CAMERON, T. (red.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, 1986).

CARRUTHERS, E.J., Game protection in the Transvaal 1846 to 1926, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis,* Jaargang 58 (Pretoria, 1995).

CARRUTHERS, J., *The Kruger National Park: A social and political history* (Pietermaritzburg, 1995).

CHANGUION, L.J.S., Die verhuising van Boere na Oos-Afrika (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 1975).

COLLYER, J.J., *The South Africans with general Smuts in German East Africa 1916* (Pretoria, 1939).

CROWE, J.H.V., *General Smuts' campaign in East Africa* (London, 1918).

DAVENPORT, T.R.H., *South Africa: A modern history* (Johannesburg, 1987).

DE KOCK, W.J., *Jacob de Villiers Roos 1869-1940: Lewenskets van 'n veelsydige Afrikaner (Kaapstad, 1958).*

DE KOCK, W.J. (hoofred.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek I* (Kaapstad, 1968).

DE KOCK, W.J. en KRÜGER. D.W. (reds.), *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek II* (Goodwood, 1972).

DU PREEZ, S.J., Die vrede van Vereeniging (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP, 1986).

EGELAND, L., *Bridges of understanding: A personal record in teaching, law, politics and diplomacy* (Kaapstad, 1977).

ELLIS, J., Eye-deep in hell (Londen, 1976).

FARWELL, B., The great Boer War (Hertfordshire, 1999).

FARWELL, B., *The great war in Africa, 1914-1918* (New York, 1986).

FISHER, J., *The Afrikaners* (Londen, 1969).

FONTAINE, P., *Whales and seals: Biology and ecology* (Atglen, 2007).

FOURIE, B., *Brandpunte. Agter die skerms met Suid-Afrika se bekendste diplomaat* (Kaapstad, 1991).

FOURIE, L.M., Die Militêre loopbaan van Manie Maritz tot aan die einde van die Anglo Boere-oorlog (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, PUCHO, 1975).

GEEN, M.S., *The making of South Africa* (Kaapstad, 1958).

GENIS, G., Recruitment for 1 South African Infantry Brigade for Europe during the First World War (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA, 2000).

GEYSER, O. en MARAIS, A.H. (red.), *Die Nasionale Party I: Agtergrond, stigting en konsolidasie* (Pretoria, 1975).

GILBERT, M., *First World War* (London, 1994).

GILIOMEE, H. en MBENGA, B. (red.), *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika* (Kaapstad, 2007).

GILIOMEE, H., *The Afrikaners: Biography of a people* (Kaapstad, 2003).

GROBBELAAR, P.W. (red.), *Die Afrikaner en sy kultuur, V: Afrikaners in die vreemde* (Kaapstad, 1976).

GRUNDLINGH, A.M., *Die "hendsoppers" en "joiners": Die rasionaal en verskynsel van verraad* (Pretoria, 1977).

HANCOCK, W.K. en VAN DER POEL, J., *Selections from the Smuts Papers, II, June 1902-May 1910* (Cambridge, 1966).

HANCOCK, W.K., *Smuts: The sanguine years 1870–1919* (Londen, 1962).

HAWTHORNE, P. en BRISTOW, B., *Historic Schools of South Africa: An ethos of excellence* (Kaapstad, 1993).

HENDRIKS, P.G., *Gewapende protes* (Morgenzon, 1989).

HESELTINE, N., *Madagascar* (London, 1971).

KANNEMEYER, J.C., *Leipoldt: 'n Lewensverhaal* (Kaapstad, 1999).

KEEGAN, J., *The First World War* (London, 1998).

KEENE, J., *South Africa in World War II: A pictorial history* (Kaapstad, 1995).

KOTZÉ, G.J.*, 'n Kort bespreking van die Anglo-Boereoorlog in Namakwaland met spesiale verwysing na gebeure op sekere plekke in die gebied* (Springbok, 1998).

KRÜGER, D.W., *South African parties and policies 1910-1960: A select source book* (Kaapstad, 1960).

KRÜGER, D.W., *The making of a nation: A history of the Union of South Africa 1910-1961* (Johannesburg, 1969).

LACOUR-GAYET, R., *A history of South Africa* (Londen, 1977).

LAMB, D., *The Republican presidents II,* (Johannesburg, 1976).

L'ANGE, G., *Urgent Imperial Service: South African forces in German South West Africa 1914-1915* (Rivonia, 1991).

LE ROUX, J.H. en COETZER, P.W. (red.), *Die Nasionale Party 2: Die eerste bewindsjare 1924-1934*, I (Bloemfontein, 1980).

LE ROUX, J.H. en COETZER, P.W. (red.), *Die Nasionale Party 3: Die eerste bewindsjare 1924-1934, II* (Bloemfontein, 1982).

LE ROUX, J.H. en COETZER, P.W. (red.), *Die Nasionale Party 4: Die "Gesuiwerde" Nasionale Party, 1934-1940* (Bloemfontein, 1986).

LEWSEN, P. (red.), *Voices of protest: from segregation to apartheid 1938-1948* (Craighall, 1988).

LIGTHELM, H.H., Generaal J.C.G. Kemp se rol in die rebellie van 1914-15 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 1979).

LLOYD, A., *The war in the trenches* (Londen, 1976).

LUTHULI, A.J., *Let my people go: an autobiography* (Glascow, 1962).

MACDONALD, T., *Ouma Smuts: The first lady of South Africa* (Londen, 1955).

MALAN, S.F., *Politieke strominge onder die Afrikaners van die Vrystaatse Republiek* (Pretoria, 1982).

MARITZ, M., *My lewe en strewe* (Pretoria, 2001).

MARSHALL, S.L.A., *World War I* (Boston, 1987).

MARTIN, H.J. en ORPEN, N.D., South Africa at war: Military and Industrial organisation and operations in connection with the conduct of the war, 1939-1945, *South African forces World War II, vol. VII* (Kaapstad, 1979).

MCCLEOD, A.J., The psychological impact of guerrilla warfare on the Boer forces during the Anglo-Boer War (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP, 2004).

MEINTJES, J., *De la Rey – Lion of the West: A biography* (Johannesburg, 1966).

MEINTJES, J., *General Louis Botha: A biography* (Londen, 1970).

MEIJER, J.W., *Generaal Ben Viljoen 1868-1917* (Menlopark, 2000).

MERVIS, J., *South Africa in World War II* (1989).

MEYER, J.H., *Kommando-jare: 'n Oudstryder se persoonlike relaas van die Tweede Vryheidsoorlog* (Kaapstad, 1971).

MOLL, J.C., Francis William Reitz en die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Jaargang 36, (Pretoria, 1978).

MOUTON, F.A., Die politieke loopbaan van Margaret Ballinger (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP, 1990).

MULLER, C.F.J. (red.), *Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse Geskiedenis* (Pretoria, 1968).

NADEL, I.B., *Biography: Fiction, fact and form* (Londen, 1984).

NAUDÉ, J.F., *Veg en vlug van Beyers en Kemp* (Pretoria, 1998).

NEAME, L.E., *Some South African Politicians* (Kaapstad, 1929).

NEL, E., *Die Kaapse rebelle van die Hantam-Karoo tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Pretoria, 2003).

NICHOLLS, G.H., *South Africa in my time* (Londen, 1961).

NIENABER, P.J., en LE ROUX, C.J.P., *Vrystaat-Fokus* (Pretoria, 1982)

NÖTHLING, C.J., *Suid-Afrika in die Eerste Wêreldoorlog 1914–1918* (Silverton, 1994).

OBERHOLSTER, A.G., *Die mynwerkerstaking: Witwatersrand, 1922* (Pretoria, 1982).

OOST, H., *Wie is die skuldiges?* (Johannesburg, 1958).

PAKENHAM, T., *The Boer War* (Johannesburg, 1979).

PATON, A., *Hofmeyr* (Kaapstad, 1964).

PELSER, A.C., Die literêre biografie – 'n terreinverkenning (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 2001).

PIENAAR, S., *South Africa and International relations between the two world wars: The League of Nations dimension* (Johannesburg, 1987).

PIETERSEN, S.J., Stakings aan die Witwatersrand 1913-1914 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UP, 1970).

POTGIETER, D.J. (hoofred.), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa* IX (Kaapstad, 1973).

PRETORIUS, F., *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Kaapstad, 1985).

PRETORIUS, F., *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Johannesburg, 1991).

REITZ, C.H., *The Reitz family: An annotated bibliography* (Universiteit van Kaapstad, 1964).

REITZ, C.H., *Blood of my Ancestors* (Ontario, 1994).

REITZ, D., *Commando: A Boer journal of the Boer war* (Londen, 1929).

REITZ, D., *No outspan* (Londen, 1942).

REITZ, D., *Trekking on* (Londen, 1933).

REITZ, F.W., *Oorlogs en andere gedichten* (Bloemfontein, 1910).

REITZ, F.W., *F. W. Reitz - outobiografie: met sy twee en sestig uitgesogte Afrikaanse gedigte* (Kaapstad, 1978).

REITZ, H., *The conversion of a South African Nationalist* (Kaapstad, 1946).

RHOODIE, D.O., *Suid-Afrika: van koloniale onderhorigheid tot soewereine onafhanklikheid* (Johannesburg, 1974).

ROBERTS, B., *Biographical research* (Buckingham, 2002).

ROUSSEAU, L., *Die Groot verlange: Die verhaal van Eugène N. Marais* (Pretoria, 1974).

SAKER, H. *The South African flag controversy 1925-1928* (Kaapstad, 1980).

SAMSON, A., *Britain, South Africa and the East Africa Campaign 1914-1918: The Union comes of age* (London, 2006).

SCHOEMAN, A., *Skeleton Coast* (Johannesburg, 1984).

SCHOEMAN, B.M., *Parlementêre verkiesings in Suid-Afrika 1910-1976* (Pretoria, 1977).

SCHOEMAN, K., *Bloemfontein: Die ontstaan van 'n stad 1846-1946* (Kaapstad, 1980).

SCHOEMAN, K., *Only an anguish to live here: Olive Schreiner and the Anglo-Boer War 1899-1902* (Kaapstad, 1992).

SCHOLTZ, G.D., *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VI, 1910-1924* (Johannesburg, 1979).

SCHOLTZ, G.D., *Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner VII, 1924-1939* (Johannesburg, 1979).

SCHOLTZ, G.D., *Dr. Nicolaas Johannes van der Merwe 1888-1940* (Pretoria, 1944).

SCHOLTZ, G.D., *Die Rebellie 1914-1915* (Johannesburg, 1942).

SCHOLTZ, G.D., *Generaal Christiaan Frederik Beyers 1869-1914* (Pretoria, 1941).

SHEARING, T. en D., *General Smuts and his long ride* (Sedgefield, 2000).

SIMPSON, J.S.M., *South Africa Fights* (London, 1941).

SMUTS, J.C., *Jan Christaan Smuts* (Kaapstad, 1952).

SPENCELEY, G., *The search for security: A modern world history* (Melbourne, 1988).

STEVENSON-HAMILTON, J., *South African Eden: From Sabi Game Reserve to Kruger National Park* (Londen, 1937).

STEVENSON-HAMILTON, J., *The Low-veld: Its wild life and its people* (Londen, 1929).

STEVENSON-HAMILTON, J., *Wild life in South Africa* (Londen, 1947).

STRACHAN, H.E.W., *The First World War in Africa* (Oxford, 2004).

STRYDOM, S.L., Die rebellie van 1914 en die Nederduitsch Hervormde Kerk, (Ongepubliseerde B.D., UP, 1987).

TAITZ, J. (red.), The war memoirs of commandant Ludwig Krause 1899–1900, *Van Riebeeck Society Second Series no. 26* (Kaapstad, 1995).

THERON, B., *Pretoria at War 1899–1900 (*Pretoria, 2000).

THOMPSON, L.M., *The unification of South Africa, 1902-1910* (Pretoria, 1960).

TROUP, F., *South Africa: An historical introduction* (Londen, 1972).

TWAIN, M., *The adventures of Tom Sawyer* (1876).

VAN ASWEGEN, H.J., Die verhouding tussen Blank en Nie-Blank in die Oranje-Vrystaat, 1854-1902, *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis*, Jaargang 34, deel I (Pretoria, 1977).

VAN DEN HEEVER, C.M., *Generaal J.B.M. Hertzog* (Johannesburg, 1943).

VAN DER WESTHUIZEN, L.J., Die neutraliteitsvraagstuk as verdelingsfaktor in die Suid-Afrikaanse politiek (1933-1940), met besondere verwysing na die rol van genl. J.B.M. Hertzog (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UOVS, 1984).

VAN MEURS, M.H., *J.C. Smuts: Staatsman, holist, generaal* (Amsterdam, 1997).

VAN ONSELEN, C., *The fox and the flies. The criminal empire of the Whitechapel murderer* (Londen, 2007).

VAN SCHOOR, M.C.E., Dr. Johannes Brill as onderwysfiguur in die Oranje-Vrystaat, 1873-1907 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, UNISA, 1949).

VAN SCHOOR, M.C.E., *Generaal J.C.G. Kemp en die epiese woestyntog* (Pretoria, 2006).

WALLIS, J.P.R., *Fitz. The story of sir Percy Fitzpatrick* (New York, 1955).

WALKER, E.A., *A history of South Africa* (Cambridge, 1939).

WEIDEMANN, N.C., Die politieke naweë van die Anglo-Boereoorlog in Transvaal tot 1907 (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, UP, 1955).

## 3. TYDSKRIFARTIKELS

ANC, African's claims in South Africa, *Congress Series no. II*.

ANONIEM, Annual S.A.P. tribute to a great South African, *South African Party Bulletin*, October 1928.

ANONIEM, Deneys Reitz the soldier. Part II – The Great War, *Indaba,* vol. XXVII, nr. 305, Januarie 1972.

ANONIEM, In memory of colonel Deneys Reitz, *The African World*, 28 October 1944.

ANONIEM, The Empire Parliamentary Delegates. Colonel the Hon. Deneys Reitz on the Native problem, *United Empire. The Journal of the Royal Empire Association*, vol. XXVI, nr. 8, Augustus 1935.

ANONIEM, The German East Africa Campaign - 1914-1918, *Military History Journal,* vol. 6, nr. 6. (Soos verkry vanaf http://rapidttp.com/milhist/vol066ed.html.)

ANONIEM, Tributes to late High Commissioner, *The African World*, 28 October 1944.

ANONIEM, Verwaarloosde graf van presidentseun, *Die Huisgenoot*, 10 April 1959.

BIRKBY, C., An Outspan 'Outline' of a private secretary, *The Outspan*, 22 Desember 1950.

BLIGNAULT, D., Twee grafte bo-op berge, *Die Huisgenoot*, 29 Julie 1957.

BOTES, S.M., Die derde Presidensie, Bloemfontein, gedurende die verblyf van president F.W. Reitz, 1889-1895, *Navorsinge van die Nasionale Museum Bloemfontein*, volume 15, deel 4, Desember 1999.

BOTES, S.M., Sosiale lewe in Bloemfontein se derde Presidensie 1886-1900, *Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis*, vol. 12, nr. 1, Mei 1998

BROOKES, E., African Mental Ability, *African Affairs*, vol. 43, nr. 173, October 1944.

BROWNLEE, F., Kalahari Irrigation, *Journal of the Royal African Society*, vol. 38, nr. 150, Januarie 1939.

BUCHANAN-GOULD, V., Jack Reitz, *The Outspan*, 15 Desember 1950.

DU PLESSIS, J.S., Enkele gedagtes oor die betekenis van die Vrede van Vereeniging, *Historia,* Jaargang 7, nr. 1, Maart 1962.

DUTTON, P., Ndumu is sick and needs help, *African Wildlife*, vol. 57, nr. 2, Herfs 2003.

EVERARD, J., I remember…by Mr Justice Leslie Blackwell, *The Outspan*, 13 Oktober 1950.

GRUNDLINGH, A., The King's Afrikaners? Enlistment and Ethnic Identity in the Union of South Africa's Defence Force during the Second World War, 1939-45, *The Journal of African History*, vol. 40, nr. 3, 1999.

MARAIS, A.H., Aspekte van die 1915-verkiesing, *Suid-Afrikaanse Historiese Joernaal*, nr. 5, November 1973.

MOLL, J., F.W. Reitz se bestaanskrisis in Nederland as onversetlike Boereleier en sy terugkeer na Suid-Afrika, *Historia*, vol. 41, nr. 2, November 1996.

OLIVIER, W., The Commonwealth Plantation, *Commonwealth Forestry News*, nr. 14, September 2001.

PATERSON, H., First Allied Victory. The South African campaign in German South-West Africa, 1914-1915, *Military History Journal*, vol. 13 nr. 2.

PRETORIUS, F., "Deze vergadering… beschouwt, dat onder de omstandigheden het volk niet gerechtvaardigd is, met den oorlog voort te gaan…" 'n Ontleding van die redes waarom die Boere-afgevaardigdes by

Vereeniging op 31 Mei 1902 die Britse vredesvoorwaardes aanvaar het. Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902: ‘n Herwaardering, *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis*, 27(2), Mei 2002.

REITZ, J.F., The Reitz family in South Africa, *Africana Aantekeninge en Nuus*, deel 23, nr. 3, September 1978.

VAN DIE REDAKSIE, Our late president, *Die Tydskryf van die Suid-Afrikaanse Bosbouvereniging,* nr. 12, Desember 1944.

VAN HEERDEN, J.J., In Memoriam. Francis William Reitz (M.R.C.S. (Eng), L.R.C.P. (Londen), *Suid-Afrikaanse Mediese Tydskrif*, 1 Mei 1976.

VAN WYK, A., 'n Anderste man, *Insig*, Augustus 1998.

## 4. KOERANTE

*Die Burger*, 22 November 1923 – 12 September 1942.

*Die Suiderstem*, 7 September 1942 – 24 Desember 1942.

*Die Volksblad*, 5 Maart 1935.

*Globe and Mail,* 6 September 1939 – 20 Oktober 1944.

*Hamilton Spectator,* 26 Oktober 1939 – 23 Desember 1939.

*Pretoria News*, 20 Oktober 1944.

*Rand Daily Mail*, 14 Maart 1921 – 20 Oktober 1944.

*Sunday Times*, 6 September 1942.

*The Bantu World*, 29 November 1941.

*The Cape Argus*, 17 Junie 1925 – 04 Januarie 2000.

*The Cape Times*, 20 November 1915 – 21 Maart 1934.

*The Star*, 11 September 1926 – 19 Oktober 1944.

*The Times*, 6 Julie 1935 – 2 September 1952.

## 5. PAMFLETTE

CUNNINGHAM, A., Deneys and Leila Reitz, *Parktown and Westcliff Heritage Trust*, No. 27, September 1989.

VENTER, I.S.J., Die Bloemfonteinse Bewaarskool, 1874-1900: Die eerste staatsondersteunde kindertuin in die Republiek van die Oranje-Vrystaat, *Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika*, C.38, 1962.

## 6. PERSOONLIKE MEDEDELINGE

Michael en Helen Reitz, Klein Constantiastraat 29, Constantia, 02 Mei 2005.

## 7. INTERNET WEBWERWE

*About South Africa*
http://about-south-africa.com/html/bloemfontein.html.

*ANC*
http://www.anc.org.za/ancdocs/speeches/1960s/sp640500.html.

*Armchair General and HistoryNet*
http://www.armchairgeneral.com/forums/ showthread. php?t=60596.

*Conrad Hjalmar Reitz*
http://venus.uwindsor.ca/courses/leddy/creitz/reitzfamily.html.

*Spartacus.schoolnet.co.uk*
http://www.spartacus.schoolnet.co.uk/2WWmaginot.htm.

*Travel*
http://www.q.co.za/directory/travelstories/001213-falls.htm.

*Universiteit van Cambridge*
http://www.cam.ac.uk/admissions/undergraduate/courses/tripos.html.

*Wikkipedia: The free encyclopaedia*
http://en.wikipedia.org/wiki/Dolchsto%C3%9Flegende.

http://en.wikipedia.org/wiki/John_MacBride.

http://en.wikipedia.org/wiki/World_War_II.